


**'n Ekklesiologies teologiese ondersoek na die teologiese  
opleiding en bedieningsvorming praxis  
in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika**

**Deur  
Nathan C Philander**



**Dissertasie aangebied vir die graad PhD by die Universiteit Stellenbosch**

**Departement**  
Sistematiese Teologie en Ekklesiologie

**Promotor**  
Prof. Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel

Desember 2019

## **VERKLARING**

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleen outeur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie

Handtekening

Datum: Desember 2019

**Kopiereg © 2019 Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou**

**EK DRA DIE DISSERTASIE OP AAN**

Proff. Daan Cloete, Klippies Kritzinger,  
Drs. Johnny Hartney, wyle Ds. Jan Thyse en wyle Dr. Hennie Jack

## BEDANKINGS

1. Aan God al die eer, wie my God is van genade, sodat ek al my drome kan verwesenlik tot op dié dag.
2. Prof. Mary-Anne Plaatjies -Van Huffel vir u inspirerende studieleiding. U waardevolle teologiese insette en professionele hulp en ondersteuning word opreg waardeer. Dankie bereidwilligheid om u akademiese kennis met my te deel. U is voorwaar 'n studieleier by uitnemendheid.
3. 'n Spesiale woord van dank aan my vrou, Joy, twee kinders, Nathan en Melissa morele vir julle ondersteuning en voorbidding.
4. My opregte dank aan Proff. Daan Cloete, Klippies Kritzinger, Drs. Johnny Hartney, wyle Ds. Jan Thyse en wyle Dr. Hennie Jack vir julle besondere passie en toewyding aan die Teologiese Opleiding en Bedieningsvorming praxis van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.
5. My opregte woord van dank aan my: Dr. Andries Daniels, Dii. Granville Saaiman, Willie Dreyer, Eugéne Beukes vir julle teologiese insette en ondersteuning.
6. 'n Spesiale woord van dank aan: Drr. Jacques Beukes, Charles Flaendorp, Shaun Burrows, Eugene Fortein, Llewellyn MacMaster, Dii. Francis Samson, Walter Philander, Fabian Kotze, Hendry Tromp, Lysander Prins, Myrtle Neewat-Joubert, André Pekeur, Peter September, Hanzline Davids, Abe Pieterse, Trevor Links, William Ficks, Donovan Koordom, Janine Williams, Karien Muller. Dankie dat julle in my akademiese vermoëns geglo het. Dankie vir julle opregte vriendskap.
7. 'n Spesiale woord van dank aan Teologiese studente, Ashwin Thyssen, Sheurl Davis, Shaneeze Dilgee, Dewald Jacobs en alle VGK-Teologiese Studente aan die Universiteit van Stellenbosch vir julle opbouende kritiek, aanmoediging en gebede.
8. My opregte dank my kollegas wat op die akademiese reis my positief beïnvloed het: Proff. Nico Koopman, Dirkie Smit, Reggie Nel, Elna Mouton, Christina Landman, Hendrik Bosman, Xolile Simon, Johan Cilliers, Dion Forster, Christo Thesnaar, Ian Nell, Marius Nel, Robert Vosloo, Louis Jonker. Drr. Sipho Mahokoto, Marlene Mahokoto, Ntozakhe Cezula, Eddie Osmond, Pieter van der Walt, Frederick Marias. Dii. Hannes Theron, Monty Sahl.
9. Die Kerkraad en Gemeente VGK Wesfleur-Atlantis en Ring van Kraaifontein vir u ondersteuning en voorbidding en die ruimte wat julle my gebied om my navorsing te kan doen.

10. Baie dankie aan die NGK-Kuratorium van die Sinode van Wes en Suid-Kaap vir julle finansiële ondersteuning.
11. My opregte dank en waardering aan Melony Thomas, Korie Flink, Howard Ruiters, Cathy Noorman, Estelle Parker, Amanda van Niekerk, Marieke Brand, Wilma Riekert, Escios Benjamin, Hester Nienaber en Catharina Roux (taalversorgers), Karin Minnaar (kerkargief), Theresa Jooste, Annemarie Eagleton en Heila Maré (Teologiese Biblioteek) vir julle hulp en ondersteuning.

## OPSOMMING

Die navorser se keuse vir die tema, **'n ekklesiologies-teologiese ondersoek na die teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA)** is nie slegs akademies gemotiveer nie. Die navorser wil aan die hand van dié dissertasie 'n ekklesiologies-teologiese ondersoek na die teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis in die VGKSA doen. Die navorseringsvraag in die dissertasie is as volg: Is daar 'n gebrekkige kennis met betrekking tot mag en waar dit setel is wat uiteraard op een of ander wyse die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in Suid Afrika (NGSK), Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en of die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) negatief of positief beïnvloed het?

In die **inleidende hoofstuk** word die navorsingsonderwerp ontvou, toegelig en gemotiveer. In **Hoofstuk 2** word die teoretiese basis asook die historiografiese benadering wat in die dissertasie gevolg word, bespreek. In **Hoofstuk 3** word aandag verleen aan die teologiese opleiding van die NGKA en word die rol van die Stofberg-Gedenkskool uitvoerig bespreek (1908-1959). **Hoofstuk 4** van die studie bied 'n historiese oorsig van die teologiese opleiding van die NGSK vir die tydperk 1929 tot 1999. **Hoofstuk 5** word gewy aan die teologiese opleiding van die VGKSA (1994-2016) en die Seminarium as institusionele kerklike ruimte waarbinne die geestelike- roepings- en persoonsvorming van die studente plaasvind. **Hoofstuk 6** van die studie bespreek die betekenis en uitdagings van teologiese opleiding en bedieningsvorming **praxis** vir die VGKSA.

### Sleutelwoorde

1. Teologiese opleiding
2. Bedieningsvorming
3. Institusionele kerklike ruimte
4. Singuliere gawes
5. Evangeliste
6. Effektiewe geskiedenis
7. Sendinginstituut
8. Tradisionele geskiedskrywing
9. Hermeneutiek van suspisie
10. Etnografiese navorsing

## ABSTRACT

The researcher's choice of theme, **an Ecclesiology theological research to the theological training and ministry formation praxis in the Uniting Reformed Church in Southern Africa**, is not only academically motivated. In the dissertation, the researcher does an ecclesiology theological inquiry into the theological training and ministry formation practice in the URCSA. The researcher posits that a lack of awareness of power and where it is situated, as well as how it influences the discourse regarding theological education and ministry, makes it difficult for the URCSA to make informed decisions regarding ministry formation.

In Chapter 1 the research topic is set out, highlighted and motivated. In Chapter 2, the theoretical basis and the historiographic approach followed in the dissertation will be discussed. In Chapter 3 attention will be paid to the theological education of the DRCA including the Stofberg Memorial School (1908-1959). Chapter 4 of the study gives a historical overview of the theological education of the DRMC in the period 1929 to 1999. Chapter 5 of the study focuses on the theological training of the URCSA from 1994 to 2016 and the Seminary as an institutional ecclesiastical space for the students' mentorship and personal development. Chapter 6 of the study discusses the meaning and challenges of theological training and ministry formation **praxis** for the URCSA.

### Key words

1. Theological training
2. Ministerial formation
3. Institutional ecclesiastical space
4. Singular gifts
5. Evangelists
6. Effective history
7. Seminary
8. Ethnic distribution
9. Hermeneutics of suspicion
10. Ethnographical research

## INHOUDSOPGAWE

|   |          |
|---|----------|
| <b>Hoofstuk 1 Inleiding en metodologie</b>  | <b>1</b> |
| 1.1. Inleiding  | 1        |
| 1.2. Navorsingsvraag of hipotese gebaseer op die navorsing  | 2        |
| 1.3. Metodologie  | 3        |
| 1.4. Metodologie en teoretiese basis van tesis  | 3        |
| 1.5. Navorsingsontwerp  | 4        |
| 1.6. Beperkinge van die navorsing   | 5        |
| 1.7. Konklusie: Waarde van die navorsing  | 5        |
| <br>  |          |
| <b>Hoofstuk 2 Teoretiese basis van navorsing</b>  |          |
| 2.1. Inleiding  | 7        |
| 2.2. Vier perspektiewe oor teologiese opleiding   | 7        |
| 2.2.1 Conradie en teologiese opleiding  | 7        |
| 2.2.2 Naidoo en teologiese opleiding  | 9        |
| 2.2.3 Lombaard en teologiese opleiding in Afrika en ekumenisiteit in<br>spiritualiteitsperspektief- | 18       |
| 2.2.4. NGK Profiel vir afgestudeerde student en teologiese opleiding vir missionale<br>bediening    | 22       |
| 2.3. Historiese Perspektiewe op teologiese opleiding  | 24       |
| 2.3.1. Rowdon en teologiese opleiding   | 24       |
| 2.3.2. Calvin en teologiese opleiding   | 27       |
| 2.4. Drie historiografiese benaderings  | 39       |
| 2.4.1. Die historiografiese benadering van Plaatjies-Van Huffel                                     | 39       |
| 2.4.2. Die historiografiese benadering van Vosloo   | 46       |
| 2.4.3. Die historiografiese benadering van Müller   | 51       |
| 2.5. Konklusie  | 55       |
| <br>  |          |
| <b>Hoofstuk 3 'n Historiese oorsig van die teologiese opleiding van die NGKA</b>                    |          |
| 3.1. Inleiding  | 57       |
| 3.2. Die historiese verloop van die NGKA se teologiese opleiding                                    | 57       |
| 3.2.1. Ongeordende wit werkers in die sendingakker  | 57       |
| 3.2.2. Inheemse werkkragte (1898-1903)  | 59       |
| 3.3. Stoffberg-gedenkskool (1908-1959)  | 59       |
| 3.3.1. Inleiding  | 59       |
| 3.3.2. Die Breë Kommissie   | 62       |
| 3.3.3. Die Subkommissie   | 62       |
| 3.3.4. Die Konstitusie  | 63       |
| 3.4. Die Bybelskool   | 64       |
| 3.4.1. Die Reglement van 1916   | 64       |
| 3.4.2. Kursusse   | 64       |
| 3.4.3. Die Teologiese Skool   | 66       |
| 3.5. Die etniese verdeling van die Stoffberg Teologiese Skole gedurende 1960-1994                   | 66       |
| 3.5.1. Inleiding  | 66       |
| 3.5.2. Die implikasie van die etniese verdeling   | 68       |
| 3.5.3. Die planting van afsonderlike kerke vir gekleurdes deur die NGKA                             | 70       |
| 3.6. Algemene Sinode vergaderings van die NGKA vanaf 1967-1991                                      | 75       |



|        |   |     |
|--------|---|-----|
| 3.6.1. | Die tweede Algemene Sinode van die NGKA in 1967           | 75  |
| 3.6.2. | Die derde Algemene Sinode van die NGKA in 1971            | 80  |
| 3.6.3. | Die vierde Algemene Sinode van die NGKA in 1975           | 89  |
| 3.6.4. | Die vyfde Algemene Sinode van die NGKA in 1979            | 91  |
| 3.6.5. | Die sesde Algemene Sinode van die NGKA in 1981            | 96  |
| 3.6.6. | Algemene Sinode van die NGKA in 1987                      | 97  |
| 3.6.7. | Die agste Algemene Sinode van die NGKA in 1991            | 97  |
| 3.7.   | 'n Kritiese evaluering van die Stoffberg Teologiese Skole | 97  |
| 3.8.   | Konklusie   | 100 |

#### Hoofstuk 4 'n Historiese oorsig van teologiese opleiding van die NGSK in Suid-Afrika vir die tydperk 1929 tot 1994

|        |   |     |
|--------|---|-----|
| 4.1.   | Inleiding   | 101 |
| 4.2.   | Die Sendinginstituut van die NGKSA                                      | 101 |
| 4.3.   | Die opleiding van evangeliste   | 101 |
| 4.4.   | Teologiese opleiding van die NGSK                                       | 104 |
| 4.4.1. | Die vroeë ontwikkeling van teologiese opleiding van die NGSK 1924 -1950 | 105 |
| 4.4.2. | Die ontwikkeling van teologiese opleiding in die NGSK 1950-1964         | 107 |
| 4.4.3. | Teologiese opleiding 1958   | 113 |
| 4.5.   | Teologiese opleiding vanaf Wellington na Bellville-Suid 1958 -1994      | 116 |
| 4.5.1. | Verskuiwing na Bellville-Suid   | 116 |
| 4.6.   | Vroue vir die eerste keer toegelaat om predikant te word                | 124 |
| 4.7.   | Vanaf etniese instelling tot ekumeniese fakulteit                       | 125 |
| 4.8.   | Herstrukturering van die Teologiese Fakulteit                           | 126 |
| 4.9.   | Voltydse dosente aan die Teologiese skool vir die NGSK 1962-1974        | 130 |
| 4.10.  | Verhoogde vereistes vir Admissie-kursus                                 | 137 |
| 4.11.  | Behoeftes aan 'n eie koshuis  | 139 |
| 4.12.  | Beheer van die Teologiese Skool se fondse                               | 141 |
| 4.13.  | Geestelike en pastorale versorging van studente                         | 144 |
| 4.14.  | Teologiese dae en teologiese aktiwiteite van dosente                    | 144 |
| 4.15.  | Belangrikheid van praktyk ervaring                                      | 146 |
| 4.16.  | Kuratorium samestelling en verhoudinge                                  | 148 |
| 4.17.  | Studente-getalle  | 149 |
| 4.18.  | Studente-aktiwiteite  | 150 |
| 4.19.  | Beroep van studente   | 154 |
| 4.20.  | Skakeling met die teologiese inrigting                                  | 155 |
| 4.21.  | Studente-onrus  | 155 |
| 4.22.  | Konklusie   | 164 |

#### Hoofstuk 5 Die teologiese opleiding van die VGKSA vir die tydperk 1994-2012

|        |   |     |
|--------|---|-----|
| 5.1.   | Inleiding   | 166 |
| 5.2.   | Die eerste tree van teologiese ontwikkeling in die VGKSA                  | 166 |
| 5.3.   | Verslag NGSK kuratorium aan Stigtingsinode                                | 170 |
| 5.4.   | Kuratoriumverslag aan VGKSA-Sinode, 1997                                  | 175 |
| 5.5.   | Opleiding van werkkragte Dingaanstat (KwaZulu-Natal)                      | 180 |
| 5.6.   | Op weg na 'n gestandaardiseerde, verenigde teologiese opleiding 2001-2005 | 185 |
| 5.7.   | Die bedieningskrisis in die VGKSA   | 196 |
| 5.7.1. | Die breë opleidingsproses   | 197 |
| 5.7.2. | Kursusmateriaal   | 197 |
| 5.7.3. | 'n Nuwe rol vir geordende predikante                                      | 198 |

|         |   |     |
|---------|---|-----|
| 5.7.4   | Opleiding van opleiers  | 198 |
| 5.7.5.  | Kriteria vir die lewensvatbaarheid van 'n gemeente                                  | 198 |
| 5.7.6.  | 'n Bedieningstaakgroep in elke streeksinode   | 199 |
| 5.7.7.  | Algemene sinodale salarisfonds vir predikante                                       | 199 |
| 5.7.8.  | Die sinode as liggaam van Christus  | 199 |
| 5.7.9.  | Deeltydse teologiese studies vir toelating tot die bediening                        | 200 |
| 5.7.10. | Aangepaste kurrikulum vir volwasse lidmate  | 200 |
| 5.7.11. | Bedieningsprofiel   | 202 |
| 5.8.    | Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika  | 203 |
| 5.9.    | Heropening van "Turfloop Theological Seminary"                                      | 205 |
| 5.10.   | Teologiese opleiding vir die gehoorgestremde  | 208 |
| 5.11.   | Verskuiwing van die Teologiese Skool van die VGKSA na die Universiteit Stellenbosch | 213 |
| 5.11.1. | Proses van rasionalisasie   | 213 |
| 5.11.2. | Prof. G.D. Cloete se reaksie op verskuiwing na Stellenbosch                         | 216 |
| 5.11.3. | Verskuiwing na Universiteit van Stellenbosch 1998-2000                              | 218 |
| 5.12.   | Fondse van die Evangelisches Missionwerk in Duitsland                               | 234 |
| 5.13.   | Stigting en ontwikkeling van die seminarium van die VGKSA en die NGK                | 235 |
| 5.13.1. | Aanvullende kerklike opleiding naas formele akademiese opleiding                    | 237 |
| 5.13.2. | Vyf faktore wat die implementering in 2010 beïnvloed                                | 238 |
| 5.13.3. | Memorandum vir denominasionele vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011  | 240 |
| 5.13.4. | Stigting van seminarium aan Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch    | 245 |
| 5.13.5. | Gesamentlike kerklik-teologiese opleiding   | 246 |
| 5.13.6. | Kritiese evaluering van die VGK/NGK seminariumprogram vir Bedieningsvorming         | 247 |
| 5.14.   | Konklusie   | 249 |

## Hoofstuk 6 Betekenis en uitdagings van teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis

|      |  |     |
|------|--|-----|
| 6.1. | Inleiding                                | 250 |
| 6.2. | Struktuur van navorsing                  | 255 |
| 6.3. | Mag en kontrole oor teologiese opleiding | 257 |
| 6.4. | Die VGKSA klem op bedieningsvorming      | 258 |
| 6.5. | Konklusie:Waarde van die navorsing       | 260 |

|              |     |
|--------------|-----|
| Bibliografie | 264 |
|--------------|-----|

## Addenda

|          |  |     |
|----------|--|-----|
| Bylaag 1 | Besluite geneem deur die Sentrale Bestuur na aanleiding van die verslag van die Kommissie vir omvattende ondersoek teologiese opleiding aan die Stoffberg Teologiese Skole in die NGKA Sinode 1971 | 270 |
| Bylaag 2 | Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Skole Stoffberg vir die Opleiding van Bantoe leraars en evangeliste   | 275 |
| Bylaag 3 | Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die Teologiese Skool van die NGSK  | 279 |
| Bylaag 4 | Riglyne vir Kerklike Adviesraad ten opsigte van teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie van die UWK  | 282 |
| Bylaag 5 | Reglement vir die teologiese opleiding van bedienaars van die Woord  | 285 |
| Bylaag 6 | Beginsels van teologiese opleiding vir die VGKSA   | 288 |
| Bylaag 7 | Memorandum Streeksinode KwaZulu-Natal insake teologiese opleiding  | 292 |
| Bylaag 8 | Manual for Ministerial Formation   | 300 |
| Bylaag 9 | Teologiese Skool gebouekompleks onderhandelinge VGK en UWK memorandum vir voorlegging aan Sinodale kommissie VGK-Streeksinode Kaapland   | 305 |

|                  |  |            |
|------------------|--|------------|
| <b>Bylaag 10</b> | <b>Beëindiging van die kontrak vir die kerk</b>  | <b>315</b> |
| <b>Bylaag 11</b> | <b>Door ‘Still Open’ for URCSA at UWC</b>  | <b>316</b> |
| <b>Bylaag 12</b> | <b>Werk liewer saam met US, UWK” deur Prof G.D.Cloete</b>  | <b>317</b> |
| <b>Bylaag 13</b> | <b>Skrywe van Prof Daan Cloete met betrekking tot verskuiwing na Stellenbosch</b>  | <b>318</b> |
| <b>Bylaag 14</b> | <b>Verslag van die VGKSA en die Universiteitswerkgroep</b>   | <b>324</b> |
| <b>Bylaag 15</b> | <b>Skrywe van Rodney Tshaka aan die Dekaan namens VGKSA Teologie Student</b>   | <b>330</b> |
| <b>Bylaag 16</b> | <b>Agreement between the Evangelisches Missionwerk in Deutsland and the University Of the Western Cape, Faculty of Theology 27 October 1993</b>                        | <b>331</b> |
| <b>Bylaag 17</b> | <b>Letter to Dr Lotter Engel of the Evangelishes Missionwerk in Deutsland Regarding acknowledgement of donations to research and ecumenical Programs 20 March 1996</b> | <b>333</b> |
| <b>Bylaag 18</b> | <b>Verslag van Ds. Freddie Ayford aan die Eindeksamen-kommissie rakende Teologiese kandidaat</b>   | <b>335</b> |
| <b>Bylaag 19</b> | <b>Verslag van die Eindeksamen-kommissie- Betty Wanza</b>  | <b>337</b> |
| <b>Bylaag 20</b> | <b>Finale verslag van Teologiese student Betty Wanza November 2013</b>   | <b>338</b> |
| <b>Bylaag 21</b> | <b>500-uur Bedieningsprogram</b>   | <b>343</b> |
| <b>Bylaag 22</b> | <b>Uitgebreide program vir kerklik-teologiese program</b>  | <b>345</b> |
| <b>Bylaag 23</b> | <b>VGK/NGK Seminarium-Mypale</b>   | <b>349</b> |
| <b>Bylaag 24</b> | <b>Seminarium verslag aan die NGK Kuratorium 22 November 2018</b>  | <b>353</b> |
| <b>Bylaag 25</b> | <b>Voorstel vir ondersoek met die oog op die verbetering / uitbouing van die Seminarium Program (Improvement Study) Januarie 2019</b>                                  | <b>359</b> |
| <b>Bylaag 26</b> | <b>Uittreksel-Notule van die vergadering van die Seminarium Dagbestuur op Woensdag 17 April 2019 om 10:00 tot 12:00-Kuratorium Seminaarkamer</b>                       | <b>366</b> |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN METODOLOGIE

### 1.1. Inleiding

Die navorser se keuse vir die tema: **'n Ekklesiologies-teologiese ondersoek na die teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika** is nie slegs akademies gemotiveer nie. As studenteleraar en scribe van die kuratorium, van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) in die streeksinode Kaapland was die navorser vir meer as 'n dekade betrokke by die diskoers oor teologiese opleiding asook bedieningsvorming. Die navorser het onder andere die volgende boeke, tekste, dokumente, acta, vakwetenskaplike artikels, ensovoorts bestudeer:<sup>1</sup> Professor Hayman Russel Botman (professor in Missiologie aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) skryf in *Koinonia*, amptelike blad van die Teologiese Skool van die VGKSA, 12 Februarie 2000 oor die onderwerp: *Dramatic changes in theological education* soos volg: “Suid-Afrika wag reeds sedert 1994 op die hergeboorte van die universitêre onderrig en navorsing. Die water van verwagting het oral op swanger en somtyds niksvermoedende mense gebreek. Die wêreld van die universiteite het skielik ontplooi in die geboorte” (*Koinonia*, 2000:1).

---

<sup>1</sup> Kritzinger, J.N.J. 2008c. Starting with Stoffberg: A brief survey of hundred years of missionary theological education in the DRC family, 1908-2008, in *Acts of Synod. Fifth General Synod 2008. Unity in diversity, 29 September tot 5 October 2008. Bloemfontein*: URCSA:171-185. Saayman, WA. 2007. *Being missionary, being human: An overview of Dutch Reformed mission*. Pietermaritzburg: Cluster Publications. Steering Committee DRC & URCSA. 2009. Report on ecclesiastical theological training for the combined steering committee of URCSA and DRC curatoria, 13 November. (Unpublished document). URCSA. 2001. *Acts, agenda and decision register, Upington Synod, Uniting Reformed Church in Southern Africa, 1-7 October 2001* (Unpublished study material). URCSA. 2005a. *Agenda for Synod. Fourth General Synod of the Uniting Reformed Church in Southern Africa, 26 September – 2 October 2005*. Pietermaritzburg. (Unpublished study material). URCSA. 2005b. *Acts of Synod. Fourth General Synod of the Uniting Reformed Church in Southern Africa. Creator, creation and us, 26 September – 2 October 2005*. (Unpublished study material). URCSA. 2006. *Agenda. Fourth Synod of Northern Transvaal, 25-29 September 2006, Nylstroom High School, “Confessing Belhar today”*. (Unpublished study material). URCSA. 2008a. *Agenda for Synod. Fifth General Synod of the Uniting Reformed Church in Southern Africa, 29 September – 5 October 2008*. Hammanskraal. (Unpublished study material). URCSA. 2008b. *Acts of Synod. Fifth General Synod 2008. Unity in diversity, 29 September – 5 October 2008*. Hammanskraal. (Unpublished study material). VGKSA (Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika). 1997. *Agenda, skema van werksaamhede en handelinge. Tweede Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. 14-20 April 1997*. Bloemfontein: VGKSA. Maree, W.L. 1958. *By die fontein. Stoffberg-gedenkskool, 1908-1958*. Pretoria: Voortrekpers, Theological Education, Pluralism and the Common Good Joseph C. Hough, Jr. *The Future of Mission in a Pluralistic World* Marian Bohlen *Theological Publishing and Vocation in a New Key: Spiritual Formation and the Assessment of Learning* Mary Kay Oosdyke *peaking Assessment in the Local Vernacular* Linda Lee Clader *Leclercq among the Blue Devils: Assessing Theological Learning in the Modern University* Willie James Jennings.

Die Teologiese Skool van die VGKSA kon hierdie ervaring en die implikasie daarvan nie ontduik nie (*Koinonia*, 2000:1). Een van die eindresultate van die akademiese waterbreuk is dat die Teologiese Skool van die VGKSA vanaf 1 Januarie 2000 met 'n "naelstring" van die UWK aan die Universiteit Stellenbosch (US) verbind is (*Koinonia*, 2000:1). Botman (2000:2) dui aan dat teen alle verwagting in 'n ooreenkoms vir die opleiding van predikante van die VGKSA nie met die kweekskool van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGK) was nie, maar dat 'n direkte ooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch (US) beding is.

## 1.2. Navorsingsvraag of hipotese gebaseer op die navorsing

Die navorser wil in dié dissertasie 'n kerkhistoriese ondersoek na die teologiese opleiding en bedieningsvorming **praxis** in die VGKSA doen. Die navorsingsvraag in die dissertasie is as volg: Is daar 'n gebrekkige kennis met betrekking tot mag en waar dit setel is wat uiteraard op een of ander wyse die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in Suid Afrika (NGSK), Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en of die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) negatief of positief beïnvloed het?

Navorsing oor die historiese agtergrond, inhoud en patrone van teologiese opleiding en bedieningsvorming van die NGSK en die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) asook die VGKSA word noodsaaklik geag aangesien dit die VGKSA kan help om die verskeie sentra van teologiese opleiding van die VGKSA doeltreffend in te rig ten einde persone vir die bediening voor te berei. Om teologiese kandidate effektief vir die uitdagings in die bediening en vir die sosiale konteks waarin hulle sal werk, op te lei is 'n groot uitdaging vir die VGKSA.

Die navorser vra in dié dissertasie die volgende vrae:

- i. Watter teoretiese benadering tot geskiedskrywing behoort gevolg te word? In Hoofstuk 2 verleen die navorser aandag hieraan.
- ii. Wat is die historiese agtergrond van die huidige teologiese opleiding van die VGKSA? Die navorser gee in Hoofstukke 3, 4 en 5 'n historiese oorsig oor die teologiese opleiding en bedieningsvorming van die NGSK, NGKA, VGKSA. Aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van die seminarium van die VGKSA en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) aan die Fakulteit Teologie.
- iii. Wat is die betekenis en uitdagings van teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis? Die navorser bespreek die betekenis en uitdagings in hoofstukke 3, 4, 5.

### 1.3. Metodologie

Die navorser doen 'n kerkhistoriese navorsing oor die teologiese opleiding en bedieningsvorming **praxis** in die VGKSA. Dit is in hoofsaak 'n literatuurstudie. Primêre en sekondêre bronne word in die ondersoek bestudeer. Primêre bronne verwys na argivale bronne naamlik acta, skema van werksaamhede, besluite registers, notules, wette, konstitusies, ooreenkomste, ensovoorts. Sekondêre bronne verwys na boeke en artikels in vakwetenskaplike tydskrifte asook in die *Ligdraer*, die VGKSA se nuusblad, wat oor die onderhawige tema handel. Die navorser het onder andere boeke, tekste, dokumente, acta, vakwetenskaplike artikels, ensovoorts bestudeer. Die navorser het geen empiriese ondersoek gedoen, byvoorbeeld om inligting soos verwoord in argivale bronne te toets veral met betrekking tot die sluiting van die verskillende teologiese skole (Turffloep, Dingaanstad, Decoligny en Witsieshoek) van die NGKA, byvoorbeeld Witsieshoek 1994-1996. Die navorser is van mening dat dit in verdere navorsing behoort ondersoek te word.

**Konsepte/begrippe** wat die afgelope dekade die diskoers in die VGKSA met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming op die een of ander wyse beïnvloed het, sal in dié dissertasie bespreek word ter wille van begripsverheldering. Dit is, naamlik die terme: *teologiese opleiding, bedieningsvorming, institusionele kerklike ruimte, singuliere gawes, evangeliste, seminarium, effektiewe geskiedenis, tradisionele geskiedskrywing, hermeneutiek van suspisie, etnografiese navorsing en sendinginstituut*. Begrippe soos teologiese opleiding en bedieningsvorming word in die VGKSA dikwels as wissel terme gebruik. Die foutiewe gebruik van dié konsepte/begrippe lei dikwels tot begripsverwarring.

### 1.4. Metodologie en teoretiese basis van tesis

Die navorser bespreek vier perspektiewe met betrekking tot teologiese opleiding in die dissertasie te wete die perspektiewe van Ernst Conradie in *An ABC in theological education?* Dié van Marilyn Naidoo in: *Persistent issues impacting on the training of ministers in the South African context*, en in *An empirical Study on Spiritual Formation at Protestant Theological Training Institutions in South Africa*", dié van Christo Lombaard in *Teologiese opleiding in Afrika en ekumenisiteit in spiritualiteitsperspektief: 'n oriënteringsraamwerk vanuit die vakwetenskap Christelike Spiritualiteitskunde* asook die perspektiewe van die NGK insake teologiese opleiding (Let op Hoofstuk 2).

Die navorser het onder andere in die dissertasie gebruik gemaak van die standpuntname met betrekking tot historiografie van Retief Müller in *Historiography and Cross-Cultural Research into African Indigenous Christianity (AIC): a challenge to human dignity*, Plaatjies-Van Huffel, in *Michel Foucault se historiografiese benadering as lens in*



*historiese ondersoek* en Robert Vosloo in *Remembering the role of the Reformed Churches in the Struggle for Justice in South Africa (1960-1990)* (Let op Hoofstuk 2). Volgens Vosloo moet die klem in historiese ondersoek op die ondersoek van primêre bronne en argivale navorsing val, want die kwaliteit van die navorsing van kerkgeskiedenis hang grootliks af van dokumente wat vir dié doel bewaar word (Vosloo, 2013:21). Saam met die klem op die gebruik van primêre bronne moet daar ook gewaak word teen die gebruik van geskiedkundige aanbiedinge sonder interpretasie (Vosloo, 2013:21) (Let op Hoofstuk 2).

Volgens Plaatjies-Van Huffel, (2012:78) het geskiedenis dikwels te doen met die vraag na institusionele kontrole en mag. Wanneer dit gaan oor kerkgeskiedenis, behoort die klem meer te val op mag as op kennis soos wat dit oorgedra word in tradisionele geskiedskrywing (Plaatjies-Van Huffel, 2012:78). Kerkhistorici behoort daarop bedag te wees dat mense deur sosiale diskoerse en/of sosiale formasies gekonstitueer word. Gevolglik behoort daar in kerkgeskiedskrywing ondersoek gedoen word na die onderliggende diskoerse in die teks en/of die werklikheid (Plaatjies-Van Huffel, (2012:79) (Let op Hoofstuk 2). Müller (2013:6) by die vraag:

“Is dit 'n wettige navorsing oefening vir 'wit' geleerdes om die oortuiginge (en praktyke) van 'swart' geloof gemeenskappe te bestudeer? Kan menswaardigheid deur so 'n projek gedien word? 'n Mens moet aanvaar dat die inherente vooroordeel dat 'n wit geleerde onvermydelik sal voortgaan, versteur soos hulle in óf openlik erkende of onderbewuste rassistiese neigings en /of aannames ten opsigte van Westerse kulturele superioriteit is, kan slegs maar daarin slaag om negatiewe stereotipes van Afrika verder te verskans, sy waardes, geloofstelsels en so aan?” (Müller 2013:6) Let op Hoofstuk 2).

Die navorser gebruik effektiewe geskiedskrywing as metodologie in die tesis. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2012:80) stel effektiewe geskiedenis teenoor tradisionele geskiedenis wat verwys na die soeke van bronne, die vasstelling van kontinuïteit, die vind van ooreenkomste en die tabellering van ontwikkeling met een of ander insig. Hierteenoor verwys effektiewe geskiedenis na die tabellering van breuke en diskontinuïteite wat die eenheid van die subjek ontwig en die soeke na oorsprong en einddoel breek (Plaatjies-Van Huffel, 2012:80).

### **1.5.Navorsingsontwerp**

In hierdie inleidende hoofstuk word die navorsingsonderwerp ontvou, toegelig en gemotiveer. In **Hoofstuk 2** word die teoretiese basis asook die historiografiese benadering wat in die dissertasie gevolg word, bespreek. In **Hoofstuk 3** word aandag verleen aan die teologiese opleiding van die NGKA. Daar word onder andere aandag verleen aan die Stofberg-gedenkskool (1908-1959) asook die etniese verdeling van die Stofberg Teologiese Skole gedurende 1960-1994.

**Hoofstuk 4** van die studie gee 'n historiese oorsig van die teologiese opleiding van die NGSK vir die tydperk 1929 tot 1999. In dié hoofstuk bespreek die navorser deur middel van 'n historiese tydlyn die belangrike sinodebesluite van NGSK en die rol van die NGK insake teologiese opleiding. Die NGK het 'n beduidende rol gespeel in die vestiging en ontwikkeling van teologiese opleiding aan die inheemse bevolking van Suid-Afrika. Die verskuiwing van die Teologiese Skool vir die NGSK vanaf Wellington na die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wes-Kaapland word ook bespreek. **Hoofstuk 5** van die studie gee aandag aan die teologiese opleiding van die VGKSA (1994-2016). Op 14 April 1994 in Belhar het die NGSK en die NGKA verenig en het die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) tot stand gekom. Een van die belangrike sake wat op die stigtingsinode bespreek is, was die teologiese opleiding van die nuwe eenheidskerk. Die VGKSA het besluit om 'n nie-rassige teologiese opleiding daar te stel. Die hoofstuk gee ook aandag aan die verskuiwing van die teologiese opleiding van die UWK na die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch vir die tydperk 2000 tot 2018. Die VGKSA/NGK Seminarium as 'n institusionele kerklike ruimte waarbinne die geestelike- roepings- en persoonsvorming van die studente kon plaasvind word ook bespreek. **In Hoofstuk 6** van die studie word die betekenis en uitdagings van teologiese opleiding en bedieningsvorming **praxis** vir die VGKSA bespreek.

#### **1.6. Beperkinge van die navorsing**

Die studie word beperk deur die toeganklikheid tot argivale bronne van ander streeksinodes wat betrekking het op teologiese formasie. Die navorser maak hoofsaaklik gebruik van sekondêre bronne, byvoorbeeld verslae van kuratoria van streeksinodes aan die Algemene sinode van die VGKSA. Die navorser moes gebruik maak van die persoonlike biblioteke van leraars en hoogleraars van die VGKSA aangesien die argief van die VGKSA ontoereikend is.

#### **1.7. Konklusie: Waarde van die navorsing**

Daar is 'n magdom materiaal in die VGKSA wat betrekking het op teologiese opleiding en bedieningsvorming wat wydverspreid voorkom. Dié tesis poog om die leemte met betrekking tot die sistematisering van die teologiese nadenke oor teologiese opleiding en bedieningsvorming in die VGKSA aan te spreek. Die navorsing dui egter 'n diskontinuiteit in die storielyn met betrekking tot die ontwikkeling van die teologiese opleiding in die VGKSA aan. Plaatjies-Van Huffel (2012:94) toon aan dat kerkhistorici klem op die diskontinuiteite behoort te lê en die onderbrekings in die storielyn sodoende uit te wys. Kerkhistorici behoort gevolglik te poog om die agtergrond van die veranderinge wat tydens die historiese tydvakke plaasgevind het, vas te stel (Plaatjies-Van Huffel, 2012:94).



Die tesis se waarde lê onder andere daarin dat dit die diskontinuiteit met betrekking tot die teologiese opleiding en bedieningsvorming aandui en dat die uitdagings met betrekking tot die teologiese opleiding en bedieningsvorming wat die VGKSA bedreig, uiteindelik sistemies aangespreek word.

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE BASIS VAN TESIS

#### 2.1. Inleiding

In die **inleidende hoofstuk** is die navorsingsonderwerp ontvou, toegelig en gemotiveer. In **Hoofstuk 2** word die teoretiese basis asook die historiografiese benadering wat in die dissertasie gevolg word, bespreek. In die eerste afdeling gaan die navorser eerstens die perspektiewe van Ernest Conradie in “An ABC in theological education?” deurgee. Tweedens fokus die navorser op Marilyn Naidoo se perspektiewe in Persistent issues impacting on the training of ministers in the South African context. Derdens word gefokus op Christo Lombaard se Teologiese opleiding in Afrika en ekumenisiteit in spiritualiteitsperspektief: ‘n Oriënteringsraamwerk vanuit die vakwetenskap Christelike Spiritualiteitskunde. Vierdens word die perspektiewe van die NGK insake teologiese opleiding belig.

In die tweede afdeling van die hoofstuk fokus die navorser op perspektiewe op teologiese opleiding volgens H.H.Rowdon en Johannes Calvyn. Derdens word in die hoofstuk aandag verleen aan die historiografiese benadering van Retief Müller in *Historiography and Cross-Cultural Research into African Indigenous Christianity (AIC): a challenge to human dignity*. Plaatjies-Van Huffel in Michel Foucault se historiografiese benadering as lens in historiese ondersoeke en Robert Vosloo in *Remembering the role of the Reformed Churches in the Struggle for Justice in South Africa (1960-1990)*.

Die navorser is bewus van die magdom benaderings tot die teologie, geskiedskrywing byvoorbeeld die mees resente werk oor die Akademie in Genève is deur Prof Karen Maag, *Lifting Hearts to the Lord: Worship with John Calvin in Sixteenth-Century Geneva*, geskryf.

#### 2.2. Vier perspektiewe oor teologiese opleiding

##### 2.2.1 Conradie en teologiese opleiding

Ernst Conradie (2004:349) skryf in sy artikel, “An ABC in theological education?” dat teologiese opleiding ‘n tema van prominente en aanhoudende debat was en nog steeds in kontemporêre diskoers is. Vele publikasies oor die debat kom van die Verenigde State van Amerika (VSA), Duitsland en Nederland af (Conradie, 2004:349). Conradie (2004: 349) maak die dringende oproep in sy artikel dat refleksie oor die uitkomst en doel van teologiese opleiding ook in Suid-Afrika aangespreek moet word en wys daarop dat resente literature reeds met hierdie refleksiewe proses begin het.

Volgens Conradie (2004:350) is refleksie veral nodig in drie dimensies. Hy wys daarop dat teologiese instellings en opleiding 'n drievoudige doel het, naamlik:

- (1) die behoefte aan karakter- en spirituele vorming,
- (2) die strewe na akademiese uitnemendheid deur kennisverwerwing en kritiese ondersoek en
- (3) die behoefte aan meer effektiewe praktiese opleiding om vaardighede vir die bediening in 'n gegewe konteks te ontwikkel.

Conradie (2004:350) meen dat hierdie drievoudige uitleg evaluering nodig het om die effektiwiteit daarvan te bepaal en vrae oor die oorsprong daarvan asook hul verhouding tot mekaar, te vra. Hy verwys vervolgens na dié modelle van teologiese opleiding. Daar is die invloedryke analise oor die modelle van teologiese opleiding wat deur David Kelsey gemaak is wat aanvoer dat opleiding in alle sosiale kontekste moet praat: die publiek, die universiteit en die kerk. Conradie (2004:351) verwys na twee van die basiese modelle van teologiese opleiding van Kelsey, naamlik "Athena" wat fokus op spirituele vorming en "Berlin" wat akademiese uitmuntendheid voorstaan. 'n Revisie van die modelle van Kelsey is gedoen deur Frederick Herzog (Conradie, 2004:351). Herzog is van mening dat Kelsey se modelle nie voldoende is nie en hy stel 'n derde model voor.

Volgens Conradie maak Herzog hierdie voorstel omdat hy argumenteer dat Kelsey se modelle nie die intellektuele en spirituele behoeftes van gemarginaliseerdes en armes in ag neem nie (Conradie, 2004:351). Volgens Herzog, om God werklik te verstaan, het ons nie net 'n mooi en volmaakte visie van God nodig nie (vorming) of 'n absolute verstaan van menswees nie (wetenskaplike uitmuntendheid). Om God te sien en te verstaan moet ons na die armes kyk, want hulle gee vir ons insig in ons roeping en in moontlike optrede wat nodig is om dinge reg te stel (Conradie, 2004:351).

David Bosch (Conradie, 2004:351-352) dui aan dat dit belangrik is dat die drie hersiening in ag geneem word soos uiteengesit deur David Tracey, naamlik dat opleiding in alle sosiale kontekste moet spreek, naamlik die publiek, die universiteit en die kerk (Conradie, 2004:351). Vir Bosch is dit belangrik, beklemtoon Conradie (2004:354), dat spirituele vorming nie net deur omgang met die Bybel behoort te geskied nie, maar dat dit ook ontwikkel behoort te word deur die praktiese realiteite wat ons in die samelewing, kerk en universiteite konfronteer. Bosch stel vyf vorme van teologiese opleiding voor wat op die behoeftes van die kerk fokus, naamlik:

- i. die vorming van priesterlike karakter,
- ii. die indoktrinasie van aanvaarbare teologiese oortuiginge,
- iii. die versorging van kandidate vir gemeentelike dienste,
- iv. die behoorlike bestuur en
- v. die opleiding van professionele predikante.

Bosch beklemtoon ook dat die behoeftes van die derde publiek (samelewing) soms geïgnoreer word en dat die opleiding van predikante net fokus op kerk en akademie (Conradie, 2004:352). Vir Bosch is dit belangrik dat studente opgelei moet word om die visie van sosiale transformasie te bevorder.

Conradie (2004:354) beklemtoon ook die model van Friedrich Schleiermacher. Laasgenoemde toon aan dat teologiese opleiding 'n proses is om studente op te lei vir die bediening. Die eenheid van hierdie kurrikulum is van so 'n aard dat die student kennis werf in die verskillende teologiese dissiplines. Die kennis van Bybelse wetenskappe moet byvoorbeeld help met die voorbereiding van preke (eksegese), die studies van dogmas van die kerk moet die student help met kategese en die bestudering van waardes en etiek moet gebruik word om die student geestelik te vorm (Conradie, 2004:354).

Schleiermacher se model fokus op die praktiese aspekte van teologiese opleiding. Studente word die tegnieke geleer van prediking, liturgie, pastorale sorg, kategese, jeugwerk, kerklike administrasie, gemeenskapsontwikkeling en evangelisasie (Conradie, 2004:355). Die fokus is nie so veel op die teoretiese refleksie van hierdie aspekte nie maar op die aanleer van praktiese vaardighede (Conradie, 2004:355). Dit is egter belangrik dat al hierdie modelle in ag geneem moet word wanneer ons van teologiese opleiding praat.

Conradie (2004:360) is van mening dat 'n gesonde balans bewerkstellig moet word tussen die teoretiese en praktiese aspekte van opleiding wat studente vorm en voorberei om in alle publieke te kan werk en effektiewe sosiale transformasie te kan beoefen. Dit is dus belangrik om nie net soos aangedui deur David Tracey op akademiese uitmuntendheid te fokus nie, maar ook op praktiese onderrig en die morele, etiese en spirituele vorming van 'n kandidaat, omdat al hierdie vaardighede bydra tot die kandidaat se invloedrykheid in die kerk, samelewing en universiteit (Conradie, 2004:360).

### **2.2.2. Naidoo en teologiese opleiding**

In haar artikel "Persistent issues impacting on the training of ministers in the South African Context" (2013) spreek Marilyn Naidoo die kwessie van visie en doel in hoër teologiese opleiding aan. Vir Naidoo (2013:1) is dit belangrik dat die akademiese en geloofsgemeenskap die doel en funksie van teologiese opleiding in Suid Afrika behoort te verstaan. Is teologiese opleiding se primêre doel om mense voor te berei vir die bediening? Naidoo (2013:1) is van mening dat indien ons hierdie vraag en vele ander oor die kwessie wil antwoord, ons moet verstaan hoe belangrik dit is vir predikante om 'n volwasse ontwikkeling en begrip van die beroep self te hê, asook van hul eie identiteit en rol in die beroep.

Naidoo (2013:1) beklemtoon dat die vorming van predikante hulle moet leer en voorberei om pastorale leiers te wees. Hulle behoort te leer om met effektiwiteit op die historiese, Bybelse en pastorale dimensies van hul konteks te reageer om so doende relevansie te hê binne die konteks. Volgens Naidoo (2013:1) is bedieningsvorming 'n sleutelaanwyser van die karakter van die Christendom vandag, omdat bedieningsvorming die teologiese kandidate se gehalte en getrouheid tot hul roeping in die bediening bepaal. Oproep of roeping word ten toon gestel in die karakter van die persoon binne die gemeenskap, in konkrete deelname in die lewens van mense en 'n konsekwente boodskap aan die lede van die gemeenskap (Naidoo, 2013:2). Sy beklemtoon ook dat karakter, aktiwiteite en onderrig van teologiese studente van kardinale belang is om 'n predikant te wees, sluit die holistiese ontwikkeling van individue in, eerder as om beperk te word tot die verkryging van kennis oor die geloof of selfs net om ingelig te wees oor hoe om as 'n predikant op te tree (Naidoo, 2013:2).

Die verwerwing van kennis is noodsaaklik in bedieningsvorming, maar die omvang van die onderrig moet verder gaan as 'n beperkende kognitiewe kwalifikasie. Teologiese opleiding vereis ook persoonlike toewyding en betrokkenheid, insluitende 'n stewige identifikasie met die gemeenskap (Naidoo, 2013:2). Vir Naidoo (2013:2) is hierdie argument van kardinale belang. Baie teologie-skole stel teologiese opvoeding as 'n formele aktiwiteit voor; 'n aktiwiteit wat gebaseer is op die veronderstelling dat die student se persoonlike toewyding die belangrikste aspek van teologiese opvoeding is (Forster, Dahill, Goleman & Barbara, 2006).

Teologiese opleiding word dan 'n instrument van 'n breë vormingsproses wat verseker dat die teologiese studente behoorlik “gevorm” word sodat hulle aan die voerpunt in die oordrag en oorlewering van 'n bepaalde Christelike tradisie kan staan (Naidoo, 2013:2). Naidoo (2013:2) se artikel bespreek probleme wat bedieningsvorming in Suid-Afrika uitdaag. Naidoo fokus onder andere op drie realiteite, naamlik die manier waarop teologiese onderwys gestruktureer word, pedagogiese uitdagings wat binne die kurrikulum ervaar word en die nodige ondersteuningsstrukture wat 'n impak op die bedieningsvorming het, d.w.s. die manier waarop Christelike tradisies kandidate werf, lei, toerus en moreel “vorm” (2013:2).

Naidoo (2013:2) verduidelik verder dat daar 'n dramatiese toename in die vraag na algemene hoër onderwys is, as gevolg van 'n jonger, dinamiese bevolking in Afrika, wat ook weerspieël word in 'n toenemende vraag na teologiese onderwys. Die groei van die kerk in Afrika is so enorm dat daar nie voldoen kan word aan die behoefte vir leiers nie: Bybel- en teologiese instellings, seminare en korrespondensieprogramme om leiers te voorsien, het net

eenvoudig nie die vermoë om by te bly nie (Naidoo, 2013:2). Daar is baie en baie gevarieerde modelle van bedieningsvorming in Afrika, insluitend verskillende seminare, openbare universiteite, vakleerlingskappe, ongekrediteerde Bybelskole, korttermyn-kursusse aangebied deur welwillende globale vennote, regstreekse verkoop van sertifikate en 'n verskeidenheid ander strategieë (Naidoo, 2013:2). Meer onlangs het die nuwe entrepreneuriese konsep van onderwys in die Christelike universiteit ontstaan, met geen duidelike byeenbring van teologiese en ontwikkelingsagendas nie (Naidoo, 2013:2).

In Afrika is die heersende paradigma van teologiese opleiding en selfs huidige voorstelle vir die hervorming daarvan binne 'n Westerse verwysingsraamwerk, volgens Naidoo (2013:2) fundamenteel gebrekkig. Terwyl die kerk in Afrika groei, bly die meeste teologiese refleksie uitgelewer aan 'n Westerse teologiese model, wat duidelik sigbaar is in die spanning tussen die Afrika-gemeenskapskultuur en die kenmerkende Westerse tendense tot isolasie, individualisme en mededinging (Naidoo, 2013:2).

Die Christelike dieet in Afrika is een van vooraf-verpakte teologie, etiese stelsels en pastorale metodes ingevoer uit die Weste. Naidoo (2013:3) meen dat kultureel- en taalkundig-toepaslike programme en hulpbronne vir teologiese onderwys dringend benodig word. Sy (Naidoo, 2013:3) verduidelik dat volgens Amanze (2009), die tradisionele teologie wat die kerk sedert die koloniale tydperk oorheers het, as ontoereikend bewys is om die politieke, kulturele, sosiale, godsdienstige en ekonomiese kwessies wat Afrikane vandag uitdaag, aan te spreek. Naidoo (2013:3) sien die dringende kwessies wat teologiese opleiding ondervind as:

- i. die behoefte om Afrika-kultuur ernstig op te neem;
- ii. die vraag oor die bydrae wat deur vroue in die kerk en samelewing gemaak is ter regverdiging van die toestaan van gelyke geleenthede in die bediening van die kerk;
- iii. die behoefte aan kerke om betrokke te wees by sosio-ekonomiese ontwikkeling;
- iv. die behoefte van die Kerk om 'n aktiewe rol in die stryd teen MIV en vigs te speel; en
- v. die behoefte om 'n bevrydingsteologie te ontwikkel vir diegene wat onderdruk word.

Vir Naidoo (2013:3) is dit belangrik om vier eiesoortige eras van teologiese opleiding en bedieningsvorming te onderskei en om die veranderende kulturele en politieke kontekste waarbinne die opeenvolgende eras in Suid-Afrika uitgespeel het, te erken. Die eerste (1867-1948) was die sending-era wat gekenmerk is deur twee hoof-koppelvlakke, naamlik die Westerse Christendom en Afrika, asook die koppelvlak van Britse koloniale gesag en die verlies van Afrika-outonomie (Naidoo, 2013:3).

Die tweede era (1948-1990) het die oplegging van die onderdrukkende politieke stelsel bekend as apartheid gesien. Oorvleuelend met apartheid was die derde era (1960-1990), van

weerstand teen apartheid, veral in die geval van die kerke wat deelgeneem het aan ekumeniese inisiatiewe en strukture soos die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Naidoo erken eweneens die ontluikende post-apartheidsera (1994 tot die hede) waarin die kerke sin maak van hul nuwe rol in terme van kultuur, politieke profiel en sosiale invloed (Naidoo, 2013:3). In Suid-Afrika, as gevolg van die herstrukturering van hoër onderwys oor die afgelope dekade, het teologiese fakulteite by openbare universiteite regoor die land, met baie min uitsonderings, gekrimp, d.w.s. as hulle nie heeltemal verdwyn het nie. Baie faktore het bygedra tot hierdie krisis in teologiese onderwys (Naidoo, 2013:3).

Sy gebruik Richardson (2007) as 'n sekondêre bron om hierdie aspekte te noem, naamlik:

- i. Veranderinge in die befondsingsbasisse,
- ii. sowel staats- as internasionale skenkers;
- iii. nasionale kurrikulum- en onderwysbeleid verander op sekondêre skoolvlak;
- iv. die ondergang van ekumenisme en
- v. 'n terugkeer na denominasionalisme;
- vi. die daaropvolgende dreigement van sluiting tot 'n aantal teologiese fakulteite.

Formele teologiese onderwys in Suid-Afrika het onder geweldige druk gekom as gevolg van verhoogde koste van residensiële opleiding in verhouding tot die finansiële vermoë van kerke (Naidoo, 2013:4). Die hoofstroomkerke het dit al hoe moeiliker gevind om uitgawes te dek en programme te laat loop as gevolg van krimpende kerklidmaatskap en minder ministeriële kandidate. Verder het die verhoogde vlakke van institusionele verandering onstabieleit veroorsaak waarvan instellings nou eers herstel.

Elke instelling se stryd met identiteit – die definisie en doel en missie, die skepping en verwerping van programme en die soeke na fiskale stabiliteit – het die praktyk van onderrig en leer diep geraak. Hoër onderwysstelsels is voorheen gekenmerk deur fragmentasie, ongelyke voorsiening en dekades van rasse-segregasie (Naidoo, 2013:4). Die uitdaging van hoër-onderwys-transformasie het bestaan uit eise vir sosiale en ekonomiese geregtigheid wat die kern van die agenda van demokratiese verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing was. Nuwe instellings en meganismes is ingestel om akkreditasie en hantering te hanteer (Naidoo, 2013:4). Alhoewel daar aangevoer kan word dat die meeste kerke nie in staat is om teologiese opvoeding op 'n gepaste ná-sekondêre vlak te voorsien nie, toon hierdie ontwikkelende patroon aan dat die behoeftes van die kerk verander het en verskillende soorte opleiding benodig word (Naidoo, 2013:5).

'n Nuwer ontwikkeling is die internasionalisering van teologiese opvoeding (Naidoo, 2013:5). Hierdie internasionalisering-tendens verwys na die groeiende getalle internasionale

studente en fakulteite en betrek die beweging van mense tussen die instellings (Naidoo, 2013:5). Hoër onderwys word nou van land tot land uitgevoer, veral vanaf die Verenigde State (Naidoo, 2013:5). Uitbreiding-sentra, takkampusse, “franchise”-bedrywighede en verskeie ander “transnasionale” reëlings in instellings van hoër onderwys het alledaagse proses geword (Naidoo, 2013:6). Die idee is dat die kerk Afrika moet word in geloof, teologie en praktyk, omdat dit werklik Afrika is (Naidoo, 2013:6). Sy wys verder daarop dat hierdie soektog eintlik 'n nuwe teologiese metodologie, die “hermeneutiese van identiteit” geskep het, nie in 'n Westerse gedomineerde model van teologiese betrokkenheid gekom het nie, maar in 'n werklik Bybelse ontmoeting met hul godsdienstige verlede (Naidoo, 2013:6). Dit begin wanneer teologiese opvoeding kontekstuele benaderings en hermeneutiese metodes soos hermeneutiek van enkulturasie of bevryding ontwikkel, gebaseer op die manier waarop Afrika-mense die werklikheid verower en interpreteer. Christendom gebaseer op geestelike wêreldbeskouings, bonatuurlike kragte, pre-Verligtingskonsepte en die belangrikheid van charismatiese krag of bonatuurlike energieë van die Heilige Gees (Naidoo, 2013:6).

Naidoo (2013:6) vra of dit kan wees dat teologiese opleiding en bedieningsvorming in Afrika irrelevant is omdat teologiese artikulasies gebaseer is op 'n teologie wat kontekstueel Westers is, terwyl dit eintlik wyer-strekkende universele beskouings moet aanspreek. Terselfdertyd is daar 'n toenemende bewustheid van die behoefte aan geestelike vormingsprogramme binne teologiese opvoeding (Naidoo, 2013:6). Diegene wat die opleiding onderneem, moet die geestelike volwassenheid verwerf om 'n komplekse en betwiste sosiale en teologiese ruimte met sensitiwiteit en nuanses te bewaar. Sentraal in die kwessie van opleiding is dié van vereenselwiging van persoonlike en ministeriële identiteit, want as mense nie saamstem met wie hulle as individue is nie, sal geen voorbereiding en opleiding help nie (Naidoo, 2013:8).

Sonder ontwikkeling van hierdie aspek, sal dit eerder mense se ontoereikendheid, oneffektiwiteit, en gebrek aan 'n behoorlike plek in hul samelewing onderlê. 'n Aantal skrywers het beklemtoon dat een van die primêre swakhede van teologiese opleiding die gebrek aan opleiding in terme van selfontwikkeling is (Naidoo, 2013:8). Vir Naidoo (2013:9) is dit belangrik dat teologiese opleiding 'n kritiese profetiese rol behoort te hê om die openbare rol en verantwoordelikheid van Christelike getuie in die lig van huidige tendense, uitdagings en tekortkominge in die samelewing te verwoord.

Die kurrikulum behoort 'n meer doelbewuste en bewuste weergawe van die sosio-ekonomiese, kulturele, politieke en geestelike kontekste van die meerderheid aan te neem met die doel om hierdie kontekste te omskep in waardige bewoonbare ruimtes (Naidoo, 2013:9).



Volgens Naidoo het die kurrikulum in Suid-Afrikaanse konteks meestal die “geestelike paradigma” gevolg en is studente voorberei om tradisionele leierskaprolle in die kerk te betree. Daarom is die uitdaging vir teologiese opleiding volgens Naidoo om Christelike leiers te kweek wat gemeenskappe kan mobiliseer om aanpasbaar te wees (2013:9). ’n Belangrike metodologiese kwessie wat ’n uitdaging vir die teologiese opleiding bied, is die oormatig akademiese benadering wat by Suid-Afrikaanse universiteite toegepas word (Naidoo, 2013:9). Sedert die tyd van Friedrich Schleiermacher het baie die idee aangeneem dat die teologiese studie geheel of gedeeltelik losgemaak kan word van bekommernisse wat verband hou met die geloofsbetrokkenheid van die teologiese student, wat die vraag gedwing het: Wat is teologies omtrent die teologiese opleiding? (Naidoo, 2013:9).

Naidoo is van mening dat ’n alternatief vir die “Berlynse” benadering tot teologiese opvoeding, die “Athene”-benadering is, wat ’n beweging na bronne wat persoonlike toewysing van tradisies beklemtoon en wysheid só openbaar maak dat dit identiteit vorm en persone en gemeenskappe verander (Naidoo, 2013:9). Dit is ’n formele begrip van teologiese opvoeding wat Farley teologie noem, die eenheid en doelwit van wat die reddende kennis van God is (Naidoo, 2013:10). Die doel is om die student te help om ’n diep vorming te ondergaan, ’n persoonlike toewysing van wysheid oor God, self en die wêreld waar leer nie net ’n persoonlike saak is nie, maar ter wille van die openbare lewe, kerklike lewe en kerk-leierskap onderneem word (Naidoo, 2013:10).

Relevante pastorale leierskap kan die beste geproduseer word deur ’n nouer vennootskap tussen die teologiese instelling en die Kerk te ontwikkel, sodat studente eerstehands kan leer hoe gemeenskappe werk (Naidoo, 2013:10). Teologiese instellings en kerke word voortdurend gekonfronteer met die uitdaging om aan mekaar se verwagtinge te voldoen (Naidoo, 2013:10). Aan die een kant verwag teologiese instellings dat kerke die mees gekwalifiseerde studente moet stuur; kwalifikasies wat toewyding, akademiese vaardigheid en goeie karakter insluit. ’n Ware ekumeniese verbintenis sal nie net die verskille tussen kerke erken nie, maar sal ook saamwerk tot die versoening van hul leerstellings (Naidoo, 2013:11).

Volgens Naidoo (2013:12) is die taak en uitdaging om bedieningsvorming en teologiese opleiding te transformeer sodat dit ’n deurlopende en dinamiese proses daarstel. Naidoo (Naidoo, 2013:12) is van mening dat die transformasie-strategieë vir die vorming, onderrig en opleiding van kerkleiers wat uiteindelik sal bly staan, diegene is wat die Kerk diep lees. Met ander woorde, die uitdaging is dan om ’n ryk en diepgaande oudit van die ekklesiologie en praxis te betrek; om die ware, rou kerk in al sy kompleksiteit te begryp en kreatief daarvandaan te werk (Naidoo, 2013:13). As die breë kerklike ekologie nie uit die

staanspoor verstaan word nie, sal dit lei tot frustrasie, aangesien visioene, strategieë en taktiek voortdurend kort van hul beloofde doelwitte val (Naidoo, 2013:13). Dit kan lei tot verveling, sameswering en uiteindelik die aanvang van diep ingebedde sinisme (Naidoo, 2013:13).

In *An empirical Study on Spiritual Formation at Protestant Theological Training Institutions in South Africa* het Naidoo (2011: 118) historiografies aangetoon in watter mate intensionele programme vir geestelike vorming funksioneer in die opleiding van teologiese studente. Naidoo (2011:119) het ook 'n instrument ontwikkel om die beklemtoning van geloofsvorming by teologiese instellings te meet. Naidoo (2011:119) se aanname was dat teologiese instellings die publieke (teenoor die private) rol van die kerk herwaardeer en daarom bewus is van die noodsaaklikheid om toekomstige kerkleiers só te vorm dat hulle die gedrag en verantwoordbaarheid sal ontwikkel wat vereis word van mense wat die gemeenskap se vertrouwe geniet.

Kerkleiers moet nie net goeie leraars wees wat ander kan onderrig in die tradisie nie, maar ook menslike gedrag verstaan en geïntegreerd kan omgaan met die menslike kondisie voor God (Naidoo, 2011:120). Dít vereis vele persoonlike kwaliteite wat berus op self-kennis en die karakter van jou geestelike lewe (Naidoo, 2011:120). Sedert die sewentigerjare het nie net kerke nie, maar ook teologiese instellings intensief nagedink oor die rol van geestelike vorming in die opleiding van toekomstige kerkleiers (Naidoo, 2011:119).

Die betekenis van die term “spiritual formation” word wel verskillend uitgedruk in verskillende kerklike kontekste, maar Naidoo (2011:120) kies om te werk met die idee van vorming van karakter, wat die bekering van die bewussyn en die hart insluit, sowel as die bevordering van integrerende denke, outentieke dissipelskap, die persoonlike toe-eiening van geloof en die kweek van 'n spiritualiteit van die intellektuele lewe. Om hierdie doel te bereik, moet daar 'n verskuiwing kom vanaf die huidige klem op akademiese vorming binne geïsoleerde of gefragmenteerde, diep-gespesialiseerde teoretiese vakgebiede (Naidoo, 2011:121). Toekomstige kerkleiers kan nie langer bloot teologie studeer as 'n wetenskap wat in diens staan van die professionalisering van die bediening nie (Naidoo, 2011:121). Afgestudeerde teologiese studente moet goeie vordering toon in die vermoë om 'n diep bewussyn van die liefde van God uit te leef in terme van hul eie karakter sowel as hul bediening.

Die vraag is hoe hierdie vorming kan inpas binne die teologiese opleidingsinstelling (Naidoo, 2011:122). Een probleem is dat dit moeilik meetbaar is. Metodes wat gebruik word, is nie “methodologies” in die sin dat dit effektief bepaalde uitkomstige of resultate waarborg wat uiteindelik gemeet kan word nie, soos in die geval van intellektuele kapasiteite (Naidoo,

2011:123). Die uitdaging is dus om toepaslike metodes vir geestelike vorming te vind. Naidoo (2011:123-125) kies in hierdie verband die “habitus” model van Ballard en Pritchard (Paul Ballard and John Pritchard 1996:*Practical Theology in Action: Christian Thinking in the Service of Church and Society*). Die teologiese instelling kweek waardes deur korporatiewe aanbidding en gedeelde dissipelskap, en vorm op hierdie wyse by studente ’n bepaalde "disposition of the heart" (Naidoo, 2011:124).

In die habitus-model word geloof, studie en tradisie deur mekaar ondersteun. Op hierdie wyse word die vorming van die persoon beïnvloed (Naidoo, 2011:124). Die persoon wat teologiese onderrig gee, deel sy of haar eie stryd met die student (Naidoo, 2011: 124). Die waarde lê juis in interaktiewe leermetodes. Die habitus-model is afhanklik van die vorming van gemeenskap en van die dosent se relasionele vaardighede en persoonlike kwaliteite (Naidoo, 2011:124). Studente moet gehelp word om ’n diep vormingsproses te ondergaan waarin wysheid oor God persoonlik toegeëien word en waar leer nie slegs ’n persoonlike saak is nie, maar gedoen word ter wille van die publieke lewe, kerklike lewe en kerkleierskap (Naidoo, 2011:124).

Volgens Thomas Groome (Naidoo, 2011:124) moet studente ontwikkel tot “reflective practitioners”. Hulle moet uitgenooi word om hul eie onderskeiding oor praxis en teorie te ontwikkel en uit te vind hoe dit verband hou met die publieke lewe (Naidoo, 2011:124). Naidoo beklemtoon daarom die noodsaak van ’n kurrikulum wat holisties en interaktief is. Binne so ’n kurrikulum is formele en informele leer van spiritualiteit ingebed in die konteks van gedeelde lewens (Naidoo, 2011:126). Daarom is berading en mentorskap, asook praktyke en rituele van gesamentlike aanbidding binne die teologiese instelling belangrike instrumente (Naidoo, 2011:126).

Die empiriese ondersoek wat Naidoo (2011:118-146) onderneem het, toon dat studente ontevrede is ten opsigte van hul geestelike vorming waar die akademiese kredietvereistes van die teologiese opleidingsinstelling baie hoog is, en die teologiese dissiplines gekompartementaliseer en spiritualiteit in die lewe van die universiteit gemarginaliseer word. Die uitsluiting van dimensies van geestelike vorming in teologiese opleiding, lei nie outomaties tot verlies aan betekenis nie.

Die gebrek aan die inkorporasie van spirituele etiek, betekenis en doel by kurrikula en ko-kurrikulêre aktiwiteite kommunikeer outomaties wat as belangrik en wat as onbelangrik geag word. Transformatiewe poginge in die institusionele kultuur begin dus met ’n holistiese oorweging van institusionele waardes en doelstellings.

Volgens Naidoo verwys David Kelsey na twee hersieninge van opleiding, naamlik wat hy noem antieke "Athene" en moderne "Berlyn". By die eerste is die opleiding vir bediening 'n beliggamde reflektiewe wysheidstradisie wat persoonlikheid en karakter vorm, so ook verhoudings- en leierskapkwaliteite, geloof en spiritualiteit. Hier word die strewe na intellektuele kapasiteit geïntegreer met die heiligheid van lewe (Naidoo, 2011:138).

Die akademie beklemtoon egter ook die ontwikkeling van kognitiewe kapasiteite. Dit is evaluerend, analities en krities. Hierdie twee skole of benaderings tot die studie van teologie staan aan weerskante van die spektrum en verskil van mekaar veral daarin dat hulle verskillende ideë het oor hoe teologie, die leerproses en die leerder met mekaar in verhouding staan. Eersgenoemde staan weg van die kompeterende, geïndividualiseerde en markgerigte kultuur van hoër onderwys (Naidoo, 2011:138). Alle professies voer 'n stryd om die gaping tussen onderwys en die behoeftes van die praktyk te vernou, maar in die teologie is hierdie stryd besonder moeilik (Naidoo, 2011:138).

Teologiese instellings moet onderrig voorsien wat gekenmerk word deur intellektuele integriteit en praktiese toepaslikheid, maar dit moet terselfdertyd sorg dra dat die geloof of tradisie bewaar bly. Daar is dus 'n spanning tussen getrouheid aan die universiteit se hoë premie op vrye intellektuele ondersoek en die kerke se hoë premie op die bewaring van oortuiginge en die hantering van geloofskrisis.

Dit is volgens Naidoo (2011:139) interessant om binne hierdie spanningsveld op te merk dat die respondente in haar ondersoek, mense van die sogenaamde Y-generasie, wat sterk gefokus is op grade en sukses, tegnologies gevorderd en geneig is om konformisties te dink, hulself moeilik vereenselwig met 'n proses binne die opleidingsinstelling waar van hulle verwag word om kwesbaarheid te toon (Naidoo, 2011: 140). Daar moet 'n hoë vlak van substansie, kwaliteit, hoop en egte belangstelling en aanvaarding wees voordat hulle ten volle sal deelneem aan prosesse van geestelike vorming. Die geslaagdheid van huidige geestelike vormingsprogramme aan teologiese instellings sal nog bepaal moet word. Dit is nie maklik om vas te stel nie (Naidoo, 2011:141).

### **2.2.3. Lombaard en teologiese opleiding in Afrika en ekumenisiteit in spiritualiteitsperspektief**

In *Teologiese opleiding in Afrika en ekumenisiteit in spiritualiteitsperspektief: 'n oriënteringsraamwerk vanuit die vakwetenskap Christelike Spiritualiteitskunde* doen Lombaard verslag oor die navorsing wat gedoen is in opdrag van die Wêreldraad van Kerke

(WRK) (Lombaard, 2013: 771-778). In die artikel word die hede, verlede en die toekoms kortliks bespreek, aangesien dit verband hou met die dissipline van Christelike spiritualiteit as 'n opkomende groeipunt vir ekumeniese teologiese onderwys (Lombaard, 2016:259). Dit dui die kontekste vir die ondersoek na die spirituele en die mistieke aan en wys hoe hierdie twee inherente ervaringsaspekte van die Christelike geloof belangrike nasieners kan word in die verdere ontwikkeling van spesifiek ekumeniese teologiese opleiding op die vasteland van Afrika (Lombaard, 2016:259). Vir hierdie doel word 'n paar voorstelle gemaak vir opvoedkundige oefeninge wat moontlik kan bepaal in watter opsigte sensitiwiteit teenoor spiritualiteit binne Afrika-ekumeniese teologiese opvoeding verbeter kan word (Lombaard, 2016:260). Tipies van die wetenskaplike protokolle van die dissipline van die Christelike Spiritualiteit, gaan dit hier nie net oor spiritualiteit en mistiek nie (Lombaard, 2016:260).

Lombaard (2016:261) bevestig dat die tweeledige doelwitte van teologiese opleiding en die vorming van predikante (wat in Engels duidelik van mekaar onderskei word met die uitdrukkings *theological education* en *ministerial formation*) van groot belang is in die voorbereiding van die volgende geslagte Christelike leiers. Die rede daarvoor is om te verseker dat die Christelike leiers die eise wat in die toekoms aan hulle gestel sal word, die hoof sal kan bied (Lombaard, 2016:261), (Naidoo, 2010:347-352).

Volgens Lombaard (2016:261) dui veranderde kontekste op veranderende toekoms, wat 'n gevormde *bewus*-syn van die waarskynlikhede en die moontlikhede wat die afsienbare toekoms mag oplewer. Lombaard (2016:261) beklemtoon verder dat sulke vooruitsiendheid nie net van toepassing op die breë eskatologiese raamwerk van die Christendom behoort te wees nie. Lombaard (2016:261) verwys onder meer na verlossingshistoriese interpretasies van die wêreldgeskiedenis; terwyl die geskiedenis wel geloofwaardig is, behoort daar ook gekonsentreer te word op die konkrete hierdie-wêreldse sosio-polities-ekonomiese dinamiek van komende dekades (Lombaard, 2016:261). Volgens Lombaard (2016:261) vereis die soort siening van die nabye toekoms denkers wat moontlikhede en tendense wat met hierdie dinamika verband hou, kan voorsien en wat kan optree om dié moontlikhede en tendense te vorm.

Lombaard (2016: 261) is verder van mening dat dié ingesteldheid jeens die toekoms een van die belangrikste verwagtings is wat van leiers gekoester word; die komende dekades sal ongetwyfeld spesifiek vir die kerk inhou dat spiritualiteit al hoe meer op die agenda kom. Lombaard (2016: 261) beklemtoon die standpuntname van die Rooms-Katolieke teoloog, Karl Rahner in die 1980's, naamlik dat die toekomstige Christendom misties sal wees: dit “kan

vandag selfs duideliker nagespoor word as 'n 'draai' na spiritualiteit in sowel kerklike kringe as in die breër wêreld.”

Volgens Lombaard (2016: 261) bestaan daar geen twyfel dat die kerk “in sy volle ekumenisiteit” spiritualiteit en mistiek ernstig behoort op te neem nie. Hy is oortuig dat dit betrekking het op die kerk as geloofsuitdrukkingswyse, in die gewone kerk asook in die nie-kerklike samelewing, en daarom in ag geneem moet word in die opleiding van bedienaars van die Woord (Lombaard 2016:261). Volgens Lombaard (2016:261) word met die “kerk in sy volle ekumeniese diversiteit” bedoel die mees geïnstusionaliseerde en antieke denominasies soos die Rooms-Katolieke en die Oosters-Ortodokse denominasies, tot die vrug van die Hervorming. Hy dui aan dat teologiese opleiding van ampsdraers van bovermelde denominasies die akademiese diensvoorbereiding van pastore, predikante en priesters insluit, asook van leke-bedienaars binne sommige kerklike denominasies (soos die Metodiste en Anglikaanse kerke) waar van deelydse pastorale werk gebruik gemaak word (Lombaard (2016:262). Sulke diensvoorbereiding geskied volgens Lombaard (2016:262) binne 'n breë verskeidenheid van teologiese opleidingsopsies, alombekend as seminaries of kweekskole, en teologiese skole of kolleges, asook binne universiteitsopset.

Hy dui verder aan dat die breë verskeidenheid van teologiese opleidingsopsies op 'n verskeidenheid van maniere ontplooi word, “vanaf volledige, grootliks ekumeniese teologiese fakulteite binne universiteite, tot akademiese departemente wat onder verskillende benaminge vooraf- of later-geakkrediteerde opleiding verskaf, tot kerklik daargestelde seminaries of kolleges wat redelik denominasioneel-spesifiek funksioneer, maar wat tot 'n betrokke universiteit toetree.”

Lombaard (2016:262) voer ook aan dat ongeag waar die plasing is van hierdie moontlikhede op die spektrum van die akademiese diensvoorbereiding – die teologiese opleiding en die vorming (onderskeidelik die *theological education* en *ministerial formation*) – van pastore, predikante en priesters, dit gekenmerk behoort te word deur diepgaande, maar ook vernuwende opleiding en vorming. Hy is van mening dat alleenlik só die eise van die tyd gehanteer en bestuur kan word.

Lombaard stel dit kategoriees: “Sonder God *is* die kerk nie; *bestaan* geloof nie” (Lombaard, 2016:264). Hy is van mening dat die basis-vertrekpunt vir niks verruil mag word nie. Verder stel Lombaard dit duidelik dat hóé die kerk is en wát geloof doen altyd kontekstueel sal varieer (Lombaard, 2016:264). Hy stel dit onomwonde dat indien die kontekstuele teenwoordigheid uit die wese *in* God en *vir* God uitgehaal word dan is die geloof

en geloofsgemeenskap iets fundamenteels anders. Lombaard beklemtoon dat God “in en deur die aktiwiteite van gelowiges” behoort te praat (Lombaard, 2016:264).

Volgens Lombaard (2016:265) kom op “hierdie manier Rahner (1981:145) se mistiese persoonlike gelowigheid en Habermas (2008:17-29) se post-sekulêre gemeenskapsoriëntasie met ’n kenmerkende hernieude openbare openheid vir die kategorie van geloof na vore.” Lombaard is van mening dat “Godspraak, as aanvoeling (‘discernment’) jeens die rigting waarin die Godswil stu, naamlik die gegewe is wat die toekoms en die verlede kan laat saamsmelt in die ervaringshede van ’n gelowige” (Lombaard, 2016:265). “’n Groeiende gewaarwording in ons tyd” vind volgens Lombaard “neerslag in die geldige oproep dat ’n spiritualiteitsbewussyn as verbindingselement tussen kerke kan dien; des te meer op die terrein van teologiese opleiding” (Lombaard, 2016:265).

Volgens Lombaard (2016:265) het baie mense, en verreweg die meeste godsdienstig-ingestelde mense, ’n sin van die bomenslike, naamlik as ’n soort eksistensiële superstruktuur oor die aarde heen. “Hierdie bo-menslike gegewe is so evokatief dat dit betekenis gee aan en sin maak van die lewe, terwyl die lewe op sigself nouliks verklaar kan word”. (Lombaard, 2016:265). Volgens Lombaard (2016:265) is hierdie gevoel vir ’n “voller” bestaan *spiritualiteit*, wat op verskeie maniere tot uitdrukking kom: “binne die Christendom, deur die omsluitende verbondenheid aan die Drie-eenheid en die onontbeerlike gawes van God aan diegene wat hulleself tot hierdie heilige omhelsing aangetrokke aanvoel.” “Sulke belewenisse van God kom verskillend in diverse kontekste na vore, ten spyte van breë gemeenskaplikhede, en is verder ook uniek aan elke individu” (Lombaard, 2016:265).

Volgens Lombaard (2016:266) is niemand “meer” spiritueel of “minder” spiritueel as die ander nie: in hierdie sin is spiritualiteit “die analoog aan nederigheid”. Lombaard toon aan dat mistieke belewenisse soos kontemplasie, om te vas en ander verwante uitdrukkings van deur-God-aangeraak-wees, nie van hulle wat daarby betrokke is super-Christene maak of mense wat God se liefde meer waardig is as die res van die mensdom nie (2016:266). “Spiritualiteit of mistiek is nie die uitsluitlike leefwêreld van die eensame gelowige nie” (Lombaard, 2016:267).

Lombaard is van mening dat die kontekste waaruit ervaringe van geloof ontspring en waartoe hulle spreek, van net so veel belang is (Lombaard, 2016:266). Onder die kenmerke wat help om ’n mens se spiritualiteit te vorm, tel geografie (kyk bv. Malek, 1989). Waar ’n mens gebore word en ’n groot deel van jou lewe in ’n spesifieke land en op ’n spesifieke kontinent woon, beïnvloed ’n mens se spiritualiteit natuurlikerwys; dit is nie minder waar van die Afrika-konteks nie (Lombaard, 2016:267-268). Nógans behoort sekere intellektuele



struikelblokke in die geval van geestelike identiteitsoeke op die kontinent vermy te word (Lombaard 2016:268).

Die volgende voorbeelde kan hier uitgewys word:

- i. Uniekheid en diversiteit: 'n Romantisering van die “unieke” (dit wil sê, dit wat by nadere ondersoek sou blyk nie uniek te wees nie) moet vermy word: so 'n selfgerigtheid is dikwels onkrities en stimuleer nie 'n ingeligte bewussyn van die eie nie, wat op sy beurt weer groei tot 'n groter spirituele volwassenheid aan bande sou lê (Lombaard, 2016:268).
- ii. Benaming en benadering: Een van die gevare van naby-analises van persoonlike godsdienstige ervarings, is dat die woordeskat om dit aan ander oor te bring nie altyd akkuraat is nie (Lombaard, 2016:268). Woorde kan dus aan ander tale ontleen word (bv. “siel” uit die antiek-Grieks-Westerse konsepteskat, waarmee byvoorbeeld dan die voortgaande teenwoordigheid van oorledenes in baie tradisionele Afrika-leefwêreldsienings as onakkuraat benoem word (Lombaard, 2016:268).
- iii. Slagofferskap: Mense in baie samelewings is geneig om hulleself in 'n groot mate te definieer aan die hand van die laaste groot tragedie waaraan hulle kollektief onderworpe was (bv. slawerny, kolonialisme, 'n aardbewing, 'n oorlog) (Lombaard, 2016:269).

Lombaard (2016:269) is van mening dat al hierdie aspekte – spiritualiteit, die self, die groep, en geografie – belangrik is. Ten einde die praktiese opvoedkundige waarde van die teoretiese raamwerk wat hierbo opgestel is uit te bou, is vier oefeninge ontwerp wat ingesluit of aangepas kan word in vormingskursusse vir pastore, priesters en predikante (Lombaard, 2016:269). Wat uitgelig en ingeskerp word, moet noukeurig oorweeg word ten einde studente met gevormde insig en 'n fyn ontwikkelde intuïsie te laat (Lombaard, 2016:269). Belangrike aspekte wat volgens Lombaard oorweeg behoort te word in die ontwerp van die oefeninge sluit in:

- i. Dat die oefeninge nie gevorderde kennis van spiritualiteit of mistiek veronderstel nie;
- ii. Dat die oefeninge erns maak met beide die ekumeniese en die Afrika-kontekste; en
- iii. Dat die oefeninge bedoel is om 'n waardering vir die eie spirituele identiteit by studente aan te wakker, nie deur isolasie nie, maar juis deur blootstelling aan diversiteit.

Die vier oefeninge wat voorgestel is:

- i. Oefening 1 – “Gewyde stilte”: kweek 'n aanvoeling vir ekumeniese verbindings en verskille
- ii. Oefening 2 – Die vind van betekenis by Afrika-heiliges
- iii. Oefening 3 – Beskryf spiritualiteit ekumenies
- iv. Oefening 4 – Her/definiëring van spiritualiteit en mistiek (Lombaard, 2016:270:272).

Die klemtoon in die vier oefeninge is elk verskillend: die eerste kan direk herlei word na die klassieke spiritualiteitsmoment van stilte voor God; die tweede maak erns met die Afrika-kontinent waarop hierdie bydrae as geheel uitgestem is; die derde oefening plaas ekumenisiteit in die kollig, maar dan spesifiek om 'n aanvoeling te kweek oor hoe



geloofsgenote uit self-differensialiteit vashaak; laastens word kritiese besinning oor spiritualiteit en mistiek aangemoedig, maar dan weer met die bykomende ekumeniese dimensie (Lombaard, 2016:272). Sodoende word die studente/kursusgangers op verskillende maniere prakties en akademies vir “n spirituele toekoms” voorberei as deel van hul teologiese opleiding en gepaardgaande vorming (*theological education* en *ministerial formation*) (Lombaard, 2016:273).

#### **2.2.4. NGK Profiel vir die afgestudeerde student en Teologiese opleiding vir Missionale Bediening**

Frederick Marais skryf in ’n artikel “Teologiese Opleiding vir Missionale bediening” dat daar lank besin is oor die toekoms van teologiese opleiding in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in ’n vinnig veranderende wêreld (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017). Marais stel ’n hele aantal vrae aan die begin van die artikel, naamlik:

- i. Hoe sou dit wees as die teologiese opleiding lidmate van NGK wat geroep is, toerus vir ’n missionale bediening in en deur gemeentes op verskillende vlakke?
- ii. Sal dit nie wonderlik wees nie as ons mense wat geroepe is, kan help om te begin met opleiding wat hulle stap vir stap help om te vorder soos wat hulle kan – al is hulle in ’n ander beroep?
- iii. Sou dit moontlik kon wees om vir geroepenes verskillende paaie te begin bou om hulle bekwaam te maak vir hulle bediening? (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017).

Volgens Marais was dit hierdie soort vrae wat die verbeelding van ’n taakspan van die Algemene Kuratorium van die NGK gestimuleer het in die ontwikkeling van ’n verslag oor missionale bedieningsontwikkeling (Marais, E-Kerkbode, 15 Desember 2017). Marais is van mening dat die struktuur van die NGK reeds lank in gesprekke oor teologiese opleiding is en noem dat daar vrae is of die predikantsopleiding in sy huidige vorm steeds bekostigbaar is, of gemeentes in die toekoms predikante wat opgelei is, sal kan bekostig, hoekom jeugwerkers en ander mense in diens van gemeentes se opleiding nie deur die kerk erken word nie en verder hoekom hulle nie deel uitmaak van die struktuur van die kerk nie. Daar is ook vrae oor lidmate wat geroepe is om dienswerk te lewer, maar nie opleidingsmoontlikhede in ringe of sinodes het om toegerus te word vir hul bediening nie (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017).

Die Algemene Sinode van die NGK het in 2013 ’n beleid goedgekeur wat teologiese opleiding herdefinieer en kreatiewe oplossings bied vir die uitdagings hierbo vermeld. Volgens Marais was teologiese opleiding in die verlede deur die NGK verstaan as die voltydse opleiding van alleenlik predikante van die NGK. Die goedgekeurde beleid van die NGK het egter nou liewers geleentede vir teologiese opleiding voorsiening gemaak (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017). Marais is van mening dat die bedoeling van die verslag was

om teologiese opleiding oop te maak vir mense om as dienswerkers in die gemeente en gemeenskap opgelei te kan word (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017).

In die lig hiervan het die Algemene Kuratorium 'n verslag – *Raamwerk vir missionale bedieningsontwikkeling* – die lig laat sien. Die dokument gee voorstelle deur oor hoe daar aan die 2013-beleid praktiese uitvoering gegee kan word (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017). Die verslag, *Raamwerk vir missionale bedieningsontwikkeling*, het voorsiening gemaak vir teologiese opleiding op verskillende vlakke.

- i. Die eerste vlak is opleiding vir ouderlinge en diakens wat deur die kerkraad gekeur is (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017). Die opleiding geskied deur diplomakursusse van Hugenote Kollege wat deur geakkrediteerde predikante in ring- of sinodale verband aangebied kan word (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017).
- ii. Tweedens, word Standplaasleraars opgelei vir spesifieke bedienings, soos aan die Doves of die San. Die opleiding word deur verskillende akademiese vennote gedoen en verskil om aan te pas by die verskillende kontekste waarvoor mense opgelei word – die leerplanne word dienoreenkomstig deur die kuratoria goedgekeur. Leraars van die NGK kry bevoegdheid vir die bediening in 'n spesifieke konteks en is nie beroepbaar na ander kontekste nie (Marais E-Kerkbode, 15 Desember 2017).
- iii. Derdens, word Diensleraars opgelei vir 'n spesifieke terrein van bediening, soos pastoraat, jeug- en familiebediening, diakonaat, geloofsvorming, kerkplanting en evangelisasie of aanbidding. Hulle opleiding kan tipies 'n B.Th.-graad wees. Hulle word gelegitimeer vir hulle bedieningsveld, word proponente en kan beroep word. Hulle kan ook die sakramente bedien. Diegene wat as jeugwerkers opgelei is, sou hiervolgens diensleraars vir jeugbediening kon word (Marais E- Kerkbode, 15 Desember 2017).

Vir tweedeloopbaanstudente word opleidingsmoontlikhede voorsien wat aansluit by reeds verworwe kennis en vaardighede (wat van student tot student sal verskil) en daarop voortbou tot op dieselfde vlak as dié van predikante wat heeltyds gestudeer het. Daarby gaan die bestaande heeltydse opleiding van predikante voort soos in die verlede. (Marais, E-Kerkbode, 15 Desember 2017). Marais is verder van mening dat *Raamwerk vir missionale bedieningsontwikkeling* so uitgewerk is dat daar van een vlak na 'n volgende gevorder kan word.

Dit beteken dat iemand wat op een vlak opgelei is, na 'n volgende vlak kan aanbeweeg sonder om weer heel van voor af te begin. Volgens Marais (E-Kerkbode, 15 Desember 2017) is die volgende voordele vir die gemeentes van die NGK belangrik:

- i. Gemeentes kan nou die verskillende vlakke van goedgekeurde opleiding benut deur bedieningspanne in diens te stel.
- ii. Naas leraars, sou 'n gemeente ook diensleraars in diens kon stel wat spesialiseer in sekere missionale bedieningsvelde.

- iii. Daarnaas sou ouderlinge en diakens wat hulle laat bekwaam het as bedienaars ook nog verder die bedieningspan van die gemeente versterk.
- iv. 'n Ander voordeel is dat gemeentes nou meer opsies het om hulle boeke te laat klop.
- v. 'n Gemeente wat byvoorbeeld nie langer 'n voltydse leraar kan bekostig nie, kan nou met behulp van ouderlinge en diakens met bevoegdheid onder leiding van 'n konsulent met 'n bediening voortgaan.

### **2.3. Historiese Perspektiewe op teologiese opleiding**

#### **2.3.1. Rowdon en die teologiese opleiding**

Rowdon verduidelik in sy artikel, “Theological Education in Historical Perspect” sy kommer oor teologiese opleiding. Rowdon dui aan dat die geskiedenis van teologiese opvoeding 'n relatief verwaarloosde veld is. Die struktuur van die bediening het wye aandag gelok, maar die voorbereiding (teologiese opvoeding) vir sy beoefening het min belangstelling gewek Rowdon, (1971:75). Rowdon probeer 'n soort assessering doen oor die groei en ontwikkeling van teologiese opleiding in verskillende periodes en eras in die lewe van die kerk. Hy begin sy gesprek deur te kyk na die vroegste tydperk in Kerkgeskiedenis, wat vir ons gedefinieer kan word as die vier eeue van die Kerk se bestaan in die antieke Romeinse wêreld, eers as 'n vervolgte minderheidsgroep en later as die dominante godsdienstige mag in die Ryk.

Rowdon (1971:75) verduidelik dat verrassend min bewyse gevind is van enige kommer oor formele opleiding vir Christen-leierskap. Die eerste deel van die tweede eeu het belangrike implikasies vir ministeriële opleiding gehad (Rowdon, 1971:75). “Die biskop se fokus van die Kerk se plaaslike eenheid, is bedoel om in homself die hele spektrum van geestelike funksies te beliggaam” (Rowdon, 1971:75). Die eerste bewuste begin van gereelde geestelike opleiding kan waargeneem word met die onderverdeling van kerklike ordes en die praktyk om slegs 'n kandidaat na 'n hoër orde te bevorder nadat hy getoets en bewys is in 'n laer een. Die diakenamp was byvoorbeeld beskou as 'n *‘stepping stone’* na die amp as ouderling (Rowdon, 1971:75). Die behoefte aan ministeriële opleiding volgens meer formele riglyne is blykbaar in die loop van die tweede eeu aan die kerk oorgedra (Rowdon, 1971,76).

Die groeiende selfbewussyn van 'n kerk wat aan die een kant betrokke is in 'n diskoers met heidene en aan die ander kant met Jode en ketterse skole van Gnostici, het ongetwyfeld sistematiese en gekonsentreerde geestelike dissipline vereis van diegene wat leierskap sou onderneem (Rowdon, 1971:76). Terselfdertyd het die kristallisering en uitwerking van die Christelike leerstelling en die erkenning van die kanon van die Christelike Skrif opleiding in gesaghebbende interpretasie vereis (Rowdon, 1971:76). As gevolg hiervan was daar 'n gemerkte neiging, veral in die Ooste waar ondersoek en debat geneig was om meer deeglik te

wees as in die Weste, dat die biskop se onderrigfunksie gedeeltelik gedelegeer kon word aan een of meer instruktors wat in die take kon spesialiseer, nie net ten opsigte van voorbereiding en Leer-onderrig van Christen Apologetiek aan navorsers en nuwe gelowiges nie, maar ook om aan Christelike leiers 'n deeglike grondslag in Leer, beide nie-Christelik en Christelik te gee (Rowdon, 1971:76).

Die Kategetiese Skool van Alexandrië is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Dié Skool is teen die einde van die tweede eeu deur biskop Demetrius gestig en het merkbare hoogtes onder leiding van die beroemde Origen bereik voor sy vertrek na Caesarea, waar hy 'n soortgelyke instelling ontwikkel het (Rowdon, 1971:76). Die omvang van die onderrig van die Kategetiese Skool van Alexandrië word soos volg opgesom: “an encyclopaedic teaching, presenting in the first place the whole series of profane sciences, and then rising to moral and religious philosophy, and finally to Christian theology, set forth in the form of a commentary on the sacred books” (Rowdon, 1971:76). Origen was beïnvloed deur Alexandrië en die Joodse skole.

Dat die Kategetiese Skool van Alexandrië meer 'n “Christelike Universiteit” was, blyk uit die feit dat die Skool sendelinge gehuisves het soos Gregory die Wonderwerker, Apostel van Pontus, wat onder Origen in Caesarea gestudeer het (Rowdon, 1971:76). Die Kategetiese Skool was nie 'n onpersoonlike, koue akademiese instelling nie (Rowdon, 1971:76). Die Skool het gedraai om die persoon van die Meester, wat deur die biskop aangestel is (Rowdon, 1971:76). In die vroeë Middeleeue (c. 500-1000), vind ons die Kerk in 'n nuwe situasie (Rowdon, 1971:77). Onderrig in hierdie era het die interpretasie van Bybelse tekste ingesluit, en Grieks sowel as Latyn is daar onderrig (Rowdon, 1971:77). In Engeland het Augustinus van Canterbury 'n skool vir die opleiding van bedienaars van die Woord gestig. Die skool is verder ontwikkel deur Theodore van Tarsus in die Skool van Canterbury. Die kurrikulum het die interpretasie van die Skrif en die bestudering van beide Grieks en Latyn ingesluit (Rowdon, 1971:78).

Bede (673-735) het bevestig dat dissipels van Theodore wat aan hom bekend was, so net so vaardig was met Latyn en Grieks as hulle eie taal (Rowdon, 1971:78). By die Skool van Canterbury was musiek, wat noodsaaklik was vir die liturgiese dienste van die kerk, asook sterrekunde wat nodig was vir die berekening van die Christelike Kalender, bestudeer (Rowdon, 1971:78). Die situasie gedurende die latere deel van die Middeleeue (c.1000-1500) was baie anders as in die vorige halwe millennium. (Rowdon, 1971:78). Oppervlakkig was Europa nou gechristianiseer. Beide die Pous en Keiser het respektiewelik die finale verantwoordelikheid aanvaar vir sake van die kerk en die staat (Rowdon, 1971:78). Die

onderskeid tussen die heilige en die sekulêre het op verskeie maniere vervaag. Die gevolg was dat dit moeilik geword het om ministeriële opleiding te skei van die voorbereiding vir die diens van God in die staatsopset (Rowdon, 1971:78).

Die aard van die Kerk in die Middeleeue met sy sakramentele klem, sy liturgiese vorme en sy toenemende klem op die kanonieke wet het 'n soort van ministeriële opleiding genoodsaak wat pastorale toerusting en homiletiese voorbereiding ingesluit het (Rowdon, 1971:79). Pastorale en homiletiese hulpmiddele was beskikbaar, maar was duur en relatief ontoeganklik. Die hoof-antwoord op die behoefte aan pastorale en homiletiese ministerie was die ontwikkeling van nuwe godsdienstige ordes (Rowdon, 1971:80). So het die Hervorming plaasgevind teen die agtergrond van 'n ander Renaissance (Rowdon, 1971:80). Die Noordelike Renaissance, met sy Christelike basis, het die beginsel van “terug na die bronne” toegepas op die ministeriële taak.

Die Skool van Canterbury het die bestudering van die Skrifte in die oorspronklike tale asook histories-grammatikale eksegeese eerder as die dominante metode van allegoriese interpretasie beklemtoon (Rowdon, 1971:80). Die belangrikste hervormers was meer verskuldig aan humanisme as wat soms gedink word (Rowdon, 1971:80). So is begin met die kleiner seminare wat algemene onderwys verskaf het en die groter seminare om ministeriële opleiding by te voeg wat Rooms-Katolieke priesters in staat sou stel om die leer en die akkoorde aan te pas in lyn met die toewyding van ten minste sommige van hul Protestantse eweknieë (Rowdon, 1971:80). Die universiteite word steeds beskou as die primêre plek van opleiding vir die bediening van die gevestigde kerk (Rowdon, 1971:81). Hierdie funksie van die universiteite word gestaaf deur die feit dat met die uitsondering van vyf, al die geestelikes wat tussen 1663 en 1800 in die bisdom van Norwich gedien het, aan universiteite opgelei is (Rowdon, 1971:82). Die belangrikheid van in-diens-opleiding word gesien in Wesley se opleiding van sy leke-predikers (Rowdon, 1971:85). Nog 'n dominante tema in die geskiedenis van ministeriële opleiding is die behoefte aan geestelike opleiding.

### **2.3.2. Calvin en teologiese opleiding**

In sy artikel oor Calvin die akademikus van Geneva (2009) “Calvin, the Academic of Geneva and 150 years of theology at Stellenbosch: Historical-theological contributions to the conversation on theological education.” fokus Robert Vosloo (2009:17) op Calvin se opvoedkundige metodologieë en strukture om die belangrikheid daarvan vas te stel vir die 21ste eeu se teologiese opleiding. Hierdie oorsig van Vosloo bied 'n geskiedkundige oorsig oor Calvin se werk as opvoedkundige en bied vir die leser 'n lens om teologiese opvoeding nie net te beskou as iets wat by die teologiese fakulteit gebeur nie, maar dit ook te sien as

opvoeding wat ingelig word deur die breë samelewing. Vosloo (2009) se artikel herhaal sommige aspekte van die stigting en vroeë jare van die Geneefse Akademie. Dit sal getoon word hoe die argitekte van die Geneefse Akademie nie in die eerste instansie die teologie as geïsoleer van ander wysheidsbronne beskou het nie; tweedens, dat die verbintenis om predikante vir die Gereformeerde kerke op te lei, deel gevorm het van 'n groter visie om die samelewing te transformeer; en derdens, dat die Geneefse Akademie nie immuun was teen die onvermydelike spanning wat in vroeg-moderne Gereformeerde hoër onderwys ontstaan het nie. Teen die agtergrond van hierdie drie kort observasies, en in die lig van die ontvangs van Calvyn en Calvinisme op Stellenbosch, bied die res van die artikel enkele opmerkinge oor die uitdagings wat teologiese opvoeding in kontekste soos die Fakulteit Teologie op Stellenbosch in die gesig staar.

Vosloo se artikel stel voor dat sommige notas oor “die Gereformeerde gemoedstoestand” (Gerrish) waardevol kan wees om die moontlike spanning tussen belydenis-identiteit en ekumenisme tussen akademiese en kerklike teologie te ondersoek. In die artikel, “Calvyn en die Akademie van Genève” (1992), bespreek L.F. Schulze Calvyn se stigting van die Kollege en Akademie van Genève (1559) teen die agtergrond van die Middeleeuse skoolstelsel om sy rol in die vernuwing van onderwys te evalueer.

Calvyn se betrokkenheid by die onderwys openbaar gemeenskaplike grond met die humanistiese ideale van sy tyd. Reid (1995:17) stel dit soos volg: “The education offered in the College and Academy was in many ways typically humanistic” (Schulze, 1992:305). Calvyn is bekend as kerkhervormer en teoloog, wat ook verder die oortuiging uitgespreek het dat “slegs ’n toereikende opvoeding van volk en leiers aan die evangeliese beweging die krag kon verleen om teen die kragtige aanslag van Rooms-Katolieke invloed en politieke despotisme staande te bly en om in egte vroomheid en nederigheid God reg te bly dien” (Schulze, 1992:306). Schultz (1992:306) dui aan dat die laat-Middeleeuse opvoedingspraktyk steeds teen die 16de eeu sterk beïnvloed was deur ’n sintese van Thomas van Aquinas se opvatting van die Christelike leer en Aristoteles se filosofie. Aquinas se omvattende denksisteem het die onderskeiding van natuur en genade as grondslag gehad. Schulze stel Aquinas se standpunte met betrekking tot natuur en genade soos volg:

“Op die gebied van die natuur, die filosofie en die natuurwetenskappe kon die mens, onafhanklik van God, met sy eie rede self die waarheid ontdek. Hy kon die ‘universele patroon’ ontdek wat die aard van elke gegewe bepaal en selfs waarhede oor God met redelike spekulاسie blootlê. Hy kon egter nie met sy rede diep in die bonatuurlike gebied indring nie. Om kennis van die bonatuurlike te bekom het hy openbaring (genade) nodig. Deur die geloof kan hy die hoër orde van die syn begryp, dit wil sê dié van die engele en van God” (Schulze, 1992:306).



Schilder (1935:8) dui tereg aan dat teologie daarom die Regina scientiarum (koningin van die wetenskappe) ’n wetenskap van die hemelse dinge is, terwyl die ander wetenskappe hulle bloot met aardse beuselagtighede ophou. Die opvatting van onderwys en opvoeding was derhalwe in die konteks van Thomas se siening beperk in omvang en doel, naamlik om mense voor te berei vir kerklike diens of vir die howe. Die voorbereidende opleiding van die Middeleeue het die trivium/kruispad (Latynse grammatika, retorika en logika) en quadrium (rekenkunde, meetkunde, sterrekunde en musiek) behels. Wanneer ’n student hierdie vakke bemeester het, kon hy voortgaan met sy studie van teologie, regte of geneeskunde (Reid 1995:2). Die Middeleeuse onderwysmetode was daarop gemik om studente in staat te stel om op ’n bepaalde skrywer se werk kommentaar te lewer. Oor die bywoning van klasse was daar geen toesig nie – dit is oorgelaat aan die keuse van studente.

Na verloop van ’n sekere periode moes die student ’n soort ‘verhandeling’ aanbied, wat hy in die openbaar teenoor almal wat teenwoordig was, moes verdedig. Indien hy hierin geslaag het, is die betrokke graad aan hom toegeken. Afgesien van die ‘verhandeling’ was daar geen ander geordende eksamen wat die student moes aflê nie. (Schulze, 1992:307). Met die opkoms van die Renaissance gedurende die veertiende en vyftiende eeu het die instelling teenoor die onderwys en sy inhoud gaandeweg drasties verander (Schulze, 1992: 308).

Die konkrete, “individuele” dinge het die aandag geboei en nie meer die “universele” patroon of essensie van die dinge nie. Die proses is aangehelp deur die groeiende belangstelling in die klassieke letterkunde; daarmee saam was die individu se onafhanklike denke en outonomie beklemtoon. Al die voorafgaande aspekte soos deur Schulze gemeld, het volgens hom daartoe gelei dat die gesag van die Thomistiese sintese in die sestende eeu oorboord gegooi is (Schulze, 1992: 308). Op die gebied van die natuur, die filosofie en die natuurwetenskappe kon die mens, onafhanklik van God, met sy eie rede self die waarheid ontdek. Hy kon die “universele patroon” ontdek wat die aard van elke gegewe bepaal en selfs waarhede oor God met redelike spekulاسie blootlê.

Hy kon egter nie met sy rede diep in die bonatuurlike gebied indring nie. Om kennis van die bonatuurlike te bekom het hy openbaring (genade) nodig. Deur die geloof kan hy die hoër orde van die syn begryp, dit wil sê dié van die engele en van God. Daarom was die teologie die regina scientiarum, (koningin van die wetenskappe) ’n wetenskap van die hemelse dinge, terwyl die ander wetenskappe hulle bloot met aardse beuselagtighede ophou (Schulze, 1992:306; (ed.) Schilder, 1935:8).

Die opvatting van onderwys en opvoeding was derhalwe in die konteks van Thomas se siening beperk in omvang en doel, naamlik om mense voor te berei vir kerklike diens of vir

die howe. Daarom kon Luther die kwaliteit van die Middeleeuse onderwys vlymskerp oopvlek. Die voorbereidende opleiding van die Middeleeue het die trivium/kruispad (Latynse grammatika, retorika en logika) en quadrium (rekenkunde, meetkunde, sterrekunde en musiek) behels. Wanneer 'n student hierdie vakke bemeester het, kon hy voortgaan met sy studie van teologie, regte of geneeskunde. Die erosie van die trivium-model soos aangevoer deur die Thomistiese onderwysmodel verdien vermelding. Volgens Schulze (1992:307) som Raynal (1990:124) die effek van erosie van die trivium-model soos volg op deur Bouwsma aan te haal:

“ The Aristotelian emphasis on the highly intellectual conception of truth placed a premium on the study of logic, deemphasized grammar, and considered rhetoric suspect. The curricular effect of Scholasticism was to consider grammar merely a preparatory discipline for children and to reduce the importance of literary studies, viewing rhetoric and the art of communication “ at best as merely decorative, at its worst likely to appeal to the passions rather than the intellect and thus pervert the truth”. So the two main divisions of the *trivium*, grammar and rhetoric, became *trivial*.”

Volgens Schultz (1992:308) het met die opkoms van die Renaissance gedurende die veertiende en vyftiende eeu die instelling teenoor die onderwys en sy inhoud gaandeweg drasties verander. Die aandag het vanaf die hemelse na die aardse dinge verskuif (Schultz 1992:308). Die konkrete, ‘individuele’ dinge het die aandag geboei en nie meer die ‘universele’ patroon of essensie van die dinge nie. Die proses is aangehelp deur die groeiende belangstelling in die klassieke letterkunde (Schultz 1992:308). Daarmee saam is die individuele onafhanklike denke en outonomie nou beklemtoon (Schultz 1992:308). Dit alles het daartoe gelei dat die gesag van die Thomistiese sintese in die sestiende eeu oorboord gegooi is. Reeds vroeg in 1538 het Calvyn in samewerking met Cordier en Saunier (of liever Sonier, soos hy self sy naam gespel het – ’n belangrike onderwysprogram vir skool-onderderrig geformuleer. In die *Ordonnances Ecclésiastiques* (kerklike ordonnansie) van 1541 word die program herbevestig.

Onderrig in die teologie (Ou Testament en Nuwe Testament) word as onmisbaar vir die bediening en regering van die kerk gesien (art. 30). Hiervoor moes ’n kollege opgerig word waar die jeug in tale en geesteswetenskappe onderrig kon word ten einde hulle vir sowel die kerklike bediening as vir die burgerlike regering voor te berei (Schulze, 1992:309; (ed.) art. 31) en (Courvoisier, 1979:169); in die uitgawe van 1561 word dit weergegee in arts. 44 en 45 (Pont, 1981:29). In 1556 het Calvyn weer Sturm se skool in Straatsburg besoek en drie jaar later kon hy sy lank gekoesterde ideaal verwesenlik met die oprigting van die Kollege en Akademie in Genève. Die opleiding aan die Akademie veronderstel die vooropleiding aan



die Kollege en laasgenoemde baan gewoonlik die weg na die hoër opleiding van eersgenoemde. So word die hele onderrigproses gekoördineer).

In "Calvin and the Reformed Churches" sê Fairbairn “hy het geglo in die kennis en die gemeenskap van leer, wat die landdros en die predikant, die burger en die predikant in die hande van dieselfde onderwyser plaas en die skool en die universiteit saam bind” (Schulze, 1992:309; (ed.) Reid, 1955:7). Onderskeiding tussen primêre en sekondêre skole het nog nie bestaan nie) en in hoër onderwys (universiteitsonderwys) is die Thomistiese dualisme van natuur en genade, van die laer aardse (profane) onderwys en die hoër hemelse (sakrale) onderrig, ontstig. Dit word onder andere sigbaar in die feit dat die Middeleeuse onderskeiding van trivium en quadrivium aangepas is. Hoewel elemente daarvan behou is, is dit in ’n nuwe geheel geïntegreer. Die opheffing van die Thomistiese dualisme blyk eerstens uit die leerinhoud. Dit is nie net meer Latyn (as kerktaal) wat bestudeer word nie, maar ook Grieks en die moedertaal, naamlik Frans (vgl. Coetzee, 1959:209-210; Reid, 1955:12).

In die Orde van 1559 word die leerplanne van die verskillende klasse van die Kollege duidelik gestipuleer (Reid, 1955:26-27),(1992:10). Anders as Melanchthon, wat in sy leerplanne groot ruimte vir die studie van die natuurwetenskappe en wiskunde gemaak het, het Calvin nie veel belangstelling in hierdie rigting getoon nie. Hoewel hy die natuurwetenskappe ook as gawes van God erken het, het die leerinhoud van Genève in Calvin se tyd feitlik heeltemal binne die grense van teologie, filosofie en lettere gebly (Schulze, 1992:311; (ed.) Wendel, 1976:78,82). Die opheffing van die Thomistiese dualisme blyk tweedens uit die gradering van die onderwys. Terwyl die trivium die studie van Latyn, retorika en logika omvat het, word logika nou met retoriek en dialektiek verbind en word dit eers onderrig ná verwerwing van ’n grondige kennis van Latyn en die moedertaal en terwyl daar met Grieks begin word.

Die vernuwing van die heie onderwys, wat reeds in 1538 voorsien is, word deur Coetzee (1959:201) soos volg opgesom:

“ Die program dui op 'n nuwe voorskot in die onderwys. Dit bevat drie progressiewe kenmerke: versigtig grammatikale boor voor enige retoriese vertoning; animante plek vir die onderrig van die volkstaal en vir praktiese rekenkunde; opleiding vir siviele sowel as kerklike leierskap. Onderwys, dit is gesê, is oor die algemeen nodig om openbare administrasie te verseker, om die Christendom ongedeerd te onderhou en om die mensdom onder mans te behou” (Coetzee, 1959:201).

Vir Vosloo (2009: 4) bestaan geen twyfel dat teologiese opleiding hoog op die agenda van Johnnes Calvin was nie. Toe hy in 1536 na Genève gekom het, is hy as lesers in die Heilige Skrif aangewys en het hy lesings oor die Nuwe Testament aangebied, veral oor die

briewe van Paulus Vosloo (2009: 4). Die probleem was egter dat hierdie lesings nie ondersteun is deur 'n omvattende strategie vir onderwys in Genève nie Vosloo (2009: 4). By Calvyn se terugkeer na Genève van Straatsburg (waarheen hy na 1536 uit Genève verban is), het hy sy visie uitgespreek vir 'n kollege wat verskil van die bestaande instellings Vosloo (2009: 4).

Calvyn is beïnvloed deur sy ervarings in Straatsburg, waar daar 'n gevestigde opvoedkundige instelling was. Reeds vroeg in 1538 het Calvyn in samewerking met Cordier en Saunier 'n onderwysprogram vir die skool geformuleer (Schulze, 1992:309).

In 1541 skryf Calvyn in sy kerklike ordonnansies *Genevan Ecclesiastical Ordinances* dat 'n kollege ingestel moet word om jongmense opdrag te gee om hulle "vir die bediening sowel as vir die burgerlike regering" voor te berei (Vosloo, 2009: 4; Reid, 1954: 63; *Genevan Ecclesiastical Ordinances*). In die *Genevan Ecclesiastical Ordinances* van 1541 word die onderrig in die teologie (Ou Testament en Nuwe Testament) as onmisbaar vir die bediening en regering van die kerk gesien (*Genevan Ecclesiastical Ordinances*; Schulze, 1992:309; Reid, 1995:7): "Therefore to term it by a word more usual in these our days, we may call it the order of schools, wherein the highest degree, and most annexed to the ministry and government of the church, is the exposition of God's word, which is contained in the Old and New Testaments."

Reid (1995:7) was van mening dat: "When Calvin presented his proposed constitution for the city to the citizens of Geneva on May 21, 1536, he included plans for a school which all children had to attend and in which poor children would be taught free of charge".

"Establishment of a college. Because it is only possible to profit from such teaching if one is first instructed in languages and humanities, and also because it is necessary to lay the foundations for the future...a college should be instituted for instructing children to prepare them for the ministry as well as for civil government. In the first-place suitable accommodation needs to be provided for the teaching of children and others who want to take advantage of it. We also need a literate, scholarly, and trained teacher who can take care of the establishment and their education. He should be chosen and paid on the understanding that he should have under his charge teachers in languages and logic, if they can be found. He should also have some student teachers (bachelors) to teach the little ones...All who are engaged must be subject to the same ecclesiastical ordinances as apply to the ministers"( *Ecclesiastical Ordinances* 1541).

Volgens Reid (199:5) het Sturm in Junie 1537 'n opvoedkundige stelsel met die leuse *Sapiens atque eloquens pietas* begin organiseer. In Maart van die volgende jaar het hy (Sturm) sy *De liter arum ludis recte aperiendis* gepubliseer, waarin hy uiteengesit het wat hy as die beste opvoedkundige metodes beskou het Reid (1995:5). Volgens Reid (1995:5) het Sturm as 'n radikale humanis geglo dat wysheid, wat die kennis van alle dinge was, hoofsaaklik van die geskrifte van ouds moes kom. Sturm (Reid, 1995:6) het ook klem gelê op die belang van

Christene se vermoë om hul heilige wysheid effektief en welsprekend aan te bied. Hy het daarop aangedring dat daar 'n gradering moes wees van studente waarvolgens die vak-inhoud volgens hul kapasiteite aangepas word, ten einde voldoende opgelei te word om as Christene te ken en te spreek.

Die skoolstelsel sou dus in drie afdelings verdeel word: die kleuterskool (*Kindergarten*) vir kinders onder ses jaar, die *Gymnasium* vir diegene tussen ses en vyftien jaar, en die hoërskool (*Hochschule*) vir diegene sestien jaar en ouer (Reid, 1995:6). Die gimnasium sou konsentreer op taalstudies, veral die bemeestering van Latyn, terwyl die hoërskool, wat Bucer se seminarie of teologiese opleidingskool (kweekskool) sou vervang, praktiese vakke soos Grieks, Hebreeus, filosofie, wiskunde, sielkunde, regte en teologie sou beklemtoon (Reid, 1995:6). Volgens Reid was dit 'n goeie plan met groot moontlikheid vir sukses, maar dit het nooit werklik ten volle gewerk nie (Reid, 1995:6). Die stadsvaders het nie juis daarin belang gestel nie, en toe Lutherse magte beheer oor die stad verkry het, het skole se bestek blykbaar nogal beperk geraak.

Die gevolg was dat Sturm se planne nooit ten volle uitgevoer is in Strasbourg nie, hoewel daar min twyfel bestaan dat dit later in Genève baie invloed uitgeoefen het (Reid, 1995:6). Dit was in Strasbourg dat Calvyn, gedurende sy ballingskap van Genève (1538-1541), praktiese ervaring van die nuwe metodes opgedoen het deur onder Sturm te onderrig (Reid 1995:6). Benewens die sterk invloed van Strasbourg as model, het Calvyn ook kennis gehad van die Akademie van Melanchton in Wittenberg (Vosloo, 2006:4). Calvyn wou 'n kollege oprig waar die jeug in tale en geesteswetenskappe onderrig kon word ten einde hulle vir die kerklike bediening sowel as vir die burgerlike regering voor te berei (Schulze, 1992:309). Drie jaar later kon hy sy lank gekoesterde ideaal verwesenlik met die oprigting van die Kollege en Akademie in Genève (Schulze, 1992:309):

“Calvin obtained land outside the city wall for the site of the new college building. He had to raise money to finance the building program and pay the teachers, but as the city authorities pleaded poverty, he was obliged to turn for this to private philanthropy. His appeal to the citizens was eminently successful, enough money coming in to ensure the erection of adequate quarters for the infant institution (Reid, 1995:9)”.

Volgens Vosloo (1995:5) het Calvyn die steun van die stadsowerhede ontvang, maar probleme ondervind om bekwame onderwysers te vind. Calvyn se probleem is in 'n mate opgelos as gevolg van die konflik wat ontstaan het tussen die professore in Lausanne en die Bernse Raad (onder wie se jurisdiksie hulle geval het), wat gelei het tot die ontslag van die onderwysers van die Lausanne Akademie. Theodore Beza (wat Grieks in Lausanne gedoseer het) het Lausanne vir Genève verlaat voordat die konflik sy hoogtepunt bereik het en ander sou volg (Vosloo, 1995:5). Die klein raad het in Maart en Mei 1559 vir Antoine le Chevalier

as professor in Hebreeus, Francois Bérauld as professor in Grieks en Jean Tagaut as professor in die lettere aanvaar, terwyl Jean Randon, ook van Lausanne, die regent geword van die hoogste klas van die schola privata (Reid, 1995:10; Vosloo, 1995:5). Daarna het Theodore Beza, die eerste rektor, sy intrede gelewer. In hierdie toespraak voer Beza aan dat geleerdes van hul Godgegewe intelligensie gebruik moes maak, alhoewel dit opleiding en harde werk vereis. Beza het ook kontinuïteit gesien tussen die Akademie van Genève en die antieke akademie:

“In our *republica scholastica*, where doctors and students work together, it will be possible to acquire an education in good letters and in the rational disciplines, so that, as they used to say in antiquity, men of reason and intelligence will be metamorphosed out of wild and savage beasts. Wisdom comes down to us from Moses, but also from the Egyptians, passing from them to the Greeks. Among the *profana gentes*, especially among the Greeks, there was, by the grace of God, light in the darkness. Because of that we should regard ourselves as at one with the academies of antiquity (Vosloo, 2009: 6; ed. Aangehaal deur Lewis in Pettegree, Duke & Lewis 1994: 39)”.

Calvyn en Beza het die professore in teologie geword. Hulle het hul dosering by die Akademie as 'n verlenging van hul rol as predikante gesien (Vosloo, 1995:5). Calvyn het 'n belangrike rol in die Akademie, Predikantevereniging en die Stadsraad gespeel. Deur sy reputasie en korrespondensie het Calvyn baie jong mans getrek om in Genève te studeer (Vosloo, 1995:5). Om Reid aan te haal:

“The basic organizational principle of the institution was its division into two parts. There was first, the schola privata teaching children up to about sixteen years, and second, the schola publica which was to give university training”.

Reid (1995:11) het egter geoordeel dat die Geneva plan van opvoeding beter as dié van Strasbourg was:

“In one way, the Genevan plan was better than that of Strasbourg, for it carried the idea of division of classes in the schola privata to its logical conclusion by providing careful regulation and control of graduation from one class to the next”.

Die opleiding aan die Akademie veronderstel die vooropleiding aan die Kollege en laasgenoemde mond gewoonlik uit in die hoër opleiding van eersgenoemde. So word die hele onderrigproses gekoördineer. In *Calvin and the Reformed Churches* sê Fairbairn hy het geglo in die kennis en die gemeenskap van leer, wat die landdros en die predikant, die burger en die predikant in die hande van dieselfde onderwyser plaas en die skool en die universiteit saam bind (Schulze, 1992:309), (ed.) Reid, 1955:7). Volgens Vosloo (1995:5) moet Calvyn se visie op en werk by die Geneva Akademie verder gesien word in die konteks van die manier waarop hy sy roeping as onderwyser en pastoor verstaan het, asook in die lig van sy verbintenis tot

die kerk as skool. Zachman (2006: 7) skryf: "Calvyn het die kerk as 'n skool voorgestel waarin Christene as studente en onderwysers optree, onder die opdrag van die Heilige Gees, die skrywer van die Skrif" (Vosloo, 1995:5).

Volgens Vosloo (1995:5) het Calvyn sy eie "skielike bekering tot leerbaarheid" beskryf in die voorwoord van sy Psalmkommentaar en was dit sy lewenslange doel om mense te leer hoe om die Skrif te lees. Hy het dit gedoen deur sy institute en Bybelse kommentare, asook deur sy werk as pastoor in Genève. Dit is dus volgens Vosloo (1995:5) nie verbasend dat Calvyn se passie vir onderrig verdere konkretisering in die Geneefse Akademie gevind het nie. Die koördinerende van skoolonderrig (die onderskeiding tussen primêre en sekondêre skole het nog nie bestaan nie) en hoër onderwys (universiteitsonderwys) het die Thomistiese dualisme van natuur en genade, van die laer aardse (profane) onderwys en die hoër hemelse (sakrale) onderrig, ondergrawe.

Dit word onder andere sigbaar in die feit dat die Middeleeuse onderskeiding van trivium en quadrivium aangepas is. Hoewel elemente daarvan behou is, is dit in 'n nuwe geheel geïntegreer. Die opheffing van die Thomistiese dualisme blyk eerstens uit die leerinhoud. Dit is nie net meer Latyn (as kerktaal) wat bestudeer word nie, maar ook Grieks en die moedertaal, naamlik Frans (vgl. Coetzee, 1959:209-210),(Reid, 1955:12).

In die Orde van 1559 word die leerplanne van die verskillende klasse van die Kollege duidelik gestipuleer (Reid, 1955:26-27, Schultz, 1992:10). Anders as Melanchthon, wat in sy leerplanne groot ruimte vir die studie van die natuurwetenskappe en wiskunde gemaak het, het Calvyn nie veel belangstelling in hierdie rigting getoon nie. Hoewel hy die natuurwetenskappe ook as gawes van God erken het, het die leerinhoud van Genève in Calvyn se tyd feitlik heeltemal binne die grense van teologie, filosofie en lettere gebly (Schulze, 1992:311; (ed.) Wendel, 1976:78,82). Die opheffing van die Thomistiese dualisme blyk tweedens uit die gradering van die onderwys.

Terwyl die trivium die studie van Latyn, retorika en logika omvat het, word logika nou met retoriek en dialektiek verbind en word dit eers onderrig ná 'n grondige kennis van Latyn en die moedertaal verkry is en terwyl daar met Grieks begin word. Die vernuwing van die hele onderwys, wat reeds in 1538 voorsien is, word deur Coetzee (1959:201) soos volg opgesom:

"Die program dui op 'n nuwe voorskot in die onderwys. Dit bevat drie progressiewe kenmerke: versigtig grammatikale boor voor enige retoriese vertoning; animante plek vir die onderrig van die volkstaal en vir praktiese rekenkunde; opleiding vir siviele sowel as kerklike leierskap. Onderwys, dit is gesê, is oor die algemeen nodig om openbare administrasie te verseker,

om die Christendom ongedeerd te onderhou en om die mensdom onder mans te behou” (Coetzee, 1959:201).

Volgens Reid (1955:12) was dit Calvin se verantwoordelikheid om toe te sien dat die Akademie goed bestuur word met so min wrywing as moontlik, die toelating van studente tot die schola publica en die toestaan van grade. Calvin het sy assistent in beheer van die kollege of schola privata geplaas; hy was die prinsipaal, een van die onderwysers, wie se plig dit was om toe te sien dat die departement se werk reg uitgevoer is. Onder die prinsipaal was die "regents" of onderwysers van die verskeie grade aan die kollege, wat sy wense ten opsigte van kwessies van onderrig uitgevoer het (Reid, 1955:12). Onder die onmiddellike toesig van die rektor was die publieke professore van Hebreeus, Grieks, kunste en teologie, wat die studies gerig het van diegene wat universiteit-standaard bereik het (Reid, 1955:12).

Met hierdie duidelike stel riglyne was Calvin (Reid, 1955,12) een van die eerste opvoeders wat ‘n stelsel ingestel het wat maklik verstaanbaar en uitvoerbaar was. Die aanvang van die akademiese jaar van die *schola privata* was 1 Mei, en dit het die volle twaalf maande geduur, met slegs drie weke vakansie tydens die druiwe-oes (Reid, 1955;12). In moderne tyd mag dit na ‘n swaar program klink, veral as in ag geneem word dat klasse in die somer om 6 vm. en in die winter om 7 vm. begin het, en tot 4 nm.geduur het, met ‘n halfuur vir ontbyt en waarskynlik anderhalfuur tot twee ure vir middagete (Reid, 1955:12).

Aan die einde van elke sessie is gebede en die Tien Gebooie opgesê en is studente gemaan oor hul pligte. Die schola privata of kollege is verdeel in sewe klasse, waarvan die eerste die laagste graad was (Reid, 1955:12). Elke jaar aan die einde van April het die klasse ‘n onderwerp in Frans gekry waarvoor hulle ‘n opstel volgens hul kapasiteit moes skryf (Reid, 1955:12). Wanneer dit voltooi is, moes dit in Latyn vertaal word, en Calvin, wat sterk geglo het in die lering van die erfsonde, het daarop aangedring dat ander onderwysers as dié wat hulle deur die jaar onderrig het, toesig hou in die klaskamers waar die studente geskryf het (Reid, 1955:12). Wanneer al die opstelle deur die rektor en publieke professore gekorrigeer is, is bevorderings gedoen en pryse toegeken aan die twee beste studente in elke klas.

Dit was ‘n prosedure wat verskil het van dié wat gevolg is in die skole van Sturm en die Brethren of the Common Life, en dit selfs in omvang oorskry het (Reid, 1955:12). Die metode waarop die Akademie of universiteit gelei is, was ietwat anders as dié van die kollege (Reid, 1955:12-13). Volgens Reid was daar eerstens nie ‘n gereelde stel vasgestelde klasse wat in klaskamers aangebied is nie. Daar was eerder elke week 27 ure van publieke lesings deur die publieke professore, wat enigiemand kon bywoon (Reid, 1955:13). Die lesings van ongeveer een uur is op vasgestelde tye soggens en smiddags aangebied (Reid, 1955:13).



Dit blyk 'n versigtiger reëling te wees as die meeste wat deur akademiese instansies in dié tyd vasgestel is (Reid, 1995:13). Terwyl Calvyn (Reid, 1995:13) skool en universiteit aan mekaar verbind het, het hy steeds verkies dat dit op baie uiteenlopende maniere geadministreer word. Daar was min regulering van universiteit-studente. Hulle moes net registreer, die Geloofsbelydenis teken, en lesings bywoon (Reid, 1955:13). Van daardie punt af was hulle baie op hulself aangewese en moes op hul eie of met mede-studente voorberei en studeer (Reid, 1995:13). Volgens Vosloo (2009:8) was Calvyn se fokus nie net op die kerk in Genève nie, maar ook op die stad en inderdaad op die godsdienstige transformasie van Europa.

Trouens, vir hom het Genève 'n belangrike sentrum in die Europese godsdienstige landskap geword; dit was ook as gevolg van die baie godsdienstige vlugtelinge wat daar toevlug gevind het en wat later sou bydra tot Genève se reputasie as 'n sentrum van die Gereformeerde lewe. John Knox se bekende beskrywing van Genève as “die mees volmaakte skool van Christus” toon iets van die impak wat Genève gemaak het op buitelanders, of ten minste op sommige van hulle (Vosloo, 2009:8). Volgens Vosloo (2009:8) is die skole volgens die wetgewing van 1559 onder die gesag van die Vereniging van Predikante en die Stadsraad geplaas. Die eersgenoemde was verantwoordelik vir die toesig oor die onderrig en laasgenoemde om die personeel te betaal (Vosloo, 2009:8).

Die Akademie is gesamentlik deur die kerk en die staat gelei. Die studente-inskrywing was hoog en studente het van regoor Europa gekom. Daar word beraam dat daar in die jaar van Calvyn se dood sowat 1 200 studente by die *schola privata* en 300 studente by die *schola publica* was (Vosloo, 2009:8). Volgens Schaff (1882:553) was daar sedert 1428 'n kollege in Geneva vir die opleiding van predikante. Dit is vernoem na die stigter en het Kollege Versonne geheet. Die kollege het egter in onbruik geraak en is in 1541 ná die terugkeer van Calvyn herorganiseer. Opleiding te Versonne Kollege was gratis.

Die kollege het die Gereformeerde geloof in Geneva en elders versterk. Om oorsending te verhoed en om opvoeding binne die bereik van elke jong mens te bring, is vier elementêre skole gestig. Calvyn word soms die stigter van die openbare skoolsisteem genoem. Hy wou ook 'n universiteit met vier fakultete gestig het, maar dié droom is nooit bewaarheid nie. Volgens Schaff het Calvyn baie sterk gevoel oor die opvoeding van predikante en leke en was hy verantwoordelik vir die kurrikulum en die akademiese bepalings wat na versigtige ondersoek eenparig deur die stad van Geneva goedgekeur is. Die akademie is op 5 Junie 1559 in die St. Peter kerk in die teenwoordigheid van die hele Raad van Geneva, die predikers van die Woord en seshonderd studente van die Akademie ingewy. Calvyn en tien ander professore



het die volgende vakke onderrig: grammatika, logika, wiskunde, fisika, musiek, die antieke tale, Latyn en teologie; Beza was een van die onderwysers by die Akademie (Schaff, 1882:553). Onderwysers en leerlinge moes die Apostoliese geloofsbelydenis en die belydenis van geloof onderteken.

Volgens Schaff (1882:553) het niks minder nie as negehonderd jong mans van amper al die nasies van Europa gedurende die eerste jaar as gewone leerlinge gematrikuleer, en amper net soveel vlugtlinge uit Engeland en Frankryk het hulself deur middel van Calvyn se teologiese lesings voorberei om as evangeliste en onderwysers in hul eie lande te dien. Een van die studente by die Akademie was John Knox, die groot hervormer van Skotland, en ook Arminius. Volgens Schaff (1882:554) was die Akademie die vernaamste teologiese formasiesentrum van Protestante predikers en onderwysers vir Frankryk, en vir tweehonderd jaar die leidende kool vir gereformeerde teologie en letterkunde. 'n Graad van die Akademie was in Holland gelyk aan 'n universiteitsgraad.

Volgens Calvyn (1541:1) het Christus vier ampte vir die regering van Sy kerk ingestel. Hierdie ampte is dié van pastore, dokters, ouderlinge en diakens, 'n voorvereiste verordening vir die bou van 'n ordelike kerk: dit is die plig van die pastore om die Woord van God te verkondig, om te berispe, vermaan en te bestraf, privaat en in die openbaar, om die sakramente te bedien, en om saam met die ouderlinge en kollegas foute te korrigeer. Verder moet niemand 'n amp beklee as hy nie geroepe is nie Calvyn (1541:1). Volgens Calvyn (1541:1) moet drie dinge in gedagte gehou word, naamlik: wat is belangrik tydens die onderhoud met teologiese kandidate, watter kenmerke hoort by die amp, en derdens, watter seremonie of prosedure moet tydens die bevestiging gevolg word. Hy stel voor dat daar twee dinge in gedagte gehou moet word tydens 'n onderhoud met 'n teologiese kandidaat. Die eerste het te make met leerstellings. Daar moet vasgestel word of die kandidaat oor goeie kennis van die Skrifte beskik.

Daar moet ook vasgestel word of die kandidaat sy kennis effektief aan die mense kan oordra (Calvyn, 154:1). Dit was vir Calvyn belangrik dat daar verhoed moes word dat die kandidaat valse opinies uitspreek. Daarom moet die kandidaat die leerstellings wat deur die Kerk gepropageer word, aanvaar. Calvyn bevestig verder dat die kandidaat ondervra moet word en dat hy die leerstellings van die Kerk in 'n privaatgesprek moet bespreek, sodat sy vermoë om onderrig te gee, bevestig kan word. In Boek 4 van Instellings van die Christelike Geloof konsentreer Calvyn meestal op kerkregering.

Volgens Calvyn (1559:509) is dit reg dat alleenlik Christus in Sy Kerk moet regeer, dat Hy moet oorneem en sigbaar word en dat die regering alleenlik deur Sy Woord

waargeneem en geadministreer moet word. Calvyn erken egter dat Christus nie meer sigbaar tussen ons woon nie en dus maak Hy gebruik van “verkondiging deur mense: as ‘t ware as Sy plaasvervangers. Hy plaas nie Sy regte en eer op hulle oor nie maar doen Sy werk deur hulle lippe, net soos gereedskap vir ’n doel gebruik word (Calvyn, 1559:509). Dit beteken dat God menslike wesens in die regering van Sy Kerk gebruik.

Calvyn (1559:510) bevestig dat God Sy geskenke en seëninge deur middel van die predikers van die Woord wat in hul amp bevestig is, aan Sy Kerk beskikbaar stel. Hy noem dus dat diegene wat volgens die instellings van die Christus oor die Kerk regeer, die apostels, profete en evangeliste is, en vierdens, die pastore en onderwysers (Calvyn, 1559:10). Calvyn (1559:513) sê dat om as ’n ware predikant van die Kerk beskou te word, moet die persoon behoorlik beroep word en moet hy/sy aan die beroep gehoor gee, dit wil sê hy/sy moet die amp wat aan hom toegesê word, onderneem en uitvoer. Calvyn (1559:517) noem drie klasse van predikante: sommige van die presbiters word gekies as pastore en onderwysers, en die res is verantwoordelik vir berisping en dissipline.

Calvyn (1559:517) beklemtoon verder dat die biskop nie meerderwaardig is wat eer en waardigheid betref nie, en nie sy kollegas behoort te domineer nie, maar wel as president by vergaderings kan optree waar sake voor die vergadering gebring kan word, en na menings geluister kan word. Hy kan ook die voortou neem by konsultasie, raadgewing, die lei van prosedures deur middel van sy gesag, vermaning en die uitvoering van algemene besluite. Volgens Calvyn (1559:517) behoort elke stad ’n kollege van presbiters te hê wat uit pastore en onderwysers bestaan. Verder bevestig Calvyn (1559:518) dat alle predikante die amp wat die Here aan hulle toesê, behoort te aanvaar.

## **2.4. Drie Historiografiese benaderings**

Die navorser sal onder andere in die dissertasie gebruik maak van Retief Müller se standpuntname met betrekking tot historiografie, *Historiography and Cross-Cultural Research into African Indigenous Christianity (AIC): A challenge to human dignity*. So ook van Mary-Anne Plaatjies-van Huffel se skrywe, *Michel Foucault se historiografiese benadering as lens in historiese ondersoeke* en Robert Vosloo, *Remembering the role of the Reformed Churches in the Struggle for Justice in South Africa* (1960-1990).

### **2.4.1. Historiografiese benadering van Plaatjies-Van Huffel**

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2012:78) het geskiedenis dikwels te doen met die vraag na institusionele kontrole en mag. Wanneer dit gaan oor kerkgeskiedenis, behoort die klem meer op mag te val as op kennis soos wat dit in tradisionele geskiedskrywing oorgedra word. Kerkhistorici behoort daarop bedag te wees dat mense deur sosiale diskoerse en/of sosiale formasies gekonstitueer word (Plaatjies-Van Huffel, 2012:78). Gevolglik vereis kerkgeskiedskrywing ondersoek na die onderliggende diskoerse in die teks en/of die werklikheid (Plaatjies-Van Huffel, 2012:79). Plaatjies-Van Huffel (2012:79) is van mening dat Michel Foucault nooit werklik in die strengste sin van die woord 'n strukturalis was nie en dat hy hom in sy werk eksplisiet van die atomistiese strukturalisme onderskei en later selfs daarvan distansieer. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2012:79) staan Foucault se poststrukturalistiese benadering in opposisie tot strukturalisme.

Aan die een kant deel hy nie die strukturalisme se manier van denke oor strukture nie en aan die ander kant stem hy (Foucault) nie saam met die karaktereenskappe van die nuwe filosofiese posisie van poststrukturalisme nie. Poststrukturalisme het hoofsaaklik te doen met die vraag van institusionele kontrole en mag. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2012:80) word Foucault oor die algemeen beskou as 'n nie-historiese historikus, 'n anti-strukturalistiese strukturalis en 'n humanistiese wetenskaplike, iemand wat gebeure krities bejeën. Sy hooftese is dat geskiedenis grotendeels 'n illusie is. Foucault stel effektiewe geskiedenis teenoor tradisionele geskiedenis wat verwys na die soeke van bronne, die vasstelling van kontinuïteit, die vind van ooreenkomste en die tabellering van ontwikkeling met een of ander einddoel in sig. Hierteenoor verwys effektiewe geskiedenis na die tabellering van breuke en diskontinuïteite wat die eenheid van die subjek ontwig en die soeke na oorsprong en einddoel breek (Plaatjies-Van Huffel, 2012:80). Foucault staan 'n tradisionele ontwikkelingsmodel van die geskiedenis teen: hy kritiseer die tradisionele skema van historiese ondersoek (Plaatjies-Van Huffel, 2012:80).

Die instrumente wat geskiedskrywers in staat stel om hul analyses te maak, is volgens Foucault deels oorgeërf en deels hul eie analyses (Plaatjies van Huffel, 2012:81). Geskiedenis in sy tradisionele vorm is volgens Foucault daarop gemik om die monumente van die verlede te memoriseer, dit in dokumente te transformeer en spraak aan daardie tekens te gee, wat dikwels nie op sigself verbaal is nie (Plaatjies-Van Huffel, 2012:81). In dieselfde trant verwerp Foucault die teleologiese siening van wetenskaplike geskiedenis wat fokus op die ontdekking van kennis van die verlede wat steeds vir die mens vandag belangrik is. Suid-Afrikaanse kerkhistorici lê byvoorbeeld klem op die kontinuïteit in die geskiedenis terwyl

Foucault op die diskontinuiteite, of te wel, op die onderbrekings in die storie-lyn wys en hulle beklemtoon (Plaatjies-Van Huffel, 2012:81).

Kerkhistorici behoort vandag dus geensins te poog om die geskiedenis van die verlede in terme van die hede te herskryf nie, maar behoort eerder geskiedenis as 'n sosiale konstruksie te sien (Plaatjies-Van Huffel, 2012:81). Sy is van mening dat argeologiese geskiedskrywing gebruik kan word om die onderliggende diskoerse in verskillende kerkhistoriese periodes aan die lig te bring, terwyl Foucault die term 'argeologie' gebruik om na die diskursiewe formasies van verskeie samelewings te verwys met die doel om die gebeure wat die kennisveld en die diskursiewe formasies wat verskillende periodes geproduseer het, aan die lig te bring. Foucault wil egter die gewone geskiedenis, veral die agtergrond waaruit bepaalde veranderinge in die mediese taal plaasvind, vasstel.

Net so behoort kerkhistorici te poog om die agtergrond vir die verandering in die gebruik van begrippe in kerkhistoriese bronne vas te stel. Kerkhistorici behoort liever ondersoek te doen na die onderliggende diskoers in die teks en/of werklikheid (Plaatjies-Van Huffel, 2012:82). Maar die pasklaar sintese, wat normaalweg aanvaar word sonder om dit te ondersoek en/of te bevraagteken, behoort deur kerk- historici heroorweeg te word.

Hierteenoor beskryf Ricoeur volgens Plaatjies-Van Huffel argeologie soos volg: "it is nothing more than a rewriting: that is, in the preserved form of exteriority, a regulated transformation of what has already been written" (Plaatjies-Van Huffel, 2012:83). Sy gaan verder deur te sê "Argeologie se doel is dus volgens Ricoeur nie om verskille te oorkom nie, maar het eerder ten doel om 'n verskil in die doel van die analise te maak, om te verduidelik presies wat dit is, om dit te onderskei". Sy dui die verskil tussen argief en argeologie soos volg aan: "Argief is die register van diskursiewe formasie terwyl argeologie die beskrywing van die inter-diskursiewe transformasies is." Die genealogiese geskiedskrywing kan ook met vrug gebruik word deur kerkhistorici (Plaatjies-van Huffel, 2012:83).

Foucault definieer "genealogies" as 'n vorm van geskiedenis wat rekening hou met die konstituering van kennis, en/of diskoerse sonder om na die subjek te verwys (Plaatjies-van Huffel, 2012: 83). Die mees sigbare verskil tussen genealogie en argeologie lê daarin dat genealogie die klem laat val op mag in plaas van op kennis soos in argeologiese geskiedskrywing.

Volgens Plaatjies-Van Huffel, is die genealoog 'n diagnostikus wat op die relasies van mag, kennis en die liggaam in die moderne gemeenskap konsentreer. Genealogie soek diskontinuiteite waar ander kontinuïteite vind (Plaatjies-Van Huffel, 2012:84). In 'n genealogiese kerkgeskiedskrywing vermy die historici die soeke na dieptestrukture, maar lê

veel eerder klem op die oppervlakte-betekenis van gebeure, kleiner detail, klein verskuiwings en subtiele kontoere. (Plaatjies-Van Huffel, 2012:84). Genealogies gesproke is die dieptestruktuur van 'n teks eers bereikbaar wanneer die genealoog dinge op 'n afstand beskou. Sy kom tot die gevolgtrekking dat kerkhistorici gevolglik bewustelik daarmee te werk behoort te gaan en dat daar volgens Foucault primêr niks is om te interpreteer nie aangesien alles alreeds geïnterpreteer is. Die fokus in kerkgeskiedskrywing behoort ook te val op die kulturele praktyke wat die mense as objekte van die diskoers gekonstitueer het (Plaatjies-van Huffel, 2012: 84).

Kerkhistorici behoort die dominante diskoerse in die kerkgeskiedenis te analiseer met inagneming daarvan dat diskoerse produkte van sosiale faktore, mag en praktyke is, eerder as dat dit 'n individuele stel beskouings is (Plaatjies-Van Huffel, 2012:84). Volgens Foucault kan diskoerse verstaan word as 'n reeks gebeure en verwys hulle na interafhanklike sisteme van stellings wat rondom algemene betekenis en waardes saamhang. Die diskoerse is ook veelvoudig en dit verskaf 'n veelheid van weë om betekenis aan die wêreld te gee (Plaatjies-Van Huffel, 2012:84).

Kerkhistoriese tekste word in diskoersanalise in hul eie reg benader en nie as 'n sekondêre roete na die dinge anderkant die teks nie, soos byvoorbeeld houdings, gebeure en/of kognitiewe prosesse (Plaatjies-Van Huffel, 2012:84). Hierteenoor is Foucault volgens Plaatjies-Van Huffel van mening dat kennis, idees, presentasies, beelde en/of temas altyd in 'n gelokaliseerde sin die diskoers is. Daar is dus geen besondere metode vir die uitvoer van diskoersanalise nie. Foucault hanteer alles wat in die menslike wetenskappe gesê word as diskoerse. Sodoende, word alle vorme van diskoerse vervolgens met suspisie benader en Kerkhistorici behoort dus weg van die veronderstelling te beweeg dat alle betekenis en kennis deur taal gekonstitueer word (Plaatjies-Van Huffel, 2012:85).

Plaatjies-Van Huffel noem verder dat kerkhistorici ook daarop bedag behoort te wees dat alle kennis sosiaal gekonstitueer word en hulle behoort dus historiese dokument krities te benader. Kerkhistorici behoort daarop bedag te wees dat objekte (net soos mense) deur sosiale diskoerse en/of sosiale formasies gekonstitueer word (Plaatjies-Van Huffel, 2012:85). Foucault bestudeer die dominante diskoerse en hul relatiewe afhanklikheid van sosiale strukture en toon onder andere hoe byvoorbeeld kranksinnigheid en seksualiteit deur sosiale diskoerse en/of sosiale formasies gekonstitueer was (Plaatjies-Van Huffel, 2012: 86).

Kerkhistorici behoort dus in die voetspoor van Foucault nie slegs op 'n kronologiese wyse gebeure te sistematiseer nie, maar behoort ook die outoriteite van begreping te beskryf. Plaatjies-Van Huffel (2012:86) is verder van mening dat kerkhistorici ook die institusionele

terrein waarvandaan die diskoers gemaak word, behoort te beskrywe en dat dit as legitieme bron en toepassingspunt aanvaar word. Sodoende sal kerkhistorici daarin slaag om die “juktaposisie van kontinuïteit en diskontinuïteit, mag en diskoers as parallelle pare op ’n treffende wyse in die kerkgeskiedenis deur te gee en verbande te trek oor hoe die kerkhistorici ’n rol in die konstituering van objekte gespeel het” (Plaatjies-Van Huffel, 2012:87).

Plaatjies-Van Huffel (2012:87) stel dit pertinent dat kerkhistorici van die veronderstelling behoort uit te gaan dat ’n teks ook ’n eie geskiedenis van interpretasie ontwikkel, wat verdere lees en herlees van die teks noodsaak. Sy noem verder dat kerkhistorici daarvan kennis behoort te neem dat die kriteria waarvolgens verskillende interpretasies van ’n teks geassesseer word om te bepaal watter interpretasie van ’n teks korrek of beter is, as ’n vorm van sosiale mag beskou kan word. Foucault, op sy beurt, beskou kennis en mag as sinoniem. Die taak van die kerkhistorici is om die mag/kennis relasies te openbaar (Plaatjies-Van Huffel, 2012:87). Met die opkoms van die historiese filologie raak taal onderhewig aan dieptestrukture waarvan die taalgebruiker selfs nie eens direk bewus is nie, omdat die outonomie van die teks vanselfsprekend bly staan (Plaatjies-Van Huffel, 2012:88).

Plaatjies-Van Huffel meen dat Kerkhistoriese tekste gelees moet word met inagneming van dít wat geskryf is, maar ook van dít wat níe daar geskryf staan nie. Só ’n lees van die teks maak ’n samehangende struktuur duideliker waarneembaar. Die vraag in tradisionele kritiek het gehandel oor die skrywer se intensie, maar post-strukturalisme verskil hiervan. In ’n poststrukturalistiese benadering word die interpretasie deur die teks aangedui, en nie soseer deur die skrywer nie (Plaatjies-Van Huffel, 2012:88). Die skrywer asook die leser en sy/haar intensies, is nie langer bepalende faktore in die verstaan van die teks nie. Veel eerder word die betekenis deur ’n deurlopende en inter-subjektivistiese proses bepaal (Plaatjies-Van Huffel, 2012:88).

Hierbenewens poog strukturalistiese hermeneutiek om die teks onafhanklik van die skrywer te verstaan en probeer om die skrywer se intensies beter te verstaan as die skrywer self (Plaatjies-Van Huffel, 2012:88). Alhoewel daar nie ’n absolute verstaan van die teks is nie, moet ons in die leesproses aandag gee aan diegene wat gekritiseer word, sowel as diegene wat verwerp of uitgesluit word, aldus Foucault (Plaatjies-Van Huffel, 2012:88). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2012:88) behoort kerkhistorici dus nie slegs te vra wat die intensies van die skrywer is nie, maar behoort hulle eerder met die lees van tekste te onderskei tussen wat daar staan en wat nie daar staan nie. Op dié manier lewer die lees van die teks ’n samehangende struktuur.

Kerkhistorici behoort dus te dink vanuit die raamwerk van die desentralisasie van die subjek en behoort gevolglik die denkbeeld van 'n self-regerende subjek te verwerp (Plaatjies-van Huffel, 2012:88). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2012:89) behoort kerkhistorici rekening te hou met die feit dat in 'n poststrukuralistiese model min of geen universele waarhede te vinde is nie. Selfs objektiewe waarheid is nie moontlik in die genoemde model nie (Plaatjies-Van Huffel, 2012:89). Ook is daar geen ruimte vir die konstituering van die waarheid deur middel van die subjek nie (Plaatjies-Van Huffel, 2012:89).

Foucault self verwerp die denkbeeld van die waarheid asook die tradisionele geloof in wetenskaplike prosesse. Volgens hom is die waarheid 'n funksie van die sosiale status en politiek van aard, eerder as dat dit op feite gebaseer is. Kennis word in die poststrukuralistiese benadering as nie-neutraal beskou en word met bemagtiging geassosieer, terwyl Foucault weier om kennis as objektief te aanvaar en dit eerder beskou as instrumente van sosiale manipulasie (Plaatjies-Van Huffel, 2012: 89). Foucault is van mening dat kennis nie moreel neutraal is nie en beklemtoon die ordening van dinge wat mens toelaat om sekere dinge te sê, maar wat weer ander sake ondenkbaar maak. Foucault fokus liever op die gemarginaliseerde aspek van sosiale bestaan wat soms deur filosowe geheel en al geïgnoreer is, veral met verwysing na tronke, sielsieke inrigtings, inrigtings vir melaatses, ensovoorts.

Hierteenoor stel Plaatjies-Van Huffel (2012:89) dit duidelik dat objektiewe geskiedskrywing vir kerkhistorici nie moontlik hulle daarteen moet waak om nie universele waarheidsuitsprake klakkeloos te herhaal nie. Kerkgeskiedenis behoort dus as sosiaal gekonstitueer gesien te word (Plaatjies-Van Huffel, 2012:89). Kerkhistoriese bronne behoort gevolglik as nie-neutraal gesien en met mag geassosieer te word. Dit is dus onmoontlik vir die kerkhistorici om op 'n objektiewe wyse kerkhistoriese bronne te analiseer (Plaatjies-Van Huffel, 2012:89). Kerkreg en kerkregering het hoofsaaklik te doen met kwessies rakende institusionele kontrole en mag, terwyl Foucault se belangstelling in mags- en kennisrelasies is, alhoewel nie op die mees sentrale en geïstitutionaliseerde vorm van mag en kennis gerig nie. (Plaatjies-Van Huffel, 2012:90). Met betrekking tot mag in die Gereformeerde konteks behoort kennis geneem te word dat in Gereformeerde kerkreg reeds op die Sinode van Emdem 1571 die volgende kerkregbeginsel aanvaar is dat alle ampte gelyk is en dat geen kerklike vergadering oor 'n ander mag heers nie: "No church shall have dominion over another Church, no minister of the Word, or elder or deacon shall exercise dominion over another. Rather shall they be vigilant lest they should give cause to be suspected of desiring dominion." (Artikel I Emdem Church Order 1571) " Die artikel kom ook voor in die Kerkorde van Dordt as artikel 84: "No church shall in any way lord it over other churches, no minister over other ministers,



no elder or deacon over other elders or deacons.” (Artikel 84 Church Order of Dort 1619). In die Afrikaanse Gereformeerde konteks kom dit ook in die kerkordes op ‘n gewysigde vorm voor byvoorbeeld in die VGKSA kerkorde: “Hierdie vergaderings het, elkeen na sy eie aard, ’n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen. Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as dié van die Streeksinode oor die Ring. Meerdere Vergaderings het die reg en bevoegdheid om aan Mindere Vergaderings aanskrywings te stuur en van hulle stukke te vra waaraan hulle sonder verwyd moet voldoen (Streeksinodale Bepaling 25.1-25-3, Kerkorde en Bepalinge Streeksinode Kaapland 2014).

Plaatjies-Van Huffel (2012:90) noem verder dat Foucault se belange lê in die wyse waarop magsrelasies van ongelykhede en verdrukking deur sosiale praktyke geskep word, sodat hy daardeur tot die slotsom gekom het dat mag en kennis mekaar direk impliseer.

Kerkhistorici behoort gevolglik die historiese relasie tussen waarheid, kennis en mag te analiseer en veral moet meer klem val op die blootlegging van die onderliggende magdiskoerse (Plaatjies-Van Huffel, 2012:90). Plaatjies-Van Huffel (2012:90) dui verder aan dat die allesomvattende kontrole en/of dissipline op die samelewing deur middel van die juridiese sisteem onderhou word en dat dit in alle gemeenskappe geld.

Foucault (Plaatjies-Van Huffel, 2012: 91) toon aan hoe, deur middel van ’n Panoptikoniese struktuur, individue deurlopend gemoniteer, beheer en gedissiplineer kon word. In die genoemde struktuur word inwoners voortdurend onder supervisie geplaas en gemoniteer, maar die sukses daarvan lê daarin dat supervisie permanent, deeglik en alomteenwoordig behoort te wees (Plaatjies-Van Huffel, 2012:91). Die Panoptikon is ’n argetipe van die nuwe tegnologieë van mag en kan gebruik word as instrument om gedrag te verander, om individue op te lei en/of te rehabiliteer en hul mag ruimtelik uit te oefen (Plaatjies -Van Huffel 2012:91).

Volgens Plaatjies-Van Huffel gee Foucault ’n radikale nuwe interpretasie van beide mag en kennis. Hy sien mag nie as ’n besitting wat een groep het en wat aan die ander groep ontbreek nie. Hy verwerp beide die modernistiese benadering wat mag sien in wetenskaplike kennis en die Marxistiese begrip van mag, waar mag in die heersende klas gesetel is (Plaatjies-Van Huffel, 2012:91). Mag is volgens hom ingewef in alle sosiale relasies – van institusionele tot inter-subjektivistiese relasies. Magsrelasies is volgens Foucault nie egaal nie en is veel eerder mobiel, beweeglik en/of veranderlik, maar mag is nie beperk tot politieke instellings nie. Kerkhistorici behoort hulle volgens Plaatjies-Van Huffel gevolglik daarop toe te spits om die web van ongelyke relasies in die geskiedenis te isoleer, te identifiseer en te

analiseer. Hulle behoort daarop te let dat elke domein van die lewe of die self deur mag gekonstitueer is (Plaatjies-Van Huffel 2012: 92).

Die hoofdoel in die kerkgeskiedskrywing behoort volgens Plaatjies-Van Huffel nie te wees om 'n sekere instelling van mag, die regering, 'n sekere groep, kerk en/of klas aan te val nie, maar behoort veel eerder daarop klem te lê dat mag ingeweef is in alle sosiale relasies (2012: 92). Sy sluit haar artikel af deur onomwonde te sê dat Foucault se historiografiese benadering as lens in historiese ondersoeke gebruik kan word. Daar behoort 'n verskuiwing van tradisionele geskiedenis-skrywing na effektiewe geskiedskrywing plaas te vind (Plaatjies-Van Huffel, 2012:92). Kerkhistorici behoort dus, na haar mening, klem te lê op die diskontinuiteite en behoort die onderbrekings in die storie-lyn uit te wys (Plaatjies-Van Huffel, 2012:94). Hulle behoort te poog om die agtergrond van die veranderinge wat tydens die historiese tydvakke plaasgevind het, vas te stel.

Hulle behoort ook weg te beweeg van die voorveronderstelling dat alle betekenis en kennis deur taal gekonstitueer word (Plaatjies-Van Huffel, 2012:94). Kerkhistorici behoort volgens Plaatjies-Van Huffel ook die institusionele terreine te beskrywe waarvandaan die diskursiewe bydraes gemaak kan word (2012:94). Plaatjies-Van Huffel (2012:94) stel hierna twaalf kritiese vrae oor hoe om institusionele terreine te beskrywe waarvandaan die diskursiewe bydraes te bepaal.

- i. Wie spreek?
- ii. Wat is die status van die persoon wat die reg het om te spreek?
- iii. Wie tussen die totaliteit van sprekende individue is die reg vergun en/of toegestaan om die soort taal te gebruik?
- iv. Wie is gekwalifiseer om te spreek?
- v. Waarom gekwalifiseer die persoon om te spreek?
- vi. Word die reg gesanksioneer deur die wet of tradisie?
- vii. Wie word juridies of spontaan aanvaar om so 'n diskoers te presenteer?  
Is die mag juridies gedefinieerd of word dit spontaan aanvaar?
- viii. Wat is die institusionele ruimtes en/of podiums waarvandaan die persoon 'n diskursiewe bydrae maak?
- ix. Wat is die posisie van die subjek?
- x. In watter relasie staan die subjek met die verskillende objekte?
- xi. Hoe word die verskillende groepe stelling met mekaar verbind?
- xii. Wat is die intensie van die skrywer?

Kerkgeskiedskrywers behoort dus te dink vanuit die raamwerk van die desentralisasie van die subjek en behoort gevolglik die denkbeeld van 'n self-regerende subjek te verwerp. Dit veronderstel dus dat die taak van die kerkgeskiedskrywer onder andere behels om aan te

toon hoe die magsrelasies van ongelykhede en verdrukking deur sosiale praktyke geskep word. Ten slotte sal kerkgeskiedskrywers, aldus Plaatjies-Van Huffel, daarby baat om te dink vanuit die raamwerk van desentralisasie van die subjek en om gevolglik die denkbeeld van 'n self-regerende subjek te kan verwerp. Die taak van die kerkgeskiedskrywer sal volgens Plaatjies-Van Huffel wees om aan te toon hoe die magsrelasies van ongelykhede en verdrukking deur sosiale praktyke geskep word (Plaatjies-Van Huffel 2012:94).

#### **2.4.2. Historiografiese benadering van Vosloo**

Deur sy artikel, “*How should we remember the role of the Reformed churches in South Africa in the struggle for justice between 1960 and 1990?*” bied Robert Vosloo 'n paar opmerkinge aan op die vraag. Eerstens gee Vosloo (2013: 15) aandag aan die laaste deel van reeds genoemde vraag met verwysing na die periode 1960-1990.

Tweedens maak Vosloo (2013: 15)'n paar opmerkinge oor die ryke inhoud van herinnering (“remembering”) wat hy opvolg met opsommende observasies van die term, en dan lewer hy verder kommentaar op Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Stryd vir Geregtigheid onderskeidelik. Laastens en opsommend hanteer hy die onderliggende en belangrike vraag, “Hoe moet ons dan onthou? Beide datums word geassosieer met dramatiese gebeure in Suid Afrika (SA) en dien as historiese verwysings wat vir almal belangrik was (Vosloo, 2013:15). Die slagting te Sharpeville in 1960 het die land en so ook die internasionale gemeenskap erg geskud (Vosloo, 2013:16). In 1990 het die Staatspresident, F.W. de Klerk, in sy alombekende uitspraak, sekere politieke partye vrygestel van verbanning, wat onder andere die African National Congress (ANC) ingesluit het, asook verskeie politieke gevangenes, insluitende Nelson Mandela. (Vosloo, 2013:16). Hierdie gebeure sou aanleiding gee tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 (Vosloo, 2013:16).

In die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis sou hierdie twee datums eweneens as belangrike historiese bakens dien: In 1960, was daar die belangrike en kontroversiële ekumeniese konsultasie wat plaasgevind het in Cottesloe, Johannesburg en in 1990 nog 'n betekenisvolle konsultasie naby Rustenburg (Vosloo, 2013:16). Vosloo (2013:16) is van mening dat hierdie dramatiese maar ook traumatiese tydperk in Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis verskillende reaksies uitgelok het van ekumeniese liggeme, kerkleiers en teoloë aangaande die uiteenlopende realiteite van apartheid in Suid-Afrika. Hy is verder van die opinie dat hierdie verskillende reaksies nie alleen gedien het om die stryd vir apartheid te regverdig of te kritiseer nie, maar ook 'n refleksie was van die stryd of wedywing vir 'n Gereformeerde identiteit. Dit is volgens Vosloo ook nie billik om die periode so af te baken dat gebeure voor 1960 en na 1990 nie ewe belangrik blyk te wees nie (2013:16).

Volgens Vosloo, al is dit so dat die fokus slegs op die tyd tussen 1960 en 1990 val, beteken dit nie dat die periode in klip gebeitel is nie (2013:16). Hy is van mening dat die gebeure voor 1960 en na 1990 in die Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerkgeskiedenis noodsaaklike en deeglike besinning vereis (2013:16). Wanneer daar besin word oor die rol wat die Gereformeerde kerke gespeel het in hul stryd vir geregtigheid in Suid Afrika (SA), is mens bevoorreg om toegang te hê tot mense wat hierdie tydperk goed kan onthou (Vosloo, 2013:16). Sommige van hulle het ook 'n betekenisvolle rol vervul in hierdie geskiedenis en hul gedagtes is 'n uiters belangrike bron van inligting van hierdie periode (Vosloo, 2013:16). Hy stem saam met die Franse Filosoof, Paul Ricoeur waar hy sê, “Memory is the soil in which historiography is rooted” maar daar is wel 'n noue verband tussen geheue/onthou en geskiedenis alhoewel ons erken dat beide vloeibare konseptuele kategorieë is met veelvoudige begrip- en verstaanswyses (*senses*) en komplekse genealogieë (Vosloo, 2013:17). Tog waarsku Vosloo dat hoewel die geheue/om te onthou (*memory*) merkwaardige vermoëns verg, daar ook tred gehou moet word met die broosheid daarvan. Die mens is ook daartoe geneig om selektief te onthou en foute te maak met hoe gebeure plaasgevind het. Ons geheue laat ons soms in die steek en dit kan problematies wees (Vosloo, 2013:17).

Meer nog, die kwesbaarheid van ons geheue kan lei tot misbruik van herinneringe; daarom wanneer ons op soeke is na die rol van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika in die stryd om geregtigheid tussen 1960 en 1990, moet ons ook rekening hou met die tekort en gebrek en die breekbaarheid van die geheue (Vosloo, 2013:18). Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat daar 'n noue verband is tussen geheue (*memory*) en identiteit. Wat ons ook al onthou, sê nie net iets van die verlede nie, maar sê ook iets van die persoon self wat onthou, wie hy/sy is of wat hy/sy wil word.

Die feit dat die geheue en identiteit so onlosmaaklik in mekaar verweef is, bring belangrike vrae na vore vir verantwoordelike historiografie (Vosloo, 2013:19). Hoekom onthou ons sekere dinge van die verlede en ander nie? Hoekom kies ons 'n spesifieke narratiefvorm om die verlede te beskryf? Wat is die kragtige konfigurasies wat moontlik ons geskiedkundige versamelings of inhoud beïnvloed? Hoekom word sekere gebeure van die verlede gevier en gedenk en herdenk? Hoekom is sommige rituele en praktyke aanvaar as betekenisvol? Hoekom is die werk en nalatenskap van sekere teoloë onthou en aangebied juis in hierdie tyd en soms op konflikterende wyses? (Vosloo, 2013:19).

Meer kritiese vrae kan gevra word, bygevoeg word, vanweë die feit dat daar so 'n intieme verhouding bestaan tussen identiteit, geheue en die aanbieding van die verlede. Tog moet daar gewaak word teen die ideologiese kapasiteit van gemelde verhouding, want die

manier waarop identiteit en geheue in mekaar verweef is, roep volgens Vosloo “’n hermeneutiek van suspisie na vore met verwysing na die manier hoe ons, ons eie aksies onthou en aanbied wat per slot van rekening bydra tot ’n dieper verstaan van die identiteit van die Gereformeerde kerke tussen 1960 en 1990” (Vosloo, 2013:19).

Vosloo lig verder sy bekommernis oor die verhouding tussen geheue en trauma. Traumatisiese gebeure van die verlede kan wonde weer oopmaak en dit kan op sy beurt ’n mens se gewilligheid en bereidheid om oor die verlede te praat, beïnvloed (Vosloo, 2013:19). In persoonlike lewens en gemeenskappe waar geweld en ongeregtigheid aan die orde van die dag was, moet daar aan daardie gewonde geheue gewerk word. (Vosloo, 2013:19). Dit is iets wat heling nodig het (Vosloo, 2013:19). Sommige Gereformeerde Christene en kerke het iets daaromtrent gedoen, ander vermy dit. (Vosloo, 2013:19).

Hoe ons ook al omgaan met ons pynlike verlede, die realiteit van ons geblokkeerde of gewonde geheue moet erken word. (Vosloo, 2013:19). Geen wonder dat die diskoers oor die rol van Gereformeerde kerke en ons apartheidsverlede met verwysing na belangrike etiese en teologiese kategorieë soos die belydenis van skuld, vergifnis, versoening en restitusie so sterk aanspraak maak op die klem van geheue nie (Vosloo, 2013:19).

Historiese vertellings en aanbiedings vind nie plaas in ’n etiese, politieke of teologiese vakuum nie (Vosloo, 2013:20). “Dit moet ons in ag neem en sensitief wees hoe die realiteit daarvan ons kan verryk maar ook kan verarm/ontspoor in ons onderlinge diskoerse en praktyke” (Vosloo, 2013:20). Vosloo (2013:20) gaan verder en sê, “geheue is gelyktydig broos en kragtig. Ons moet daarom die vermoë en die kwesbaarheid van geheue erken in ons poginge om die verlede verantwoordbaar aan te bied” (Vosloo, 2013:20).

Mondelinge geskiedenis-projekte speel ’n belangrike rol in hoe ons die verlede bewaar deur vaslegging en die interpretasie van narratiewe en getuienisse. Hierin lê die grootste uitdaging en geleentheid vir kerk-historiese navorsing (Vosloo, 2013:20). Volgens Vosloo moet in gedagte gehou word dat geheue beperkings het “omdat ons geheue ons soms in die steek laat” (2013:20). Dit verminder egter nie die feit dat ons geheue die vermoë het om juis dit te beskryf wat sinvol en betekenisvol is nie. Volgens Vosloo moet ons nie toelaat dat ons onvermoë om te onthou ons daarvan weerhou om die uitstaande vermoë van die geheue om die verlede te vertel en te vier nie; ons geheue dien ook om ons identiteit te ondersteun (2013:20). Hy stel dit verder kategoriees dat die aanbieding van die verlede nie gepaard mag gaan met veralgemenings of stereotipes nie, wat soms die resultaat is van onkunde of onverantwoordelike hantering van bronne (Vosloo, 2013:21).

Die klem moet wees om primêre bronne te ondersoek en om argief-navorsing te bly doen, want die kwaliteit van die navorsing van kerkgeskiedenis hang grootliks af van dokumente wat vir die doel bewaar word (Vosloo, 2013:21). Saam met die klem op die gebruik van primêre bronne moet daar ook versigtigheid aan die dag gelê word om daarvan weg te beweeg, na geskiedkundige aanbiedinge sonder interpretasie (Vosloo, 2013:21). Dit beteken dat, in ons betrokkenheid met ons Gereformeerde verlede, ons nie die klem en belangrikheid van ons primêre bronne moet skei van hermeneutiese oorwegings nie (Vosloo, 2013:21). Dit is juis een van die kritiese punte teen ons Gereformeerde historiografie in die verlede, en is gegrond op die tekort van die nodige hermeneutiese begrip (*sensibility*) (Vosloo, 2013:21). Net die feit dat dit hier handel oor die onderwerp van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is op sigself problematies. Sommige historici waarsku teen die afbakening van 'n te smal geografiese grens wanneer geskiedkundige gebeure bespreek word (Vosloo, 2013:21). Vosloo is van mening dat daar nie eintlik iets soos 'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bestaan nie, maar dat dit deel van 'n groter geheel is, elk met sy eie historiese nalatenskap, hul eie sosiale konteks, praktyke en hul eie dominante taal (Vosloo, 2013:22). “Ons geskiedenis is in baie gevalle ingewef met mekaar” stel Vosloo dit in die artikel (2013:22).

Vosloo (2013:22) stel dit onder andere duidelik dat 'n verstaan van die verweefdheid van herinnering en geskiedenis vereis dat ons nie in isolasie van ons verlede en geskiedenis behoort te dink nie:

This suggests that we can understand our own complex histories better in conversation with others and through an openness to each other's histories. Moreover, we should also remember in the process that we are ourselves “othered” in the histories of others. An understanding of the interwovenness of our memories and histories therefore requires that we resist the temptation to think in isolation about what we regard as our past and our history (Vosloo, 2013:22).

Vosloo (2013:22) benadruk verder dat die storie van die Gereformeerde Kerk se rol in die stryd vir geregtigheid nie beperk is tot “intra- and interdenominational” diskoerse nie, maar dat hierdie storie van baie stories ook nie vertel kan word sonder die insluiting van die rol van ekumeniese botsings en die rol van die ekumeniese bewegings nie (Vosloo, 2013:22). Sou genoemde rol verder bespreek word, moet amptelike teologiese dokumente, verklarings en die kerkorde sterk oorweeg word. (Vosloo, 2013:22). Meer nog, in onlangse werke oor kerkgeskiedenis word 'n benadering van “people's history” en 'n “history from below” al hoe meer beklemtoon (Vosloo, 2013:23).

Dit sal ons help om die kerk nie te sien as 'n “hierarchical-institutional-bureaucratic” korporasie nie, maar om eerder te fokus op die geestelike lewens en vrome beoefening van leke en gewone lidmate (Vosloo, 2013:23). Enige betrokkenheid by die rol van die

Gereformeerde Kerke in hul stryd vir geregtigheid tussen 1960 en 1990 moet deeglik bewus wees van hierdie belangrike beklemtoning (Vosloo, 2013:23). Die nalatenskap van Gereformeerde Kerke in SA is in baie gevalle dubbelsinnig (Vosloo, 2013:23). Aan die een kant was apartheid op Bybelse gronde geregverdig en het dit soms Gereformeerde identiteit en Afrikaner-identiteit in 'n groot mate saamgesmelt en verenig. Aan die ander kant was daar stemme van teenkanting wat hulle op die Bybel en die Gereformeerde tradisie beroep het teen apartheid, wat terselfdertyd ook 'n stryd was vir menslike waardigheid en geregtigheid (Vosloo, 2013:23). Die rol van Gereformeerde kerk vorm 'n interessante deel van die stryd van die kerk in Suid-Afrika, en soos die geskiedenis van die stryd van die kerk, nooi dit steeds voortgesette betrokkenheid na vore (Vosloo, 2013:23).

Nadat Vosloo (2013:24) die vraag, “hoekom moet ons die verlede onthou” bespreek het, deur nog 'n vraag daarop te stel, naamlik “is dit nie beter om hierdie pynlike verlede te vergeet nie” en eerder te konsentreer op die hede en die toekoms, wil hy ook weet, “het ons nie dalk te veel herinneringe nie?” (Vosloo, 2013:24). Tog moet daar gewaak word teen nadelige selektiewe herinneringe, nie dat daar te veel herinneringe is nie maar vele herinneringe van die verkeerde soort (Vosloo, 2013:24). Hoe moet ons die rol van die Gereformeerde kerke in hul stryd vir geregtigheid vanaf 1960 tot 1990 onthou? (Vosloo, 2013:25). Hy beantwoord hierdie vraag deur te verwys na wat geleerdes 'n “future-orientated memory” noem. Wanneer ons die verlede onthou moet ons ook die snaaksheid en misterie van die verlede beklemtoon (Vosloo, 2013:25). Verder moet ons nie geskiedenis en fiksie aan mekaar gelykstel nie; daarom is dit nodig om op 'n verantwoordelike wyse met die realiteit van ons historiese verlede om te gaan om soveel moontlik geregtigheid aan ons verlede te laat geskied.

Vosloo (2013:25) noem verder dat dit nie net oor die belangstelling van die verlede gaan nie, maar ook oor die bekommernisse van die hede en die hoop vir die toekoms. Daarom is dit ons uitdaging – met watter toekoms in gedagte wil ons die verlede onthou? (Vosloo, 2013:25). Het ons 'n hoopvolle visie vir 'n regverdig en gedeelde toekoms as Gereformeerde Kerk en is ons herinneringe op die toekoms gerig? (Vosloo, 2013:25). Hy sluit die artikel af met 'n aanhaling van Lewis Carrol, naamlik, “It is a poor sort of memory that only works backwards.”

#### **2.4.3. Historiografiese benadering van Retief Müller**

In sy artikel, “Historiography and Cross-culture Research into African Indigenous Christianity (AIC): A Challenge to Human Dignity”, spreek Retief Müller die kwessie van menswaardigheid aan deur te kyk na die kruis- en interkulturele dinamika in Suid Afrika.



Müller (2013:5) begin sy argument deur erkenning te gee aan die feit dat hedendaagse Suid-Afrika steeds 'n verdeelde land is. Veelrassige spanning kenmerk nog steeds baie van die openbare diskoers. Aartsbiskop Emeritus Desmond Tutu se visie van 'n harmonieuse “Rainbow Nation” is nog nie gerealiseer nie (Müller, 2013:5).

Een vraag wat uit hierdie konteks voortspruit, het betrekking op die maniere waarop wit Suid-Afrikaners met integriteit tot swart besorgdheid kan of nie kan omgaan nie” (Müller, 2013:5). Afrika-Inheemse Christendom bly een aspek van die swart sosiale konteks wat grootliks onbekend is vir blankes (Müller, 2013:5). In die belang van nasiebou is daar 'n sterk aansporing vir groter bewustheid rakende die lewens van ander oor verskillende lewensterreine (Müller 2013:5). As gevolg van die ongelyke aard van vorige interkulturele interaksies, is dit egter nie maklik om hierdie gaping te oorbrug nie (Müller, 2013:5).

Hierdie artikel stel dit dat kruis-kulturele navorsing gedoen kan word om menswaardigheid te bevorder, indien die navorsingproses deel vorm van 'n proses van hibridisering of transformasie wat lei tot 'n waardering van menswaardigheid as gedeelde menslikheid. Dit bring Müller (2013:6) by die vraag: Is dit 'n wettige navorsingsoefening vir wit Suid-Afrikaanse akademici om die gewilde oortuiging (en praktyke) van 'swart' geloofsgemeenskappe te bestudeer? Kan menswaardigheid deur so 'n projek gedien word? Of moet 'n mens aanvaar dat 'n akademici onvermydelik sal voortgaan met 'n inherente bewuste of onbewustelike rassistiese vooroordeel en aannames ten opsigte van Westerse kulturele superioriteit, wat slegs maar kan dien om negatiewe stereotipes van Afrika – sy waardes, geloofstelsels en so aan – verder te verskans? Müller (2013:6). Daar sal protes aangeteken word teen die klag van “dwangarbeiders”, en hulleself onskuldig verklaar, maar die waarheid is dat hul projekte verdwene sal bly as hulle nie ten minste probeer om met hierdie dorre kwessie te worstel nie (Müller, 2013: 6).

In sy artikel spook Müller (2013:6) met die kwessie van menswaardigheid deur die argument te maak dat kruiskulturele navorsing 'n geldige onderneming is wat die bevordering van menswaardigheid as gedeelde mensdom dien (Müller 2013:6). Die mate waarin hierdie stelling aantoonbaar waar is, sal egter grootliks afhanklik wees nie net op die navorser se bedoelings nie, maar eerder die tipe navorsingsmetodologie wat in die kruiskulturele projek gebruik word.

Müller (2013:6) herken dat hy gereeld dink aan die kompleksiteit van hierdie probleem. Wit Suid-Afrikaners se betrokkenheid by en beswaarmaking teen swart Suid-Afrikaners was in 'n mate verteenwoordigend van alles wat verkeerd was met die Westerse kolonialistiese antropologie van Afrika-volke (Müller, 2013:7). Müller se groepidentifikasie

het hom by verstek in 'n onhoudbare posisie vir die doeleindes van hierdie bespreking geplaas. Om die probleem te verstaan, kan egter nie noodwendig 'n bevredigende oplossing bied nie. Beteken dit dan dat wit Suid-Afrikaners, ten alle koste van kruiskulturele navorsing met swart Afrikaners onthou moet word? Dit is 'n gevolgtrekking wat Müller (2013) nie kan aanvaar nie.

Hy argumenteer dat 'n pad wat bestrooi is met die gevare van wanvoorstelling, nog steeds 'n pad is wat presies geloop moet word omdat dit die bevordering van menswaardigheid eerder as die benadeling daarvan kan dien. Hy maak hierdie argument as gevolg van sy Christelike teologiese begrip van menswaardigheid as onafskeidbaar van die begrip “gedeelde mensdom” (Müller, 2013:7). Hy bevestig daarmee die “verhouding gebaseerde benadering” wat deur Christopher Schwobel bespreek word as 'n belangrike bydrae van teologiese antropologie rakende die betekenis van menswees.

Volgens (Müller, 2013:7) kan “relationality” verwys na ons verwantskap met God, wesens en die wêreld, maar dan ook in terme van die mensdom se kruiskulturele navorsing na die Bybelse verhaal verwys, waarvolgens “die menslike gesin bestaan as 'n enkele gemeenskap van algemene afkoms”. Hierdie perspektief is veral geskik vir die bespreking, omdat dit resoneer met die konsep *ubuntu*, 'n Afrika-weergawe van “verhoudingsgebaseerde spiritualiteit”. In Tutu se eie woorde, “'n persoon is 'n persoon deur ander mense.”

Vir Müller(2013:8) is die stelling problematies. Hy sê eerder: "Ek is 'n mens, want ek behoort." ‘*Ek deel, ek is deel*’ (Müller, 2013:8). Volgens Müller (2013) is menswaardigheid is 'n veelsydige konsep. Aan die een kant word dit gebruik deur filosowe soos Martha Nussbaum; sekulêre humanistiese politieke teoretici soos George Kateb en ander konsentreer op menseregte of die ontwikkeling van “menslike vermoëns”.

Baie van die relevante skrywers, byvoorbeeld Kateb, het geen goeie woord vir die rol van die Christendom om menswaardigheid te bevorder nie. Müller (2013:10) ondersteun die algemene stelling van ander kommentators oor teologiese antropologie dat menswaardigheid direk met *imago Dei* verband hou. Die voormalige president van Tanzanië, Julius Nyerere, maak die verband tussen menswaardigheid en die *imago Dei* duidelik: “Ek weier om te glo dat ek soos 'n God is wat arm, onkundig, bygelowig, skeuragtig is, onderdruk, ellendig – wat is die lot van die meerderheid van diegene wat geskep is in (God se) beeld” (Müller, 2013:10). Aan die ander kant eis 'n daad van moedige verbeelding oor die waardigheid van God, soos byvoorbeeld deur Nyerere geïllustreer, die erkenning van menswaardigheid as gedeelde menslikheid, en die aktiewe betrokkenheid van die mens met die lot van die nie-mense. (Müller. 2013:10).

Die konsep van *imago Dei* moet volgens Müller onvermydelike implikasies hê as my individuele status of dié van my verwysingsgroep (2013:10). As 'n mens se Godsbegrip nie in die lewende realiteit van bepaalde groepe mense weerspieël word nie, dan is een moontlike interpretasie dat daardie mense nie in God se beeld geskep is nie, of dat die *imago Dei* deur sommige groep-spesifieke sondes of vloek verduister is, soos byvoorbeeld in die Hamitiese mite (Müller, 2013:10). Alternatiewelik, as 'n mens 'n teologiese beskouing van menswaardigheid as gedeelde menslikheid het, dan kan 'n verduisterde beeld van God in die “Ander” of die punt van Nyerere verraai dat hul lewenstoestande hulle dwarsboom; dan moet en kan dit reggestel word.

Müller (2013:11) is van mening dat as mens voortgaan uit 'n teologiese antropologiese begrip van gedeelde menslikheid in die beeld van God, dan het mens 'n moontlike venster vir die verstaan en waardering van die lewens, oortuiginge en gebruike van mense wat normaalweg nie deel uitmaak van elke mens se daaglikse lewe of verwysingsgroep nie. As gevolg van die dinamiese aard van menslike kulture en deurlopende verskuiwings in die politiek en ander aspekte van die samelewing word tyd self 'n kulturele versperring. Dit is 'n belangrike klem, want dit vereis volgens Müller (2013:11) 'n interdisiplinêre benadering.

Tradisioneel was missiologie die een teologiese dissipline wat hom direk bemoei met kruiskulturele kwessies. “Daarom, ten opsigte van die konsep van *missio Dei* (die missie van God, wat impliseer dat alles in teologiese studies 'n missiologiese dimensie moet hê) is dit 'n positiewe ontwikkeling wanneer missiologie in die toenemend interdisiplinêre terme van die teologiese kurrikulum as houer beskou word, en wanneer ander teologiese vakke toenemend binne 'n interkulturele paradigma uitgevoer word (Müller, 2013:11). Van die twee algemene tipes etnografiese navorsing, – die poging om van binne of van onder te werk (emiese benadering) – en die meer 'objektiewe' “buitestaanderbenadering” (etiese benadering), is eersgenoemde na Müller (2013:14) se mening meer belowend vanuit 'n menswaardigheids-perspektief, waar die navorsing kruis-kultureel gedoen word (Müller, 2013:14). Dit is ten spyte van die feit dat 'n emiese benadering meer kwesbaar is en waarskynlik in die toets van wetenskaplike ondersoek, sal misluk.

Emiese benaderings kan nie 'n mate van subjektiewe betrokkenheid vermy nie, maar dit is volgens Müller nie noodwendig sleg vir die gehalte van die navorsing nie (Müller, 2013:14). Emiese benaderings is gewoonlik meer gelokaliseer en fokus meer op 'n bepaalde groep, terwyl etiese metodologie meer afstand tussen die navorser en die data plaas, wat die navorser toelaat “om die spreekwoordelike bos te bestudeer, in teenstelling met slegs 'n paar individuele bome” (Müller 2013:14).

Etiese benaderings is byvoorbeeld standaard in sosiologie (Müller 2013:14). Die verskil tussen etiek en emic hou verband met die meer gemene onderskeid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, ook die onderskeid tussen mikrohistoriese en makrohistoriese studies (Müller, 2013:14). In die Suid-Afrikaanse konteks beteken inkomsteongelykheid en die feit dat hulpbronverdeling blykbaar volgens rasselyne gestratifiseer word, dat ons nie ons gefragmenteerde samelewing kan herstel nie. Demokrasie het nog nie daarin geslaag om die dop van die ekonomiese ongelykhede wat deur apartheid ingestel is, te verwyder nie.

Volgens Müller (2013:21) voel van swart Suid-Afrikaners gefrustreerd oor die stadige vordering van tasbare transformasie. Wit Suid-Afrikaners voel volgens Müller (2013:21) angstig oor hul toekoms in 'n land wat toenemend materiële eise aan hulle sal stel in terme van restitusie. Müller (2013:22) konkludeer dat “dit beteken dat die lyn wat swart Suid-Afrika van wit Suid-Afrika afskei, in plek gehou word deur wedersydse wrok en wanhoop” en kom tot die slotsom dat in hierdie soort situasie daar 'n werklike gebrek aan ingeligte mening bestaan oor die ander kant van die lyn, veral van die kant van die Wit Suid-Afrikaners oor die lewens van swart Suid-Afrikaners.

Müller (2013:21) is van mening dat dit belangrik is dat navorsing gedoen word in die sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe (Müller, 2013:22). Hy voeg by dat kruiskulturele navorsing, 'n onder-bekende aspek van alle historiese navorsing, maar integraal aan missiologie, noodsaaklik is vir die historiografie van die hedendaagse populêre oortuiging in Afrika-Christendom (Müller, 2103:22). Müller se standpuntname is dat “die bevordering van menswaardigheid as gedeelde mensdom sal deur so 'n projek gedien word, nie net deur die navorsing produk nie, maar in die lewende ontmoeting tussen navorser en nagevorste”.

## **2.5. Konklusie**

Is teologiese opleiding se primêre doel om mense voor te berei vir die bediening? Indien ons hierdie vraag en vele ander oor die kwessie wil antwoord, ons moet verstaan hoe belangrik dit is vir predikante om 'n volwasse ontwikkeling en begrip van die beroep self te hê, asook van hul eie identiteit en rol in die beroep. Die vorming van predikante hulle moet leer en voorberei om pastorale leiers te wees. Hulle behoort te leer om met effektiwiteit op die historiese, Bybelse en pastorale dimensies van hul kontekste te reageer om so doende relevansie te hê binne die kontekste.

Die bedieningsvorming is 'n sleutelaanwyser van die karakter van die Christendom vandag, omdat bedieningsvorming die teologiese kandidate se gehalte en getrouheid tot hul roeping in die bediening bepaal. Baie teologie-skole stel teologiese opvoeding as 'n formele

aktiwiteit voor; 'n aktiwiteit wat gebaseer is op die veronderstelling dat die student se persoonlike toewyding die belangrikste aspek van teologiese opvoeding is. Teologiese opleiding word dan 'n instrument van 'n breë vormingsproses wat verseker dat die teologiese studente behoorlik “gevorm” word sodat hulle aan die voorpunt in die oordrag en oorlewering van 'n bepaalde Christelike tradisie kan staan. Die gebrek aan die inkorporasie van spirituele etiek, betekenis en doel by kurrikula en ko-kurrikulêre aktiwiteite kommunikeer outomaties wat as belangrik en wat as onbelangrik geag word. Transformatiewe poginge in die institusionele kultuur begin dus met 'n holistiese oorweging van institusionele waardes en doelstellings.

In historiese ondersoek val die klem op die ondersoek van primêre bronne en op die byhou met argivale navorsing, want die kwaliteit van die navorsing van kerkgeskiedenis hang grootliks af van dokumente wat vir die doel bewaar word. Saam met klem op die gebruik van primêre bronne moet daar met omsigtigheid by tye daarvan weg beweeg word na geskiedkundige aanbiedinge sonder interpretasie. Die geskiedenis het dikwels te doen met die vraag na institusionele kontrole en mag. Wanneer dit gaan oor kerkgeskiedenis, behoort die klem meer te val op mag as op kennis soos wat dit oorgedra word in tradisionele geskiedskrywing. Kerkhistorici behoort daarop bedag te wees dat mense deur sosiale diskoerse en/of sosiale formasies gekonstitueer word.

Gevolgtik behoort daar in kerkgeskiedskrywing ondersoek gedoen te word na die onderliggende diskoerse in die teks en/of die werklikheid. Historiografie sal altyd by ons wees, maar hoe ons verstaan wat ons lees (hermeneutiek) en die konteks waaruit alles vertel word, bepaal tog ook die waarde van die inhoud van die narratief nie net die persoonlike agtergrond en omstandighede van die geheue van die individu nie.

Navorsing oor historiografie slegs te make het met bronne wat in argiewe gestoor word, boeke en artikels wat eers goed nagevors is en biblioteke wat soms te kort skiet aan bronne vir sekere onderwerpe, dan maak ons, na my mening, 'n fout as ons nie die werklike stories wat oorvertel word en wat in ons gemeenskappe gebeur het, dit ook nie in ag neem nie. Dan kan ons dalk akademies armer word en arm bly in plaas daarvan dat ons ryker sou kon word met die bydra van persoonlike geheue/herinneringe en identiteit, hoe gebrekkig en vol foute dit ook al mag wees.

Die navorser gebruik effektiewe geskiedskrywing as metodologie in die dissertasie. Plaatjies-Van Huffel (2012:80) stel byvoorbeeld effektiewe geskiedenis teenoor tradisionele geskiedenis wat verwys na die soeke van bronne, die vasstelling van kontinuïteit, die vind van ooreenkomste en die tabellering van ontwikkeling met een of ander einddoel in sig.

Hierteenoor verwys effektiewe geskiedenis na die tabellering van breuke en diskontinuiteite wat die eenheid van die subjek ontwig en die soeke na oorsprong en einddoel breek (Plaatjies-Van Huffel 2012:80). Die geskiedenis van teologiese opleiding en bedieningsvorming in die VGKSA word gekenmerk met breuke en diskontinuiteite.

## **HOOFSUK 3**

### **'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN DIE NEDERDITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA**

#### **3.1. Inleiding**

In **Hoofstuk 2** is die teoretiese basis asook die historiografiese benadering wat in die dissertasie gevolg word, bespreek. In **Hoofstuk 3** word gefokus op die teologiese opleiding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA). Daar word onder andere aandag verleen aan die werksaamhede van die Stofberg-gedenkskool (1908-1959) asook aan die etniese verdeling ten opsigte van die Stofberg Teologiese Skole gedurende 1960-1994. Die

Stofberg Gedenkskool is op 1 Oktober 1908 deur die NGK op Viljoensdrif in die Vrystaat geopen. Gedurende die 1950's is dit in ooreenstemming met die tuislandbeleid in vier etniese institute verdeel.

### **3.2. Die historiese verloop van die Nederduitse Geformeerde Kerk in Afrika se teologiese formasie**

#### **3.2.1. Ongeordende wit werkers in die sendingakker**

Die NGKA se teologiese formasie het met die opleiding van ongeordende wit werkers begin. Dit het die vorm aangeneem van hulpdienste, eenman-opleiding en sinodale aksies van die NGK (De Villiers, 1975:160-215). Die hulpdienste is gelewer met behulp van die volgende amptenare: sieketrooster-krankebesoeker, godsdiensonderwyser-oefenaar en kategeet-evangelis (De Villiers, 1975:160-165). Die sieketrooster-krankebesoeker was 'n onopgeleide werker wat nie aan 'n inrigting soos 'n kweekskool studeer het nie. In Nederland het die sieketrooster-krankebesoeker as hulp vir die predikant opgetree en sodoende binne sy bevoegdheid opgetree. Die sieketrooster-krankebesoeker moes onder toesig preek en is nie toegelaat om die sakramente te bedien nie. Indien die sieketrooster-krankebesoeker later predikant wou word, moes die opleiding aan die hand van kerkorderlik-goedgekeurde kursusse geskied. 'n Sieketrooster-krankebesoeker het egter meer vryheid en outonomie op skepe en in die kolonies van Nederland gehad as in Suid-Afrika.

Die regulasies wat vir predikante gegeld het, was ook op die sieketrooster-krankebesoeker van toepassing. 'n Reglement is opgestel waarin uitgespel is wat van die sieketrooster-krankebesoeker verwag is. In die Kaap is sodanige persoon as "dominee" aangespreek (De Villiers, 1975:160-161). Wat die godsdiensonderwyser-oefenaar se rol betref, is dié behoefte in die NGK deur Dr. Andrew Murray opgemerk, veral in gemeentes waar die nagmaal aan lidmate 20 uur te perd daarvandaan bedien moes word.

Die taak van die godsdiensonderwyser-oefenaar was om die leraar se werklading te verlig deur hom byvoorbeeld by te staan met die aanbidding van die katkisasieklasse (De Villiers, 1975:161-162). Die godsdiensonderwyser-oefenaar, oftewel kategeet-evangelis was iemand wat nie in aanmerking gekom het vir bevestiging in die leraarsamp nie. Later van tyd sou sodanige persone in die NGK nie kategete genoem word nie, maar hulp-evangeliste. Die term evangelis het veral in gebruik gekom in lande waar herlewing posgevat het. Volgens De Villiers is die terme kategeet en evangelis deur die Parysse Evangeliese Sending-genootskap gemunt. Dr. Murray het gepleit vir die voortsetting van die Parysse Evangeliese Sending-genootskap (De Villiers, 1975:165-166).



Die NGK het die evangelis-kategeet gesien as antwoord op die behoefte aan sending onder die swart mense, veral in die noordelike provinsies. Die opleiding wat dié werkkragte ontvang het, was elementêr. Meer as dertig evangeliste is opgelei. Baie sendelinge het hulle geroepe gevoel om in die behoefte aan opleiding voorsiening te maak (De Villiers, 1975:165-166). Volgens De Villiers het die sinodale aksie van die NGK die voortou geneem met die voorsiening van wit werkers vir die afsonderlike swart bevolkingsgroepe, wat volgens die NGK die ideaal was, maar nie die gewenste uitkomst gelewer het nie. In 1894 is begin met 'n opleidingskool in Witsieshoek met Eerw. R.H. Daneel aan die hoof daarvan. Aanvanklik was daar slegs twee ingeskrewe studente. Gedurende die jaar het die studentetal gegroei tot twaalf. Hulle kon almal Sesotho verstaan, praat, lees, en skryf.

Dié skool moes egter aan die einde van sy eerste bestaansjaar weens die gebrek aan fondse en ondersteuning gesluit word (De Villiers, 1975:166-167). Dieselfde het gebeur met die opleiding van werkers onder die Zoeloes. Alhoewel die noodsaaklikheid van 'n opleidingskool ingesien is, was die sendingkommissie van die NGK in Natal nie daarvan oortuig dat hulle oor die middele daartoe beskik het nie. Na vele gesprekke daarvoor is op 1 Januarie 1892 op Emandhleni met die opleiding van inheemse werkkragte begin.

In 1908 is die skool gesluit weens die afname in die studentegetalle (De Villiers, 1975:179). Die daarstelling van 'n opleidingskool met die oog op sending in die isiXhosa-gebiede het dieselfde pad geloop. Gesprekke en korrespondensie in dié verband het in 1896 begin. Daar is besluit om die opleidingskool in Umtata te vestig waar daar in 1900 met opleiding begin is. Aanvanklik is twee evangeliste aan dié opleidingskool opgelei. Weens gebrek aan belangstelling is die skool egter aan die einde van 1903 gesluit (De Villiers, 1975:179-182). Die idee om in 1890 'n opleidingskool in die destydse Noord-Transvaal, op Molepo, op die been te bring, het ook nie gerealiseer nie. Teen Julie 1905 is geen aansoeke om opleiding ontvang nie (De Villiers, 1975:182-186).

### **3.2.2. Inheemse werkkragte (1898-1903)**

Vir die NGK het dit aanvanklik hoofsaaklik daarvoor gegaan om die behoefte aan 'n opleidingskool vir evangeliste aan te spreek. Stemme het opgegaan daarvoor dat persone vanuit die inheemse bevolking as werkkragte georden word sodat hulle die bediening van die heilige sakramente kon waarneem. Die evangelis moes oor ten minste drie jaar opleiding beskik, terwyl 'n werkkrag sonder enige teologiese opleiding, wel deur probasie georden kon word. Volgens De Villiers is aansoekers nie lukraak tot die opleiding toegelaat nie. Studente moes vir toelating aan bepaalde keuringsvereistes voldoen.

'n Kandidaat moes oor 'n eerste of tweede jaar onderwysertifikaat beskik en moes reeds ondervinding as evangelis of onderwyser opgedoen het. Die kursus het buiten teologiese vakke ook ander vakke ingesluit. Teen 1904 het nege studente reeds die kursus suksesvol afgelê en kon as leraars georden word. Daar het heelwat tyd verloop voordat met die opleiding van swart predikante begin is. Bekende swart evangeliste wat hier opgelei is, was James Jolobo, Leoko Mariri en Abram Poho. Lidmate van die swart kerke was ten gunste daarvan dat evangeliste georden word (De Villiers, 1975:197-210). Volgens De Villiers is die gedagte om Wellington as standplaas vir die opleiding van leraars vir die NGSK te gebruik reeds in 1897 geopper. Die NGK was op daardie stadium egter nie daartoe geneë om opleiding van leraars vir die NGSK toe te laat nie (De Villiers, 1975:210-211).

### **3.3. Stofberg-gedenkskool (1908-1959)**

#### **3.3.1. Inleiding**

Op 1 Oktober 1908 is die Stofberg-gedenkskool op die plaas Elandsfontein in die Noordelike Vrystaat geopen. Dit is vernoem na Ds. Pieter Stofberg, NGK-sendeling op Mochudi vanaf 1898 tot 1907. Hy het onder andere 'n veldtog vir die stigting van 'n teologiese skool vir NGK-sending geloods, maar is in 1907 oorlede voordat hierdie droom bewaarheid is. Die normaalskool wat swart onderwysers opgelei het, is in 1903 geopen en die predikantsopleiding aldaar het in 1911 begin. Die eerste groep van vier kandidate het vir die driejaar-kursus ingeskryf en is in 1914 gelisensieer. In 1921 is 'n nuwe seminarie opgerig en 'n tweede lektor by name, Eerw. W.M. Brits, aangestel wat tot in 1959 daar gewerk het (De Villiers, 1973:10). Ds. H.M. Hofmeyr (Harry) is beroep om sy vader, Ds. A.M. Hofmeyr, as direkteur van die Stofberg-gedenkskool op te volg, 'n pos wat hy tot 1955 beklee het. Die Stofberg-gedenkskole het 'n staatsubsidie vir die normaalskool ontvang, iets wat grootliks met die finansiële sy daarvan gehelp het. Weens die groeiende studentetal is 'n addisionele lektor, die afgetrede Eerw. A.J. Rousseau, in 1941 aangestel.

In die daaropvolgende jare het die groei van die seminarie daartoe bygedra dat die volgende lektore bykomend aangestel moes word: Eerw. A.A. Odendaal, Eerw. L.P. Maree, Dr. J.A. van Wyk en Dr. A.S. van Niekerk (sr.). In 1954 tot 1955 het 'n swart lektor, by name eerw. T. Mahlanga as tydelike hulpdosent 'n afdeling van praktiese teologie doseer. Teen 1959, na 50 jaar van diens, het die Stofberg-gedenkskole 'n totaal van 625 evangeliste, 65 predikante en 993 ten volle gekwalifiseerde onderwysers opgelewer. Die jaar 1959 was die begin van 'n nuwe era vir die Stofberg-gedenkskole toe Departement Bantoesake die normaalskool as 'n "oefenskool" in navolging van die *Naturelle-opvoedingswet in 1953* oorgeneem het. Net die koshuise het nog die verantwoordelikheid van die Stofberg-

gedenkskole gebly. Volgens die nuwe Groepsgebiede-wetgewing is die area waar die skool geleë was, tot 'n "wit gebied" verklaar, wat beteken het dat die skool 'n nuwe heenkome moes vind (De Villiers, 1975:335). Weens hierdie druk het die bestuur van die Stofberg-gedenkskool besluit om die seminarie in vier aparte etniese eenhede te verdeel.

Toe afgevaardigdes van die Stofberg-gedenkskool Dr.H.F.Verwoerd in 1955 besoek, het die destydse minister van Bantoesake aan die afgevaardigdes gesê: "Dit is 'n *sine quo non* dat Stofberg-gedenkskool geleë is in 'n plek waar die goeie werk in die toekoms met vrug gelewer kan word, en wel binne die raamwerk van die ontwikkeling wat die regering vir die swartmense beplan. Met nederigheid beveel ek aan dat die kerke teologiese opleiding aan die etniese groepe in hulle eie tale moet aanbied, met ander woorde daar moet meer as een Stofberg wees" (De Villiers, 1975:253). Die afgevaardigdes wat met Dr. H.F Verwoerd vergader het, het hierdie voorstelle aangeneem en die bestuur van die Stofberg-gedenkskool het eenparig 'n resoluëie aangeneem dat dié instelling volgens etniese lyne verdeel sou word, alhoewel daar 'n gesamentlike sentrale bestuur sou wees. Die bestuur het by die gefedereerde NGK verlof gekry om vier Stofberg Teologiese Skole by Turfloop, Witsieshoek, Dingaansat en Decoligny te stig, binne die "tuislande" deur die staat aangewys (De Villiers, 1975:253).

Daar is besluit dat die destydse lektore, die biblioteek en ander hulpbronne na Turfloop sou verskuif en dat die ander skole met die "tuisland-universiteite " wat beplan is, sou saamwerk (De Villiers, 1975:253). Hierdie desentralisasie het die kerk gekompromitteer wat betref die etniese- en makrobeleid van apartheid. Dit het ook die Stofberg-gedenkskool gefragmenteer en die vier etniese kweekskole kleiner en kwesbaar gelaat. Die weg (vir die stigting van die vier Stofberg-Teologiese Skole is reeds in 1824 gebaan. Die sinode het toe besluit dat sekere lede van die NGK in die sendingveld tussen nie-Christene die sakramente aan die gemeentes wat hulle byeengebring het, mag bedien (De Villiers, 1975:253).

In November 1908, met die besoek van Prof. J.I. Marais en Ds. J. du Plessis, was daar slegs vier studente in die Stofberg-gedenkskool. Die vier studente het in die studeerkamer van Ds. A.M. Hofmeyr onderrig ontvang. Prof. J.J. Marais het in sy toespraak die opmerking gemaak dat dit "die dag van klein dingetjies is" (De Villiers, 1975:254). Hy wys daarop dat die eerste studente aan die kweekskool op Stellenbosch ook maar vier was. Die Stofberg-gedenkskool het uit drie afdelings bestaan, naamlik: die normaalskool, Bybelskool en die teologiese skool (De Villiers, 1975:254-255). Die normaalskool het as voedingsbron vir die Bybelskool gedien wat in 1910 sestien studente gehad het. Vir die eerste vyf-en-twintig jaar is daar nie noemenswaardige groei in laasgenoemde skool se studentetal te bespeur nie (De Villiers, 1975:254).

In die veertigerjare het die groei egter toegeneem en na vyftig jaar het die studentetal op ag-en-tagtig gestaan (De Villiers, 1975:254). In die teologiese skool was die studentetal egter onbeduidend. Met die kwarteeufees was daar net twee ingeskrewe studente. En in 1950 was daar geen kandidate vir die leraarsklas nie (De Villiers, 1975:254). Daar is gepoog om die teologiese skool stukrag te gee en die studentetal het geleidelik toegeneem, totdat dit na vyftig jaar op twaalf te staan gekom het. In terme van getalle, was dit die normaal- sekondêre- en hoër afdelings wat die Stofberg-gedenkskool tot in die veertigerjare gedra het (De Villiers, 1975:254). Honderde jongmanne en vroue het aan hierdie instansie met die inhoud van die Woord vertrouwd geraak wat hulle, volgens De Villiers, in staat gestel het om die Blye Boodskap onder hulle eie mense te versprei (De Villiers, 1975:254).

Volgens De Villiers (1975:254-255) moes persone wat tot die normaalafdeling toegelaat is reeds vyftien jaar oud wees en 'n getuigskrif ter bevestiging van onberispelike gedrag voorlê. Hulle moes ook 'n toelatingseksamen gelykstaande aan standerd 4 met uitstekende resultate aflê (De Villiers, 1975:254). 'n Paar jaar later is formeel besluit dat studente aan die einde van hul kursus onder toesig van die eksamenkommissie vir evangeliste 'n eksamen in Bybelgeskiedenis en Afrikaans moes aflê waarna 'n sertifikaat aan die suksesvolle kandidate uitgereik sou word (De Villiers, 1975:254). Die vereistes vir toelating tot die normaalskool is in 1931 tot standerd 7 verhoog. Dit het beteken dat kandidate teen daardie tyd reeds genoemde standerd aan Stofberg kon behaal. (De Villiers, 1975:255). In 1924 is besluit om 'n middelbare skool daar te stel, indien Departement van Onderwys die grootste gedeelte van die finansiële verpligting sou dra (De Villiers, 1975:255). Onderhandelinge in dié verband was geslaagd en in 1929 was daar reeds 9 leerlinge in die hoërskool. Twintig jaar later is besluit om te adverteer dat leerlinge voortaan daar kon matriculeer en in 1954 is die eerste vier leerlinge tot matriek toegelaat (De Villiers, 1975:255). Volgens De Villiers was die opleiding van meisies nog 'n terrein waarop Stofberg-gedenkskool pionierswerk gedoen het (De Villiers, 1975:255). Inligting van ander instansies wat reeds met sodanige opleiding besig was, is ingewin en daar is besluit dat Stofberg-gedenkskool ook 'n bydrae in dié verband sou lewer. Om die saak reg aan te pak, is bepaal dat 'n koshuis vir die meisies allereers opgerig word. In 1921 is 30 meisies by dié skool geregistreer. Die aktiwiteite van die normaalskool moet as voorbereiding gesien word vir die teologiese opleiding wat die hoofdoelstelling van dié inrigting was (De Villiers, 1975:255). Daar is nie slegs op die opleiding van evangeliebedienaars vir die swart mense gefokus nie, maar die Stofberg-gedenkskool het ook as voedingsbron vir teologiese opleiding gedien. Die skool is eers in 1956, nadat dit vir byna 50 jaar deur die kerk bestuur is, ten volle deur die

staat oorgeneem. Die beheer van Stofberg-gedenkskool het toe op ondergenoemde drie bene gestaan (De Villiers, 1975:255-259).

### **3.3.2. Die Breëkommissie<sup>2</sup>**

Die beheer van die Stofberg-gedenkskool was aanvanklik in die hande van die Breëkommissie. (De Villiers, 1975:255). Wat saamgestel was volgens die riglyne wat op 27 Januarie 1905 op die sendingkonferensie in Johannesburg bepaal is (In 1911 is besluit dat: *“de verbintenis tusschen dit Bestuur en de verschillende Kerken zal zyn zooals aangegeven in Artikelen 1 en 7 van de besluiten genomen op de Zending Conferentie te Johannesburg op 27 Julie 1906”*) (De Villiers, 1975:255). Die kommissie is saamgestel deur Di. C.P. Theron, D. Theron en Eerw. R. Blake en moes in beheer van die Stofberg-gedenkskool bly totdat die kerke anders besluit. Genoemde kommissie het namens die NGK volle beheer oor die Stofberg-gedenkskool uitgeoefen. Die gedagte is geopper dat die NGSK ook verteenwoordiging op die kommissie moes kry, maar dit het nie gerealiseer nie (De Villiers, 1975:255). Die Breëkommissie se eerste vergadering het op 10 November 1908 plaasgevind. Dit was nadat die skool reeds geopen het. Van die gedagte van ds. Theron dat die sendingkerk ook hier verteenwoordiging moes kry, het daar niks tereggekome nie (De Villiers, 1975:256).

### **3.3.3. Die Subkommissie**

By hierdie vergadering is besluit dat 'n Subkommissie naas die Breëkommissie aangestel sou word. Dié Subkommissie het sedert 1916 as die Uitvoerende kommissie bekendgestaan.

Die Subkommissie is genoodsaak deur die feit dat die Breëkommissie slegs tweejaarliks vergader het: 1911, 1913 (2 maal), 1915, 1917 en 1919, terwyl die Subkommissie in die alternatiewe jare byeengekom het: 1910, 1912, 1915, 1916 en 1918.

### **3.3.4. Die Konstitusie**

Die Konstitusie vir die beheer van die Stofberg-gedenkskool is in 1915 deur die Subkommissie aanvaar alvorens dit in 1915 deur die Gefedereerde NG Kerk aanvaar is.

Dit het 50 jaar die basis gebly waarvolgens die verhouding tussen die Breëkommissie en die kerke enersyds en die skool en die Breëkommissie andersyds gereël is.

De Konstitusie het bestaan uit 9 artikels.

#### **Artikel 1-4 het soos volg gelui:**

- i. De Stofberg Gedenkskool is een Inrichting ten doel hebbende de opleiding van Naturelle Onderwyzers, Evangelisten en Leraars. Deze Inrichting is, het gemeenschappelijk eigendom van de Nederduitse Gereformeerde Kerk in

---

<sup>2</sup> Die Breëkommissie het namens die vier moederkerke, byname die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oranje Vrystaat en die Nederduitse Hervormende of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika volle beheer oor die Stofberg-gedenkskool uitgeoefen” (De Villiers, 1975:256).

- Zuid-Afrika, de Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, de Nederduitse Gereformeerde Kerk in den Oranje Vrystaat, en de Nederduitse Hervormende of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika.
- ii. Zij wordt beheerd door een lichaam genoemd het Stofberg Gedenkschool Bestuur, bestaande uit verteenwoordigers van de vier Kerken voornoemd, namelyk drie uit de eerstgenoemde en twee uit elk den andere drie, makende tezamen negen leden. Vyf leden daarvan Bestuur vormen een quorum. De leden waarvan Bestuur, en hunne secondi, worden van tijd tot tijd op de volgende wyze aangesteldt in de Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal door de Synode zelve, en in de andere Kerken voornoemd door respectieve Synodale Zending Commissies.
  - iii. Het Bestuur voornoemd regelt en bestuurt alle werksaamheden in betrekking tot de Inrichting en is gehouden minstens eenmaal 's jaars te vergaderen. Het mag echter werksaamheden opdragen aan een of meer Subcommissies die aan het Bestuur verantwoordelyk zullen zyn.

Artikels 5-8 het bepaal wie die ampsdraers sou wees asook die wyse waarop eiendomme op die naam van die Breëkommissie getranspoteer kon word. Die laaste artikel het bepaal dat die plek waar die inrigting geleë was, vir alle praktiese doeleindes in die toekoms as 'Stofberg' bekend sou staan (De Villiers, 1975:256). Wanneer daar 'n vergelyking tussen die Konstitusie en die riglyne wat in 1905 vasgestel is, getref word, blyk dit dat die samestelling van die Breëkommissie ietwat gewysig is. Volgens die Konstitusie is drie verteenwoordigers aan die Kaapse kerk toegesê teenoor die twee verteenwoordigers aan elk van die ander kerke.

Volgens De Villiers blyk die reëling, gesien in die lig van die leue-aandeel wat die Kaap op finansiële gebied ten opsigte van die inrigting gelewer het, egter heeltemal geregverdig te wees (De Villiers, 1975:257). Volgens die Konstitusie het die vroeër bepaling dat een van die afgevaardigdes van die kerke 'n sendeling moes wees, intussen weggeval.

Die NGKA was nie op die beheerraad verteenwoordig nie. Die NGKA het volgens die NGK nie oor die kundigheid beskik om die skool te bestuur en personeellede aan te stel nie. De Villiers (1975:259) wys daarop dat daar in 1946 'n "anderskleurige" adviserende raad met verteenwoordigers van die NGKA in die lewe geroep is. Die voorsitterskap van dié raad was in die beheerraad van die skool gesetel. Volgens De Villiers (1975:259) het die poging om "anderskleuriges" in die adviserende raad te akkommodeer 'n omvangryke taak ten opsigte van die reël en bestuur van Stofberg-gedenkskool geword. De Villiers (1975:263) wys ook daarop dat die aanstelling van 'n swart dosent, die samestelling van die studente, naamlik: Xhosa-sprekendes, Zoeloe-sprekendes, Bruinmense van die student, die werwing van studente, die verkryging van fondse, vroueklasse en geestelike bearbeiding van die student 'n enorme taak van vir die reël en bestuur van Stofberg bly te wees (De Villiers 1975: 263-265).

### **3.4 Die Bybelskool**

#### **3.4.1 Die reglement van 1916**



Die Stofberg-gedenkskool het buiten onderwysers en leraars ook evangeliste aan die hand van afsonderlike kursusse opgelei. Alhoewel 'n basiese algemene kennis vereis is, het die klem hoofsaaklik op die onderrig ten opsigte van die Bybel geval. In 1916 is die eerste reglement vir die opleiding van evangeliste opgestel. Die driejaar-kursus vir evangeliste is oopgestel vir lidmate van alle erkende kerke. Volgens De Villiers het hierdie fasiliteite egter min aftrek gekry (De Villiers, 1975:281). Die toelatingsvereistes vir die evangelis is in ooreenstemming met sy persoon, werk en status aangepas. Van 'n voornemende aansoeker is aanvanklik geen voorafgaande skoolopleiding verwag nie (De Villiers, 1975:282). Verder moes die aansoeker in sy eie taal kon lees. Die minimum toelatingsouderdom van 20 jaar is bepaal. Geestelike rytheid is ook as vereiste gestel. Die aansoeker moes met sy aansoek om toelating ook 'n getuigskrif komende van sy leraar indien.

Die aansoek om toelating moes ook die volgende aangaande die karaktereienskappe en leefwyse van die aansoeker verklaar:

- i. Die applikant moes onbesproke van karakter wees;
- ii. Hy moes deur sy vrome lewe blyke van 'n ware bekering lewer;
- iii. Hy moes 'n liefde vir siele besit; Hy moes oor 'n passie vir die redding van siele beskik
- iv. Hy moes ywer vir die redding van kosbare siele openbaar;
- v. Hy moes geskik wees vir die amp van evangelis;
- vi. Hy moes goeie gesondheid geniet wat hom in staat sou stel om 'n gemeente te behartig (De Villiers, 1978: 282).

Die enigste verandering wat later aangebring is, was dat bovermelde verklaring deur die kerkraad van die betrokke sendinggemeente afgelê moes word. Daar is onderskeid getref tussen geletterde en ongeletterde kandidate wat tot die kursus toegelaat is.

Later is die toelatingsvereistes tot die mate verhoog dat evangeliste later na die leraarsklas kon oorgaan (De Villiers, 1975:284).

### **3.4.2.Kursusse**

Volgens De Villiers (1975:284) is daar by Stofberg-gedenkskool 'n onderskeid getref tussen hoër en laer evangeliste. Die evangelis-kandidate kon tussen twee kursusse kies, naamlik òf die elementêre skoolkursus òf die Bybelkursus. Wat eersgenoemde betref, is die student onderrig in skryf, rekenkunde en sang. Daarbenewens het die kursus ook vakke soos Aardrykskunde, Moedertaalonderrig en Hollands ingesluit. Die Bybelkursus het uit die volgende vakke bestaan, naamlik Bybel, Bybelgeskiedenis, Uitlegkunde, Geloofsleer en Predikkunde. Daar is ook aandag gegee aan die Kort Begrip. Kerkgeskiedenis was egter nie deel van dié kursus nie. 'n Dubbele kursus (elementêre skoolkursus en Bybelkursus) is in 1928 ingestel.



Daar het toe wel later 'n verandering ten opsigte van die Bybelkursus gekom: Uitlegkunde het plek gemaak vir Bybelstudie, Predikkunde vir Preekoefeninge, Bybel vir Inleiding tot die Bybelboeke en Geloofsleer se nuwe benaming was Kategismus. Pastoraat is as nuwe vak by die kursus ingesluit. Die rede hiervoor is volgens De Villiers dat die evangelis voorberei moes word vir herderlike werk in gevestigde gemeentes (De Villiers, 1975:284).

Die hoër evangeliste het die volgende byvakke geneem: Bybelse aardrykskunde wat hand aan hand met Bybelse geskiedenis aangebied is, Christelike etiek, Grondbeginsels van die vernaamste sektes en ander kerke, kerkregering, Burgerleer en elemente van Sosiologie. Ten einde weg te doen met die onderskeid in die benaming van evangeliste, is voorgestel dat die laer evangeliste eerder kategete genoem moes word. Die verandering in die benaming is deur die bestuur van die Stofberg-gedenkskool aanvaar omdat dit andersins net probleme in die praktyk teweeg sou bring.

Die Evangelistekursus het in 1952 sy finale beslag gekry en was volgens De Villiers gelykstaande aan 'n juniorleraarskursus. Die studente moes as deel van hul opleiding ook praktiese werk verrig (De Villiers, 1975:285). Die meeste studente het nie oor eie vervoer beskik nie en dit het stremming op hul opleiding geplaas (De Villiers, 1975:290). Met die aanvang en voltooiing van hul studies, is die studente deeglik geëvalueer en geëksamineer. Die eksaminering het die volgende behels: Die eksamens van elke jaar sou finaal wees en oor die werk van die betrokke jaar handel; met die mondelinge eksamen aan die einde van die kursus is studente oor die werk van die drie jaar getoets; vraestelle vir die skriftelike eksamen moes voor die eksamen vir goedkeuring aan die moderator, voorgelê word (De Villiers, 1975:291).

Omdat die voertaal van studente aan die skool beide Sesotho en Zoeloe was en persone in hulle moedertaal onderrig is, het die eksaminatore die aandag daarop gevestig dat meer aandag, wat eksaminering betref, aan Hollands gegee behoort te word en later aan Afrikaans en dat laasgenoemde as taalmedium van al die teologiese klasse ingefaseer moes word. Dit het die weg gebaan vir die daarstelling van afsonderlike evangelisteskolle vir die verskillende moedertaalsprekers (De Villiers, 1975:292).

### **3.4.3. Die Teologiese Skool**

Mettertyd het die aansoeke vir toelating om leraarsopleiding dermate toegeneem dat die NGK in 1905 besluit het dat die opleiding aan die sendinginstituut op Wellington sou geskied. Die voorneme het egter nie gerealiseer nie. In 1917 het die NGK besluit om die standaard van toelating tot die teologiese skool te verhoog, maar die Stofberg-gedenkskool

het nie hul voorbeeld hierin gevolg nie. Die verhoging in standaard vir toelating het die volgende kwalifikasies as voorvereiste gestel:

- i. 'n Derdejaar-onderwysertifikaat of gelykstaande kwalifikasie (1922-1931), Afrikaans op standerd VI-vlak, 'n deeglike kennis van dié taal, Bybel geskiedenis en Suid-Afrikaanse geskiedenis.
- ii. 3de Onderwysertifikaat (1932-1951) of VIII-sertifikaat of die hoër evangeliste-sertikaat met die tweedejaar-onderwysertifikaat.
- iii. Matriek of gelykstaande (1953-1959), Hoër Primêre Sertifikaat (2 jaar). Gelykstaande is die volgende: hoër Evangelistesertifikaat plus Junior Sertifikaat; Kategetesertifikaat plus Junior Sertifikaat plus 5 jaar diens as kategeet.
- iv. Nog 'n vereiste: Persone in besit van die Laer Primêre Sertifikaat (2 jaar) en Junior Sertifikaat moet (a) die Kerk minstens drie jaar getrou gedien het en (b) hulle vir die Admissie die volle Hoër Primêre Sertifikaat 1 kursus loop en aflê.
- v. Bostaande was volgende Prof. G.B.A. Gerdner van mindere gehalte as toelatingsvereistes vir B.Th. Aan die praktiese vorming van die leraarstudente was nie veel gedoen nie. (De Villiers, 1975:298).

### **3.5. Die etniese verdeling van die Stofberg Teologiese Skole gedurende 1960-1994**

#### **3.5.1 Inleiding**

Toe die Nasionale Party-regering die normaalskool kragtens die *Wet op Bantoe-onderwys (Wet. No. 47 van 1953)* in 1956 oorgeneem het, was daar 16 personeellede en 364 leerders in dié afdeling. In die laerskool, wat as oefenskool vir die normaalskool gedien het, was daar 6 onderwysers en 326 leerders.

“ Van besondere belang is artt. 6, 7, 8 en 9. Uit gelde wat die Parlement daarvoor beskikbaar stel, mag die Minister enige skool wat deur 'n Bantoe-owerheid, 'n naturelleraad, -stam of -gemeenskap ingestel is of instand gehou word en wat as 'n Bantoe-gemeenskapskool bekend sal staan, subsidieer. Voorts mag die Minister Staatsbantoeskole (met die nodige toebehoorsels soos koshuise, skoolklinieke ens.) oprig en instand hou en derdens mag hy, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat gestel mag word, hulptoekennings maak aan wat bekend sal staan as staatsondersteunde naturelleskole, hetsy binne of buite naturellegebiede. Art. 8 noem uitdruklik die volgende oorweging wat deur die Minister in ag geneem moet word by die beslissing oor bystand al dan nie aan laasgenoemde skole, nl. of die instelling of beslaan van enige sodanige naturelleskool, die instelling van 'n Bantoe-gemeenskapskool of 'n Staatsbantoeskool in die betrokke gebied (waarskynlik) sal “ uitsluit, vertraag of ondoenlik maak”. Die verdere uitoefening van staatsbeheer oor Bantoe-onderwys word moontlik gemaak deur die vereiste (art. 9) dat enige Bantoeskool, behalwe 'n Staatskool, geregistreer moet word en dat sodanige registrasie beslis sal word deur die bepaling van die „Naturellezaken Wet, 1920” t.w. of die instelling en voortbestaan van sodanige skool in belang van die Bantoebevolking sal wees of ..waarskynlik nadelig sal wees vir die liggaamlike, verstandelike of sedelike welvaart” van die leerlinge daarin. Wat die bestuur van staatskole betref (art. 12) word die beginsel erken van aktiewe deelname van die ouergemeenskap in die beheer en bestuur van skole en word die Minister gemagtig om, soos hy dienstig ag, streeks-, plaaslike en huishoudelike bestuursliggame in te stel of te erken. Voordat die wet, eers in die lig van die naturellebeleid en daarna volgens die algemene opvoedkundige politiek, beoordeel word, is dit nodig om na te

gaan in hoeverre dit aansluit by die aanbevelings van die Natu- relle- onderwyskommissie (1949-51) en veral vir sover die aanbevelings 175 die beheer van Bantoe-onderwys raak. (Vgl. Deel III, bl. 135 e.v. van die verslag) (Coetzee, 1954:174).

Einde 1959 toe daar 4 lektore en 120 studente aan die teologiese skool verbonde was, moes die Stofberg-gedenkskool wat in 'n blanke groepsgebied geleë was na 'n sogenaamde Bantoe-gebied verskuif omdat die wet dit bepaal het. Tot in daardie stadium is 84 predikante, 651 evangeliste en sowat 1100 onderwysers aan dié skool opgelei. Die verslag van die sinodale sendingkommissie wat voor die sinode van die NGK van Transvaal van 1957 gedien het, het die omstandighede van destyds soos volg beskryf:

Soos reeds gemeld moet al drie opvoedingsinrigtings (Stofberg-gedenkskool, Bethesda-normaalskool en Emmarentia Geldenhuys-skool) óf gesluit óf verskuif word binne vyf jaar omdat hulle volgens die Groepsgebiedewet swart kolle binne die wit kolle is, of inrigtings binne blanke gebiede. Na lange onderhandelinge met die Naturellesake Departement het dit geblyk noodsaaklik te wees, niks kon gedoen word om dit te voorkom nie.

Sedert 1960 is dié opleiding op vier verskillende plekke voorgesit. Die teologiese afdeling van die Stofberg-gedenkskool het na Turfloop naby die huidige Polokwane in die destydse Noord-Transvaal verhuis (waar die NG Kerk en die Hervormde Kerk saamgewerk het); 'n nuwe teologiese seminarium is op Witsieshoek in die Vrystaat opgerig en die seminariums op Dingaanstat in Natal en Decoligny op Umtata is by die nuwe skema ingelyf. Dié vier instellings is deur 'n sentrale bestuur waarin die streeksinodes van die NG Kerk en die sendingkerke verteenwoordig was, beheer. Elke instelling het sy eie plaaslike komitee gehad. Aan die begin van 1960 het die nuwe teologiese skole op Turfloop en Witsieshoek geopen met onderskeidelik 92 en 61 studente, vergeleke met die ou Stofberg-gedenkskool se 120 in sy laaste bestaansjaar. Die studente van die Stofberg-gedenkskool is aan die einde van 1959 op Turfloop en Witsieshoek geakkommodeer.

Turfloop se amptelike opening vind plaas op 1 Maart 1960 waar onder andere ds. A Meiring, moderator van die Algemene sinode van die Transvaalse NGK, Ds. H.M. Hofmeyr, rektor van Turfloop, en Prof. E.F. Potgieter, rektor van die "Bantoe-universiteitskollege van die Noorde", toesprake gelewer het. Die NGK het sendelinge as dosente aangestel. Die skole het finansiëel 'n stryd om oorlewing gevoer en om hierdie rede is al vier skole vroeg gedurende die 1990's gesluit. Die dosente aan die inrigtings, uitsluitend dié verbonde aan Witsieshoek, was almal wit Suid-Afrikaners.

### **3.5.2. Die implikasies van die etniese verdeling**

Die etniese verdeling van die Stofberg Teologiese Skole het verreikende gevolge gehad, tot dié mate dat die Teologiese Skool van Decoligny, waarvan ds. J.C. Oosthuysen die stigter was, in die skema van werksaamhede opgeneem is ten einde die opleiding op vier

verskillende plekke voort te sit. Decoligny het vir 'n geruime tyd opleiding gebied voordat dit sedert 1960 deel van die geheel geword het. Ds. E. Nepgen van die NGKA, Umtata het in 1924 op die Kaapse sinode van die NGKA 'n pleidooi gelewer dat die NGK betrokke moes raak by sendingwerk in die Transkei. Voortspruitend uit genoemde voorstel wat deur ds. J.S. Murray, gesekondeer is, is twee leraars, naamlik Di. A.C. Murray en A.G. Murray, afgevaardig om Transkei te besoek en verslag aangaande hul bevindinge aan die sinode te doen.

As gevolg van hulle besoek is sendingstasies die een na die ander in die Transkei gestig, naamlik Rietvlei (1929), Isillimela (1930), Decoligny (1940) en Cala (1943). Dit het gelei tot 'n groeiende behoefte aan opgeleide inheemse werkkragte. As gevolg van die sendingywer van George de Coligny word Ds. J.C.C. Murray wat sedert 1932 by Transkei-sendingstasie werksaam was, in 1942 na Cicira toe geroep. Aan die walle van Cicira moes hy 'n nuwe sendingstasie vestig en opbou. Ter herinnering aan die werk van ds. George de Coligny Murray sou die sendingstasie Decoligny heet (*Decoligny Brosjure*, 1973:10).

Volgens Oosthuysen (1972:56) is maatskaplike werkers aanvanklik by Decoligny opgelei. Sedert 10 Augustus 1943 het maatskaplike werkers onderrig by Decoligny ontvang. Die dringende behoefte aan isiXhosasprekende evangeliste was van die begin af duidelik. Oosthuysen het sonder die hulp van 'n isiXhosasprekende evangelis op Isillimela-sendingstasie begin werk. Daar was hoogstens tien swart evangeliste werksaam in die NGKA in die Kaapse kerk. Volgens Oosthuysen (1972:57) is die status van evangelis aan hoofman Mateyu Mzolo van Rietvlei verleen. Jan en Willem Xaluva, P.J. Daniels, E.L. Musa, Jack Tshume en Kleinbooi Ntlama was ook as evangeliste in die NGKA werksaam (Oosthuysen,1972:57) en die Sotho-evangeliste wat isiXhosa magtig was, behalwe die Mohelepi's en Lebakeng's, het Vrystaat toe verhuis om onder hul eie mense te gaan werk, maar ook aangesien die NGKA se salarisskale destyds in die Vrystaat beter as in die Kaapprovinsie was (Oosthuysen,1972:57). Volgens Oosthuysen (1972:58) het 'n paar van Isillimela se gemeentelede hulself later geroepe gevoel om as evangeliste opgelei te word. Namate die belangstelling betreffende sendingwerk onder die swart mense, in blanke gemeentes toegeneem het, het die vraag na evangeliste dringender geword alhoewel daar nie aanvanklik in die behoefte voorsien kon word nie (Oosthuysen,1972:58).

Die Sinodale sendingkommissie het die behoefte aan opgeleide isiXhosasprekende evangeliste geïdentifiseer en derhalwe is Ds. Helm afgevaardig om die kategeteskool op Cicira te begin, maar dit het doodgeloop (Oosthuysen,1972:58). Op 10 Februarie 1946 is daar met die evangelisteskool op Decoligny begin (Oosthuysen,1972:59). Die opleiding van

volwaardige swart leraars op Decoligny het in 1958 begin. (Oosthuysen,1972:59). Ds. Daniël Selepo was die eerste swart leraar wat aan Decoligny afstudeer het. Sedert die ontstaan van die Teologiese Skool op Decoligny in 1958 tot en met die einde van 1968 is 134 evangeliste en 22 predikante daar opgelei. In 1968 was daar 28 evangeliste- en 7 leraarstudente geregistreer (Oosthuysen,1972:61). Dié Teologiese skool het volgens Oosthuysen aan sy doel beantwoord aangesien studente toenemend by Decoligny kom studeer het en die dosente goed gekwalifiseerd was. Aangesien studente toenemend by Decoligny kom studeer het en die dosente daar goed gekwalifiseerd was, kon volgens Oosthuysen aanvaar word dat die Teologiese Skool aan sy doel beantwoord.

Na J.C. Oosthuysen se vertrek in 1949 het die opvolgers soos volg uitgesien:

- i. Ds. P. Ernst (1949-1954).
- ii. Dr. J. du Preez (1954 – evangelisteskool) en vanaf 1958 van die Teologiese Skool. Die werk het begin ontwikkel en uitgebrei. Ds. D. Selepo was die eerste persoon wat as teologiese student by Decoligny afgestudeer het en wel met die aanvangs van die leraarsopleiding in 1958. Die rede daarvoor is dat hy van sy kursus deurloop het by die Stoffberg-gedenkskool. Die ander persone wat die volle kursus deurloop het, was Ds. L.T. Buso en Ds. R.L. Thoso. Die doserende personeel het ook gegroei. Die eerste drie voltydse dosente was Di. D.H. Odendaal, J. du Preez en J.L. Strydom. Dosente wat met die dames gewerk het, was: Mev. Y. Wentzel (1953-1955), Mejj. I. Joubert (1956-1970), A.Retief (1971-1972), L. Klopper (1961-1965), en Dercksen (1966 – datum van aftrede onbekend).
- iii. Vanaf 1971 is teologiese dosente wat as hoofde van departemente opgetree het professore genoem. Die eerste vier professore was: Drr. J.J. Burden, J. du Preez, D.H. Odendaal en D.J. Bosch. Mej. N.A. Kotzé was die eerste hoof vir die skool vir kerklik-maatskaplike werkers In die brosjure word die aanstelling van Xhosa-sprekende dosente in die vooruitsig gestel. (*Decoligny Brosjüre*, 1973:14-22).
- iv. Met die vrystelling van die brosjüre was die volgende persone ook professore: Drs. P.J. Robinson, dr. P.P.A. Kamfer (*Decoligny Brosjüre* 1973:24).

Teen die einde van 1972 het 26 leraars hul kursusse voltooi. (*Decoligny Brosjüre*, 1973:25-26) Verskeie rassegroepe het opleiding by Decoligny ontvang onder andere: Sothos, Ovambos, bruin mense, asook isiXhosas. Werkkragte vir die Vrye Kerk van Skotland is ook by Decoligny opgelei. In die *Decoligny Brosjüre* word die volgende karaktereienskappe as ideaal vir studente van die Teologiese Skool van Decoligny gestel/aangedui:

- i. Hulle staan in diens van die Kerk met die opbou en koms van die Koninkryk as strewende,
- ii. Die opleiding is veral op die IsiXhosaspreekende gerig,
- iii. Die Bybel het die sentrale plek in die opleiding ingeneem,
- iv. Die kursus was missionêr gerig,
- v. Die fokus was op die konkrete situasie,
- vi. Wat die akademiese, sowel as praktiese opleiding betref, is gefokus op die Kerk wat as dienskneg van Jesus Christus, die Woord van God aan elkeen in die wêreld moes bring,

- vii. 'n Wêreldvisie is nagestreef,
- viii. Die doel en karakter van die Teologiese skool is in die wapen uitgebeeld.  
(*Decoligny Brosjyre*, 1973:27-29).

Die *Decoligny Brosjyre* vermeld ook die vereistes vir toelating, kursusse, die eksamens, die semesters en wat die praktiese werk behels (*Decoligny Brosjyre*, 1973:30-31). 'n Nuwe gebou wat teen 'n koste van R168,000.00 opgerig is, is in 1977 in gebruik geneem. Die gebou het die volgende beslaan: vier ruim klaskamers, 'n administrasieafdeling, 'n biblioteek asook 'n ablusieblok. Verskeie dosente het die teologiese skool verlaat: Proff. J. du Preez (na Stellenbosch), J.J. Burden (na UNISA) en P.J. Robinson (na UWK). Die eerste swart dosent is aan die begin van 1978 aangestel (*Addendum tot die Brosjyre*, 1977:1-4). Verslaggewing oor Decoligny aan die Algemene sinode van die NGKA is saam met dié van die Stofberg-teologiese skole behandel.

### **3.5.3. Die planting van afsonderlike kerke vir gekleurdes deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**

Die planting van afsonderlike kerke vir gekleurdes deur die NGK in Suid-Afrika het die verhouding tussen die NGK en die gekleurde kerke binne die NGK-familie in Suid Afrika versuur. Dit het volgens Smith (1972: 12) die bestudering vir die ontstaan en bestaan van afsonderlike kerke vir gekleurdes genoodsaak. Nadat heelwat blanke lidmate van die NGK sterk kaspie gemaak het teen die gesamentlike bediening van die nagmaal aan wit- en bruinmense het die NGK in 1857 toegestem tot afsonderlike nagmaalsgeleenthede vir die onderskeie rassegroepe. Dit het op sy beurt in 1881 gelei tot die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) binne die NGK-familie. In 1963 het hierdie sinodes verenig in die Algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA). Intussen het sendingwerk onder die Indiërbevolking van Suid-Afrika gelei tot die totstandkoming van die Reformed Church in Africa (RCA) in 1988.

Buiten die NGK se besluit tot afsonderlike nagmaalsbediening in 1857 motiveer Smith (1972:2) die planting van afsonderlike kerke vir anderskleuriges deur NGK in Suid-Afrika soos volg:

- i. dat dit 'n beter begrip oor die kerkplantingsbeleid van die NGK in Suid Afrika teweeg sou bring. Dit moes ook groter duidelikheid bewerkstellig oor die afsonderlikheid wat tussen wit en swart in die NGK in Suid Afrika gehandhaaf moes word;
- ii. dat dit verdere besinning teweeg moes bring tussen die lede van die NGK-familie in Suid-Afrika. Die ingewikkeldheid van die verhouding vanweë die besondere aard van die verhouding tussen die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika noodsaak die planting van afsonderlike kerke in Suid-Afrika;
- iii. dat daar 'n beter begrip moes wees vir die ontstaan van afsonderlike kerke en vir die selfstandigheid daarvan.



Volgens Smith (1972:38) het die wit mense met hul aankoms in Suid-Afrika intens bewus geword van die andersoortigheid van die destydse bewoners van dié land wat tot die planting van afsonderlike kerke vir gekleurdes in Suid-Afrika meegehelp het. 'n Verskeidenheid faktore het daartoe aanleiding gegee dat apartheid tussen die blankes en gekleurdes geleidelik op sosiaal-maatskaplike vlak ontwikkel het. Op sosiaal-maatskaplike terrein het) het die volgende faktore volgens Smith (1972:381-386 tot afsonderlike kerke vir gekleurdes aanleiding gegee:

- i. Die fisieke afkeer wat die wit mense jeens die gekleurdes ervaar het, was die vernaamste faktor wat op sosiaal-maatskaplike terrein skeiding tussen hulle gebring het. Hieruit spruit die afkeer van biologiese vermenging voort wat 'n demper op sosiale verkeer tussen dié rassegroepe geplaas het.
- ii. Die volgende belangrike faktor was blyk die bepaalde arbeidspatruon te wees wat met die ontmoeting tussen wit en die anderskleuriges ontwikkel het en wat aanleiding gegee het die invoer van slawe. Die houding van die witmense teenoor die anderskleuriges was dat die witmense die anderskleuriges as die naaste van Gam seun van Noag beskou het.
- iii. Grenssituasie het begin ontstaan tussen die swartes in die Oos-Kaap en die witmense daar die witmense hulself gesien het as die volk Israel in die Ou testament. Derhalwe het hulle volgens hulle 'n roepingsbewustheid by hulle begin posvat om die Christelike beginsels by die swartes vas te lê ten einde die swartes tot die Christelike geloof te kersten.
- iv. Die feit dat die owerheid van die Kaapkolonie 'n politieke gelykstellingsbeleid tussen swart en wit aan die oosgrens begin toepas het, het die wit mense bedreig laat voel en hulle wou ten alle koste hul Christelike lewenswyse bewaar.
- v. Die witmense was daar geen ander uitweg nie, as hulle wet en orde gehandhaaf wil hê, dat hulle noordwaarts moet uitbeweeg. Dit beteken dat daar vir hulle geen gelykestelling sal wees nie – nie in die kerk nie, nog minder in die staat nie. Dit was vir die witmense die enigste uitweg as hulle geordende samelewing wil hê.

Op kerklike terrein was die verhouding tussen die wit mense en die gekleurdes ook nie goed nie. Wat op sosiaal-maatskaplike terrein aan die orde was, het op kerklike terrein oorgegaan en die volgende faktore het tot die skeiding bygedra:

- i. Die NGK in Suid-Afrika het sterk op die ontwikkeling in sendingpraktyk gefokus. Dit het op die afsonderlike bediening van kerklike voorregte vir wit mense en gekleurdes afgestuur. Die volgehoue klem op die geestelike versorging van die gekleurdes het daartoe gelei dat begin is met afsonderlike bearbeiding vir hulle. Dit het die behoefte aan afsonderlike gemeentes laat ontstaan wat op sy beurt sou meewerk tot afsonderlike kerke vir gekleurdes.
- ii. Die behoefte aan afsonderlike bearbeiding het volgens Smith, in die NGK toegeneem. Met die klem op sendingwerk onder gekleurdes sedert die begin van die 19de eeu ontstaan 'n toename in gekerstendes en begin die verhouding tussen die wit mense en die gekleurdes in die kerk gespanne raak en met die stigting van die NGSK in 1881, in die besonder rondom die gesamentlike gebruik van die Nagmaal. Die NGK het in die jare 1824 tot 1857 erkenning



- verleen aan die beskouing dat wit mense en gekleurdes afsonderlik geakkommodeer word.
- iii. Die NGK het nie hierdie afsonderlike funksionering as 'n moontlike aantasting van die eenheid van die kerk beskou nie - selfs nie toe besluit is dat die gekleurdes hul kerklike voorregte in afsonderlike geboue sou geniet nie. Hulle het dit ook nie weereens beskou as 'n aantasting van die eenheid van die kerk nie. Vir hulle het dit, volgens hulle, gegaan om die beste wyse waarop die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGK) die bloei en voortgang van die Goddelike Woord op die beste manier kan bevorder. In 1881 met die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk blyk dit dat dit nêrens vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGK) gegaan het om die anderskleuriges te isoleer nie. Hulle wou maar net die geestelike welsyn van die anderskleuriges bevorder en aan hulle die geleentheid bied om geestelike volwassenheid bevorder.
  - iv. Politieke en andere faktore het bygedra tot die skeiding wat tussen die wit kerk en die kerke vir gekleurdes binne die NGK-familie. Hulle het deurgaans die planting van afsonderlike kerke vir anderskleuriges as 'n vanselfsprekende doel beskou. Dit het die weg tot uitdrukking van kerkeenheid tussen die lede van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (NGK) -familie versper. Vir die konkrete uitdrukking van hierdie eenheid en die vorm van die onderlinge gemeenskap van gelowiges het daar niks van gekom nie, as gevolg van politieke faktore, al wou die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGK) dit nie herken nie.
  - v. Daar is weinig teologiese motivering verstrekkend vir die afsonderlike aanbidding wat die NGK tot aan die einde van die 19de eeu op kerklike terrein gehandhaaf het. Tog het die NGK daarin geslaag om 'n teologies-etiese motivering daarvoor te bied wat daartoe gelei het dat apartheid op al die terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing toegepas is.

Volgens Smith (1972:386-388) het die stigting van kerke vir gekleurdes deur die NGK missiologies gesproke nie in alle opsigte getrou gebly aan die gereformeerd-presbiteriale beginsels vir die stigting van kerke nie.

Die volgende vergrype het aan die lig gekom:

- i. Die NGK was eensydig in sy inisiatief met die stigting van kerke vir gekleurdes in die sin dat die gekleurdes nie in die saak geken is nie.
- ii. Dit het nie altyd reg laat geskied aan die meewerkende instemming van die nie-wit gemeentes met hulle konstituering tot 'n kerkverband nie.
- iii. Hier was sonder die daadwerklike begeerte van die gekleurdes eerder sprake van kerkoorplanting as van kerkplanting
- iv. Met die stigting van kerke vir die gekleurdes het die NGK in Suid-Afrika nog steeds sy beheer oor die kerke, behou soveel so dat die NGK-verteenwoordigers stemreg by die NGSK-kerkvergaderings geniet het.
- v. Daar is ook geen voorsiening gemaak vir enige wesenlike kerkverband tussen die NGK en die kerke van die gekleurdes nie. Die kerke moes deur NGK tot selfstandigheid gelei word.
- vi. In die daarstelling van afsonderlike kerke vir gekleurdes het die NGK haarself laat lei deur die eise van die praktyk.

Smith (1972:388) konstateer verder dat die planting van afsonderlike kerke vir gekleurdes veeleer deur die strewe na die katolisiteit van die kerk, as deur die strewe na die eenheid van die kerk geïnspireer was. Volgens Smith (1972:388) het dit uitsluitlik gegaan oor die katolisiteit van die kerk en nie die verbroekeling daarvan nie. Volgens Smith (1972:388) beteken die besluit van 1857 dat gekleurdes hul kerklike voorregte afsonderlik kon geniet. Die NGK het egter met die besluit van 1857 die universaliteit van die kerk nagestreef (Smith 1972:388). Die verskillende eienskappe van die kerk in die algemeen word kortliks soos volg aangedui:

- i. Die besluit van 1857 het daartoe gelei dat die eenheid van die kerk aangetas is as gevolg van die feit dat die NGK in gebreke gebly het om die wenslikheid van onderlinge gemeenskap van gelowiges oor alle grense heen te beklemtoon. Weinig aandag is gewy aan reëlins wat die wedersydse gemeenskap tussen die NGK en die kerke van die gekleurdes onderling kon bevorder.
- ii. Wat die NGK volgens Smith nie ingesien het nie, is dat die verskeidenheid van gawes wat die Heilige Gees ooreenkomstig die verskeidenheid van die menslike aard in gelowiges werk, nie veronderstel was om slegs in diens van geloofsgenote van dieselfde kerkverband te stel nie.
- iii. Die NGK het ook in gebreke gebly om die noodsaaklikheid vir wedersydse aanvulling en verdieping van gelowiges oor alle menslike verskeidenheidsgrense heen deur hulle onderlinge gemeenskap te beklemtoon.
- iv. Volgens Smith het die NGK aangetoon dat die heiligheid van die kerk nie die isolering van die kerk ten opsigte van sy milieu impliseer nie. Deur die heiligheid van die kerk wil die kerk juis diep in haar milieu indring ten einde dit ooreenkomstig die strukture van die Koninkryk in gereedheid te bring.
- v. Die NGK wil sodoende wys op die noodsaaklikheid dat die kerk as orgaan sal dien tot reiniging en versoening in die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Die NGK glo dat hul roeping hulle in hierdie verband sal dring om as medewerkers op te tree vir die totstandkoming van 'n harmonieuse bestaanwyse tussen verskillende bevolkings-groepe.
- vi. Vir die NGK in Suid-Afrika bied die katolisiteit van die kerk ruimte vir die vestiging aan die kerk onder die verskillende bevolkingsgroepe. Die NGK het in hierdie verband vanuit 'n Westerse perspektief opgetree deur haarself by die planting van die "dogterkerke" te dupliseer. Daar is min ruimte vir vryheid en selfstandigheid in die kerke van die gekleurdes aan die lidmate oorgelaat (Smith 1972:388).

Vir Smith (1972:393) is die planting van afsonderlike kerke vir gekleurdes deur die NGK in Suid-Afrika die uitvloeisel van 'n bepaalde historiese proses, sendingpraktyk en kerkhistoriese begrip. Die gedifferensieerdheid van die Suid-Afrikaanse samelewing het die keuse betreffende die kerkplantingsbeleid van die NGK bepaal. Historiese, missiologiese en kerkhistoriese faktore het in onderlinge samehang meegewerk in die wordingsproses wat aan hierdie beleid van kerkplanting sy heel eiesoortige gestalte en struktuur verleen het.

Geskiedkundig spruit dit voort uit die kontak ervaring wat die wit mense met die inheemse bevolkingsgroepe hier gehad het. Volgens Van der Watt (2010:164-165) moet die NGK in Suid-Afrika se sendingbeleid en die invloed daarvan op teologiese opleiding binne die NG Kerk-familie nie onderwaardeer word nie.

Die plant en groei van verskeie kerke in Suider-Afrika moet volgens Van der Watt direk aan die historiese sendingbetrokkenheid van die NGK gekoppel word. Plaaslik is daar die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA), die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), die Gereformeerde Kerk in Afrika, en in die buiteland is daar die Presbiteriaanse Kerk van Sentraal-Afrika (die Nkhoma-sinode in Malawi asook die Harare en Zambië Sinodes van die CCAP), die Gereformeerde Kerk in Zambië, die Gereformeerde Kerk in Zimbabwe, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Botswana, die Kerk van Christus onder die Tiv (Nigerië), die Gereformeerde Kerk in Oos-Afrika (Kenia), die Igreja Reformanda in Mosambiek en die Swaziland Gereformeerde Kerk.

Daar is ook kerke in Namibië en Lesotho gevestig, maar hulle vorm deel van die NGK in Suid-Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA). Langer as 'n eeu is sendelinge deur die NGK uitgeplaas en onderhou. Die NGK het ook bygedra tot die vestiging van sendingskole, spesiale instellings vir dowes en blindes, hospitale, ontwikkelings- en landbouprojekte, instellings vir teologiese opleiding, ensovoorts. Die bydrae van die NGK in Suid-Afrika was inderdaad veelbeduidend en het die opleiding van leierouderlinge, evangeliste, predikante en veral vroue - van die verskillende kerke behels. 'n Familie van onafhanklike kerke in Suidelike- en Sentraal-Afrika het met historiese ontwikkelinge tot stand gekom en belydenisbande, het deel geword van 'n gesamentlike tradisie en roeping.

Op aandrang van die NGK in Suid-Afrika en betrokkenheid by hierdie susterkerke, is die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1964 gestig. Aan die hand daarvan het die konsep "*familie van kerke*" beslag gekry as federale band tussen onafhanklike kerke. Om verskeie redes, soos waargenome paternalistiese tendense en die belemmering van die huishoudelike hereniging, word die bestaan van hierdie raad toenemend bevraagteken en in die laat sewentigerjare ontbind (Van der Watt, 2010:165).

### **3.6. Algemene Sinodevergaderings van die NGKA vanaf 1967-1991**

#### **3.6.1 Die Tweede Algemene Sinode van die NGKA in 1967**

Die Stofberg Teologiese Skole het elk sy eie bestuur, maar was, betreffende die finansiële state en begrotings deur die Sentrale bestuur beheer. Die Sentrale bestuur was verder ook verantwoordelik vir verslaggewing aan die Algemene Sinodale Sendingkommissie

van die NGK en is sedert 1967 soos volg saamgestel: Art. 8: Die Sentrale bestuur word soos volg saamgestel:

8.1. Een verteenwoordiger met 'n secundus uit elk van die meewerkende sinodes van die NGK word deur die betrokke sinodes benoem.

8.2. Ooreenstemmende getal verteenwoordigers met secundi uit die NGKA. moet deur die Algemene sinode benoem word sodat elk van die streeksinodes verteenwoordig word.

8.3. Die rektore van die teologiese skole in ooreenstemming met art. 4.

Art. 9: Reis- en verblyfkoste van verteenwoordigers op die Sentrale bestuur word deur die instansies wat hulle verteenwoordig, gedra. Reis-en verblyfkoste van rektore word deur die skole wat hulle verteenwoordig, gedra.

Art.10: Die Sentrale bestuur vergader minstens eenkeer per jaar op 'n datum en plek deur homself bepaal.

Art. 11: Die Sentrale bestuur kies jaarliks by sy eerste vergadering 'n voorsitter en ondervoorsitter.

Art. 12: Die Sentrale bestuur benoem een van die rektore as skriba van die Sentrale bestuur.

Art. 13: Die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en een addisionele lid deur die Sentrale bestuur benoem, vorm die Dagbestuur wat so saamgestel word dat nie meer as een van sy lede dieselfde instansie op die Sentrale bestuur verteenwoordig nie.

Art. 14: Die Dagbestuur mag in spoedeisende sake namens en met latere verslag aan die Sentrale bestuur optree. (Bylaag 2 *Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleraars en -evangeliste; Skema van werksaamhede en Handeling van die NGKA*, 1967:234).

Die verslag van die Sentrale bestuur meld dat sentrale beheer hulle beywer vir die geleidelike afskaffing van die opleiding van evangeliste, alhoewel meer evangeliste as leraars in die tydperk 1962-1966 afstudeer het (*Skema van werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235).

Die verslag dui die getalle betreffende afgestudeerde leraars (1962-1966) soos volg aan:

|             | <b>1962</b> | <b>1963</b> | <b>1964</b> | <b>1965</b> | <b>1966</b> |
|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
| Pietersburg | 9           | 15          | 7           | 8           | 9           |
| Witsieshoek | 1           | 4           | 7           | 6           | 5           |
| Decoligny   | 2           | 0           | 1           | 1           | 7           |
| Dingaanstat | 3           | 1           | 3           | 5           | 0           |
| Totaal      | 15          | 20          | 18          | 20          | 21          |

Die verslag dui die getal afgestudeerde evangeliste (1962-1966) soos volg aan :

|             | <b>1962</b> | <b>1963</b> | <b>1964</b> | <b>1965</b> | <b>1966</b> |
|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
| Pietersburg | 26          | 15          | 18          | 11          | 12          |
| Witsieshoek | 19          | 27          | 11          | 16          | 4           |

|             |    |    |    |    |    |
|-------------|----|----|----|----|----|
| Decoligny   | 8  | 11 | 6  | 4  | 6  |
| Dingaanstat | 3  | 10 | 11 | 9  | 11 |
| Totaal      | 61 | 63 | 46 | 50 | 31 |

Alhoewel die getal evangeliste wat afstudeer geleidelik gedaal het, en die getal leraars konstant gebly het, het meer evangeliste as leraars afstudeer (*Skema van werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235). Die omvattende ondersoek na personeelbehoefte van NGKA is op die agenda van die sinode geplaas. (*Skema van werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA* 1967:235). Daar was 16 dosente van die NGK en 1 van die Hervormde Kerk van Afrika in diens van die Stofberg Teologiese Skole. Vier dosente het gedurende 1966 ander betrekkings aanvaar, naamlik Di. O.D. Scheuer (Dingaanstat) en J.L. Strydom (Decoligny) na gemeentes en Drr. J.H. Smit (Dingaanstat) en J.H. Scheepers (Witsieshoek) onderskeidelik na die Universiteitskolleges van Zoeloeland en die Noorde (Pietersburg). Die vakatures is gevul deur Di. W. de W van Velden (Witsieshoek), J.H. Kritzinger, Dr. P.P. Kamfer (Dingaanstat) en Dr. D.J. Bosch (Decoligny) (*Skema van werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235).

Die verslag maak ook melding daarvan dat Dr. D.H. Odendaal (Decoligny) die graad D.Th. met lof behaal, nadat hy 2 jaar en drie maande aan die Westminster Theological Seminary in Amerika studeer het. Tydens sy afwesigheid is gebruik gemaak van die dienste van tydelike dosente, Di. M.M. Smit en A. Phipson. Die verslag meld verder dat die uitbreiding van die personeel ernstig oorweeg is, maar dat dit in die lig van die destydse finansiële posisie laat vaar is (*Skema van werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235). Die verslag verwys ook na die versoek van die Algemene sinodale sendingkommissie (ASSK) aan die Algemene sinode van die NGK dat dosente aan die Stofberg Teologiese Skole voortaan as “*professore*” aangespreek sou word soos reeds die geval was aan die Teologiese Skool vir die NGSK in Bellville-Suid en die Teologiese skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in Hammanskraal naby Pretoria. Hierdie versoek is egter nie toegestaan nie (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235).

Die verslag vermeld ook dat die Vrouesendingbond op Decoligny die salarisse en toelae van die damesdosente en ’n huismoeder vir ongetroude damespersoneel betaal het. By die ander teologiese skole is die klasse vir die vroue van die evangeliste en teologiestudente deur die vroue van die dosente aangebied (*Skema van werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene sinode van die NGKA*, 1967:235). Die Sentrale bestuur van die Stofberg

Teologiese Skole het onderneem om self die behoeftebepaling betreffende die opleiding, plasing en verspreiding van arbeiders van die NGKA te doen met dien verstande dat die Sinodes van die NGKA in die saak geken sou word (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235).

Die verslag meld dat leraars van die ander Gereformeerde kerke uit Afrika-lande (die destydse Rhodesië, Malawi, Sentraal-Afrika en Zambië) by dié skole kursusse aangebied het (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:235). Alhoewel dit in die vooruitsig gestel is, is tot op daardie stadium geen vordering gemaak met 'n teologiese skool vir Tswanasprekendes nie (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:236). Die verslag bied insae in die voorveronderstellings van die NGK met betrekking tot die teologiese opleiding van swart werkkragte. In die verslag word onder andere verwys na die “gevorderde teologiese opleiding vir swart leraars” asof daardeur geïmpliseer word dat swart leraars se opleiding by die Stofberg Teologiese Skole as minderwaardig beskou is teenoor die opleiding by die teologiese skole van die NGK (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:236).

Swart leraars kon met ministeriële goedkeuring by sekere universiteite studeer, naamlik die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) asook die sogenaamde universiteitskolleges van Zoeloeland, die Noorde en Fort Hare. Ingevolge die bepalings van die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 kon swart studente nie aan die Universiteite van Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch studeer nie (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:236).

Die NGK was primêr vir die finansiële bestuur van die Stofberg Teologiese Skole verantwoordelik, maar die Algemene sinode van die NGKA het ook daartoe bygedra (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:236). Die finansiële bestuur sou later die volle verantwoordelikheid van die NGKA word (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:237). Persone uit denominasies wat nie gereformeerd was nie is ook vir opleiding by die Stofberg Teologiese Skole toegelaat.

Daar ontstaan verskil van mening in die Sentrale bestuur oor dié aangeleentheid nadat die sekteleier, Edward Lekganyane tot die Stofberg Teologiese Skool toegelaat is (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA*, 1967:237). Die Plaaslike bestuur van die Teologiese Skool op Pietersburg het feitlik eenparig



goedkeuring van die Bantoesinode Transvaal<sup>3</sup> verkry vir Edward Lekganyane se toelating tot die driejaar-evangelistekursus. Die meningsverskil in die Sentrale bestuur (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA, 1967:237*) was op twee uiteenlopende standpunte gebaseer, naamlik dat sekteleiers (en/of lede van sektes) onder sekere strengere voorwaardes wel tot die kursus toegelaat moes word, omdat dit vir die kerk 'n geleentheid in 'n arbeidsveld gebied het wat op daardie stadium vir die NGK ontoeganklik was (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA, 1967:237*).

Die ander standpunt was dat die sekteleier (soos sy lidmate) as buitekerklike bearbei moes word en nie op dieselfde basis as lidmate nie (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA, 1967:237*). Die Algemene Sinode van die NGK het dié aangeleentheid met volmag na die Breë moderatuur verwys met dien verstande dat verslag in die verband aan die ASSK gelewer sou word (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA, 1967:237*).

Die Sentrale bestuur het in Maart 1967 soos volg besluit:

- i. Om voort te gaan met besinning oor opleiding aan lede van sektes in oorleg met die Algemene sinode van die dogterkerke,
- ii. Aanbeveel dat die *bona fide*-aansoek wat aan 'n Plaaslike bestuur gerig is en deur dié bestuur aan die Sentrale bestuur voorgelê is na die vergadering van dosente van die vier Teologiese Skole verwys moes word,
- iii. Elke geval moes streng volgens meriete behandel word,
- iv. Leiers en lede van sektes mag onder geen omstandighede hulle leer onder die studente propageer nie,
- v. Hulle gedrag moes in ooreenstemming met die regulasies vir studente van die Skool wees,
- vi. Alle bepalinge van die Skool, insluitende akademiese kwalifikasies, sou ook op hulle van toepassing wees.
- vii. Die getal studente uit bogenoemde geleedere sou, met inagneming van die beskikbare ruimte, deur die Skool bepaal word. (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA, 1967:237*).

Studente uit die sogenaamde sektekerke kon slegs onder streng voorwaardes toegelaat word aan die Stofberg Teologiese Skole. Die studente kon nie op dieselfde basis as die lidmate in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika behandel word nie (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA, 1967:237*). Dit blyk uit die verslag dat die menings van die Algemene Sinodale Sendingkommissie van die NGK in ag geneem was (*Skema van Werksaamhede en Handeling van die Tweede Algemene Sinode van die NGKA: 1967:237*).

---

<sup>3</sup> In die dissertasie word historiese verwysings, soos Bantoesinode, Transvaal gebruik.



By Art. 24 van die *Reglement Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleraars en -evangeliste* is gevoeg: "Elk van die kerke mag een verteenwoordiger met volle sittingsreg op die Plaaslike bestuur benoem. Indien die verteenwoordigers van die NGK die getal tien oorskry, mag genoemde kerke elk 'n tweede verteenwoordiger benoem." Verder het die NGKA in 1967 soos volg op by Art. 37 van die *Reglement Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleraars en -evangeliste* uitgebrei: "Elkeen van die ander kerke het reg op een dosent op die doserende personeel van elkeen van die betrokke Skole."

Met betrekking tot die finansiële aanspreeklikheid van meewerkende Kerke het die NGKA-sinode 1967 bepaal dat alle emolumente en toelaes van dosente van ander kerke deur die betrokke kerke self vasgestel en betaal moes word. Die NGK aanvaar verantwoordelikheid vir die oprigting en instandhouding van alle geboue met uitsondering die wonings vir dosente en getroude studente van ander kerke. Verder is bepaal: "Vir die gebruik van die klaskamers sal die ander kerke jaarliks aan die Plaaslike bestuur 'n bedrag van R15.00 vir elkeen van sy studente betaal en vir die gebruik van die biblioteek 'n bedrag van R2.00 per jaar vir elkeen van sy studente. Studente van ander kerke mag in die koshuise van die NGK loseer indien daar plek beskikbaar is teen 'n vergoeding wat van tyd tot tyd onderling gereël word. Die administrasiekoste van die skool sal pro rata deur die betrokke kerke gedra word, bereken volgens die getal studente van elke kerk "(NGKA Sinode 1967).

Die navorser is van mening dat die afskaffing van die evangeliste in die VGKSA voortydig was. Die evangeliste-amp behoort weer in gestel te word om die behoeftes van die vakante-gemeentes aan te spreek. Die evangeliste behoort 'n korter teologiese-opleidingsprogram te volg. Die VGKSA behoort ag te slaan op navorsingbevindings in die Mdiv-tesis van Lulama Platjie wat sy in 2009 onder supervisie van Prof. Robert Vosloo voltooi het: " *Remembering the history of Black Evangelists: The path breakers for the church*".

### **3.6.2. Die derde Algemene Sinode van die NGKA in 1971**

Prof. P.J.J.S. Els het die Kaapse sinode op die Sentrale bestuur van die Stofberg Teologiese Skole verteenwoordig (*Agenda van die Derde Algemene Sinode van die NGKA, 1971:224.*) Gedurende 1967 het Prof. Els Ou Testament en Hebreeus aan die Universiteit van Fort Hare in Alice in die Oos-Kaap gedoseer en is in die hoedanigheid as verteenwoordiger van die NGKA, Kaapland aangestel (Kriel, 1981:93).

Die Sentrale Bestuur is uit die volgende lede saamgestel:

- i. Algemene sinode van die NGKA: Ds. P.E.S. Smith,
- ii. Algemene sinode Ned. Geref. Kerk in Afrika, Kaapland: Ds. L.T. Buso,
- iii. NGKA Phororo: Ds. V. du Plessis,
- iv. NGKA Oranje-Vrystaat: Ds. C.J.J. van Rensburg,

- v. NGKA Suid-Transvaal: Ds. S.G.S. Ntoane,
- vi. NGKA Natal: Ds. O. Scheuer,
- vii. NGK Kaapland: Di. P.J.J.S. Els, J.J. Sieberhagen, P. de V. Muller,
- viii. NGK Natal: Ds. I.J. Haasbroek,
- ix. NGK Oranje-Vrystaat: Ds. D.S. Snyman,
- x. NGK Suid-Transvaal: Dr. C.H. Badenhorst,
- xi. NGK Noord-Transvaal Dr. J. P. Theron (*Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:224*).

Saakgelastigdes, Mnr. J.C. van Graan, Dr. J.J. de Beer, Di. AJ. Van Wyk en J.H. Roos en die rektore van die vier Stofberg Teologiese Skole, naamlik Drs. A.A. Odendaal, P.R. van Dyk, J. du Preez, en Ds. A.S. van Niekerk het ook op die Sentrale bestuur gedien (*Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:224*). Na die onverwagse heengaan van Ds. V. du Plessis, het Evangelis S. Sello sy plek op die Sentrale bestuur ingeneem. Na die vertrek van ds. O. Scheuer uit Natal is sy plek deur Ds. A.T. Zondi ingeneem. Ds. Zondi kon weens siekte egter nie die vergadering bywoon nie (*Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:225*).

Gedurende die reses het ds. H.M. Hofmeyr, rektor van Turfloop Teologiese Skool sy emeritaat aanvaar. Ds. P.P. Stander moes weens gesondheidsredes as rektor van Dingaanstad bedank, maar het met sy werk as dosent voortgegaan (*Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA, 1971:225*). Die sinode het haar dank en waardering teenoor Ds. P.P. Stander betuig “wat met geloofsmoed en onderskeiding met baanbrekersarbeid en ywer aan die stigting, vestiging en uitbouing van die Dingaanstad-opleidingskool verbonde was en bid hom die seën en sterkte van die Here toe” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:225*). Die verteenwoordigers van die Sentrale bestuur het nooit apart vergader nie. Die Sentrale bestuur het vier keer gedurende die reses (1976-1971) vergader. Die vergaderings is deur al die verteenwoordigers bygewoon.

Daar was vier Teologiese Skole onder beheer van die Sentrale bestuur, naamlik dié van Turfloop, Decoligny Dingaanstad en Witsieshoek. Die getal doserende personeellede by elke Teologiese Skool was soos volg:

- i. Turfloop: 4 dosente plus 1 van die Hervormde kerk.
- ii. Decoligny: 4
- iii. Dingaanstad: 4
- iv. Witsieshoek: 4.

Uit die 38 leraarstudente van Turfloop wat tot die bediening toegelaat is, was 6 van die Hervormde Kerk. Uit die 16 evangelistestudente wat tot die bediening toegelaat is, was 2 van die Hervormde Kerk (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:225*). Gedurende 1967-1971 is 73 leraars en 86 evangeliste wat aan die Skole afgestudeer het, tot die bediening in die NGKA toegelaat. Aan die einde van 1970 was daar 81 leraarstudente en 73 evangelistestudente aan die verskillende teologiese skole geregistreer

(*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA 1971:225*). Die studentetalle tussen 1967 tot 1970 was soos volg. (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:225*).

|             | 1967 |    |    | 1968 |    |    | 1969 |    |    | 1970 |    |    |
|-------------|------|----|----|------|----|----|------|----|----|------|----|----|
|             | R    |    | T  | R    |    | T  | R    |    | T  | R    |    | T  |
|             | L    | E  | L  | L    | E  | L  | L    | E  | L  | L    | E  | L  |
| Turfloop    | 38   | 22 | 5  | 39   | 16 | 7  | 31   | 15 | 15 | 37   | 11 | 11 |
| Decoligny   | 11   | 26 | 2  | 8    | 30 | 1  | 8    | 28 | 3  | 5    | 19 | 3  |
| Dingaanstat | 9    | 17 | 0  | 10   | 16 | 0  | 10   | 17 | 1  | 9    | 15 | 8  |
| Witsieshoek | 21   | 32 | 5  | 24   | 29 | 4  | 33   | 28 | 8  | 30   | 28 | 6  |
| Totaal      | 79   | 97 | 12 | 81   | 91 | 12 | 82   | 88 | 27 | 81   | 73 | 28 |

Kode: R = Rol; T = Toegelaat tot bediening;

L = Leraarstudente; E = Evangelistestudente.

Met betrekking tot die toekomstige finansiering van die vier Teologiese Skole het die Algemene sinode van die NGK op aanbeveling van die Sentrale bestuur die volgende besluit geneem:

- i. Dat elkeen van die betrokke kerke verantwoordelik sal wees vir die lopende uitgawes van die Skool binne sy gebied, d.w.s. die Kaapse kerk vir Decoligny, die Natalse kerk vir Dingaanstat, die Vrystaatse kerk vir Witsieshoek en Suid- en Noord-Transvaal vir Turfloop.
- ii. Wat die lopende uitgawes vir Dingaanstat betref, sal die Natalse kerk soveel bydra as wat in sy vermoë is. Wat kortkom, sal om die helfte deur die K.P. en Tvl. aangevul word nadat die begroting vir Dingaanstat aan die Sentrale bestuur voorgelê en goed gekeur is. Die lopende uitgawes van die Sentrale bestuur sal op pro rata-basis deur die betrokke kerke gedra word.
- iii. Die lopende uitgawes van die Sentrale bestuur sou op pro rata-basis deur die betrokke kerke gedra word. Die pro rata basis soos deur die Sentrale bestuur in opdrag van die sinode vasgestel, was soos volg: K.P. 40.5%; Natal 4.0%; O.V.S. 14%; S-Tvl. 24%; N-Tvl.
- iv. Bydraes deur die N.G. Kerk in Afrika voorsien (R3, 000.00 p.j. sou volgens bogenoemde pro rata basis tussen genoemde kerke verdeel word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:225*).

Die Algemene Sinode van die NGK het verder op aanbeveling van die Sentrale bestuur bepaal dat die streeksinode(s) van die NGK in ooreenstemming met bogenoemde bepalinge 'n ooreenkoms met die betrokke streeksinode(s) van die NGKA aangaan oor bydraes vir finansiering van die teologiese skole binne hul gebied (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA, 1971:225*). Die Plaaslike besture van Decoligny en Dingaanstat het verlov van die Sentrale bestuur gevra, om persone wat nie oor die vereiste

toelatingskwalifikasies beskik nie tot die leraarskursus toe te laat (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227). Daar was ook gevalle waar die Sentrale bestuur versoek is om persone wat nie teologiese opleiding voltooi het nie, tot die bediening toe te laat (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227). Die Sentrale bestuur het aan die versoeke van die Plaaslike besture voldoen, maar op voorwaarde dat sodanige persone slegs beroepbaar sou wees in die streeksinodes wat hulle vir opleiding gestuur en tot die bediening toegelaat het (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227). Hierdie besluit is deur die ASSK goedgekeur (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA* 1971:224). Die Sentrale Bestuur het verder besluit:

“ dat indien sulke persone later die toelatingsvereistes wat gegeld het die dag met hulle toelating tot die leraarsopleiding mag bekom, en indien hulle deur verdere teologiese studie die standaard wat tydens hulle tydperk van studie bereik, toegelaat sal word om beroep te word in die hele Ned.Geref. Kerk in Afrika” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227).

Die Algemene Sinode van die NGKA het toestemming verleen dat (i) ’n persoon wat op versoek van ’n bepaalde streeksinode tot ’n teologiese skool toegelaat word sonder dat hy oor die vereiste toelatingskwalifikasies beskik of die vereiste teologiese kursus voltooi het, net in daardie bepaalde streeksinode beroepbaar sal wees (ii) dat persone wat toegelaat is tot die bediening in die NGKA beroepbaar verklaar sal word wanneer aan ’n eksamenkommissie bewys gelewer is dat hy voldoen aan die vereistes wat met sy toelating geldig was (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227).

Die Algemene Sinode neem kennis van die propedeutiese kursus waardeur die Sentrale bestuur poog om studente wat hulle aanmeld vir leraarsopleiding beter toe te rus, en dit vir hulle moontlik te maak om later hul teologiese studies aan ’n universiteit voort te sit. Die kursus wat vier jaar was, word met een jaar verleng (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227). Gedurende die eerste jaar bestaan die propedeutiese kursus uit drie vakke, naamlik Grieks spesiaal, Hebreeus I en een keusevak uit die vakke wat die inrigting aanbied. Hierdie derde vak kon naamlik ’n teologiese vak soos Bybelkunde I of Kerkgeskiedenis I wees. (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227. ’n Student moes hierdie drie vakke slaag vir toelating tot die teologiese kursus. Die slaagsyfer per vak, vir skooldoeleindes is op 33% bepaal. Plaaslike besture het self die wyse waarop hierdie besluit in die praktyk uitgevoer word, bepaal (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227). Die Algemene Sinode van die NGKA het ook kennis geneem van die opfrissingskursus wat beskikbaar was. Die Algemene Sinode van die NGKA

was van mening dat bogenoemde kursusse jaarliks op 'n rotasiebasis by die verskillende inrigtings aangebied sou word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:224).

Plaaslike Besture van die inrigtings het dit egter onder die aandag van die Sentrale bestuur gebring dat bogenoemde besluit deur praktiese probleme gekortwiek word, aangesien dit 'n finansiële las op die gemeentes plaas en langdurige afwesigheid van leraars uit die gemeentes veroorsaak (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:224). Die Sentrale bestuur was van oordeel dat dit beter sou wees indien sodanige kursusse elke drie jaar vir elke taalgroep gereël kon word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227).

Die Algemene Sinode verleen goedkeuring aan laasgenoemde voorstel dat daar driejaarliks 'n opfrissingskursus vir die onderskeie taalgroepe deur die teologiese skole gereël sou word en adviseer die skole oor watter taalgroepe saamgegroepeer kon word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227). Die Algemene Sinode neem kennis van die Sentrale bestuur se besluit ten gunste van die uitreiking van 'n diploma aan studente wat die verlengde vyfjaarkursus vir leraars voltooi het, insluitende dié wat 'n jaar korting gekry het (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:227).

Verder neem die Algemene sinode kennis van die jaar korting vir evangeliste: “Op die oomblik word aan evangeliste wat oor die nodige toelatingskwalifikasies beskik, 'n jaar afslag van hulle teologiese kursus gegee” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228).

In verband met bogenoemde afslag het die Sentrale bestuur die volgende besluit: “Tot by 'n datum wat deur die Sentrale bestuur bepaal sal word, sal aan oud-evangeliste een jaar afslag van hul teologiese kursus gegee word. Elke inrigting bepaal self watter jaar dit sal wees” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Wanneer besluit sou word om die vergunning van een jaar afslag vir evangeliste in te trek, sou die Sentrale bestuur 'n redelike tyd vooraf daarvan kennis gee. Die beëindiging van hierdie vergunning sou in oorleg met die NGKA geskied (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Die Algemene Sinode het bogenoemde besluit van die Sentrale bestuur goedgekeur. Die Algemene Sinode het verder kennis geneem van die verhoging in toelatingsvereistes: “Vanweë die feit dat meer en meer gedink word aan die skakeling van ons teologiese opleiding met 'n universiteit, voel die Sentrale bestuur dat daar gedink moet word aan die verhoging van die toelatingsvereistes tot matrikulasiestelling” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228).

Die Algemene Sinode spreek hom uit oor die wenslikheid en moontlikheid van matriek as toelatingsvereiste tot die teologiese skole (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Die Algemene Sinode stel voor dat die sinode die nodige fondse vind om persone wat matriek wou behaal met die oog op teologiese studie te help om dié ideaal te bereik (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Die Sentrale bestuur neem kennis van 'n skema wat deur die vergadering van dosente uitgewerk is waardeur leraars beter toegerus word vir hulle ampswerk. Dit behels die volgende: Vakansieskole van drie weke word jaarliks by een van die teologiese skole aangebied, in die volgorde: Decoligny, Turfloop, Dingaanstat en Witsieshoek. 'n Hoër diploma word na suksesvolle voltooiing van die kursus toegeken (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228).

Die volgende voorwaardes geld: 'n Kursusganger moes twee kursusse van twee vakansieskole met 'n slaagsyfer van 40% voltooi, een werkopdrag bevredigend afhandel, die eksamen oor die inhoud van vyf voorgeskrewe werke slaag, 'n verhandeling van ongeveer 10,000 woorde indien in die vak waarin die student spesialiseer, oor 'n onderwerp wat vooraf deur die dosente goedgekeur is toegeken (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Die vakansieskole is soos volg gereel: By elke vakansieskool is drie kursusse aangebied wat elk 1½ uur per dag in beslag geneem het. Die kursusse is vooraf deur die vergadering van dosente bepaal ten einde oorvleueling te voorkom en te verseker dat al die teologiese dissiplines aan die beurt kom. Die dosente van die verskillende teologiese skole asook evangeliedienaars van die NGK en NGKA sou as kursusaanbieders optree.

Die Sentrale bestuur versoek dat die NGKA die reis- en verblyfkooste van die dosente vir hierdie kursusse dra (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Op grond van die begeerte van die Sentrale bestuur om in hierdie verband met die NGKA ingesprek te tree, spreek die Algemene sinode hom uit oor die beginsel en verwys dit na een van sy kommissies of 'n Ad hoc kommissie vir die nodige bespreking (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). 'n Versoek deur die sinodale sendingkommissie (SSK) van Suid-Transvaal betreffende die opleiding van leraars van separatistiese kerke dien voor die Sentrale bestuur. 'n Groot groep separatistiese kerke van die sogenaamde "*Reformed Independant Churches Association*" het die NGK genader om hulle met die opleiding van hulle leraars te help (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228:229). Die versoek van die SSK van Suid-Transvaal het hoofsaaklik die volgende behels:

“ Wat hulle huidige leraars betref: Spesiale lesings deur predikante, sendelinge en Bantoeleeraars i.v.m. hulle amptelike dienswerk, Bybelstudie



en geloofsleer. Korrespondensiekursusse met ongeveer dieselfde inhoud as dié wat vir die evangeliste aangebied word. Eksamens en diplomas deur die NGK in Suid-Afrika indien hulle slaag. Wat hulle toekomstige leraars betref: Toelating tot ons Teologiese skole, terwyl hulle in alle opsigte aan dié vereistes deur die kerk neergelê, voldoen” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229).

’n Memorandum wat voor die Sentrale bestuur gedien het wat deur die moderatuur van die NGKA, Suid-Transvaal opgestel waarin bedenkinge teen sodanige opleiding uitgespreek het. (*Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229). Na deeglike oorweging reageer die Sentrale bestuur soos volg:

“ Ons neem kennis van die stuk van die N.G. Kerk in Afrika. Ons beveel aan dat die S.S.K. van Suid-Transval die leraars sal aanraai om hulle tot die Universiteit van die Noorde te wend. Ons beveel aan dat die S.S.K. van Suid-Transvaal aandag gee aan die leraars wat gevra het vir kategetiese onderrig sonder om diplomas of getuigskrifte uit te reik wat die Ned.Geref. Kerk en die Ned.Geref. Kerk in Afrika in verleentheid kan bring” (*Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229).

Die Algemene Sinode neem kennis van die opleiding van geestelike werkers op Turfloop en verleen hul goedkeuring daartoe (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229). Tydens die vergadering neem die Sentrale bestuur kennis daarvan dat daar aan die begin van 1972 ook op Decoligny met die opleiding van geestelike werkers begin sou word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:228). Die Sentrale bestuur bevestig die volgende besluit wat in 1967 deur die Algemene Sinode van die NGKA aanvaar is: “Die Sinode spreek hom uit ten gunste daarvan dat die opleiding van geestelike werkers te Turfloop ten nouste geskakel sal wees onder die Plaaslike bestuur, veral wat administrasie en tug betref” (Besluit 148 *Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229). Die Plaaslike bestuur het egter probleme ten opsigte van die implementering van dié besluit ondervind. ’n Kommissie, deur die Sentrale bestuur benoem, word aangestel om dié aangeleentheid te ondersoek (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229). Die Sentrale bestuur dui in hul verslag aan dat die opleiding op Turfloop by gebrek aan belangstelling aan die kwyn was. Die Algemene Sinode van die NGKA doen gevolglik ’n dringende beroep op die streeksinodes om die opleiding van geestelike werkers onder die aandag van hul kerkrade te bring en voorbidding vir die saak te doen, maar ook om jongmense aan te moedig om hulle vir die opleiding aan te meld (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:229).

Die Sentrale bestuur neem met dank kennis van die besluit van die Algemene sinode van die NGK ten opsigte van die betiteling van dosente, naamlik dat alle doserende personeel wat as departementshoofde optree, voortaan die titel professor sou dra (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:230). Aan die begin van 1967 benoem



die Sentrale bestuur 'n verteenwoordigende kommissie wat 'n omvattende ondersoek aangaande teologiese opleiding aan die Stofberg Teologiese Skole moes loods (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:230). Die kommissie word saamgestel uit verteenwoordigers van die NGK en die NGKA. Die verteenwoordigers van laasgenoemde kerk is so gekies dat elke streeksinode verteenwoordig was (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:230). Genoemde kommissie doen sy ondersoek in samewerking met die NGKA. Advies oor verskillende sake word van die betrokke streeksinodes sowel as die ASSK ingewin (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:230).

Aan die begin van 1969 lê die kommissie sy verslag aan die Sentrale bestuur voor (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:230). Na aanleiding van die verslag neem die Sentrale bestuur ingrypende besluite betreffende die opleiding, taak en die toekoms ten opsigte van die evangelisteam en leraarsopleiding. Sake met betrekking tot die volgende aspekte kom onder die loep: die doel, behoefte, beplanning, keuring, toelatingsvereistes, die inhoud van die opleiding, wyse van onderrig, standaard van opleiding, leraarsopleiding, opleidingsplekke, die taalmedium by onderrig, skakeling met universiteite, die personeel, voorsetting van die opleiding, finansiële implikasies met betrekking tot die voortbestaan van die destydse skole en toekomstige uitbouing daarvan, voortgesette studie vir graad- en nie-graaddoeleindes. Die Sentrale bestuur versoek die dosente van die Stofberg Teologiese Skole om saam met verteenwoordigers van die NGKA te besin oor bogenoemde kwessies en aanbevelings in dié verband te doen (Let op Bylaag 1: *Besluite geneem deur die Sentrale bestuur na aanleiding van die verslag van die kommissie vir omvattende ondersoek na teologiese opleiding aan die Stofberg Teologiese Skole in die NGKA*). Die Sentrale bestuur wys met betrekking tot die inskakeling van teologiese opleiding by universiteite daarop dat onderhoude gevoer is met verteenwoordigers van verskillende universiteite en Departement van Bantoe-onderwys,<sup>4</sup> sowel as met die minister van Bantoe-onderwys. Op daardie stadium is finaliteit oor die aangeleentheid nie bereik nie (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Die Sentrale bestuur wys in hul verslag aan die sinode daarop dat hulle hulle steeds beywer vir kerklike teologiese fakulteite aan die sogenaamde Bantoe-universiteite.

“Die Sentrale bestuur is oortuig dat dit alleen aan die kerk voldoende waarborg kan gee dat die basiese teologiese opleiding van die kerk in die hande van persone wat deur die kerk daartoe afgesonder is, sal bly” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode*

---

<sup>4</sup> In die dissertasie word die historiese verwysings gebruik byvoorbeeld Bantoe-onderwys

NGKA, 1971:230). Van drie van dié universiteite, te wete Turfloop, Ngoye en Fort Hare word voorstelle ontvang vir gronde waarop die kerk met hulle kon saamwerk. Turfloop Universiteit stel voor dat kerklike opleiding by die onverbonde teologiese fakulteit ingeskakel moes word sodat 'n deel van die opleiding in teologiese vakke deur kerklike dosente onder toesig en beheer van die universiteit gedoseer sou word. Sodanige opleiding deur kerklike dosente moes so ingeskakel word dat die normale universitêre beginsels en masjinerie nie verlaag en ontwig word nie en ook sodat die bestaan en onverbonde karakter van die teologiese fakulteit nie in gevaar gestel word nie (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA* 1971:231).

Wyse van inskakeling van kerklike dosente by fakulteit teologie: Kerklike dosente kon as universiteitsdosente aangestel word. Hulle sou deur die kerk genomineer, maar deur die universiteit aangestel word en sou onder dieselfde verpligtinge as universiteitsdosente staan. Hulle sou by 'n departement van die fakulteit, naamlik Praktiese Teologie ingeskakel word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Verder stel Turfloop voor dat 'n meewerkende kerk hoogstens een van sy dosente op hierdie wyse aanstel. Kerklike teologiese inrigtings kon by die fakulteit teologie ingeskakel word, maar moes in sy geheel (kwalifikasies, ondervinding van personeel, standaard van onderrig, toelatingsvereistes, ens.) op universitêre peil wees ten einde as geassosieerde inrigting erken te word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Hoogstens twee inrigtings sou op dié wyse neweliggend aan die universiteit deur die universiteit ingeskakel kon word. Meer as een kerk kon in 'n bepaalde inrigting saamwerk.

Een verteenwoordiger van elke inrigting wat as geassosieerde inrigting erken is, sou slegs ten opsigte van opleidingsake wat die betrokke geassosieerde inrigting raak, sitting op fakulteit teologie en die senaat van die universiteit hê. Die minimum kerndeel wat deur die universiteitsdosente behartig sou word en die maksimum gedeelte wat deur kerklike dosente behartig kon word, sou bepaal word. (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Ngoye Universiteit het aangebied dat kerklike dosente by dié universiteit ingeskakel kon word, met die voorbehoud dat hulle net verantwoordelik vir die dosering van die volgende vakke sou wees: Boodschap van die Ou en die Nuwe Testament en Simboliek, Geskiedenis van die betrokke kerk, Kerkreg, en Praktiese Teologie. Ander vakke sou deur universiteitsdosente gedoseer word.

Die meewerkende kerke sou hul eie leerplanne vir oorweging en goedkeuring aan die universiteit kon voorlê met betrekking tot vakke wat deur kerklike dosente gedoseer word (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Fort Hare

Universiteit het in medewerking met die lede van die fakulteit teologie en die dosente van Decoligny die volgende voorstel voorgelê. Die voorstel was egter ten tye van die Algemene Sinode van die NGKA 1971 nog nie deur die senaat of die raad goedgekeur nie. Voorstel van Fort Hare Universiteit: Fort Hare bied vanaf 1971 'n nuwe graad B. Th. In die plek van die ou BA. Teologie aan wat behalwe Grieks en Hebreeus, die volgende vakke insluit: Bybelkunde, Sistematiese Teologie, Kerkgeskiedenis, Wysbegeerte van Godsdiens en Vergelykende Godsdiens, sowel as Pastorale Teologie. Die kursus strek oor drie jaar. (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231 en kon oorgaan in 'n doktorsgraad. Die kursusse en vakke word so gereël dat 'n student wat by Fort Hare suksesvol Bybelkunde II, Sistematiese Teologie II, Kerkgeskiedenis II, Grieks I, Pastorale Teologie I en Hebreeus I, afgelê het, na die tweede jaar na Decoligny kon terugkeer vir 'n verdere 3 jaar teologiese opleiding.

In die drie jaar op Decoligny is die oorblywende vakke, wat die kerk vereis aan sodanige student gedoseer. Verder word hy deur die dosente van Decoligny gehelp met voltooiing van B.Th. III. Laasgenoemde word soos volg gedoen: Die dosente word individueel deur Fort Hare gekeur. Die dosente van Decoligny behartig self die opstel en nasien van die vraestel, terwyl die dosente van Fort Hare as eksterne eksaminatore optree (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Bogenoemde voorstelle behels egter dat 'n deel van die basiese opleiding uit die hande van die persone deur die kerk daarvoor afgesonder, geneem word.

Die Sentrale Bestuur sien dit as 'n struikelblok. Verteenwoordigers van die Sentrale bestuur vergesel deur Dr. F.E. O'Brian Geldenhuys en Prof. E.P. Groenewald van die NGK, vergader met die minister van onderwys, Mnr. M.C. Botha, wat aanbied dat hy soortgelyke samesprekinge met verteenwoordigers van belanghebbende kerke sou voer (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231). Die minister onderneem om 'n vergadering van verteenwoordigers van die sogenaamde Bantoe-universiteite byeen te roep ten einde 'n basis van samewerking tussen dié universiteite en kerke te bespreek. Hierdie basis was onderhewig aan die goedkeuring van die minister en sou as grondslag dien vir bepaalde ooreenkomste tussen die universiteite en die kerke omdat, volgens die destydse wetgewing en regulasies sodanige ooreenkomste nie tussen die minister en kerke aangegaan kon word nie (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231).

Die Algemene Sinode van die NGK neem in dié verband die volgende besluit: “Die beginsel dat 'n basis vir samewerking met die teologiese fakulteite van universiteite vir die

opleiding van Bantoeleeraars<sup>5</sup> gesoek word, word goedgekeur” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:232). Die volgende versekering wat van minister M.C. Botha gevra is ten opsigte van onderstaande, is deur die Algemene Sinode van die NGKA goedgekeur:

Die leerstellige basis van die teologiese fakulteite en die opleiding wat aangebied sal word. Die leer en lewe van die dosente en professore en by name dat die aanstelling en beëindiging van diens tot bevrediging van die kerk gereël sal word. Die voortsetting van die bestaande ministeriële reëling waarvolgens die teologiese skole doseerwerk onder toesig en leiding van die teologiese fakulteite van die Bantoe-universiteite kon doen, met die oog op verkryging van grade van die universiteite. Die tussentydse reëlings waarvolgens kerklike en universiteitsprofessore in die opleiding kon saamwerk, en dat dit “vir ’n oorgangstadium en groeiproses voorsiening maak totdat die prinsipiële standpunt gerealiseer kan word” (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231).

Bovermelde ooreenkomste lei daartoe dat kerklik-teologiese fakulteite of fakulteite wat die kerk met die opleiding van sy leraars vertrou het, verseker is. Die ASSK en die Sentrale bestuur van die Stofberg Teologiese Skole ontvang opdrag om met die onderhandelinge voort te gaan en, indien dit voor die volgende sinode gefinaliseer moes word, van die Breë Moderatuur goedkeuring vir ooreenkomste met die universiteite te verkry (*Agenda Derde Vergadering van die Algemene Sinode NGKA*, 1971:231).

### 3.6.3. Die vierde Algemene Sinode van die NGKA in 1975

Sedert 1975 het die Sentrale bestuur uit ’n gelyke getal NGK- en NGKA-vertegenwoordigers bestaan. Wat die finansiële bydraes betref, het die *status quo* dieselfde gebly, behalwe dat die bydraes aan die streeksinodes van die NGK oorgedra moes word en dat die NGKA bly voortgaan met hul bydraes deur haar streeksinodes. (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:101). Alhoewel daar ’n styging in getalle betreffende afgestudeerde leraars by Turfloop en Witsieshoek voorkom, blyk dit dat in terme van die breë prentjie die getalle gedaal het. Volgens die verslag van die vier teologiese skole wat op die NGKA-sinode 1975 gelewer is, was daar ’n groeiende behoefte aan leraars. Die studentegetalle by die vier teologiese skole onder die beheer van die Sentrale bestuur, naamlik Turfloop, Decoligny, Dingaanstaat en Witsieshoek was soos volg: (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:102).

|      |                      |    |             |    |                    |    |
|------|----------------------|----|-------------|----|--------------------|----|
| i.   | Turfloop Leraars     | 31 | Evangeliste | 37 | Kerklike Werksters | 15 |
| ii.  | Decoligny Leraars    | 6  | Evangeliste | 7  | Kerklike Werksters | 4  |
| iii. | Dingaanstaat Leraars | 7  | Evangeliste | 12 | Kerklike Werksters | 0  |
| iv.  | Witsieshoek Leraars  | 27 | Evangeliste | 24 | Kerklike Werksters | 0  |

<sup>5</sup> In die dissertasie word die historiese verwysings gebruik.

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die stygende getalle leraars en evangeliste op Turfloop en Witsieshoek, maar betreur terselfdertyd die gebrek aan belangstelling ten opsigte van teologiese opleiding in die algemeen. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die kerk om voornemende kandidate tot teologiese studie aan te moedig (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:102). Die Algemene Sinode ondersoek die groeiende behoefte aan leraars en verleen ook aandag aan die sending, evangelisasie, jeugwerk en soortgelyke kerklike aksies. (*Agenda van die Agste Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:102). Wat die ooreenkomste met die universiteite betref, is is tot 'n vergelyk gekom dat teologiese opleiding aan universiteite, aangebied word met dien verstande dat die kerk sy seggenskap oor die inhoud daarvan behou.

Die Algemene Sinode neem met dank en waardering kennis daarvan dat al die teologiese skole van die NGKA ooreenkomste met die onderskeie universiteite bereik het en die doelstelling van die Algemene Sinode bereik is, naamlik dat leraarsopleiding van die NGKA aan universiteite sou kon plaasvind en dat leraars sodoende tersiêre -opleiding kon ontvang en grade en diplomas kon verwerf (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:102).

Die teologiese skole van die NGKA het soos volg by die verskillende universiteite ingeskakel: Turfloop het met die Universiteit van die Noorde geskakel, Decoligny met die “*verwyderde kampus*” van die Universiteit van Fort Hare, Dingaanstad met die Universiteit van Zululand en Witsieshoek, soos Decoligny met die sogenaamde “*verwyderde kampus*” van die Universiteit van Zululand (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:102).

Die ooreenkomste deur die vier teologiese opleidingsentra (Turfloop, Decoligny, Dingaanstad en Witsieshoek) is so geformuleer dat die NGKA haar seggenskap oor die inhoud van die leerplan behou het (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:102). Twee vorige verslae van die Sentrale bestuur, te wete dié van 1967 en 1971 meld dat dosente die titel "professor" sou kon ontvang. Dit blyk volgens die verslag aan die derde vergadering van die Algemene sinode van die NGKA. Wat verdere studies betref, kon leraars hul studies voortsit aan die universiteite w sodanige ooreenkomste aangegaan is (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:103). Die Algemene Sinode versoek die NGK om deur haar sinodale sendingkommissies beurse vir voornemende leraars beskikbaar te stel. Die Algemene Sinode verleen toestemming aan die scribe van die Sentrale bestuur om die A.M.-Hofmeyerstudiefonds onder die aandag van die ringe te bring met die versoek dat die gemeentes aangespoor word om tot die studiefonds by te dra (*Agenda van die Vierde*

*Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:103). Die Algemene Sinode doen verder 'n beroep op leraars om hul gevorderde teologiese studies deur die bestaande teologiese opleidingsentra en nie elders te doen nie (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:103). Wat opleiding betref, is die volgende belangrik:

- i. 'n Jaar afslag op hul studie aan evangeliste in die leraarsklas.
- ii. Moedertaalonderrig.
- iii. Die inskakeling van die Teologiese Skool Orumana, Suidwes-Afrika by die Teologiese Skole, Stofberg.
- iv. Met (iii) sal die beleid en koördinerings steeds by Sentrale bestuur berus.
- v. Erkenning van die kwalifikasie, B.A. Teologie.
- vi. Die opleiding van die bedienaars van die Woord uit sy eie bevolkingsgroepe is die verantwoordelikheid van die NGKA.
- vii. Elke skool sal 'n eindeksamen-kommissie aanstel.
- viii. Die evangelis sal nie as bedienaar van die Woord bekend staan nie. Die amp is gesetel in die leraar (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:104).

Die Algemene Sinode het wysiginge aan die *Reglement van die NGK, Teologiese Skole, Stofberg* goedgekeur. Die sinode stel voor dat Art. 1 gewysig word ten einde dit duidelik te stel dat die opleiding van bedienaars van die Woord uit sy eie bevolkingsgroepe die verantwoordelikheid van die NGKA is.<sup>6</sup> Die NGKA was van mening dat hulle die verantwoordelikheid met die NGK deel soos in die reglement neergelê. Die Algemene Sinode het aanbeveel dat 'n gelyke getal verteenwoordigers (met secundi) verteenwoordigend van elke streeksinode van die NGKA op die Sentrale bestuur dien. Die NGK onder die Bantoe in Suidwes-Afrika kon hul eie verteenwoordigers op die Sentrale bestuur benoem (*Agenda van die Vierde Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:104) (Let op Bylaag 2: *Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleeraars en -evangeliste*). Die Algemene Sinode het soos volg besluit rakende teologiese opleiding in Botswana: "Die sinode besluit dat dit die Ring van Mochudi vry staan om saam te werk in die genoemde teologiese opleiding in Botswana, onder die volgende voorwaardes: Kandidate wat by die betrokke inrigting studeer, sal daarna voor die Sentrale bestuur van Stofberg verskyn wat deur sy betrokke kommissies die leer en bekwaamheid van die broeder sal ondersoek en sal bepaal waaraan die broeder nog moet voldoen om gelegitimeer te word of as evangelis toegelaat te word deur die NGKA".

Ds. A.T. Barry spreek die Sentrale bestuur in 1976 toe oor die Botswana Théological Training Program (BTTP) en wys op die begeerte by die ring van Mochudi in Botswana om by die teologiese program van die NGKA in te skakel. Hy wys egter daarop dat die saak nog nooit voor die sinode van Noord-Transvaal, NGKA gedien het nie. Die Sentrale bestuur stel

---

<sup>6</sup> In die dissertasie word die historiese verwysings gebruik byvoorbeeld Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Bantoe



voor dat die ring eers die saak aan die sinode van Noord-Transvaal voorlê. Die Sentrale bestuur onderneem om, indien die sinode van Noord-Transvaal genoemde versoek goedkeur, op die volgende vergadering weer aandag aan die saak te gee. Op die vergadering van 1977 neem die Sentrale bestuur daarvan kennis dat die sinode van Noord-Transvaal die aansoek van die ring van Mochudi gunstig oorweeg het. Op die Sentrale bestuursvergadering in 1978 is die saak weer deur Ds. A.T. Barry namens die ring van Mochudi voorgedra. Nadat die saak deeglik bespreek is, verleen die Sentrale bestuur goedkeuring daartoe dat die opleiding op beperkte skaal in Botswana begin word. Aanvanklik sou een dosent beroep word. Hy sou die lesings in samewerking met die dosente van die Stofberg Teologiese Skole aanbied. Op sy vergadering van 1979 neem die Sentrale bestuur kennis van die volgende:

- i. Die Ring van Mochudi aanvaar die besluit van die Sentrale bestuur met dankbaarheid. Daar word begin met die nodige reëlins plaaslik.
- ii. Die Ring van Mochudi versoek later weer die Botswana skakelkommissie om die saak in herooring te neem. Op daardie stadium blyk dit vanweë die vooruitsig van kerkstigting in Botswana binne die afsienbare toekoms onprakties om met teologiese opleiding daar te begin.
- iii. Die Ring van van Mochudi gaan van die standpunt uit dat teologiese opleiding in daardie stadium nie losstaande van die stigting van 'n selfstandige kerk wat vir Botswana in die vooruitsig gestel word, hanteer moet word nie en versoek die Sentrale bestuur om vir die interimperiode 'n weg te vind waarlangs voornemende studente gehelp kan word.
- iv. Die Sentrale bestuur besluit om weer die moontlikheid te ondersoek om studente vir die interimperiode by bestaande skole in te skakel. Indien die moontlikheid uitvoerbaar blyk te wees, sou fondse gevind word om hierdie studente met hul studies te help (Let op Bylaag 1: *Besluite geneem deur die Sentrale bestuur na aanleiding van die verslag van die kommissie vir omvattende ondersoek na teologiese opleiding aan die Stofberg Teologiese Skole van NGKA*).

#### 3.6.4. Die Vyfde Algemene Sinode van die NGKA in 1979

Teen 1979 was gelyke verteenwoordiging op die Sentrale besture in beide die NGK en die NGKA se verskillende streeksinodes, gevestig. Die Sentrale bestuur sien soos volg uit: Die verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika:

- i. Kaapland: Ds. L.T. Buso,
- ii. Natal: Ds. M.A. Dlamini,
- iii. Oranje-Vrystaat: Ds. N.W. Basson,
- iv. Noord-Transvaal: Ds. L.K. Mabusela,
- v. Suid-Transvaal: Ds. M.K. Motlhale,
- vi. Phororo: Ds. J.M. Lebone.
- vii. Addisionele Lede: Di. E.T.S. Buti en P.M. Khunong. (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA 1979: 125*).

Na Ds. E.T.S. Buti se heengaan is sy plek gevul deur Ds. M.J. Ramolahlehi. Nadat ds. Motlhale uit die bediening getree het, is sy plek gevul deur Ds. J. Selamolela (*Agenda van die*



*Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, 1979:125*). Die verteenwoordigers van die N.G.K.:

- i. Algemene Sinode: Ds. P.E.S. Smith,
- ii. Kaapland: Ds. J.J. Sieberhagen,
- iii. Oos-Kaap: Ds. J. Claasen,
- iv. Natal: Ds. I.J. Haasbroek,
- v. Oranje-Vrystaat: Ds. D.S. Snyman,
- vi. Wes-Transvaal: Ds. P. van Niekerk,
- vii. Noord-Transvaal: Dr. J.P. Theron
- viii. Suid-Transvaal: Dr. C. H. Badenhorst,
- ix. Suidwes Afrika: Ds. P.D. Strauss (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA 1979: 125*).

Die rektore van die verskillende teologiese skole het ook sittingsreg op die Sentrale bestuur gehad, naamlik Turfloop: Prof. A.S. van Niekerk (vanaf 1979-vergadering; opgevolg deur prof. J.A. van Wyk), Decoligny: Prof. J. du Preez (na sy aftrede opgevolg deur Prof. P.P. Kamfer), Dingaanstad: Prof. M.S. van Rooyen, Witsieshoek: Prof. A.A. Odendaal, Orumana: Prof. W.J. van der Merwe (na sy aftrede opgevolg deur ds. J. Veitch) (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA 1979: 125*). Die Sentrale Bestuur neem ook kennis daarvan dat Prof. A.A. Odendaal aan die einde van 1979 as rektor en scriba van die Sentrale bestuur sou aftree. Prof. D.R. de Villiers is met ingang 1979 as rektor van die Teologiese Skool, Witsieshoek en scriba van die Sentrale bestuur benoem (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA, 1979: 125*). Met die destydse Suidwes-Afrika ingesluit, was daar vyf skole onder die beheer van die Sentrale bestuur. Die vyfde skool staan bekend as Orumana. Voordat Orumana in 1976 ingeskakel het, was daar altesaam 21 doserende poste (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA, 1975:126*).

Die Algemene sinode neem kennis van die volgende gegewens oor getalle studente by die verskillende skole gedurende 1975-1978 (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA, 1975:126*).

| Totale van bogenoemde | 1975 |    | 1976 |    |     |    | 1978 |    |     |    | 1977 |    |     |    |     |    |
|-----------------------|------|----|------|----|-----|----|------|----|-----|----|------|----|-----|----|-----|----|
|                       | Rol  |    | Toe  |    | Rol |    | Toe  |    | Rol |    | Toe  |    | Rol |    | Toe |    |
|                       | L    | E  | L    | E  | L   | E  | L    | E  | L   | E  | L    | E  | L   | E  | L   | E  |
| Decoligny             | 6    | 8  | 1    | 4  | 6   | 11 | 1    | 1  | 8   | 20 | 1    | 4  | 8   | 11 | 2   | 5  |
| Dingaanstad           | 7    | 7  | 0    | 6  | 8   | 8  | 0    | 3  | 5   | 14 | 3    | 1  | 5   | 16 | 1   | 2  |
| Turfloop              | 36   | 29 | 4    | 4  | 35  | 21 | 6    | 6  | 32  | 8  | 1    | 4  | 27  | 5  | 4   | 1  |
| Orumana               | 26   | 26 | 6    | 8  | 24  | 23 | 6    | 5  | 20  | 27 | 3    | 10 | 26  | 26 | 1   | 4  |
|                       | 75   | 70 | 11   | 22 | 73  | 63 | 13   | 15 | 65  | 69 | 8    | 19 | 66  | 58 | 8   | 12 |
| Witsieshoek           | 3    | 13 |      |    | 3   | 7  | 0    | 3  | 3   | 7  | 1    | 5  | 1   | 2  | 1   | 1  |
| <b>TOTALE</b>         | 78   | 83 | 11   | 22 | 76  | 70 | 13   | 18 | 68  | 76 | 9    | 24 | 67  | 60 | 9   | 13 |

**Kode:**

Toe: Toegelaat tot bediening.

L: Leraarstudente.

E: Evangelisstudente.

Van die studente wat op die rol van Turfloop was, het sommige aan die Hervormde Kerk in Afrika behoort: Hervormde Kerk in Afrika:

**1975:** L: 5, E: 5; **1976:** L: 8, E: 3; **1977:** L: 7, E: 1; **1978:** L: 7, E: 1.

Uit bogenoemde syfers blyk dit dat gedurende die tydperk 1975-1978 by die teologiese skole van die NGKA 40 leraars en 68 evangeliste toegelaat is. Aan die einde van 1978 was 66 leraarsstudente en 58 evangelisstudente in opleiding aan die verskillende teologiese skole van die NGKA. (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:126).

Die Algemene sinode neem met dank kennis daarvan dat die teologiese skole van die NGKA, te wete Turfloop, Witsieshoek, Decoligny en Dingaanstat op bevredigende wyse met die Universiteite van die Noorde, Zululand en Fort Hare geskakel het. (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:127). Hierdie skakeling het tot gevolg gehad dat vier leraars teen die einde van 1976 op Turfloop gelegitimeer is met die kwalifikasies B. Teol., BD en aan die einde van 1978 drie met die kwalifikasie B. Teol. Te Decoligny was aan die einde van 1977 slegs een student gelegitimeer met die kwalifikasie B. Teol. Gedurende Mei 1979 het die eerste twee studente van die Teologiese Skool Witsieshoek, as ingeskrewe studente van die Universiteit van Zululand-hulle B. Teol.-grade ontvang. (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:127). Gedurende die reses het die Sentrale bestuur weer die aangeleentheid van die skakeling van die Turfloop Teologiese Skool met die Universiteit van die Noorde opgehaal.

Die Universiteit van die Noorde het 'n lektor wat aan die Rooms Katolieke Kerk behoort, aangestel wat ook lesings aan studente van die NGKA sou aanbied (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:127). Die samesprekings van die Sentrale bestuur en die universiteitsowerhede lei tot onderhoude met die minister van onderwys en het tot gevolg dat 'n nuwe ooreenkoms bereik is, dat die skool op Turfloop met ingang 1979 'n kerklike afdeling van die fakulteit teologie van die Universiteit van die Noorde was. Die nuwe ooreenkoms was 'n stappie in die rigting van die ideaal wat die kerk ten opsigte van sy teologiese opleiding nagestreef het, naamlik dat die opleiding aangebied word in 'n kerklike fakulteit van 'n universiteit (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA*). Dit hou ook verskeie voordele vir die kerk in:

- i. Die kerk verkry volle seggenskap oor sy studente terwyl die universiteit verantwoordelikheid neem vir die verloop van die

- administrasie en die handhawing van die standaard van opleiding betreffende die grade wat die universiteit aanbied
- ii. Die kerk stel sy eie dosente aan onderhewig aan die goedkeuring van die universiteit.
  - iii. Alle voltydse dosente geniet sitting op fakulteit teologie van die universiteit.
  - iv. Die kerklike afdeling kon sy eie leergange sowel as leerplanne onderhewig aan die goedkeuring van die universiteit bepaal en opstel.
  - v. Die kerklike afdeling kon ook van die dosente van die universiteit gebruik, en andersom.
  - vi. Studente word deur die kerklike afdeling namens die universiteit ingeskryf. Hulle is dus onderworpe aan die reëls van beide die kerklike afdeling en die universiteit.
  - vii. Volgens hierdie nuwe reëling kon 'n inrigting van die kerk wat van die universiteit verwyderd was ook as 'n kerklike afdeling van fakulteit teologie ingeskakel word.
  - viii. Dit wil voorkom asof hierdie nuwe basis van skakeling met die universiteit ook vir ander skole in hulle skakeling met universiteite goed te pas sou kom.
  - ix. Aangesien die moontlikheid van nog voordele vir die kerk bestaan het, het die Sentrale bestuur die Dagbestuur opdrag gegee om voort te gaan met onderhandelinge. Sodra die finale ooreenkoms bereik is, sou 'n kopie daarvan aan die regskommissie van die Algemene sinode deurgestuurd word vir die nodige aandag en verslag aan die ASK (*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA*, 1975:126-128).

Die memorandum dien voor die Sentrale bestuur op sy vergadering van April 1979 (Let op Bylae 2). Die Sentrale bestuur neem van die memorandum kennis en neem op grond daarvan die volgende besluit wat aan die Algemene Sinode deurgegee word vir goedkeuring: "Die Hoogerwaardige Sinode word versoek om in die lig van die bevindings, soos uiteengesit in die memorandum, sy besluit in verband met een teologiese skool in heroorweging te neem."

### **3.6.5. Die Sesde Algemene Sinode van die NGKA in 1981**

Die situasie rondom die personeel en die aantal skole is steeds soos aangedui in die vorige verslag. Dit blyk uit die statistiek dat daar 'n toename in die aantal studente is wat as evangeliste afstudeer. In terme van die opleiding van evangeliste het die Algemene Sinode van 1979 die volgende besluit geneem:

"Die Sinode besluit dat die opleiding van evangeliste gestaak moet word. Elke streeksinode sal egter besluit vir hoe lank die opleiding binne sy ressort nog sal voortgaan met verslag en goedkeuring van die Algemene Sinode". Uit die verslae blyk dit dat die opleiding van evangeliste op Turfloop (1980) en Decoligny (1982) ten einde geloop het (*Agenda van Sesde Algemene Sinode van die NGKA*, 1981:142) (Sien Bylaag 2 oor die Reglement vir die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleraars en Evangeliste*).

Vir die oud-evangeliste wat as leraars opgelei wou word, was Grieks en Hebreeus nie verpligtend nie. (*Agenda van die Sesde Algemene Sinode van die NGKA*, 1981:143). 'n Persoon moes drie jaar lidmaat wees alvorens hy/sy as leraar opgelei kon word. (*Agenda van die Sesde Algemene Sinode van die NGKA*, 1981:144-145). Die Stofberg Teologiese Skole was soos volg by universiteite ingeskakel:

- i. Sedert 1 April 1982 is Witsieshoek volledig by die Universiteit van die Noorde ingeskakel,
- ii. Turfloop is ook by die Universiteit van die Noorde ingeskakel,
- iii. Decoligny is by die Universiteit van Fort Hare ingeskakel,
- iv. Dingaanstad is by die Universiteit van Zoeloeland ingeskakel. (*Agenda van die Sesde Algemene Sinode van die NGKA*, 1981:145-146).

Ten opsigte van groter beheer oor teologiese opleiding deur die NGK in Afrika besluit die Algemene Sinode van die NGKA 1981 soos volg:

- i. Die beleid ten opsigte van sy teologiese opleiding sal geheel en al by die Algemene Sinode van die N.G.K.A. berus.
- ii. Die Sentrale Stofbergbestuur hou op om in sy huidige vorm te bestaan. Die gespreksforum ten opsigte van teologiese opleiding word voortgesit deur kommissies waarop belanghebbende sinodes van die N.G.K. en die N.G.K.A. en die betrokke dosente verteenwoordig is.
- iii. Kuratoria word in die lewe geroep in die plek van plaaslike besture waarop belanghebbende kerke verteenwoordig sal wees soos onderling ooreengekom mag word. Hierdie kuratoria van die verskillende skole sal al die belange van die kerk ten opsigte van teologiese opleiding behartig, met verslag aan die sinodes. In die lig van bogenoemde word die Reglement vir die Ned. Geref. Teologiese Stofberg voorsien.
- iv. Die aanvaarde Gereformeerde beleidsrigtinge ten opsigte van teologiese opleiding word verskans deurdat wysiginge slegs deurgevoer kan word indien die Algemene Sinode NGKA. en die Streeksinodes dit met 'n tweederde meerderheidstem aanvaar.
- v. Die Sinode gee volmag aan die ASSK en die Breë Moderatuur (N.G.K.) om hierdie hele sake oor die beheer, soos vervat in bogenoemde aanbevelings te finaliseer.
- vi. Die Sinode word gevra om dit te oorweeg om die naam "Stofberg" ten opsigte van teologiese opleiding op een of ander wyse te hou." (*Agenda van die Sesde Algemene Sinode van die NGKA* 1981:148).

### 3.6.6. Algemene Sinode van die NGKA in 1987

Daar was 'n toename in afgestudeerde leraars. In terme van die verbintenis van die teologiese skole met die onderskeie universiteite doen die Sentrale bestuur soos volg verslag:

- i. Die skole van Turfloop en Witsieshoek het goed ingeskakel.
- ii. Die skole van Decoligny en Dingaanstad het nog nie goed ingeskakel nie en word versoek vir nouer skakeling. (*Agenda Sewende Algemene Sinode van die NGKA*, 1987:172).

Die leraarskursus van vyf jaar is by die Algemene Sinode tot ses jaar verleng. Die sesjaarkursus is vanaf 1987 by Turfloop en Witsieshoek ingefaseer. Dingaanstad en Decoligny was teen 1987 steeds onderworpe aan die vyfjaarkursus (*Agenda Sewende Algemene Sinode*

van die NGKA, 1987:172-173). By die sewende sinode van die NGKA het die beheer van die Sentrale bestuur oor die Stofberg Teologiese Skole tot 'n einde gekom. (*Agenda Sewende Algemene Sinode van die NGKA*, 1987:173-176).

### **3.6.7. Die agste Algemene Sinode van die NGKA in 1991**

Op die Algemene Sinode van die NGKA, 1991 word gerapporteer dat die opleiding van leraars op Decoligny as gevolg van finansiële probleme in gedrang is (*Agenda van die Agste Algemene Sinode van die NGKA*, 1991:22). Toe daar in 1960 besluit is op die verdeling van die Stofberg Skool het die vraag ontstaan of die opleiding van die Xhosaspreekende studente nie by Alice aangebied moes word nie (*Agenda van die Agste Algemene Sinode van die NGKA*, 1991:22). Daar is egter geoordeel dat die noue assosiasie met die Universiteit van Fort Hare skade aan die reeds ongunstige beeld van die NGKA sou berokken (*Agenda van die Agste Algemene Sinode van die NGKA*, 1991:22). Decoligny se finansiële probleme was hoofsaaklik tweërlei van aard:

- i. stygende koste soos deur alle onderwysinrigtings ervaar.
- ii. die hoofbron van finansiële hulp, naamlik die N.G.K. in Suid-Afrika (Wes-Kaapland), lig die kuratorium in dat sy bydraes as gevolg van sy eie kritieke geldelike posisie vanaf 1988 ingekort word, op 'n glyskaal verminder en in die boekjaar 1991/1992 gestaak word.

Decoligny wat hoofsaaklik deur die NGK gefinansier is, het in 1988 sowat 10% van sy begroting van die Universiteit van Fort Hare ontvang (*Agenda van die Agste Algemene Sinode van die NGKA*, 1991:22).

### **3.7. 'n Kritiese evaluering van die Stofberg Teologiese Skole**

Volgens Kritzinger (2011:127) het die planting van afsonderlike kerke ook 'n beduidende invloed op die teologiese opleiding van die NGKA gehad. Ondergenoemde besluit van die NGK in 1857 lei tot die afsonderlike bediening van die nagmaal aan bruin lidmate van die NGK wat eindelik in 1881 lei tot die stigting van die NGSK in Suid-Afrika en mettertyd ook tot die afsonderlike kerke vir swart- en Indiër-lidmate.

De Synode beskouwt het wenschlik en schrifmatig dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overall waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in de weg zoude staan, de gemeenten uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal (*Acta NGK 1857:58, 60, 89, XII (5)*).

Vir swart mense is die volgende kerke in die onderskeie provinsies in Suid-Afrika gestig, naamlik NG Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat (1910), NG Sendingkerk van Transvaal (1931), NG Bantoekekerk in Kaapland (1951) en die NG Sendingkerk van Natal

(1952) (Plaatjies-Van Huffel ).<sup>7</sup> In 1963 verenig hierdie sinodes as die Algemene sinode van die NGKA). Volgens Smith (1972:386-388) versaa die NGK met die stigting van die afsonderlike rasgebaseerde sendingkerke die gereformeerd-presbiteriale beginsels:

- i. Die NGK in Suid Afrika was eensydig in haar inisiatief met die stigting van kerke vir anderskleuriges. Daar het nie reg geskied betreffende die meewerkende instemming van die nie-blanke gemeentes met hulle konstituering tot 'n kerkverband nie.
- ii. Hierdie vorming van 'n kerk vir gekleurdes sonder die daadwerklike begeerte van die gekleurdes moet daarom eerder beskou word as kerkoorplanting in plaas van kerkplanting.
- iii. Met die stigting van kerke vir gekleurdes het die N.G.K. in Suid Afrika beheer oor die kerke behou, in die mate dat verteenwoordigers stemreg op sodanige kerkvergaderings geniet het.
- iv. Daar is ook nie voorsiening gemaak vir enige wesenlike kerkverband tussen die NGK in Suid Afrika en die kerke van die gekleurdes nie. Die kerke moes deur NGK in Suid Afrika tot selfstandigheid gelei word.
- v. In die daarstelling van afsonderlike kerke vir gekleurdes het die NGK in Suid Afrika haar grootliks laat lei deur die eise van die praktyk.

Volgens Smith (1972:388-392) bied die katolisiteit van die kerk aan die NGK die ruimte vir die verinheemsing van die kerk onder die verskillende bevolkingsgroepe. Die NGK in Suid Afrika tree vanuit 'n Westerse perspektief op deurdat sy haar eie stempel op haar "dogterkerke" afdruk. Sodoende het die NGK in Suid Afrika min vryheid en selfstandigheid aan die kerke van die gekleurdes oorgelaat, ten einde selfstandig te kon funksioneer. Volgens Smith (1972:381-386) gee die volgende faktore tot die afsonderlike kerke vir gekleurdes aanleiding: 'n Belangrike faktor blyk die bepaalde arbeidspatroon te wees wat sedert hul ontmoeting tussen die wit mense en gekleurdes ontwikkel en wat aanleiding gee tot die invoer van slawe. Die houding van die wit Suid-Afrikaners teenoor die anderkleuriges is te wyte daaraan dat hulle die laasgenoemde as afstammeling van Gam, seun van Noag, beskou het (Kritzinger, 2011:127) in terme van afhanklikheid, die NGKA afhanklik van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (NGK), wat dit raak as hy die volgende noem:

"Afhanklikheid is nie maar 'n ongelukkige verskynsel nie. Dit is 'n dodelike sindroom, 'n siekte wat in vele opsigte skade doen. Dit gaan veel verder en dieper as die finansiële aspek. Dit word 'n mentaliteit, 'n kultuur, 'n manier van dink. Alles wat gesê kan word van die armoede-kultuur is hier ook ter sake. In die eerste plek verlam dit. Dit verhinder die kerk om as missionêre kerk tot sy reg te laat kom en te leef soos wat 'n kerk behoort te leef as God se kerk-vir-andere. In die tweede plek beduiwel dit verhoudings. Daar kan nie regtig goeie gesonde verhoudings wees tussen gewer en ontvanger nie. En in hierdie geval geld dit die verhoudings tussen die afhanklike kerke en die kerk (of sending) wat nog steeds die kerke finansiël aan die lewe hou."

Volgens Van Niekerk (1989:354) kon die akademiese standarde by Turfloop aan die volgende oorsake toegeskryf word:

<sup>7</sup> Plaatjies-Van Huffel, MA.2013. The Belhar Confession: born in the struggle against apartheid in southern Africa. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, vol 39, no 1, pp.185-203



- i. Die politieke stryd waarin die slagspreuk: “*liberation before education*” dikwels opgeklank het, het daartoe bygedra dat die land onregeerbaar gemaak is. Die stryd teen apartheid het ook ’n beduidende rol hierin gespeel. Dit het bygedra tot die verdieping in die aard van die konflik wat gelei het tot die gewelddadige botsings met die veiligheidsmagte. Dit het mettertyd algaande weg soos mis voor die son verdwyn. Dit het veroorsaak dat die leer- en onderrigkultuur grootliks ondermyn word met die verstande dat standarde verlaag het.
- ii. Kulturele verskille het ook daartoe bygedra dat die kultuurgaping al hoe groter word, veral in die denkpatrone en waardestelsels van die Afrika wêreld. Volgens Van Niekerk was daar heelwat, terwyl op Turfloop was heelwat spanning deur die optredes van studente en predikante wat vir hom onverwags en onverstaanbaar was.
- iii. Die swak onderrig wat studente ontvang het. Van Niekerk voer swak skoolopleiding as rede aan.

Bostaande is ’n feit, doodeenvoudig omdat ons in ’n gebroke samelewing bly. Dit gaan nie maklik wees om die teologiese opleiding te verander nie. Hendriks (2014:75) som dit goed op:

“The realities of our continent – its numerous problems and deep pain – confront the church with many challenges. The church is experiencing unprecedented growth which, obviously, is a mile wide and an inch deep. Theological education is being challenged. Can we train pastors and empower the laity to be the proverbial salt and light to make a difference in society?”

Crafford (1982:590) wys daarop dat indien die NGK enigsins ’n rol in die toekoms wil speel, die NGK aan sekere voorwaardes moet voldoen, naamlik:

- i. "Hy sal moet seker maak dat hy nie 'n geïsoleerde wit eiland op 'n swart kontinent word nie...Die NGK sal moet sorg dat in gesonde gesprek, kontak en wisselwerking met ander kerke sy funksie vervul. Hy kan geen geslote kerk wees nie, maar moet sorg dat die vertrouensverhouding met die Jongkerke uitgebou word. Hy moet één liggaam wees waarvan die verskillende lede in liefde en harmonie met mekaar saamwerk."
- ii. 'n Tweede voorwaarde is dat die NGK baie sensitief moet wees vir die geweldige nood in Afrika op ekonomiese, sosiale, kulturele, onderwys- en politieke terreine."

As gevolg van die NGK se vrees vir die gelykstelling tussen wit en swart Suid-Afrikaners moes afsonderlike kerke vir die verskillende bevolkingsgroepe daargestel word. Die NGK was gekant teen “sosiale gelykstelling” tussen swart en wit en het “sosiale differensiasie of kulturele segregasie” voorgestaan.

Die anderkleuriges moes onder die voogdyskap van die NG Kerk tot selfstandigheid gelei word (Lombard, 1985:321). Die sendingbeleid van die NGK was dus ’n rassebeleid en het inderdaad ’n invloed op die opleiding van leraars vir gekleurdes gehad. Dus was die sending ’n beweging van die NGK na die kerk van die NGKA. In die vyftigerjare tot sestigerjare het die gekleurde kerke meer selfstandig geword, maar die wit NGK wou steeds beheer daarvoor uitoefen. Op daardie stadium was die NGK verantwoordelik vir 8 teologiese skole: 1 vir die NGSK in Bellville, die 4 Stofberg Teologiese Skole (Turfloop, Dingaansat,



Decoligny en Witsieshoek), 3 in die buiteland (Nkoma, Morgenster en Madzimoyo) (Van der Watt, 2003:214 218).

### **3.8. Konklusie**

Die navorser toon in Hoofstuk 3 aan dat 'n gebrekkige kennis van mag en wáár dit gesetel is die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming beïnvloed in so 'n mate dat op 'n diskontinuïteise wyse besluite met betrekking tot teologiese opleiding plaasgevind het. Die beïnvloeding van die NGK op die kurrikullum, aanstelling van dosente, bestuur van teologiese skole van beide die NGKA en die NGSK, fondse, beurse, selfs oor die verskuiwing van die skool, opstel van reglemente en kontrakte, verslaggewing aan die NGK met betrekking tot teologiese opvoeding, asook oor eiendom is aanduiding van die mag wat in primêr die NGK gesetel was. Soos Plaatjies-Van Huffel (2012:78) tereg opmerk het geskiedenis dikwels te doen met die vraag na institusionele kontrole en mag. Die geskiedenis van teologiese opleiding van die VGKSA institusionele kontrole en mag duidelik onderskei word. Die verhaal van die ontwikkeling van teologiese formasie van die NGKA toon duidelik dat die NGKA se teologiese opleiding en bedieningsvorming vir 'n groot deel van die geskiedenis onder die beheer was deur die NGK. Die beheer oor die Stofberg-Gedenkskool was sedert 1908 tot 1946 in die hande van 'n kommissie van die NGK. Die Breë Kommissie het namens die NGK volle beheer op die Stofberg-Gedenkskool uitgeoefen tot 1915. Sedert 1915 met die aanvaarding van die *Konstitusie* was die samestelling van die kommissie effens gewysig, naamlik drie verteenwoordigers van die NGK teenoor die twee verteenwoordigers wat die NGKA verteenwoordig het. Die NGK het behorende aandeel in die Stofberg-Gedenkskool behou. De Villiers verdedig die beheer van die NGK op die Stofberg-Gedenkskool dat “dit heeltemal geregverdig te wees as gevolg van die leeu-aandeel op finansiële gebied ten opsigte van die inrigting”. Finansies word dus as regverdiging aangedui vir die beheer van 'n outonome kerk se teologiese opleiding. Eers teen 1979 was die gelyke aantal verteenwoordiging, van beide die NGK en die NGKA se verskillende streeksinodes op die Sentrale Bestuur van die Stofberg Gedenkskool gevestig.

## **HOOFSTUK 4**

### **‘N HISTORIESE OORSIG VAN TEOLOGIESE OPLEIDING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA VIR DIE TYDPERK 1929 TOT 1994**

#### **4.1. Inleiding**

In **Hoofstuk 3** was aandag verleen aan die teologiese opleiding van die NGKA en word die rol van die Stofberg-Gedenkskool uitvoerig bespreek (1908-1959).

In **Hoofstuk 4** word 'n historiese oorsig van die teologiese opleiding van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika (NGSK) vir die tydperk 1929 tot 1999 gegee. Onder andere word die tydlyn van belangrike Sinode-besluite van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika (NGSK) wat betrekking het op teologiese opleiding aangetoon en terselfdertyd word die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGK) ten opsigte van die teologiese opleiding onder bespreking gebring.

#### **4.2. Die Sendinginstituut van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**

Die Sendinginstituut van die NGK was van 1877 tot 1962 'n opleidingsentrum vir sendelinge in die NGK. Die sendelinge is gewoonlik na die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA), die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Reformed Church in Africa (RCA) beroep. Vanaf 1932 het talle dosente verbonde aan die Sendinginstituut deelyds by die Teologiese Skool van die NGK gedoseer. Dit is dus van belang om in die diskoers met betrekking tot die teologiese opleiding van die NGSK kennis te neem van die daarstelling van die Sendinginstituut asook van die verdere ontwikkeling van die Sendinginstituut.

Ds. Andrew Murray, leraar van die NGK in Wellington, het die Instituut as private stigting onder die toesig van die NGK begin. Sy oogmerk was dat mindergegoede jong manne wat geroepe gevoel het om die evangelie aan die heidene in Suider-Afrika te verkondig, daar opgelei kon word. Ten einde met hul opleiding te kon begin, het Ds. Murray vir George Ferguson van die Verenigde State van Amerika laat kom. Ferguson het vanaf 1877 vir sowat 10 studente teologieklasse aangebied. Die eerste van dié studente is in 1880 gelegitimeer en nog drie die jaar (1881) daarna. Onderrig was uitsluitlik in Engels totdat Eerw. J.C. Pauw, 'n Wellingtonse sendeling, in 1878 as mede-lektor aangestel is (Crafford, 1982: 508-509, Kriel 1978:19). Die eerste gebou, wat in 1883 in gebruik geneem is, het bestaan uit 'n klaskamer, 'n woonstel vir die personeel en slaapkamers vir die studente.

Aangesien die bewoording op die voorgeweld die woord "Samuel" bevat het, het dié gebou weldra as "Samuel" bekend gestaan (Kriel, 1978:23). In 1903 het die Sinode van die NGK die Instituut oorgeneem en van toe af is predikante van die NG Kerk as lektore aangestel: G.F. Marais (1905–1911), J.Rabie (1913–1921), Henri Gonin (1913–1932), D. Lategan (1922–1925), David Wilcocks (1925–1932), G.B.A. Gerdener (1933–1937), C.F. Kies (1933–1962), J.H. Greyvenstein (1935–1962), P.B. Ackermann (1941–1942), A.C. van

Wyk (1943–1962) en C.H. Badenhorst (1951–'62). Laasgenoemde was die eerste (en ook die laaste) afgestudeerde van die Sendinginstituut wat in die personeel aangestel is (Crafford, 1982:509, Kriel, 1978:1920).

Tydens die NGSK Sinode van 1937 wat te “Z.A Gesticht”, Langstraat, Kaapstad plaasgevind het, het die verteenwoordiger van die NGSK op die Kuratorium van die Sendinginstituut, Eerwaarde J.M.N. Breedt, gerapporteer dat die huisvader van die koshuis, eerwaarde J.S. Louw, die skriba van die Kuratorium, gedurende die reses (1934 tot 1937) afgesterwe het. (*Acta NGSK Sinode* 1937:67). Eerw. N.J. Bekker en sy gade is tydens die sinode as huisvader en -moeder van die Sendinginstituut benoem. Ds. Stofberg, die NGK predikant van Wellington, is as die skriba van die Kuratorium van die Sendinginstituut verkies. (*Acta NGSK Sinode*, 1937:68). Drs. G.B.A. Gerdener en J.H. Greyvenstein is deur die NGK as dosente aan die Sendinginstituut aangestel. Dr. G.B.A. Gerdener het egter die beroep as hoogleraar aan die Kweekskool te Stellenbosch aanvaar en het gevolglik slegs tot aan die einde van 1937 as dosent by die Sendinginstituut opgetree (*Acta NGSK Sinode*, 1937:68).

Vanaf 1931 tot 1936 het 39 studente hul studies aan die Sendinginstituut voltooi en in 1937 was daar 23 ingeskrewe studente. Die toelatingsvereistes tot die sogenaamde Teologiese Klasse (soos dit toe bekend gestaan het) is deur die NGK verhoog: 'n geslaagde tweede-jaar BA-aflegging is as vereiste gestel (*Acta NGSK Sinode*, 1937:68). Nie-teologiese vakke, naamlik Sosiologie, Sielkunde, Volkekunde en Opvoedkunde is by die kursus ingesluit. In dié stadium het die Kuratorium aan die NGK Sinode gerapporteer dat die Sendinginstituut nie finansiële die mas kon opkom nie. Die uitgawes oor 'n periode van vyf jaar was by die £16,000. Hierdie uitgawes moes verhaal word deur middel van kollektes, legate, rentes en losies (*Acta NGSK Sinode*, 1937:68). Tydens die NGSK Sinode van 1942 wat op Worcester plaasgevind het, het eerwaarde J.M.N. Breedt, Kuratorium-verteenwoordiger van die NGSK op die Kuratorium van die Sendinginstituut gerapporteer dat geen student van die Sendinginstituut die vorige jaar se eindeksamen afgelê nie. (*Acta NGSK Sinode*, 1942:50-51).

Dit was moontlik te wyte aan die implementering van die verhoogde Admissie-eksamenvereistes. Die Kuratorium van die Sendinginstituut het bevestig dat die Admissievereistes tot die Teologiese Fakulteit voltooiing van die tweede jaar BA was. Gedurende 1942 is slegs drie nuwe dosente aangestel. Die finansiële posisie van die Sendinginstituut het ook verbeter (*Acta NGSK Sinode*, 1942:50). Ondersteuning deur middel van die legate en gemeente-kollektes in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika is aan teologiese studente toegeken. Die Kuratorium van die Sendinginstituut het bevestig dat

die Admissievereistes tot die Teologiese Fakulteit voltooiing van die tweede jaar BA was. Daar was in 1942 slegs 12 studente in die Admissieklas. 'n Fonds is uiteindelik gestig om die Admissiestudente finansiëel te ondersteun en finansiële hulp is van verskeie oorde ontvang. Die Kuratorium van die Sendinginstituut het byvoorbeeld gerapporteer dat “een van ons broeders in die veld het met sy gade £100 hiervoor belowe; 'n ander stuur elke jaar sy £50 op vir hierdie doel” (*Acta NGSK Sinode*, 1942:51).

Die NGK Sinode het die dosente aan die Sendinginstituut vereer met die titel van Professor. Die rede wat vir die besluit aangevoer is, was “die gehalte werk wat hulle gelewer het en dat die studie kursus dit vereis” (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1946:69).

Op die NGSK Sinode van 1950 het eerw. P.P. Joubert, die Verteenwoordiger op die Kuratorium van die Sendinginstituut, gerapporteer dat die getal van ingeskrewe studente aan die Sendinginstituut toegeneem het. Eerw. Joubert was sedert die Sinode van 1946 die verteenwoordiger van die NGSK. Hy was ook agt jaar lank die skriba en kurator van die Sendinginstituut. Eerw. P.P. Joubert het in sy verslag aan die NGSK Sinode van 1950 sy kommer uitgespreek oor die stygende lewenskoste, wat dit vir die studente moeilik gemaak het om finansiëel kop bo water te hou (*Acta NGSK Sinode*, 1950:67). Verder is met dank in die verslag erkenning gegee aan die NGSK-gemeentes wat tot die Instituutfonds bygedra het. Eerw. P.P. Joubert het in die verslag ook die wens uitgespreek dat meer van die NGSK-gemeentes die Instituut-fonds finansiëel sal ondersteun (*Acta NGSK Sinode*, 1950:67). Na die dood van eerw. P.P. Joubert is eerw. C.J. Kriel in sy plek as verteenwoordiger op die Kuratorium van die Sendinginstituut aangewys (*Acta NGSK Sinode* 1954:74).

Die studentegetal in die Sendingklas van 1951– 1954 was soos volg:

| Jaar | Eerstejaar | Tweedejaar | Derdejaar |
|------|------------|------------|-----------|
| 1951 | 19         | 13         | 14        |
| 1952 | 13         | 19         | 13        |
| 1953 | 12         | 13         | 19        |
| 1954 | 18         | 11         | 13        |

Die verteenwoordiger, eerw. C.J. Kriel, het gerapporteer dat alhoewel dit finansiëel nie altyd goed gegaan het nie, was een van die belangrikste doelwitte om die studente met baie min uitstaande studieskuld in staat te stel om hul teologiese studies te voltooi. (*Acta NGSK Sinode*, 1954:75). Die gemeentes was weer eens opgeroep tot volle rentmeesterskap. Eerwaarde C.J. Kriel het verder gerapporteer dat die NGK besluit het om die volgende vier professore te beroep: eerstens dr. C.H. Badenhorst, 'n alumnus van die Sendinginstituut.

(Eerw. J.M.N. Breedts het in sy plek waargeneem tot 1 Julie 1954 omdat dr. Badenhorst vir drie en 'n half jaar verbonde was aan die *Regeringskommissie vir Sosio-Ekonomiese Ontwikkeling van Naturelle-gebiede*.) Die ander drie professore was: C.F. Kies, J.H. Greyvenstein en A.C. van Wyk. Die NGK het die volgende besluit:

- i. Die Teologiese kursus is verleng tot vier jaar. Studente wat vanaf 1954 tot die teologiese klasse toegetree het sal dus 'n vierjarige kursus soos Stellenbosch en Pretoria volg.
- ii. Die leerplan is in hersiening geneem en noodsaaklike vakke is daartoe bygevoeg. Die leerplan soos dit tans is, bied seer seker 'n deeglike opleiding aan manne wat onder moeiliker omstandighede tot die Sending moet toetree (*Acta Sinode NGSK, 1954:75*).

Die NGSK Sinode 1954 het die volgende aanbevelings goedgekeur:

- i. Die H.E. Sinode het sy waardering en erkentlikheid vir die bydrae wat wyle eerwaarde P.P. Joubert as verteenwoordiger op die Kuratorium vir baie jare beteken het.
- ii. Die H.E. Sinode het ook sy dank en waardering teenoor die NGK uitgespreek vir die opleiding van haar seuns as leraars van die NGSK.
- iii. Die H.E. Sinode het die NGK bedank vir die verlenging van die Teologiese kursus.
- iv. Die H.E. Sinode het ook sy dank en waardering teenoor die professore van die Sendinginstituut vir hulle dienste uitgespreek. Prof. dr. Badenhorst was as dosent verwelkom en word 'n lang en geseënde dienstryd as dosent toegebid.
- v. Die Sinode het 'n beroep gedoen op Kerkrade om jaarliks 'n opsionele kollekte vir die Sendinginstituut te hou om sodoende nie alleen ter wille van die finansies nie maar veral tot verstewiging van die geestelike band tussen die Inrigting en die NGSK by te dra (*Acta Sinode NGSK, 1954:76*).

Die Sendinginstituut het in 1962 gesluit. Vanaf Januarie 1959 is daar ook nie meer nuwe Admissiestudente toegelaat nie (*Acta NGSK Sinode, 1962:52*). Alle voornemende studente is na die Kweekskool op Stellenbosch verwys. Die getalle studente was soos volg: in 1958 was daar 49; in 1959 42; in 1960 31; in 1961 18 en in 1962 8 studente (*Acta NGSK Sinode, 1962:52*). Van die boeke en versameling van die Sendinginstituut is aan die Kweekskool op Stellenbosch geskenk. Die res van die boeke en koshuismeubels is aan die Teologiese Skool op Wellington geskenk (*Acta NGSK Sinode, 1962:52*).

### 4.3. Die opleiding van evangeliste

In die NGSK het die behoefte aan opgeleide werkers vir die kerk uit die kerk ontstaan (Loff, 2009:128). Tydens die Sinode van 1912 van die NGK is die belangrikheid van die “*Evangelisten op die leiden*” tydens die Sinode ter tafel gelê (Loff, 2009:128). Volgens Loff (2009:128) is die opleiding van die evangeliste egter nie bespreek nie Loff (2009:128). Loff (1998:213) dui aan dat Eerw. Herman Dekker tydens die Sendingdag van die Nederduitse Gereformeerde in Suid-Afrika (NGK) in 1915 'n pleidooi gelewer het vir die “opleiding van

kleurlingen-evangelisten”. Die evangeliste uit die NGSK word deur Loff (1998:213) as ‘n “verskynsel” beskou, as ‘n weerspieëling van ‘n tydgenootlike ontwikkeling in sendingkringe.

Die gebruik van die woord “verskynsel” soos gebruik deur Loff, was ook bekend in ander sendingsituasies. Die Church Missionary Society se kategete is opgelei in die Anglikaanse konteks en is later evangeliste genoem (Loff, 1998:214, Loff, 2009:128). Die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (die *Société des Missions Evangelique*) het in Lesotho reeds vanaf 1865 evangeliste opgelei, wat hulle weer somtyds kategete genoem het (De Villiers, 1975:162). Volgens Loff (1998:213) het die voltydse hulpwerkkragte reeds teen 1872 in die NGK as evangeliste bekend gestaan.

#### **4.4. Teologiese opleiding van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk**

##### **4.4.1. Die vroeë ontwikkeling van teologiese opleiding van die NGSK 1924 -1950**

Tydens die NGSK Sinode van 1924 is die belangrikheid van die daarstelling van teologiese opleiding vir die lidmate van die NGSK indringend bespreek. Twee afgevaardigdes, naamlik ouderlinge C. Viljoen van Caledon en B.J. Baron van Woodstock het die begeerte uitgespreek dat “gekleurde mannen” moontlik vir die bediening opgelei kon word (Kriel, 1978:24). Die behoefte vir teologiese opleiding vir die NGSK word dus nie deur die sendelinge nie, maar deur kerkraadslede op die agenda van die Sinode geplaas. Die volgende voorstel deur ouderling C.J. Viljoen en B. Baron, naamlik *“Deze vergadering geeft te kennen dat de tijd aangebroken is dat gekleurde mannen opgeleid worden voor Evangelisten en Leraars der Zendingkerk. Dat de Moeder Zynode gevraagd wordt de zaak te ondersteunen. Deze vergadering spreekt het als haar wens uit dat de opleiding school te Wellington zal wezen”* is eenparig deur die Sinode aanvaar (Kriel, 1978:24).

Die besluit van die NGSK Sinode van 1924 is eers vier jaar later in 1928 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika goedgekeur. Die eerste reglement vir teologiese opleiding is op dieselfde Sinode goedgekeur (Kriel, 1978: 138-149). Teologiese opleiding van die NGSK is deur die NGK beheer. Op 2 Februarie 1929 is die eerste leraarsklas op Wellington geopen. A. Andries en P. Solomon, wat in daardie stadium evangeliste was, het hulle vir die leraarsklas ingeskryf.

Die eerste dosente van die Sendingsinstituut was Di. H.T. Gronin en D. Wilcocks, met Eerwaardes J.M.N. Breedt en J.S. Louw. Tydens die NGK Sinode van 1932 is die eerste reglement vir teologiese opleiding goedgekeur (Kriel, 1978:24). Die toelatingsvereistes was voltooiing van die destydse onderwyskwalifikasie van die Kaaplandse Onderwysdepartement asook die slaag van ‘n eksamen in Bybelgeskiedenis en Afrikaans. Die teologiese opleiding het drie jaar geduur.



Die NGK Sinode van 1932 het 'n Kuratorium benoem waarop twee leraars van die NGSK, naamlik J.M.N. Breedt en H.C.M. Grebe, as verteenwoordigers gedien het (Kriel, 1978:24). Die nuutgekose Kuratorium het vir die volgende tien jaar nie vergader nie omrede daar blykbaar geen applikante vir opleiding as leraars aansoek gedoen het nie. Twee studente, A. Andries en P. Solomon, het aan die einde van 1932 hulle teologiese opleiding suksesvol voltooi (Kriel, 1978:24). Die teologiese kandidaat, A. Andries, is op 15 Augustus 1935 te Retreat as een van “de eerste gekleurde mannen” uit die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika as leraar bevestig (Kriel, 1978: 24). Dis onbekend of teologiese kandidaat P. Solomons ooit as leraar bevestig is.

Tot en met 1942 het NGK-lede as die toelatingskommissie vir teologiese opleiding van die NGSK gefunksioneer. Eers op die sinode van die NGSK van 1942 is die eerste twee verteenwoordigers van die NGSK op die toelatingskommissie benoem in die persone van eerw. D.J.A. Jordaan en eerw. C.J. Kriel (Kriel 1978:105). Die toelatingskommissie het bestaan uit vyf lede met sekundi, waarvan twee lede met sekundi deur die NGSK benoem kon word. Verder is die Teologiese Skool deur vyf kuratore waarvan drie lede van die Binnelandse sendingkommissie en enige twee van die moderatuur van die NGSK was, deur hul aangewys (Kriel, 1978:28). Die NGK het die meerderheidstem in die teologiese opleiding van die NGSK gehad. In 1943 is Isaac David Morkel gelegitimeer. Morkel het aan die Stofberg-Gedenkskool gestudeer en moes 'n deklarasie onder teken alvorens hy in die NGSK beroepbaar gestel kon word (Kriel, 1978:110).

In 1942 is besluit om die teologiese opleiding van die NGSK van Wellington na Worcester te verskuiwe (Kriel, 1978:25), waar die Teologiese Skool vir die NGSK amptelik op 9 Maart 1943 geopen het, met Ds. J. Rabie as dosent, maar dit moes binne enkele weke weens gebrek aan doseerhulp en klaskamergeriewe weer na Wellington oorgeplaas word (Kriel 1978: 25). Die konsistorie van die NGSK gemeente in Wellington is as klaskamer vir teologiese opleiding gebruik. Ds. J. Rabie is bygestaan deur Ds. D. Wilcocks (Sendinginstituut) en G.S. Moller (Friemersheim). Die Teologiese Skool vir die NGSK was nou 'n werklikheid.

Tydens die NGSK Sinode van 1946 wat te Worcester plaasgevind het, het eerwaarde J.M.N. Breedt gerapporteer dat die teologiese opleiding aan die Teologiese Skool vir die NGSK vrugte afwerp (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1946:69). Die studentetal het 'n toename getoon. Die Kuratorium het gerapporteer dat 'n verwisseling van huisouers plaasgevind het, naamlik dat Eerwaarde en Mev. Botha opgevolg is deur Eerwaarde en Mev. Blijnaut (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1946:70). Die hulpfondse het meegebring



dat baie teologiestudente finansiële ondersteun kon word. 'n Admissie-Studente-fonds is gestig wat in daardie stadium etlike duisende ponde beloop het. Die dienste van Ds. Theron van Aliwal-Noord is vir 'n paar maande verkry om as reisende dosent vir die Teologiese Skool van die NGSK op te tree. Dié onderneming was baie suksesvol. Die uitbreiding van die koshuis wat die teologiestudente van die Teologiese Skool gehuisves het, is teen 'n koste van £2 000 gedoen. Groeiende studentetalle het die uitbreiding van koshuisgeriewe noodsaak (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1946:70).

#### **4.4.2. Die ontwikkeling van teologiese opleiding in die NGSK van 1950 tot 1964**

Op 28 September 1950 is Eerwaarde Breedt vir 'n onbepaalde tyd as Hoof van die Sendinginstituut benoem (Kriel, 1978:28). Eerwaarde J.M.N. Breedt se aanstelling in Februarie 1951 is vertraag deur 'n ernstige motorongeluk. Vanaf Junie 1951 het hy egter as hoofdosent die klasse aan die Teologiese Skool vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika waargeneem. Breedt het die dosering van dogmatiek, kerkreg en praktiese teologie vir tien periodes per week as sy verantwoordelikheid aanvaar (Kriel, 1978:32). Tydens die NGSK Sinode wat op 16 Oktober 1950 en die volgende dae te Worcester plaasgevind het, is vier verslae aan die Sinode voorgelê, naamlik *Verslag van die Verteenwoordigers op die Kuratorium van die Inrigting vir die Opleiding van Kleurlingleraars*, *Verslag van die Verteenwoordigers op die Toelatingskommissie van Kleurlingleraars*, *Verslag van die Verteenwoordigers op die kommissie vir die Eindeksamen van Kleurlingleraars* en die *Verslag van die Verteenwoordiger op die Kuratorium van die Sendinginstituut*.

Tydens die NGSK Sinode van 1950 het die Verteenwoordiger op die Kuratorium van die Inrigting vir die Opleiding van Kleurlingleraars, te wete Eerw. P.P. Joubert, gerapporteer dat die nuwe teologiese klas nie op Worcester met hulle teologiese opleiding kon begin nie omdat daar nie voldoende akkommodasie was nie. Gevolglik is besluit om die Kerkraad van die Sendinggemeente op Wellington te nader om die teologiese opleiding daar voort te sit (*Acta NGSK Sinode*, 1950:61). Die Kerkraad van die Sendinggemeente te Wellington het ingestem en het die konsistorie gratis vir teologiese opleiding beskikbaar gestel, tot groot vreugde en dankbaarheid van die Kuratorium. (*Acta NGSK Sinode*, 1950:61).

Die dosente van die Sendinginstituut en Ds. G. Moller van Friemersheim het “teen behoorlike vergoeding vir die doseer van die voorgeskrewe vakke, dienste by die Sendinginstituut gelewer” (*Acta NGSK Sinode*, 1950:63-68). Eerw. D.J.A. Jordaan, van die *Verteenwoordigers op die Toelatingskommissie van Kleurlingleraars* het op die NGSK Sinode van 1950 gerapporteer dat die volgende studente in Februarie 1948 voor die Toelatingskommissie verskyn het, nadat hulle die Bybel-eksamen suksesvol afgelê het: J.G.

Smith, P.L. Krieling en I.J. Theron. In Januarie 1949 is slegs twee studente, naamlik H.M. Beets en J.E. Plaatjies, deur die Toelatingskommissie toegelaat om met teologiese studies te begin (*Acta NGSK Sinode*, 1950:63). Aan die begin van 1950 was daar weer twee studente vir teologiese opleiding toegelaat, een van wie W. Steenkamp was. Net soos Morkel het Steenkamp aan die Stoffberg-Gedenkskool gestudeer en moes hy ook 'n deklarasie onder teken alvorens hy in die NGSK beroepbaar gestel kon word (Kriel, 1978:110). Die Toelatingskommissie het verder die volgende vermeld:

- i. Getal kandidate sedert die vorige Sinode: 7
- ii. Getal studente wat geslaag het: 6
- iii. Getal wat tot die Teologiese klas toegelaat is: 5

Teen die einde van 1950 het drie kandidate die Toelatingseksamen met sukses afgelê. (*Acta NGSK Sinode*, 1950:63-68). Die Toelatingskommissie het verder aangedui dat al die kandidate toestemming gekry het om hul studies privaat voort te sit omdat 'n "inrigting vir opleiding van Kleurlingleraars as sodanig nog nie bestaan het nie" (*Acta NGSK Sinode*, 1950:64). Tot 1942 het die *Kommissie vir die Eindeksamen van Kleurlingleraars* bestaan uit leraars van die NGK. Die NGK was dus tot 1942 in volle beheer van wie as bedienaars van die Woord in die NGSK toegelaat sou kon word. Die Kommissie het Eerwaardes J.M.N. Breedt en P.P. Joubert in 1942 deur die NGSK Sinode as verteenwoordigers van die NGSK in die Kommissie benoem (Kriel, 1978:109). Die Eindeksamenkommissie het aan die Sinode gerapporteer dat sedert die NGSK Sinode van 1946, geen verdere kandidate vir die eindeksamen aangemeld het nie. Die Kommissie het voorts in hul verslag vermeld dat daar wel dié teologiese kandidate was wat aan die einde van 1950 voor die Eindeksamenkommissie sou verskyn (*Acta NGSK Sinode*, 1950:63-68).

Die volgende besluite met betrekking tot teologiese opleiding vir die NGSK is in 1950 deur die Sinode van die NGK in Suid-Afrika geneem en is in dieselfde jaar aan die NGSK sinode voorgelê:

Die M.Th.-graad wat voorheen slegs vir die Kweekskoolstudente van die NGK toeganklik was, sal oopgestel word vir die studente van die Sendinginstituut wat leraars van die Sendingkerk was. Leraars van die NGSK wat aan die Kweekskool te Stellenbosch wil studeer om as leraar van die NGK beroep te word, het "twee jaar afslag gekry, waar dit vroeër een jaar was". Dié studente moes die toelatingseksamen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika aflê. 'n Kweekskoolstudent wat hom beroepbaar in die NGSK wou stel, moes hom by die Eindeksamenkommissie wat die Sendingkerkstudente tot die bediening toelaat, aanmeld (*Acta NGSK Sinode* 1950:68).

Eerwaarde J.C. Steyl van Tulbagh het in die Eindeksamenkommissie gedien en E.H. Holzapfel van Ceres is as sekonduslid van die Sendinginstituut benoem. Tydens die Sinode van die NGSK se sitting op Worcester op 13 Oktober 1954 en in die volgende dae is drie

verslae aan die Sinode voorgelê, naamlik die *Verslag van die Kuratorium van die Teologiese Skool vir die NGSK*, die *Verslag van die Verteenwoordiger op die Kommissie vir die Eindeksamen van Kleurlingleraars*, en die *Verslag van die Verteenwoordiger op die Kuratorium van die Sendinginstituut*. Anders as die verslae wat tydens vorige Sinodes ter tafel gelê was, is hierdie verslae meer volledig (*Acta NGSK Sinode*, 1954: 65). Die lede van die *Kuratorium van die Teologiese Skool vir die NGSK* was soos volg: Eerwaardes C.J. Kriel (Voorsitter), P.S. Latsky, G.L. van Heerden (Algemene Sendingsekretaris van die NGK), J.G. Olivier (Binnelandse Sendingsekretaris van die NGK), E.H. Holzapfel en P.E.S. Smith (Skriba). Die Kuratorium het gerapporteer dat hulle in die reses (1950 tot 1954) 13 gewone en spesiale vergaderings gehou het (*Acta NGSK Sinode*, 1950:68).

Die Kuratorium het die heengaan van wyle Eerwaarde P.P. Joubert wat vir etlike jare die voorsitter van die Kuratorium was en met toewyding 'n groot bydrae tot die werksaamhede van die Teologiese Skool vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika gemaak het, betreur (*Acta NGSK Sinode*, 1950:68). Die ander personeellede van die Sendinginstituut was Proff. C.F. Kies, J.H. Greyvenstein, A.C. van Wyk en Ds. G.S. Möller asook Eerw. C.J. Kriel wat Boekhou en Kerklike en Gemeentelike Administrasie gedoseer het. Ds. G.S. Möller het vanaf Julie 1954 op 'n deeltydse basis klasse aan die Teologiese Skool vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid Afrika aangebied (*Acta NGSK Sinode*, 1954:65). Die Sendinginstituut- professore C.F. Kies, J.H. Greyvenstein en A.C. van Wyk het van 1952 tot 1953 en vir ses maande in 1954 sonder vergoeding teologiese opleiding aan die Sendinginstituut waargeneem (*Acta NGSK Sinode*, 1954:65). Daar is reëlings getref om aan elkeen 'n honorarium vir hulle dienste te gee (*Acta NGSK Sinode*, 1954:65).

Die studente getalle in die Teologiese Skool vir die Sendingkerk vir die reses was soos volg:

| Jaar | Eerstejaar | Tweedejaar | Derdejaar |
|------|------------|------------|-----------|
| 1950 | 1          | 1          | 1         |
| 1951 | 2          | 1          | 1         |
| 1952 | -          | 2          | 1         |
| 1953 | 2          | -          | 2         |
| 1954 | 2          | 2          | -         |

Ds. J.G. Smith was die eerste student van die Teologiese Skool vir die Sendingkerk. Die ander teologie-kandidate was J. Plaatjies, Reisende Sekretaris van die Christelike Studente Vereniging, en P.L. Krieling, onderwyser op Calvinia (*Acta NGSK Sinode*, 1954:65). Die Kuratorium het verslag gegee dat die volgende teologiese kandidate besig was met hul proeftyd, naamlik W. Steenkamp op Caledon en J. Abrahamse as hospitaalarbeider in Groot-

Schuur-Kaap, Paarl, Stellenbosch, Sonskyn in Bellville- en Conradie-hospitaal. Teologiese kandidaat I.J. Mentor het ook sy proeftyd op De Aar uitgedien (*Acta NGSK Sinode*, 1954:66).

Die Kuratorium het verder gerapporteer dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika die tydperk van teologiese opleiding van drie jaar tot vier jaar verleng het. Teen 1950 was die NGK nog altyd in beheer van die teologiese opleiding van die NGSK. Die rede wat vir die verlenging van die kursus aangevoer was, was om beter opgeleide studente die bedieningsveld met sy vele uitdagings in te stuur. Die proeftydperk van die teologiese kandidate is na voltooiing van hul teologiese studies aan die Teologiese Skool vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGK) van drie jaar tot een jaar verkort (*Acta NGSK Sinode*, 1954:66). Die Kuratorium het verder gerapporteer dat 'n perseel van die munisipaliteit van Worcester vir die oprigting van die nodige klaskamer- en losiesgeriewe bekom was. Die perseel was oorgedra op die naam van die Kommissie van Toesig en Kontrole ten behoeve van die Kuratorium van die Teologiese Skool vir die Sendingkerk.

Die perseel kon egter om drie redes nie gebruik word nie:

- i. 'n Geskikte woning was moeilik vir die Hoofdosent, eerwaarde J.M.N. Breedt op Worcester bekombaar. Die Kuratorium was nie finansieel in staat om 'n huis te koop nie.
- ii. Die doseer-hulp van die Sendinginstituut-professore en ds. G. S. Möller was van onskatbare waarde. Indien hulle nie meer hul doseerhulp kon aanbied nie sou die Kuratorium genoodsaak wees om twee voltydse dosente aan te stel.
- iii. Dit sou tussen £6000 en £8000 kos om 'n gebou wat die behoeftes van die Teologiese skool vir die Sendingkerk aanspreek, op te rig. Die boufonds was beperk (*Acta NGSK Sinode*, 1954: 66).

Daar is besluit om die teologiese opleiding na Wellington toe te verskuif. Die NGSK Wellington het hul konsistorie gratis tot Desember 1953 vir teologiese opleiding beskikbaar gestel. Die studente van die Teologiese Skool het by die lidmate van die NGSK in Wellington huisvesting gekry. In Maart 1953 het die Kuratorium 'n perseel vir die oprigting van die teologiese skool vir die NGSK op die hoek van Voor- en Markstraat, teen 'n koste van £2 200 van mnr. Du Plessis gekoop. Die koopbedrag was soos volg gevind: Van die Mannesendingbond van die NGK uit die boufonds van 'n gebou in Worcester is £1 670 bygedra; van ds. J.G.S. van Jaarsveld £100 en £800 is by die Saakgelastigde van die NGK Kerk in Suid-Afrika geleen.

Die Teologiese Skool vir die NGSK is op 24 April 1954 ingewy (*Acta NGSK Sinode*, 1954:67). Die leerplan vir teologiese opleiding het soos volg daar uitgesien: Dogmatiek; Algemene en Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis; Nuwe Testament (Inhoud, Inleiding, Kanon en Eksegese); Ou Testament (Inhoud, Inleiding, Kanon en Eksegese); Algemene en Christelike Etiek; Homelietiek; Gewyde Geskiedenis van die Nuwe Testament; Liturgiek;

Kategetiek; Pastoraal; Kerkreg; Kerklike Administrasie; Gemeentelike Boekhou; Geskiedenis van Godsdienste; Sosiologie en Sielkunde. ‘n Kommissie bestaande uit Eerwaardes C.J. Kriel en J.M.N. Breedt, Prof. A.C. van Wyk en Mnr. J. Donald was verantwoordelik vir die bestuur van die Teologiese Skool van die NGSK.

Die Kuratorium het die volgende aanbevelings vir goedkeuring aan die Sinode voorgelê:

- i. Die Hoogerwaarde Sinode spreek sy dank uit teenoor diegene wat in die verlede die Teologiese Skool vir Kleurlingleraars met hul bydraes en gebede gesteun het, veral die A.S.K., M.S.B. en sekere persone uit die Sending-en Moederkerke.
- ii. Die Hoogerwaarde Sinode aanvaar verantwoordelikheid vir die byeenbring van ‘n ruimer aandeel van die fondse van die Teologiese Skool vir die N.G. Sendingkerk.
- iii. Die Hoogerwaarde Sinode spreek sy dank uit teenoor die Sendinggemeente van Wellington vir die jarelange gratis gebruik van die Konsistoriekamer vir klasse van die Inrigting, vir die skenk van meubels en vir hul groot aandeel met die insameling van fondse by die geleentheid van die inwyding van die gebou.
- iv. Die Hoogerwaarde Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Professore van die Sendinginstituut, Ds. G.S. Möller en Eerwaarde C.J. Kriel vir hul opofferings en bereidwillige hulp met die doseer van klasse aan die Teologiese Skool.
- v. Die Hoogerwaarde Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die aanstelling van Eerwaarde J.M.N. Breedt as Hoofdosent en vir sy groot opofferings in verband met die aanvaarding van hierdie aanstelling. Hy word verseker van voortdurende belangstelling en voorbidding (*Acta NGSK Sinode*, 1954: 69).

In die *Verlag van die Kommissie vir die Toelatingseksamen vir Kleurlingleraars*, opgestel deur C.J. Kriel (Voorsitter) en D.J.A. Jordaan (Skriba) word aangedui dat die Kommissie ‘n vergadering met die Kuratorium en die Eindeksamenkommissie belê het om die moontlike wysigings in die *Reglement vir die opleiding van Kleurlingleraars* te bespreek. Die Kommissie het verder aangedui dat sedert Februarie 1951 tot Februarie 1954 slegs ses studente tot die Teologiese Opleidingprogram toegelaat is, naamlik J.J. Abrahamse, I.J.B. Mentor, I. Booyesen, evangelis P. Jasper, G.P. Jekels en evangelis J.J. le Fleur. Die aanbeveling van die kommissie was soos volg:

Aangesien dit die begeerte van die HE Sinode is dat bekwame en innig-toegewyde seuns van die kerk hulle sal aanmeld vir die Evangeliebediening onder hulle eie mense, word leraars en kerkrade versoek om hierdie saak pertinent onder die aandag van sodanige jong Christene in hul gemeentes te bring. (*Acta NGSK Sinode* 1954:70).

Eerw. J.A.J. Steenkamp, die verteenwoordiger op die *Kommissie vir die Eindeksamen van Kleurlingleraars*, het aan die Sinode gerapporteer dat hy na die dood van eerw. P.P. Joubert gedurende 1953 as die primariuslid en verteenwoordiger gefunksioneer het (*Acta NGSK Sinode* 1954:67). Erkenning is tydens die Sinode aan Eerw. P.P. Joubert gegee vir sy

betrokkenheid by die Kommissie vir die Eindeksamen van Kleurlingleraars (*Acta NGSK Sinode 1954:67*). In die reses het die Kommissie jaarliks vergader. Tydens die vergaderings het die mondelinge ondersoek van die kandidate plaasgevind. Die volgende kandidate het in die reses die skriftelike en mondelinge eksamens suksesvol afgelê en was gelegitimeer: J.G. Smith, P. Krieling en I. Theron (1950), J. Plaatjies (1951), W. Steenkamp (1952), J. Abrahams en I. Mentor (1953) (*Acta NGSK Sinode 1954:67*). Teologiese kandidaat I. Theron (1950) sou egter nooit in die NGSK as bedienaar van die Woord georden word nie aangesien hy ds. Isaac David Morkel gevolg het in die daarstelling van die Calvin Protestantse Kerk. Plaatjies-Van Huffel (2017:8) dui aan dat in die 1940's slegs ses persone van gemengde afkoms in die NGSK gelegitimeer is, naamlik A.D. Andries, P. Solomon, A. Ontong, J. Prinz, W.A. September en I.D. Morkel (Kriel, 1978:110). Plaatjies-Van Huffel (2017: 8) maak die aanname dat 'n vroeë protes teen die apartheidsbeleid en die teologiese regverdiging daarvan van ds. Isaac David Morkel (1910 – 1983) gekom het.

In die laat 1940's was hy die NGSK-predikant in Crawford en voorsitter van die NGSK-Wynberg Ring. Die Kuratorium het met leedwese gerapporteer dat teologiese kandidaat I. Theron saam met eerwaarde Isaac David Morkel die NGSK verlaat het. Plaatjies-Van Huffel (2017:8) is van mening dat Ds ID Morkel gesukkel het om sy stem te laat hoor in 'n kerk waar die sendelinge lidmate van die NGK was en deur die NGK opgelei en na sendingkerke gestuur is. Hy was egter uitgesproke teen diskriminasie, veral soos dit toegepas was teen die gemengde ras-gemeenskappe in die Kaap. Volgens Carstens (1959:48) het Morkel bekend geraak as 'n teenstander van apartheid en 'n verleentheid vir die NGSK. Op 3 September 1948 het sowat 116 lidmate van 28 NGSK-gemeentes in Crawford byeengekom en eenparig 'n mosie van ds. I.D. Morkel aanvaar om apartheid teen te staan op grond van die Skrif. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2017:9) het diegene wat die vergadering bygewoon het teen die voorgenome rasse-klassifikasie-wetgewing geprotesteer. Hulle het vervolgens ook die Nasionale Party regering versoek om nie die wette te implementeer nie. Plaatjies-Van Huffel (2017:9) dui verder ook aan dat ds. I.D. Morkel 'n beroep gedoen het dat die inwyding van die Voortrekker Monument op 16 Desember 1949 'n dag van gebed behoort te wees om die Here te smek om die land te verlos van die leed van apartheid.

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2017:9) is Morkel se besware teen die teologiese regverdiging van apartheid nie deur die amptelike strukture van die NGSK verwelkom nie. Sy dui aan dat Morkel talle briewe oor rasse-diskriminasie aan die redakteur van die *Cape Times* geskryf het (2017:9). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2017:9) was die afskaffing van die rasse-klassifisering-wette vir Morkel 'n eksistensiële kwessie. Sy familie is deur die



apartheid-wette in twee rassegroepe verdeel. Van sy tien broers en susters was vyf as wit en die res as sogenaamde Kleurlinge geklassifiseer (*The New Courier* 1967:3). Ds. Morkel het aangekondig dat hy nie meer kans sien om “liefde te preek en apartheid te beoefen” nie (Plaatjies-Van Huffel, 2017:9). Hy het gevolglik besluit om die NGSK te verlaat om ’n aparte kerk te stig. Op 30 September 1950, enkele dae voor die NGSK-sinode, het Morkel aangekondig dat hy en 26 lidmate die Rondebosch NGSK verlaat om hul eie kerk te stig, nl. die Calvin Protestantse Kerk (Plaatjies-Van Huffel, 2017:9). Morkel het sy afskeidspreek op 8 Oktober 1950 in Athlone van agter op ’n vragmotor gelewer, aangesien die NGSK hom verbied het om die Rondebosch NGSK-gebou vir dié doeleindes te gebruik. Die Calvin Protestantse Kerk is op 15 Oktober 1950 gestig. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2017:10) verskil die Calvin Protestantse Kerk nie in leer, formuliere of belydenisgrondslag van die NGSK of die NGK nie. Die Calvin Protestantse Kerk is egter die eerste Gereformeerde kerk in Suid-Afrika wat die teologiese regverdiging van apartheid ten sterkste veroordeel. In Januarie 1957, kort nadat Ds. I.D. Morkel vir die eerste keer na die reservaat genooi is, het ’n groep van NGK-amptenare die verskillende gemeentes besoek met die uitsluitlike doel om hulle te waarsku teen wat hulle die “Morkel-gevaar” genoem het (Carstens 1959:53). Hulle het Morkel voorgedien as ’n onbetroubare en onverantwoordelike persoon, en sy kerk as ’n nuwe sekte wat totaal vervreemd van die NGK is.

#### **4.4.3. Teologiese opleiding 1958**

Die verteenwoordigers op die Kuratorium van die Teologiese Skool vir die Eerwaardes, J.A.J. Steenkamp en J.C.A. Steyl het op die Sinode van NGSK van 1958 wat te Worcester plaasgevind het, gerapporteer dat die Kuratorium gedurende die reses (1954 tot 1958) vyftien vergaderings gehou het. Verslag is gegee dat alle vergaderings gekenmerk is deur “’n gees van hartlike samewerking en eensgesindheid” (*Acta NGSK Sinode*, 1958:83). Die Kuratorium het probleme ervaar met betrekking tot die onbevredigende akademiese resultate van die admissiekandidate. Die Kuratorium het tot die gevolgtrekking gekom dat nie slegs eksamenuitslae verbeter moes word nie, maar dat die Admissiekursus voortaan aandag moes skenk aan beter geestelike voorbereiding van admissiestudente aan die Teologiese Skool van die NGSK in Wellington.

Hierdie besluit het vanaf die begin van 1957 in werking getree en het die beroeping van ’n voltydse addisionele dosent genoodsaak (*Acta NGSK Sinode*, 1958:83). Die Kuratorium het aangedui dat die addisionele dosent nie slegs die admissiekursus sou behartig nie maar ook broodnodige hulp sou kon verleen in verband met die behartiging van die steeds groeiende administratiewe werksaamhede van die Teologiese Skool. In die vertroue dat God beide die persoon sowel as die fondse sal voorsien, het die Kuratorium op 28 November 1956



‘n addisionele dosent beroep. Die keuse het feitlik eenparig op eerwaarde C.J. Kriel, destyds leraar van Wellington en assessor van die Sinode van die Sendingkerk, geval. Op 13 Februarie 1957 is hy in sy nuwe amp bevestig.

Die Kuratorium het soos volg verslag gegee aan die NGSK Sinode 1958: “Een van die vrugte van sy aanstelling was volgens getuienis van die Toelatingseksamenkommissie die onmiskenbare verbetering in die eksamenuitslae van die Admissiestudente aan die einde van 1957” (*Acta NGSK Sinode*, 1958:92). Prof. C.J. Kriel het gedurende die eerste helfte van 1961 die graad D.Litt. Et Phil aan die Universiteit van S.A. verwerf. (*Acta NGSK Sinode*, 1962:444). Die titel van sy proefskrif was *Die Geskiedenis van die Ned. Geref. Sendingkerk in S.A* (*Acta NGSK Sinode*, 1962:44).

Die Kuratorium van die NGSK het in hul verslag aan die NGSK Sinode 1962 positief gerapporteer: volgens hulle het Kriel se dissertasie “nie net die Teologiese Skool bevoordeel nie, maar het die NGSK ‘n kosbare bron van inligting ten opsigte van haar eie wordingsgeskiedenis aangebied” (*Acta NGSK Sinode*, 1962:44). In 1957 het die Universiteit van Stellenbosch ‘n ere-doktorsgraad aan hom toegeken (Kriel, 1978:37).

‘n Verdere ontwikkeling was dat Eerw. Breedt in Junie 1957 deur die regering as senator benoem is om die belange van die sogenaamde Kleurlinge te behartig. Hy het die benoeming aanvaar en het gevolglik sy amp as dosent aan die Teologiese Skool neergelê. Hy is egter op 12 Julie 1958 oorlede. Breedt het vir die Teologiese Skool in sy wordingsjare dienste van onskatbare waarde gelewer en is op die NGSK Sinode van 1958 daarvoor vereer (*Acta NGSK Sinode*, 1958:84). As opvolger vir Eerw. Breedt is Eerw. E.H. Holzapfel op 11 September 1957 beroep. Hy het die beroep aangeneem en is op 12 Februarie 1958 as dosent bevestig. Na sy bevestiging het ‘n herindelingsvakke plaasgevind (Kriel, 1978:38). Eerw. C.J. Kriel en Eerw. E.H. Holzapfel het gesamentlik die Admissiekursus sowel as sekere vakke van die Teologiese kursus behartig. Mev. M. Badenhorst, eggenoot van Prof C.H. Badenhorst, het Engels aan die Admissiestudente gedoseer (Kriel 1982:77). Proff. C.F. Kies, J.H. Greyvenstein, A.C. van Wyk en C.H. Badenhorst van die Sendinginstituut en ds. G.S. Möller van die Hugenate-Kollege het almal as deelydse personeel diens gedoen.

Hierdie deelydse hulp was vir die Teologiese Skool vir die NGSK onontbeerlik. Gedurende die reses (1954 tot 1957) is die volgende studente tot die Bediening toegelaat:

|      |   |
|------|---|
| 1954 | geen.   |
| 1955 | geen  |
| 1956 | P.L. Jasper en J.F.C. Booyesen.                                   |
| 1957 | J. le Fleur en G.P. Jekels. ( <i>Acta NGSK Sinode</i> , 1958:85). |

Daar was 13 studente aan die inrigting, as volg oor die verskillende jare van hulle studie versprei: Admissie: 1ste jaar: 5

2de jaar: 4

3de jaar: 3

4de jaar: 1 (*Acta NGSK Sinode*, 1958:85).

Hiervolgens blyk dit dat slegs een student in 1958 sy studies voltooi het, terwyl daar in 1958 geen student gelegitimeer sou word nie. Beide NGK en NGSK was bekommerd oor die gebrek aan belangstelling indie voltooiing van Teologiese studies met die doelstelling om predikante van die NGSK te word. Met die toelating van die Admissiestudente tot die Teologiese Skool, het groter getalle studente nogtans beteken dat klaskamerruimtes sedert 1958 onvoldoende geraak het. Die Admissieklas moes in die biblioteek gehuisves word en daar was nie genoeg woongeriewe in die koshuis nie. Ten einde hierdie toestand die hoof te bied het die Kuratorium op 6 Augustus 1957 besluit om 'n nuwe klaskamergebou op te rig. 'n Nuwe perseel in die nabyheid van die bestaande gebou, is dus teen 'n bedrag van £275 aangekoop (Kriel, 1978:38).

Die nuwe gebou is gedurende die eerste helfte van 1958 opgerig en die hoeksteen is op Saterdag, 10 Mei 1958 deur ds. J.G. Olivier, Algemene Sendingsekretaris van die NGK, gelê. By daardie geleentheid het ds. J.D. Conradie, Vise-Voorsitter van Kuratorium, 'n preek gelewer (*Acta NGSK Sinode*, 1958:92).

Tydens die inwyding op Saterdag 23 Augustus 1958 het ds. P.E.S. Smith, Binnelandse Sendingsekretaris, die wydingsrede gelewer. 'n Gebou met twee ruim klaskamers, 'n studentewagkamer, 'n biblioteek, 'n personeelkamer, pakkamers en sanitêre geriewe is opgerig. Die argitek en boukontraakteur was onderskeidelik mnr. W. Bronkhorst en mnr. D.J. Cupido. Die boukoste was ongeveer £7 000, waartoe NGK-gemeentes ongeveer £2 000 bygedra het (Kriel, 1978:41). Die NGSK het haar ook verbind om self addisionele bydraes tot die oprigtingskoste van die nuwe gebou te maak (*Acta NGSK Sinode*, 1958:86). Met die uitbreiding van personeel en geboue het die behoefte aan meer fondse ook groter as ooit geword. Met dankbaarheid is op die Sinode van die NGSK kennis geneem van 'n bemoedigende toename in die geldelike bydrae ten bate van die Teologiese Skool, byvoorbeeld deur die Sinodale kollekte wat deur die Sinode van die NGSK in 1958 ingestel was, wat bemoedigende resultate opgelewer het (*Acta NGSK Sinode*, 1958:86). Die reaksie op die ongeveer 100 000 donasiebriewe wat in die NGK ingesamel is, was verblydend, veral met die oog op die stywing van die boufonds. Bydraes van NGK-gemeentes het gereeld ingekom.

Die NGSK het 'n jaarlikse bydrae van £200 uit die Sinodale kas gemaak. Lidmate van die NGSK het positief gereageer op die oproep om beleggings te maak in aandele ten bate van die Aandele-Beleggingsfonds van die inrigting. Die bedoeling was om 'n Fonds van etlike

duisende ponde op te bou en dan die rente wat dit oplewer ten gunste van hulpbehoewende studente aan te wend. Die bedoeling was verder dat die NGK verantwoordelik sou wees vir die salarisse van die doserende personeel en instandhouding van die geboue, terwyl die NGSK in die behoeftes van die studente moes voorsien. (*Acta NGSK Sinode*, 1958:87). 'n Beroep is op lidmate van die NGSK gedoen om jaarliks 'n vaste bydrae van minstens £1 tot die Aandele-Beleggingsfonds fonds tem maak. (*Acta NGSK Sinode*, 1958:88). 'n Aandelecertifikaat sou aan elke aandeelhouer uitgereik word; kerkrade het 'n lys van aandeelhouders in die gemeente gehou en die geld na die NGK gestuur, wat op haar beurt die Aandele-Beleggingsfonds bestuur het. (*Acta NGSK Sinode*, 1958:88). Besoeke van die dosente aan NGK- en NGSK-gemeentes ter bevordering van die Teologiese Skool, het oor die algemeen vrugbaar geblyk.

Nie alleen is in sommige gevalle ruim geldelike bydraes ingesamel nie, maar is die geleentheid benut om belangrike informasie oor die inrigting bekend te maak (*Acta NGSK Sinode*, 1958:88). Die dosente het alles in hul vermoë gedoen om, wanneer hulle daarom versoek word, gemeentes in hierdie verband te besoek. Bewyse van testamentêre bemaking is die gewaardeerde bedrag van £300 uit die boedel van wyle eerw. A. Brink, vroeër van die Soedan, ontvang. (*Acta NGSK Sinode*, 1958: 88). Die meerderheid van die studente het finansiële ondersteuning ontvang by wyse van 'n lening en/of beurs van bevriende persone, Kerkrade en ander liggame, hoofsaaklik verbonde aan die NGK. Die Mannesendingbond van die NGK het by tye bydraes ontvang ten bate van die Mannesendingbondleningsfonds. 'n Paar persone het elk £100 bygedra (*Acta NGSK Sinode*, 1958: 88).

#### **4.5. Teologiese opleiding verskuif vanaf Wellington na Bellville-Suid 1958-1994**

##### **4.5.1. Verskuiwing na Bellville-Suid**

In 1958 het die regering besluit om tot die stigting van die Universiteitskollege Wes-Kaapland oor te gaan (Kriel, 1978:43). In November 1958 het die Kuratorium van die NGSK die wenslikheid van die inskakeling van die Teologiese Skool van die NGSK as Fakulteit by UWK aangevoer (Kriel, 1978:46). Die voorsitter van die Kuratorium, Ds. J.A.J. Steenkamp, het 'n skrywe aan Dr. H.F.Verwoerd, die eerste minister, gerig met betrekking tot die verskuiwing van die teologiese skool na Bellville.

Dr.H.F.Verwoerd het die Kuratorium na die betrokke Minister en Departement van Lande verwys met die oog op die verkryging van grond op of by die terrein van die Universiteitskollege en na die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap met die oog op inskakeling van die Teologiese Skool as uiteindelijke Teologiese Fakulteit aan die universiteitskollege (Kriel, 1978:46). Die admissiekursus kon reeds sedert 1962 aan die UWK gevolg word, maar aangesien die Sinode van die NGSK die kursus aan UWK nog nie

goedkeur het nie, het die Kuratorium besluit dat die met die admissiekursus by die Teologiese Skool vir die NGSK in Wellington voortgegaan sou word tot tyd en wyl goedkeuring vir die verskuiwing van die Teologiese Skool verleen is (Kriel, 1978:43).

Gedurende 1960 het die eenjarige toelatingskursus wat sedert 1957 intern aan die Teologiese Skool gedoseer is, die aandag van die Kuratorium geniet (*Acta NGSK Sinode*, 1962:47). Met die opening van die Universiteitkollege Wes-Kaapland in 1960, is fasiliteite beskikbaar gestel om hierdie kursus op eerstejaar B.A.-grondslag te verkry (*Acta NGSK Sinode*, 1962:47). Na deeglike oorweging, het die Kuratorium op 3 Junie 1960 besluit, “*dat met die admissiekursus by die Teologiese Skool voortgegaan sal word totdat die Sinode toestemming verleen om die kursus oor te plaas*” (*Acta NGSK Sinode*, 1962:47). Aan die begin van Oktober 1960 het die registrateur van die Universiteitskollege Wes-Kaapland die Kuratorium meegedeel dat 4 of 5 kandidate reeds aansoek gedoen het om die admissiekursus vanaf 1961 daar te volg (*Acta NGSK Sinode*, 1962:48).

Dit sou beteken dat indien die kandidate daar toegelaat word, die kursus op twee plekke aangebied sou word (*Acta NGSK Sinode*, 1962:48). Hierdie aansoeke was egter ook ‘n aanduiding dat voornemende kandidate graag ‘n universitêre kursus wat tot ‘n graad kon lei, wou volg (*Acta NGSK Sinode*, 1962:48). In oorleg met die Toelatingseksamenkommissie is soos volg besluit (*Acta NGSK Sinode*, 1962:28):

- i. Dat alle admissiestudente voortaan na die Universiteitskollege verwys word om vanaf 1961 ‘n eenjarige B.A.-kursus aldaar te volg. (Agt studente het daardie jaar ingeskryf.)
- ii. Dat die Universiteitkollege versoek word om voorsiening te maak dat vanaf 1961 ‘n eenjarige admissiekursus met die volgende vakke aangebied word: Afrikaans of Spesiale Afrikaans (prakties); Engels of Spesiale Engels (prakties); Geskiedenis; Bybelstudie; Sosiologie òf Sielkunde òf Maatskaplike Werk.  
Dat die kursusse, Skoolbestuur en Sakebeginsels en Kerklike Boekhou, wat volgens die reglement vir die admissiekursus voorgeskryf is, by die teologiese kursus geïnkorporeer word.
- iii. Dat by die Sinode (Moederkerk) kondonasië gevra sal word vir hierdie besluit en ‘n wysiging van die reglement aanbeveel word rakende die admissiekursus, ten einde aan te pas by die kursus wat by die Universiteitskollege aangebied word.

Die NGK moes dus goedkeuring verleen dat die *Reglement vir die opleiding van Kleurlingleraars* gewysig word om sodoende voorsiening te kon maak vir die aanpassing van die admissiekursus by die kursus wat by die Universiteitskollege aangebied is. Die NGK Sinode van 1961 het goedkeuring verleen aan bogenoemde besluite van die NGSK betreffende teologiese opleiding (Kriel, 1978:45). Aan die begin van 1961 het die eerste admissieklas by die UWK ingeskakel. Soos Kriel tereg opmerk, aan die einde van 1960 “sluit

wat die toelatingskursus betref ‘n kerklike era af wat gevolg is deur ‘n universitêre bedeling” (1978:45).

Die Sinode van die NGK het die handelswyse van die Kuratorium insake die gewysigde admissiekursus gekondoneer en het verder die volgende wysiginge aangebring in die bepalinge wat betrekking het op die toelatingskursus: Regl. 10 (c) wat voorsiening maak vir ‘n evangelis om na 10 jaar van beproefde diens tot die kursus toegelaat te word, is geskrap (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1962 :48). Aanleiding daartoe is dat evangeliste, vanweë ‘n baie beperkte akademiese agtergrond, nie meer in daardie tyd in staat was om die teologiese kursus te volg nie. Regl. 10(c)2 lui nou soos volg: Waar die Toelatingseksamenkommissie gemelde stukke in orde vind, verwittig hy die kandidaat dat hy ‘n eenjarige kursus aan enige erkende universiteit met welslae moet deurloop in die volgende vakke: Afrikaans 1 of Spesiale Afrikaans 1 (prakties); Engels 1 of Spesiale Engels 1 (prakties); Algemene Geskiedenis 1; Bybelstudie 1; Sosiologie 1 òf Sielkunde 1 òf Maatskaplike Werk 1 (*Acta*, 1962:48).

Die Kuratorium wou homself daarvan vergewis dat hierdie verhoogde toelatingsvereistes ‘n gebiedende vereiste is vir elke kandidaat vir die teologiese kursus (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1962:48). Die Kuratorium se motivering lui dat die “tydsgewrig waarin ons lewe vereis deeglik geskoolde en goed toegeruste evangeliedienaars” (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1962:48). Op aanbeveling van die Kuratorium, het die NGK die teologiese kursus uitgebrei met die gevolg dat die Reglement 10 punt 1(d) soos volg gelees het: “Diegene wat in die Toelatingseksamen slaag, deurloop ‘n kursus van minstens vier jaar aan die Teologiese Skool vir die Sendingkerk in die volgende vakke” (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1962:4950):

- i. Afdeling: Ou Testament: Eksegese, Inleiding tot en Inhoud van die Bybelboeke; Geskiedenis van die Kanon; Gewyde Geskiedenis; Joodse Geskiedenis en Tekskritiek.
- ii. Afdeling: Nuwe Testament: Eksegese, Inleiding tot en Inhoud van die Bybelboeke; Geskiedenis van die Kanon; Hermeneutiek; Tekskritiek en Gewyde Geskiedenis.
- iii. Afdeling: Geskiedenis van die Christendom: Algemene Kerkgeskiedenis; S.A.Kerkgeskiedenis; Sendinggeskiedenis; Godsdiensgeskiedenis; Kerkreg; Kerkwet; Sektewese.
- iv. Afdeling: Dogmatiek: Dogmatiek; Dogma-geskiedenis; Gereformeerde Sedeleer; Ensiklopedie van die Teologie; Simboliek; Apologetiek. Afdeling: Amptelike Vakke. Homiletiek; Homiletiese oefeninge; Liturgiek; Pastoraal; Kategetiek; Evangelistiek; Diens van Barmhartigheid; Sendingwetenskap; Skoolbestuur; Kerklike Administrasie; Kerklike Sakebeginsels en Boekhou.

In die lig van die totstandkoming van die Wes-Kaaplandse Universiteitskollege en gedagtig aan die algemene neiging tot die verbintenis van teologiese inrigtings aan universiteite dwarsdeur Suid-Afrika, het die Kuratorium tot die oortuiging gekom dat die

oorplasing van hierdie inrigting na dieselfde terrein as dié van die Universiteitskollege, dringend noodsaaklik was. (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1962:48-49). As motivering vir hierdie standpunt geld die volgende:

- i. Die Kaapse Skiereiland vorm die brandpunt van die verstedeliking van die Kleurlinge.
- ii. Die proses van verstedeliking van Kleurlinge duur teen 'n geweldige tempo voort.
- iii. Indien die Sendingkerk sy relatiewe sterkte-verhouding (ongeveer 30%) onder die Kleurlinge wil behou, moet hy al hoe meer 'n stadskerk word. Demografiese projeksies wil dat daar binne veertig jaar 3 miljoen Kleurlinge verstedelik sal wees.
- iv. Dit is essensieel dat die evangeliedienaars vir die Sendingkerk in die omgewing van hulle toekomstige arbeidsveld, gevorm moet word.
- v. Aangesien die Kaapse Skiereiland ook die tuiste van tienduisende Bantoes, Asiate en Moslems is en die NGSK ook t.o.v. genoemde bevolkingsgroepe 'n sendende kerk moet wees, sal dit die studente 'n uitstekende geleentheid bied om t.o.v. die sendingtaak en verantwoordelikheid wat die kerk aanvaar het, beter voorberei te word.
- vi. Ook die dosente kan baie baat by so 'n verskuiwing omdat hulle op dié wyse intiem kennis kan maak met toestande onder die verstedelike Kleurlingbevolking.
- vii. In verband met die opleiding van Bantoeleraars word in dieselfde rigting beplan. Die oudste NGSK durf nie in hierdie opsig agterbly nie.
- viii. Die dosente en studente van die Teologiese Skool kan hierdeur die geleentheid gegee word om 'n positief-Christelike gees in die Universiteit in te dra en 'n heilsame invloed te hê op die studente wat daar opgelei word. Vir die Universiteit self, as inrigting waar die toekomstige leiers van die Kleurlingbevolking gevorm word, sal dit niks minder as 'n ramp wees nie indien dit die invloed van 'n teologiese inrigting moet ontbeer.
- ix. In sy breër perspektief gesien, het die Kerk in hierdie opsig nie slegs 'n groot roeping om te vervul nie, maar 'n groot taak om te onderneem. Ons kan so 'n geleentheid nie laat verby gaan nie.
- x. Die tempo van intellektuele ontwikkeling onder die Kleurlingbevolking, maak die verskuiwing noodsaaklik ten einde die leraars van die NGSK die geleentheid te gee om akademies beter toegerus te word vir hul veeleisende taak. Op grond van bogenoemde motivering, het die H.E. Sinode aan die Kuratorium volmag verleen vir die oorplasing van die Teologiese Skool na die terrein van die Universiteitskollege Wes-Kaapland, maar met behoud van sy eie kerklike identiteit. Vertoë is reeds tot die verantwoordelike instansies gerig insake die verkryging van 'n geskikte perseel op die terrein van die Universiteitskollege Wes-Kaapland vir die oprigting van 'n nuwe gebou. In daardie stadium is nog geen finale antwoord ontvang nie. Indien hierdie beoogde verskuiwing werklikheid word, koester die Kuratorium die vertroue dat die Sendingkerk sy regmatige aandeel sal neem in die daarstelling van 'n doelmatige gebou wat hierdie belangrike projek van die kerk in elke opsig waardig sal wees (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1962:48).

Die NGK Sinode van 1961 het volwaardige status verleen aan die opleiding aangebied deur die Teologiese Skool as gevolg van die gehalte van die kursus wat aangebied is. (*Acta NGSK Sinode*, 1962:43). Vanaf 1961 is die admissiekursus nie meer deur die Teologiese Skool aangebied nie (*Acta NGSK Sinode*, 1962:51). Verder moes die kandidate tot die Teologiese



Skool vanaf 1962 in besit wees van 'n kursus gelykstaande aan B.A. 1 (*Acta NGSK Sinode*, 1962:51). Die vrystelling wat voorheen aan Evangeliste met 10 jaar diens verleen was, het verval (*Acta NGSK Sinode*, 1962:51). Op 8 November 1961 het die NGK Sinode goedkeuring verleen vir die verskuiwing van die Teologiese Skool van die NGSK na Bellville (Kriel, 1978:51). Gedurende 1962 het die Kuratorium 'n perseel van Garden Cities gekoop met die oog daarop om die Teologiese Skool daarop te bou (Kriel, 1978: 52-53). Die Kuratorium was teen 1964, na die finalisering en goedkeuring van die bouplanne, begroting en tenders gereed om met die bouproses te begin, maar is op 'n dringende buitengewone vergadering in die ou Hugenate-gebou in Kaapstad versoek om hul bouperseel te verruil vir 'n "perseel in die noordoostelike hoek van die universiteitsterrein" (Kriel, 1978:54-55). Die staat het die bouperseel van die NGSK nodig gehad vir die bou van 'n hospitaal.

Op 18 Julie 1964 het die Kuratorium eenparig aanvaar dat die persele geruil kon word. Nadat die Kuratorium die oorspronklike perseel wat vir die Teologiese Skool aangekoop was, uitgeruil het vir die perseel ten noorde van die Universiteitskollege Wes-Kaapland, kon met die oprigting van die nuwe gebou voortgegaan word (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). Die perseel was groot genoeg vir toekomstige uitbreidings (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). 'n Uitsers doelmatige gebou is opgerig wat twee lesingsale, 'n biblioteek, kantoorruimtes vir die professore en geriewe vir die studente ingesluit het (*Acta NGSK Sinode* 1966:69).

Op Saterdag 20 Maart 1965 is die nuwe gebou plegtig in gebruik geneem (Kriel, 1978:59-60). Die wydingsrede is deur Prof. C.J. Kriel gelewer terwyl Dr. G.B.A. Gerdener die gedenkplaat onthul het (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). Die hoofgebou van die Teologiese Skool in Wellington is vir R10 000 deur die Munisipaliteit aangekoop. Die koshuisgebou was aanvanklik aan die Bewaarskoolkomitee verhuur met die opsie dat die Bewaarskoolkomitee dit kon aankoop. Dit is later gedoen vir 'n bedrag van R5 912 (Kriel, 1978:56). Alle bruikbare meubels is van Wellington af oorgeplaas na die nuwe gebou toe, terwyl oortollige en nie-bruikbare artikels verkoop is (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). Alhoewel sekere noodsaaklike meubels soos lessenaars, stoele en tafels vir die saal en lesingkamers reeds aangekoop was, het daar nog baie meubels gekort. (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). Twee NGSK gemeentes, naamlik Newtown en Sarepta het onderneem om elkeen R80 by te dra tot die meubilering van die kantore van die professore en daar was die vooruitsig dat nog gemeentes sulke aanbiedinge sou maak (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). Erfatings van lidmate het dit moontlik gemaak om die gebou volledig te meubileer. Die gebou het ook 'n goed toegeruste biblioteek gehuisves (*Acta NGSK Sinode*, 1966:69). Die Kuratorium het soos aangedui in die *Ooreenkoms tussen*



die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium nie die biblioteek by die universiteit ingeskakel nie (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114):

Die bestaande biblioteek in die Teologiese Skool bly die eiendom van die KERK, maar is toeganklik vir alle studente van die UNIVERSITEIT, en kan van tyd tot tyd aangevul word uit kerklike fondse. Die UNIVERSITEIT sal in sy eie biblioteek 'n teologiese boekery opbou. (Sien Bylaag 3 *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die NGSK pt.2.5-2.6*).

Die gebou vir teologiese opleiding vir die NGSK in Bellville was teen 1970 in volle gebruik en dit was behoorlik van meubels voorsien. (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79) 'n Erfloating van R2000 het die Kuratorium in staat gestel om noodsaaklike meubels aan te koop (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). 'n Bedrag van R300 is ook verkry van die verkoop van sekere meubelstukke in die geboue op Wellington en dit is ook vir hierdie doel aangewend. (*Acta NGSK Sinode*, 1979: 79). Die totale koste aangegaan ten opsigte van die aankoop van grond, oordragkoste en die oprigting van die gebou was R6 4801.67 (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Hierdie geld is verkry uit die verkoop van die eiendomme op Wellington en bydraes van die NGK (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Kleiner bydraes is ook deur die NGSK gemaak (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die gebou op Wellington wat as studentekoshuis gedien het, was op daardie stadium nog nie verkoop nie (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79) In die boubegroting is die koshuis op Wellington gewaardeer teen R6 000 (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die NGSK-bewaarskool het in daardie stadium die gebou gehuur, met die opsie om dit te koop (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79).

Die uitstekende verhouding tussen die Teologiese Skool en die Universiteitskollege Wes-Kaapland is deur die Kuratorium gerapporteer (*Acta NGSK Sinode*, 1966:71). Die goeie gesindheid van die Universiteitskollege Wes-Kaapland is weerspieël deur die feit dat die rektor vanaf die begin van die akademiese jaar 1965 klaskamerruimte vir die Teologiese Skool beskikbaar gestel het totdat die nuwe gebou in gebruik geneem is (*Acta NGSK Sinode*, 1966:71). Daarteenoor was die saal van die Teologiese Skool beskikbaar gestel vir eredienste vir die studente van die Universiteitskollege Wes-Kaapland (*Acta NGSK Sinode* 1966:71; *Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Die Kuratorium het aan die Anglikaanse Kerk die reg verleen om op Sondagoggende eredienste vir sy studentelidmate in die saal van die Teologiese Skool te hou (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173). Hulle het dit baie gewaardeer en dit het reeds goeie verhoudinge verder bevorder. Die Teologiese Skool, sowel as die omliggende opvoedingsinrigtings val binne die grense van die NGSK Bellville (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173) wat daartoe gelei het dat die kerkraad van hierdie gemeente pastorale sorg onderneem het (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173).

Dr. A.A. Boesak was as studenteleraar vir die geestelike bearbeiding van die studente verantwoordelik. Hy het studente in hul kamers besoek, spreekkamer-afsprake toegestaan, sosiaal beweeg onder die studente, bidure gehou, bybelstudies en onderwerp-besprekings gelei, met die dosente oor pastorale aangeleenthede geskakel, hulp verleen aan die Kuratorium in dissiplinêre en ander aangeleenthede en geadviseer oor sake wat studente in die koshuis geraak het (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173). Daar is elke Sondagaand 'n diens in die saal gehou en dit was so druk besoek dat daar dikwels nie sitplek vir almal was nie. Dr. A.A. Boesak is bygestaan deur twee ouderlinge en drie diakens wat vir die studente verantwoordelik was.

Die studente het ook gretig en aktief aan verenigingslewe deelgeneem. Dit was gou duidelik dat hierdie pastorale sorg van Dr. A.A. Boesak vrugtevol was. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173). Die saal van die Teologiese Skool is ook vir die lewering van studente se proefpreke beskikbaar gestel. Die Kuratorium het besluit om die reëling wat sedert die stigting van die teologiese skool af bestaan het, naamlik dat proefpreke op slegs een sentrale plek plaasvind, te wysig. Studente kon dus in oorleg met hul promotors hul proefpreke in 'n gemeente van hul eie keuse lewer (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168). Die Sinode van die NGK het in beginsel ingestem tot die inskakeling van die Teologiese Skool as 'n fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die Kuratorium het opdrag gekry om met die betrokke owerhede te onderhandel (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79).

Tydens die Sinode van 1970 was dié onderhandelinge nog in 'n beginstadium (*Acta NGSK Sinode*, 1970:80), maar na lang onderhandelinge tussen die Kuratorium en die owerhede van die Universiteit van Wes-Kaapland is die Teologiese Skool as Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Wes-Kaapland ingesakel (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114). Die praktiese inskakeling het reeds op 1 Januarie 1973, d.w.s. aan die begin van die akademiese jaar, plaasgevind (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114). Die amptelike inname is op 1 April 1973 gedoen (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114). Die inskakeling het geskied in terme van 'n ooreenkoms wat tussen die kerk en die universiteit bereik is, onder die opskrif *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die Teologiese Skool van die NGSK* (Sien Bylaag 3).

Die nuwe opset het meegebring dat kandidate of 'n diploma of 'n graad in die teologie kon behaal en het gemeen dat 'n persoon nou tot by 'n doktersgraad in die teologie kon vorder, sodat ons inrigting sy plek as volwaardige akademiese fakulteit naas enige ander teologiese fakulteit in die wêreld kon inneem (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114). Die grade uitgereik deur UWK het wye akademiese erkenning geniet (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114).

Admissiestudente was nou gemotiveerd om hul nie-teologiese graad te voltooi. (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114).

Die inskakeling het ook meegebring dat die kerklike bepalings in verband met die Teologiese Skool ingrypend verander moes word (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114). Die Kuratorium het voorgestel dat alle bepalings in 'n reglement opgeneem word, wat deur die sinodes van beide die NGK en die NGSK goedgekeur en beheer sou word (*Acta NGSK Sinode*, 1974:114). Die inskakeling by UWK het die finansiële las vir die NGSK insake teologiese opleiding verlig. (*Acta NGSK Sinode*, 1974:113). Daar was 'n baie goeie verhouding tussen die fakulteit en die Universiteit (*Acta NGSK Sinode*, 1978:171).

Die Kuratorium het in hul verslag aangedui dat die Fakulteit behoorlik ingeburger was en dat die dosente 'n leidende rol in die sake van die Universiteit speel (*Acta NGSK Sinode*, 1978:1671). Ook is daar 'n uitstekende verhouding tussen die Kuratorium en die rektor en sy administrasie vermeld (*Acta NGSK Sinode*, 1978:171). Met die besluit van die universiteit om die kampus met 'n hoë draadheining te omhein was daar aanvanklik sprake om die terrein van die Teologiese Skool daarby in te sluit en die vorige toegang permanent te sluit (*Acta NGSK Sinode*, 1978:171). Na onderhandeling en besinning is die Teologiese Skool buite die omheining gelaat met 'n voetgangerhek tussen die twee terreine (*Acta NGSK Sinode*, 1978:171). Die opset was volkome bevredigend, want die saal van die Teologiese Skool bly nou vir studente van die omliggende kampusse vir kerklike bedrywighede toeganklik (*Acta NGSK Sinode*, 1978:171).

Die Kuratorium het 'n skrywe ontvang van die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NGSK met 'n versoek vir 'n opgawe van kostes vir die sinode van die NGSK, indien die NGSK die volle besit en beheer van die Teologiese Skool sou wou oorneem (*Acta NGSK Sinode*, 1978:174). Die Kuratorium kon uiteraard nie enige onderneming of kwotasie namens die sinode van die NGK, wat die eienaar van die inrigting was, gee nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:174). Daarom is slegs die syfers van die kapitaalwaarde van die vaste eiendom waarop 'n instandhoudingstoelaag betaal was en die begrotingsyfers van die lopende rekening aan die kommissie verstrekk. Geen berekening kon van die roerende bates en die boekevoorraad gemaak word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:174).

Dit was ook nie moontlik vir die Kuratorium om aan te dui of die sinodale eienaar by vervreemding van die bates dit aan die NGSK wou skenk of verkoop, of gedeeltelik skenk en verkoop, of hoe ook al daarmee wou handel nie. Die Kuratorium het egter onder meer aangetoon dat gedurende die hele reses (1978 tot 1982) nooit 'n oomblik aangebreek het waarin verteenwoordigers van die twee sinodes belangebotsings gehad het nie (*Acta NGSK*

*Sinode*, 1978:174). Die bouprogram was 'n saak wat baie van die aandag van die Kuratorium in beslag geneem het (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/5). Dit het begin deurdat die dakke van beide die koshuis sowel as die administrasie-gebou waterdig gemaak moes word (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/5). Aandag is gegee aan die uitverf van die binnekant van die Teologiese koshuis en opgradering van die badkamers, die akoestiek van verskeie lesingsale, uitbreiding van die biblioteek, ombouing vir 'n dekaanskantoor, addisionele lesingsale en personeelkamer, ens. (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/5). Die koste hieraan het teen die einde van 1993 saam met opgehoopte rente, reeds ongeveer R1 096 758 beloop (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/5).

'n Lening kon nie op die opmerk gevind word nie en die uitbreidings en bouprogram is deur 'n interne lening deur die Kommissie vir Administrasie gedek, terwyl met die UWK onderhandel is oor 'n nuwe ooreenkoms oor finansiering vir die verhuring van die geboue (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3). Dit het ook geblyk dat die bedryfskoste van die koshuis so hoog was in vergelyking met ander koshuise dat daar selfs oorweeg is om die koshuis vir kantoorruimte te gebruik. (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/5). 'n Nuwe ooreenkoms oor 'n billike gebruikstoelaag deur die UWK was in 'n finale stadium van onderhandeling en sou voor die Sinode dien (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/5).

#### **4.6.Vroue vir die eerste keer toegelaat om predikant te word**

Sedert die instelling van die geïntegreerde teologiese kursus in 1980 het die inskrywingspatroon totaal verander, aangesien daar nou nie meer tussen admissie- en teologiese studente onderskei word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1982:A.9,206). In 1980 het 121 studente ingeskryf – vir die ou kursus 25 studente, vir die nuwe kursus 96, en 52 eerstejaars (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1982:A.9,206). Onder hierdie inskrywings was nege van ander kerkgenootskappe en twee dames. Daar was ook etlike navrae van blanke persone (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1982: A.9,206). Die dames is duidelik laat verstaan dat hulle welkom was om die kursus te loop en die graad of diploma te verwerf, maar dat hulle nie volgens die huidige kerklike beleid op legitimasie aanspraak kon maak nie (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1982:A.9,206). Die een dame het haar kursus gestaak. Sy is met 'n jong predikant getroud (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1982:A.9,206). Die ander dame was 'n baie suksesvolle student en het met haar kursus voortgegaan (*Skema van werksaamhede NGSK Sinode*, 1982:A.9,206).

Die Sinodale Kommissie vir Leer en Studie het tydens die Sinode van 1982 gerapporteer dat die Sinode op 3 Oktober 1978 besluit het om B12 te aanvaar:

Die H.E. Sinode verwys die hele saak van die vrou in die leer – en regeer-amp na die Leer- en Studiekommissie vir verdere studie en besinning, vir

rapport en aanbeveling aan die volgende Sinode of die vrou in genoemde ampte mag dien of nie (*Skema van Werksaamhede* NGSK, 1982:A.27,333).

Die volgende amendement word ingedien. Die amendement ingedien deur die leraar, Dr. J.C Adonis en ouderling Peter Stephen Damon van Goodwood , lui soos volg:

“Die Sinode besluit om Punt 6.1 van die aanbevelings van die Verslag A27 bylae 2 te aanvaar(*Skema van Werksaamhede* NGSK, 1982, A.27,333) en besluit voorts dat vrouelidmate toegelaat sal word om as ouderlinge verkies en as predikante toegelaat te word.” (*Acta*, NGSK, 1982:640). Die amendement ingedien deur die leraar, Ds. P.J Mostert en ouderling Andries Koopman van Graaff-Reinett, lui:“Die H.E Sinode aanvaar Punt 6.1 en Punt 6.2 *Skema van Werksaamhede* NGSK, 1982, A.27,333). en verklaar as volg in die lig daarvan dat daar reeds ‘n dame is wat vir predikant leer en dat vroue ook gekies kan word as hulle aan die ouderdomskwalifikasies en ander vereistes vir ouderlinge van die Kerkorde voldoen ( *Acta*, NGSK, 1982: 640). Dat vroue welkom is op die kansels van die Kerk as leraars en dat leraarsvroue die status van medeleraar van die gemeente verkry met die opdrag Christelike Vroue Bond (CSB), Christelike Kinderbond (CKB) en Christelike Jongedogtersbond” (CJB) (*Acta*, NGSK, 1982:640).

Na stemming word die amendement ingedien deur die leraar en ouderling van Goodwood aanvaar as besluit van die Vergadering (*Acta*, NGSK, 1982: 640). Die voorstel van die Kommissie word egter nie aanvaar nie, terwyl die amendement ingedien deur die leraar en ouderling van Graaff-Reinett verwerp word(*Acta*, NGSK, 1982: 640).

#### **4.7. Vanaf etniese instelling tot ekumeniese fakulteit**

Die kuratorium het aan die Sinode gerapporteer dat die Universiteit van Wes-Kaapland en dus ook die Teologiese Fakulteit vir persone uit alle etniese groeperinge in ons land en die buiteland oopgestel was (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 379). Daar was geen beperkings meer op enige student of dosent op grond van ras en kleur nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Na aanleiding van aansoeke van die Apostoliese Geloofsending en die *Southern Evangelical Seminary* dat hul predikante deur die Teologiese Fakulteit van UWK opgelei word op grond van ooreenkomste soortgelyk aan dié van die NG Sendingkerk, het die rektor 'n onderhoud met die Kuratorium aangevra (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Die Universiteit het 'n memorandum voorgelê wat daarop neerkom dat die Universiteit ernstige aandag sou skenk aan die aanpassing van die struktuur van die Teologiese Fakulteit om ander kerkgenootskappe benewens die NG Sendingkerk te akkommodeer, sonder om die historiese band met die NG Sendingkerk in die gedrang te bring (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381).

By hierdie eerste samespreking is aandag geskenk aan verskillende modelle vir die moontlike nuwe strukturering van die Fakulteit (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Die model wat vir die Kuratorium die beste grondslag vir onderhandeling gebied het, was een waarvolgens die Fakulteit omskep word in 'n ekumeniese oop fakulteit, wat inhou dat die

kerke wat by die fakulteit belang wil hê, eers onder mekaar tot 'n ooreenkoms moet kom oor sekere basiese aangeleenthede rakende die teologiese opleiding; dan kan hulle gesamentlik met die Universiteit 'n ooreenkoms aangaan soos die een wat op die oomblik tussen die NG Sendingkerk en die Universiteit bestaan (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Daarom is die gedagte ondersteun dat daar eers 'n verkennende gesprek gehou sou word met alle kerke wat belangstel in teologiese opleiding deur die fakulteit teologie te UWK en dat daarna verder met die Universiteit onderhandel sou word (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381).

Hierdie gesprek, waarby kerkgenootskappe verteenwoordig was, het op 14 Mei 1986 plaasgevind. Die Universiteit het 'n inligtingstuk voorgelê waarin verskillende moontlikhede vir kursusstrukturering opgeneem is (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Die doel van hierdie verkennende gesprek was om vas te stel of die verteenwoordigde kerkgenootskappe wel belangstel (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Dit het geblyk dat almal beslis belangstel. Voordat onderhandelinge in alle erns kon begin oor alle aspekte van 'n ekumeniese fakulteit (waarvan een van die belangrikste die voorsiening van die doserende personeel was) moes die kerkgenootskappe amptelik tot deelname besluit en onderhandelaars aanwys met die nodige opdragte. Daarom is die verteenwoordigers gevra om aan hul kerklike owerhede te rapporteer en die opdragte te versoek.

Die vergaderingsdatum vir die terugrapportering van die kerklike afvaardigings en die moontlike begin van die onderhandelinge is vasgestel vir 30 Julie 1986. (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Ongelukkig kon die uitslag van daardie vergadering nie in hierdie verslag aan die Sinode opgeneem word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Die Kuratorium het hierdie saak as uiters dringend beskou en sou 'n duidelike besluit van die Sinode daarvoor aanvra (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Daarom is verlot gevra om voorstelle in hierdie verband aan die Sinode voor te dra, tesame met al die inligting voortspruitend uit die onderhandelinge (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381).

#### **4.8. Herstrukturering van die Teologiese Fakulteit**

Hierdie saak het algaande al hoe meer dringend op die Kuratorium se agenda geword toe dit blyk dat die bedeling waarin 'n bepaalde kerk bevoorreg word om met die hulp van staatsgeld sy leraars aan Teologiese Fakulteit op te lei, sterk onder druk gekom het (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6).

Reeds in 1991 word die saak ernstig bespreek en op 10 Junie 1992 word 'n buitengewone vergadering van die Kuratorium daarvoor gehou nadat die Dagbestuur eie werkwinkels en samesprekings hieroor met die Kuratorium van NSGK gehad het. Die Kuratorium besluit dan ook hierop:



Die Kuratorium herbevestig dit as sy oortuiging dat die teologiese opleiding vir die NGSK universitêr, kerklik en ekumenies moet wees. Die Kuratorium verstaan dus sy teologiese opleiding as 'n opleiding binne die breër Fakulteit Teologie aan die UWK. Hierdie opleiding het 'n kerklike karakter, met ander woorde dit wil die spesifieke behoeftes van die NGSK dien. Andersyds wil die opleiding ook in diens van die breër kerkgemeenskap staan, met ander woorde dit dra 'n ekumeniese karakter (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/7). In die *Riglyne vir Kerklike Adviesraad vir Teologiese Opleiding aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland* (Sien Bylaag 4) is bepaal dat in die geval van vulling van die bestaande sewe voltydse akademiese poste, wat volgens *Ooreenkoms* met die NGSK tot stand gekom het, die volgende prosedure ten opsigte van die NGSK sou geld:

- 4.6.1. Die Fakulteit stel 'n taakoms krywing van die vakante pos op wat as leidraad vir die Kuratorium van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) kan dien by die oorweging van persone om te nomineer.
- 4.6.2. Die NGSK nomineer kandidate (volgens sy eie prosedures). Voorlegging aan en advies van die KATO.
- 4.6.3. Die KATO bespreek die lys en kan vertroulike skriftelike advies oor die kandidate en/of ander moontlike kandidate stuur aan die betrokke Kerk en/of die Universiteit. Die KATO se advies sal hoofsaaklik gerig wees op die kandidate se geskiktheid om ook moontlik aan ander kerke se studente.
- 4.6.4. opleiding te verskaf. Die KATO lê die lys, met of sonder advies, aan die Universiteit voor.
- 4.6.5. 'n Gesamentlike Keurkomitee van die NGSK en die Universiteit, bestaande uit vyf lede deur die Kuratorium van die NGSK benoem en vyf lede deur die Aanstellingskomitee van die Universiteit word saamgestel. Dit sluit die twee verteenwoordigers van die Fakulteit Teologie op die Aanstellingskomitee in. Die Komitee kies sy eie voorsitter. Die taak van die Gesamentlike Keurkomitee is om :
  - 4.6.5.1. kandidate te evalueer volgens geskikte akademiese kwalifikasies, akademiese ondervinding en publikasies in 'n toepaslike vakgebied, met die oog op die opdragte verbonde aan die pos en met inagneming van die algemene aanstellingsbeleid soos deur die Universiteitsraad neergelê;
  - 4.6.5.2. onderhoude met kandidate te voer met kooptering van vakspecialiste van buite as adviseurs sonder stemreg;
  - 4.6.5.3. verslag te doen, met 'n aanbevole kortlys.
- 4.6.6. Die Senaat van die Universiteit neem 'n besluit op grond van die verslag van die Gesamentlike Keurkomitee. Hy kan die aanbevole kort lys òf aanvaar, òf wysig, of na die Gesamentlike Keurkomitee terugverwys.
- 4.6.7. Die Kieskollege, bestaande uit die lede van die Kuratorium van die NGSK en alle voltydse dosente van die NGSK aan die Fakulteit Teologie, beroep 'n kandidaat uit die lys wat deur die Senaat van die Universiteit goedgekeur is, onderhewig aan bekragtiging deur die Universiteitsraad.
- 4.6.8. By ontvangs van die kennisgewing dat die beroep geslaag het, stel die Skriba van die Kuratorium van die NGSK die Universiteit hiervan in kennis. Die aanstelling van die beroepene vind nou plaas volgens normale universiteitsprosedure.
- 4.7. In die geval van deelydse akademiese poste wat nie betrekking het op die deelydse kerklike poste genoem in 4.4 nie, sal kandidate deur die Universiteit aangestel word op aanbeveling van die Fakulteit.
- 4.8. In die geval van die vulling van die twee (2) bestaande ad hoc poste (in Ou en Nuwe Testament en Diakoniologie), wat deur die Universiteit geskep is met die oog op die vestiging van die nuwe leergang, word die normale aanstellingsprosedure Universiteit gevolg.



- 4.9. Indien dit sou gebeur dat nuwe poste benodig word volgens die normale personeel-formule van die Universiteit, sal advies van die KATO ingewin word oor die korrekte aanstellingsprosedure, in die lig van die redes vir die tekort en die spesifieke behoeftes (Sien Bylaag 4 *Riglyne vir Kerklike Adviesraad vir Teologiese Opleiding aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland*).

Die saak van die toekoms van teologiese opleiding is ook verskeie kere met die Kuratorium van Stellenbosch bespreek (7 Mei 1992, 4 Oktober 1993 en 23 November 1993) (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/7). Op 28 Oktober 1993 is die saak ook in 'n verkennende gesprek met die Rektroraat van UWK bespreek, waartydens die volgende aan hulle oorgedra is: (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/7-8):

- i. Dat die NGSK sy bevoorregte posisie aan die Fakulteit Teologie prysgee en sy plek vind in KATO. Die NGSK sal dan sy kontraktuele ooreenkoms dienooreenkomstig wysig en as 'n kontrakterende kerk binne KATO funksioneer.
- ii. Dat die NGSK die 7 huidige poste waarop hy aanspraak het, afskaal na 3, naamlik: Praktiese Teologie, Sistematiese Teologie en Kerkgeskiedenis
- iii. waarby Kerkreg ingesluit is. Dat opleiding in hierdie vakke steeds 'n kerklike opleiding sal wees en dat die kerk inspraak oor die vakinhoud behou.
- iv. Dat die NGSK voorstel dat die beroepingsprosedure vir die genoemde 3 poste gewysig word sodat die NGSK 'n kort lys voorlê en die UWK die finale aanstelling doen (soos gebruiklik in ander fakulteite aan UWK) en nie andersom soos tans die geval is nie.
- v. Dat die NGSK steeds finansiële verantwoordelik vir die koste van een van die 3 dosente sal wees (Sien Bylaag 4 *Riglyne vir Kerklike Adviesraad vir Teologiese Opleiding aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland*).

Die reaksie van die Rektroraat was soos volg:

- i. So 'n herstrukturering sal nie oornag kan geskied nie, maar in fases uitgevoer word sodat die voorstelle hierbo 'n eerste fase kan wees.
- ii. Die UWK strewende daarna om 'n basiese teologiese opleiding te voorsien waarvan kerke, soos hulle self oordeel, gebruik kan maak.
- iii. Die UWK strewende na gelyke beregtiging vir alle deelnemende kerke in teologiese opleiding.

By dieselfde ontmoeting word besluit:

Dat die Kuratorium met toestemming van die Kommissie van Orde, die Rektor van UWK nooi om die Sinode kortliks toe te spreek oor die noodsaaklikheid van die herstrukturering. Dat daar gewerk word om 'n alternatiewe voorstel ook aan die Sinode voor te lê wat kan behels dat daar 'n vier-jaar universitêre teologiese opleiding moet wees, gevolg deur een of ander vorm van twee-jaar kerklike teologiese afronding vir die bediening in die NGSK (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/8).

Die Kuratorium het besluit dat as die nuwe ooreenkoms voorsiening maak dat die NGSK slegs drie doseerposte behou en die Sinode dit so aanvaar, die drie poste soos volg beklee sou word: Prof. D.J. Smit: Sistematiese Teologie, Prof. J.C. Adonis: Ekklesiologie en

Kerkreg en Dr. H.R. Botman: *Praktiese Teologie (Acta NGSK Sinode, 1994:A11/8)*. Die herstrukturering van teologiese opleiding van die NGSK het die herformulering van die ooreenkoms met die Universiteit van Wes-Kaapland wat as laat stuk voor die Sinode sou dien, genoodsaak. Die Kuratorium het aangedui dat dit die ideaal is dat daar net een Kuratorium vir die NGSK en NGK behoort te wees, maar dat 'n tussentydse maatreël aanvaar word dat 'n verteenwoordiger van die NGSK se Kuratorium as waarnemer in die NGK se Kuratorium sal dien. Prof. G.D. Cloete is daarvoor aangewys (*Acta NGSK Sinode, 1994:A11/8*). Die Kuratorium het verder aangedui dat daar geen beswaar daarteen is dat die Kuratorium van Stellenbosch studente van die NGSK wat daar afstudeer, ook kan legitimeer nie, in die lig daarvan dat die kerke mekaar se opleiding en legitimasie oor en weer erken (*Acta NGSK Sinode, 1994:A11/8*). Die eerste teologiese kandidaat, Reginald Willfred Nel,<sup>8</sup> lidmaat van die NGSK, is na die voltooiing van sy studie aan die Kweekskool op Stellenbosch deur die NGK gelegitimeer (*Acta NGSK Sinode, 1994:A11/8*). Die Dagbestuur van die Kuratoria (US en UWK) het twee keer ontmoet om die herstrukturering van die Teologiese Fakulteite te bespreek (*Acta NGSK Sinode 1994:A11/8*) (1992 en 4 Oktober 1993).

'n Gesamentlike vergadering van die twee Kuratoria oor dieselfde onderwerp is ook op 23 November 1993 te Stellenbosch gehou (*Acta NGSK Sinode, 1994:A11/8*). Sien bylaag 4 vir die Riglyne vir Kerklike Adviesraad vir die Teologiese Opleiding te UWK). Besware is geopper oor die naam van die gebou, "*Teologiese Skool vir die NGSK*", omdat die Teologiese Fakulteit nou ook 'n Baccalaureus-leergang huisves vir studente wat nie aan die NGSK behoort nie (*Acta NGSK Sinode, 1994:A11/9*). Nadat toestemming van die ASK gekry is, is die naambord vervang een wat lui "*Teologiese Fakulteit van UWK*" en is versoek dat daar binne-in die gebou 'n kennisgewing aangebring moes word dat dit ook die opleiding van die leraars van die NGSK huisves (*Acta NGSK Sinode, 1994:A11/8*). Die besluit was egter nooit geïmplementeer nie.

#### **4.9. Voltydse dosente aan die Teologiese Skool vir die NGSK 1962-1994**

Die NGK Sinode het in 1961 besluit om aan die alle voltydse dosente van die Teologiese Skool professorale status toe te ken (*Acta NGSK Sinode, 1962:43*). Die NGSK Sinode van 1962 het gevolglik haar opregte waardering teenoor die NGK betuig vir die progressiewe besluit insake die Teologiese Skool en die toekenning van die professorale status

---

<sup>8</sup> Prof. R.W. Nel is in 2017 aangestel as dekaan aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch waar die teologiese opleiding van die VGKSA Streeksinode Kaapland sedert 2000 plaasvind.

aan sy leerkrigte, asook die uitbreiding van sy voltydse personeel (*Acta NGSK Sinode*, 1962:50). Aan beide ds. E.H. Holzapfel en dr. C.J. Kriel is professorale status toegeken (Kriel, 1978:45). Die Sinode het dit as ‘n ondubbelsinnige bewys beskou dat die NGK daarmee aan die Teologiese Skool en sy kursus ‘n volwaardige status verleen het (*Acta NGSK Sinode*, 1962:50).

Die deelydse hulp van die vier professore van die Sendinginstituut was tot aan die einde van 1962 beskikbaar (*Acta NGSK Sinode*, 1962: 43). Die Sinode van die NGK het besluit dat twee addisionele leerkrigte met ingang Januarie 1963 aangestel behoort te word. (*Acta NGSK Sinode* 1962: 43). Die NGK was gevolglik verantwoordelik vir goedkeuring van die aanstelling van dosente asook die bevordering van doseerpersoneel. Op 13 Junie 1962 het die kieskollege van die Teologiese Skool Proff. A.C. van Wyk en C.H. Badenhorst van die Sendinginstituut tot addisionele professore beroep. (*Acta NGSK Sinode*, 1962:43). Vir deelydse personeel gedurende die reses (1958 tot 1962), het die Teologiese Skool vir die NGSK “die honorêre hulp van die Sendinginstituut geniet” (*Acta NGSK Sinode*, 1962:43). Tot aan die einde van 1960, is vir korter of langer tye ook die deelydse hulp van personelede van die Hugenote-Kollege ontvang, te wete Di. E.J. du Toit, G.S. Möller en Dr. G. Wassenaar. Mev. M. Badenhorst het ook tot aan die einde van 1962 Engels aan die admissieklas gedoseer (Kriel, 21978:77).

In die verslag aan die NGSK Sinode van 1962 is dit aangetoon dat bovermelde persone uiters waardevolle hulp met betrekking tot die teologiese opleiding van die NGSK verleen het. Daar is met waardering gewag gemaak van hul voortreflike dienste (*Acta NGSK Sinode*, 1962:43). Teen die begin van 1963 het Proff. A.C. van Wyk en Dr. J.L. de Villiers tot die doserende personeel toegetree. Prof. Van Wyk het van die Sendinginstituut af oorgekom terwyl Prof. dr. De Villiers predikant op Bonnievale was (*Acta NGSK Sinode*, 1966:68). Tesame met Proff. Dr. C.J. Kriel en E.H. Holzapfel het die doserende personeel uit vier hoogleraars bestaan (*Acta NGSK Sinode* 1966:68). Prof. Dr. KW. Heese, ‘n deelydse dosent, het vir ‘n periode lesings in Pastorale Sielkunde vir die finalejaar-studente gedoseer (*Acta NGSK Sinode*, 1966:68). Tot aan die einde van 1968 was Proff. A.C. van Wyk, C.J. Kriel, E.H. Holzapfel en J.L. de Villiers die doserende personeel aan die Teologiese Skool (*Acta NGSK Sinode*, 1970:770). Dr. B.C. Lategan het hom ook as dosent by die Teologiese Skool aangesluit (*Acta NGSK Sinode*, 1970:77). Die taak van die doserende personeel was veeleisend omdat die afdelings van die Teologiese Ensiklopedie nie behoorlik deur slegs vier leerkrigte behartig kon word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1970:77). Die studentetal het steeds toegeneem en van die dosente moes bykomend ook aan die Universiteit van Wes-Kaapland

lesings gee aan die admissie-studente (*Acta NGSK Sinode*, 1970: 77). Omdat die kommissie daarvan oortuig was dat 'n hoë standaard in die opleiding van die sogenaamde Kleurlingleraars gehandhaaf moes word, is die Sinode van die NGSK versoek om 'n vyfde leerkrag vir die Teologiese Skool goed te keur (*Acta NGSK Sinode*, 1970: 77).

Die goedkeuring is wel verkry, maar die Sinode kon geen fondse vir die emolumente daaraan verbonde voorsien nie (*Acta NGSK Sinode*, 1970:77). Die Sinode het die gedagte uitgespreek dat die Sinode van die NGSK moontlik hierdie saak kon aanpreek en mettertyd is daar onderhandel om die betrokke bepalinge deur die Sinode van die NGK so te wysig is dat die Kuratorium self die diensvoorwaardes van die professore en ander personeel kon vasstel (*Acta NGSK Sinode*, 1970:77). Besluite kon dus geneem word waarvolgens professore met langverlof kon gaan. (*Acta*, 1970:77). Op 29 November 1972 het Prof. A.C. van Wyk sy emeritaat aanvaar (*Acta NGSK Sinode*, 1974: 111). Daar was op paslike wyse van hierdie veteraan-sendeling en dosent afskeid geneem (*Acta NGSK Sinode*, 1979:111).

Die werk wat Prof. A.C. van Wyk aan die Teologiese Skool gedoen het en sy vormende invloed op sy studente sou nie maklik oorskat kon word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). As gevolg van die aftrede van Prof. Van Wyk en die skepping van 'n vyfde department in die Teologiese Fakulteit, is twee nuwe dosente in die persone van proff. P.J.J.S. Els om in die vak Ou Testament te onderrig en J.J. Durand in die vak Dogmatologie tot die personeel gevoeg (*Acta NGSK Sinode*, 1979:111). Op versoek van die Minister van Onderwys, het die Kuratorium vir Prof. Dr. C.J. Kriel vir die jaar 1973, dieselfde jaar waarin die Teologiese Skool as Teologiese Fakulteit van Wes-Kaapland ingelyf is, geseondeer om Rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland te word (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). Hierdie stap was grootliks verwelkom, omdat dit vir die Teologiese Fakulteit baie voordele ingehou het om een van sy dosente as rektor te hê tydens die inskakeling, wat gedurende die eerste jaar talle aanpassingsprobleme opgelewer het (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). In die jaar waarin Prof. Dr. C.J. Kriel as rektor waargeneem het, het die Kuratorium, in oorleg met die Universiteit, sy vakke deur 'n aantal leraars in die bediening laat doseer (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). Ds. D.P. Botha het Kerkreg en Sending- kerkgeskiedenis gedoseer; ds. L. Moolman, Algemene Kerkgeskiedenis en Vaderlandse Kerkgeskiedenis; Ds. A.G. Grant, Skoolbestuur en Boekhou en Ds. C.J.A. Greyling, Godsdiensgeskiedenis. Hierdie leraars het grootliks opgeoffer om saam met hulle gemeentewerk ook dié verantwoordelike werk te onderneem (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). Die Kuratorium het besluit om Prof. Dr. C.J. Kriel by sy terugkeer na sy leerstoel, nie weer met die vakke te belas wat nie in die leerplan van die Teologiese Fakulteit ingesluit was nie (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Dus is Ds. F.C.

Pedro genader om die vakke intussen gedoseer deur Ds. A.G. Grant, wat na Vanrhynsdorp verhuis het, aan te bied (*Acta NGSK Sinode* 1974:112). Die doseerwerk aan die Teologiese Skool het 'n hoë standaard gehandhaaf en die organisasie van die fakulteit was puik (*Acta NGSK Sinode*, 1979:112). Prof. E.H. Holzapfel is as dekaan van die fakulteit gekies en hy het uitstekende werk gedoen (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Daar was 22 studente in die teologiese klasse (*Acta NGSK, Sinode* 1974:112). Sewe van die student was in die eerste jaar en vyf die studente in elk van die volgende jare (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112).

In die admissiejaar was daar ongeveer 50 studente (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Dit was 'n verblydende toename van 30 in vergelyking met die getal van 1970 (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die standaard van die admissiekursus is verhoog met die insluiting van die twee grondtale, Grieks en Hebreeus, sodat admissiestudente baie hard moes werk om te slaag (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die verhouding met die dosente was ook kerngesond (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die studente was op hul studies gefokus en het positief op lesings en voorligting gereageer (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Nadat Prof. E.H. Holzapfel vir twee termyn as dekaan van die Teologiese fakulteit gedien het, is hy vanaf die begin van 1978 deur Prof. J.J.F. Durand opgevolg (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165). Die uiters toegewyde en bekwame wyse waarop hierdie dosente hulle as dekaan van hul taak gekwyt het, het die hoogste waardering van die sinode verdien (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165).

Die universiteit het die lesingsdrag van die dekaan met 40% verminder en terwyl Proff. B.C. Lategan, C.J. Kriel, E.H. Holzapfel en P.J.J.S. Els op verskillende tye gedurende die reses met studieverlof was, is van 'n verskeidenheid persone gebruik gemaak om lesings in hul vakke te gee, naamlik Prof. J.L. de Villiers (US), Dr. P.J. Smith (UWK), Prof. D.W. de Villiers (US), Dr. BA. Müller (US), Ds. A.C. Lombaard (UWK), Prof. J.J. Müller (US), Dr. D.H. Odendaal (US), Di. L. Moolman en D.P. Botha. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165). 'n Aantal buitengewone kursusse is deur deeltydse dosente aangebied, te wete D. J. van Arkel (Siekpastoraat), J.M.V. van Zyl en M.H. Daneel van Ramot (Alkoholisme), asook Dr. H.J.B. Combrink (Nuwe Testament) (*Acta NGSK Sinode* 1978:166). Die kerklike vakke was tot aan die einde van 1975 deur ds. F.C. Pedro aangebied, waarna ds. E.B. Faure op uiters bekwame wyse daarmee voortgegaan het (*Acta NGSK Sinode*, 1978: 166).

Die besondere waarde van die kursusse is dat die student direk in verbinding met die kerklike lewe en praktyk gestel kon word (*Acta NGSK Sinode*, 1978: 166). Prof. J.J.F. Durand het op uitnodiging gedurende November en Desember 1976 as gasprofessor lesings gegee aan die Ryksuniversiteit in Utrecht, Nederland. Terwyl hy daar was, het hy ook waardevolle kontakte opgestel met ander Nederlandse teologiese fakulteite en inrigtings (*Acta NGSK*

*Sinode*, 1978:165). In 1976 het die universiteit 'n Departement van Sending- en Godsdienswetenskap aan die Teologiese Fakulteit ingestel. (*Acta NGSK*, 1978:166). Die eerste beroep was op ds. AJC. Erwee uitgebring maar hy het bedank. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). Die tweede beroep het geslaag en op 1 April 1976 het Ds. P.J. Robinson as Senior lektor diens aanvaar (*Acta NGSK Sinode*, 1978: 166). Hy is op 11 April 1976 in die kerkgebou van die N.G. Sendinggemeente Bellville bevestig. Ds. P.J. Robinson het vir hom spoedig 'n warm plek in die harte van kollegas en studente ingeruim (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). Prof. N.J. Smith en Dr. J.J. du Preez van die Kweekskool op Stellenbosch het die klasse in die nuwe Departement gedurende die eerste kwartaal van 1976 waargeneem (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). Prof. B.C. Lategan het vanaf 1 Januarie 1978 die pos as hoof van die departement Bybelkunde aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166).

Op 9 Februarie 1978 het die Kieskollege van die Kuratorium byeengekom om 'n beroep uit te bring. Dit kon egter nie geskied nie aangesien die UWK weens 'n drastiese besnoeiing van sy begroting alle poste (ook vakante poste) tot 31 Maart 1979 bevries het (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). Die Kieskollege het besluit om nie voor November 1978 te beroep nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). Intussen is die lesings deur dosente van die kweekskool van die NGK waargeneem. Prof. C.J. Kriel het aan die einde van 1978 aftree-ouderdom bereik en met pensioen afgetree (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). As kerkhistorikus het hy 'n onskatbare bydrae tot die navorsing oor en die opskryf van die geskiedenis van die NGSK gelewer. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:166). Na sy aftrede het hy nog steeds met hierdie werk voortgaan. Dit het geblyk dat die prosedure by die beroeping en aanstelling van 'n dosent soos neergelê in die Ooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit (art. 3.3) baie omslagtig was en uiters tydrowend (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167).

### 3.3. Prosedure by aanstelling van dosente aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland.

- 3.3.1. Die kieskollege van die KERK beroep 'n dosent volgens kerklike bepalings.
- 3.3.2. Die skriba van die Kuratorium gee onmiddellik aan die UNIVERSITEIT kennis van die beroep wat uitgebring is, met voorlegging van die curriculum vitae van die beroepene.
- 3.3.3. Indien die beroepene nie vir die Raad aanvaarbaar is nie, word die betrokke nominasie na die KERK terugverwys vir heroorweging, en desnoods na 'n gesamentlike vergadering van die Kuratorium en die Raad van die UNIVERSITEIT, met die oog op die bereiking van 'n ooreenkoms.
- 3.3.4. Die beroepene word deur die skriba van die Kuratorium VERTROULIK van die beroep in kennis gestel, met vermelding van die feit dat sy aanstelling onderhewig is aan Ministeriële goedkeuring via die DEPARTEMENT.
- 3.3.5. Geen amptelike kennisgewing word in hierdie stadium in die amptelike organe geplaas nie.
- 3.3.6. Die UNIVERSITEIT stel die skriba van die Kuratorium so gou moontlik in kennis of die genomineerde aanvaarbaar is vir aanstelling, nadat Ministeriële goedkeuring via die DEPARTEMENT verkry is.



- 3.3.7. Na ontvangs van hierdie kennisgewing stel die skriba van die Kuratorium die beroepene amptelik in kennis dat sy aanstelling deur die UNIVERSITEIT goedgekeur is en stuur aan hom die amptelike kerklike beroepsbrief tesame met die dokumente wat deur die UNIVERSITEIT vir aanstelling vereis word. Die skriba publiseer die amptelike kennisgewing van die beroep in die kerklike organe.
- 3.3.8. Agt dae na ontvangs van die beroepsbrief moet die beroepene die skriba van die Kuratorium in kennis stel of hy hom die beroep laat welgeval.
- 3.3.9. By ontvangs van die kennisgewing dat die beroep geslaag het, stel die skriba van die Kuratorium die UNIVERSITEIT in kennis dat die beroepene in die pos aangestel kan word. Die UNIVERSITEIT doen die aanstellings volgens sy gewone prosedure (Sien Bylaag 3 *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die Teologiese Skool van die NGSK*).

‘n Meer aanneemlike prosedure is deur die Senaat van die Universiteit en die Kuratorium opgestel. Die sinode asook die NGK-sinode is versoek hul onderskeie stempels daarop te plaas. As albei sinodes dit goedgekeur het, het dit Art. 3.3 van die Ooreenkoms vervang (*Acta NGSK Sinode, 1978:167*). Na lang onderhandelinge is eindelijk daarin geslaag om ‘n kursus oor alkoholisme in te stel. Ds. J.M.V. van Zyl van Ramot het twee lesings gegee, waarna ds. M.H Daneel by hom oorgeneem het (*Acta NGSK Sinode, 1978:171*). Op versoek van die Raad van Dosente het die Kuratorium toegestem dat die vak Dogmageskiedenis na die departement van Ekklesiologie oorgeplaas word (*Acta NGSK Sinode, 1978:171*). Die Kuratorium het toegestem dat die vak Hebreeus 1 ook ‘n voorvereiste sou wees vir kandidate wat tot die Teologiese Fakulteit vir die diplomakursus toetree (*Acta NGSK Sinode, 1978:172*). Omdat Afrikaans-Nederlands geen hulp verleen tot beter taalgebruik nie en dit studente verhinder om ‘n ander nuttige keusevak te loop, besluit die Kuratorium dat dit nie langer ‘n verpligte vak moes wees nie (*Acta NGSK Sinode, 1978:172*). In die nuwe admissiekursus wat deur die Sinode goedgekeur is, was Hebreeus 1 verpligtend, asook Afrikaans, wat as verpligte vak behou is.

Die Kuratorium het kennis geneem van die nuwe tendens om teologiese opleiding volgens ‘n geïntegreerde kursus met deurlopende teologiese vakke van die eerste jaar af te laat geskiet, in plaas van die stelsel van ‘n nie-teologiese admissiekursus met ‘n daaropvolgende suiwer teologiese kursus (*Acta NGSK Sinode, 1978:172*). Opdrag was aan die Raad van Dosente gegee om die saak met ander teologiese fakulteite te bespreek. Nadat dit geblyk het dat dit die rigting is waarin al die fakulteite wil beweeg, het die Sinode die voorgestelde geïntegreerde kursus in beginsel goedgekeur. (*Acta NGSK Sinode, 1978:172*). In ‘n samespreking tussen die Dagbestuur en die Toelatingskommissie is volle konsensus bereik dat daar slegs een beheerliggaam moes wees en dat die Bybelkenniseksamen weens gebrek aan ‘n sinvolle funksie kon verval (*Acta NGSK Sinode, 1978:172*). Dit het beteken dat die Reglement vir die



vorming en toelating van evangeliedienaars herformuleer moes word (*Acta NGSK Sinode*, 1978:172).

Die Algemene Sinodale Kommissie het dus in opdrag van die Sinode die Reglement vir die vorming en toelating verander (*Acta NGSK Sinode*, 1978:172). Prof. C.J. Botha is met ingang 1 Januarie 1985, na twee termyne van twee jaar elk, deur Prof. P.J. Robinson as dekaan opgevolg. Gedurende 1984 het die pos van senior lektor in die Departement Dogmatologie vakant geraak omdat die universiteit Dr. D.J. Smit tot professor bevorder het (*Acta NGSK Sinode*, 1986:374). Ds. W.A. Boesak is gevolglik in dié pos beroep en het op 1 Julie 1985 diens aanvaar (*Acta*, 1986:374). Dit was die enigste verandering in die doserende personeel gedurende die reses (1982 tot 1986). Prof. J.J.F. Durand het nog aangebly as lid van die Departement en was steeds 'n promotor vir doktorsale studente (*Acta NGSK Sinode* 1986:374).

Die Kuratorium het nie daarin geslaag om die doseerpos in Missiologie opgegradeer te kry nie. Dit het 'n senior lektoraat gebly, maar dr. P.J. Robinson, die departementshoof, is ad hominem tot professor bevorder (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 375). Prof. G.D. Cloete het van Junie 1984 tot Julie 1985 as gasdosent by Calvin College, Grand Rapids in die VSA opgetree en proff. D.J. Smit en C.J. Botha het elk onderskeidelik gedurende 1984 en 1985 'n tydperk van studieverlof gehad (*Acta NGSK Sinode*, 1986:375). Gedurende hierdie tydperke het die volgende persone as deeltydse dosente opgetree, en ook dekaanshulp gedoen: Ekklesiologie: Ds. C.J.A. Loff, Dr. A.J.C. Erwee, Di. D.P. Botha en P.J.A. Fourie.

Dogmatologie: Drr. A.A. Boesak, J.C. Adonis en H.R. Botman

Nuwe Testament: Dr. C.J. den Héyer (Kampen Nederland), Ds. L.W. Mazamisa (NGKA)

Missiologie: Dr. J.C. Adonis, Ds. J.H. Mostert en Mnr. F. Boot (Dept. Antropologie)

Diakoniologie: In hierdie department is geen deeltydse dosente benoem nie, maar meer as twintig persone het lesing op 'n ad hoc-basis aangebied. Die kursus in kerklike administrasie, wat 'n vereiste kerklike vak is, is gedurende die hele reses (1982 tot 1986) deur ds. S.G. Malherbe gedoseer (*Acta NGSK Sinode*, 1986:375). Met die toestemming en finansiële ondersteuning van die Kuratorium en die Universiteit was die dosente gedurende die hele reses betrokke by sake soos Teologiese Werkgemeenskappe, die Adviesraad vir Teologiese Opleiding, Konferensies en Simposia, tot groot baat van die fakulteit (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 375).

Die Fakulteit was bevoorreg om gedurende die reses (1982 tot 1986) 'n aantal besoekende akademici uit die buiteland te ontvang en na stimulerende lesings te luister (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 375). Die doserende personeel aan die Fakulteit Teologie te UWK was prof. P.J. Robinson as dekaan, wat 1 Januarie 1988 deur Prof. G.D. Cloete in dié pos opgevolg is (*Acta*

*NGSK Sinode*, 1990:345). Die doserende personeel het bestaan uit Proff. G.D. Cloete, G. Bam, D.J. Smit, P.J. J. Els, P.J. Robinson en Ds. W.A. Boesak. Prof. J.C. Adonis is op 18 Februarie 1987 bevestig as hoogleraar in Ekklesiologie (*Acta NGSK Sinode* 1990:345). Verder het die volgende deeltydse dosente gedurende die reses (1986 tot 1990) opgetree:

Missiologie:Ds. J.H. Mostert.

Ekklesiologie: Ds. C.J. A. Loff en Pastoor J.J. La Porta.

Diakonologie: Di. B.V. Appollis, S.G. Malherbe, Mej. C. Liebenberg en Dr. H. F. Dwyer.

Dogmatologie:Ds. H. R. Botman, dr. J. Retief en dr. J. Botha.

Nuwe Testament:Dr. L.W. Mazamisa en ds. J. N.M. Hartney.

Ou Testament:Dr. C.W. Retief, dr. N. Horn en ds. A. Goliath.

As gevolg van die besnoeiingsprogram van die Universiteit van Wes-Kaapland moes die Kerk noodgedwonge ook 'n geldelike bydrae lewer ten opsigte van die benodigde deeltydse hulp (*Acta NGSK Sinode*, 1990:345). Buite-fakultêre bedrywighede van dosente het behels dat, met die ondersteuning van die Kuratorium en die Universiteit van Wes-Kaapland, die dosente die afgelope reses weer op verskillende maniere betrokke was by kerklike en akademiese aktiwiteite op gemeentelike, nasionale en internasionale vlak (*Acta NGSK Sinode*, 1990:345). Daar is ook aangesluit by *Association of South African Theological Institutions* (ASATI): na deeglike oorweging het die Kuratorium besluit dat die Teologiese Fakulteit lid word van ASATI (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380).

Die Fakulteit sou indien die fondse dit toelaat altyd deur 'n lid van die Fakulteit en 'n lid van die Kuratorium verteenwoordig word (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Indien fondse ontbreek sou die lid van die Fakulteit voorkeur geniet (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Op versoek van die dosente het die Kuratorium daartoe ingestem om die term "*Raad van Dosente*" te laat vaar ten gunste van "*Dagbestuur van die Fakulteitsraad*" (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Omdat eersgenoemde term nie in die Kerkorde en Reglemente voorkom nie, was dit volgens die Kuratorium onnodig om by die Sinode hersiening voor te stel (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Die dosente van die Teologiese Skool was: (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/):

Prof. G.D. Cloete: Nuwe Testament (Dekaan)

Prof. P.J.J.S. Els: Ou Testament

Prof. J.C. Adonis: Ekklesiologie

Prof. P.J. Robinson: Missiologie

Prof. D.J. Smit: Sisteitiese Teologie

Dr. W.A. Boesak: Sisteitiese Teologie

Prof. G. Bam: Praktiese Teologie

Dr. W.A. Boesak het in 1993 sy doktorsgraad verwerf. Prof. D.J. Smit is volgens 'n kontraktuele ooreenkoms toegelaat om na een-derde van sy dienstyd aan die Kweekskool te Stellenbosch te doseer (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3). Prof. J.J.F. Durand wat steeds al die jare by die departement Sistematiese Teologie betrokke was terwyl hy ook Vise -Rektor van UWK was, het op 30 Junie 1994 afgetree (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3). Prof. G. Bam het aan die einde van 1991 afgetree maar in 1992 en 1993 steeds op 'n kontrakbasis die klasse in die departement Praktiese Teologie behartig (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3). Later het die Kuratorium ingestem dat die professoraat (departementshoof) van Praktiese Teologie 'n UWK-pos sal word en Prof. Denise Ackerman is in die pos aangestel (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3). Die Kuratorium het aan die einde van 1993 'n Senior pos in Praktiese Teologie gevul deur Ds. H.R. Botman te beroep (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3). Hierdie pos sou voortaan funksioneer as die pos wat vir die opleiding van NGSK studente bedoel is (*Acta NGSK Sinode* 1994:A11/3). Die Kuratorium het die Fakulteitsraad versoek om die implikasies van die verlaging van die NGSK-pos van Departementshoof na Senior Lektor duidelik uit te spel (*Acta NGSK Sinode* 1994:A11/3). Die Kuratorium kon ook met groot dank gebruik maak van 'n hele aantal predikante wat deelyds bepaalde vakke gedoseer het (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/3).

#### **4.10.Verhoogte Vereistes vir Admissie-kursus**

'n Verhoging van toelatingsvereistes tot die teologiese kursus was metertyd noodsaaklik (*Acta NGSK Sinode*, 1966:71). Nie alleen moes die kerk tred hou met die algemene verhoging van die peil van opvoeding onder die Kleurlinge nie, maar die kerk self het vereis dat sy leraars ten beste toegerus moet word. Die Sinode van die NGK van 1965 het dus die volgende besluit geneem: Die Sinode aanvaar die beginsel dat die admissiekursus van die Teologiese skool vir die NGSK tot 'n kursus op die basis van 'n tweedejaar B.A. verleng word. Hy dra dit aan die Kuratorium op om, met die reg van koöpsie, 'n kommissie te vorm om die hele aangeleentheid gedurende die reses deeglik te ondersoek en aan die Sinode (1970) praktiese voorstelle oor sowel die admissie- as die teologiese kursus (soos dit deur die gewysigde admissiekursus geraak mag word) voor te lê (*Acta NGSK Sinode* 1966:70).

Toelatingsvereistes het herhaaldelik die Kommissie se aandag geniet (*Acta NGSK Sinode*, 1970:81). Probleme het veral ontstaan by die toelatingsvereistes tot die Admissie-kursus. As gevolg van 'n verskil in die vertolking van die Sinodale besluit van die NGK deur die Sinode van die NGSK (1966), sowel as deur sy verteenwoordigers in hierdie Kommissie, is daar gedurende die reses met verskillende instansies beraadslaag (*Acta NGSK Sinode*,

1970:81). Die verskille was gekompliseerd. Die kommissie was genoodsaak om twee spesiale vergaderings te hou met die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit-Kollege Wes-Kaapland op 15 Februarie 1966 asook 12 Maart 1968 (*Acta NGSK Sinode*, 1970:80). Op grond van die advies van Dr. J. D. Vorster (Aktuaris van NGK) en Prof. Dr. T. N. Hanekom (Voorsitter van die Permanente Regskommissie) het die Kommissie tot die besluit gekom dat die studente wel volgens ooreenkoms, soos aangegaan met die Universiteit van Wes-Kaapland op sy vergadering van 12 Maart 1968, toegelaat kon word en dat dit in ooreenstemming met die besluit van die NGK-Sinode van 1965 was (*Acta NGSK Sinode*, 1970:81). Intussen het hierdie saak die verdere aandag van die NGK-Sinode in 1969 geniet en is die toelatingsvereistes só gewysig dat daar gemeen is dat verdere probleme daardeur uitgekakel sou word. Volgens die besluit van die NGK-Sinode, Acta P.120, C.96-97 was die vereistes soos volg:

Art. 269(1)(e) vereis bewys van die verwerwing van die Senior Sertifikaat of die Matrikulasië-vrystellingsertifikaat. Art. 269(2) vereis dat 'n kandidaat een van die volgende kursusse aan 'n erkende universitêre inrigting met welslae moet deurloop. In die geval van 'n kandidaat met 'n Matrikulasië-vrystellingsertifikaat, 'n Eenjarige Graadkursus soos volg saamgestel: Afrikaans-Nederlands I en Bybelkunde I as verpligte vakke, en drie van die volgende vakke: Sosiologie I, Sielkunde I, Wysbegeerte I, Ekonomie I, Geskiedenis I, Engels I en Duits-Spesiaal. In die geval van 'n kandidaat met 'n Senior-Sertifikaat, is die vereiste 'n Tweejarige Diplomakursus soos volg saamgestel: Eerste Jaar: Afrikaans-Nederlands of Praktiese Afrikaans en Bybelkunde as verpligte vakke en twee van die volgende vakke: Sosiologie, Sielkunde, Wysbegeerte, Ekonomie, Geskiedenis, Engels en Duits-spesiaal. Tweede Jaar: 'n Tweedejaarkursus in Bybelkunde as verpligte vak plus 'n tweedejaarkursus in enige ander vak wat gedurende die eerste jaar met sukses deurloop is, plus een ander vak uit bogenoemde groep gekies, op 'n eerste- of tweedejaarsbasis (*Acta NGSK Sinode*, 1970:81).

Die verteenwoordigers op die Toelatingskommissie vir die Teologiese Skool van die N.G. Sendingkerk, Dii. M.M. Coetzee, N.A. Appollis en F.W. Jacobs (Skriba) het aan die NGSK Sinode van 1974 gerapporteer dat daar vanaf 1 Januarie 1973 by die Universiteit van Wes-Kaapland 'n nuwe Admissiekursus ingestel sou word (*Acta NGSK Sinode*, 1974:118-119). Die Kommissie het gerapporteer dat die wysiginge van die kerkordelike bepalings met betrekking tot teologiese opleiding nie voor die Sinode-sitting van 1974 aangebring kon word nie.

Die kommissie was egter van mening dat die kontraktuele ooreenkoms tussen die Kuratorium en die Universiteit van Wes-Kaapland beteken het dat 'n nuwe Admissiekursus met die volgende bepalings ingestel is (*Acta NGSK Sinode*, 1974:119).

4.1. Die opleiding van die leraars vir die N.G. Sendingkerk sal die volgende behels: 'n Administrasiekursus waarvan die vakkeuse en die tydsduur deur die KERK en UNIVERSITEIT deur onderlinge ooreenkoms bepaal word. 'n Driejarige graad- of diplomakursus in teologiese vakke wat tot die B.Th-graad of die Dipl.Th.lei. 'n Verdere jaarkursus waarin kerklike afrigting afgerond word met die oog op kerklike legitimasië.

- 4.2. Matrikulasievystelling is 'n toelatingsvereiste vir die graadkursus in Teologie terwyl die skooleindsertifikaat toelating tot die diplomakursus in Teologie verleen.
- 4.3. Alle studente (ongegag hulle kerkverband) wat aan hierdie toelatingsvereistes voldoen, kan aanvaar word, maar die KERK keur sy studente wat tot die bediening wil toetree, voor en na die voltooiing van hulle opleiding.
- 4.4. Die admissiekursus tot die B.Th.-graad- en die diplomakursus sal van tyd tot tyd deur die KERK en die UNIVERSITEIT gesamentlik in heroorweging geneem word. Hellenistiese Grieks I en Spesiale Hebreeus is 'n voorvereiste vir die B.Th.-graadkursus en vir die Diploma in Teologie word Hellenistiese Grieks I en / of Spesiale Hebreeus as voorvereistes gestel.
- 4.5. Die B.Th- of Dipl.Th.-kursus sal bestaan uit 'n driejarige Teologiese opleiding, waarvan die inhoud deur die KERK en die UNIVERSITEIT deur onderlinge ooreenkoms bepaal word.
- 4.6. Die eksamen- en promosieregulasies van die UNIVERSITEIT is ook van toepassing op teologiese studente wat by die UNIVERSITEIT ingeskryf is. Die Fakulteit van Teologie sal van tyd tot tyd voorstelle met betrekking tot hierdie regulasies vir oorweging aan die Senaat voorlê (Sien Bylaag 3 *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die Teologiese Skool van die NGSK*).

Die implikasie van bostaande bepalinge soos aangetoon in die *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium* was dat die Kuratorium nie soos in die verlede die studente voor die aanvang van die Admissiekursus kon goedkeur nie. Goedkeuring kon slegs na die aflegging van die Admissiekursus geskied (*Acta NGSK Sinode*, 1974:119). Die Toelatingskommissie het in belang van die Universiteit van Wes-Kaapland vir die instelling van die Admissiekursus en vir die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland, waardeur die NG Sendingkerk in Suid-Afrika se opleiding van leraars die nodige aandag en erkenning kon ontvang, opgetree (*Acta NGSK Sinode*, 1974:119).

#### **4.11. Behoefte aan 'n eie koshuis**

Een van die dringendste behoeftes van die Teologiese Skool was 'n koshuis vir die studente. Studente het verspreid oor die hele Skiereiland, Stellenbosch, Somerset-Wes, Paarl en Wellington gewoon en moes ver reis om klasse by te woon en aan die studentegemeenskapslewe deel te neem (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). Die studentebedrywighede is aan bande gelê deur die afwesigheid van 'n koshuis (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Ook kon die noodsaaklike sosiale vorming deur middel van 'n koshuislewe nie plaasvind nie (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). Daar was ook geen moontlikheid of vooruitsig dat hulle in die koshuise van die Universiteitskollege Wes-Kaapland gehuisves sou kan word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). Dit was dringend noodsaaklik dat 'n koshuis so spoedig as moontlik opgerig moes word. Die Sinode van die NGK 1965 het die volgende besluit oor die koshuis geneem:

Die Sinode verwys die aangeleentheid na die Kuratorium om ondersoek in stel na nouer skakeling met die Universiteitskollege Wes-Kaapland en om weë en middele te probeer vind om die rente en delging van die onkoste vir die oprigting van 'n koshuis te dek (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70).

Die Kuratorium het met groot waardering van hierdie besluit kennis geneem. 'n Skrywe is gerig aan die Universiteitskollege om te vra dat die studente in die koshuis van die Universiteitskollege opgeneem word (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). 'n Baie simpatieke antwoord is ontvang, maar die Universiteitskollege kon nie help nie, omdat daar nie voldoende akkommodasie vir sy eie studente was nie (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). 'n Koshuisfonds is in die lewe geroep, en 'n bedrag van R450 wat deur die Ring van Wellington ingesamel was, het as neseier gedien (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70).

Die Kuratorium het besluit dat die volgende weë gevolg sou word om die koshuisfonds op te bou (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70)

- i. Die NGSK sal genader word om die bou van 'n koshuis te onderneem as 'n projek van die NGSK. 'n Beskrywingspunt in hierdie verband word aan die Sinode voorgelê.
- ii. Die Algemene Sendingkommissie en ander sendingliggame van die NGK sal genader word om hulp in hierdie verband te verleen.
- iii. 'n Enkelvelpamflet sal gedruk word waarin 'n oproep om fondse gedoen word. Die pamflet sal van 'n donasiestrokie voorsien word.
- iv. Die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NGSK sal genader word om planne te beraam en oproep te doen in die NGSK vir hierdie saak.

Deur heffing, kollekte en bydraes het die fonds vinnig gegroei (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die C.S.B het onderneem om die kombuistoerusting te voorsien teen 'n beraamde bedrag van R10 000 (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). 'n Groot deel van hierdie bedrag was reeds inbetaal (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Op 30 Junie 1970 het die koshuisfonds van die Sendingkerk reeds R13 258 bygedra (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die NGK het ook bydraes gemaak (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die Vrouesendingbond-kongres het die geld wat vir 'n Ouethuis vir Kleurlinge ingesamel is, oorbetaal aan die koshuisfonds, aangesien die Ouethuis nie meer gebou kon word nie (*Acta*, 1970:79). Op 30 Junie 1970 was die fonds by die Saakgelastigde van die Moederkerk R39,840,75 (*Acta NGSK Sinode*, 1970). Die Sinode van die NGK het die bou van die koshuis goedgekeur en die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NGK het 'n lening van R30 000 aan die Kuratorium toegestaan (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Daar was in daardie stadium 'n bedrag van R83 000 beskikbaar (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die beraamde koste was egter R93 000 sodat nog R10 000 gevind moes word (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79).

Die koshuis is vir 40 studente opgerig met die moontlikheid van toekomstige uitbreiding (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Geen voorsiening was egter nog gemaak vir die meublement van die gebou nie (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Van die nagenoeg 100 koshuisstudente het 35 aan die NGSK behoort (*Acta*, 1966:71). Ds. F.C. Pedro was gedurende 1968 as student die primarius van die studentekoshuis van die Universiteitskollege Wes-Kaapland (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). 'n Verder faset rakende



die koshuis, is dat die versterking van pastorale diens vir studente die noodsaak vir veranderde koshuisreëls laat afneem het (*Acta NGSK Sinode*, 1970:167). Die studente het nog nie met 'n nuwe konsep voor die dag gekom nie en dit skyn asof dit by die koshuis goed gaan. Die huismoeder, mev. Mouton, en haar man het ook 'n baie positiewe rol in die handhawing van 'n Christelike gees in die koshuis gespeel.

#### **4.12. Beheer van die Teologiese Skool se fondse**

In verband met die beheer van die fondse is die volgende inligting beskikbaar: Die H.E. Sinode het haar opregte dank en waardering uitgespreek teenoor alle instansies van die NGK wat die afgelope reses (1959 tot 1962) ruimhartig bygedra het tot die fondse van die Teologiese Skool (*Acta NGSK Sinode*, 1962:50). Die fondse van die Teologiese Skool is deur die Saakgelastigde van die NGK geadministreer, aangesien die Skool 'n inrigting van die NGK was (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). Die NGSK het jaarliks R1 000 tot die fonds bygedra, volgens die Sinodebesluit van 1962. Die Sinode het ook aandag gegee aan die verhoging van genoemde bedrag (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). 'n Beskrywingspunt wat verneem of die Sendingkerk nie groter verantwoordelikheid en beheer ten opsigte van die Teologiese Skool behoort te aanvaar nie, is aan die Sinode voorgelê (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70). Gedurende die reses was alle leningsfondse in een Algemene Leningsfonds gekonsolideer, asook die beursfondse in een Beursfonds. Die leningsvoorwaardes is ook in lyn gebring met voorwaardes wat vir ander Teologiese inrigtings van die NGK geld en lees nou soos volg (*Acta NGSK Sinode*, 1966:70-71).

- i. Dat lenings gedurende die studie renteloos sal wees.
- ii. Dat 4 ½ % rente vanaf datum van indienstreding betaalbaar sal wees.
- iii. Dat 6% rente by staking van studies sal geld, d.w.s. indien 'n persoon afwyk van die rigting waarvoor hy die lening aangegaan het, of nie sy studies voltooi nie.
- iv. Dat terugbetaling sal geskied binne 5 jaar vanaf datum van indienstreding. Die Kommissie (Toesig en Kontrole NGK) hou hom die reg van diskresie voor om in verdienstelike gevalle die tydperk na 10 jaar te verleng. Bogenoemde fondse is nie sterk nie en die Aandelefonds van die NGSK is ook nie volgens die beloftes ondersteun nie.

Studente is deur middel van lenings uit die gekonsolideerde Algemene Lenings- en Beursfonds gehelp (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Hierdie fonds was nog steeds ontoereikend, sodat lenings nie meer as R200 per jaar kon beloop nie (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78).

Mnr. en mev. Freddie Kirsten van die Paarl het egter 'n groot beursfonds aan die studente deur middel van die Helpmekaar-studiefonds beskikbaar gestel (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Die Helpmekaar het uit eie sak hierdie fonds met R10 000 aangevul (*Acta NGSK Sinode* 1970:78). Beurse tot R100 per student per jaar kon nou by die lenings gevoeg word. Finansiële hulp (bydraes, skenkings en erflatings) is ook van lidmate van die NGK in ontvang (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Daar was egter steeds 'n behoefte aan beurse vir getroude

studente met kinders, wat baie swaar gekry het. Aangesien probleme ondervind is met die terugbetaling van sommige studieleninge moes die Kuratorium adviseer dat geregtelike stappe teen diegene gedoen sou word wat nie terugbetalings doen nie. Van elke student wat 'n lening geneem het, was verwag om gereeld tot 'n groepsdekkingspolis by te dra, ingeval hy te sterwe kom voordat sy lening terugbetaal is (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78).

Gedurende die reses (1970 tot 1974) was sowel teologie- as admissiestudente uit die Algemene Leningsfonds en die Freddie Kirstenfonds gehelp (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). In enkele gevalle is hulp deur gemeentes, verenigings en individue verleen (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die fondse was nogtans steeds volkome ontoereikend om in die behoeftes van die studente te voorsien (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die Kuratorium is verplig om toekennings (gewoonlik 'n beurs plus 'n lening) op te skuif tot 'n maksimum van R500 in die geval van teologiese studente en R250 in die geval van admissiestudente. Dit was meer as dubbel soveel as gedurende 1970. Die Sinode was innig dankbaar vir alle persone en instansies wat studente op hierdie wyse kon help (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Gedurende die reses (1970 tot 1974) is die Algemene Leningsfonds met meer as R3 000 verhoog deur die oorbetalings van die Murray-evangelistefonds deur die Kommissie van Toesig en Kontrole (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Tog word gemeen dat die fonds baie sterker uitgebou moes word; NGKA kon nie langer studente van die Teologiese Skool vanuit hulle Teologiese Opleidingsfonds help nie (*Acta NGSK Sinode*, 1974:113).

Die Kuratorium het sy besorgheid uitgespreek dat die teologiese studente van NGSK al hoe minder gebruik gemaak het van die teologiese Studentekoshuis (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379-380). Studente aan ander fakulteite is mettertyd deur die Universiteit daar gehuisves (*Acta NGSK Sinode*:37). Die vraag het ontstaan of hierdie koshuis nie omskep moes word in 'n aantal woonstelle vir getroude studente nie, aangesien huisvesting vir sulke studente 'n baie groot probleem was. 'n Verdere punt is gemaak dat mnr. en mev. M.J. Mouton as huisouers van die koshuis getroue diens gelewer het (*Acta NGSK Sinode* 1986: 379). Die Kuratorium het met besondere ingenomenheid kennis geneem van die goeie verhouding wat tussen die twee dosente en die Admissiebond opgebou is (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168).

Daar is besluit om uit die begroting fondse beskikbaar te stel vir die hou van minstens een jaarlikse Admissiebondkamp onder leiding van die dosente (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168). Die tekort aan fondse het egter steeds die aandag van die Kuratorium geniet. Aan die einde van 1993 het die tekort op die Administrasie Rekening reeds R1 20 819.02 beloop (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6). Op versoek van die Kuratorium het Prof. G. Bam hieroor 'n memorandum opgestel (*Acta NGSK Sinode* 1994:A11/6). Op grond van hierdie verslag is

eers 'n Ad Hoc Kommissie vir Fondswerwing benoem, wat gebruik gemaak het van tydelike hulpkrag (prof. M.A. Plaatjies (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6). Later is Prof. E.H. Holzapfel weer versoek om as fondswerwer op te tree en 'n ooreenkoms is hieroor met hom gesluit (*Acta NGSK Sinode* 1994:A11/6). Die Kuratorium kon volhou om jaarlikse beurse en lenings aan studente toe ken (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6).

Lenings en beurse is toegestaan volgens die beskikbaarheid van fondse en ooreenkomstig die beleid van die Kuratorium (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/66). Vir die eerste keer in die reses kon lenings vir nagraadse studiehulp toegestaan word (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6). Prof. E.H. Holzapfel het op bekwame wyse die administrasie van dié fondse behartig (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6). Die Kuratorium was diep onder die indruk van hoe moeilik dit was vir studente wat reeds meestal uit ongunstige sosio-ekonomiese agtergronde kom, om finansiëel te oorleef, gesien dat die lenings en beurse nooit voldoende was nie (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6). Die Kuratorium het op 'n verantwoordelike wyse op advies van die Kommissie vir Administrasie van tyd tot tyd oninbare debietsaldo's van vorige studente afskryf. (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6).

Op grond van die Sinode se besluit hieroor, is die saak na die Kuratorium verwys, wat Prof. G.Bam versoek het om die saak te ondersoek. Die Kuratorium het kennis geneem van die deeglike en omvattende verslag hieroor wat hy opgestel het en het aanbeveel dat die verslag en sy voorstelle vir oorweging na die nuwe Kuratorium verwys word (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/6). Die NG Kerkuitgewers het gedurende die reses (1982 tot 1986) voortgegaan met die beskikbaarstelling van gratis studiegidse vir die teologiese handboeke vir al die kursusse (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377). In 1984 het die studente gekoppel aan die legitimasie kwessie nogtans geëis dat die ooreenkoms met die NG Kerkuitgewers ten opsigte van die voorsiening van teologiese handboeke beëindig word (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377).

Die gevolg was dat die kredietfasiliteite van studente daarmee in die gedrang gekom het. Lux Verbi, die groothandelsverspreider van teologiese boeke aan alle boekhandelaars in die land het egter onderneem om die nodige boeke in voorraad te hou en teen 'n aan studente op 'n kontantbasis teen 'n korting te voorsien (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377). Boeke, veral van oorsee, het bykans omtrent onbetaalbaar duur geword (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377).

Die Kuratorium het dus probeer om 'n vasgestelde bedrag uit die lenings- en beursfonds beskikbaar te stel vir boeke-aankope deur studente, maar weens die feit dat die betaling van klas- en losiesgelde prioriteitsaanspraak op hierdie fondse het, kon hierdie reëling nie deurgevoer word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377). Ander bronne moes gevind word om studente in hierdie opsig te help (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377).

#### 4.13. Geestelike en pastorale versorging van student

Die kampus met die teologiese studentekoshuis het binne die grense van die Bellville-gemeente geval (*Acta NGSK Sinode* 1986:376). Die koshuisstudente sowel as studente wat privaat binne die Bellville-gebied geloseer het, het ampsbediening van die Woord en sakrament en pastorale versorging van die NGSK, Bellville ontvang (*Acta NGSK Sinode*, 1986:376). Die Kuratorium was diep bekommerd daarvoor dat die geestelike en pastorale versorging van die studente nie tot volle reg gekom het nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:375). Daarom lui een van die riglyne vir toelating tot die teologiese studie wat op 24 November 1983 vasgestel is, soos volg: "*Diegene wat voorwaardelik gekeur word, word deur die Kuratorium skriftelik onder sorg geplaas van die gemeente waar hy/sy tydens die studie woon*" (*Acta NGSK Sinode*, 1986:376).

Die Toelatingskommissie het die gemeentes gereeld in kennis gestel van studente wat binne hul grense woon of loseer (*Acta NGSK Sinode* 1986:376). Daar het egter geen meganisme bestaan vir kontrolering van die mate waarin studente inskakel nie, of hoe hulle beweeg gedurende hul volle studietydperk (*Acta NGSK Sinode*, 1986:376). Ten spyte van die hoë verwagtings wat die Kuratorium in verband met 'n oriënteringsprogram vir eerstejaars gekoester het, het daar so te sê niks van tereggekome gedurende hierdie reses nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377). Vir eers was daar 'n datumbotsing met die oriënteringsprogram van die Universiteit en verder is alle pogings van die Kuratorium deur die chroniese onrus toestande in die wiele gery (*Acta*, 1986:377). Slegs in 1983 was daarin geslaag om die meerderheid van die eerstejaars vir 'n enkele namiddag vir drie inligtingspraatjies bymekaar te kry (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377).

#### 4.14. Teologiese dae en teologiese aktiwiteite van dosente

Die Kuratorium het vir 'n geruime tyd al begin aandag skenk aan die instelling van 'n opfrissingskursus vir leraars en moontlik ook kursusse vir leraarsvroue (*Acta NGSK Sinode* 1966:71). Weens gebrek aan huisvesting kon hierdie projek egter nog nie ten uitvoer gebring word nie.

In stede hiervan is begin met die instelling van Teologiese dae wat reeds twee maal met die opening van die klasse aan die begin van die jaar plaasgevind het (*Acta NGSK Sinode*, 1966:71). Alle leraars is na hierdie simposia uitgenooi en die reaksie was bemoedigend (*Acta NGSK Sinode*, 1966:71). Die Teologiese skool was steeds die sentrum van die teologiese bedrywigheid in die NGSK. Dosente en ook studente het van tyd tot tyd op versoeke vanuit die kerk bydraes by wyse van studiemateriaal, publikasies en lesings gelewer. Gedurende die reses het dosente in talle gemeentes van die kerk opgetree, ook by Ringvergaderings (*Acta*

NGSK Sinode, 1978:173). Gedurende Februarie 1979 het die Teologiese Skool 'n halfeeufees gevier. Die Raad van Dosente was verantwoordelik vir die program. Een van die hoofemas van die fees was die vrystelling van 'n publikasie met talle foto's oor die geskiedenis van teologiese opleiding in die NGSK, naamlik *Seuns in Sy wingerd*. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173). Prof. C.J. Kriel was die redakteur.

Weens die ontwrigting van die normale akademiese programme sedert 1984 was dit nie vir die Fakulteit moontlik om gereeld teologiese dae aan te bied nie, maar twee suksesvolle teologiese dae is nogtans in 1983 en in Februarie 1984 gehou (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Eersgenoemde het gehandel oor modelle vir evangelisasie, onder leiding van die departement Missiologie en laasgenoemde is deur die departement Nuwe Testament aangebied met die Bergpredikasie as tema (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Na aanleiding van 'n voordrag wat deur die dosent in Diakoniologie gemaak was, het die Fakulteit die Kuratorium versoek om hom uit te spreek oor die vraag of die teologiese opleiding aan die UWK relevant genoeg is met die oog op die bediening binne 'n konteks van gemeenskapsarmoede (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Op 29 November 1984 het die Kuratorium besluit om 'n konsultasie te inisieer wat aandag gee aan die aangeleentheid van die konteks waarbinne die leraars van die NG Sendingkerk moes werk en waarin die teologiese studente opgelei moes word (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Die Kuratorium het die resultate van die konsultasie deurgegee aan die Fakulteit om daaraan aandag te gee, maar weens die ontwrigting van die akademiese jaar in 1985 kon geen konsultasie gereël word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380).

Die Kuratorium het nuwe opdragte uitgereik en 'n reëlingskomitee is op 6 Maart 1986 saamgestel (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Daar is egter nie betyds aan die Kuratorium teruggerapporteer nie en dus was geen verslag hieroor beskikbaar nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:38). Gedurende 1983 het die dosente 'n komitee gestig om te werk aan publikasies van die Teologiese Skool (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Die voorneme was om elke jaar minstens een publikasie die lig te laat sien (*Acta NGSK Sinode* 1986:380).

Die eerste publikasie oor die Konsepbelydenis getiteld, *'n Oomblik van Waarheid* was 'n groot sukses (*Acta*, 1986:380). Dit was opgevolg deur twee verdere publikasies, naamlik *Die Kerk en die Arme - Enkele Teologiese Perspektiewe* en *Teologie-Belydenis Politiek*. (*Acta NGSK Sinode* 1986:380). Daar is ook begin met 'n Fakulteitstydskrif met die titel "Apologia" (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380).

#### **4.15. Belangrikheid van praktykevaring**

Die Kuratorium het dit verwelkom dat studente gedurende die tydperk van hul opleiding deur kerkrade in die geleentheid gestel word onder hul toesig ondervinding betreffende die praktiese aspekte van die gemeentelike bediening op te doen.

Daar is aanbeveel dat kerkrade, ter wille van uniformiteit sowel as van die goeie orde in die kerk, 'n sekere gedragsgids sou volg:

- i. “ Studente wat opgeleide evangeliste is, en as sodanig reeds diens gedoen het, word verlof gegee om in gemeentes op te tree maar nie in ampsdrag en ook nie op die kansel nie.
- ii. Eerstejaarstudente word, ter wille van hulle vorming, toegelaat om bidure en buitendienste onder toesig van Kerkrade te hou; hulle mag egter nie in ampsdrag optree en ook nie op die kansel toegelaat word nie.
- iii. Tweede-en derdejaarstudente mag bidure en buitendienste hou en ook met 'n stigtelike woord by die erediens optree, maar hulle mag nie in ampsgewaad optree of op die kansel gaan nie. Hulle mag ook nie, by afwesigheid van die leraar, as plaasvervanger in 'n gemeente diens doen nie.
- iv. Vierdejaarstudente mag onder toesig van die kerkraad, en desnoods in afwesigheid van die leraar, in ampsdrag voor die gemeente optree, en nadat hulle hul proefpreek gelewer het, op die kansel verskyn, maar hulle mag nie die seën uitspreek nie” (*Acta NGSK Sinode*, 1962:45).

Die kommissie het verder gerapporteer dat studente geen verpligte praktiese werk in gemeentes gedoen het nie (*Acta NGSK Sinode*, 1966:73). Die belangrikheid van praktiese ervaring is beklemtoon (*Acta NGSK Sinode*, 1966:73). Die NGSK Sinode van 1966 het soos volg besluit: “om dit aan die Kuratorium van die Teologiese Skool op te dra om aandag te gee aan die verpligte praktiese werk vir die teologiese student” (*Acta NGSK Sinode*, 1966:73). Die Kuratorium het die reëlings van die Fakulteitsraad dat studente gedurende Junie/Julie van hul derde jaar in die Fakulteit praktiese werk in gemeentes moet doen, goedgekeur (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Kerkrade is versoek om studente hierin tegemoet te kom (*Acta NGSK Sinode*, 1974: 112). Alhoewel die sinode in 1970 gemeentes baie sterk aangemoedig het om Teologie-studente geleentheid vir vakansiewerk te gee, is daar geen leiding gegee met betrekking tot vergoeding aan sulke studente nie. Die Kuratorium het verder gerapporteer dat daar steeds haakplekke was betreffende studente se praktiese werk in gemeentes (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167).

Die Kuratorium het met die Dagbestuur van die Skiereilandse Sendingraad ooreengekom dat studente aan die Teologiese Fakulteit gebruik mag word om te help met die ontwikkeling van groeipunte in nuwe stadsgebiede, met dien verstande dat die Kuratorium in elke geval sal vasstel of sodanige dienslewering nie te veel inbreuk maak op 'n student se studies nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167). Na vyf jaar van inskakeling by die Universiteit was daar nie meer tekens van verwydering tussen NGKS-studente en die res van die



studentekorps nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167). Die studente was volledig ingeskakel by al die normale studentebedrywighede op die kampus en ons koshuis het 'n groot rol gespeel in die kweek van gesonde Christelike leierskap (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167). Die Kuratorium het prof. P.J.J.S. Els en Ds. P.J. Robinson aangewys om die geestelike versorging van die admissee- en koshuisstudente te behartig (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167).

Die kerkraad van die Bellville-gemeente het 'n studenteleraar in die persoon van dr. A.A. Boesak beroep en hy het met groot ywer onder die studente gewerk en met die twee dosente geskakel (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167). Geen ingrypnde verandering is gedurende die reses (1982 tot 1986) aan leerplanne en kursusse aangebring nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Die Kuratorium het verder gerapporteer dat daar steeds haakplekke was betreffende studente se praktiese werk in gemeentes (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167).

Die Kuratorium het die Fakulteit meedeel dat die vereistes vir sowel die teorie- as die praktika-afdeling van die kursusse in Diakoniologie ten volle ondersteun (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Tegemoetkoming met betrekking tot die praktika-afdeling sou slegs kon geskied in absoluut onvermydelike krisissomstandighede, waaroor die Fakulteit moes oordeel – slegs in daardie stadium sou studente ingelig word oor die absolute minimum-slaagvereistes (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380).

Dit het daarop neergekom dat 'n ontkoppeling van die teorie en praktika nou 'n werklikheid was (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Die Eindeksamenkommissie het sy werk ingevolge Reglement 16 behartig en aan die Kuratorium gerapporteer (*Acta NGSK Sinode*, 1986:380). Derhalwe het hy 'n konsepbeskrywingspunt aan die Sinode voorgelê met die voorstel dat die Kuratorium by magte moet wees om 'n kandidaat wat weens nie-akademiese redes nie gereed geag word vir legitimasie nie, by 'n gemeente te plaas om onder die leiding van die leraar en kerkraad verdere praktiese skoling te ondergaan, met terugrapportering aan die Kuratorium (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Die Kuratorium het die formulering van die beskrywingspunt verwys na sy Dagbestuur in oorleg met die Permanente Regskommissie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:381). Na aanleiding van kandidate wat versoek het om in eerste instansie gelegitimeer te word vir tentmakersbediening, besluit die Kuratorium om die sinode te versoek om die tentmakersbediening en die wyse waarop dit funksioneer duidelik kerkordelik te herstruktureer (*Acta NGSK Sinode*, 1986:A11/2). Die Kuratorium het besluit om die Legitimasië-geleentheid na die Sondagaand te verskuiwe en om dit in verskillende gemeentes te laat plaasvind en sodoende meer gemeentes aan die teologiese opleiding bekend te stel (*Acta NGSK Sinode*, 1986:A11/2).

In 1990 en 1991 was die Legitimasië in Bellville-gemeente, 1992 in SA Gestig-gemeente en in 1993 die in die gemeente-Huguenot, Paarl (*Acta NGSK Sinode*, 1986: A11/2). Nadat Dr. G.J. Retief as studente leraar bedank het, het die Kuratorium-samesprekings met die kerkraad van Bellville gevoer oor die vereistes en Werksaamhede van die studenteleraar (*Acta NGSK Sinode*, 1986:A11/2). 'n Goeie verhouding tussen die studenteleraars en die Kuratorium is deurgaans gehandhaaf. Ds. N.N. Koopman is in die plek van Dr. G.J. Retief beroep. Ds. N.N. Koopman was in adviserende hoedanigheid na die Kuratorium gekoöpteer.

#### **4.16. Kuratorium-samestelling en verhoudinge**

Teen 1962 was daar 'n totaal van agt lede in die Kuratorium, met vyf as verteenwoordigers van die NGK en drie van die NGSK (*Acta NGSK Sinode*, 1962:43). Die NGK het dus nog steeds die meerderheidstem in die teologiese opleiding van die NGSK gehad. In die verslag van die Kuratorium word aangedui “die werksaamhede van die Kuratorium was deurgaans gekenmerk deur ‘n gees van hartlike samewerking, doelgerigte strewe en toegewyde verantwoordelike sin ter bevordering die belange van hierdie belangrike inrigting van die NGK” (*Acta NGSK Sinode*, 1962:43).

Tydens die NGSK in sitting te Worcester op 18 September 1974 en in die volgende dae het die verteenwoordigers, te wete di. J.G. Smith, P.W.L. Sinclair en D.P. Botha op die Kuratorium gerapporteur dat daar goeie samewerking tussen die lede van die NGK en genoemde verteenwoordigers op die Kuratorium was (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). Di. L. Moolman, Buitelandse Sendingsekretaris van die NGK, en D.P. Botha is onderskeidelik as voorsitter en skriba van die Kuratorium herkies (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). Ds. J.J. Sieberhagen, Binnelandse Sendingsekretaris van die NGK, het ook 'n belangrike rol in al die werksaamhede van die Kuratorium gespeel (*Acta NGSK Sinode*, 1974:111). Na die sinode van 1975 van die N.G.Kerk in S.A. is die Kuratorium saamgestel ooreenkomstig Art. 3.1. van die Reglement vir die Vorming en Toelating van Evangeliedienaars. Die verteenwoordiging was soos volg: (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165).

- i. *Ex officio* – Di. J.J. Sieberhagen, Binnelandse Sendingsekretaris van die NGK, en D.P. Botha, moderator van die NGSK.
  - ii. NGKerk in S.A. – Di. L. Moolman en J.J.C. Visser.
  - iii. NGK Oos-Kaapland – Ds. J. Claasen.
  - iv. NGSK – Di. I.J. Mentor, P.W.L. Sinclair en dr. H.M. Beets.
- Di. L. Moolman en D.P. Botha is onderskeidelik as voorsitter en skriba herkies en dr. H.M. Beets is gekies as vise-voorsitter. Ds. J.J. Sieberhagen het saam met die voorsitter en die skriba die Dagbestuur gevorm (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165). Ds. I.J. Mentor wat ook ex

officio lid van die Eindeksamenkommissie was, kon nie die gewone jaareindvergaderings van die Kuratorium bywoon nie omdat die vergadertye gebots het (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165). Hy het egter alle buitengewone vergaderings bygewoon. Hierdie botsing van vergadertye kan uiteraard nie vermy word nie, daarom sou dit verstandig wees om nie 'n persoon op albei hierdie kommissies te benoem nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165).

#### 4.17. Student-getalle

Die Kommissie het verder gerapporteer daar altesaam in die vier studiejare 31 studente was (*Acta NGSK Sinode* 1970: 77). Vier studente het om verskillende redes hul studies aan die Teologiese Skool gestaak (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Teen 1970 was 12 studente besig met die admissiekursus aan die Universiteit van Wes-Kaapland (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). In 1978 was daar 24 studente in die teologiese klasse (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167): nege in die eerste jaar, agt in die tweede jaar, twee in die derde jaar en vyf in die vierde jaar (*Acta*, 1978:167). Die presiese getal admissiestudente is nie bekend nie, maar 35 van hulle het by die Kuratorium om studenteleninge aansoek gedoen. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167). Dit was duidelik dat studente hulle steeds beter by die verhoogde akademiese standaarde aangepas het (*Acta NGSK Sinode*, 1978:167). Nie minder nie as sewe studente was met hulle derdejaar-graadstudie besig (*Acta NGSK Sinode*, 1978:165).

Gedurende die reses is die Ou Kursus uitgefaseer (*Acta NGSK Sinode*, 1986:375). Alle studente het ingeskryf in vir die geïntegreerde kursus (*Acta*, 1986:375). In 1986 was daar 105 ingeskrewe studente en hulle was soos volg oor die studiejare versprei: In die eerstejaar was daar 17 studente, in die tweedejaar ook 17, in die derdejaar 14, in die vierdejaar 17, in die vyfdejaar 19 en in die sesdejaar 21. In 1986 was die volgende daar die volgende getalle nagraadse studente ingeskryf (*Acta NGSK Sinode*, 1986:375-376).

- i. Honneurs B.Th.: Alternatief: Hier is 17 inskrywings van wie 4 leraars van die NG Sendingkerk is.
- ii. M.Th.: Nuwe Testament – 3; Ekklesiologie – 3; Dogmatologie – 8; Diakoniologie – 4; Missiologie 2.
- iii. Die volgende grade is gedurende die reses aan nagraadse studente van ons Fakulteit toegeken: 1983 D.Th. I.J. van Zyl (Ekklesiologie)  
M.Th. C. Lombaard (Dogmatiek – Cum Laude)  
1984 J.L. Cilliers (Missiologie – Cum Laude),  
H.R. Botman (Dogmatiek – Cum Laude),  
R.G. Codrington (Missiologie)  
1985 J.G. Botha (Dogmatiek)  
1986 K.T. August (Dogmatiek/Lidmaat van die Morawiese Kerk) (*Acta*

*NGSK Sinode* 1986:375-376).

#### 4.18. Studente-aktiwiteite

Studente aktiwiteite by die Fakulteit Teologie verbonde aan die UWK gedurende die 80s behoort verstaan te word teen die agtergrond van die verwickelinge met betrekking tot swartbewussyn, politieke onrus en studente opstand. Die teologiese studente van die NGSK

was nie onaangeraak gelaat deur die verwickelinge nie. Kennis behoort geneem te word van die artikel van Plaatjies-Van Huffel "A Chronology of the Political and Theology Activity at the University of the Western Cape during the Heyday of the Struggle against Apartheid" wat 'n chronologiese uiteensetting van die studente aktiwiteite te UWK. Plaatjies-Van Huffel (2015:500) konstateer dat die hoër onderwys in die apartheidsera in Suid-Afrika op grond van ras gestruktureer was. Dit het beteken dat daar universiteite vir verskillende rasse en etniese groepe gestig is (Plaatjies-Van Huffel, 2015:500). Die Universiteit van Wes-Kaap (UWK) wat in 'n verlate gebied van Bellville-Suid geleë is, was een van die rasse-gesegregeerde instellings (Van-Huffel, 2015:500).

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:500) het UWK vroeg in 1960 sy deure vir 162 "gekleurde" studente oopgemaak en is dit aangewys vir mense van gemengde afkoms. UWK en sy etnies-gebaseerde susterinstellings vir hoër onderwys, wat algemeen bekend gestaan het as "boskolleges", is in 1959 oor die hele Suid-Afrika deur die apartheidstaat ingestel (Plaatjies-Van Huffel,2015:5005). Plaatjies-Van Huffel (2015:500) dui aan dat die instelling van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopvoeding Nr. 45 in 1959, swart studente verbied het en met geregtelike vervolging gedreig het indien hulle sonder voorafverkreë skriftelike toestemming by wit universiteite geregistreer het.

Plaatjies-Van Huffel (2015:00) konstateer dat UWK deur 'n reeks Broederbond-rektore bestuur is en dat tot en met 1975 'n meerderheid van Afrikaner-personeelle in diens geneem het. Prof. Richard Ernest van der Ross was die eerste "gekleurde" rektor wat deur die apartheidregering by UWK aangestel is (Plaatjies-Van Huffel,2015:500). Plaatjies-Van Huffel (2015:500) konstateer verder dat UWK-studente hoofsaaklik uit 'n werkersklas-agtergrond gekom het. Die studente het onder groot finansiële beperkings gestudeer. UWK het volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:500) 'n belangrike rol ten opsigte van studente-protas gedurende die 1970's en 1980's gespeel. Die politieke inisiatiewe gedurende die tyd getuig van die groeiende verset op voetsoolvlak na die slagting in Sharpeville op 21 Maart 1960. Gedurende April 1960 is 'n verbod op groot politieke bewegings soos die African National Congress (ANC) en die Pan-Africanist Congress (PAC) geplaas (Plaatjies-Van Huffel, 2015:500). Na die verbod op die groot politieke bewegings het vakbonde en godsdienstige liggame, soos kerke, geloofsgemeenskappe en studente-organisasies soos die Vereniging van Christen-Studente, (VCS), Student Christian Movements (SCMs) en die Suid-Afrikaanse Studenteorganisasie (SASO) met protasaksie teen die Suid-Afrikaanse regering voortgegaan (Plaatjies-Van Huffel, 2015:500-501).

Die Suid-Afrikaanse Studenteorganisasie (SASO) het 'n sleutelrol gespeel by etnies-gebaseerde instansies in Suid-Afrika om die swartbewussyns-ideologie by UWK te versprei (Plaatjies-Van Huffel, 2015:501). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:501) het Henry Isaacs, president van die Studenteraad (SR) te UWK, die inhuldigingskonferensie van die Suid-Afrikaanse Studenteorganisasie (SASO) in Junie 1969 by Turfloop bygewoon. Henry Isaacs het die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Studenteorganisasie (SASO) by UWK geword en was een van die grootste voorstanders van die swartbewussynsbeweging by UWK (Plaatjies-Van Huffel, 2015:501). Vir die UWK-studente was die swart-bewussynsbeweging van kardinale belang in die vorming van hul politieke denke (Plaatjies-Van Huffel, 2015:501). Deur swart-bewussyn wou Suid-Afrikaanse Studenteorganisasie (SASO) 'n liberale siening van onderwys verwerp, 'n swart kulturele identiteit bewerkstellig en swartes bevry van begrippe van minderwaardigheid (Plaatjies-Van Huffel, 2015:501). Die swartbewussynsbeweging het swart studente van oor al die gesegregeerde universiteite, insluitende "Kleurlinge" en Indiërs verenig (Van-Huffel,2015:501).

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:501) is fotokopieë van Paulo Freire se *Pedagogy of the Oppressed and Education for Critical Consciousness* tussen 1973 en 1978 op die UWK-kampus versprei en kan die belangrikheid van hierdie boek in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare nie oorbeklemtoon word nie. In formele besprekingsgroepe het groot getalle UWK-studente aan Freire se konsep van "conscientização" ("bewussyn", ook vertaal as "bewussynsverhoging" en die ontwikkeling van "kritiese bewussyn") aangevoer sodat die proses van bewusraking van sosiale, politieke en ekonomiese teenstrydighede ervaar kon word, en sodoende te lei tot optrede teen die onderdrukkende elemente van die werklikheid.

Plaatjies-Van Huffel (2015:501) konstateer verder dat die *Pedagogy of the Oppressed* aan studente 'n taal gegee het om krities te besin oor en te reageer teen die onderdrukkende stelsel in Suid-Afrika. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:501) het studente aan die UWK die aard van hul historiese en sosiale situasie te bevraagteken. Die radikaliserende studenteliggaam by UWK het volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:501) uitgereik na die armes en ongeletterdes, om werkers te help om vakbonde te vorm, aan gesondheidsorg vir plaaslike gemeenskappe deel te neem, sokkombuise vir die omliggende plakkerskampe te verskaf, die reg van swartmense op toegang tot behuising te verkry en te beskerm en om te pleit vir kwessies soos die reg van verblyf in die Wes-Kaap asook vryheid van beweging. Die solidariteit van studente met die armes en die gemarginaliseerdes was 'n poging deur die UWK-studente om die konsep van klasseverdeling bekend te stel aan 'n nuwe soort gemeenskap, vry van diskriminasie op grond van ras, geslag of klas.

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:501) was die idee dat die volle omvang van siviele, politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele regte wat met mekaar verband hou, en dat die skending van enige daarvan die vervulling van die ander sou beïnvloed. Dit is gedurende hierdie tydperk wat teologiese opleiding van die NGSK by die Fakulteit Teologie verbonde aan die UWK plaasgevind. Die teologie studente was deur bovermelde verwickelinge, aktiwiteite, politieke onrus, en studente opstand nie onaangeraak gelaat nie.

Die Kuratorium het ook 'n stel reëls vir die teologie studente opgestel, wat pligsgetrou nagekom moes word (Acta, 1970:78). Die studente het alles in die stryd gewerp om die jaarblad, *Koinonia*, doeltreffend en van hoë gehalte te hou (Acta NGSK Sinode, 1970:78). Daar was 'n baie positiewe verhouding tussen die dosente en die studente, wat ook 'n leidende rol gespeel in die studentegemeenskap het deur middel van die V.C.S. en sportdeelname (Acta NGSK Sinode, 1970:78). 'n Hele aantal studente het ampte as kerkraadslede beklee (Acta NGSK Sinode, 1970:78). *Koinonia*, wat die studentevereniging was en die Admissiebond is albei as verenigings deur die Universiteit Wes-Kaapland erken (Acta NGSK Sinode 1974:112). *Koinonia* was egter die enigste fakulteitsorganisasie waarby teologie-studente betrokke was (Acta NGSK Sinode, 1986: 375). Die Kuratorium se kontak met die organisasie het mettertyd egter baie verswak weens die onafgebroke spanningstoestande op die UWK-kampus gedurende die reses (1982 tot 1986).

Die Kuratorium het volgehoue pogings aangewend om die verhouding te verbeter. As gevolg van dieselfde faktore soos hierbo genoem, het die Vereniging van Eggenotes van Teologiese Studente (VETAS), disfunksioneel geraak (Acta NGSK Sinode, 1986:376). Na oorlegpleging en in samewerking met die Fakulteit is 'n Teologiese Studenteraad (TSR), die *Koinonia* vereniging, saamgestel. Die TSR het sitting in die Verteenwoordigende Studenteraad gehad en een lid het ook sitting in die Fakulteitsraad. Daar was nou baie noue skakeling met die breë studentemassa en ander fakulteite op studentevlak sowel as met die Dagbestuur van die Fakulteit (Acta NGSK Sinode, 1990: 347). Afgesien van die pogings van die Fakulteit en die studente-predikante, het geestelike en pastorale versorging nog nie tot sy reg gekom nie. Studente het nie soos van hulle verwag is by gemeentes ingeskakel nie en dit het die dringende aandag van die Kuratorium geniet (Acta NGSK Sinode, 1990:347).

Die Fakulteitsraad het na oorlegpleging met die studente vanaf 1 Januarie 1989 'n nuwe eksamineringsstelsel ingestel. Die nuwe stelsel het Sielkunde, Sosiologie en Geskiedenis asook Afrikaans I of praktiese Afrikaans of Engels I of Engels (Spesiaal) of Xhosa I ingesluit. Bybelkunde as keuse-vak is dus uit die leerplan weggelaat. Die instelling van 'n Bybelkenniseksamen wat Bybelkennis toetsing sou behels, is as toelating tot die



teologiese studie aanbeveel. Die Lisensiaat in Teologie is afgeskaf en studente met 'n diploma in Teologie mag nou ook inskryf vir Honneursgrade in Teologie (*Acta NGSK Sinode*, 1990:347). Studente wat aansoek gedoen het om as predikante van die NGSK opgelei te word, is ingevolge Reglement 16 deur die Toelatingskommissie toegelaat met verslag aan die Kuratorium.

Die Kuratorium het op 24 November 1983 op aanbeveling van 'n ad hoc-kommissie saamgestel uit die Kuratorium en die Fakulteitsraad, 'n beleidstuk aanvaar met riglyne vir toelating tot die Fakulteit van persone wat as predikante van die Kerk opgelei wou word, asook vir die begeleiding van elke kandidaat deur die hele kursus (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377). Die verskillende vorme ten opsigte van beweegredes, getuigskrifte en mediese verslae is dienooreenkomstig aangepas (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379).

Die voorneme om die riglyne vanaf 1984 te begin toepas kon weens die abnormale studietoestande wat steeds voortduur, nie uitgevoer word nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:379). Studente wat aansoek gedoen het om deur die Teologiese Fakulteit as predikante van die NG Sendingkerk opgelei te word, is gereeld ingevolge Reglement 16 deur die Toelatingskommissie toegelaat, met verslag aan die Kuratorium. In 'n verdere ontwikkeling, het die studente het 'n koor van hoogstaande gehalte onder leiding van Mnr. Albert du Toit van die Paarl gestig (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78).

Die koor het dikwels by verskillende geleenthede soos by die sluiting van die Skool en oor die radio opgetree (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Die Kuratorium het dit as sy wens uitgespreek dat die studente moes inskakel by die evangelisasie-aksies van die omliggende gemeentes (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). 'n Beroep is op die Ring van S.A. Gestig gedoen om van die dienste van die studente gebruik te maak terwyl vir die studente 'n eie organisasie vir hierdie doel in die lewe geroep sou word (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Die Kuratorium het ook vereis dat studente gedurende vakansies geestelike werk in gemeentes onder toesig as deel van hulle vorming sal doen (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Die studente het 'n leidende rol gespeel in die werksaamhede van die Vereniging van Christenstudente (CSV) (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Daar was besliste en verblydende tekens dat die invloed van NSGK-studente op die kampus aan die toeneem was (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112).

Dit was veral daaraan te danke dat die grootste meerderheid van die studente in die koshuis op die kampus gehuisves was (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). In November 1974 het die Kuratorium die konstitusie van die Vereniging van eggenote van teologiese student (VETAS) goedgekeur. Na 'n skolingskursus onder leiding van Prof. P.J.J.S. Els in 1974, het die vereniging met groot ywer aan die werk gespring en uit die jaarlikse verslae aan die

Kuratorium blyk dit dat waardevolle werk deur die vereniging gedoen is om toekomstige predikantsvroue te vorm en te skool (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168).

Die koshuisstudente en Koinonia het gedurende 1983 en 1984 suksesvolle en waardevolle simposia, wat wye belangstelling geniet het, gereël, met goedkeuring van die Kuratorium (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377). Die simposia het onderskeidelik gehandel oor geregtigheid in die samelewing en die lewe en getuienis van die Deense predikant Kaj Munk. Laasgenoemde simposium het saamgeval met die eerste Kaj Munk-toekenning vir die bevordering van menseregte aan Dr.A.A. Boesak, voorsitter van die Kuratorium (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377).

#### **4.19. Beroeping van studente**

Die Kuratorium het aandag aan die uitdagings wat ervaar was met betrekking tot die indiensneming van die proponente deur die Sendingkerk gegee (*Acta NGSK Sinode*, 1962:45). Talle gevalle het voorgekom waar proponente 'n geruime tyd moes wag op 'n beroep nadat hulle beroepbaar verklaar is, alhoewel daar talle vakatures was (*Acta NGSK Sinode* 1962:45). Om dit te voorkom het die Kuratorium die volgende gedoen:

- i. Die redakteure van *Die Kerkbode* en *Die Ligdraer* is versoek om hierdie saak in die inleidingskolomme van hulle onderskeie organe prominensie te gee, met die dringende versoek aan alle betrokke instansies in NGK en NGSK om alle moontlike hindernisse in die proses van die uitbring van 'n beroep op 'n proponent, uit die weg te ruim.
- ii. Die Algemene Sendingkommissie is genader met die versoek dat waar hy volmag of medeverantwoordelikheid het in die uitbring van 'n beroep na 'n Kleurlinggemeente, hy sover moontlik voorkeur sal gee aan alumni van die Teologiese Skool.
- iii. Die Kuratorium het verder die oortuiging uitgespreek dat met die nodige samewerking, welwillendheid, takt, geduld en geloof van alle betrokke instansies, daar nooit 'n krisissituasie in hierdie verband in die kerk behoort te ontstaan nie. Die Kuratorium koester groot verwagtings van die Teologiese Skool. Hy glo dat hulle in elke opsig hulle Godgewe roeping in hierdie toetsende tye van oorgang en aanpassing in die kerk, waardig sal wees. Sodoende sal hulle nie net vir hulleself 'n ereplek in die NGSK verseker nie, maar ook 'n gebaande weg laat vir die lang ry van manne wat vanuit die Teologiese Skool in hul spore moet volg (*Acta NGSK Sinode* 1962:45).

Die Sinode het 'n ernstige beroep op gemeentes van die NGK gedoen om die NGSK-gemeentes in hul omgewing te help om 'n beroep te kan uitbring (*Acta NGSK Sinode*, 1970:79). Die Kuratorium het ook besef at daar nog baie deure in die NGSK self was wat vir die proponente behoort oop te gaan en 'n ernstige beroep is op die Sinode gedoen om hierin behulpsaam te wees (*Acta NGSK Sinode* 1970:79). Die Kuratorium het sy besorgheid uitgespreek dat proponente van die Teologiese Skool steeds baie lank moes wag om beroep te word (*Acta NGSK Sinode* 1970:79).

#### **4.20. Skakeling met ander Teologiese inrigtings**

Daar was besondere skakeling tussen die Teologiese Fakulteit en die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch wat akademiese bedrywighede betref. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:173). 'n Baie vrugbare ontwikkeling gedurende die reses (1966 tot 1970) was die jaarlikse samespreking tussen die finalejaar-studente van die Teologiese Skool en die Kweekskool van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78). Dit het om die beurt by die twee inrigtings plaasgevind (*Acta*, 1970:78). Aktuele onderwerpe van gemeenskaplike belang is bespreek (*Acta NGSK Sinode*, 1970:78).

Die verhouding van die Fakulteit tot ander Teologiese fakulteite het steeds verbeter en is al hoe meer uitgebou (*Acta NGSK Sinode* 1974:112). Samekomste met die kweekskool te Stellenbosch het op 'n gereelde basis plaasgevind en studente het dit as baie positief en bevredigend ervaar (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112) om te kon skakel met die ander teologiese fakulteite by die konferensies van teologiese studente van die NG. Kerk-familie. Daar is twee konferensies gehou, een op Stellenbosch in 1973 en een by Turfloop in 1974 (*Acta NGSK Sinode* 1974:112). Die Dagbestuur van die Kuratorium het samesprekings gehou met die Kuratorium van Turfloop oor teologiese opleiding in die Verenigde Gereformeerde Kerk in SA. (*Acta NGSK Sinode*, 1994:A11/8).

Saam is 'n verslag vir die Stigtingsinode van die VGKSA opgestel wat ook voor die volle Kuratorium gedien het. In verband met *Konsept Reglement vir Teologiese Opleiding* besluit die Kuratorium om aan te beveel dat die Reglement van die NGSK, soos gewysig op hierdie Sinode, vir eers onveranderd sou bly funksioneer in die nuwe kerk totdat die onsekerheid oor teologiese opleiding wat by alle teologiese fakulteite heers, opgeklaar is en daar meer duidelikheid was oor die tweede punt vir teologiese opleiding in die Noorde.

#### **4.21. Studente-onrus**

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:502) het die swartbewussynsbeweging tydens die Soweto-opstande van 1976 in konsultasie getree met studente van etnies-gebaseerde instansies. Twee UWK-studente het op 2 Augustus 1976, twee maande na die Soweto-opstand, 'n vergadering belê om solidariteit met die studente van Soweto uit te spreek en hulle het besluit om te begin om klasse te boikot. Die moord op onskuldige skoolkinders wat in Maart daardie jaar in Soweto marsjeer, is deur die studente gesien as 'n voorbeeld van 'n growwe skending van die mensereg op onderwys en vryheid van samekoms (Plaatjies-Van Huffel, 2015:502).

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:202) het Prof. Richard van der Ross, die nuut aangestelde en eerste "gekleurde" rektor van die UWK, reeds opgewonde uitgesien na die groei van 'n opgevoede bevolking en na politieke verandering, maar sy pogings het geen

resultate opgelewer nie. Die UWK-boikot het duidelik as universiteitsgemeenskap solidariteit verklaar met skoolleerders oor die onregte gepleeg op grond van ras, klas en etnisiteit, en het 'n nuwe era van universiteitsprotes in Suid-Afrika bekend gestel (Plaatjies-Van Huffel, 2015:502). Ander tersiêre onderwysinrigtings in die Wes-Kaap, byvoorbeeld Hewat-Onderwysersopleidingskollege in Athlone, Bellville-Opleidingskollege en talle "gekleurde" skole het gou die UWK-voorbeeld gevolg: UWK-alumni wat by skole onderrig het, het 'n belangrike rol gespeel in die bewuswording van hul leerlinge (Plaatjies-Van Huffel, 2015:502).

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:502) het 'n militante gees sedert die laat 1970's en gedurende die apartheidstaat se ernstige krisis tot 1990 by die UWK geheers. Verder is gekonstateer dat die UWK onder leiding van die nuwe rektor, prof. Jakes Gerwel, sy deure in die middel van die 1980's aan alle studente, sonder enige inagneming van ras of etnisiteit, oopgemaak het. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:502) het UWK homself verklaar tot intellektuele tuiste van demokratiese linksgesindes. Hierdie uitdaging aan die Suid-Afrikaanse-Regering het openlik gepaard gegaan met die stryd van die onderdrukte en uitgebuite massas.

Die diensorganisasies van die UWK het die hulpbronne van die akademiese lewe beskikbaar gestel vir 'n groeiende politieke massa-beweging, en sy klaskamers is omskep in 'n terrein van debat en stryd en 'n groter fokus op die geskiedenis van die volk en 'n breër onderwysstelsel (Plaatjies-Van Huffel, 2015:502). Plaatjies-Van Huffel (2015:502) konstateer dat talle aktiviste by swart universiteite in hegtenis geneem, van verraad aangekla, geslaan en getraanrook is in die 1980's se optrede wat aangevuur is nadat die Suid-Afrikaanse Minister van Justisie, Jimmy Kruger, al die organisasies verbonde aan die BCM in Oktober 1977 verban het. Die gewelddadige regeringsonderdrukking van die studente-opstande dwarsdeur die land het duisende jeugdige, insluitend UWK-studente, genoodsaak om die land te verlaat om hulle by die gewapende stryd aan te sluit. Plaatjies-Van Huffel (2015:502) verwys na een van die UWK-studente, Geraldine Fraser, wat die land in die tagtigerjare verlaat het om by die ANC in ballingskap aan te sluit. Soos Anderson dit gestel het, het die UWK "een van die sentrale instellings van die burgerlike samelewing geword waar progressiewe magte georganiseer het om die staat te betrek in 'n langdurige reeks uitruilings en onderhandelinge wat daarop gemik was om apartheid te beëindig" (Plaatjies-Van Huffel, 2015:502).

Nadat die Nederduitse Gereformeerde Sendingskerk in 1969 sy teologiese opleiding van Wellington na die UWK verskuif het, het die Fakulteit Teologie 'n sentrale en progressiewe rol by die UWK gespeel (Plaatjies-Van Huffel, 2015:503). Hiervolgens het

sommige van sy studente prominente leiers geword, byname Richard Stevens (1973-74), Howard Eybers (1975), Leonardo Appies (1976) en Llewellyn MacMaster (1983-1984). Plaatjies-Van Huffel (2015:503) konstateer verder dat die teologiese antropologie van die NGK gedurende die sewentiger- en tagtigerjare by die UWK gedekonstrueer is en dat dit vervang is met 'n nuwe swart-bevrydings-teologiese denkraamwerk.

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:503) het die universiteit 'n soort opleidingstuiste vir bevrydingsteologie geword, met departementele klem op die "hermeneutiese sirkel" as die sentrale metodologiese hulpmiddel ter ondersteuning van kontekstuele teologie, swart teologie, bevrydingsteologie, ekumeniese teologie en gemeenskapsgebaseerde praktiese teologie. Plaatjies-Van Huffel (2015:503) konstateer dat dit gelei het tot kritiese refleksie oor praktyke in die lig van die Woord van God, byvoorbeeld aangaande 'n herbeoordeling van die stelselmatige skending van alle menseregte – politieke, burgerlike, ekonomiese, sosiale en kulturele regte – onder apartheid in Suid-Afrika. Plaatjies-Van Huffel (2015:503) meld dat volgens die teologie-student, Nico Botha, studente aan die fakulteit 'n "verwarrende" mengsel van idees ondervind het as gevolg van hul blootstelling aan ander studente op die kampus. Hulle is blootgestel aan die idees van Martin Luther King, Jr. oor die gewelddadige weerstand teen Nyerere se konstruksie van Ujamaa. Steve Biko se interpretasie van Swartbewussyn en begrippe van sosialisme het ook 'n rol gespeel, sowel as die radikale idees van Ho Chi Minh se konsepte van revolusie. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:503) het dit gelei tot 'n verskuiwing weg van tradisionele godsdienstige dogmas soos dié van die NG Kerk se teologiese antropologie, na 'n swart bevrydingsteologie.

Plaatjies-Van Huffel (2015:503) konstateer verder dat die swart teologie sedert die begin van die 1970's deur baie mense in die swart gemeenskap as 'n egte, sinvolle uitdrukking van hul Christelike geloof aanvaar is: hiervolgens was die belangrikste boodskap dat God by die onderdrukte gestaan het. Plaatjies-Van Huffel (2015:503) verwys na boeke soos *The God of the Oppressed*; *Gustavo Gutierrez's We Drink from Our Own Wells: The Spiritual Journey of People*; *Leonardo Boff's Jesus Christ Liberator: A Critical Christology for Our Time*; *Juan Luis Segundo's The Liberation of Theology* en Boesak se *Farewell to Innocence*, wat 'n deurslaggewende rol gespeel het. Dit het die weg gebaan vir die studentepopulasie by die UWK en omliggende tersiêre instellings van hoër onderwys om krities en kreatief met die werklikheid om te gaan en om aan te dui hoe om aan die transformasie van hul wêreld deel te neem. Die studente het bewus geword van hul voorheen verdraaide persepsies en teologiese persele en het hulle gewend na 'n nuwe persepsie van daardie realiteit en 'n nuwe interpretasie van die Bybel (Plaatjies-Van Huffel, 2015:503).

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015: 503) het die studente verstaan dat godsdiens 'n krag vir sosiale verandering kan wees; om dit in Freire se terme te stel, het die UWK-studente 'n nuwe bewustheid van selfstandigheid gekry en krities gekyk na die sosiale situasie waarin hulle hulself bevind het. Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:503) het die Vereniging van Christelike Studente (VCS) in die loop van 1973 een van die mees lewendige studentegroepe op die kampus van die UWK geword; die meeste van die teologiestudente, waaronder Abe Visagie, James Buys, Willa Boesak, Russel Botman, Pieter Gelderbloem, Andrew Esterhuizen, Albert van Wyk, Joe Cupido, William McKay, Nico Botha en Leonardo Appies was lede van die VCS of die Belydeniskring, of albei. In 1979 het die studente van die Fakulteit Teologie protes teen personeellede wat vermoedelik lede van die Broederbond was, aangeteken (Plaatjies-Van Huffel, 2015:503).

Plaatjies-Van Huffel (2015: 504) konstateer dat dr. Allan Aubrey Boesak, president van die VCS, 'n groot teologiese invloed op UWK-studente gehad het deur jongmense en ander aan swart teologie, swart bewussyn, apartheid en burgerlike ongehoorsaamheid voor te stel. Sy geskrifte was gewild by lede van die VCS, wat betrokke was by wat Freire die ontologiese en historiese roeping genoem het om meer volledig menslik te word. Die "kultuur van stilte" was gebreek en die studente het krities na die wêreld gekyk in 'n dialoog met ander (Plaatjies-Van Huffel 2015:504). Boesak was ook die studente-kapelaan by die UWK en het preke gelewer wat daarop gemik was om hul sienings oor teologiese antropologie aansienlik te verskuif. Die hooftema van sy preke was die sosio-politieke verantwoordelikheid van Christene (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504).

As profetiese prediker, prominente kerkleier, ekumeniese leier, bekende skrywer, anti-apartheidsaktivis en toevallige politikus, het Boesak die bevrydingsteologie aan swartbewussyn gekoppel op die studentevlak en daarbuite (Plaatjies-Van Huffel,2015:504). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015,504) het konferensies wat by die Fakulteit Teologie van UWK gehou is, ook 'n belangrike rol gespeel in die verskuiwing van hermeneutiek, dit wil sê die teologiese lees van die sosiale werklikheid in die lig van geloof gebaseer op die Bybel. In klein groepies in universiteitsklaskamers, seminaarruimtes en ander lokale, het beleidsoorweging plaasgevind. Swart intellektuele in verskillende dissiplines, o.a. die voorgenoemde Allan Boesak, Dullah Omar, Adam Small en ander het hul intellektuele insigte in en ervarings van die stryd om sosiale, ekonomiese en politieke geregtigheid met student gedeel (Plaatjies-Van Huffel 2015:504). Die UWK-konferensies en werksinkels het temas soos bevrydingsteologie, swart teologie, die betekenis van kultuur, klas, ras en etnisiteit, swart



bewussyn, "gekleurde" identiteit, geslag, menswaardigheid en menseregte, demokrasie, sosialisme, kapitalisme en patriargie, bespreek (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504).

Hierdie temas het 'n groot invloed gehad op UWK-studente se begrip van die rol van godsdiens in sosio-ekonomiese, sosio-politieke en geregtigheidskwessies (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:504) het die studente bewus geraak van hul eie rassige persepsie van die werklikheid en het hulle dit krities aangespreek. Die studente is gedwing om hul teologie te heroorweeg in die lig van die uitdagings wat hulle in die gesig gestaar het (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504). Leonardo Appies het byvoorbeeld 'n belangrike rol gespeel in die beëindiging van die idee van 'n "Kleurlingstryd" by 'n "Kleurlinguniversiteit." (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504). Toe die UWK se Social Sciences Society (SSS) in Julie 1976 'n Saterdag-simposium oor die toekoms van die "Kleurlinge" gehou het, het Appies hulle hartstogtelik berispe: die UWK as 'n swart kampus kon nie so nougeset wees om homself uitsluitlik met 'n "Kleurling" -stryd besig te hou nie. Appies het solidariteit met die swart gemeenskap beklemtoon, 'n radikale houding, volgens Freire. Teologiestudente by die UWK het die gebruik van godsdiens as 'n kulturele of rassistiese ideologie, soos in die NGK aangestel, verwerp (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504).

Die kollektiewe jeug- en studente-opstand het tot uitsettings en aanhoudings gelei (Leonardo Appies, Pieter Gelderbloem, Dawid Visagie, Cecyl Africa, Llewellyn Macmaster, Russel Botman en vele ander). Een regstudent, Cecyl Esau, het 'n belangrike rol gespeel in die werwing van studente as aktiviste en/of deel van 'n ondergrondse sel van die ANC (Plaatjies-Van Huffel, 2015:504-505). Tydens die studente-onrus wat gedurende 1973 aan die Universiteit van Wes-Kaapland plaasgevind het, het die studente 'n moeilike tyd deurgemaak (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die Kuratorium het deur sy Dagbestuur die studente voortdurend verseker van die kerk se meegevoel en besorgdheid en hulle ook daadwerklik bygestaan met raad, voorspraak en vertoë (*Acta NGSK Sinode*, 1974:112). Die studente het hulle ten alle tye waardig en verantwoordelik gedra en hulle het opgetree soos dit Christene betaam en die kerk tot eer strek (*Acta NGSK Sinode* 1974:112). Anders as in 1973 het die onluste in die land en op die kampus in 1976 die studente hierdie keer nie ongeskonde gelaat nie (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168). Die hele Fakulteit, sowel as die Kuratorium was direk en diep by die gebeure op die kampus betrek (*Acta NGSK Sinode* 1978:168). Beide die Kuratorium en die dosente van die fakulteit het hulle solidariteit met studente betuig en betoon (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168).

Emosies het geweldig hoog geloop en meer as een persoon het balans verloor. Sommige van die studente het egter 'n hoë tol betaal (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168). Twee

studente was vir 'n lang tyd aangehou sodat hulle nie eksamens aan die einde van die jaar kon aflê nie (*Acta*, 1978:168). Vyf ander is deur die universiteit geskors (*Acta NGSK Sinode*, 1978:168). Hierdie sewe studente moes almal hul jaar herhaal en daar was ander wat weens eie innerlike konflik vir selfs langer hul studies onderbreek het. Die Kuratorium het 'n broederlike gesprek met die studentekorps gevoer onder leiding van Ds. I.J. Mentor (*Acta NGSK Sinode*, 1978:169). Die resultaat was positief. (*Acta NGSK Sinode*, 1978:169). Daar was 'n gees van samewerking en hoop in die fakulteit en verhoudinge was normaal (*Acta NGSK Sinode*, 1978:169). Toe sake eers genormaliseer is, kon die bepalinge in verband met klasbywoning en die vordering en uitbetaling van lenings en beurse streng toegepas word (*Acta NGSK Sinode*, 1978:169). Onrus en klasboikotte het veral gedurende die tweede deel van hierdie reses ongekende afmetings aangeneem (*Acta NGSK Sinode*, 1986:377).

Die teologiese studente was uiteraard vasgevang in die hele spiraal van konfrontasie wat op die kampus van die UWK voorgekom het (*Acta NGSK Sinode* 1986:378). Maar vir die eerste keer in die geskiedenis van die Teologiese Skool het klasboikotte binne die Fakulteit en deur teologiese studente geïnisieer plaasgevind (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378). Gedurende 1984 het die studente alle klasse geboikot om 'n eis af te dwing dat dosente aan die Fakulteit hulle legitimasië deur die NG Kerk moet opsê. (*Acta*, 1986: 378). Gedurende 1985 het 'n boikot sowel as betoginge plaasgevind om die Kuratorium te dwing om ds. D.P. Botha as dosent in Kerkreg te vervang (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378).<sup>9</sup>

---

<sup>9</sup> Op 1 Oktober 1986 is die "siek" teologiese skool bekyk. UWK-studente is oor boikotte gemaak: Deur Ons Kerksake-redaksie: "Die "siek" Teologiese Skool van die NG Sendingkerk aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die groot daling in bydraes van gemeentes vir die teologiese opleiding van die kerk, het gister heelwat aandag geniet op die Sinode van die Sendingkerk in Belhar. Ná 'n lang bespreking oor die boikot-aksies van teologiese studente aan die universiteit in 1984 en 1985, het die Sinode 'n dringende beroep op teologiese studente gedoen om in die hantering van hul eise die "kerkordelike weg" te volg. Daar is gesê dat eise wat by wyse van klasboikotte afdwing word, meer kwaad as goed doen. Dit werk 'n onwilligheid by gemeentes in die hand om ruimskots by te dra tot die opleiding van leraars. In nog 'n besluit spreek die Sinode sy begrip uit vir die moeilike omstandighede waaronder die studente hul studie moet voortsit. KLASBOIKOT: Die besluite volg uit 'n verslag van die kuratorium van die teologiese skool, waarin gesê word dat onrus en klasboikotte veral gedurende die laaste twee jaar ongekende afmetings aangeneem het. In 1984 het klasboikotte wat deur teologiese studente geïnisieer is, vir die eerste keer in die geskiedenis van die teologiese skool plaasgevind. In 1985 was daar boikotte en betogings om die kuratorium te dwing om ds. D.P. Botha as dosent in die kerkreg te vervang. Die saak is bygelê ná verskeie ontmoetings tussen die betrokke dosente en studente, maar "ontsettend baie tyd" het verlore gegaan en studente het oninhaalbare verliese gely, lui die verslag. Die kuratorium het nie aan die eise van studente toegegee nie, maar verhoudings binne die fakulteit en tussen die kuratorium en die studente het "gevoelige knoue" weg. Ds. G.E. Hugo van Windhoek het 'n storm om sy kop ontketen met 'n stelling dat die teologiese skool "ernstig siek" is. Hy het ook gesê die boikot van klasse het 'n ontelbare verlies aan man-ure tot gevolg en dat gemeentede se beursies weens die boikot dig toe is. Ds. Jan Thyse van Die Slot, Grassy Park, het beswaar gemaak teen die manier waarop teologiese studente "in die beskuldigdebank" geplaas word. Dinge wat by die teologiese fakulteit gebeur, is maar 'n refleksie van wat oor die hele land aan die gang is. "Wie het die teologiese skool siek gemaak?" wou hy weet. Ds. Jan Mostert van Riebeeck-Kasteel het gesê die Sinode skuld die teologiese studente hul lojaliteit. Tree met hulle in gesprek en moenie hulle veroordeel nie, het hy gepleit. Oudl. Freddie van Breda van Mitchell's Plain het geantwoord: "Dit is die beleid van die land wat hulle siek gemaak het!" Nogtans meen hy die studente het met hul optrede nie die liefde van Christus weerspieël wat deur die kerk verwag word nie. Oom Basie Sonn, 'n ouderling van Sarepta, het sinodegangers herinner aan die optrede van

Die Kuratorium het voortdurend probeer om 'n versoeningspad te loop. Die Dagbestuur van die Kuratorium het verskeie ontmoetings met die betrokke dosente en die studente na die eis van elke saak gehad (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 378). Alhoewel onsettend baie tyd verlore gegaan het en studente wat hul studies betref oninhaalbare verliese gely het, kon met die werk voortgegaan word (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378). Die Kuratorium het nie aan die eise van die studente toegegee nie, omdat die kwessie van die legitimasie deur die NG Kerk uitsluitlik 'n saak vir die Sinode is. Die aangeleentheid is na die ASK verwys (*Acta NGSK Sinode* 1986:378). Ook wat die dosent in Kerkreg betref het die Kuratorium nie aan die eis toegegee nie.

Die studente het Ds. D.P. Botha weer aanvaar en ten spyte van die algemene klasboikot gedurende die tweede helfte van 1985 is 'n suksesvolle eksamen in Kerkreg afgelê (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 378). Die goeie verhouding tussen dosent en student is volkome herstel. Dat die verhoudinge binne die Fakulteit en tussen die Kuratorium en veral die studente gevoelige knoue weg het, ly geen twyfel nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378). Die Kuratorium en die dosente het deur hul optrede bewys gelever dat hulle nie hul vertrouwe in die studente verloor het nie (*Acta NGSK Sinode* 1986:378).

Daarom het hulle, weens die buitengewone aard van die spanningstoestand in die gemeenskap en op die kampus, nie die Kerkorde ten volle toegepas soos die Kerk van hulle verwag nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378). Die dissiplinêre kodes het inderdaad onder groot druk verkeer. Weens verskeie oorwegings, waarvan die verhouding tot die Universiteit die belangrikste is, kon die dosente en die Kuratorium nie Regulasie 16.13 wat verpligte bywoning van klasse vereis, afdwing nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 378). Omdat die Universiteit nie gereelde klasbywoning as vereiste vir toelating tot die eksamen kon stel nie, het die studente van die Kerk ook aanspraak op dieselfde vryheid gemaak. Daar was selfs van die ingeskrewe teologiese studente wat weens finansiële nood voltyds werk gedoen het en geen klasse bygewoon het nie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378). Van die studente se kant af was daar klaarblyklik groot verlies aan vertrouwe in die dosente en die Kuratorium om redes van hul eie (*Acta NGSK Sinode*, 1986:378). Die Kuratorium het probeer om alle die kommunikasiekanale oop te hou (*Acta NGSK Sinode*, 1986: 378).

Ongelukkig moes die Kuratorium ook tydens die reses dissiplinêr optree teen enkele studente. (*Acta*, 1994:A11/5). Omdat die wyse en omvang van dissiplinêre stappe vir die

---

blanke studente tydens die Tweede Wêreldoorlog. Vandag veg die studente ook vir menswaardigheid, want hulle is "seker siek en sat vir die verdrukkende stelsel".

Kuratorium problematies was, is die Fakulteit versoek om voorstelle aan die Kuratorium te maak. Uit 'n verslag opgestel deur Prof. G. Bam en van kommentaar voorsien is deur Prof. J.C. Adonis, is besluit om die tughandeling van die kerkraad waarvan die student 'n lidmaat was, te onderskei van die dissiplinêre stappe deur die Kuratorium geneem (*Acta, 1994:A11/5*). Die Kuratorium het ook besluit dat wanneer dissiplinêre optrede teen 'n teologiese student tot gevolg het dat sy studie onderbreek word, so 'n student om hertoelating by die Toelatingskommissie moet aansoek doen (*Acta, 1994:A11/5*). Plaatjies-Van Huffel (2015:505) meld dat dosente aan die Fakulteit Teologie, UWK gedurende die 1980's 'n inspirerende en blywende indruk gemaak het op die groeiende aantal teologiestudente wat aan die stryd verbonde was.

Plaatjies-Van Huffel (2015:505) verwys na die inspirerende en blywende indrukke van dosente en noem die name van Proff. Jaap Durand en Dirkie Smit (twee van die outeurs van die Belhar Belydenis), Proff. Bernard Lategan en Daan Cloete (Kontekstuele Bybelstudie), Prof. Gustav Bam (homiletiese leerstellings om die Bybel te herinterpreteer) Prof. Pieter Els (Sosiohistoriese kritiek), Dr. Allan Boesak (Swart teologie en bevrydingsteologie), Dr. Willa Boesak (Sosiale geregtigheidskwessies), Prof. Hannes Adonis en Dr. Chris Loff (Historiografie), asook Prof. Phil Robinson (Missiologie). Prof. Jaap Durand het saam met die rektor, Proff. Richard van der Ross en Jakes Gerwel 'n belangrike rol gespeel in institusionele transformasie en administratiewe geregtigheid deur die aard, rol en toekoms van die UWK te herdefinieer (Plaatjies-Van Huffel, 2015:505). Hy (prof. Jaap Durand) het in die tye van studente-onrus die stem van die stemlose geword volgens Plaatjies-Van Huffel, (2015:505), wat verwys na 'n gebeurtenis toe die polisie die UWK-studente op Maandag 27 Augustus 1984 by die hoofhek op Modderdamweg betrap het en skielik met rubberkoeëls losgebrand het. Prof. Jaap Durand het voor gestap, die polisie gekonfronteer en aanspreeklikheid ge-eis vir hul optrede.

Volgens Plaatjies-Van Huffel (2015:505) het die Barmen Verklaring (1934) ook 'n vormende rol gespeel in die maak en ontbinding van die teologiese en politieke lewe in Suid-Afrikaanse universiteite. Die studente van hierdie universiteite, veral die UWK, het die toenemende teologiese veroordeling van apartheid beïnvloed (Plaatjies-Van Huffel, 2015:505). In 1978, tydens 'n sistematiese teologieklas, het studente - insluitende Russel Botman, Leonardo Appies en James Buys - tot die gevolgtrekking gekom dat die diepste kritiek op apartheid die manier is waarop dit die krag van die boodskap van versoening in Jesus Christus ontken het. Plaatjies-Van Huffel (2015: 506) konstateer dat die NGSK-sinode die teologiese regverdiging van apartheid verwerp het en die waardes van eenheid,

versoening en geregtigheid wat deur die UWK-teologiestudente beklemtoon was, is uiteindelik as die kernbeginsels in die Belhar-belydenis vasgelê. Plaatjies-Van Huffel (2015:506) konstateer ook dat volgens Botman, was die fokus in die Christologie van Belhar sterk op dissipelskap, sodat die vyf belydenisbepalings gelees moet word as praktyke wat die kerk versoek om gehoor te gee aan sy roeping tot dissipelskap ("imitatio Christi"). Belhar is onder andere ook geïnspireer deur die geleentheid en inhoud van die Teologiese Verklaring van Barmen.

In 1982 het die NGSK-sinode 'n *status confessionis* teen die dwaalleer van teologiese ondersteuning vir apartheid verklaar en 'n konsep-dokument wat tot die opstel van 'n volwaardige belydenis, naamlik die Belhar-belydenis, gelei het, daargestel. (Plaatjies-Van Huffel, 2015:506). Die Belhar-belydenis is uiteindelik in 1986 deur die NGSK-sinode bekragtig en goedgekeur. Plaatjies-Van Huffel (2015:506) konstateer dat die weiering van die NGK om die Belhar-Belydenis as 'n volwaardige belydenis te erken, gelei het tot 'n volledige staking, met studente wat die afwyking van alle voltydse en deeltydse dosente regverdig deur die verwydering van fakulteitskurrikula en biblioteekrakke van alle voorgeskrewe literatuur wat deur die NGK-teoloë aangebied was. Die UWK het opgetree as 'n agent van bevryding deur sy etos, sy gemeenskapsaksie en sy ingrypings met gevestigde gesag (Plaatjies-Van Huffel, 2015:506).

Daar 'n dialektiese verhouding bestaan in die diskoers van die UWK en die NG Kerk; samewerking tussen die Belydenis, die kerke van Duitse afkoms en die Evangeliese Kerk in Duitsland (EKD) het gegroei. Plaatjies-Van Huffel (2015:506) konstateer verder dat daar op veelvuldige vlakke van identiteit en politieke oortuiging gedurende die 1970's en 1980's onder die UWC-studente ooreenkoms gevind is. Plaatjies-Van Huffel (2015:506) voor aan in die slotopmerkings van haar artikel dat sommige van hierdie studente, wat ook lede van die Belydende Kring was, 'n belangrike bydrae gelewer het tot die beraadslaging en besluitneming met betrekking tot maatskaplike geregtigheidskwessies by die NGK- en NGKA- sinodes gedurende die 1980's. Volgens haar is hierdie Belydenisbeweging se oortuigings versterk deur hul samewerking met die VCS, die Swart Bewussynsbeweging en die talle aktivistiese studente-organisasies by die UWK, asook deur die verband tussen die Belydende Kring, die kerke van Duitse afkoms in Suider-Afrika met die Evangeliese Kerk in Duitsland (EKD). Sy sluit af deur op te merk dat die kritiese en bevrydende dialoog wat voortspruit uit die samewerking van hierdie groepe, bymekaar gebring deur beide teologie en die universiteit, die verhoog vir aksie opstel: dit behels die betrokkenheid van studente en akademici in protes en onrus, betrokkenheid by die stryd van armes in apartheid-Suid-Afrika, 'n herbeoordeling

van die UWK-kurrikulum, toelating tot UWK, en die opstel en aanvaarding van die Belhar-Belydenis.

#### 4.22. Konklusie

’n Historiese oorsig van die teologiese opleiding van die NGSK vir die tydperk 1929 tot 1999 gegee. In die hoofstuk het die navorser die rol van deur middel van die kerkhistoriese tydlyn van belangrike Sinode-besluite van NGSK en die rol van die NGK ten opsigte van die teologiese opleiding bespreek. Die NGK het ’n groot rol gespeel in die vestiging en ontwikkeling van teologiese opleiding aan die inheemse volke van Suid Afrika. Die verskuiwing van die Teologiese Skool vir die NGSK vanaf die Sendinginstituut te Wellington na die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wes-Kaapland was ook bespreek. ’n Gebrekkige kennis van mag en wáár dit gesetel is die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming beïnvloed in so ’n mate dat op ’n diskontinueuse wyse besluite met betrekking tot teologiese opleiding plaasgevind het.

Die beïnvloeding van die NGK op die kurrikulum van die teologiese skole, aanstelling van dosente, bestuur van die teologiese skole van beide die NGKA en die NGSK, fondse, beurse, selfs oor die verskuiwing van die skool, opstel van reglemente en kontrakte, verslaggewing aan die NGK met betrekking tot teologiese oopvoeding, asook oor eiendom is aanduiding dat mag primêr in die NGK gesetel was (Sien hoofstukke 3 en 4). Soos Plaatjies-Van Huffel (2012:78) tereg opmerk, het geskiedenis dikwels te doen met die vraag na institusionele kontrole en mag. In die geskiedenis van teologiese opleiding van die VGKSA kan institusionele kontrole en mag duidelik onderskei word. Die verhaal van die ontwikkeling van teologiese formasie van die NGKA, die NGSK, die VGKSA toon duidelik dat die genoemde kerke se teologiese opleiding en bedieningsvorming vir ’n groot deel van die geskiedenis onder die beheer was deur die NGK.

Tydens die NGK Sinode 1932 was die eerste reglement vir teologiese opleiding van die NGSK goed gekeur. Sedert 1932-1973 was die NGK in beheer van die teologiese opleiding van die NGSK. Tot en met 1942 het Toelatingskommissie en Eindeksamenkommissie van die sogenaamde Kleurlingleraars bestaan uit leraars van die NGK. Die NGK was dus tot 1942 in totale beheer van wie tot die bediening as bedienaars van die Woord in die NGSK toegelaat sou kon word. Eers op die sinode van die NGSK 1942 was die eerste twee verteenwoordigers van die NGSK op die toelatingskommissie benoem. Die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding van die NGKA, NGSK asook die VGKSA konsentreer vanaf 1908 tot 1994 hoofsaaklik op wie opgelei mag word (sien opleiding van evangeliste opleiding van predikante, die uitfasering van die evangeliste amp, wie op Sentrale



bestuur en/of Kuratoria mag dien aanvanklik slegs NGK predikante (vanaf 1915 het sendelinge die NGKA op beheerraad verteenwoordig), die daarstelling van kuratoria in die plek van die Sentrale bestuur die aanstelling van dosente (aanvanklik was slegs wit dosente aangestel), die oprigting van geboue om teologiese opleiding asook koshuisstudente te huisves, die daarstelling van etniese opleiding sentra vir teologiese opleiding, die wyse waarop apartheidswetgewing die verskuiwing van teologiese skole beïnvloed het, die bedinging van ooreenkomste met universiteitsowerhede.

Die NGK moes byvoorbeeld goedkeuring verleen het dat die *Reglement vir die opleiding van Kleurlingleraars* gewysig word om sodoende voorsiening te kon maak dat die admissiekursus aangepas kon word vir die kursus wat by die Universiteitskollege aangebied word. Die navorsing dui egter 'n diskontinuiteit in die storielyn met betrekking tot die ontwikkeling van die teologiese opleiding in die VGKSA aan.

## HOOFSTUK 5

### DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA

## 5.1. Inleiding

**Hoofstuk 4** van die studie gee 'n historiese oorsig van die teologiese opleiding van die NGSK vir die tydperk 1929 tot 1999. In dié hoofstuk bespreek die navorser deur middel van 'n historiese tydlyn die belangrike sinodebesluite van NGSK en die rol van die NGK insake teologiese opleiding. Die NGK het 'n beduidende rol gespeel in die vestiging en ontwikkeling van teologiese opleiding aan die inheemse bevolking van Suid-Afrika. Die verskuiwing van die Teologiese Skool vir die NGSK vanaf Wellington na die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wes-Kaapland word ook bespreek.

In die eerste deel van **Hoofstuk 5** gee die navorser aandag aan die teologiese opleiding van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA). In die tweede deel bespreek hy die verskuiwing van die teologiese skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) na die Universiteit van Stellenbosch (US) en in die derde afdeling gee hy 'n oorsig van die ontwikkeling van die seminarium van die VGKSA en die NGK.

## 5.2. Die eerste tree van teologiese ontwikkeling in die VGKSA

Een van die belangrike sake wat op die vergadering van die Stigtingsinode van die VGKSA bespreek is, was die teologiese opleiding van die eenheidskerk. Tydens dié vergadering is die verslag van die tussentydse Kuratorium behandel. Die tussentydse Kuratorium was saamgestel uit lede van die NGSK, te wete Di. N.A. Apollis, L.A. Appies, Proff. G.D. Cloete, P.J. Robinson (dekaan) asook die volgende gekoöpteerde lede Dr. A.J. Botha en Ds. J.D. Buys, asook lede van die NGKA, te wete Di. L. Ngeva, S. Konzapi en Dr. L.W. Mazamisa. Hierdie verslag het die diskoers oor teologiese opleiding in die VGKSA bepaal. Die tussentydse Kuratorium was saamgestel uit lede van die Kuratorium van die NGSK en lede van die Kommissie vir Teologiese Opleiding van die NGK Streeksinode, Kaapland wat ook die funksie van toelatings- en eindeksamenkommissie vervul het. Di. N.A. Apollis en L. Ngeva het beurtelings as voorsitter opgetree, terwyl ds. S. Konzapi, bygestaan deur Dr. A.J. Botha, as skriba opgetree het (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994:L/2*). Die tussentydse Kuratorium het onder andere aan die Stigtingsinode van die VGKSA verslag gedoen oor die herstrukturering van die Fakulteit Teologie asook die leerplan vir teologiese opleiding aan die Teologiese Skool by UWK. Die tussentydse Kuratorium het dit kategoriees gestel dat die teologiese opleiding van die VGKSA die verantwoordelikheid van die Algemene Sinode van die VGKSA behoort te wees. Die Stigtingsinode van die VGKSA het daarom tussentydse maatreëls vir die voortsetting van teologiese opleiding by die verskillende etnies-teologiese opleidingsentra van

die NGKA en die NGSK ingestel, onder andere by dié van UWK, Turfloop en Witsieshoek (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/1*).

Die Stigtingsinode het verder opdrag aan die Kuratorium gegee om deur sy sub-kommissie 'n reglement op te stel betreffende die opleiding van bedienaars van die Woord vir al die streeksinodes waarbinne teologiese opleiding plaasvind. Die *Reglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika* is op die vergadering van die Stigtingsinode goedgekeur (Sien Bylaag 6). Die grondslag en doel van teologiese opleiding word soos volg in artikel 1 en 2 van die *Reglement vir die Teologiese Opleiding* geformuleer:

Grondslag Artikel 1 Die teologiese opleiding van bedienaars van die Woord van die Verenigende Gereformeerde Kerk word gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word uitgedruk in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Belhar Belydenis en die Ekumeniese Belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius.

Doel Artikel 2: Die doel van die teologiese opleiding is om onder leiding van die Heilige Gees en tot eer van God die kandidate geestelik, intellektueel en prakties te vorm en toe rus vir hulle dienswerk in die kerk van Jesus Christus. (Bylaag 5 Die *Reglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika*)

Op die Stigtingsinode is verder besluit om die opleiding van evangeliste in die VGKSA te staak aangesien dit in, sowel die NGKA as die NGSK reeds die geval was. Die beleid van die VGKSA met betrekking tot teologiese opleiding is soos volg geformuleer:

- i. Die algemene sinode van die VGK bepaal beleid in verband met die teologiese opleiding.
- ii. Die opleiding van sy bedienaars van die Woord is die verantwoordelikheid van die VGK (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/1*).

In die lig van die beginsel dat die algemene sinode 'n beleidsinode is, terwyl die streeksinodes werksinodes is, is op die vergadering van die algemene sinode besluit dat die beginsels betreffende toelating, opleiding, eksaminering en legitimering op die terrein van die streeksinodes val. Hierdie funksies sou voortaan verrig word deur die onderskeie kuratoria van die betrokke streeksinodes (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA 1994: L/1*). Die Stigtingsinode het in beginsel besluit dat eenvormigheid betreffende die opleiding gehandhaaf moes word. Die drie opleidingsentra,

naamlik, Universiteit Wes-Kaapland (UWK), Turfloop en Witsieshoek sou kontinueer en so ook die bestaande ooreenkomste met die betrokke universiteite.

Die kuratoria van die onderskeie streeksinodes, die bestaande finansiële reëlings en administrasie van die opleidingsentra sou behou word en die bestaande reglemente sou geldig bly, behalwe ten opsigte van sake waar die algemene sinode van die VGKSA 'n bestaande artikel ongeldig verklaar. Verder het die Stigtingsinode besluit dat die finansiële verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding by die VGKSA sou berus. In die oorgangsfase moes die Kuratorium sy diskresie gebruik om bestaande prosesse te laat voortgaan met verslag aan die eersvolgende sinode wat in 1997 sou plaasvind (*Skema van die werksaamhede van die Stigting- en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA 1994: L/1*).

Die Stigtingsinode het verder versoek dat die Kuratorium van die algemene sinode by die eersvolgende algemene sinode van die VGKSA met voorstelle in verband met teologiese opleiding vir die VGKSA na vore moes kom (*Agenda Eerste Algemene Sinode, 1994 p18-182*). Die Eerste Algemene Sinode van die VGKSA het verder besluit:

“Na die sitting van die algemene sinode van die VGKSA sal as tussentydse reëling geld dat die bestaande kuratoria voortgaan met hulle pligte en hulle verantwoordelikhede totdat voldoende reëlings getref en ooreenkomste aangegaan is tussen die nuwe Kuratorium plaaslike besture, die bestaande Kuratoria en ander betrokke instansies om sodoende die ordelike voortgang van die opleiding te verseker.” (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/1*).

Die Stigtingsinode van die VGKSA het 'n reglement wat betrekking het op die legitimasie van kandidate wat nie die nodige teologiese opleiding ontvang het nie bespreek en goedgekeur (*Skema van die werksaamhede 1994:203*). Die aanvaarding van die reglement dui op die invloed van die *Kerkorde van Dordt* op die kerkregtelike nadenke van die VGKSA. Die *Kerkorde van Dordt* bepaal singuliere gawes as toelating tot die geordende posisie soos volg:

- i. “Article 8 gives recognition to the fact that the Lord, sovereign as He is, can in His good pleasure provide ministers for His churches in non-ordinary ways. Normally spoken, the Lord moves the person whom He one day will call to the ministry to enrol at the Theological College. In the course of time, then, this young man is "qualified", trained to teach the Word to others. However, in His care for His churches, the Lord may grant exceptional gifts to a brother so that he is "qualified to teach" the Word to others without having gone through the formal course of studies associated with the training for the ministry. For such persons the door to the ministry is opened in the well-known "Article 8".
- ii. Article 8 - Exceptional gifts. Persons who have not pursued the regular course of theological study shall not be admitted to the ministry unless there is convincing evidence of their exceptional gifts of godliness, humility, modesty, good intellect, and discretion, as well as the gift of public speech. When any such person presents himself for the ministry,

classis shall (with synod's prior approval) examine him, and upon a favourable outcome allow him, as candidate, to speak an edifying word in the churches of the classis for a set period. Thereafter the classis shall further deal with him as it shall deem edifying, observing the ecclesiastical regulations adopted for this purpose.

- iii. The Lord may also bring into the churches a man who has been minister in a bond of churches not recognised by the marks of Article 29, Belgic Confession. A minister from such a bond cannot straightaway be called to the ministry in the churches he joins. After all, God has stipulated that a minister must be known to be "faithful". Given that false teachers can easily appear, it is important that such a person first undergo the test of time.
- iv. Article 9 stipulates that, when he has been proven to be faithful, the door can be opened for him to become eligible for call to the ministry. Article 9 - Admission of ministers who have recently joined the church a minister of the Word who has recently joined one of the churches and originates from a church with which the churches do not maintain a sister relationship shall only be admitted to the ministry with great caution. He shall not be declared eligible for call within the churches unless he has been well tested for a reasonable period and carefully examined by the classis in whose area he lives. This classis examination shall be conducted with the cooperation of the deputies of synod" (*Church Order of Dort 1619* Article 8,9).

Die volgende word in die reglement van die VGKSA wat betrekking het op die *legitimasie van kandidate wat nie oor die nodige teologiese opleiding beskik nie*, bepaal: 'n Lidmaat van die VGK sonder die nodige teologiese opleiding kan in hoogs uitsonderlike gevalle gelegitimeer word mits aan die volgende voldoen is:

- i. 'n Eenparige aanbeveling deur die kerkraad van die gemeente waarin hy/sy woon met duidelike opgaaf van redes in die betrokke ring.
- ii. Die eenparige aanbeveling met opgaaf van redes deur die ring by die betrokke streeksinode.
- iii. Na goedkeuring deur die streeksinode, 'n deeglike ondersoek na sy/haar kennis van die Skrif en preekvermoë deur die eksamenkommissie van een van die teologiese inrigtings van die VGK.
- iv. 'n Eenparige aanbeveling van die eksamenkommissie by 'n kuratorium wat sal beslis of die persoon onmiddellik gelegitimeer sal word of eers 'n teologiese opleiding van korter of langer duur sal moet deurloop.
- v. Na legitimasië sal die algemene sinode of die ASK beslis oor die gebied waarbinne hy/sy beroepbaar sal wees (*Legitimasie van Kandidate wat nie die nodige teologiese opleiding ontvang het nie*).

### 5.3. Verslag NGSK Kuratorium aan Stigtingsinode

Die NGSK Kuratorium het aan die Stigtingsinode deurgegee dat 'n nuwe struktuur en leerplan vir teologiese opleiding aan die Fakulteit vir Godsdiens en Teologie aan UWK vanaf 1995 in werking sou tree. Die struktuur en leerplan is in April 1994 deur die laaste sinode van die NGSK, wat voor die konstituering van die VGKSA plaasgevind het, goedgekeur (*Skema*

van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994:

L/2). In dié verband het die NGSK-Sinode, 1994 die volgende besluite ook goedgekeur:

- i. Die NGSK aanvaar die B.Th.-graad met drie semesters in elk van Semitiese tale (Hebreeus) en Hellenistiese Grieks as verpligte voorgraadse opleiding. Die samestelling van die volledige pakket sou deur die kuratorium met die Raad van Dosente opgeneem word.
- ii. Die NGSK aanvaar dat kandidate vir die bediening binne die kerk voorts die B.D.-graad sou moes volg met dien verstande dat diegene wat liever die M.Th. wou volg, bykomende werk sou moes doen, met die oog op die bediening.
- iii. Die sinode het kennis geneem daarvan dat die veranderde struktuur die posisie van proefpreke as deel van die akademiese vereistes verander.
- iv. Die sinode het dit aan die kuratorium opgedra om so spoedig moontlik daaraan aandag te gee (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/2*).

Die implikasie van die herstrukturering was dat die aard van die fakulteit verander het van 'n fakulteit wat vroeër die belange van een kerk, in dié geval die NGSK, gedien het, na 'n ekumeniese fakulteit wat soveel moontlik kerke sou bedien. Die fakulteit sou voortaan nie slegs in diens van een geloofstradisie staan nie, maar die herstrukturering het die geleentheid vir ander godsdiensttradisies geskep om in onderhandeling met die universiteit eie strukture vir opleiding binne die fakulteit daar te stel. Die fakulteit sou voortaan bekend wees as: "Fakulteit Godsdiens en Teologie" (*Skema van die werksaamhede van die Stigting- en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/3*). Verder is kennis gegee dat die samestelling van die fakulteit sou verander. Die bestaande ses departemente sou saamsmelt met drie departemente uit Fakulteit Lettere, te wete Bybelse- en Godsdiensstudies, Semitiese (Hebreeus) en Hellenistiese Grieks. Die nege departemente verklein dus tot vier nuwe departemente, te wete:

- i. Bybelse Studies en Tale (OT, NT. Bybelse Studies. Semitiese Hebreeus, Grieks)
- ii. Godsdiensstudies (Deel van ou Bybelkunde – Godsdiens Studies)
- iii. Christelike Studies (Dogmatiek, Kerkgeskiedenis/-reg)
- iv. Christendom en Samelewing (Praktiese Teologie, Missiologie, Sosiale Etiek)

Die volgende kursusse sou aangebied word met die oog op die volgende grade/graadstrukture. Graadstruktuur in die Fakulteit Godsdiens en Teologie:

- i. Struktuur 1: B.A. (met teologiese vakke): 'n Driejarige graad met kursusse in Godsdiens- en Teologievakke. Gespesifiseerde vakke van die Fakulteit Lettere mag ook aangebied word op voorwaarde dat ten minste 50 persent van die minimum krediete vir die graad, insluitend ten minste 50 persent van die minimum krediete op derdejaarsvlak, verkry moet word met kursusse uit Fakulteit Godsdiens en Teologie. B.A. (Hons.): 'n Honneursgraad vir kandidate met die B.A.-graad (met teologiese vakke), of die B.A.-graad soos in 4.3.2 met 'n hoofvak uit vakke aangebied uit Fakulteit van Godsdiens en



- ii. Teologie. M.A.: 'n Meestersgraad met tesis of kursuswerk met minitesis. D.Phil.: 'n enkel-dissiplinêre doktorsgraad. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/3.*)
- iii. Struktuur 2: B.Th.: 'n Vierjaar professionele graad met kursusse in Godsdien- en Teologievakke. Gespesifiseerde vakke uit Fakulteit van Lettere mag ook aangebied word op voorwaarde dat ten minste 50 persent van die minimum krediete vir die graad insluitend minstens 50 persent van die minimum krediete op elk van die derde en vierde jaar-vlakke, verwerf moet word met kursusse uit die Fakulteit Godsdien en Teologie. Verdere studie na die B.Th. kan in een van volgende rigtings gaan, naamlik B.D. of M.Th.B.D.: 'n Driejaar gevorderde-graad in Teologie gerig op professionele vaardighede. Die eerste jaar van die graad val saam met die finale jaar van die B.Th.-graad. M.Th.: 'n Tweejaar meestersgraad met tesis of kursuswerk en in minitesis met 'n sterk navorsingskomponent. D.Th. 'n Doktorsgraad met verhandeling vir kandidate met 'n M.Th. of gelyke kwalifikasie. Kandidate met 'n B.D.-graad sal aan aanvullende vereistes moet voldoen alvorens met die verhandeling begin kan word.
- iv. Diploma in Teologie. 'n Vierjaar professionele diploma met kursusse in Godsdien- en Teologievakke. Gespesifiseerde vakke uit Fakulteit Lettere mag ook aangebied word op voorwaarde dat minstens 50 persent van die minimum krediete vir die diploma, insluitend minstens 50 persent van die minimum krediete op die derde- en vierde jaar-vlakke, verwerf moet word met kursusse uit Fakulteit Godsdien en Teologie. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/3.*)
- v. Gradestruktuur in die Fakulteit Lettere: B.A.: Die Fakulteit Godsdien en Teologie bied vakke in Fakulteit Lettere aan vir studente wat vir die B.A.-graad geregistreer is. Studente met 'n B.A.-graad met 'n hoofvak uit Fakulteit Godsdien en Teologie en wat met nagraadse studies in genoemde vak wil aangaan, moet daarvoor by die Fakulteit Godsdien en Teologie registreer. Bostaande graadstrukture impliseer geen nuwe grade nie. Alle grade wat hiermee voorgestel word, bestaan reeds aan die Universiteit van Kaapstad en/of die Universiteit van Stellenbosch, sowel as aan ander Suid-Afrikaanse Universiteite (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/4.*)

Die volgende areas van konsentrasie is gekonsolideer ten einde die unieke karakter van Fakulteit Godsdien en Teologie aan UWK te bevestig, naamlik (i) Ekumeniese Teologie (ii) Godsdien en Ontwikkeling (iii) Vroue en Godsdien (iv) Kontekstuele Hermeneutiek (v) Intergodsdienstige Gesprek/Dialog. Hierdie areas was nie slegs belangrike fokuspeunte ten opsigte van nagraadse studies en navorsing in dié fakulteit nie, maar was ook 'n aanduiding van die benadering wat in die voorgraadse studies gevolg sou word. Die herstrukturering het tot gevolg gehad dat die onderskeiding tussen 'n A- en B-leergang in die voorgraadse studies beëindig word. Studente van alle kerke en/of nie-kerke sou voortaan inskryf vir dieselfde kursus, hetsy graad of diploma.

Elke kerk sal die reg en verantwoordelikheid hê om uit die vakke wat aangebied word, 'n pakket saam te stel wat aan dié kerk se vereistes vir die bediening voldoen en wat dus deur kandidate van genoemde kerk gevolg word (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994:L/5*). Die voltydse dosente wat gemoeid was

met die teologiese opleiding van toekomstige bedienaars van die Woord by UWK was: Proff. P.J. Robinson (Missiologie), G.D. Cloete (Nuwe Testament), D.J. Smit (Sistematiese Teologie), P.J.J.S Els (Ou Testament), J.C. Adonis (Kerkgeskiedenis en Kerkreg), Drr. H.R. Botman (Praktiese Teologie) en W.A. Boesak (Sistematiese Teologie). Hulle is bygestaan deur deeltydse dosente, te wete Dr. P.J.A. Fourie, Drs.J. Hartney, Dr. R. Rhode en Mev. A. Hartney-Weener, Dr. A.C. Goliath, Ds. N.N. Koopman, Drr.. J.G. Botha, S. Govender en G.F. Wessels. Voorheen het die NGSK al sewe voltydse dosente beroep en in samewerking met UWK aangestel. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994: L/5). Volgens die ooreenkoms wat die NGSK met die UWK in 1986 gesluit het, het die NGSK van hierdie reg afstand gedoen en sedert 1986 is slegs drie voltydse dosente deur die kerk beroep en in medewerking met UWK aangestel. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994: L/5). Prof. D.J. Smit (Sistematiese Teologie), Prof. J.C. Adonis (Ekklesiologie en Kerkreg) en Dr. H.R. Botman (Praktiese Teologie) het vakke namens die NGSK gedoseer en is as kerklike dosente beskou. Die NGSK was ook finansiële verantwoordelik vir die koste van een van hierdie poste. In 1994 was die studentetalle van onderskeidelik die A- en B-leergang aan die Fakulteit Teologie by UWK (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA* 1994:L/5-6) soos volg:

| <b>VGKSA (A Leergang)</b>      | <b>B Leergang)</b> |            |
|--------------------------------|--------------------|------------|
| A1                             | 8                  | 23         |
| A2                             | 11                 | 18         |
| A3                             | 6                  | 11         |
| A4                             | 8                  | 11         |
| A5                             | 10                 |            |
| A6                             | 7                  |            |
| <b>50</b>                      |                    |            |
| Geleentheidstudie (nie-graads) |                    | 10         |
| B.Th. Hons. B                  |                    | 17         |
| B.Th. Hons. C                  |                    | 4          |
| Tesis M.Th.                    |                    | 23         |
| Gestruktureerde M.Th.          |                    | 12         |
| D.Th.                          |                    | 16         |
| <b>TOTAAL</b>                  |                    | <b>196</b> |

Geen NGKA-studente was teen 1994 vir die eerste-, tweede- of derde jaar geregistreer nie, maar vir die vierde- en vyfde jaar was daar onderskeidelik een student geregistreer en in die sesde jaar twee studente. Die Kuratorium het in 'n verslag aan die Stigtingsinode van die

VGKSA verduidelik dat die geboue waarin Fakulteit Teologie gehuisves was aan die NGSK behoort het en dat dié kerk in die laaste jare die gebouekompleks aansienlik uitgebrei en opgeknop het, hoofsaaklik as gevolg van die toename in studente- en dosentegetalle vanweë die inskakeling van ander kerkgenootskappe. Verder is aangedui dat die koshuis op die gronde van die Teologiese Skool aan die kerk behoort het en deur UWK gehuur is. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994: L/6).

Die Kuratorium is verder daarvan in kennis gestel dat dié Sinode van die NGSK in die proses was om 'n nuwe gebruiksooreenkoms ten opsigte van die geboue met die UWK te finaliseer. Dié ooreenkoms sou vir die huur en onderhoud van die geboue voorsiening maak op 'n wyse wat vir die NGSK sover moontlik realisties en ekonomies haalbaar sou wees. Die *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium* (Sien Bylaag 4) het bepaal dat die Kerk die geboue (skoolgebou en koshuis) waarvan die oprigtingskoste R200 000 beloop het, tot beskikking van die UWK stel. Daar is verder bepaal dat die universiteit vanaf 1 April 1977 2½ % (twee-en-'n-half persent) instandhoudingstoelae per jaar aan die Kerk, op dié se belegde kapitaal van R200 000 (Tweehonderdduisend rand) sou betaal. Daar is verder ooreengekom dat die Kuratorium van die Teologiese Skool vir die NGSK, namens die NGK, finansiëel verantwoordelik sou wees vir die versiening en reparasies van die geboue elke vyf jaar ooreenkomstig die patroon gevolg deur die Department Openbare Werke ten opsigte van universiteitsgeboue. Die ooreenkoms het die NGSK finansiëel benadeel aangesien die instandhoudingskoste, die instandhoudingstoelae per jaar ver oorskry het.

Die Kuratorium het dit ook oorweeg om die geboue aan UWK te verkoop, maar het eindelik daarteen besluit. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994:L/6). Die tussentydse Kuratorium moes voorsiening maak vir die legitimasië van kandidate aan die einde van die 1994-akademiese jaar en vir die toelating van studente aan die begin van 1995. Vir dié doel moes die Eindeksamen- en Toelatingskommissie op 'n tussentydse basis saamgestel word (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994: L/7). Die Kuratorium van die NGSK het oor fondse vir finansiële hulp aan studente beskik. Slegs die rente op dié kapitaal is jaarliks in die vorm van lenings en beurse aan studente wat op 'n voorgeskrewe wyse aansoek gedoen het, toegeken.

Prof. E.H. Holzapfel het die fonds hanteer, die toekennings en terugbetalings geadministreer en was ook gemoeid met insameling van die fondse (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994: L/7). Die

Kaaplandse Kuratorium het soos volg verslag gedoen oor die fondse en kapitaal van die kuratorium:

- i. Die Teologiese Skool het 'n omvangryke finansiële administrasie.
- ii. Die gebouekompleks op 'n perseel wat aan die Kerk behoort het en aangrensend geleë was aan die Universiteit van Wes-Kaapland is opgerig en uitgebrei teen 'n koste van meer as R900,000. Die uitbreidings teen 'n koste van R715,000 is in 'n groot mate gefinansier deur 'n interne lening by die kerkkantoor. Die Teologiese Skool huisves die Fakulteit Teologie van die universiteit wat 'n gebruikstoelaag vir die benutting van die geboue betaal
- iii. Die administrasiefonds verkeer die afgelope aantal jare onder baie groot druk. Die algemene insinking in die ekonomie het sy tol geëis. Dit was duidelik waarneembaar in die inkomste uit toekennings en skenkings vir hierdie rekening. Die gevolg is dat die opgeloopte tekort op R210,000 te staan gekom het.
- iv. Volgens die finansiële beplanning behoort hierdie situasie aansienlik te verbeter wanneer die ooreenkoms met die universiteit rakende die gebruikstoelaag gefinaliseer was. Hierdie fonds dra onder andere die verpligting van die kerk teenoor die salarisse van die doserende personeel. Dit beloop meer as R100,000 per jaar.
- v. Deur die Algemene Leningsfonds stel die Kuratorium beurslenings teen lae rentekoerse en gunstige terugbetalingsvoorwaardes beskikbaar aan studente in die teologie. Die fonds beskik oor 'n kapitaal van R960,000 waarvan R520,000 aan lenings uitbetaal was.
- vi. Die Beursfonds was een van die bronne waaruit die Kuratorium studiebeurse toegestaan het. Die kapitaal van die fonds bly deurlopend op ongeveer R100,000. Volgens 'n ooreenkoms met die universiteit hanteer die kuratorium die toekennings uit hierdie fonds.
- vii. Daar was ook 'n aantal kleiner fondse waaruit die Kuratorium beurse aan studente toeken.
- viii. met die oog op die voorsiening van verdere koshuisgeriewe.
- ix. Met die jongste uitbreidings aan die akademiese gedeelte was hierdie kapitaal aangewend as 'n interne lening ter gedeeltelike finansiering van die bouprojek.
- x. Die Kuratorium administreer ook die instandhoudingsfonds vir die instandhouding van die geboue. Die is 'n klein fonds wat die Kuratorium aanwend vir die instandhouding van die teologiese biblioteek.
- xi. Die voormalige NGKA het 'n Teologiese Opleidingsfonds geadministreer. Op 20 Mei 1994 was hierdie fonds se kapitaal wat belê was R137 330.
- xii. Beide kerke het Reglemente om die fondse te beheer en te administreer, te wete: Reglement 20 van NGSK en Reglement 4 van die NGKA. Reglement vir die beheer en administrasie van die Beurs- en die Teologiese Skool van die NGSK. Totdat die Algemene Kuratorium gekonstitueer het en goedgekeurde Reglement sal funksioneer, word voorsien dat die Kuratorium sal bly funksioneer volgens die besluite van die Algemene Sinode, 1994, soos in punt 2 hierbo na verwys word. Wanneer die Algemene Kuratorium eers funksioneer en sy pligte kan nakom, sal 'n Plaaslike Kuratorium bestuur vir die plaaslike streeksinode konstitueer (*Skema van die werksaamhede van die Stigting- en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA 1994: L/7-8*).

Die tussentydse Kuratorium van Kaapland het in hul verslag aan die Stigtingsinode die volgende artikels uit die *Reglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord* (Bylaag 6) beklemtoon:

- i. Artikel 7 Sake van plaaslike belang word hanteer deur 'n plaaslike bestuur by elke inrigting.
- ii. Artikel 8 Die plaaslike bestuur bestaan uit die verteenwoordiger en aktuaris van elke streeksinode wat by daardie inrigting ingedeel word (Noord- en Suid-Transvaal by Turfloop; Natal, Vrystaat en Noord-Kaap/Phororo by Witsieshoek; Oos- en Suid-Kaap by UWK), plus die rektor/dekaan van daardie inrigting, plus persone wat gekoöpteer kan word (bv. verteenwoordigers van die NG Kerk). Die saakgelastigdes en dosente dien in adviserende hoedanigheid.

Artikel 9 Die reg van koöpsie setel by die Kuratorium wat dié reg aan 'n plaaslike bestuur kan toeken. Die instansie wat gekoöpteer word, is verantwoordelik vir die gekoöpteerde lede se reiskoste (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/9*). Vervolgens het die tussentydse Kuratorium aanbeveel dat 'n reglement vir 'n plaaslike Kuratorium-bestuur ontwikkel word. Op daardie stadium was daar nie 'n plaaslike Kuratorium-bestuur wat gefunksioneer het nie. Die tussentydse Kuratorium het op grond van die bestaande reglemente van die twee kerke as plaaslike Kuratorium gefunksioneer. Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling van 'n reglement vir plaaslike bestuur, sou sodanige reglement opgestel moes word sodra die *Algemene Reglement vir die Algemene Kuratorium deur die Algemene Sinode* gefinaliseer is (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA 1994: L/9*).

#### **5.4. Kuratorium-verslag aan VGKSA-Sinode, 1997**

Tydens die tweede Algemene Sinode van VGKSA gehou op Mooigenoeg, Bloemfontein, 14 tot 20 April 1997, het die Kuratorium-verslag oor haar werksaamhede en die opdragte wat deur die Stigtingsinode van die VGKSA aan die kommissie toevertrou is, gedoen. Die volgende persone het as lede van die kuratorium van dié Algemene Sinode gedien: Ds. J.D. Buys (voorsitter) – Aktuaris, Algemene Sinode, Prof. T. Mofokeng (scriba) - hoof van Turfloop, Ds. N.E. Nchepe - hoof van Witsieshoek, Dr. K. Dick - hoof van Dingaanstat, Prof. G.D. Cloete - voorsitter Raad van Dosente, Prof. J.C. Adonis - plaasvervanger vir Prof. G.D. Cloete, Prof. W. Mazamiza - verteenwoordiger Streeksinode, Kaapland, Ds. D. Matabola - verteenwoordiger Streeksinode Vrystaat en Lesotho, Ds. B.P. Makoko - verteenwoordiger Streeksinode, Phororo, Dr. Masiepa – verteenwoordiger Streeksinode, Suid-Transvaal (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 1997:142*). Die Kuratorium het tydens die reses slegs twee keer vergader. Probleme is in die Streeksinodes, Vrystaat en

Phororo ervaar en die onvermoë andersyds om hulle by gesprekvoering oor teologiese opleiding te betrek en die gebrek aan befondsing andersyds was die hoofredes daarvoor (*Acta VGKSA, Algemene Sinode, 1997:142*). Die werksaamhede van die Kuratorium kan in twee kategorieë verdeel. Aan die een kant moes die Kuratorium afleidend sy pligte en bevoegdhede vanuit die *Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord* vertolk en aan die ander kant aandag gee aan die opdragte van die laaste algemene sinode (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 1997:142*). As beginsel het die Stigtingsinode dit aanvaar dat die algemene sinode van die VGKSA die grondslag en doel van die teologiese opleiding goedkeur (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 1997:142*). Die Algemene Kuratorium van die VGKSA het in hul verslag aan die algemene sinode aanbeveel dat die volgende artikels van die *Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord* as teologiese studente vir goedkeuring voorgelê word:

- i. Die opleiding wou doelbewus ekumeniese openheid bevorder en die geformeerde karakter van die VGKSA uitbou. Daarom word aanbeveel dat die grondslag van die opleiding soos volg sal lui: Die teologiese opleiding van bedienaars van die Woord van die Verenigende Gereformeerde Kerk word gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die ooreenstemming met die Woord van God bely, word uitgedruk in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Belhar Belydenis en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius.
- ii. Doel: Die opleiding dra 'n kerlike karakter. Dit wil kandidate voorberei vir die bediening in gemeentes en algemene kerklike werk. In die opleiding word universitêre akademiese standaarde nagestreef. Die opleiding maak volle erns met die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele konteks waarin die gemeentes wat bedien word, bestaan. In die praktyk sal dit beteken dat die studente met die verskillende samelewingsverbande in kontak en gesprek tree, en hulle teologiese denke in betrokkenheid daarmee ontwikkel.

Die doel is soos volg saamgevat: “Die doel van die teologiese opleiding is om onder leiding van die Heilige Gees en tot eer van God die kandidate geestelik, intellektueel en prakties te vorm en toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk van Jesus Christus” (*Agenda Eerste Algemene Sinode, 1994:181–182; Acta VGKSA Algemene Sinode, 1997:146*). Die Algemene Sinode, 1997 het daarvan kennis geneem dat die Streeksinode, Vrystaat van die NGKA reeds in 1993, voor die stigting van die VGKSA, 'n besluit geneem het om die teologiese opleiding by Witsieshoek uit te faseer. 'n Tussentydse ooreenkoms ten opsigte van verdere teologiese opleiding met die Universiteit van die Vrystaat is gevolglik deur die Streeksinodes, Vrystaat en Phororo aangegaan. Die oorblywende studente en alle nuwe inskrywings het as gevolg van die sluiting van Witsieshoek-Teologiese Skool aan einde van



1996 hul teologiese opleiding aan Universiteit van die Vrystaat voortgesit. Die Stigtingsinode van die VGKSA het egter die afgevaardigdes van die Streeksinodes, Vrystaat en Phororo daarop gewys dat Universiteit van die Vrystaat nie as plek van opleiding deur die VGKSA goedgekeur is nie (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997: 142-143).

Op die Stigtingsinode van die VGKSA is goedgekeur dat die vasstelling van die beleid vir die bestuur van teologiese opleiding en die bepaling van plekke vir sodanige opleiding die verantwoordelikheid van die algemene sinode is en dat nuwe ooreenkomste “voortaan op aanbeveling van die Kuratorium van die algemene sinode deur die algemene sinode goedgekeur sou word” (*Agenda Eerste Algemene Sinode*, 1994:181–182; *Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Die kuratorium het gevolglik die kuratoria van die Streeksinodes, Vrystaat en Phororo versoek om in dié verband ’n aanbeveling vir die algemene sinode voor te berei.

Die Kuratorium het by die Ordekommissie van die Algemene Sinode, 1997 aanbeveel dat daar in die agenda van die Algemene Sinode, 1997 ruimte gelaat moes word vir ’n laat verslag in dié verband. Die bepaling van die plek van opleiding in die Noorde was onderworpe aan gesprekvoering tussen die kuratoria van die Streeksinodes, Noord- en Suid-Transvaal en die Vrystaat. Die gesprekvoering was gerig op die besinning oor die amalgamerings van Turfloop en Witsieshoek (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:142-143). Op die Algemene Sinode, 1997 is kennis geneem dat Turfloop wat vir ’n jaar gesluit was, in Januarie 1995, onafhanklik van die Universiteit van die Noorde as Teologiese Skool, heropen is. (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:142-143). Met betrekking tot die Streeksinode van KwaZulu-Natal se teologiese opleiding is kennis gegee dat die omskakelingskursus, aangebied in Dingaanstat, aan die einde van 1996 afgehandel is.

Die Streeksinode van KwaZulu-Natal het egter besluit om voort te gaan met teologiese opleiding vir meervoudige bedieninge in die kerk. Met betrekking tot teologiese opleiding in Namibië is kennis geneem dat, in die lig van eenwording met die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika (EGKA), die behoefte aan ’n plek van opleiding in Namibië bestaan. Dit het geblyk dat gesprekvoering oor opleiding in Namibië die insette van die teologiese skole van EGKA, die “*Namibian Ecumenical Theological Seminary*” (NETS) asook die Universiteit van Namibië sou moes insluit (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:143-144). Op die Algemene Sinode van die VGKSA is die beginsel van eenvormigheid betreffende die opleiding en leerplan aanvaar.

Die Kuratorium van die Algemene Sinode sou nie voortgaan om dié sinode van advies te bedien en toesig oor die implementering van hierdie beginsel binne die streeksinodes te hou

nie (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147). Vir dié doel het die Kuratorium voorgestel dat, in plaas van 'n plaaslike bestuur soos voorgestel in die *Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord*, elke gebiedsinode waarbinne 'n opleidingsentrum gesitueer was, 'n Kuratorium moet benoem met die opdrag om die besluite met betrekking tot teologiese opleiding binne die bepaalde gebiedsinode in te faseer (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147).

Die Algemene Sinode, 1997 het verder versoek dat die bestaande drie opleidingsentra, UWK, Turfloop en Witsieshoek, voorlopig met opleiding sou voortgaan en dat die streeksinodes wat by Turfloop en Witsieshoek betrokke was, sou voortgaan om dié inrigtings te verenig. (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147). Die Algemene Sinode, 1997 het haar besluit met betrekking tot die drie opleidingsentra herbevestig. (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147). Dié Sinode het ten tye van die sinodale reses die kwessie van eenvormigheid betreffende teologiese opleiding na die Kuratorium verwys met die opdrag om opleidingsmodelle vir goedkeuring aan die algemene sinode van die VGKSA in 2001 voor te lê (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147).

Die Algemene Sinode van die VGKSA verleen vervolgens volmag aan die Kuratorium om deur sy sub-kommissie 'n reglement rakende die opleiding van bedienaars van die Woord vir al die streeksinodes waarin teologiese opleiding plaasvind, op te stel. Verder versoek dié Sinode die streeksinodes om die reglement te aanvaar (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147). Die verslag deur die hoofde van genoemde opleidingsinrigtings met die aanbeveling dat eenvormigheid betreffende die reglement en kurrikulum vir al die inrigtings moet geld, dien voor die Algemene Sinode, 1997 (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:147). Daar word voorgestel dat die reglement die aard en inhoud van die teologiese opleiding, die toelatingsvereistes, eksaminering, aanstelling van dosente, ensovoorts bepaal (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Die verdere motivering was dat sodanige reglement die eenheid tussen studente en dosente deur gereelde onderlinge kontak en uitruilskemas op die kampusse sou verstewig (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148).

Die Algemene Sinode, 1997 het die heersende beleid rakende die bestuur van die teologiese opleiding, sowel as die bestaande ooreenkomste met die betrokke universiteite, aanvaar, en die aangaan van toekomstige ooreenkomste as haar verantwoordelikheid beskou (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Naas bestaande verbintenisse tussen inrigtings binne die VGKSA, soos kerke met wie die VGKSA in ekumeniese verbintenis was, sowel as ander onafhanklike inrigtings, moes die Kuratorium gelyke en regverdigde toegang tot bestaande verbintenisse bewerkstellig en die vestiging van nuwe verbintenisse bevorder.

Hierdie handeling sou voortaan via die Kommissie vir Ekumene van die algemene sinode van die VGKSA geskied (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:144). Wat verdere studie betref, wou die kuratorium verseker dat geleenthede op regverdige wyse aan studente en leraars van die VGKSA gebied word. Die Kuratorium het voorgestel dat haar dagbestuur in raadpleging met die hoofde van die opleidingsinrigtings voortaan studiegeleenthede aan kandidate toewys (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:144).

Die Algemene Sinode, 1997 het die beginsel van gelyke geleenthede en die vestiging van verbintenisse tussen die inrigtings van die VGKSA met onafhanklike inrigtings en inrigtings waarmee die VGKSA in ekumeniese-verbintenis was, goedgekeur. Dit is aan die Kuratorium opgedra om die verbintenisse te inisieer en bevorder (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:144). Verder is dit aan die Kuratorium opgedra om deur middel van sy sub-kommissie gelyke toegang tot studiegeleenthede vir studente en leraars van die VGKSA te reguleer (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:144). Die kuratorium van die algemene sinode sou voortaan een keer per jaar vergader.

Die Algemene Sinode, 1997 het ook die voorstel goedgekeur dat die hoofde van die opleidingsentra as sub-kommissie van die kuratorium op die dag onmiddellik voor die vergadering van die kuratorium sou vergader. Laasgenoemde besluit is egter nie deur die VGKSA geïmplementeer nie (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:144). Met betrekking tot die die finansiële bestuur van die onderskeie teologiese skole het die algemene sinode soos volg besluit: Die finansiële verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding berus by die VGKSA.

Die Kuratorium sou steeds verantwoordelik wees vir bestaande finansiële reëlings en die administrasie van die bestaande opleidingsentra, en die volgende algemene sinode met voorstelle in verband met verdere ontwikkelings bedien (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Die Algemene Sinode van die VGKSA was terdeë bewus van die feit dat daar in die VGKSA 'n onaanvaarbare ongelykheid bestaan het in die beskikbaarheid en toegang tot bronne vir die befondsing van opleiding. Die Algemene Sinode van die VGKSA het die beginsel met betrekking tot die befondsing van teologiese opleiding aanvaar:

“Die Algemene Sinode van die VGKSA het dit goedgekeur dat die finansiële verantwoordelikheid vir opleiding van bedienaars van die Woord by die streeksinodes berus binne wie se ressort opleiding plaasvind” (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148).

In die lig van dié beginsel het die Algemene Sinode, 1997 bepaal dat elke inrigting met goedkeuring van die betrokke streeksinodes 'n volledige begroting van inkomste en uitgawes (werklik en geprojekteerd, sowel as vergelykend met vorige jare) in die reses van

die algemene sinode van die VGKSA moes opstel (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Die Kuratorium van die Algemene Sinode van die VGKSA sou voortaan 'n saamgestelde begroting opstel vir voorlegging aan die Kommissie van Finansiële Administrasie van die algemene sinode van die VGKSA om uit enige beskikbare bronne van die algemene sinode en/of befondsing van vennootskapskerke en ekumeniese inrigtings regverdigde toewysings, ten opsigte van tekorte aan die onderskeie inrigtings te maak (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Die Algemene Sinode, 1997 het dit aan die kuratorium opgedra om 'n reglement ten opsigte van die vorming en toelating van predikante op te stel en aan die Algemene Sinode, 2001 voor te lê.

Die goedgekeurde *Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord* sou regsgeldig wees tot en met die vervanging daarvan. By die Stigtingsinode is reeds besluit dat die bestaande reglemente van die onderskeie streeksinodes geldig sou bly, behalwe ten opsigte van sake waar die algemene sinode van die VGKSA se besluite die bestaande artikel ongeldig maak. Tydens die oorgangsfase moes die Kuratorium sy diskresie gebruik om bestaande prosesse, byvoorbeeld die indiensopleidingskursus vir evangeliste om leraars te word in die NGKA, te laat voorgaan, met verslag aan die volgende algemene sinode van die VGKSA (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 1997:148). Die Algemene Sinode, 1997 bepaal dat die teologiese opleiding ses jaar sou duur. Die Algemene Sinode, 1997 dra dit aan die kuratorium op om die moontlikheid te ondersoek dat 'n gedeelte van die kursus deur middel van deelydse studie gedoen kon word.

### **5.5. Opleiding van Werkkragte Dingaanstat (KwaZulu-Natal)**

Een van die groot uitdagings wat die Kuratorium van die algemene sinode van die VGKSA betreffende teologiese opleiding moes hanteer, was die pluforme opleiding in die Streeksinode, KwaZulu-Natal. Die NGKA Steeksinode, Natal het reeds in 1988 die sendingkommissie versoek om te besin oor die toekoms van sendingwerk en die opleiding van sendingwerkers in plaas van evangeliste (*Notule 23-4.2.2.8. Streeksinode, Natal NGKA 22-27 Aug 1988*). Die NGKA Streeksinode, KwaZulu-Natal, 1992 versoek die NGKA algemene sinode om goedkeuring dat Standaard 8 as toelatingsvereiste verval en die vyfde jaar as indiensopleidingsjaar aangebied word. Hulle stel verder voor dat die vaklading egalig oor vyf jaar versprei word. (*Notule 2434.3.3. Streeksinode, Natal NGKA, 24-27 Augustus 1992*).

In Natal word die opleiding van evangeliste in die lig van finansiële oorwegings reeds in 1988 op besluit van die algemene sinode van die NGKA gestaak (*Notule Streeksinode, Natal NGKA 1988, besluit 140*). Die NGK staak die subsidiëring van die teologiese opleiding aan Dingaanstat. Ten spyte van die Streeksinode, Natal 1988 se besluit om teologiese

opleiding sowel as indiensopleiding van leraars aan die Universiteit van Zululand te staak, besluit die Streeksinode, KwaZulu-Natal, 1992 om 'n tweede groep evangeliste aan die begin van 1992 vir indiensopleiding in te neem (*Notule Streeksinode, Natal NGKA*, 1988, besluit 141; *Notule Streeksinode, Natal NGKA* 1992, besluit 90). Ds. W.G.van Eeden wat met die sluiting van die Teologiese Skool genoodsaak was om af te tree, het homself homself bereid verklaar om voort te gaan met die indiensopleidingsprogram en staan ook finansiëel in vir die tekort op die begroting. Nadat hy in April 1995 op sy plaas vermoor is, versoek die plaaslike bestuur Dr. C.F. Dick om as rektor waar te neem. Vyftien Zulu-sprekende evangeliste word op 30 November 1996 as predikante gelegitimeer. Op dieselfde dag word 'n student wat sy B.Th. aan UNISA verwerf en die addisionele indiensopleiding op Dingaanstat voltooi het, as leraar gelegitimeer. Die volgende dosente het die opleiding op Dingaanstat behartig: Prof. M. Kitshoff (Dogmatiek en Kerkgeskiedenis), Ds. A. Louw van Mtubatuba (Praktiese Teologie) Ds. J. de Bruin van Makatini (Nuwe Testament), Ds. D. Snyrnan (Ou Testament), Dr. C.F. Dick van Dundee/Msinga (Sendingteorie, Kerkreg en nie-Christelike Godsdienste) (*Agenda en Handeling van die Algemene Sinode, VGKSA*, 1994:161-183, 378-379).

Die Streeksinode, KwaZulu-Natal, besluit om die samestelling van die plaaslike bestuur soos voorgestel in die *Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord* te volg. Daarvolgens bestaan dié bestuur uit die verteenwoordiger en aktuaris van die streeksinode, plus die rektor/dekaan van daardie inrigting, plus persone wat gekoöpteer word (byvoorbeeld verteenwoordigers van die NG Kerk). Die saakgelastigdes en dosente dien in adviserende hoedanigheid op hierdie bestuur. (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA*, 1994: L/9; *Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord*). Die aktuaris van die Streeksinode, KwaZulu-Natal, word as skriba van die kommissie benoem (*Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord*). Met betrekking tot die toestemming insake koöpsie wat Artikel 9 van die *Konsepreglement* verleen, benoem Streeksinode, KwaZulu-Natal, twee verteenwoordigers van die NGK op die plaaslike bestuur. Ds. D. Dekker van die NGK word as voorsitter van dié bestuur benoem. Twee leraarstudente wat hulle studies by die Univeriteit van Zululand voltooi het en vir 'n geruime tyd nie gelegitimeer kon word nie, is aan die einde van 1995 gelegitimeer.

Daar is ook 'n sendingwerker uit die gemeente Makatini, op grond van die voorsiening in die *Reglement vir die Legitimasië van Kandidate wat nie die nodige Teologiese opleiding ontvang het nie*, as evangelis gelegitimeer. Ondanks die feit dat hy blind was, het hy die plaaslike bestuur oorweldig deur sy besondere kennis van die Woord (*Agenda en Handeling*

van die Algemene Sinode VGKSA, 1994: 161-183, 378-379). Die Streeksinode, KwaZulu-Natal, l beveel aan dat die Kuratorium van die algemene sinode ten opsigte van die praktiese werk van leraarstudente eenvormige riglyne vir implementering in dié streke opstel. Die Streeksinode, KwaZulu-Natal, het die volgende as motivering vir andersoortige opleiding in KwaZulu-Natal aangevoer:

- i. Die VGKSA in Natal is een van die kleinste en ekonomies-onvermoëndste streeksinodes. Die feit dat daar aan die begin van 1996 slegs vyf voltydse swart leraars en sewe blanke leraars was, toon dat die kerk in 'n bedieningskrisis verkeer.
- ii. Finansies: Die geweldige finansiële uitgawes verbonde aan universitêre opleiding van leraars is nie bekostigbaar nie.
- iii. Ampsprobleem: Die oorbeklemtoning van een amp in die kerk, te wete dié van leraar, het tot grootskaalse passiwiteit by lidmate gelei.
- iv. Teologiese probleem: Die teologiese opleiding voorsien nie in die basiese uitgangspunte vir 'n missionêre bediening nie. Die feit dat die gestuurdheid (apostolaat) wesentlik 'n dimensie van die kerk se bestaan is, het nog nie die teologiese opleiding en bedieningsaard van die leraar deursuur nie.
- v. Waarheidsprobleem: Die modewoord in veral die Afrika-konteks is tans "inkulturasie". Veral uit reaksie teen kulturele oordrag deur Westerse sendelinge aan die Christene in Afrika, het daar 'n strewe by Afrika-Christene ontstaan om die eie kultuurvorme ook in die kerk uit te leef. Daarmee saam is daar 'n strewe na die inheemswording van die teologie. Aangesien daar nie werklik onderskei word tussen die verskillende aspekte van kultuur, t.w. a) tradisionele lewensuitinge wat kenmerkend van elke volk is, b) die tradisionle godsdienste en c) bygelowe nie, bestaan die gevaar dat daar op 'n sinkretistiese wyse 'n vermenging van die Christelike Evangelie en heidense gebruike plaasvind.
- vi. Die waarheid en uniekheid van die Evangelie is in die gedrang. Sinkretisme vind dus maar weer in 'n nuwe gewaad plaas en die teologiese besinning en opleiding is dan die voertuig waarmee dit in kerk ingedra word. 'n Ander saak wat in die teologiese opleiding die waarheid van die oorgelewerde leer sekondêr mag stel, is ekumenisme. Ope teologiese fakulteite is in hierdie geval die middel waardeur nog verder gegaan word as net samewerking en kontak met kerke verskillend van die VGKSA. Die deure word geopen vir nie-Christelike godsdienste ten einde op gelyke voet, selfs binne teologiese fakulteite hul godsdienste te propageer. Godsdiensgelykheid ook aan "Christelike" teologiese fakulteite word dan binne die demokratiese ideologie van die dag beoefen ten einde 'n aanvaarbare, nie-diskriminerende beeld aan die wêreld te vertoon. Feminisme as sekulêre ideologie vind ook sy neerslag in die kerk deur die aanstelling van feministiese teoloë aan teologiese fakulteite.
- vii. Gesagsprobleem: Opmerkings soos "The imbalance of power at the higher levels of the church must be addressed" bevestig dat die gesagstryd in die samelewing ook sy neerslag in die kerk vind.
- viii. Ideologiese argumente wat wesensvreemd aan die kerk is, kan veral d.m.v. die teologiese opleiding.
- ix. Sosiologiese probleem: Die gevaar bestaan dat teologiese opleiding benut mag word vir die daarstelling van leiersfigure in die samelewing. Die bona fide vertroue van gemeentes en individue kan



misbruik word om geld vir teologiese opleiding te bekom sonder dat die voornemende student werklik wedergebore en geroepe is. Politieke probleem: Die kerk moet daarteen waak dat die dosente en teologiese opleidingsplekke die invalplek vir politieke ideologie word.

Verder word die waarheid van die evangelie in sy hart aangetas wanneer daar geen vorm van leertug meer oor die dosente by teologiese skole uitgeoefen word nie aangesien hulle nie meer direk deur die kerk aangestel en besoldig word nie. (*Agenda en Handeling van die Algemene Sinode VGKSA*, 1997, bl 161-183, 378-379).

Die Stigtingsinode besluit dat die Teologiese Skool, Dingaanstat as loodsprojek onder beheer van die Kuratorium van die Streeksinode, KwaZulu-Natal kon voortgaan. Dié opleiding moes deur 'n sub-kommissie van die Kuratorium van dié sinode, bestaande uit die hoofde van die verskillende inrigtings, geëvalueer word, met rapport aan die Kuratorium van dié sinode. Die Kuratorium sou dan verslag met aanbevelings aan die algemene sinode voorberei (*Skema van die werksaamhede van die Stigting-en Eerste Algemene Sinode van die VGKSA, 1994: L/1; Agenda Eerste Algemene Sinode, 1994:181-182*). Die Kuratorium word versoek om 'n konferensie saam met die NGK te reël om die toekoms van verdere (teologiese) opleiding van werkkragte te bespreek. Die NGK is om finansiële ondersteuning vir die konferensie versoek.

Die Streeksinode KwaZulu-Natal, 1995 besluit om sy eie teologiese opleiding voort te sit en dra dit aan die plaaslike bestuur van die Kuratorium op om voor die einde van April 1996 'n volledige beplanningsverslag aan die kuratorium voor te lê. Daar is veral gelet op die besondere behoeftes in die streek (*Notule 4.9.1 Steeksinode, KwaZulu-Natal 19-22 Sept 1995*). Die Steeksinode KwaZulu-Natal, 1995 versoek die moderatuur om 'n aanvaarbare samewerkingsooreenkoms met die dagbestuur van die NGK te beding, sodat dat die samewerkingsooreenkoms nie bloot sou handel oor die verlening van toestemming om Dingaanstat te benut nie, maar dat dit eerder gelykwaardige gesamentlike besluitneming, beheer en verantwoordelikheid sou behels (*Notule 4.9.7. Streeksinode KwaZulu-Natal 19-22 Sept 1995*). Op 23 Maart 1996 is 'n ope vergadering van die VGKSA van KwaZulu-Natal saam met verteenwoordigers van die NGK van Natal op Dingaanstat gehou. Die doel daarmee was om uitvoering te gee aan die besluite van die streeksinode rakende die voortsetting van teologiese opleiding, meer spesifiek om in die groeiende tekort aan opgeleide werkkragte in die gemeentes van dié streeksinode te voorsien. Verteenwoordigers van die Veritas College en die Theological Education by Extension, respektiewelik, naamlik Drr. B. Wolvaardt en G. Steyn is as gassprekers na die byeenkoms genooi (*Agenda en Handeling van die Algemene Sinode VGKSA, 1994:161-183, 378-379, pt. 23*).

Die Streeksinode, KwaZulu-Natal, was van mening dat waar die basiese metode van teologiese opleiding tot dusver beroepsgerig was en die daarstelling van akademiese en teologiese leiers vir die kerk ten doel gehad het, die aksent moes verskuif na 'n gedifferensieerde vorm van opleiding wat die verskeidenheid dienste in die gemeente sou aanspreek. Die kern van hierdie opleiding sou dus 'n proses van geïntegreerde leierskapsontwikkeling moes wees. Opleiding moes daarvolgens gemeentegesentreerd wees sodat voornemende studente binne die praktyk van hul lewensbestaan teologies geskool word. Dit sou verder meebring dat lidmate opleiding binne gemeentekonteks ontvang (Sien Bylaag7 *Memorandum Streeksinode KwaZulu-Natal insake teologiese opleiding*).

Die geïntegreerde leierskapsontwikkelingsprogram sou uit 7 vlakke bestaan:

#### **VLAK 1**

- i. Geletterdheid word nie vereis nie! Geletterdhedskursusse word desnietemin addisioneel aangebied.
- ii. Die katkisasieboek word as vertrekpunt gebruik vir die Openbaringsgeskiedenis en Kanoniek.
- iii. Klem word gelê op geloofsekerheid, vervulling met die Heilige Gees en getuïenis van bevryding,
- iv. Die vermoë tot getuïenis.
- v. Gemeentestrukture (volgens katkisasieboek)
- vi. Die verkillende temas van geloofslewe en -leer moet vanuit die Skrif behandel word.

#### **VLAK 2**

- i. Vlak 2 is nog deel van die gemeenskaplike fundering van die teologiese basis van alle lidmate en diensgroepe in die gemeente.
- ii. Vlak 1 dien as toelatingsvereiste.
- iii. Basiese beginsels van Skrifuitleg.
- iv. Openbaringsgeskiedenis. (Inleiding plus historiese agtergrond van Bybelboeke).
- v. Fundamentele aspekte van prediking, pastoraat en diakonologie (met die oog op gemeenskaps- of sosiale diens).
- vi. Spesialisering van bepaalde dienste soos dié van Sondagskoolonderwysers junior kategete), kategete, vroueïdsters, jeugleiers en kassiere d.m.v. spesifieke, addisionele kursusse. (Daar kon ook gebruik gemaak word van kursusse wat by verskillende inrigtings opgestel is.) Dit moes egter aangepas en afgespits word op die situasie in hierdie streeksinode. Die volgende kursusse verdien aandag: Nehemia-Bybelinstituut, Timoteus-projek, EE iii, ensovoorts.

#### **VLAK 3**

- i. Toelatingsvereiste: Vlak 2.
- ii. Skrifuitleg (vgl. Deist: ABC van Bybeluitleg)
- iii. Basiese konsep van leierskap.
- iv. Verbreding en verdieping van eerste vlak-konsepte.
- v. Ouderlinge en diakens spesialiseer d.m.v. spesifieke kursusse.

#### **VLAK 4**

- i. Toelatingsvereiste: Vlak 3
- ii. Verbreding en verdieping van eerste vlak-konsepte.

- iii. Spesialisering van evangeliseringswerkers (missionarisse), o.a. gevangenis- en hospitaalwerkers.

**VLAK 5-7**

- i. Akademiese vereistes vir leraars word eers op finale vlak bepaal met die oog op toekenning van 'n graad.
- ii. Krediete binne hierdie drie vlakke kon slegs gegee word binne die ruimte van die reglement vir teologiese opleiding van die algemene sinode. Die kerk se taak is om te waak oor die suiwerheid van die leer en daarom moet gewaak word teen die erkenning van vakke waarvan die inhoud nie in ooreenstemming is met die belydenisgrondslag van hierdie kerk nie. 'n Ekumeniese strewende en samewerking met kerke verskillend van die VGKSA mag nie die gereformeerde, konfessionele grondslag van die VGKSA ondergrawe nie. (Sien Bylaag 7 *Memorandum Streeksinode KwaZulu-Natal insake tot teologiese opleiding*).

Daar is ook beklemtoon dat dit wat die kerk van 'n leraar verwag, in die opleiding gestruktureer moes word (*Agenda en Handeling van die Algemene Sinode VGKSA*, 1994:161-183, 378-379). Die Algemene Sinode, 1997 besluit dat die Teologiese Skool, Dingaanstat as losprojek onder beheer van die Kuratorium van die Streeksinode, KwaZulu-Natal kon voortgaan; dat die opleiding deur 'n sub-kommissie van die Kuratorium van die algemene sinode van die VGKSA, bestaande uit die hoofde van die verskillende inrigtings, geëvalueer moes word met rapport aan die algemene sinode kuratorium van die VGKSA. Die Kuratorium sou dan 'n verslag met aanbevelings aan die Algemene Sinode, 2001 voorberei.

Die Algemene Sinode het dit van meet af aan onomwonde gestel dat nie voortgegaan sou word met opleiding vir evangeliste by Dingaanstat nie, omdat dit deur beide die NGKA en die VGKSA voor die Stigtingsinode gestaak is (*Agenda en Handeling van die Algemene Sinode VGKSA*, 1994, bl 161-183, 378-379). Die algemene sinode van die VGKSA het die teologiese opleidingsprogram soos voorgestel in (*Bylaag 7 Memorandum Streeksinode KwaZulu-Natal insake teologiese opleiding nie goedgekeur nie*). Teologiese studente van die Streeksinode, KwaZulu-Natal studeer tans onder die toesig van die Northern Theological Formation.

### **5.6. Op weg na 'n gestandaardiseerde, verenigde teologiese opleiding 2001-2005**

Op die Algemene sinode VGKSA, 2001 op Upington onder die opskrif *'n Gestandaardiseerde, verenigde teologiese opleiding* het die Kuratorium van die algemene sinode van die VGKSA versoek dat 'n verenigde teologiese program wat voldoen aan die vereistes van die VGKSA met betrekking tot opleiding en inhoud ontwikkel word (*Acta Algemene Sinode 2001:191*). Dié Sinode het aan die Kuratorium instruksies gegee om die lewensvatbaarheid van sodanige model te ondersoek (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 2001:193*). Die mandaat is tydens die sitting van die Algemene Sinodale Kommissie, 2002 in Kimberley bevestig, naamlik dat dié Kommissie die kuratorium van die algemene sinode versoek om 'n nasionale konsultasieproses te begin waardeur 'n nuwe struktuur vir bedieningsvorming

(ministerial formation) van die VGKSA ontwikkel word aan die hand waarvan predikante voorberei kan word vir die uitdagings van die 21ste eeu.

Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) (2002) besluit dat teologiese opleiding in die Noorde by UNISA en die Universiteit van Pretoria voortgesit sou word omrede die kombinasie van die kurrikulum vir die B.Th.-graad by hierdie twee universiteite voldoen aan die vereistes van die VGKSA. Die besonderhede van die inskakeling van VGKSA-teologiestudente by genoemde universiteite sou die verantwoordelikheid van die kuratoria van die Noord- en Suid-Transvaal sinodes wees. Die ASK (2002) bepaal verder dat evangeliste wat vir die indiensopleiding as predikante kwalifiseer, toegelaat moes word om hul studies aan die einde van 2002 te voltooi. Die name van hierdie studente moes aan die aktuaris van die algemene sinode gestuur word.

Die ASK het in 2002 en weer in 2003 besluit om die spertyd vir die inskrywing van evangeliste vir opleiding as predikante uit te stel. Evangeliste het dus tot September 2004 die geleentheid gehad om in te skryf vir die indiensopleidingsprogram wat in Januarie 2005 'n aanvang sou neem. Die volgende evangeliste het die indiensopleidingsprogram einde 2005 voltooi en is as bedienaars van die Woord gelegitimeer: kandidate D.M. Kunene (Jozini), M.W. Lebea (Malamulele), S.J. Manyoni (Eshowe), M.J. Melato (Jozini), S.E. Mokhathi (Mokodumela), L. Nhlapo (Witsieshoek), S.F. Thela (Hlabisa), C. van den Heever (Niekerkshoop) en S.T. Zuma (Pietermaritzburg) (*Agenda URCSA General Synod: 2005: 304*). Die ASK het 'n mandaat aan die Algemene Sinode Kuratorium verleen om 'n nasionale konsultasie te inisieer wat al die gebiedsinodes se Kuratoria sou insluit. Die ASK (2002) besluit verder dat 'n raad van lektore van al die teologiese opleidingsinstansies van die VGKSA onmiddellik gevorm moet word en deel vorm van die konsultasie. (*Agenda URCSA General Synod 2005: 304*).

Die Kuratorium doen reeds op die Algemene Sinode, 1997 'n voorlegging ter ondersteuning van die verkorting van die teologiese opleiding. Die ASK, 2002 in Kimberley het die volgende opdrag goedgekeur: "General Synodical Commission calls on the Curatorium to develop a new structure for ministerial formation in the URCSA that could equip ministers for the challenges of the 21<sup>st</sup> century." Sedertdien het die konsep "ministerial formation" (bedieningsvorming) deel geword van die diskoers oor teologiese opleiding van die VGKSA.

Tydens die Algemene Sinode, 2001 stel die Kuratorium van dié Sinode onder die opskrif "*Duration and content of theological training*" 'n vyf jaar (in plaas van 6 jaar) teologiese program voor wat voldoen aan tradisionele standaarde en ook aan die konteksuele behoeftes van

die VGKSA (*Acta, VGKSA Algemene Sinode, 2001:193*). Die Kuratorium stel voor dat programme so saamgestel word dat die studente toegerus sou word met: 'n Goeie oorsig van al die hoofvakke insluitende Bybeltale; 'n sterk basis in navorsingsmetodes ontvang sodat hulle by magte sou wees om verdere teologiese opleiding te ondergaan. Daar sou twee programme wees, Basiese Studies en Gevorderde Studies. Inleidend sou 'n program van vier jaar saamgestel uit fundamentele vakke soos Missiologie, Praktiese Teologie, OT, NT, Sistematiese Teologie en Ekklesiologie gevolg word. Dit moes opgevolg word met 'n proefjaar. Hierdie vyfde jaar sou lei tot 'n ten volle geakkrediteerde M.Div.-graad. Daarna kon 'n student nagraads verder studeer. Die Algemene Sinode het hierdie voorstel ten opsig van 'n nuwe model in beginsel goedgekeur (*Acta Algemene Sinode VGKSA, 2001:193*). Die Algemene Sinode het in beginsel die aanbevelings ten opsigte van 'n nuwe model aanvaar (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 2001:193*).

Die Algemene Sinode 2001 het opdrag aan die Kuratorium gegee om 'n verenigende teologiese opleiding te ontwikkel, wat die vereistes van die VGKSA beide in opleiding en inhoud sou bevredig (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 2001:191*). Die Algemene Sinode gee verder aan die Kuratorium opdrag om die lewensvatbaarheid van die implementering van sodanige model te ondersoek. Die ondersoek behoort onder andere, die volgende in te sluit: die ontwikkeling, gedurende die reses, van 'n kurrikulum wat die beginsels van teologiese opleiding soos deur die VGKSA aanvaar, in ag neem; 'n struktuur waarin die metode van implementering uitgespel word: in samewerking met die verskillende opleidingsinstansies, moet daar oor praktiese maniere besluit word om vakke in- en uit te faseer (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 2001:193*). Die nuwe kurrikulum en uitdagings vir die bediening is op drie nasionale konsultasies bespreek, naamlik nasionale konsultasie 1: Maart 2003 in Stellenbosch; nasionale konsultasies 2: 6 – 17 September 2004 in Mamelodi; nasionale konsultasies 3: 13 – 16 Junie 2005 in Mamelodi. Tydens die vergadering van die Algemene Sinodale kommissie in November 2004 in Johannesburg is van die aanbevelings van die nasionale konsultasies bespreek. In Maart 2003 het die Kuratorium van die Streeksinode, Kaapland 'n werkwinkel in Stellenbosch gereël waarop die toekoms van teologiese opleiding in die VGKSA bespreek is. Verteenwoordigers van al die streeksinodes is uitgenooi vir die lewer van insette ten opsigte van die nuwe rigting wat die VGKSA ten opsigte van die opleiding van toekomstige predikante kon oorweeg.

Die Kuratorium van die Algemene Sinode het gedurende die nasionale konsultasie vergader en hulle dankbaarheid uitgespreek teenoor die Kuratorium van Streeksinode, Kaapland vir die reël van die eerste nasionale konsultasie Maart 2003 in Stellenbosch. Die Kuratorium van die

Algemene Sinode het besluit om 'n nasionale konsultasieproses te begin met die doel om 'n nuwe kurrikulum te skryf. Ter uitvoering van hierdie mandaat, reël die Kuratorium van die Algemene Sinode twee nasionale konsultasies (op 16-17 September 2004 en 13-16 Junie 2005) om 'n nuwe raamwerk en kurrikulum vir voorlegging aan die Algemene Sinode, 2005 te formuleer. Die Noordelike Kuratorium tree as gasheer op en verteenwoordigers van al die streeksinodes neem aan die proses deel wat deur *Kerkinactie* van die Gereformeerde Kerk in Nederland befonds word.

Die nasionale konsultasies dra by tot die skep van 'n gesamentlike mening oor bedieningsvorming in die VGKSA. Die Algemene Sinode Kuratorium het lê 'n gedetailleerde verslag voor aan die 2005 Algemene Sinode in Pietermaritzburg wat die VGKSA se teologiese formasieprogram ingrypend beïnvloed (*Acta VGKSA Algemene Sinode, 2005a:281-361*). Die eerste konsultasie vind plaas op 16-17 September 2004) in die Mamelodi Dienssentrum en die kuratoria van Suid- en Noord-Transvaal tree namens die Algemene Sinode Kuratorium as gasheer op. Die geleentheid word deur 'n verteenwoordigende groep van 36 mense bygewoon.<sup>10</sup> Die klem het op drie areas geval, naamlik: a) Die aantal vakante gemeentes; b) die aantal predikante ouer as 55, die aantal proponente wat nog nie beroep is nie; c) die aantal teologiese studente wat tans studeer. (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:290*). Daar word ook tydens die werkswinkel 'n kontekstuele ontleding gedoen met die doel om die soort uitdagings en probleme waarmee die VGKSA daaglik *“in die straat”* te doen kry, te identifiseer. In hierdie analise is die fokus op: a) die aard van die gemeenskappe waarin van die VGKSA opereer; b) die tipes gemeentes in die VGKSA; c) wat hierdie kontekste gevolglik van die predikant verg.

Met inagneming van die bogenoemde audit en kontekstontleding word 'n *“profiel”* van die ideale predikant van die VGKSA saamgestel. Hierdie profiel is in *“uitkomstgebaseerde”* formaat geformuleer en beskryf nie soseer die inhoud van die kursusse nie, maar die houdinge,

---

<sup>10</sup>Algemene Sinode: Di. L.S. Konzapi, N.C. Philander, B.P. Makoko, J.R. Diale, Prof. J.N.J. Kritzinger, Di. Z.E. Mokgoebo, M.P. Moloi, Prop. A. Pretorius, Dr. H.G. Platt, Prof. A.P. Phillips. Streeksinodes: Kaapland: Di. A. Rust, J. Hartney. Namibië: Di. W. Daniels, B.R.E. Tjingaete. Vrystaat & Lesotho: Di. L.P. Fokase, T.D. Masilo. Noord- & Suid-Transvaal: Di. O.E. Ditshwene, S.P. Mosia, M.P. Ntshumayelo. KwaZulu-Natal: Di. M.F. Sibeko. Streeksinode Phororo: Di. M.D. Makgene. Teologiese student: Universiteit van Stellenbosch: Mnr. N.S. Cezula. Noordelike Seminarium (Pretoria): P.M. Maruping, G.I. Setoto. Namibië: Mnr. CS Simone, I.C. Chiviya. Akademiese adviseurs: Proff. S.T. Kgatla, J.C. Adonis, N.N. Koopman, D.J. Smit, Drr. S.I. Maboea, F.B.O. Nel, Proff. N.A. Botha, mev. D.T. Seloana. Ander adviseurs (vroue, jeug): Ds. R.W. Nel. Waarnemer namens NGK: Dr. P.R. du Toit. Streekskuratoria Kaapland: Ds. A. Rust, Dr. M.A. Plaatjies-Van Huffel, Namibië: Dii. W. Daniels, B.R.E. Tjingaete, Vrystaat: L.P. Fokase, T.D. Masilo, P.A. Motale. Noord-/Suid-Transvaal: Dii. O.E. Ditshwene, S.P. Mosia. KwaZulu-Natal: Dii. M.F. Sibeko. Phororo: Ds. M.D. Makgene. Teologiese Studente. Universiteit van Stellenbosch: Me. E. Julius, Mnr. N.S. Cezula. Noordelike Teologiese Seminarium (Pretoria): Mnr. P.M. Maruping, me. S.R. Ramatsui (deelyds). Namibië: Mnr. C.S. Simone. Eindeksamenkommissie: Ds. F.B. Mbenenge (Streeksinode Kaapland). Akademiese adviseurs: Proff. S.T. Kgatla, T.A. Mofokeng, J.C. Adonis, N.N. Koopman, Drr. X.D. Simon, S.I. Maboea, F.B.O. Nel. Adviseurs (vroue, jeug): Ds. R.W. Nel, dr. A. van Schalkwyk. Algemene Sinode Kuratorium: proff. J.N.J. Kritzinger, A.P. Phillips, dr. H.G. Platt, Dii. L.S. Konzapi, B.P. Makoko, J.R. Diale, Z.E. Mokgoebo, M.P. Moloi en Prop. A. Pretorius.



vaardighede en kennis wat die teologiese studente moet demonstreer alvorens hulle tot die bediening toegelaat word (*Acta VGKSA Algemene Sinode*, 2005:290-291). Die tweede konsultasie oor teologiese opleiding het op 13-16 Junie 2005 plaasgevind. Die Kuratoria van Suid- en Noord-Transvaal tree namens die algemene kuratorium by die Mamelodi Dienssentrum as gashere vir dié werkswinkel op.

Dit is so gereël dat dieselfde groep mense wat die vorige werkswinkel bygewoon het, weer betrek is sodat die groep kon voortbou op wat reeds besluit is sonder verduidelikings oor die proses aan nuwelinge. Die konsultasie word deur 33 persone bygewoon.<sup>11</sup> Tydens die konsultasie is die werk wat tydens die vorige konsultasie gedoen is (oudit, konteksontleding, profiel) as uitgangpunt gebruik en is 'n verslag daaroor vir die algemene sinode opgestel (*Agenda, VGKSA Algemene Sinode*, 2005:291). Daar word op drie areas gefokus: a) die beginsels van die opleiding van predikante; b) 'n nuwe kurrikulum; c) 'n nuwe reglement vir die opleiding van predikante. Die Algemene Sinode neem kennis dat nie slegs die Gebiedsinode, Kaapland nie, maar ook die kuratoria van Noord- en Suid Transvaal konsultasies oor teologiese opleiding gehou het. Tydens die Algemene Sinode, 2005 van die VGKSA, in Pietermaritzburg, word algemeen aanvaar dat bedieningsvorming die verantwoordelikheid van die VGKSA is.

Die vraag tydens dié Sinode is: Hoe hierdie verantwoordelikheid optimaal tydens die holistiese bedieningsvormingsproses en in samewerking met die universiteite behartig kan word? Wat kan en behoort die kerk van 'n teologiesefakulteit by 'n universiteit wat deur die staat befonds word, verwag, en hoe moet die kerk sy eie insette struktureer ten einde die waardes en vaardighede wat nie van die universiteit verwag kan word nie, aan te spreek? (*Acta, VGKSA Algemene Sinode*, 2005a:316). Dit word nodig geag om 'n nuwe kurrikulum wat by die veranderde omstandighede pas, te ontwerp. Daar was sekere tekortkominge in die 1997-kurrikulum, moontlik weens die feit dat dit 'n kompromie tussen die twee opleidingsentrums, Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en Turfloop Teologiese Seminarium, verteenwoordig. Een van hierdie tekortkomings is dat dit baie vaag is, wat gelei het tot konflik tussen die studente en die Kuratorium, veral by Turfloop. Die konflik was veral oor die minimum kwalifikasies wat vereis word wanneer 'n teologiese kandidaat predikant in

---

<sup>12</sup> Streekskuratoria Kaapland: Ds A Rust, dr. M.A. Plaatjies-Van Huffel, Namibië: Ds. W. Daniels, ds. B.R.E. Tjingaete, Vrystaat: Ds. L.P. Fokase, ds. T.D. Masilo, ds. P.A. Motale.Noord-/Suid-Transvaal: Ds O.E. Ditshwene, ds. S.P. Mosia.KwaZulu-Natal: Ds M.F. Sibeko.Phororo: Ds. M.D. Makgene.Teologiese Studente Universiteit van Stellenbosch: Me. E. Julius, Mnr. N.S. Cezula,Noordelike Teologiese Seminarium (Pretoria): Mnr. P.M. Maruping, me. S.R. Ramatsui (deelyds).Namibië: Mnr. C.S. Simone.Eindeksamenkommissie: Ds F.B. Mbenenge (Streeksinode Kaapland).Akademiese adviseurs: Prof. S.T. Kgatla, prof. T.A. Mofokeng, prof. J.C. Adonis, prof. N.N. Koopman, dr. X.D. Simon, dr. S.I. Maboea, dr. F.B.O. Nel.Adviseurs (vroue, jeug): Rev R.W. Nel, dr. A. van Schalkwyk.Algemene Sinode Kuratorium: proff. J.N.J. Kritzinger,A.P.Phillips, dr. H.G. Platt, Dii. L.S. Konzapi,B.P. Makoko, J.R. Diale, Z.E. Mokgoebo, M.P. Moloji en prop. A. Pretorius.

die VGKSA wil word. (*Acta, VGKSA Algemene Sinode, 2005a:316*). Die Algemene Sinode, 2005 verleen goedkeuring aan die volgende beginsels vir teologiese vorming: (*Agenda Algemene Sinode, 2005:292-291*).

- i. Bestaande beginsels: Die Kuratorium het dit wys geag om vir haarself duidelikheid te verkry oor wat verstaan word met die uitdrukking “’n kurrikulum wat die beginsels vir teologiese opleiding soos deur die VGKSA aanvaar in die Acta van die 2001 Upington Sinode sal verwelkom.” Die resolusie verwys dalk na die “beginsels” wat deur die 1997 Algemene Sinode van die VGKSA aanvaar is. (*Agenda Algemene Sinode, 2005:292-291*).
- ii. Grondslag: Die opleiding wil uitdruklik ekumeniese oopheid uitbou en terselfdertyd die gereformeerde karakter van die kerk behou; Die teologiese opleiding van die bedienaars van die Woord van die VGKSA is gebou op die fondament, Jesus Christus, en gebaseer op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leerstellings van die kerk is in ooreenstemming met die Woord van God soos uitgespreek in die Belgiese Belydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Belhar Belydenis en die Ekumeniese Belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius. (*Agenda Algemene Sinode, 2005:292-291*).
- iii. Doel: Die opleiding het ’n kerklike karakter. Die doel is om kandidate voor te berei vir bediening in gemeentes en om algemene werk in die kerk te doen; Universitêre akademiese standaarde word tydens die opleiding gehandhaaf; Tydens die opleiding word die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele konteks van die gemeente waar die prediking sal plaasvind met erns in ag geneem. In die praktyk beteken dit dat die studente in dialoog sal tree met die verskillende samelewingsverbande en hulle teologie daarvolgens ontwikkel. (Bylaag 6 *Beginsels van Teologiese Opleiding vir die VGKSA 1994:181 – 182*).
- iv. Die doel kan dus soos volg opgesom word: Die doel van teologiese opleiding is om, -onder die leiding van die Heilige Gees en tot die Eer van God die kandidate te vorm en toe te rus, geestelik, intellektueel en prakties, vir hul dienswerk in die kerk van Jesus Christus” (*Acta Algemene Sinode VGKSA, 1997:718*).

Die Algemene Sinode VGKSA, 2005 neem kennis van hierdie formulering as die basis en doel van teologiese opleiding en aanvaar die volgende sewe punte as riglyne vir teologiese formasie:

- i. Bedieningsvorming Die proses van die toerus van lede van die VGKSA vir ordening in die bediening word bedieningsvorming genoem om erkenning te gee aan die wye omvang daarvan.
- ii. Verantwoordelikheid *Die formasie van die predikante van die VGKSA is primêr die verantwoordelikheid van die kerk.* Die VGKSA het formasiesentrums in genootskap met instansies van hoër onderwys gestig waar teologiese studente in die konteks van ’n aanbidende, lerende en dienende gemeenskap toegerus word.
- iii. Die VGKSA neem deur mentorskap verantwoordelikheid vir die holistiese ontwikkeling van die teologiese student. Die VGKSA neem die verantwoordelikheid om finansiële bydra tot die formasie van sy predikante (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:293-294*).
- iv. Die toerus van predikante van die VGKSA was ’n omvattende proses. Dit sluit in die toelating (seleksie van kandidate, hulle akademiese, geestelike en praktiese formasie, toesig gedurende hulle studiejare; deurlopende assessering

gedurende hulle studies wat lei tot 'n eksamen aan die einde van die proses; toelating tot die bediening; en laastens deurlopende formasie. Inklusief: Die formasie van predikante (as “onderwys-gewende ouderlinge”) vorm 'n integrale deel van die toerus van predikante in die kerk as geheel. Holisties: Die hele persoon en lewe van die kandidaat is die fokus van hierdie formasieproses. Die uitdaging bestaan daarin om die beste manier te vind om waardes, vaardighede en kennis op 'n goed-gestruktureerde manier bymekaar te bring. 'n Lewenslange proses: 'n Predikant is betrokke by lewenslange groei in teologiese insig, en toename in geestelikheid en doeltreffendheid as predikant.

- v. Die verwelkoming van diversiteit: Die bedieningsvorming van die VGKSA, as 'n Suid-Afrikaanse kerk, is gegrond op die verenigende etos wat 'n diversiteit van tale en kulture aanvaar en wat daarna strewende om ongelykhede in terme van geslag, 'ras', klas en gender uit te wis. Daar word gestrewe na dinamiese eenheid wat skeppend omgaan met diversiteit.
- vi. Gereformeerde Afrika-identiteit: Die bedieningsvormingsproses koester 'n gereformeerde Afrika-identiteit deur die integrasie van die realiteite van Suider-Afrika met 'n gereformeerde teologie.
- vii. Ekumenies en Gereformeerd: Die bedieningsvormingsproses koester ekumeniese oopheid in 'n globale konteks.
- viii. Geregtheid en Rekonsiliasie: Bedieningsvorming maak dit vir die VGKSA moontlik om te werk vir geregtheid en rekonsiliasie in die kerk, die gemeenskap en die omgewing.

Die Algemene Sinode, 2005 van die VGKSA beveel ondergenoemde aan (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:304*):

- i. Die Sinode keur hierdie uitkomsgebaseerde profiel goed: as die belangrike bevoegdhede waarvoor 'n persoon wat as predikant van die VGKSA georden wil word, moet beskik; as die basis van die hele proses van bedieningsvorming, as die kriteria wat deur eksamenkommissies of gebiedskuratoria gebruik moet word as hulle kandidate vir die bediening assesser.
- ii. Die Sinode gee opdrag aan die Kuratorium om hierdie profiel in 'n volledige uitkomsgebaseerde instrument (insluitende assesseringskriteria en puntetabelle) te ontwikkel vir goedkeuring gedurende die reses, deur die algemene sinode van die kerk. Dit is nodig om die gewenste vlak en reikwydte van die bevoegdhede in hierdie drie gebiede waarvoor 'n kandidaat moet beskik voordat hy georden kan word, vas te stel
- iii. Die Sinode gee opdrag aan die Kuratorium om 'n sisteem te ontwikkel vir die erkenning van voorafleer wat in die geval van volwasse VGKSA-lede wat teologiese studente wil wees, toegepas kan word. Hierdie sisteem moet voor implementering aan die sinode vir goedkeuring voorgelê word. Die Algemene Sinode van die VGKSA het verder oor die kurrikulum soos volg besluit: Die bedieningsvormingsproses moet teologiese studente toerus om die gewenste vlak van bevoegdheid in al drie vaardigheidsgebiede te bereik sodat hulle georden kan word en verskaf dan voortdurende formasie gedurende die res van hulle loopbane. So 'n kurrikulum het die volgende kenmerke: (i) Die gebiedskuratorium is verantwoordelik vir onderhandelinge met instansies van hoër onderwys t.o.v. die besonderhede van die kurrikulum. (ii) Die leerproses sal 5 akademiese jaar behels in die geval van 'n student met matriekvrystelling. Van 'n student met 'n Senior Sertifikaat (of ekwivalent) sal verwag word om 'n akademiese “oorbruggingsjaar” of 'n toelatingsprogram te volg voordat hy/sy tot 'n graadkursus toegelaat word. Dit sal dus langer (ten minste een jaar langer) neem om die proses te voltooi.

Die Algemene Sinode, 2005 verleen goedkeuring aan die *Uitkomsgebaseerde Opvoedingsprofiel (UBO) vir predikante van die VGKSA (Agenda General Synod URCSA, 2005: 295-304)*. Om die vorming van VGKSA predikante in lyn te bring met die “uitkomsgebaseerde” benadering tot hoër opleiding in Suider-Afrika, stel die Kuratorium ’n “uitkomsgebaseerde profiel” vir die VGKSA-predikant op. Die uitkomst van programme of studie-eenhede word in terme van drie kategorieë van bevoegdheid ingedeel, naamlik waardes/houdings asook vaardighede en kennis. Die aanname waarop die profiel berus, is dat predikante nie vir elke moontlike situasie waarin hulle mag beland, opgevoed/opgelei kan word nie. Hulle moet eerder gehelp word om ’n lewensvatbare metode te ontwikkel wat hulle in staat stel om in enige situasie “op hulle voete” te dink. Met betrekking tot die noodwendigheid van die tentmakerbediening in die VGKSA het die kuratorium in hul verslag daarvoor onomwonde deurgegee dat daarteen gewaak moet word om onrealistiese verwagtinge in verband met voltydse indiensneming by studente skep aangesien die meeste van die gemeentes van die VGKSA nie lewensvatbaar is nie.

As die meeste van die predikante van die VGKSA in die toekoms tentmakers-predikante gaan wees, behoort die kurrikulum hulle vir die situasie voor te berei deur hulle te help om alternatiewe werk te bekom wat hulle so min moontlik uit die gemeente sal wegneem (*Agenda Algemene Sinode VGKSA, 2005: 295-304*). Die Kuratorium het in hul verslag aangedui dat ’n predikant van die VGKSA die volgende waardes moet hê:

- i. Ware geloof: ’n Persoon wat handel volgens wat hy/sy preek, ’n man of vrou van God; iemand met ’n diep geestelikheid wie se geloof aan sy leefstyl gesien kan word, wat holistiese koninkrykswaardes het wat aanhoudend deur Bybelstudie en gebed versterk word.
- ii. Geroepenheid: ’n Geroepene is ’n persoon wat gewillig is om te dien, wat ’n dissipelskap lewenstyl het, wat getrou is aan sy/haar roeping, wat lief is vir die werk van die Here en ’n sukses in die kerk van Christus wil bereik, wat gewillig is om offers te bring en hard te werk, selfs tydens buitengewone ure, wat betrokke is by en lojaal is aan die VGKSA.
- iii. Selfrespek: ’n Persoon met ’n positiewe selfbeeld, met persoonlike integriteit en eerlikheid; iemand wat nederig is, eerbaar is, trots op sy/haar werk is, streef na uitnemendheid, wat pligsbesef het, en verantwoordelik is en wat sterk staan;
- iv. Karaktertrekke: Uithouvermoë, geduld, verdraagsaamheid, stiptelikheid, gewilligheid om te leer en groei, vertroulikheid, oopheid, emosionele balans en integriteit, ’n goeie reputasie, sober gewoontes, regverdig, leergierig, wys, die vermoë het om “ja” of “nee” te sê, humoristies, kreatief is, nie gulsig is of homself /haarself probeer verryk nie, nuut kan dink, aanpasbaar is, ’n vredemaker, deursigtig en toerekenbaar, ferm, beginselvas, met ’n persoonlikheid en iemand wat nie sy/haar posisie misbruik nie.
- v. Nadenke: Iemand wat introspeksie toepas, iemand met selfkennis, en wat bewus is van sy/haar beperkinge en wat nie bedreig voel as ander hom/haar kritiseer nie, iemand met ’n gesonde, tog kritiese houding teenoor homself wat daarna streef om te groei en te verbeter. (*Agenda General Synod URCSA, 2005: 295-304*).

- vi. Respek vir die medemens: Barmhartig, versorgend, empaties, iemand met stabiele werksverhoudings, iemand wat beskikbaar, onpartydig en betroubaar is en wat teenoorgestelde menings aanvaar sonder om vyande te maak, iemand met respek vir gesag in die kerk en die gemeenskap en wat sensitief is vir die lyding van ander en nie veroordeel nie. (*Agenda General Synod URCSA, 2005: 295-304*).

Met betrekking tot kennis en vaardighede het die Kuratorium in hul verslag aangedui dat die kenniskomponent tradisioneel die hoofokus van bedieningsvorming was. Daarom word dit “teologiese opleiding” genoem. Die Kuratorium was egter van mening dat daar ’n intieme verwantskap tussen waardes, vaardighede en kennis bestaan. Vir elke praktiese vaardigheid is daar ’n teoretiese basis. Die lektore, studente en die kuratoria moet nadink oor die terme, “Gereformeerd/ Hervormd” en “Afrika” (en die verhouding tussen die terme) soos dit in die verslag gebruik is. Dit vorm ’n integrale deel van die bedieningsvormingsproses van die VGKSA. Die volgende dimensies van kennis word as onontbeerlik vir ’n VGKSA-predikant beskou: Basiese teologiese oriëntasie en Gereformeerde teologie. Die vermoë om: a) ’n konteks (gemeente, gemeenskap, land, kontinent, die wêreld) na te vors en te analiseer; b) teologies op die gereformeerde manier te dink aan die konteks analise; c) relevante bedieningstrategieë in respons op die kwessies wat geopper is, te ontwikkel; d) saam te werk en netwerke met kollegas en vennote te vorm terwyl hieraan gewerk word. Skrifverklaring: basiese kennis van Hebreeus en Grieks; goeie kennis van die Bybel en die metodes van kontekstuele interpretasie.

Die vaardighede wat gedurende die proses geïdentifiseer is, is die volgende: kommunikasievaardighede, kritiese denke en -evaluatie; bestuurs-/leierskapsvaardighede: Die vermoë om te lei; finansiële bestuursvaardighede: pastorale versorging, ekumeniese samewerking. Die besonderhede van die kwalifikasies mag van streek tot streek verskil, maar die volgende is die opsies vir die Streekskuratoria: Die eerste vier jaar, akademies sal bestaan uit of: ’n vier-jaar B.Th. (of ekwivalent); of ’n Drie-jaar B.Th. (of ekwivalent) gevolg deur ’n breed-gebaseerde B.Th. Honneurs (of ekwivalent). Die vyfde jaar sal bestaan uit of ’n Een-jaar M.Div. (of ekwivalent); of ’n kombinasie van modules goedgekeur deur die kuratorium van die algemene sinode op aanbeveling van die streekskuratorium (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:305*).

In hierdie geval sal die streekskuratorium ’n een-jaarprogram opstel wat dit vir die student moontlik sal maak om enige uitstaande bevoegdheids in terme van die goedgekeurde UBO profiel vir ’n VGKSA-predikant te bekom. Aangesien hierdie opsie nie lei tot ’n formele kwalifikasie nie, onderhandel die streekskuratorium vir ’n permanente reëling by ’n hoër opvoedingsinstansie. Gedurende die eerste vier-jaarfasie volg alle studente vasgestelde kerndisiplines en maak ’n keuse uit bepaalde vakke.

Die kerndisiplines rus die student toe met kennis aangaande ’ekumeniese-, oop- en gereformeerde Afrika-teologie. Die keusevakke maak dit vir die student moontlik om te fokus

op, of te spesialiseer in, en om die bevoegdheid te ontwikkel ten opsigte van 'n ondersteunende loopbaan vir die tentmakerbediening. Die kern dissiplines: Minstens een jaar opleiding in beide Hebreeus en Grieks.

Dit behoort die student daartoe in staat te stel om die Bybel vanuit die oorspronklike tale te interpreteer, om Hebreeuse en Griekse konkordansies aan te wend en om gespesialiseerde Bybeluitleggings te gebruik. Minstens een jaar opleiding in 'n Afrika-taal of 'n ander inheemse taal (nie die student se moedertaal nie). Die student behoort daartoe in staat te wees om 'n basiese gesprek in daardie taal te voer. Sistematiese Teologie, Teologiese Etiek, Ou- en Nuwe Testament, Ekklesiologie (Kerkgeskiedenis en Kerkreg), Praktiese Teologie en Missiologie. Die streekskuratoria moet die student wat onder hulle ressorteer van raad bedien ten opsigte van hul vakkeuses. Vanaf hul eerste studiejaar word van studente verwag om betrokke te raak by tipes van bediening in gemeentes van die VGKSA ooreenkomstig hul studievlak (*Curatorium report to GS 2005*).

Hierdie ondervinding in die bediening, onder toesig van die VGKSA-predikant as mentor, verleen blootstelling aan 'n verskeidenheid landelike en stedelike kontekste, ekumeniese diensagentskappe, nie-regeringsorganisasies en anderstalige gemeentes met ander kultuuragtergronde. Die streekskuratorium moet sorg dra dat die studente onder hul toesig gedurende elke studiejaar minstens 100 uur praktykgerigte ondervinding in die bediening, onder toesig van 'n goedgekeurde VGKSA-mentor opdoen. Dit kom neer op gemiddeld twee uur per week. Die uitruiling van studente, lektore en bedieningsvormingsprogramme wat by die verskillende sentrums aangebied word, word aangemoedig. 'n Deeltydse student mag as afstandslerder registreer met dien verstande dat die streekskuratoria voorsiening maak vir die ooreengekome gemeentelike kontak-ure. Die streekskuratoria stel, in konsultasie met ingeskakelde instansies van hoër onderrig vas of 'n voornemende student kwalifiseer vir erkenning van voorafverwerfde kennis. Hulle verseker verder dat genoegsame aandag aan die pastorale behoeftes van die studente geskenk word.

Die Kuratorium van die Algemene Sinode organiseer jaarliks 'n konferensie vir studente, lektore, mentors, verteenwoordigers van streekskuratoria en die bestuur van kweekskole. Die konferensies word beurtelings in verskillende sinodale streke aangebied ten einde eenheid te bou en teologiese insigte en geestelikheid te verdiep en die student te help om die VGKSA as geheel te leer ken. Op die lang termyn aanvaar die gebiedsinodes om die beurt verantwoordelikheid vir die koste van dié konferensies en op die kort termyn sou die ekumeniese vennote genader word om hulp. Voortgesette Bedieningsvorming: Alle predikante sou deelneem aan voortgesette opleiding en mentorprogramme ingestel en



gekoördineer deur die streekskuratoria. Hierdie bedieningsprogramme mag geakkrediteer word sodat in sodanige geval die student 'n kwalifikasie by 'n hoër opleidingsinstansie kon bekom. Hierdie programme vorm 'n essensiële deel van die normale pligte van 'n predikant. Verdere studies, voldoende betaalde studieverlof of 'n sabbatsjaar moet beskikbaar wees vir predikante sodat hulle gespesialiseerde studies kan onderneem. Dit moet as voordele in die predikant se beroepsbrief gespesifiseer word. Die hoeveelheid studieverlof goedgekeur deur die kerkraad sal bepaal word deur die navorsingsvoorstel wat deur die predikant aan sy/haar streekskuratorium voorgelê is.

Die Algemene Sinode het soos volg besluit: (i) die Sinode keur die bedieningsvormingsproses goed as die program wat deur die streekskuratoria tydens die vorming van VGKSA-predikant e gevolg moet word. Die Algemene Sinode van die VGKSA, 2005 het besluit op 5jaar akademiese opleiding met 500 uur gelyklopende aanvullende kerklike opleiding versprei oor die genoemde vyf jaar. Die leerplan en kursusse moes mettertyd uitgefaseer word. Die Kuratorium het die volgende opdrag van die Streeksinode Kaapland, 25 September tot 01 Oktober 2006 op Belhar ontvang: “Dié sinode dra dit aan die kuratorium op om na aanleiding van besluite van die algemene sinode van die VGKSA in verband met die teologiese opleiding, die onderhandelinge met die Fakulteit Teologie en die Universiteit van Stellenbosch voort te sit.” Die Streeksinode Kaapland, 2006 verleen goedkeuring daartoe dat die vyf jaar-kursus vanaf 2008 geïmplementeer word, mits reëlings dienooreenkomstig getref kon word.

Tydens die vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie, 2009 (ASK) word kennis geneem daarvan dat die kuratorium van die streeksinode nie na wense vorder met die implementering van die vyf jaar-kurrikulum nie. Hierdie oponthoud dra by tot gebrek aan uniformiteit betreffende die bedieningsvormingsprogram. Een van die redes vir die kuratorium se stadige implementering van die program was die gesprekvoering tussen die kuratoria van die NGK en die VGK ten opsigte van die ontwikkeling van 'n gesamentlike kerklik-teologiese opleidingsprogram. Die Kuratorium het gevolglik 'n kommissie bestaande uit : Drr. M.A. Plaatjies-Van Huffel, D. X. Simon en N.C. Philander sowel as Dii. J.C. Mackay en D. P. Carelse benoem om 'n vorderingsverslag aangaande kerklik-teologiese opleiding voor te berei. Dr. M.A. Plaatjies-Van Huffel is versoek om 'n bedieningsvormingsprogram (500 uur bedieningsvormingspraktyk-opleiding) gebaseer op die besluite van die VGKSA Algemene Sinode, 2005 op te stel. Die kuratorium het die voorgelegde program deur Plaatjies-Van Huffel goedgekeur (Sien Bylaag 21 *500 uur-Bedieningsvormingspraktyk-program*).

Gedurende 2010 het die Streeksinode, Kaapland die vyfhonderd uur-bedieningsvormingspraktyk-program geïmplementeer).

Die Algemene Sinode, 2005 het aangedui dat die hele proses van opleiding deel uitmaak van die bedieningsvorming. Dit begin by die student se *roeping*. In Vraag 8 in die aansoekvorm om toelating tot studie, moet hy/sy hierop antwoord: "*Why are you convinced that God is calling you for the ministry?*" In aansluiting met die voorstelle oor bedieningsvorming in die 2005-kuratoriumverslag, word die proses as opeenvolgende stappe voorgestel, naamlik toelating, vorming, supervisie, assessering, legitimasie, voortgesette bedieningsvorming.<sup>12</sup>

Tydens die ASK-vergadering in 2010 het die Algemene Sinode Kuratorium gerapporteer dat al vier formasiesentrums nog besig was om die dimensies van die 5 jaar-kurrikulum soos deur die Algemene Sinode, 2005 goedgekeur, te implementeer. Die ASK moedig alle formasiesentrums aan om die 2005-kurrikulum so spoedig moontlik konsekwent toe te pas sodat daar uniformiteit in die VGKSA en goeie samewerking tussen streeksinodes kon wees. Die streekskuratoria word verantwoordelik gemaak vir die infasering van dié kurrikulum in hul onderskeie formasiesentrums.

### **5.7. Die bedieningskrisis in die VGKSA**

Tydens die Algemene Sinode van die VGKSA, 2008 is die bedieningskrisis in die VGKSA geadresseer (*Agenda Algemene Sinode 2008*, 504-510). Die term "bedieningskrisis" in die titel van hierdie voorstel verwys na die groot aantal VGKSA-gemeentes (veral in landelike gebiede) wat dit nie kon bekostig predikante te beroep nie, asook die lang wagperiode wat teologiese kandidate (proponente) moes deurstaan voordat hulle beroep is. Dit, ten spyte van die groot aantal VGKSA predikante wat in die tentmakerbediening gestaan het en net deelyds en teen laer besoldiging in gemeentes gewerk het, lei tot 'n ernstige situasie (of 'n krisis) vir die VGKSA. Dit is ook 'n uitdaging vir die bedieningsprogram van die VGKSA (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:504*). Om hierdie uitdaging aan te spreek, stel die Algemene Sinode Kuratorium van die VGKSA-taakspan die volgende voor:

i Beginpunt: Die beginpunt vir hierdie voorstel is die Teologiese basis (Artikel 1) van die Reël vir bedieningsvorming wat deur die 2005-Algemene Sinode goedgekeur is: The teaching elder or minister of the Word is one of these "*offices*". The formation of ministers of the Word (teaching elders) is therefore an integral part of the URCSA's equipping of all its members for their work of ministry, to build up the Body of Christ (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:315-316, 2008:504-510*).

ii Bediening van die liggaam: Bediening is die verantwoordelikheid en voorreg van die hele liggaam van Christus, nie net van geordende predikante, die kerkraad of 'n paar lidmate nie. As 'n kerk van die Reformasie, glo die VGKSA dat elke gedoopte lidmaat, as gevolg van sy of haar doop, deur die Heilige Gees georden is tot die driedelige bediening van Christus (profeet,

<sup>12</sup>*Kaapland Kuratorium Dagbestuur: Iste Vorderingsverslag vir Kerklike Teologiese Opleiding.*

priester, koning) (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505*). As Pinkster glo die VGKSA dat elke lid van die liggaam van Christus deur die Heilige Gees gedryf word om 'n aktiewe rol in die kerk as gemeenskap van die komende Koninkryk van God te speel. Die Gees is uitgestort op jonk en oud, mans en vroue (Handelinge 2:17) sodat die hele gemeente deel kan wees van God se missie op aarde. Die liggaam van God kan net goed funksioneer as elke lid sy/haar unieke bedieningsrol vervul (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505*).

### **5.7.1. Die Breë Opleidingsproses**

As kerk van die inkarnasie glo die VGKSA dat God deur middel van organiese inspirasie in die wêreld werk. Die VGKSA verwag nie dat die doop op 'n magiese wyse moet werk nie of dat die Gees lidmate irrasioneel van bo moes “oorweldig” nie (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505*). Wat die VGKSA dus benodig het om te kon word wat dit in Christus moes wees, was n breë opleidingsproses wat kerkraadslede en alle ander gemeentelide van die VGKSA toerus vir hulle gesamentlike werk (*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2008:505*). Dit was van toepassing op alle VGKSA-gemeentes, maar was veral belangrik vir vakante gemeentes. Hieroor het die sinode die volgende besluit geneem: “Die Sinode keur die breë opleidingsproses goed en gee die Algemene Sinodale Taakgroep vir Verkondiging en Aanbidding opdrag om verantwoordelikheid te neem vir die beplanning van die proses in konsultasie met die streekskuratoria” (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505*).

### **5.7.2. Kursusmateriaal**

Verskeie bestaande programme is al wat die inhoud daarvan betref, ondersoek, veral iKhwezi, UWK se leke-teologiese opleiding (residensieel, gedurende vakansies en naweke), Nehemia Bybel-instituut (tutoriale groepe), en Unisa-sertifikate (afstandsleer) (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505-506*). Hierdie kursusmateriaal rus studente met vaardighede (op verskillende vlakke) toe, bv in raadgeving, Bybelstudie, die hou van begrafnisse, aanbidding, prediking en ander vorme van teologiese insig sodat hulle gehalte diens aan die liggaam van Christus kan lewer (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505-506*). As 'n kerk weet die VGKSA dat saad op die grond moet val om vrug te dra (*Agenda VGSKA Algemene Sinode, 2008:505-506*). Daarom word elke lidmaat opgeroep om offers te bring en hulle tyd, energie, kennis en geld te gebruik om vir mekaar te sorg en om die liggaam van Christus op te bou (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:505-506*).

### **5.7.3. 'n Nuwe rol vir geordende predikante**

Dit beteken nie dat die amp van predikant in die VGKSA uitgefaseer of minder belangrik word nie, intendeel hierdie voorstel maak die rol van die geordende predikant selfs

belangriker, want dit is moeiliker om ander herders te lei, te bemagtig en van raad te bedien as om self die skaap te lei (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:506*). Volgens hierdie voorstel sal die rol van die geordende predikant wees, om lidmate op te lei en toe te rus en om nog steeds te preek, pastoraal en lerend op te tree. (*VGKSA Algemene Sinode, 2008:506*). Dit beteken dat lering en mentorskap belangriker sal word, die opleiding van teologiese studente deur lektore en Senior predikante, asook die opleiding van lidmate deur predikante.

#### **5.7.4. Opleiding van opleiers**

Die bedieningsvormingsproses in die VGKSA sal moet fokus op die opleiding van opleiers, nie net predikante nie (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008: 506*). Bedieningsvormingstudente en -predikante moet toegerus word met die spesiale vaardighede wat nodig is vir 'n predikant wat verantwoordelik is vir 'n aantal gemeentes, of 'n predikant wat 'n paar gekombineerde gemeentes behartig of as interimpredikant (konsulent) van vakante gemeentes optree (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:506*). Predikante moet toegerus word met bestuurs- en motiveringsvaardighede wat vir hierdie komplekse bediening benodig word.

#### **5.7.5. Kriteria vir die lewensvatbaarheid van 'n gemeente**

Dit was dringend nodig dat navorsing in samewerking met die VGKSA se universiteitsvennote vanuit die bategebaseerde ontwikkelingsbenadering gedoen moes word “om kriteria vir die lewensvatbaarheid van 'n gemeente te ontwikkel” (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005: 298*). Dit was duidelik dat nie elke gemeente wat gemeentestatus ontvang het, daardie status sou behou nie. Na deeglike navorsing, nadenke en konsultasie met “sukkelende” gemeentes sou die gemeentes wat nie aan die minimum kriteria vir gemeentestatus voldoen nie, 'n sekere tydperk gegun word om dit te bereik (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:506*). Gemeentes wat nie aan die kriteria voldoen nie, sou met hul buurgemeentes moes saamsmelt (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:506-507*). Hieroor het die sinode soos volg besluit: “Die sinode gee aan die algemene sinodale taakgroep vir verkondiging en aanbidding in samewerking met van die VGKSA se universiteitsvennote die opdrag om vanuit 'n bategebaseerde ontwikkelingsbenadering navorsing te doen betreffende “sukkelende gemeentes” sodat “kriteria vir die lewensvatbaarheid van die gemeentes ontwikkel kan word” (*Agenda, VGKSA Algemene Sinode, 2005:298*).

#### **5.7.6. 'n Bedieningsvormingtaakgroep in vir elke streeksinode**

Aangesien die ringe reeds onder groot druk verkeer het, was dit wys om nie van hulle (of die ringskommissies) te verwag om hierdie saamsmelt-samesprekings met sukkelende

gemeentes te hou nie (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:507*). Elke gebiedsinode moes 'n bedieningsvormingstaakgroep aanstel wat vir sulke samesprekings verantwoordelik sou wees. Hulle sou nie besluite in verband met samesmeltings kon neem nie aangesien daardie verantwoordelikheid by die ringe in konsultasie met die sinodale kommissie aan die hand van 'n gedetailleerde verslag deur die bedieningsvormingstaakgroep en 'n voorlegging van die betrokke gemeente, berus het (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:507*).

#### **5.7.7. Algemene Sinodale salarisfonds vir predikante**

Nog 'n belangrike dimensie van hierdie voorstel was 'n gedeelde fonds wat dit vir gemeentes wat aan die kriteria van gemeentestatus voldoen het moontlik sou maak om aan 'n predikant 'n basiese salaris te betaal (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:507*). Die 2005-Algemene Sinode (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:298/4.1.2.*) het voorgestel dat navorsing gedoen word oor die lewensvatbaarheid van 'n Algemene Sinodale salarisfonds vir predikante wat algemene praktyk is in ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika (*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2008:7*). Elke gemeente sou volgens vermoë tot hierdie fonds bydra, maar elke gemeente sou maandeliks dieselfde basiese besoldiging per predikant ontvang sodat hulle 'n predikant of proponent kon beroep (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:507*). Dit was onvermydelik dat sommige gemeentes meer sou moes inbetaal as wat hulle uitkry en ander minder. Hierdie voorstel is egter nie aanvaar nie. Die Sinode het bepaal dat die praktiese aspekte eers ondersoek moes word. (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:507*).

#### **5.7.8. Die Sinode as liggaam van Christus**

As kerk in Afrika, sou die VGKSA haar kulturele skatte moes deel en *ubuntu* mobiliseer ten einde die ongelykhede tussen stedelike en landelike gemeentes, rykes en armes, “gevolde” en “vakante” gemeentes te oorkom om selfsug en gulsigheid in die samelewing teë te werk (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2008:507*). As kerk van die Nuwe Verbond moes die VGKSA leer dat die beeld van die liggaam van Christus nie net van toepassing was op samewerking tussen die lede van die plaaslike gemeente nie, maar ook op die verhouding tussen verskillende gemeentes in die verskillende gebiedsinodes. Die woorde van die apostel Paulus “as een lid ly, ly al die lede saam” (1 Kor. 12:25) is van toepassing nie net op die verhouding tussen gemeentes nie, maar ook die verhouding tussen individue (*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2008:507*).

#### **5.7.9. Deeltydse teologiese studies vir toelating tot die bediening**

Die breë proses van die toerus en bemagtiging van VGKSA-lidmate vir die bediening asook samesprekings oor gemeentes se status sal voortgaan wat sal meebring dat sommige

van die VGKSA-lidmate wat die opleidingsprogramme deurloop het as VGKSA-predikante oor georden word. Aangesien die predikante voltyds werk en getroud is en dus verantwoordelikhede teenoor hul werkgewers en gesinne het, sal hulle deelyds of deur middel van afstandsonderrig-programme moet studeer (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:508).

#### **5.7.10. Aangepaste kurrikulum vir volwasse lidmate**

Volwasse VGKSA-lidmate van veertig jaar en ouer wat hulself oor jare as leiers in die kerk en gemeenskap bewys het, mag na voltooiing van 'n aangepaste kurrikulum gelegitimeer word (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:508). Wanneer 'n VGKSA-lidmaat by 'n streekskuratorium aansoek doen vir hierdie aangepaste kursus, sal die volgende stappe geneem word: Aansoek: Die applikant sal 'n gedetailleerde portefeulje waarin hy/sy al die relevante dokumente insluit, voorlê:

12.1 Akademiese kwalifikasies

12.2 Professionele ondervinding

12.3 Bedieningsondervinding

12.4 Voorgraadse studies in Teologie

12.5 Onlangse getuigskrifte deur predikante en kerkraadslede met wie die kandidaat saamgewerk het

12.6 Onlangse getuigskrifte deur gemeenskapsleiers betreffende die kandidaat se publieke profiel en bydrae aan die gemeenskap.

12.7 Relevante dokumente.

'n Streeksinode in samewerking met sy opleidingsvennote sal, die portefeulje evalueer met inagneming van die applikant se bedieningsondervinding en voorgraadse teologiese kwalifikasies (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:508). Applikante sal individueel geassesseer word op grond van die drie dimensies van die bedieningsprofiel. Daarna volg 'n in-diepteonderhoud met die aansoeker waarna die Kuratorium vir of teen toelating tot die aangepaste kurrikulum besluit. Voordat uitsluitel oor toelating aan die kandidaat gegee word, moet die streekskuratorium dié aansoek aan die Algemene Sinode Kuratorium voorlê (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:508). Die Kuratorium bedien die applikant met leiding oor persoonlike-, bedienings- en akademiese vaardighede wat hy/sy moet probeer bemeester ten einde aan die bedieningsprofiel vir lisensiëring te voldoen.

Die volgende formasie- en assesseringsprosesse sal tegelyk plaasvind: Persoonlike volwassenheid en geestelikheid: In konsultasie met die applikant stel die kuratorium 'n VGKSA-predikant aan as mentor vir die applikant wat hom/haar begelei in die proses van



geestelike formasie. Die mentorsverslag speel 'n deurslaggewende rol ten opsigte van die kandidaat se lisensiëring eindelik.

Bedieningsvaardigheid en ondervinding: Daar word van die applikant verwag om sy/haar vaardighede ten opsigte van die belangrike bedieningsaspekte (onderrig, prediking, pastoraat, administrasie, regering, begrafnisse) oor die hele spektrum van lidmate (kinders, jongmense, oumense, vroue, mans) te demonstreer. Die wyse van assessering van die applikant se vermoëns word deur die Kuratorium in konsultasie met die mentor en die plaaslike predikant bepaal.

Verder geld die vereiste 100 uur praktiese werk per jaar soos in die Algemene Sinode kurrikulum gestipuleer. Die mentor doen jaarliks verslag aan die Kuratorium oor die applikant se vermoëns en bedieningsvaardighede (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:509). Die Kuratorium bepaal op watter vlak in die 5 jaar-akademiese program die applikant toegelaat word. Die volgende word in ag geneem by hierdie besluit: Die applikant wat reeds oor 'n graad of nagraadse kwalifikasie in teologie van 'n instansie wat nie deur die VGKSA erken word nie, beskik, moet vir 'n minimum van twee jaar die bedieningsvormingsprogram volg voordat hy/sy gelisensieer word.

- i. Gedurende dié twee jaar volg die applikant kursusse oor gereformeerde teologie en kerkregering, die geskiedenis van die NGK-familie asook akademiese vakke van die kurrikulum wat hy/sy nog kortkom. Indien die streekskuratorium akademiese of ander vereistes vir die lisensiëring van 'n applikant bykomend tot die goedgekeurde vereistes in die 2005-kurrikulum (*Agenda 2005*, p. 04 – 307) wil byvoeg, moet die voorstel aan die taakspan vir verkondiging en aanbidding van die algemene sinode voorgelê word vir goedkeuring.
- ii. 'n Applikant wat oor 'n B-graad of ekwivalent daarvan in 'n ander dissipline (nie teologie nie) beskik en op grond van sy portefeulje vir toelating aanvaar word, sal toegelaat word om vir net die laaste drie jaar van die 5 jaar-kurrikulum in te skryf.
- iii. Dit beteken dat sodanige student die volgende moet voltooi: B.Th. III of 'n Gevorderde Diploma in Teologie, B.Th. IV, of 'n "omvattende" Hons B.Th.-graad of 'n Nagraadse Diploma in Teologie M.Div. I of ekwivalent daarvan (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:509).

Die Kuratorium mag eie diskresie gebruik ten opsigte van die besluit of daar voor lisensiëring in die geval van 'n volwasse kandidaat in hierdie kategorie verwag word om 'n formele kwalifikasie in Grieks 1, Hebreeus 1 en 'n eerste vlak-kursus in 'n Afrika-taal (soos vereis in die algemene kurrikulum) te behaal. Ten opsigte van hierdie besluit sal die kuratorium die kandidaat se vermoë om die Skrif binne 'n bepaalde konteks korrek en kreatief te interpreteer, toets asook sy/haar vermoë om Bybelkommentare wat op die oorspronklike tale gebaseer is, te raadpleeg. Daar sal ook gelet word op sy/haar kommunikasievaardighede en veeltaligheid. (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:509). Om die geloofwaardigheid en regverdigheid van die alternatiewe roete tot lisensiëring in vergelyking tot dié van die

voltydse kursus te verseker, moet die finale assessering van die twee strome kandidate dieselfde wees.

Ten einde die gelykheid van die twee strome te verseker, moet al die kandidate bewys dat hulle aan die assesseringskriteria wat deur die bedieningsprofiel vasgestel is, voldoen. Dié assessering geskied aan die hand van gevallestudies en interpretasietoets wat die kandidaat se vermoë toets om 'n bepaalde teks uit die Skrif binne 'n bepaalde konteks te analiseer en betroubaar te interpreteer, kreatief met planne in reaksie op spesifieke uitdagings vorendag te kom en om volwassenheid in leierskap en spanwerk te demonstreer (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:506-507). Alvorens 'n kandidaat wat die aangepaste kurrikulum voltooi het, gelisensieer word, moet die goedkeuring van die Algemene Sinode Bedieningstaakgroep oor die kandidaat se vordering op die basis van 'n gedetailleerde verslag aan die Algemene Sinodale Kuratorium voorgelê word (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:509).

#### **5.7.11. Bedieningsprofiel**

Die bedieningsprofiel wat deur die 2005, Algemene Sinode aanvaar is, is deur die taakspan aangepas vir gebruik as assesseringsinstrument vir die toelating van kandidate tot die geordende bediening. Daar word vereis dat al die kandidate, deelydys of voltydys, oor voldoende kennis in die volgende drie areas beskik:

- i. Persoonlike waardes, geestelikheid en volwassenheid
- ii. Akademiese en teologiese insigte
- iii. Praktiese bedieningsvaardighede.

Dit mag wees dat die voltydse student akademies vaardiger as die deelydse student is aangesien hy/sy vir vier of vyf jaar voltydys studeer het, maar dit mag ook wees dat die deelydse student weens sy/haar ondervinding as kerkraadslid, ouer en werknemer vaardiger is betreffende die praktiese sy van bediening en bestuur. Elke kandidaat moet egter genoegsame vaardigheid in al drie areas van die profiel demonstreer (*Agenda VGKSA Algemene Sinode*, 2008:506-50). Die ASK-vergadering van 2010 het 'n aangepaste kurrikulum vir volwasse lede van die VGKSA goedgekeur. Dit is in Januarie 2011 geïmplementeer. Vier van die vyf studente aan die Noordelike Teologiese Seminarium is tot hierdie aangepaste kurrikulum toegelaat (*Notule van die Algemene Sinodale Kommissie*, September 2011:62) Tien nuwe studente is in Julie 2011 tot die program toegelaat.

Die toelatingsvereistes volgens die *Manual for Theological Formation* was soos volg:

Kandidate 40 jaar en ouer; b) Ten minste 'n B-graad; en c) Lang diens aan die VGKSA. Hierdie student sal 'n aangepaste kurrikulum volg betreffende Grieks, Hebreeus en 'n Afrika-taal en geassesseer word in terme van funksionele kennis van

hierdie tale met die oog op die kontekstuele interpretasie en kommunikasie van die Bybel. Elke applikant moes geskrewe bewys lewer ten einde sy/haar saak te stel. Die ASK van 2010 het die besluit om die *Manual for Theological Formation* goed te keur en gee die aktuaris opdrag om die bepaling in die Kerkorde daarvolgens aan te pas. Die bewoording van die bepalinge betreffende die status van die bedienaars van die Woord in die *Manual for Theological Formation* is, geredigeer om te verseker dat die terminologie ooreenstem met dié van die handleiding. Tydens die samestelling van die *Manual for Theological Formation* het twee vrae oor die inhoud van die bepalinge aangaande die status van die bedienaars van die Woord opgeduik. (a) Bepaling 6 (herstel van status) waar ons 'n meer gedetailleerde beskrywing van die prosedure wat gevolg moet word, aanbeveel; b) Klousule 8.2 waarin daar aanbeveel word dat 'n subklousule bygevoeg word: 8.2.7 "persone aan wie deur 'n kerkraad of ander bevoegde instansie demissie met behoud van status verleen word" (Sien Bylaag 8 *Manual for Theological formation*).

### 5.8. Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika

Die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika (EGKA) is op 3 Julie 1975 as uitvloeisel van die sendingaksie van die NGK in Namibië (destyds bekend as Suidwes-Afrika) gestig (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26 Lombard & Tjingaete, 1995:23-24). Die NGK het die Teologiese skool op Orumana in Kaokoland as sentrum vir die sendingaktiwiteite gebruik (Plaatjies-Van Huffel 2017:26, Lombard & Tjingaete, 1995:21). Die NGK het outonome gemeentes in Orumana, Takuasa, Kavango, Onuno en Ovambo gestig. Soos in die geval van al die ander rasgesegregerde kerke waarby die NGK betrokke was, is die EGKA met 'n wit moderamen gestig (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26).

Volgens eerwaarde Boas Tjingaete, die laaste moderator van die EGKA, was die kerk niks meer as 'n proefkonyn ten opsigte van Suid-Afrika se Apartheidsbeleid nie (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26, Lombard & Tjingaete, 1995:22). Lombard & Tjingaete het verder die stelling gemaak dat die EGKA as basis gedien het vir die werwing van lede wat as soldate aan die Suidwes-Afrikaanse weermag kon veg, amptenare, Angolese vlugtelinge en ander politieke vreemdelinge (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26, Lombard & Tjingaete, 1995:24). Hierdie verhouding het nie uitgewerk soos die NGK aanvanklik verwag het nie, want die EGKA het bestaan uit 'n baie kritiese Namibiese samelewing waarvoor die NGK as wit 'ma' probeer optree het (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26). Die NGK het tevergeefs probeer om deur finansiële manipulasie die kritiese stemme binne EGKA te onderdruk (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26-27). Die NGK het predikante van EGKA gesubsidieer en hulle sodoende afhanklik van buitelandse befondsing gehou (Plaatjies-Van Huffel, 2017:26).

Volgens Plaatjies Van Huffel (2017:26) het dit aan die lig gekom dat 'n mandaat aan die sendingsekretaris van die NGK gegee is om die betaling van subsidies aan predikante van EGKA wat die bevrydingsteologie aangehang het, te kanselleer. Plaatjies-Van Huffel (2017:27) is verder van mening dat die NGK deur finansiële manipulasie hul doelstellings in die EGKA bereik het.

Kritiese stemme het binne die EGKA begin opgegaan teen die politieke misbruik van die kerk, die nie nakoming van gereformeerde kerkregbeginsels. Die paternalisme van die NGK blyk byvoorbeeld uit die opgradering van evangeliste se status tot dié van bedienaars van die Woord sonder die korrekte kerkordelike prosedures (Plaatjies-Van Huffel, 2017:27). Volgens Plaatjies-Van-Huffel (2017:27) het die EGKA onder andere kritiek gehad teen die NGK se finansiële kontrole oor salarisse deurdat hulle byvoorbeeld die betaling van subsidies aan die EGKA gestaak het.

Plaatjies-Van Huffel (2017:27) wys verder op die NGK se inmenging by die EGKA se teologiese opleiding deur die sluiting van die Teologiese Skool in Orumana en die opening van die Windhoek Teologiese Kweekskool sonder die insette van die EGKA. Sy wys ook op die emosionele manipulasie van lidmate en predikante van die EGKA ten einde die besluite van die NGK in Namibië te kondoneer (Plaatjies-Van Huffel, 2017:27). Die EGKA was ook krities oor die paternalisme van die NGK deur hulle verdeel-en-reël-strategie (Plaatjies-Van Huffel, 2017:27). As voorbeeld hiervan wys sy op die etniese verdeling van die EGKA se vier streeksinodes by name: Ovambo, Kavango, Sentraal en Oos, sonder enige insette van die EGKA (Plaatjies-Van Huffel, 2017:27). Tjingaete het soos opgemerk: “ As een lid van die menslike liggaam ontbreek, kan daar nie in die ware sin van die woord van volmaaktheid gepraat word nie.

Inteendeel kan alleen van die mens as volmaakte skepsel gepraat word as hy in Jesus Christus is. Daarom het nie niemand enige reg om dit wat God heelgemaak het, saamgebind het, te skei nie. Die NGK in Namibië het die Belhar-belydenis afgemaak as “bevrydingsteologie” (Plaatjies-Van Huffel, 2017: 27, Lombard & Tjingaete, 1995:27, 29, 34-35). Die kritiese denkers in die EGKA het egter sterk beswaar gemaak teen enige vorm van kerklike apartheid en was van mening dat die kerklike hereniging en die Belhar-belydenis op die agenda van die tweejaarlikse konsultasies tussen die EGKA en die NGK in Namibië geplaas moes word ten einde ’n verskil te maak (Plaatjies-Van Huffel, 2017:27). Volgens Plaatjies-Van Huffel (2017:27) het laaste sodanige oorlegpleging tussen die NGK in Namibië en die EGKA op 10 Augustus 1994 plaasgevind (2017:27). Sy is verder van mening dat die konsultasie van 10 Augustus 1994 simbolies ’n kritieke draaipunt in die geskiedenis van EGKA verteenwoordig.

Die EGKA het tot die besef gekom dat al die voorstelle voortspruitend uit die konsultasie ten opsigte van die vestiging van eenheid op die plaaslike gemeentelike vlak in die NGK-familie bloot die status quo van afdeling langs rasse lyne bevestig (Plaatjies-Van Huffel, 2017:27, Lombard & Tjingaete, 1995:38). Tydens die Algemene Sinode van die

VGKSA, 2005 doen die Kuratorium van die streekssinode soos volg verslag: In die lig van die positiewe ontwikkeling betreffende die implementering van die Groep B.Th.-kursus saamgestel deur Paulinum, die Universiteit van Namibië, en die Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarium (NETS), rig die Kuratorium die volgende versoek aan die algemene sinode:

7.1 die Algemene Sinode dra by tot sy lys van instellings vir teologiese opleiding van die Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS) onder die volgende voorwaardes:

7.1.1 Dat die studente van die Verenigende Gereformeerde Kerk in NETS die groep B Th. volg, die inhoud moet in ooreenstemming wees met die algemeen goedgekeur riglyne deur die algemene sinode;

7.1.2 Dat die Universiteit van Namibië, as 'n goedgekeurde instansie sal bly vir teologiese opleiding volgens riglyne van die Algemene Sinode.

### **5.9. Heropening van "Turfloop Theological Seminary"**

In April 1999 het die Kuratorium van die Suid- en Noord-Transvaal Sinodes die bedryf van die Turfloop Teologiese kool opgeskort as gevolg van finansiële en dissiplinêre probleme. 'n Groep studente gebly op die Seminarium kampus by Turfloop, en sit hul studies voort deur die Universiteit van die Noorde (UNIN). Nog 'n groep gaan na Pretoria, om deur Unisa te studeer. UNIN sluit sy Fakulteit Teologie in Maart 2002 – nadat die inskrywing by ander universiteite reeds gesluit het – dit laat die Kuratorium met 'n krisis. In September 2002 word in 'n gedetailleerde voorstel aan die Sinodale Kommissies van Noord- en Suid- Transvaal Sinode, toestemming gevra om die seminarium te heropen en na Pretoria te verskuif. Die voorstel word goedgekeur.

Die naam van die teologiese skool word verander na Noord-Teologiese Seminarium (NTS) en is geleë in die middestad van Pretoria waar studente in die jeugherberg gehuisves word. Die teologiese fokus van die seminarium is om 'n Afrika- en gereformeerde etos onder VGK-studente en predikante te bevorder. Die seminarium het geen voltydse personeel nie, maar word bedryf deur vrywilligers. Dit bied nie enige formele kwalifikasie nie en word op informele wyse tydens drie kontak weke per jaar aangebied. 25 Voltydse en 36 deeltydse studente studeer hier. Die Kuratorium was bekommerd oor die moontlikheid dat die NTS beskou kan word as die opvolger van die voormalige Turfloop Teologiese Seminarium, wat nasionale erkenning geniet het, terwyl dit iets nuuts was. Die NTS was die amptelike noordelike opleidingsentrum vir die bedieningsvorming van VGKSA-predikante.

Daar was geen verskil in beginsel tussen die wyse waarop die Turfloop Kweekskool saam met die Universiteit van die Noorde gewerk het en die wyse waarop NTS sedertdien saam met Unisa en die UP werk nie. Die seminarium bestaan uit 'n groep teologiese studente (en dosente) wat saam as 'n studeer- leef-aanbid-en-dienende gemeenskap funksioneer waar die doel is om persoonlike, geestelike, pastorale en intellektuele vorming te integreer. Die

seminarium staan onder leiding van 'n bestuurkomitee en 'n verteenwoordigende studenteraad. Met betrekking tot die ouderdom van die teologiese studente het die Noord- en Suid-Transvaal sinodes soos volg gestipuleer: "Voltydse teologiese studente deur die kerk gesubsidieer vir hul studies en verblyf moet met hul studies begin voor die ouderdom van 40. Beide deelydse teologiese studente van die NTS wat deur die kerk vir slegs hul studies gesubsidieer word, sowel as volwasse studente wat ten volle vir hul eie studies betaal het, is aangeraai om seker te maak dat hulle met voltooiing van hul studies voor ouderdom 55 voldoen aan die vereistes van die algemene sinode. Sodoende sou hulle toegelaat word tot die VGKSA-pensioenfonds vir die minimum vereiste tydperk van 10 jaar (ouderdom 55-65). Die Kuratorium interpreteer die goedgekeurde kurrikulum deur die Algemene Sinode, 1997 soos volg: Studente doen die B.Th. aangebied deur Unisa, 'n BA (Hons) in Teologie aangebied aan die Universiteit van Pretoria en die finalejaar waaroor die Kuratorium uitsluitel gee. Die presiese besonderhede is soos volg:

#### 2.1 Voorgraadse studies

2.1.1 Unisa B.Th: Daar is 'n redelik wye keuse van "spore" (hoofvakke) en modules in die Unisa B.Th. Ons aanbeveling is dat 'n student wel die volgende doen:

2.1.1.1 Al die kernmodules (verpligte modules) op eerste vlak;

2.1.1.2 Vier "half-hoofvakke" in die vier teologiese spore (Skrifstudies, Teologie in Konteks, Gemeentelike Bediening, Gemeenskapsbediening in plaas daarvan.

2.1.1.3 Drie gevorderde vlak-modules uit ander dissiplines.

'n Student wat besluit om ander modules in die plek van bogenoemde te neem, mag by die NTS-bestuurskomitee om toestemming daarvoor aansoek doen, aan die hand van duidelik verwoorde redes. Wysiginge sal binne perke goedgekeur word. Meestersvlak-modules is aan die Universiteit van Pretoria aangebied. Die finalejaarstudent kies sy/haar vakke uit die M.Div. en MA. Teologie- grade op 'n blok-vrystellings basis, terwyl 9 maande van praktiese bedieningservaring onder toesig van 'n goedgekeurde mentor opgedoen word Proefpreek: Beide voltydse en deelydse studente moet tydens hul finale jaar 'n proefpreek in 'n VGK gemeente in die omgewing van Pretoria lewer. Studente inligting: In 2005 was die studentetalle soos volg: 62 studente verbonde aan die kweekskool. 26 (42%) voltydse en 36 (58%) deelydse, 14 (23%) is vroue en 48 (77%) mans, wat die volgende streeksinodes verteenwoordig:

|                       |    |
|-----------------------|----|
| Noord-Transvaal.      | 30 |
| Suid-Transvaal:.      | 15 |
| Vrystaat and Lesotho: | 15 |
| Kaap:                 | 2  |



- i. Aangesien die eerste fase van die studie deur Unisa aangebied word, was dit 'n verligting vir 'n Streeksinode soos Noord-Transvaal waarvan 30% gemeentes vakant is. Die seminarium reël drie kontak-weke jaarliks ten einde kontak met hierdie studente te versterk en ontvang jaarverslae van die kerkrade van die gemeentes waar hulle woon oor hul deelname aan die kerklike lewe.
- ii. Fondsinsameling: Die hooffokus van die fondsinsamelingspogings van die kuratorium is om verhoudings met gemeentes van die VGKSA te bou. 'n Jaarlikse fondsinsamelingsgeleentheid vind plaas, waaraan alle gemeentes en bedieninge van die twee Streeksinodes (Noordelike en Suidelike Transvaal) deelneem. As gevolg van die groeiende deelname van studente uit die sinodes van die Vrystaat en Lesotho is hul gemeentes ook genooi en 'n paar het daaraan deelgeneem.
- iii. Indiensopleiding (Evangeliste): Die groep van 10 evangeliste wat hierdie vyf jaar-program in 2001 begin het, is nou in hul finale jaar. Ds. D.C. Nicolai van die Protestantse Kerk in Nederland (PCN) het 'n sleutelrol in die begeleiding van hierdie groep studente gespeel deur middel van die kurrikulum (sien Addendum 4). Hierdie groep het vier kontakweke elke jaar vir die afgelope vyf jaar gehad. Een lid van die groep, M.J. Motetsane, is gelisensieer aan die einde van 2004, aangesien hy reeds twee jaar in-diens-opleiding gedoen het by onderskeidelik Lefika en Turfloop. Nog 'n student in dié program, S.W. Jonas, wat 'n B.Th-Honneursgraad en 21 jaar bedieningservaring in die VGKSA het, is in Januarie 2005 na die voltooiing van 'n intensiewe een-jaarprogram gelegitimeer.
- iv. Die leerplan wat vir dié groep aangebied is, is oorgeneem uit die kursus wat vroeër vir groepe evangeliste op Turfloop Teologiese Skool aangebied is. Vergelyk ook punt 10 hieronder. Die Kuratorium is destyds vanweë gebrek aan finansiële ondersteuning vanaf die ander streeksinodes en 'n tekort aan personeel genoop om die program te staak. Die terugkeer van ds. D.C. Nicolai Nederland toe nadat hy die werk in Suid-Afrika vir vier jaar gedoen het, het ook bygedra tot hierdie besluit. Hy het 'n belangrike rol gespeel in die opleiding die studente in hierdie program. Die meerderheid van die evangeliste in die destydse program was afkomstig uit die ander streeksinodes soos vroeër aangedui.
- v. Skakel met Teologiese Universiteit Kampen (ThUK): Die skakel wat bestaan tussen die Turfloop Teologiese Seminarium en die Teologiese Seminarium (nou Universiteit) van Kampen is in 2003 herbevestig. Vanaf 2004 het ThUK jaarliks 'n beurs vir een NTS student aangebied om vir een jaar die Meesters-program by Kampen te volg. Ander moontlikhede van samewerking word ondersoek.
- vi. Administratiewe knelpunte: 'n Aantal dokumente wat gerig was op die normalisering en regulering van die funksionering van die bedieningsvormingsproses is in die afgelope jaar opgestel. Dit is: a) die presiese kurrikulum vir studente wat die B.Th. by Unisa wou volg, die BA. Hons Teol by UP en die finale jaar;
- vii. 'n Reël ("reglement") vir die Plaaslike Kuratorium; en c) 'n gedragskode vir teologiese studente. As gevolg van die uitbreiding en kompleksiteit van die seminarium ontstaan daar dringend die behoefte aan 'n deeltydse administrateur vir die behartiging van die finansiële administrasie, skakeling met studente, reël van fondsinsamelingspogings asook besoeke aan gemeentes. Geld is met hierdie doel voor oë begroot.

#### **5.10. Teologiese opleidingsprogram vir die gehoorgestremde**

Gedurende 2011 het die Kuratorium van die Streeksinode Kaapland 'n skrywe van ds. Jan Oberholzer, hoof van die Deaf Christian Ministry Africa (DCMA), gedateer 7 Maart 2011 ontvang met betrekking tot die aansoek om goedkeuring van teologiese opleiding vir die gehoorgestremde (*Aansoek om goedkeuring van spesiale opleiding vir dowes gedateer 7 Maart 2011*). Die volgende voorstel is aan die VGKSA voorgelê vir goedkeuring:

- i. Dat die VGKSA erken dat daar volgens die jongste statistiek 453,104 gehoorgestremdes in RSA is waarvan die grootste aantal weens hul kommunikasiebehoefes nie deur gewone gemeentes/horende leraars bedien kan word nie;
- ii. Dat gehoorgestremde studente wat gebaretaal as moeder-/ eerstetaal beoefen en dus nie in enige horende taal opleiding kan ontvang nie, deur Deaf Christian Ministry Africa (DCMA) opgelei mag word.
- iii. Dat gehoorgestremde studente die 3 jaar-kurrikulum van DCMA en Veritas College International sal deurloop en dat die VGKSA self die finalejaar-kurrikulum sal bepaal om sodoende te verseker dat die student alle kennis bemeester het wat nodig is om as leraar in die VGK georden te word;
- iv. dat die VGKSA 'n persoon/leraar sal benoem om oor die studente en hulle opleiding en prakties toesig te hou;
- v. Dat die VGKSA gehoorgestremde studente wat aan al die akademiese, praktiese en teologiese vereistes soos uiteengesit deur die VGKSA voldoen, sal orden as leraars vir gehoorgestremdes;
- vi. Dat geordende leraars vir gehoorgestremdes in die VGKSA onderneem om slegs vir gehoorgestremdes te preek en gemeentes vir gehoorgestremdes te stig/bedien.
- vii. Ons versoek hiermee die VGKSA om die drie jaar-opleiding goed te keur, 'n finalejaar-kurrikulum te voorsien en dit vir Betty Wanza en studente wat na haar sal volg, moontlik te maak om binne die VGKSA gelegitimeer te word. Die DCMA het aan die VGKSA kennis gegee dat die eerste gehoorgestremde VGKSA-student, Betty Wanza, in haar tweede jaar was en graag 'n leraar in die VGK sou wou word. (Aansoek om goedkeuring van spesiale opleiding vir gehoorgestremdes, gedateer 7 Maart 2011.) Sy het in 2010 begin studeer. Kennis is gegee dat Betty Wanza in 2013 haar studies sou voltooi en gereed sou wees vir legitimasie in die VGK indien die VGK haar bevoeg sou vind. Betty is op 23 Februarie 1968 in die Oos-Kaap gebore. Die kursus, wat deur DCMA aangebied word, is gebou op die opleidingsmateriaal van Veritas College International. Die meeste van die materiaal word verskaf deur Veritas College Internasionaal (VCI) en moderering word ook deur hulle gedoen. Die kursus is geakkrediteer by die Wes-Australiese Akkreditasiesgesag.

Die kursus bevat ondergenoemde inhoud, wat oor drie jaar aangebied word.

- i. Inleiding en interpretasie van die Ou Testament.
- ii. Inleiding en interpretasie van die Nuwe Testament. Gekoppel aan of voortvloeiend uit die bogenoemde: Eksegese, Hermeneutiek, Homiletiek, Bybelse Leierskap, Ekklesiologie, Bybelse Waardes (familie en verhoudings) en Etiek.
- iii. Praktiese Teologie: Aanbied van Kleingroepe, Kinderbediening, Evangelisasie, Praktiese Bedieningsvaardighede, Kerkleierskap, Projekbestuur, Rentmeesterskap en Pastoraat

- iv. Missiologie
- v. Kerkgeskiedenis
- vi. Godsdienste van die wêreld
- vii. Gemeenskapsbetrokkenheid, HIV en VIGS, Dwelmmisbruik en alkoholisme, Lewensvaardighede, Sosiale opheffing (bv. groentetuinprojekte), Gedragsmodifikasieterapie
- viii. Kommunikasie
- ix. Rekenaarvaardigheid (*Aansoek ter goedkeuring van spesiale opleiding vir dowes gedateer 7 Maart 2011*).

Die DCMA het deurgegee in die skrywe dat die VGKSA self die inhoud van die finalejaar kon bepaal. Die DCMA het voorgestel dat vakke soos Kerkreg, Dogmatiek (insluitend die Belydenisskrifte), Erediens en Liturgie asook Kerkgeskiedenis insluitend praktiese werk deel kon vorm van die finalejaar-kursus. Praktiese werk: Die kursus is ontwerp om studente praktiese blootstelling aan gehoorgestremde-bediening te gee. Praktiese werk word binne die NGK Worcester, De la Bat (gemeente vir gehoorgestremdes) gedoen waar daar geleentheid is om met gehoorgestremdes van verskillende kulture, rasse, godsdienstagtergronde, ouderdomme en gestremdhede te werk. Alle praktiese werk geskied onder die toesig van die leraar van die gemeente of een van die dosente.

In die lig van die bogenoemde het die Nasionale Instituut vir Dowes die VGKSA versoek om die volgende voorstel aangaande spesiale teologiese opleiding vir gehoorgestremdes goed te keur:

- i. Dat die VGKSA erken dat volgens die nuutste statistieke 465000 dowes in RSA is waarvan die meeste weens hul kommunikasiebehoefte nie deur gewone gemeentes/horende leraars bedien kon word nie. Dat die gehoorgestremde student wat gebaretaal as moedertaal/eerstetaal beoefen en dus nie in enige horende taal opleiding kan ontvang nie, deur *Deaf Christian Ministry Africa* (DMCMA) opgelei mag word.
- ii. Dat 'n dowe student die 3 jaar-kurrikulum van DCMA En Veritas College International sal volg en dat die VGKSA self die finalejaar-kurrikulum sal bepaal om sodoende te verseker dat die student georden mag word.
- iii. Dat die VGKSA 'n persoon/leraar sal benoem om oor die student en hulle opleiding toesig te hou. Dat die VGKSA die dowe student wat aan al die akademiese, praktiese en teologiese vereistes soos uiteengesit deur die VGKSA voldoen, sal orden as leraars vir dowes.
- iv. Dat geordende leraars vir dowes in die VGKSA onderneem om slegs vir dowes te preek en gemeentes vir dowes te stig/bedien (*Aansoek om goedkeuring van spesiale opleiding vir dowes gedateer 7 Maart 2011*).

Aangesien die versoek buite die jurisdiksie van die streeksinode ressorteer, is die aangeleentheid verwys na die Algemene Sinode Bediening vir Teologiese Formasie. 'n Afvaardiging van dié kommissie het 'n afvaardiging van die DCMA, naamlik ds. Jan Oberholzer, me. Mia Lintvelt, asook die teologiese student, Betty

Wanza, gedurende 2012 ontmoet. (*Minutes of the General Synodical Commission* 2011:68). Die Algemene Sinodale Kuratorium het soos volg besluit:

- i. Beveel aan dat die Algemene Sinode in 2012 dit amptelik goedkeur dat die DCMA die hoër opvoedkundige vennoot vir die opleiding van dowe teologiese studente van die VGKSA word.
- ii. Versoek die kuratorium van die Streeksinode om te verseker dat die Belydenis van Belhar in die kurrikulum ingesluit word en om die nodige aansoekvorms aan Betty Wanza en die DCMA te verskaf en die nodige goedkeuring van haar kerkraad en ring te bekom sodat sy amptelik as teologiese student aanvaar kan word.
- iii. Die Gebiedsinode, Kaapland moet ook 'n VGKSA-predikant as mentor vir die dowe studente aanstel om met die DCMA saam te werk en om die finalejaar-kurrikulum vir dié studente te ontwikkel. Ds. Freddie Ayford (VGK-Hugenoot-Paarl) is as mentor vir Betty Wanza aangewys.
- iv. Versoek dr. Dawid Kuyler om die aansoek om 'n beurs van die WCRC as 'n laat aansoek vir Betty Wanza te teken.
- v. Versoek die VGKSA om te erken dat die RSA 465000 hardhorende mense het van wie die meeste nie kan kommunikeer nie. VGKSA-studente wat hulle studies by die DMCA voltooi, sal gelegitimeer word (*Minutes of the General Synodical Commission* 7 Maart 2011:69).

Die finale jaar-kurrikulum is gesamentlik deur die VGKSA en DCMA ontwerp. Betty Wanza sou ook voor lisensiering voor die assesseringskommissie verskyn. Die Kuratorium van die streeksinode ontvang opdrag om, in samewerking met die DCMA, die inhoud van die finalejaar-kurrikulum te ontwikkel en goed te keur. Die ASK gee aan die Kuratoria opdrag om die proses waarvolgens persone met gehoorgestremdhede vir die bediening voorberei kan word en die vereistes vir ordening aan die VGKSA te verduidelik en om verslag en aanbevelings daaromtrent aan die eersvolgende Algemene Sinode voor te lê.

Op die Algemene Sinode, 2012 het die Bediening vir Teologiese Formasie Kommissie van die algemene sinode van die VGKSA verslag gedoen betreffende die evaluering van die teologiese program wat deur die DCMA voorgestel is asook die eerste teologiese student. Betty Wanza, wat begeer het om in die VGKSA gelegitimeer te word (*GSC minutes, Sept. 2011, 5.4.1; GSC minutes, Sept. 2011, p.70*). Die Kuratorium van die Streeksinode Kaapland is versoek om 'n volledige motivering te bied, betreffende die erkenning van die DCMA Teologiese Formasiesentrum van die VGKSA met betrekking tot teologiese opleiding aan die dowe kandidate.

Die Algemene Sinode van die VGKSA se besluit lees soos volg:

- i. Notes that the estimated number of people in South Africa using South African Sign Language (SASL) is between 500,000 and 600,000 (<http://deafness.about.com>);

- ii. Approves DCMA as the official higher educational partner for the training of deaf ministry students of URCSA;
- iii. Approves the principle that URCSA students who complete their studies at DCMA will be licensed and ordained as ministers of the church to build up deaf-community churches;
- iv. Mandates the Cape MFTT to appoint a URCSA minister as mentor for deaf students;
- v. Mandates the Cape MFTT to collaborate with DCMA to develop a final year curriculum for deaf ministry students of the URCSA.

Die Kuratorium van die Streeksinode, Kaapland versoek Dr. M.A. Plaatjies-Van Huffel om die bestaande lisensiaat vir gehoorgestremdes van die DMCA te evalueer met verslag aan die Kuratorium. Die kuratorium verleen goedkeuring tot die aanbidding van die volgende bestaande modules van die DMSA aan die VGKSA gehoorgestremde teologiese studente:

- i. Gemeentebediening & Administrasie
- ii. Missiologie
- iii. Kerk en Gemeenskapsbetrokkenheid
- iv. Pastorale Bediening
- v. Erediens & Kommunikasie
- vi. Sistematiese Teologie
- vii. Gereformeerde Kerkgeskiedenis

Die aanbeveling dat die Kerkreg-module aangepas moes word om by die VGKSA se kerkregtelike konteks te pas, is ook goedgekeur. Prof. Plaatjies-Van Huffel is deur die Kuratorium versoek om 'n module vir die aanbidding van Kerkreg en Vergaderings en Prosedures vir die gehoorgestemde VGKSA-studente wat teologie aan die DMCA studeer, te ontwikkel. Sy het 'n kurrikulum ontwikkel gebaseer op die M.Div.-module wat by Fakulteit Teologie gedoseer word. Die Kuratorium van die streeksinode het dié module, goedgekeur. Die Kuratorium van die Streeksinode, Kaapland het 'n voorlegging aan die ASK, 2013 gedoen waardeur hulle daarop wys dat teologiese kandidaat Betty Wanza die teologie-kursus asook die lisensiaatjaar vir dowe aangebied by die DFSA met sukses voltooi het. Die Algemene Sinodale Kommissie, 2013 se besluit in dié verband lui soos volg:

- i. GSC confirms the decision passed at General Synod, 2012 about the need for ministers to serve the hearing impaired communities.
- ii. GSC takes cognisance of the request of the Cape Regional Synod MFTT to license Betty Wanza at their next licensing ceremony scheduled for 24 November 2013;
- iii. GSC reiterates that ministers are called by God to spread the Good News;
- iv. GSC confirms our own inability to accommodate hearing impaired ministerial students into our current ministerial formation centres.
- v. GSC endorses the Curriculum of DCMA as sufficient in meeting the minimum standards for entrance to the ministry.
- vi. GSC affirms that URCSA does not have a concept of licensing with "limited competence" ("beperkte bevoegdheid") like the DRC, and that a hearing impaired person who is licensed on the basis of the DCMA curriculum can minister to all members of URCSA, like any other URCSA minister.

Die beleid van die NGK het bepaal dat persone wat die teologiese opleiding by DFSA voltooi het met beperkte bevoegdheid gelegitimeer word, dit wil sê, gelegitimeer met die oog daarop om slegs gehoorgestremdes te bedien. Gebaseer op die Belhar Belydenis besluit die Algemene Sinode om nie sodanige teologie-studente se bediening te beperk tot gehoorgestremdes nie. Hierdie besluit van die Algemene Sinode van die VGKSA dui daarop dat die legitimasië van teologie-studente met opleiding gefokus op gehoorgestremdes ewekansig as dié van ander teologie-studente beskou word.

Teologiese kandidaat, Betty Wanza lewer op 22 September 2013 onder groot belangstelling haar proefpreek in De la Bat gemeente, Worcester en word op 24 November 2013 met volle status as proponent van die VGKSA gelegitimeer (Sien Bylaag 19 *Verlag van die Eksamenkommissie t.o.v. Bettie Wanza*). (Bylaag 20 *Verlag van ds. Freddie Ayford aan die Eindeksamenkommissie t.o.v. teologiese kandidaat Betty Wanza*, Op 24 Junie 2017 word proponent Betty Wanza as medeleraar van die VGKSA, Worcester-Suid bevestig. Die Kuratorium van Streeksinode, Kaapland spreek in 'n skrywe hul dank soos volg uit teenoor die kerkraad ...“wat gelei deur die Heilige Gees teologiese kandidaat Betty Wanza na u gemeente beroep het. Met die historiese bevestiging van teologiese kandidaat Betty Wanza word sy die heel eerste persoon met gestremdheid wat in die VGKSA as predikant met volle status bevestig word. Aan die God al die eer. Inderdaad dis 'n mylpaal wat ons alleen deur God se genade bereik het.” (Skrywe gedateer, 21 Junie 2017).

Verder het die kuratorium van Streeksinode, Kaapland hul dank teenoor Prof. M.A. Plaatjies-Van Huffel uitgespreek vir haar betrokkenheid by die opstel van die kurrikulum in lyn met die M.Div.-program wat dowe teologie-studente van die VGKSA by die DCMA kan volg, ds Freddie Ayford vir tolkdienste verleen, die Algemene Sinode vir die goedkeuring dat gehoorgestremde teologiese kandidate met volle status in die VGKSA bevestig kan word, DCMA vir kwaliteit teologiese opleiding aan gehoorgestremdes gebied en veral aan ds .Jan Oberholzer vir sy deernisvolle onderhandelings vir etlike jare met die VGKSA insake die goedkeuring van teologiese opleiding by DCMA asook die proefpreek van teologiese kandidaat Betty Wanza. Die Here het groot dinge aan ons gedoen” (Skrywe gedateer, 21 Junie 2017).

## **5.11. Verskuiwing van die Teologiese Skool van die VGKSA na die Universiteit van Stellenbosch**

### **5.11.1 Proses van rasionalisasië**

Die Algemene Sinode van die VGKSA, 1994 besluit dat UWK een van die plekke sou wees waar hul predikante opgelei word. Die Stigtingsinode steun die besluit van die



tussentydse Kuratorium om nie die verkoop van die Teologiese Skool te oorweeg nie en versoek die tussentydse Kuratorium om die finansieringsooreenkoms met UWK op so 'n wyse aan te gaan dat die kerk in die mees ekonomies-effektiewe posisie moontlike geplaas word (*VGKSA Skema van werksaamhede* T/L2 op bladsy T/16). Prof. J.J.F. Durand wys by twee agtereenvolgende Kuratorium -vergaderings daarop dat die UWK bereid sou wees om R4000 000,00 vir die eiendom te betaal indien die kuratorium dit sou oorweeg om dit aan die UWK te verkoop (Sien Bylaag 9 *Teologiese Skool Gebouekompleks Onderhandelinge VGK en UWK Memorandum vir voorlegging aan Sinodale Kommissie 4-6 Februarie 1997*). Die kuratorium reageer egter nie op die aanbod nie. Die gebouekompleks is uiteindelik in 1997 vir die bedrag van R3 360 000,00 aan UWK verkoop. Verder het die Sinode ook besluit:

Die professionele opleiding van die Teologiese Skool vir die hoogste akademiese standaarde en gehalte van onderrig en leer vertoon; wil betrokke wees in die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele kontekste van gemeentes in belang van publieke teologie, wil geloofwaardige ekumeniese getuienis, studie en samewerking beoefen; wil die gereformeerde tradisie bevorder; en wil kandidate voorberei vir die bediening in plaaslike gemeentes, in die breër gemeenskap en vir die vasteland van Afrika (*Beginsels van Teologiese Opleiding* 1994: 181 – 182)( Sien Bylaag 6)

In September 1998 het die Universiteit van Wes-Kaapland weens 'n proses van rasionalisasie 51 dosente van die Universiteit, insluitende ses dosente van die VGKSA se dienskontrakte beëindig. UWK het eensydig die dienskontrakte van 6 dosente ingeslote drie kerklike dosente, te wete Proff. P.J.J.S. Els, J.C. Adonis en P.J. Robinson se dienskontrakte is opgeskort. Prof. J.C. Adonis, een van die drie kerklike dosente wie se pos deur die kontrak gewaarborg moes wees en waartoe die VGKSA jaarliks 'n finansiële bydrae gelewer het, is ook afgedank (Hartney in *Die Ligdraer*, 1999:1).

Die kuratorium het die optrede as kontrakbreuk beskou aangesien die kuratorium sedert 1973 'n ooreenkoms in dié verband met die UWK gehad het. In reaksie op 'n voordrag van Prof. G.D. Cloete, aan die VGKSA Streeksinode Kaapland, 1998 getiteld: *Verslag van die Toekoms van die Fakulteit aan die Fakulteit aan die Universiteit van Wes-Kaapland* het dié sinode dit aan die Kuratorium van Wes-Kaapland opgedra “om volgens die ooreenkoms met die Universiteit (a) die belange van sy studente en dosente te beskerm, en (b) die beste moontlike teologiese opleiding vir toekomstige predikante te verseker. Dit sluit ook in om ander opsies te oorweeg indien laasgenoemde nie meer moontlik is by UWK met die huidige voorgestelde strukture en inhoud nie” (Hartney in *Die Ligdraer*, 1999:1). Volgens Hartney het die Kuratorium in gesprekke met die UWK se rektorat en in skriftelike verhoë tot die Raad probeer om die kontraktuele ooreenkoms tussen die UWK en die NGSK te handhaaf (Sien Bylaag 3 *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die NGSK*). Uit

reaksie van die rektorat en die raad het dit geblyk dat geen poging om die integriteit van die kontrak te herstel, sou slaag nie. Op 18 Junie 1999 het die rektor van UWK die dagbestuur van die kuratorium meegedeel dat die Raad finaal besluit het dat:

- i. die fakulteit op 31 Desember 1999 sou ophou bestaan (die kontrak vereis die bestaan van 'n fakulteit);
- ii. die programme soos deur die sinode goedgekeur nie meer in die Departement Lettere aangebied sou word nie;
- iii. die streeksamewerking wat die regeringsbeleid vereis, duplisering tussen nabygeleë universiteite uitsluit en
- iv. geen nuwe B.Th.-studente vanaf 1 Januarie 2000 by UWK geregistreer sal word nie. (Hartney in *Die Ligdraer*, 1999:1).

Die Kuratorium het dié handeling van die UWK as kontrakbreuk beskou. Die UWK het eensydig bepalinge van die *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium* opgehef. Die *Ooreenkoms* het onder andere bepaal dat die *Ooreenkoms* soos volg gewysig of opgeskort kon word:

#### **Wysiging en Opsegging van Ooreenkoms**

5.1 Hierdie ooreenkoms kan van tyd **tot tyd** met toestemming van albei partye skriftelik gewysig word.

5.2 Beide partye behou die reg om hierdie ooreenkoms na wedersydse kennisgewing van vyf kalenderjare te beëindig. (Sien Bylaag 3 *Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die NGSK*)

In die *Ligdraer*, Amptelike Nuusblad van die VGKSA, jaargang 60, nommer 7,14 November 1999, het die voorsitter van die Kuratorium, Drs. JNM Hartney in 'n artikel met titel: Beëindiging van die kontrak vir die Kerk 'veel pynliker as vir UWK'<sup>13</sup> reageer op die opmerkings van Prof. Peter Vale, vice-Rektor van UWK soos volg:

“Dit is die Kuratorium se verantwoordelikheid om te waak oor die gehalte en die inhoud van die teologiese opleiding van die Kerk se predikante. Vanweë verskeie ontwikkelings oor, die afgelope twee jaar moes die Kuratorium telkens met groot versigtigheid vra of die opleidingsbehoefte soos vereis deur die Kerk aan die UWK bevredigend vervul word. Na die afdanking van ses dosente aan die Teologiese Fakulteit (September 1998), insluitende vier lidmate van die VGK waaronder alle dosente in kerkgeskiedenis, kerkreg en Grieks en insluitende Prof JC Adonis, een van die drie kerklike dosente wie se pos deur die kontrak gewaarborg moes wees en waartoe die VGK jaarliks 'n finansiële bydrae maak, was dit duidelik dat dit onder die omstandighede nie langer sou kon gebeur nie” (Sien bylaag 10 *Beëindiging van die kontrak vir die kerk*).

In reaksie op 'n voordrag van Prof G.D. Cloete, getiteld: “Verslag van die Toekoms van die Fakulteit aan die Fakulteit aan die Universiteit van Wes-Kaapland”. Het die Sinode (nog in September 1998) aan die Kuratorium, Kaapland opgedra “om volgens die ooreenkoms met die Universiteit (a) die belange van sy studente en dosente te beskerm, en (b) die beste moontlike teologiese opleiding vir die toekomstige predikante te verseker. Dit sluit ook in om

<sup>13</sup> In die *Ligdraer*, Amptelike Nuusblad van die VGKSA, jaargang 60, nommer 7,14 November 1999, het die voorsitter van die Kuratorium, drs. JNM Hartney in 'n artikel met titel: Beëindiging van die kontrak vir die kerk.

ander opsies te oorweeg indien laasgenoemde nie meer moontlik is by UWK met die huidige voorgestelde strukture en inhoud nie". Om uitvoering te gee aan hierdie besluit het die Kuratorium probeer om in gesprekke met die UWK se rektorat en in skriftelike verhoë tot die raad die kontrak te handhaaf.

Uit reaksie van die Rektorat en die Raad het dit algaande duidelik geword dat geen poging om die integriteit van die kontrak te herstel sou slaag nie. Op 18 Junie 1999 het die rektor van UWK die dagbestuur van die Kuratorium meegedeel dat die raad finaal besluit het dat (a) die fakulteit sou ophou bestaan op 31 Desember 1999 (die kontrak vereis die bestaan van 'n fakulteit); (b) die programme soos deur die Sinode goedgekeur nie meer in die Departement binne Lettere aangebied sal word nie; (c) die streeksamewerking wat die wat die regeringsbeleid vereis duplisering tussen nabygeleë Universiteite uitsluit en (d) geen nuwe BTh-studente vanaf 1 Januarie 2000 by UWK geregistreer sal word nie.

Na die beëindiging van die ooreenkoms sal die VGK geen verdere finansiële verantwoordelikhede met betrekking tot personeel hê nie". In die lig van hierdie verwikkelinge moes die Kuratorium poog om uitvoering te gee aan die opdrag van die Sinode. 'n Ongelukkige voorstel van die rektorat dat die Kerk en die Universiteit met die beëindiging van die kontak 'n fees reël, is deur die Kuratorium van die hand gewys.

Die Kuratorium verseker Prof. Vale dat die beëindiging van die kontrak van ons 'n nog veel pynliker ervaring is na sewentig jaar se intense verhouding en 'n trotse gemeenskaplike geskiedenis. Die Kuratorium het egter geen ander opdrag of keuse nie as om die beste belang van die studente en die teologiese opleiding van die Kerk te dien. Die rektor van UWK, Prof. Vale het 'n universitêre kommissie aangestel om die oorgangsmatreëls vir die beëindiging van die ooreenkoms tussen die kerk en die universiteit teen 31 Desember 1999 daar te stel. Die dokument, opgestel deur die universitêre kommissie gedateer 29 Junie 1999, wat hieraan uitvoering gee, lui onder andere:

1. Die volgende reëlings word deur die Universiteit voorgestel:
2. Die B.Th.- en die BD.-kursusse word uitgefaseer. Geen nuwe studente sal ingeskryf word vanaf 2000 nie, maar die Universiteit onderneem om die nodige modules vir huidige ingeskrewe studente te bly aanbied.
3. Formele beëindiging van die ooreenkoms:
  - 3.3.1. Die Universiteit is bereid om van die vyf jaar-kennisgewingstydperk wat deur die kontrak bepaal word, afstand te doen en stel beëindiging van die kontrak op 31 Desember 1999 voor.
  - 3.3.2. Vir 1999 eis die Universiteit slegs twee derdes van die VGK se finansiële bydrae (in die lig van prof. Adonis se afdanking).  
Na die beëindiging van die ooreenkoms sal die VGK geen verdere finansiële verantwoordelikhede met betrekking tot personeel hê nie." ( Sien bylaag 10 *Beëindiging van die kontrak vir die kerk*).

### **5.11.2. Prof G.D. Cloete se response op verskuiwing na Stellenbosch**

Prof. G.D. Cloete het in September 1999 'n lang skrywe aan die Kuratorium gerig (Sien Bylaag 13) waarin hy punt vir punt teenargumente aangetoon het as respons met betrekking tot die besluit om die VGKSA Kaapland se teologiese opleiding aan die UWK na die Universiteit van Stellenbosch te skuif (*Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*). Prof. Cloete het die mening uitgespreek dat die besluit om die teologiese opleiding na Universiteit van Stellenbosch te verskuif prematuur was. Volgens Prof. Cloete het die VGKSA in geen onduidelike taal, haar misnoeë ten opsigte van die rasionaliseringsproses van UWK uitgespreek nie.

Prof. Cloete was verder van mening dat die ooreenkoms tussen UWK en die VGKSA deur die rasionaliseringsproses in die gedrang gekom het. Prof. Cloete konstateer verder dat die Kuratorium in haar onderhandelinge met die Universiteit van Stellenbosch ooreengekom dat die ooreenkoms tussen UWK en die VGKSA opgehef word. Prof. Cloete argumenteer verder dat die besluit om die teologiese opleiding aan die UWK te beëindig omdat die opleiding aan die UWK nie meer voldoen aan die vereistes wat die kerk stel vir sy predikante nie ondenkbaar is (*Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*). Prof. Cloete konstateer verder dat UWK se waarskynlik bedoeling dat, met die afskaffing van die BTh – graad deur die Fakulteit, die kursusse wat die kerk se opleiding uitmaak, nie meer aangebied sou word nie en aangesien dit by Stellenbosch wel aangebied word, het die Kuratorium geoordeel die skuif te moet maak. Hy was van mening dat die besluit oorhaastig geneem is en die hele aangeleentheid nie goed deurdag was nie (Bylaag13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*). Uit al hierdie gesprekke was vir hom die belangrike gebeurtenis die besluit van die Kuratorium, VGKSA om die Teologiese opleiding by die UWK weg te neem en na die US te verskuif (Bylaag 13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*).

Prof. Cloete was verder van mening dat met al die diskussie het hy voorgestel dat die hele aangeleentheid binne die raamwerk van die gekonsolideerde aanbod in die Wes-Kaap bekyk moes word. Die konsep van die gekonsolideerde aanbod was ter sprake gebring by een van die gesamentlike diskussies met Stellenbosch en UWK deur Prof. B.C. Lategan. Die basiese idee hieragter was om die godsdienst en teologiese aanbod binne die Wes-Kaap te konsolideer omdat die nuwe onderwyswet nie baie gunstig vir die akademiese studie van

godsdien en teologie was nie en daar alreeds by al drie Universiteite 'n afname in studentegetalle was. Prof. Cloete konstateer dat hy sy hoop gevestig het op die konsep van die gekonsolideerde aanbod. Tog het Prof. geoordeel dat die aksent in teologie eerder op streeksamewerking gelê moes gewees het. Wat volgens hom saam hang die vraag of die skuif die proses van eenwording met die NGK kan bevorder. Hy was ook van mening dat die bevordering van die eenheid in ons eie geleedere (VGKSA) voorlopig vir ons 'n prioriteit moet wees.

In elk geval sou dit beter gewees het om so 'n besluit te laat wag tot die rapport oor teologiese opleiding binne die VGKSA voorgelê was. UWK was tot dusver ten minste die vaste punt. 'n Verdere onsekerheid was die teologiese opleiding van die NGK self. Dit was volgens Prof. Cloete natuurlik nie ondenkbaar nie dat die NGK vanweë haar monopolie op teologiese fakulteite ook genoodsaak word om haar teologiese opleiding op een punt te moet konsentreer. Prof. Cloete vra 'n retoriese vraag: “En wat gebeur as die punt Pretoria word?” (Bylaag 13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*).

Prof. Cloete argumenteer verder dat daar ook sentimentele redes is:

- i. “Die Fakulteit Teologie het in die byna 30 jaar van verbondenheid aan die UWK 'n besondere bydrae gelewer aan die transformasie van die Universiteit en dus aan die land. Hierin staan die VGKSA se bydrae uit in terme van sy leierskap onder studente en dosente, die gehalte van sy akademiese werk, sy internasionale kontakte en erkenning, ens. Kan ons, byvoorbeeld, die ontstaan van die Belydenis van Belhar, 1986, werklik losmaak van die VGK se verbondenheid aan die UWK? Of die bevordering van vroue tot die amp, om maar twee aspekte te noem? Vir die VGK om binne bestek van 'n paar maande sy relasie met die UWK so summier te verbreek, is vir my te vinnig om te verwerk gesien hierdie geskiedenis.
- ii. Vir my is die VGK die UWK en die UWK die VGK. Ek begryp dat die VGK diep ongelukkig is met die wyse waarop dit behandel is, maar ons kon seker ook 'n bietjie meer relativerend na dinge gekyk het. Daarby sou ons ook nog tyd kon gekoop het om te kyk of die situasie by UWK nie ons ten goede kan draai binne afsienbare tyd nie. Alles is tans nog vloeibaar en ons kan dalk spoedig weer 'n rede by Stellenbosch vind wat ons ongelukkig maak. Ek glo dat 'n kritiese solidariteit ten opsigte van die UWK op hierdie stadium gepas is, d.w.s., ek kritiseer juis omdat ek lojaal is en wil wees. Daarby kom dat ek na 20 jaar by UWK dit moeilik sal vind om skielik 'n nuwe loyaliteit te ontwikkel, Ek is seker dat ook Stellenboschers, as dit van hulle gevra sou word, nie anders sou doen nie.” (Bylaag 13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*).

Volgens Prof. Cloete was die uitgangspunte vir so 'n gekonsolideerde aanbod sal die volgende kan wees:

- i. Daar moet optimaal na gestreef word om as universiteite en fakulteite saam te werk en moet so 'n gees weerspieël.

- ii. Die behoeftes van die kerke betrokke moet ontmoet word.
- iii. Dit moet prakties en implementeerbaar wees en onnodige duplisering uitskakel.
- iv. Dit moet koste-effektief wees.
- v. Dit moet al die benaderinge van die akademiese studie van godsdiens en teologie in ag neem.
- vi. Dit moet die voortbestaan van godsdiens en teologie by al drie universiteite soek en verseker.
- vii. Dit moet die deskundigheid van die doserende personeel met mekaar deel.
- viii. Dit moet die geskiedenis van die studie van godsdiens en teologie by die institute in ag neem.
- ix. Dit moet die studente en dosente aan die verskillende etos (leefwêreld) van die institute blootstel, ens. (Bylaag 13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*).

Prof. Cloete het aan die Kuratorium soos volg voorgestel:

“ My voorstel sou kortliks daarop neergekom het dat die BTh - graad by UWK behou moet word, maar dat ons dit wat die BD - graad dek, by US afhandel. Die VGK studente kan dus nog steeds hulle eerste vier jaar by UWK deurbring, maar vir hulle afrondingsjare na Stellenbosch gaan. By UWK is dit eintlik alleen maar die VGK studente wat dit volg. Verder sou daar op grond van ons behoeftes, deskundigheid, ens. aan beide kante, onderhandel kon word om die beide leerplanne uit te voer op 'n koste-effektiewe manier. Dit sou kon inhou die uitruil van studente en/of dosente waardeur ook Stellenbosch blootgestel word aan 'n Derde Wêreld en UWK aan 'n Eerste Wêreld konteks. Dit sou die verplasing van dosente tot die minimum kan beperk (Bylaag 13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*).

### 5.11.3. Verskuiwing na Universiteit Stellenbosch 1998-2000

Hartney se interpretasie van UWK se besluit was dat dit in wese daarop neerkom dat die opleiding van leraars by UWK gestaak is. Die kuratorium moes inderhaas 'n nuwe plek vir die opleiding van leraars van die VGKSA vind. Na vele oorwegings is besluit op die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch (*Hartney NGTT Deel 51 Supplementum Teologie 150+ 2010:118*). Volgens Hartney het die skuif van die teologiese opleiding van die VGKSA vanaf die UWK na die Universiteit Stellenbosch sou die beoefening van teologie aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch ingrypend verander. Hartney maak die volgende stellingname: “ Na die val van Apartheid en die uiteindelijke "oopmaak van die deure van geleerdheid” (uit Vryheidsmanifes oorgeneem) vir alle burgers van die land, sou vanaf 2000, met die eeuwisseling, die opleiding van leraars saam met dié van die Universiteit van Stellenbosch by een en dieselfde plek wees. Uiteindelik sou al die verskillende strominge nou saamvloei in 'n groterwordende stroom” (Hartney 2010:118).

Hartney stel dit duidelik dat die kuratorium van die VGKSA Streekssinode, Kaapland ander opsies oorweeg het met ander woorde om alle universiteite waar die teologiese opleiding voortgesit kon word as “nasionale bates” te nader. (2010:118). Die gevolg van die rasionaliseringsproses by UWK was dat die verkleinde Fakulteit Godsdiens en Teologie nie langer as onafhanklike fakulteit sou kon voortbestaan nie, maar voortaan onder Departement



Lettere sou funksioneer. Prof. Cloete was van mening dat daar eerder met die Universiteit van Stellenbosch saamgewerk moes word, as om as Teologiese Skool daarheen te verskuif (Sien Bylaag 13 *Skrywe van Prof. G.D. Cloete rakende die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch*).

Tydens die Streeksinode Kaapland, September 1998 is soos volg besluit:

- i. Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade en lidmate om ons studente in die teologie en veral proponente met spesiale verwysing na vroue-proponente hartlik te ondersteun deur voorbidding en gawes.
- ii. Die Sinode gee opdrag aan die kuratorium om weer eens te kyk na die opleidingsaspek van studente insake die kerkleer en algemene regsleer.<sup>14</sup>
- iii. Die sinode versoek die kuratorium om deur die kerk se regverteerwoordigers die moontlikheid van regsbenadeling van die VGK in die afdankings by die Fakulteit Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland te ondersoek.
- iv. Die sinode is van oordeel dat die huidige beklemtoning van natuurwetenskaplike opleiding ten koste van onderrig in die sosiale wetenskappe, insluitende teologie, 'n ernstige gevaar vir die toekoms van die gemeenskapslewe in Suid-Afrika inhou.
- v. Die Sinode besluit om sover moontlik en steeds biddend die taak van die kerk ten opsigte van die teologiese opleiding te midde van die agtergeblewe gemeenskappe en historiese swart universiteite te handhaaf en te versterk. Die kerk se opleiding moes ten alle tye binne die konteks en konflik van die arm gemeenskappe geskied.
- vi. Die Sinode wens die persone wat in die reses gepromoveer het met magister en doktorsale studies geluk met hul prestasies, en spreek die hoop uit dat hulle sal voortgaan om 'n positiewe bydrae te lewer met betrekking tot die teologiese vorming en denkrigting binne die kerk.
- vii. Die sinode spreek sy opregte waardering uit teenoor alle dosente vir hul toegewydheid met betrekking tot die voorbereiding van studente vir die bediening.
- viii. Die sinode versoek die kuratorium om aandag daaraan te gee dat:
  - a) Die saak van die kerk se bediening in die arbeidslewe toegespitste aandag in die opleiding van teologiese studente geniet, en
  - b) Die sentra vir die voortgesette teologiese opleiding meewerk in die organiseer van werksessies en kursusse sodat die saak van die bediening in die arbeidslewe onder die aandag van die kerk kan bly.
  - c) Arbeidsbediening se navorsingskomponent by wyse van voortgaande studie seker te maak dat die Kerk op hoogte bly van die veranderende arbeidswêreld ten einde kundig betrokke te kan bly.

Die Sinode:

- a) Neem kennis van die ontwikkelinge van die UWK in dié mate waarin dit die opleiding van sy studente aan die Fakulteit Godsdiens en Teologie raak.
- b) Gee sy kuratorium (Kaapland) opdrag om binne die raamwerk van die Algemene Sinode se opdrag aan die Algemene Sinode se Kuratorium met die Universiteit hieroor te onderhandel om met die Universiteit (a) die belange van sy studente en sy dosente te beskerm en (b) die beste

<sup>14</sup>Slegs drie predikante en een kerkraad, te wete ds. S. Haai en die kerkraad van Montagu, ds. M.A. Plaatjies-Van Huffel (Robertson-Oos VGKSA) en ds. C.P. du Toit (Wagenmakersvallei VGKSA) het beswaar gemaak teen die verkoop van die Teologiese Skool-geboue by UWK. Die res in die Streeksinode Kaapland van 1998 het stilswygend hul goedkeuring aan die belangrike saak verleen (*SK notule* 4-5 Februarie 1997).

- moontlike teologiese opleiding vir sy toekomstige predikante te verseker.
- c) Besluit om die huidige voorgestelde programme vir die opleiding aan te beveel.
  - d) Onderneem om deur prediking en gebed tot die Here van die oes baie tot die oortuiging te bring om hulle tot beskikking van die werk van dié in die voltydse bediening te stel veral in die krisistye wat ons kerk, land en wêreld tans beleef. (*Besluiteregister VGKSA Kaapland*, September 1998).

Dit sluit ook in om ander opsies te oorweeg indien bovermelde nie meer moontlik is by UWK met die huidige voorgestelde struktuur en inhoud nie (Hartney, 2010:118). In die lig hiervan reageer die sinode soos volg:

- i. Die sinode betuig sy meelewing met al die persone en hulle families wat hierdeur geraak is.
- ii. Die sinode spreek sy skok en teleurstelling uit met die wyse waarop hierdie oënskynlik noodsaaklike rasionalisering deur die UWK geïmplementeer is;
- iii. Die sinode betreur die wyse waarop die gees van die jarelange ooreenkoms en die goeie trou tussen die VGKSA en die UWK deur hierdie optrede van die bestuur en die raad van die universiteit nou in gedrang gekom het;
- iv. Die sinode gee opdrag aan die kuratorium (Kaapland) om dringend hierdie verwickelinge te onderhandel en weë te ondersoek en ooreenkomste te beding ten einde die integriteit van die volle opleiding (dosente, studente, kerklike toesig) te verseker en te vestig.
- v. Die sinode betuig verder sy solidariteit met die Congregational Kerk wat hierdeur sy enigste dosent en kapelaan, dr. R. Petersen, verloor.
- vi. Die sinode versoek die moderatuur om in samewerking met leiers van ander kerke die belange van teologiese opleiding en morele vorming in hierdie krisistye finansieel en andersins te bevorder.
- vii. Die sinode verseker alle studente dat die VGKSA in samewerking met ander rolspelers alles in haar vermoë sal doen om hulle belange te beskerm (*Besluiteregister VGKSA Kaapland*, September 1998).

Hartney wys daarop dat die volgende faktore 'n beduidende rol in die verskuiwing na US gespeel het:

- i. Die rasionalisasieproses van hoër onderwys deur die staat.
- ii. Teologiese opleiding het wêreldwyd in 'n stroomversnelling gekom.
- iii. Die kostefaktore wat teen 'n eie seminarium getel het.
- iv. Die belang van standaarde in die opleiding wat nie in die gedrang gebring moes word nie, en ten alle tye vermy moes word. (Hartney, 2010:118).

Hy is van mening dat die skuif na Universiteit Stellenbosch voordeel vir die VGKSA se teologiese skool asook vir die Universiteit van Stellenbosch inhou:

- i. 'n Ryke verskeidenheid van agtergronde, tradisies, tale – die taalmedium in die klasse sou o.a. uitvloeisel hiervan wees – asook kulture, gesamentlike gebede en aanbidding en denominasionele verskuiwings.
- ii. Inklusiwiteit op velerlei gebiede.
- iii. Die Belydenis van Belhar word opnuut en op 'n ander wyse op die tafel geplaas, en die geestelike, teologiese en kerklike tradisies wat dit verteenwoordig.
- iv. Verbreding van teologiese denke waaronder bv. bevrydingsteologie 'n nuwe dimensie sou verkry

- v. Verskeidenheid van bydraes tot die akademiese-teologie, bv. geïntegreerde teologie, spiritualiteit, ekumeniese studie, kontekstuele en publieke teologie.

Die eerste ontmoeting tussen die rektor van die Universiteit Stellenbosch, Prof A.H. van Wyk, en die VGKSA-afvaardiging van die Kuratorium van die Streeksinode, Kaapland wat bestaan het uit: Drs. J.N.M. Hartney (voorsitter), Dii. L.L.M. MacMaster, A. Rust het op Vrydag 27 November 1998 plaasgevind. Die gesprek het onder andere gegaan oor:

- i. Die posisie van die VGKSA-dosente, hoe hulle geakkommodeer kan word, en wat hul posisie ten opsigte van aftrede was;
- ii. Toelatingsvereistes vir die studente uit 'n voorheen benadeelde-groep wat nie kwalifiseer vir matrikulasievrystelling nie, maar genoegsame vakke op hoër graad geslaag het;
- iii. Die moontlikheid van die instelling van 'n diplomakursus (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*).

Die VGKSA-afvaardiging het ook oor die posisie van die VGKSA-dosente en hul aftrede as dosente van die Universiteit van Stellenbosch samespreking gevoer asook die toelatingsvereistes vir die studente uit 'n voorheenbenadeelde groep wat nie vir matrikulasievrystelling kwalifiseer nie, maar genoegsame vakke op hoër graad geslaag het en die moontlikheid van die instelling van 'n diplomakursus (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*). 'n Tweede vergadering vind op 15 Desember 1998 met die rektor, Prof A.H. van Wyk, en die dekaan van Fakulteit Teologie, Prof. H.J.B. Combrink, asook ander lede van die rektorat plaas. Hierdie vergadering sou die weg baan vir die verskuiwing van die teologiese opleiding van die VGKSA-predikante vanaf UWK na US (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*). Die VGKSA en die Universiteitswerkgroep, bestaande uit Prof. J.C. Adonis (VGK), Dr. H.R. Botman (VGK), Ds. J.D. Buys (VGK), Prof. G.D. Cloete (VGK), Prof. H.J.B. Combrink (US), Prof. J.P. Groenewald (US), Drs. J.N.M. Hartney (VGK), Prof. D.J. Louw (US), en Mnr. W. Vermaak (US) het vier keer vergader, naamlik 24 Januarie, 4 en 18 Februarie en 6 Maart 1999 (Sien Bylaag 14 *Verslag van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika en die Universiteitswerkgroep*). Drs. J.N.M. Hartney en Prof. H.J.B. Combrink het op roterende basis as voorsitter opgetree. Op die vergaderings is ooreenkoms bereik met betrekking tot die kurrikulum: (Erkenning van die eiesoortige hantering van die teologiese student deur die denominasie en die universiteit sonder dat die een op die terrein van die ander oortree); aanstellingsprosedures ten opsigte van dosente; die kerklike skakelraad; die aard van die akademiese program vir teologiese opleiding wat deur Fakulteit Teologie aangebied word; akademiese oorgangsmatreëls; medium van onderrig (Sien Bylaag 14 *Verslag van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika en die*

*Universiteitswerkgroep*). Daar is besluit dat 'n gesamentlike werkgroep aan bepaalde sake aandag moes gee, onder meer:

- i. 'n Raamwerk vir 'n bevredigende ooreenkoms tussen die VGKSA en die US ten opsigte van teologiese opleiding vir die VGKSA aan die US met ingang 2000 moes opgestel word.
- ii. Die VGKSA se verwagtings van die US en omgekeerd, moes duidelik uiteengesit word.
- iii. Daar is ooreengekom dat sake duidelik geformuleer moes word. Besluite moes spesifiek en duidelik uitgespel word en nie vaag of algemeen en oop wees vir aannames en afleidings nie.
- iv. Oorgangsmatreëls en die getal studente en dosente ter sprake, asook die medium van onderrig en die visie en missie van die Fakulteit in samewerking met sy vennote moes geformuleer word (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*).

Die volgende werkgroep is saamgestel: Proff. H.J.B. Combrink, D.J. Louw, J.P. Groenewald en Mnr. W. Vermaak van die US; en Ds. J.D. Buys en Drs. J.N.M. Hartney, asook Proff. J.C. Adonis, H.R. Botman en G.D. Cloete van die VGKSA. Prof. H.J.B. Combrink en ds. J.N.M. Hartney sou afwisselend as voorsitter optree. Proff. H.J.B. Combrink en D.J. Louw sou om die beurt notules neem (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*). Die opdrag van die onderhandelingspan van die Kuratorium van die VGKSA (Kaapland) het onder andere behels:

- i. Dat die gereformeerdeheid van die Fakulteit Teologie van die US waar die opleiding sou geskied en 'n akademiese program wat aan die vereistes van die VGKSA sou voldoen, verseker word.
- ii. Dat 'n bevredigende ooreenkoms bereik word ten opsigte van die studente en dosente van die VGKSA (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*).

Tydens die onderhandelings is ook ooreengekom, dat:

- i. Die US nie meer seksionele kerklike belange kon dien nie en dat die partye in die hoogste goeie trou sal saamwerk;
- ii. 'n Kerklike Skakelraad, wat sal omsien na die belange van al die kerklike vennote ontwikkel en gevestig word;
- iii. Die VGKSA die US, en daarmee die Fakulteit Teologie, as 'n nasionale bate sal beskou. Die VGKSA sou graag met hul teenwoordigheid in die Fakulteit Teologie van die US 'n bydrae lewer tot die noodsaaklike transformasieproses wat ook by die US aan die gang was (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:48*).

Op 21 Januarie 1999 vergader die Werkgroep US-VGKSA vir die eerste keer. Gedurende 1999 het die verloop van sake tot die hoogste versnelling oorgegaan. Die opsie van 'n eie Seminarium vir die VGKSA op te rig, is toe finaal die rug toegekeer. Die koste daaraan verbonde was te hoog (*Teologie Stellenbosch 150 + 2009:48*). Op die vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die VGKSA (29-30 Maart, 1999 in Bloemfontein) is besluit om op 31 Desember 1999 die teologiese opleiding van die VGKSA

aan die UWK te beëindig en met ingang 1 Januarie 2000 die teologiese opleiding van die VGKSA na die Universiteit Stellenbosch te verskuif (*Teologie Stellenbosch 150+*, 2009:48).

Die ASK was van oordeel dat die afdanking van onder ander Prof. J.C. Adonis in stryd was met die ooreenkoms tussen die VGKSA met die UWK wat onder andere die reg van die die VGKSA verskans het op drie kerklike poste asook die reg om aanbevelings te kon doen oor die aanstelling van permanente personeel. Die Kuratorium van Streeksinode, Kaapland was van mening dat die departement nie aan die akademiese standaard en vereistes vir die opleiding van predikante van die VGKSA sou kon voldoen nie en het, besluit om met toestemming van die Algemene Sinodale Kommissie die teologiese opleiding aan UWK einde 1999 te beëindig en met Universiteit Stellenbosch te onderhandel insake die verskuiwing van die opleiding na die Fakulteit Teologie aan die US.

Hierdie besluit van die ASK van die VGKSA is bevestig deur 'n verdere vergadering van die ASK op 23-25 September 1999 op Keetmanshoop. Die weg was nou oop vir die US/VGKSA-Werkgroep om hul opdragte uit te voer. Samesprekings tussen die kerklike vennote en die US met die oog op die samestelling van 'n Kerklike Skakelraad was op dreef (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:48). Op 7 Oktober 1999 in die kantoor van die registrateur van die UWK het die onderhandelings met betrekking tot die verskuiwing van die teologiese opleiding van UWK na US plaasgevind.

Die onderhandelings tussen die US en die UWK oor die oorname van US en die UWK oor die oorname van VGKSA-studente het volgens Hartney in 'n goeie gees plaasgevind. Die persone wat die vergadering bygewoon het, was soos volg: Registrateur, UWK (Dr. J.F. Smith); Registrateur, US (Prof. S. Kritzinger); Dekaan, Fakulteit Teologie UWK (Prof. H.R. Botman); Dekaan, Fakulteit Teologie US (Prof. H.J.B. Combrink); Adjunkregistrateur, US (Mnr, J.A. Aspeling); Adjunkregistrateur, UWK (Mnr. O.N. Gelderblom); Fakulteitsbeampte, US (Mnr. D.P. Solomons); Fakulteitsbeampte, UWK (Me. R. van der Schöltz).

Daar is ooreengekom dat die studente wat hulle studies op Stellenbosch wou voltooi soos volg hanteer sou word:

“Aangesien 'n student minstens twee jaar by 'n bepaalde Universiteit ingeskryf moet wees alvorens 'n graad deur daardie bepaalde universiteit aan hom/haar toegeken kan word, sal dié betrokke studente hulle grade van die UWK ontvang, en nie van die US nie. Die studente van UWK wat vir langer as twee jaar aan die US studeer, sal hulle grade van die US ontvang.”

Verder is ooreengekom dat slegs 3 semesters Grieks en Hebreeus deur die VGKSA as vereiste vir die B.Div.-graad gestel word. (Sien Bylaag 17 *Memorandum oor die inskakeling van teologiese studente van die UWK aan US in 2000; Teologie Stellenbosch 150+*, 2009:48). Dié besluit van UWK is positief deur die verteenwoordigers van die VGKSA ontvang en met

ondertekening van 'n dokument is 'n vennootskap van langer as 26 jaar tussen die UWK en die VGKSA beëindig (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:49). Die NGK, VGKSA en dosente van die Fakulteit Teologie (US) het die finale konsep riglyne vir die Kerklike Skakelraad afgerond (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:49). Op 24 Augustus 1999 het die Interim Skakelraad in die teenwoordigheid van die Rektor, Prof. A.H. van Wyk gekonstitueer. Hy het daarop gewys dat dit 'n historiese geleentheid vir sowel die US as die onderskeie kerke was (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:49).

Op 1 Desember 1999 is die ooreenkoms tussen die US en die kuratorium van die VGKSA onderteken. (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). Gedurende 2000 is die teologiese opleiding van die VGKSA, Kaapland inderdaad na US verskuif 'n Nuwe Dosenteraad wat met die ingang 1 Januarie 2000 in die lewe geroep is (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009: 50). Op 6 April 2000 het die Interim Skakelraad as volwaardige Skakelraad gekonstitueer. (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:49). Die skakelraad is proporsioneel saamgestel uit: vyf NGK-lede, drie VGKSA-lede en die Dekaan van die Fakulteit Teologie.

Drs. J.N.M. Hartney is as die eerste voorsitter verkies en Dr. M.D.J. Smith as eerste sekretaris. Die voorsitterskap sou jaarliks roteer (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:49). Die studente van UWK het hulle teenkating met die besluit van die kuratorium oor die verskuiwing van US openlikte kenne gegee (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). 'n Brief van 'n aantal predikante, alumni van UWK, is ontvang waarin hulle hul teenkating oor die verskuiwing opper (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). In die brief versoek hulle die VGKSA se kuratorium om met hulle te vergader en maniere te bespreek om die verskuiwing na US te vermy of uit te stel (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). Hulle wou die Kuratorium graag op 29 Oktober 1999 ontmoet.

Die voorgestelde datum was egter vir die meeste van die lede van die Kuratorium ongeleë (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). Die scribe van die Kuratorium, Dr L.L.M MacMaster, het die groep op 16 November 1999 ontmoet om hul besware teen die verskuiwing na die US aan te hoor (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). Die vergadering van die beswaardes met die skriba van die Kuratorium was onsuksesvol omdat die proses van die verskuiwing op daardie stadium reeds in die finale fase was. Die VGKSA-predikante het 'n beswaarskrif aan die skriba van die Algemene Sinode, Ds. L.A. Appies gestuur waarin sterk protes aangeteken is. (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). 'n Groep besorgde oud-studente van die Fakulteit Teologie by UWK en huidige leraars van die VGK, het in 'n skrywe hul



besorgdheid uitgespreek oor die beplande verskuiwing van die teologiese opleiding van die VGKSA vanaf die UWK na die Universiteit Stellenbosch. Hulle besorgdheid het gegaan oor:

- i. Die gebrek aan deursigtigheid van die proses in die kerk as geheel;
- ii. Die indruk van finaliteit wat voortydig – ook in die Kerkbode – aan die proses gekoppel is;
- iii. Die historiese bande van 27 jaar wat met die Universiteit Wes-Kaapland verbreek word;
- iv. Die teologiese bande met die NGK wat nie die Belydenis van Belhar aanvaar nie.
- v. Die besorgdes stel die volgende praktiese vrae aan die ASK . In Die Ligdraer van 21 September verwys die voorsitter van die Kuratorium na verskillende opsies wat oorweeg is na 'n interim basis waarop die teologiese opleiding op Stellenbosch voort gesit kan word. Die vraag is: (a) watter alternatiewe opsies is ondersoek en nagegaan (b) hoe lank duur die interim periode en wat gebeur nadat die interim ondersoek verstryk het?
- vi. In 'n onderhoud van *Die Ligdraer* met die vise-rector kom dit aan die lig dat die Fakulteit opdrag ontvang het om in samewerking met die kerk 'n kurrikulum, wat die behoeftes van die VGK vervat, uit te werk en voor te lê. Hierdie opdrag is bevestig deur 'n daaropvolgende gesprek met die registrateur van die Universiteit.
- vii. Die volgende vraag ontstaan: Op watter manier het die Kuratorium'n leidende rol in belang van die kerk in hierdie voorlegging aan die Senaat vervul wat later tot die afskaffing van die B.Th. en BD. sou lei? Tot watter mate kon die “samewerkingsmodel” soos voorgestel deur Prof Daan Cloete in toekomstige gesprekke 'n rol speel? (Verwys na *Die Ligdraer* van 14 November 1999.)
- viii. Hoe finaal is hierdie onderhandelinge met die Universiteit Stellenbosch – veral in die lig van die “ope deur” van UWK en veral met betrekking tot die huidige tweede- derde- en vierdejaar studente wat nog hul opleiding by UWK moet voltooi;
- ix. Watter waarborge word deur Universiteit Stellenbosch (US) gegee dat die dosenteposte van die VGK (wat verskuif) ook in die toekoms vir die VGK sal voortbestaan?
- x. Tot watter mate is die huidige teologiese student by UWK ingelig omtrent die implikasies van die verskuiwing ten opsigte van die voortsetting van kursusse, beurse, losies, uitstaande skulde, ensovoorts?
- xi. As Alumni betreur hulle die wyse waarop die historiese band tussen die VGK en die UWK beëindig word. Hulle bid die ASK, die Kuratorium, die Raad van Dosente en die studente die Here se krag en wysheid toe op die onsekere pad vorentoe.
- xii. **Geteken:** W.J. McKay (Bellville), D.J.J. Kuys (Bellville), Donald Gantana (Grabouw), Nico Koopman, George Cloete (Saron), Ronnie Noemdoe (Montagu), Lysander Prins (Moorreesburg), Walter Philander (Piketberg), Allistair De Klerk (Laaipelek), Walter van Eck (Robertson), Rafle Cloete (Elsierivier) (*Brief van Oudstudente van UWK insake verskuiwing van die teologiese opleiding van UWK na Universiteit Stellenbosch*, 16 November 1999).

Volgens Hartney het die verduideliking sommige beswaardes skynbaar nie tevrede gestel nie. (*Teologie Stellenbosch 150+* 2009:50). In Desember 2001 het Prof. D.J. Louw, Dekaan van die Fakulteit Teologie (US) soos volg aan die kuratorium van die VGKSA, Kaapland geskryf: “Ek is maar altyd intens bewus van hoe moeilik en pynlik die koms na Stellenbosch was. Was dit nie die Gees van God nie, dan moes dit eintlik tot 'n mislukking

gedoem gewees het. Tog kry ek al meer die indruk dat ‘daai plek’, “ons” word (*Teologie Stellenbosch* 150+ 2009:50). “In meer as een geval as die voorsitter van die kuratorium, Ds. J.N.M. Hartney, en die moderator van die Streeksinode van die VGKSA, Kaapland) Ds. J.D. Buys, ingeroep om gemoedere onder die studente te kalmeer” (*Teologie Stellenbosch* 150+ 2009:50). By een geleentheid het ’n student in ’n woedebui aan Drs. J.N.M. Hartney en Ds. J.D. Buys gevra: “Why did you bring us here? We were happy at UWC.” Dieselfde student sou twee jaar later heel gelate verklaar: “*We have come to stay. This is our place, our intellectual home, and we do not intend moving from here.*”

Hy sou hom nie net as predikant van die VGKSA aan US bekwaam nie, maar ook sy doktrale studies aan dieselfde Fakulteit voltooi (*Teologie Stellenbosch* 150+ 2009:50). Op 08 Mei 2000 het een van die studente, Rothney Tshaka namens ’n groep beswaarde studente die volgende brief aan die dekaan van die Fakulteit Teologie oorhandig (Sien Bylaag 15 *Oorbrief van Rothney Tshaka, gedateer, 08 Mei 2000*). By ’n kamp bygewoon deur die VGKSA Teologiese studente, van die 14<sup>de</sup> tot die 16<sup>de</sup> April in Wellington. Die eerste kwartaal van die akademiese jaar aan die Universiteit Stellenbosch is geassesseer. Deur baie beraadslaging het die VGKSA sowel as die teologiese studies aan die "Kweek" vir die byeenkoms van opperste belang geraak. ’n Komitee bestaande uit ses studente as verteenwoordigers van die verskillende jaargroepe, is opgedra met die mandaat om ’n verslag te skryf wat ons ontevredenheid uitdruk ten opsigte van die verontagsaming van die kontrak tussen die VGKSA en die US, wat bevestig dat geen student op enige manier benadeel sal word nie.

Areas van ontevredenheid wat onder meer bespeur is, is opgesom in die volgende punte:

- i. Die Kurrikulum wat by die US gevolg word, vind nie aansluiting by die VGKSA konteks nie, i.e. die betrokke Kuratorium fokus op die opleiding van studente eksklusief vir die NGK en oorheersend wit hoër stand gemeenskappe en nie vir swart laer stand gemeenskappe nie.
- ii. Dit lyk of die "Kweek" die teenwoordigheid van die VGKSA ignoreer – dit blyk uit die Maandagoggend-dienste, in die onderskeie klasse asook die simbole wat in die "Kweek" uitgestal word.
- iii. Die medium van onderrig oostreer duidelik studente van oorwegend swart gemeenskappe. In hierdie opsig voel ons as VGKSA studente dat die kontrak wat deur die US en ons Kerk aangegaan is, duidelik oortree word, want ons word negatief hierdeur geaffekteer.
- iv. Studente glo die Kuratorium is afsydig teenoor die huidige probleme waarmee ons worstel. Ons glo ook dat die Kuratorium daarin faal om die huidige konteks te assesser, en ons oorlaat om alleen te worstel.

Voorstelle

- i. Die VGKSA teologiese studente stel voor dat die huidige kurrikulum geassesseer word met 'n mosie vir 'n kurrikulum wat ons swart konteks akkommodeer, 'n kurrikulum waarby ons aanklank vind.
- ii. Ons eis 'n spoedige oplossing tot die taal-probleem. Ons glo dat, sou hierdie kwessie van die medium van onderrig nie ernstig benader word nie, sal dit die vereniging (voormalige NGKA en NG Sendingkerk) van die VGKSA ernstig belemmer. Dit beteken daar sal 'n besliste staking wees van studente wat kom van oorwegend swart nie-Afrikaanssprekende gemeenskappe.
- iii. Ons eis ook 'n bilaterale vergadering met u en die Fakulteitsraad. Die datums vir hierdie vergadering sal later vandeeweek bevestig word na 'n ontmoeting met die Kuratorium [Wat vir u tyd bied om hierdie brief te bespreek met personeellede]. Ons as studente glo as hierdie saak nie die nodige aandag kry nie, loop die VGKSA beslis gevaar om haar identiteit te verloor. Ons as studente wat trots is op ons Kerk, sal alles in ons vermoë doen om te verseker dat ons trots op ons Kerk bly (*sien Bylaag 15 oor brief van Rothney Tshaka, gedateer, 08 Mei 2000*).

Volgens Hartney het die groei na mekaar toe tussen die voorheen bevoorregtes en die voorheen benadeeldes toegeneem (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:50*). Hartney gee onder andere deur dat die studente byvoorbeeld vertoë tot die Kuratoria gerig het waarin hulle versoek het dat hulle gesamentlik gelegitimeer word. Die versoek tot gesamentlike legitimasie het beide die NGK en die VGKSA onkant betrap, omdat die breë kerk skynbaar in stadium nog nie gereed vir so 'n drastiese stap was nie. (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:50*). In Oktober 2002 het die Kuratorium soos volg aan die Kaaplandse Sinode van die VGKSA verslag gedoen:

- i. Dit was inderdaad 'n pynlike proses vir die VGKSA om noodgedwonge sedert 2000 hulle teologiese opleiding van die UWK na die US te verskuif. Hierdie verskuiwing was nie sonder groeipyne nie.
- ii. Dit is egter verblydend om te meld dat haar sedert die oorgang na Stellenbosch uiters goeie samewerking ervaar is vanaf die kant van die Universiteit, en by name die Rektoraat, veral die Visekanselier, Prof. A.H. van Wyk, asook in die besonder van die doserende personeel en die Dekaan, Prof. H.J.B. Combrink.
- iii. Daar was ook baie nuwe skakeling tussen die vennote op die Kerklike Skakelraad wat nie net die kerke van die NG Kerk-familie insluit nie, ook ander susterkerke in die gereformeerde tradisie. Ekumenisiteit was besig om 'n werklikheid te word.
- iv. Hierdie nouer skakeling het daartoe gelei dat daar tussen die twee Kuratoria van die NG Kerk en die VGKSA onderhandelinge gevoer word met die oog op samewerking en die uiteindelijke eenwording van die twee Kuratoria (*Teologie Stellenbosch 150+ 2009:50*).

In verband met die verskuiwing van die VGKSA-studente vanaf die UWK na die Universiteit Stellenbosch het die VGKSA en die US-werksgroep soos volg ooreengekom:

- i. Die Fakulteit Teologie by UWK sal voornemende studente in kennis stel dat teologiese opleiding van VGK-studente voortaan by die Universiteit van Stellenbosch sal plaasvind.
- ii. Studente sal dan nog steeds die keuse hê om, hulle teologiese studies aan die US te begin of indien hulle aan die UWK wil studeer, vir 'n BA.-graad met teologiese vakke daar in te skryf.

- iii. Alle voornemende VGK-studente sal ook versoek word om met die VGK se kerkkantoor in verbinding te tree.
- iv. Studente wat reeds aansoek gedoen het om die VGK-teologiese studies aan die UWK vanaf 2000te volg se aansoekfooi sal aan hulle terugbetaal word in dien hulle na die US oorskakel (sien Bylaag 14 *Verlag van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Universiteitswerkgroep*).

Met betrekking tot die ingeskrewe VGKSA-studente wat die vierjarige diploma program of B.Th.-graadprogram aan die UWK gevolg het, is ooreengekom dat die diploma- en ander voorgraadse studente van die VGKSA op die volgende wyse by die US kon inskakel:

Die studente wat in 2000:

- i. 1ste jaar is, registreer direk as voorgraadse studente aan die US. Studente met meriete, maar sonder matrikulasievystelling sal deur middel van senaatstoelating tot B.Th. toegelaat kan word;
- ii. 2de of 3de jaar is, kry erkenning vir die vakke aan die UWK voltooi en skakel by US as voorgraadse B.Th.-studente in;
- iii. 4de jaar is, skryf as spesiale studente aan die US in, maar registreer terselfdertyd as graad- of diplomastudent aan die UWK en verwerf die B.Th.-graad of BD. in Teologie by UWK;
- iv. BD. II skryf in by US vir die Nuwe M.Div. - program indien dit deur Departement van Onderwys goedgekeur word of registreer alternatiewelik vir die BD.-program.
- v. BD III is, volg as spesiale nagraadse student die bestaande BD. aan die US, maar verwerf die BD.-graad aan die UWK (sien Bylaag 14 *Verlag van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Universiteitswerkgroep*).

Die VGKSA Streeksinode Kaapland het 'n ooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch beding gedurende 13 Desember 1999 geteken.<sup>15</sup> Voortaan sou die teologiese opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch deur die ooreenkoms genaamd die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS) bestuur word. Die NGK Streeksinode Wes en Suid-Kaapland het hul ooreenkoms met die Universiteit reeds op 02 Desember 1999 geteken.<sup>16</sup>

Die KSRUS word onderskei van die KATO (Kerklike Adviespaneel vir Teologiese Opleiding in die Wes-Kaap), wat 'n liggaam is waarop alle kerke en denominasies sitting het wat belang het by die teologiese opleiding aan die US en die UWK en dit erken. Lede van KSRUS sal derhalwe na alle waarskynlikheid ook lede van die breër liggaam KATO wees, maar daar is 'n verskil in die samestelling en funksies van die twee liggamme (*Ooreenkoms van*

---

<sup>15</sup> Die ooreenkoms vir Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch was onderteken deur die volgende lede: Namens die Universiteit van Stellenbosch: Proff. A.H. van Wyk (Rektor: Universiteit van Stellenbosch) en H.J.B. Combrink (Dekaan: Fakulteit Teologie). Namens die VGKSA Streeksinode Kaapland: Drs. J.N.M. Hartney (Voorsitter: Kaapland), Dii. L.L.M. MacMaster (Skriba: VGKSA-Kuratorium), A. Rust (Lid: VGKSA-Kuratorium).

<sup>16</sup> Die ooreenkoms vir Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch was onderteken deur die volgende lede: Prof. A.H. van Wyk (Rektor: Universiteit van Stellenbosch), Prof. H.J.B. Combrink (Dekaan: Dekaan: Fakulteit Teologie), Drr. C.W. Burger (Voorsitter: NGK Kuratorium), M.D.J. Smith (NGK: Predikant in Sinodale Diens), Mnr. J.J. Visagie (Senior Direkteur Bemaking en Kommunikasie: Universiteit van Stellenbosch).

die *Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*. Die KSRUS is 'n liggaam van daardie denominasies wat as kerklike vennote ooreenkomste met die Universiteit van Stellenbosch gesluit het en wat hulle studente per ooreenkoms aan die US vir die kerklike bediening laat oplei (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Elke kerklike vennoot, naamlik die VGKSA Streeksinode Kaapland en die NGK Wes en Suid-Kaapland was volgens die Ooreenkoms geregtig om 2 lede op KSRUS te benoem.

Vir elke 25+ studente van 'n betrokke denominasie, wat oor 'n periode van 3 jaar gehandhaaf word, kan die denominasie 'n verdere lid op KSRUS benoem. Die maksimum addisionele verteenwoordigers per denominasie sal tot 4 (vier) beperk word. (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Denominasies wat geen amptelike ooreenkoms met die US het nie, maar wat tog offisieel bevestig dat hulle die opleiding van die US erken met die oog op die kerklike bediening van die betrokke denominasie, sal geregtig wees om een verteenwoordiger op die KSRUS te benoem (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Indien die kerklike vennote en hulle verteenwoordigers so toeneem dat die totale getal lede van die KSRUS die getal 20 oorskry, kom die kerklike vennote en die US opnuut ooreen wat die maksimum grootte van die KSRUS en die verteenwoordiging per meewerkende party sal wees (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Die Dekaan en Sekundus dekaan (indien die pos bestaan) van die Fakulteit Teologie is ampshalwe lede van die KSRUS (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Aangesien die KSRUS 'n liggaam is wat die Fakulteit Teologie van advies bedien oor ter saaklike aangeleenthede, tree die Dekaan (of sy verteenwoordiger) as Voorsitter van die vergadering op (*Ooreenkoms die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*).

Die vergadering wys uit die kerklike verteenwoordigers 'n ondervoorsitter aan wat die Dekaan as verteenwoordiger van die KSRUS vergesel wanneer dit nodig is (*Ooreenkoms die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Die KSRUS het soos volg gefunksioneer: Die advies van die KSRUS aan die Fakulteit Teologie behels veral die volgende: Die aanstelling van permanente akademiese personeel in die Fakulteit Teologie (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*).

Die behoeftes van die kerklike vennote ten opsigte van vernuwing in en terugvoer ten opsigte van die bestaande teologiese programme wat deur die Fakulteit aangebied word (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Die moontlike behoefte aan en ruimte vir denominasionele eenhede ("houses of study) wat afsonderlik van maar in oorleg met die Fakulteit Teologie aan onderskeie denominasies die geleentheid kan bied vir die realisering van 'n eie spiritualiteit en selfs denominasionele akademiese belange (*Ooreenkoms*

van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS). Ander sake wat die teologiese opleiding aan die US raak (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Die kerklike vennote op die KSRUS neem as uitgangspunt dat ter wille van effektiewe inspraak by die Universiteit ten opsigte van die benoeming van dosente en die inhoud van kurrikula, besluite met genoegsame konsensus geneem behoort te word (*Ooreenkoms die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*).

By gebrek aan genoegsame konsensus, kan as laaste uitweg 'n bykomende verslag saam met die KSRUS se advies vir oorweging voorgelê word (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Die koste verbonde aan bywoning van vergaderings van die KSRUS word deur die onderskeie kerklike vennote self gedra. Die KSRUS vergader minstens een keer per jaar gedurende die eerste semester, maar verder soos op aanvraag deur die lede (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). By die vergadering van die KSRUS bring die Fakulteit Teologie ook enige sake rakende die teologiese opleiding aan die US asook nasionale beleid i.v.m. tersiêre onderwys, soos van toepassing op teologiese opleiding, onder die aandag van die kerklike vennote (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*).

By die ontstaan van 'n vakature, lig die dekaan, na oorlegpleging met die KSRUS, die Rektor in ten opsigte van die vakature en die vulling daarvan sowel as van die siening en advies van die KSRUS (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Indien 'n verskil van mening ontstaan, vind verdere oorlegpleging tussen US en die KSRUS plaas. Indien die pos gevul moet word, kom die kerklike vennote en verteenwoordigers van die Universiteit van Stellenbosch ooreen oor die posbeskrywing en profiel van die persoon wat die vakature moet vul (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Met profiel word onder andere bedoel die tipe teoloog wat benodig word, en die opleidingsbehoefte waarom dit gaan, ens. In hierdie verband word geoordeel dat met die oog op die aanbieding van bepaalde vakgebiede die teologiese tradisie en oortuiging van die dosent wel van belang sou kon wees (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US(KSRUS)*). Die Universiteit van Stellenbosch adverteer die vakature soos ooreengekom met die KSRUS (*Ooreenkoms die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*).

Die Rektor wys op die gebruikelike wyse 'n subkomitee van die Aanstellingskomitee van die Senaat (ASK(S)) met die oog op die vakature aan (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Die subkomitee ontvang en keur die aansoeke op akademiese gronde ten opsigte van geskiktheid en vlak van aanstelling as dosent van die universiteit (*Ooreenkoms die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Die subkomitee van die ASK(S)



raadpleeg die Dekaan en die Ondervoorsitter van die KSRUS oor die siening en voorkeurorde van die KSRUS ten opsigte van die kandidate (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Na hierdie raadpleging met die Dekaan en die Ondervoorsitter van die KSRUS, maak die subkomitee van die ASK(S) op gebruikelike wyse [vergesel van die verkorte CV'S van alle aansoekers 'n aanbeveling vir aanstelling by die ASK(S).

Indien die ASK(S) van die voorkeurorde van die KSRUS afwyk, geskied dit nie sonder verdere oorleg met die KSRUS nie (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Die aanstelling word nie bekend gemaak voordat hierdie prosedure afgehandel is en die finale goedkeuring deur of namens die Universiteit se Senaat en Raad afgehandel is nie (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Op hierdie wyse word die belange van beide partye gehonoreer en verseker dat universitêre en kerklike lyne mekaar nie kruis nie (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Dit beteken ook dat die onafhanklikheid van beide partye gehandhaaf word deurdat die universiteit nie iemand aan die kerke opdring nie en omgekeerd die kerk nie die universiteit sy akademiese verantwoordelikheid by aanstelling en sy reg tot aanstelling ontnem nie (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*).

Dit volg alleen logies dat dieselfde wedersydse onafhanklikheid sal geld in gevalle waar aangestelde persone die vertroue van òf die kerk òf die universiteit verloor (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Dit beteken dat dit die betrokke denominasie vry staan om die akkreditering van 'n betrokke dosent spesifiek ten opsigte van die opleiding vir die kerklike bediening van sy eie kandidate terug te trek al dan nie, maar dat dit eweneens die universiteit se prerogatief is om die aanstelling van die betrokke dosent as dosent van die Fakulteit Teologie te handhaaf al dan nie (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Kerklike vennote het die reg om, indien nodig, deur die KSRUS verhoë tot die US te rig met die oog op die akkreditering van tydelike of voltydse personeel wat vir die Universiteit aanvaarbaar is en wat op koste van die betrokke denominasie aanvullende momente tot die kurrikulum wat deur die denominasie as belangrik geag word, kan doseer (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Sulke kerklike dosente kom nie op die diensstaat van die US nie, maar word op die gebruikelike wyse deur die US akademies gekeur en geakkrediteer (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Die kerklike vennote kom ooreen dat by die vasstelling van die programme die partye die KSRUS sal raadpleeg, maar dat die partye ruimte sal laat vir die behoud van hul eie identiteit deur desnoods aanvulling of alternatiewe voorstelle tot die programme te maak, addisioneel tot

die inhoud wat gemeenskaplik is tot die partye (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*).

Dergelike modules wat akademies deur die Fakulteit Teologie aanvaar word, sou as keusemodules vir alle studente beskikbaar wees, ofskoon dit waarskynlik verpligtend vir studente uit die betrokke denominasie sal die Fakulteit Teologie onderneem om die advies en oortuigings van kerklike vennote ten opsigte van teologiese programme ernstig te neem, maar wys kerklike vennote ook daarop dat daar steeds aan die algemene akademiese vereistes van die US en die Departement Onderwys se vereistes aan tersiêre inrigtings voldoen moet word (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Die legitieme behoefte van kerklike vennote om op elk op verskillende wyses gestalte te gee aan hulle eie identiteit en spiritualiteit en hulle studente dienoooreenkomstig te begelei, word deur die US erken (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Dit word aanvaar dat enige buitekurrikulêre aktiwiteite nie 'n saak van die Fakulteit Teologie is nie, maar dat die US graag aan kerklike vennote die ruimte daarvoor gun (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*).

Waar aktiwiteite van denominasionele eenhede die akademiese aanbod van die Fakulteit Teologie raak, is daar reeds daarna onder punt 5 hierbo verwys. Die KSRUS bied ook 'n forum waar gemeenskaplike sake wat die denominasionele eenhede raak, indien nodig en gewens, aan die orde gestel sou kon word (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US (KSRUS)*). Gedurende 26 Julie 2016 is die goedgekeurde *Ooreenkoms* wat met die Universiteit Stellenbosch beding was vervang met die Ekumeniese Raad se regulering. Sedertdien word vakatures op grond van die ooreenkoms gevul.

### **5.12. Fondse van die Evangelisches Missionwerk in Duitsland**

Die Fakulteit Teologie aan die UWK het reeds in 1993 'n ooreenkoms met die Evangelisches Missionwerk in Deutschland bereik. Die ooreenkoms het onder andere behels dat die Evangelisches Missionwerk in Deutschland navorsings- asook ekumeniese programme van dié Fakulteit sou finansier (Sien Bylaag 16 *Agreement between the Evangelisches Missionwerk in Deutschland and the University of the Western Cape, Faculty of Theology 27 October 1993*; Sien Bylaag 16 *Letter to Dr Lotter Engel of the Evangelisches Missionwerk in Deutschland regarding acknowledgement of donations to research and ecumenical programs 20 March 1996*).

Prof. P.J. Robinson dui in 'n skrywe, gedateer 30 November 1998, aan dat ruim skenkings vir teologiese opleiding aan die Universiteit van Wes-Kaapland gedurende die

eerste helfte van die negentigerjare gemaak is. Dit was te danke aan lede van die Raad van Dosente se herhaalde besoeke aan, en verhoë tot buitelandse vriende vir die teologiese opleiding van die NG Sendingkerk (*Brief van prof. P.J. Robinson in verband met buitelandse skenkings aan Raad van Dosente vir daarstelling van verblyf vir oorsese gaste 30 November 1998*).

Volgens Robinson was een van die oogmerke met die skenkings onder andere die daarstelling van 'n gastehuis vir oorsese besoekers. Die bedrag van R240 000 is deur die Evangelisches Missionwerk in Deutschland vir dié doel aan UWK oorbetal. Gedurende 1993 het die fakulteit se Komitee vir Internasionale Betrekkinge die aangeleentheid van die 'gastehuis' as saak vir dringende aandag op sy agenda geplaas. Proff. G.D. Cloete en P.J. Robinson is gevra om aandag aan die saak te skenk. (*Brief van prof. P.J. Robinson in verband met buitelandse skenkings aan Raad van Dosente 30 November 1998*). Verskeie verkennende gesprekke, onder andere ook met eiendomsagente, is oor die aangeleentheid gevoer. Die aanvanklike oogmerk was om 'n huis in Bellville aan te koop wat dan as gastehuis vir besoekende dosente, kerkleiers en selfs nagraadse oorsese studente gebruik sou kon word.

Voordat die saak gefinaliseer kon word, is Prof. G.D. Cloete gedurende die eerste semester 1994 deur die Raad van die UWK versoek om as waarnemende rektor op te tree. Prof. Robinson is deur die fakulteit aangewys as waarnemende dekaan. Die aangeleentheid wat binne 'n semester afgehandel kon word, het eers na twee jaar gerealiseer (*Brief van Prof. P.J. Robinson 30 November 1998*). Gedurende dieselfde tyd het twee verdere ontwikkelinge plaasgevind. Fakulteit Teologie is vanweë die rasionalisering by universiteite deur die rektor, prof. Jakes Gerwel, en die twee vise-rektore Proff. Ndebele en Durand, versoek om 'n voorlegging te maak in verband met die integreer van Fakulteit Teologie en die Departemente Bybelkunde, Godsdiensstudies en Bybelse Tale van Fakulteit Lettere. Die herstrukturering van genoemde entiteite het gelei tot die totstandkoming van Fakulteit Godsdiens en Teologie. Hierdie proses is deur die loop van 1994 afgehandel. Een van die onmiddellike gevolge hiervan was die dringende behoefte aan addisionele kantoorruimte vir personeellede wat vanaf Lettere na die nuwe fakulteit oorgekom het (*Brief van prof. P.J. Robinson 30 November 1998*).

Die tweede ontwikkeling was dat die UWK aangekondig het dat hulle nie meer van die NG Sendingkerk-manskoshuis gebruik sou maak nie aangesien dit op daardie stadium nie meer ekonomies bedryf kon word nie. Dit het beteken dat daar 'n gebruik vir die koshuis gevind moes word. Dit het die weg gebaan vir die aanspreek van twee belangrike behoeftes van die nuwe Fakulteit Godsdiens en Teologie. Die ou koshuis moes omskep word in kantore vir doserende personeel en gaste-eenhede vir besoekende dosente, kerkleiers en moontlik

oorsese studente. Vanweë tydsdruk aangesien die kantore reeds op 1 Januarie 1995 benodig sou word, is met haas aan hierdie omskepping gewerk.

Die kamers op die grondvloer is in kantore omskep en dié op die eerste verdieping in gaste-eenhede (*Brief van prof. P.J. Robinson 30 November 1980*). Ten einde hierdie ombouing deur te voer, is die deel van die skenking van oorsese vriende wat vir 'n gastehuis geormerk is, na dié projek gekanaliseer. Die oorsese skenkers is per korrespondensie en later met fotomateriaal ingelig omtrent die wyse waarop die fondse bestee is. Sedert 1995 maak verskeie besoekers en akademici, sowel as 'n aansienlike aantal oorsese studente van hierdie fasiliteite gebruik. Die omskepping het inderdaad in 'n wesenlike behoefte voorsien. Die kuratorium het aan die einde van 1996 op die stadium toe Proff. G.D. Cloete, P.J. Robinson en D.J. Smit met studieverlof oorsee was, besluit om die kerk se eiendom aan die UWK te verkoop. Dit het beteken dat die “gastehuis” van die fakulteit ook verkoop is en dat weer dringend na 'n alternatief vir gasteverblyf gekyk moes word.

Die probleem was egter dat die R188, 641, 56 wat die Raad van Dosente in die omskepping van kamers na gaste-eenhede belê het, by die verkoopprijs wat die kuratorium vir die eiendom ontvang het, ingesluit was. Aangesien die dosente met die destydse ontwikkelinge aan die Universiteit in die duister was oor die voortgesette beskikbaarheid en gebruik van die gaste-eenhede is die VGK-dosente genoodsaak om na alternatiewe fasiliteite te begin kyk. Die Dosenteraad verkry toestemming van die *Evangelisches Missionswerk* om genoemde fondse in 'n trustrekening onder die beheer van 'n raad van trustees te stort. 'n Verdere probleem was dat die skenkingsgeld reeds vir meer as 6 jaar in die UWK se bankrekening gelê het. Die Raad van Dosente versoek daarom die *Evangelisches Missionswerk* om afskrifte van die korrespondensie van die Fakulteit te bekom (*Brief van prof. P.J. Robinson 30 November 1998*). Die versoek waarmee die Raad van Dosente na u kom, was of u nie goedgunstiglik die R188 641,56 wat aan die omskepping van die ou koshuis bestee is, aan die Raad van Dosente wil terugbetaal vir belegging in 'n trustrekening wat vir die doel geopen sal word nie. Die balans van die skenking wat nog by die Universiteit is, gaan ook aangevra en in genoemde rekening gestort word (*Brief van prof. P.J. Robinson 30 November 1998*). Die versoek is nooit deur die kuratorium van die Streeksinode, Kaapland goedgekeur nie.

Prof. Robinson dui in sy skrywe ook aan dat die Beursfonds vir Teologiese Opleiding van studente van die NGSK, nou bekend as die VGK, wat aan die Universiteit van Wes-Kaap gevestig was, deur Prof. E. Holzapfel by gemeentes van die NGSK, die NGK en ander donateure ingesamel is. Hierdie fonds was ten tye van die skrywe van Prof. Robinson

ongeveer R250 000 sterk. Die bepaling was dat slegs 'n deel van die rente gebruik word vir die jaarlikse toekenning aan VGK-studente. Prof. E. Holzapfel het gewoonlik die aanbeveling insake die uitbetaling van beurse aan die kuratorium gedoen. 'n Deel van die rente is ook jaarliks gekapitaliseer. Prof. Robinson dui aan dat die kuratorium ook oor hierdie fondse met die UWK moet onderhandel. (*Brief van prof. P.J. Robinson 30 November 1998*). Die kuratorium het wel oor die beursfonds met UWK onderhandel en die geld is vir beursdoeleindes van VGKSA-teologiestudente aan die US oorbetal. Prof. Robinson wys ook daarop dat die boekery van die biblioteek van die Teologiese Skool bestaan uit boeke wat deur die kerk en die UWK aangekoop is. Die Teologiese Skool se boekery is die eiendom van die kerk. Prof. Robinson stel voor dat daar 'n voorraadopname gedoen word en dat voortaan van die boekery boekgehou word. Laastens wys hy daarop dat heelwat meublement aan die kerk behoort en stel voor dat Prof. Holzapfel 'n inventaris daarvan opstel. (*Brief van prof. P.J. Robinson 30 November 1998*).

### **5.13. Stigting en ontwikkeling van die Seminarium van die VGKSA en NGK**

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch het gegroei uit die kweekskool van die NGK en is tans een van tien fakulteite van die Universiteit Stellenbosch. Benewens die NGK is die VGKSA, die Verenigende Presbiteriaanse Kerk in Suider-Afrika en die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika amptelike vennote van die US (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*). Die Volkskerk is ook 'n amptelike vennoot (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*). Die diversiteit van denominasies verseker dat die verskeidenheid mense en ideë, die soeke na kennis, oordrag van kennis en toepassing van kennis informeer, verryk en verdiep. Dit beteken die kerk kan die rol as kennisvennoot in die akademie, kerke en breër samelewing – lokaal en globaal – optimaal vervul” (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*). Die ooreenkomste van vennootskapskerke met die Universiteit van Stellenbosch maak voorsiening daarvoor dat kerke, instellings by die Fakulteit stig met die oog op die bedieningsvorming van hul studente (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*).

Hierdie bedieningsvorming fokus op sake soos geestelike en morele vorming, persoonsvorming, en die ontwikkeling van leierskaps- en bedieningsvaardighede (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*). Ten einde gelegitimeer te word, moet bediening-studente van die NGK en VGKSA die akademiese kwalifikasies aan die Universiteit verwerf en die NGK en VGKSA Seminarium se voorgeskrewe program vir bedieningsvorming voltooi (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*). Die vestiging van 'n seminarium van die NGK en VGKSA aan die Fakulteit Teologie was 'n

belangrike ontwikkeling (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:1*). Die woord, *Seminarium* beteken letterlik “saadbed,” ’n plek waar potensiaal kan ontkiem en ontwikkel (*NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:2*). Dit is presies die doel van die nuutgestigte VGKSA- VGK- en NGK-Seminarium op Stellenbosch – om ’n bedding te wees waar studente geestelik, persoonlik en in hul bediening kan groei. (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:2*).

Hierdie opwindende nuwe inisiatief het vanjaar in werking getree – NGK en VGK studente wat aan die Fakulteit Teologie studeer met die oog op legitimasië, het ook in Februarie ingeskryf vir die Program in Bedieningsvorming aan die Seminarium (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:2*). NGK- en VGKSA-bediening-studente volg terselfdertyd die fakulteit se akademiese program en die seminarium se Program in Bedieningsvorming (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:2*). Albei programme moet suksesvol voltooi word alvorens ’n student gelegitimeer word.

Die akademiese opleiding geskied aan die fakulteit, meestal in klasverband, terwyl dié van die seminarium hoofsaaklik in ’n netwerk van ondersteunende verhoudinge plaasvind:

- i. Alle studente word ingedeel in ondersteuningsgroepe wat fokus op spiritualiteitsvorming onder leiding van senior studente. Die groepe kom weekliks byeen vir die in-oefening van geloofsdissiplines.
- ii. Elke student word in die eerste jaar gekoppel aan ’n opleidingsgemeente waar hy/sy ’n minimum van 100 uur per jaar praktykgerigte blootstelling ontvang
- iii. Elke student het ’n predikant-mentor met wie hy/sy gereeld begeleidingsgesprekke voer oor sy/haar vordering in die program.
- iv. Seminarium-personeel en -dosente begelei studente ten opsigte van pastorale uitdagings. Elke student het ’n ondersteuningsgroep wat bestaan uit sy/haar mentor, ’n student-groepleier en ’n lid van die kuratorium. Die seminarium kontrakteeer gemeentes en leraars om as opleidingsgemeentes en -mentors op te tree. Dié netwerk van verhoudings ondersteun studente om die mylpale van die program in bedieningsvorming suksesvol te voltooi. (*VGKSA NGK Nuwe era vir Teologiese Opleiding 2012:2*).

### **5.13.1. Aanvullende kerklike opleiding naas formele akademiese opleiding**

Op 19 Maart 2009 het die dagbestuur van die Kuratoria van die VGKSA/NGK die beginsel dat aanvullende kerklike opleiding naas die formele akademiese opleiding van die fakulteit moet plaasvind aanvaar. (dit wil sê die formele akademiese baan moet gelyklopend met die aanvullende kerklike baan aangebied word). ’n Ad hoc-kommissie vir kerklike-teologiese opleiding (AKTO), saamgestel uit die dagbesture van VGK- en NGK-kuratoria met die volgende lede: Ds. D.P. Carelse, Drr. N.C. Philander, D.X. Simon, A. Olivier en D.O’ Kennedy (sameroeper) is in die lewe geroep. Hulle lê die volgende aanbeveling aan die gesamentlike kuratoria voor:



- i. Dat die beginsel aanvaar word dat aanvullende kerklike opleiding naas die formele akademiese opleiding van die Fakulteit moet plaasvind (d.w.s. formele akademiese baan en aanvullende kerklike baan gelyklopend).
- ii. Dat VGK en NGK strewende om so ver as wat moontlik is kerklik-teologiese onderrig by US saam aan te bied.
- iii. Dat die moontlikheid ondersoek word om 'n kerklike diploma vir hierdie aanvullende kerklike baan wat strek oor 5 jaar toe te ken.
- iv. Alle studente moet dit voltooi om tot die bediening van die NGK/VGK toegelaat te word.
- v. Dat 'n program aan die einde van 2009 aan die kuratoria voorgelê sal word om in 2010 ten volle geïmplementeer te word.
- vi. Die studente op 'n toepaslike wyse geëvalueer word. Dat daar alreeds in 2009 met 'n paar loodsprogramme begin word.
- vii. Dat die kerk 'n groter teenwoordigheid by die Fakulteit sal hê en daarop ingestel sal wees om verhoudinge met die studente te bou.
- viii. Kerklik-teologiese onderrig kan nie slegs op 'n ad hoc basis aangebied word nie. Die ideaal is dat daar vanaf 2010 twee voltydse verteenwoordigers van die kerk by die Fakulteit sal wees (een van die NGK en een van die VGK).
- ix. Die gawes van die twee persone sal waarskynlik verskil en die volgende twee fasette van die werk moet aandag geniet: (a) Bestuur, administrasie en fondswerwing; (b) Pastorale begeleiding, verhoudingsbou en kerklik-teologiese opleiding.
- x. Dat daar met die Ad-Hoc Komitee vir Teologiese Opleiding (AKTO) en die Fakulteit onderhandel word oor die aard en inrigting van die 6<sup>e</sup> jaar weens die volgende twee redes: (a) Die besluit van die VGK om slegs 5 jaar-akademiese opleiding te vereis; (b) Die frustrasie by studente en hul supervisors (predikante) oor die inrigting van die huidige Lisensiaat-jaar. (*Vorderingsverslag Aan Dagbestuur van Kuratoria insake Kerklik-Teologiese Opleiding 19 Maart 2009.*)

Die Ad hoc-kommissie was verder van mening dat daar drie opsies was: (a) Om die lisensiaat te behou soos dit tans is; (b) Om die akademiese komponent te behou, maar met groter inspraak van die kerk ten opsigte van supervisie en moontlik "kerklike" blokkursusse; (c) Om die 6<sup>e</sup> jaar bloot 'n indiensopleidingsjaar te maak met volle verantwoordelikheid aan die kerk en geen akademiese diploma aan die einde daarvan nie. Dat die kerk meer betrokke by die supervisie van die Lisensiaat-kursus (6<sup>e</sup> jaar) sal wees vir solank dit nog bestaan. Die VGK en NGK strewende daarna om sover dit prakties moontlik is gesamentlik kerklik-teologiese onderrig by Universiteit Stellenbosch aan te bied. (*Dagbestuur Kuratoria NGK/VGKSA:2009*). Die Taakspan, Kerklike Opleiding stel voor dat die kurrikulum vir kerklik-teologiese opleiding in die vervolg voortdurend geëvalueer en aanpas word in die lig van die Fakulteit se akademiese kurrikulum. Die kerklike baan fokus nie eerstens op akademiese vorming nie, maar op die volgende drie sake:

- i. Spiritualiteitsvorming/mentorskap.
- ii. Blootstelling aan gemeentes.
- iii. Vaardigheidsontwikkeling (*Kerklik- teologiese Opleidingsverslag, Okt. 2009*).

Vaardighede word nie binne 'n jaar ontwikkel nie. Daar moet voortdurende vaardigheidsontwikkeling ten opsigte van alle fasette van die bediening plaasvind. Daar sal

wel in 'n bepaalde jaar op 'n spesifieke veld gefokus word, dit wil sê ekstra energie en tyd sal daaraan gewy word. Sodoende sal verseker word dat daar in diepte aandag verleen word. (Verslag Okt. 2009.) Die Taakspan Kerklike Opleiding stel voor dat kerklik-teologiese formasie voortaan soos volg geskied:

- i. Jaar 1: Jeug- en familiebediening
- ii. Jaar 2: Koinonia / Kleingroepe / Versorging
- iii. Jaar 3: Uitreik / Diakonaat
- iv. Jaar 4: Pastoraat
- v. Jaar 5: Liturgie / Prediking
- vi. Jaar 6: Gemeenteleiersskap en bestuur (byvoorbeeld konflikhantering, fasilitering, bemagtiging van leiers).

Dié taakspan stel voor dat in samewerking met Ds. M. Britz, Dr. P. Goosen (NGK), Dr. N.C. Philander en Ds. A. Esterhuizen (VGKSA) aan elke student 'n predikant-mentor toegewys word. (Kerklik-teologiese Opleiding, Verslag Okt. 2009). Programme met betrekking tot kerklike opleiding is reeds in 2009 geloods en verdere uitbouing daarvan word vir 2010 in die vooruitsig gestel. Dit is interessant dat die aanbieding van die program aanvanklik sterk tematies van aard ingerig is, terwyl dit later 'n meer persoonsgerigte karakter in die uiteindelijke program van die seminarium sou aanneem.

### **5.13.2. Vyf faktore het die implementering van kerklike opleiding in 2010 beïnvloed:**

- i. Daar heers onsekerheid oor die tydgleuwe wat vir kerklike opleiding gebruik kan word (periodes en bloktye). Die Kerklike Skakelraad aan die Universiteit van Stellenbosch (KSRUS) is die verteenwoordigende liggaam van die NGK en die VGKSA wat as kerklike vennote 'n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch gesluit het en hulle studente per ooreenkoms vir kerklike bediening laat oplei. Die KSRUS onderhandel met die Universiteit oor die tydgleuwe wat vir dié opleiding gebruik kan word (*Ooreenkoms van die Kerklike Skakelraad aan US*).
- ii. Die Universiteit se datums vir 2010 word deur die wêreldbekersokkertoernooi geraak in die sin dat die eerstejaars reeds op 14 Januarie sou aanmeld en dat Kruiskerk se leiers reeds op 8 Januarie sou vergader.
- iii. Daar word gepoog om die kerklike baan by die bestaande akademiese kursusse aan te sluit. Die Universiteit beveel aan dat die Diensleer deel 20% van die bestaande kursusse uitmaak. Die kerklike baan kan dan direk daarby aansluit.
- iv. Die kapasiteit van die taakspan is beperk in die sin dat hulle nie kan handel alvorens hul verslag of voorstel deur die kuratorium goedgekeur is nie.
- v. Die VGK het reeds op 'n verkorte 5 jaar-kursus vir hul studente besluit, terwyl sodanige kursus nog nie vir die NGK-studente goedgekeur is nie (Kerklik Teologiese Opleidingverslag Okt. 2009).

Die Skakelraad onderhandel met die Universiteit oor tydgleuwe vir kerklik-teologiese opleiding. Die taakspan beplan om die opleiding in bloktye sowel as individuele periodes aan

te bied. Hulle en was van mening dat sekere afdelings van die opleiding sal net in bloktye aangebied kon word. Dit sou dit vir die aanbieders ook vergemaklik. Die volgende tydgleuwe is aan die kerk toegewys

- i. Meditatiewe oggendsessies in kapel (Ma. tot Vr. 07:30-08:00)
- ii. Kapelperiode (Vr. 09:00-9:50; Wo. 13:00-13:50)
- iii. Sekere naweke (bv vir Retraite of aanbieding van kursusse)
- iv. Een week voor die aanvang van klasse in Januarie (slegs 3<sup>e</sup> en 4<sup>e</sup> jaars; 2<sup>e</sup> en 5<sup>e</sup> jaars kom reeds vroeër). Ongelukkig gebruik die universiteit hierdie tydgleuf ook vir leieropleiding (Huiskomitees; Karnavalkomitee; Raadgewers; Mentors)
- v. Een week voor die aanvang van tweede semester (1<sup>e</sup> tot 4<sup>e</sup> jaars)
- vi. Een of twee weke praktiese werk aan die einde van die jaar.
- vii. Kerkweek vir 6<sup>e</sup> jaar
- viii. Daar is 'n moontlikheid om ten minste een periode per week met studente te onderhandel (1<sup>e</sup> tot 4<sup>e</sup> jaars).
- ix. Insette deur predikante as deel van bestaande akademiese kursusse (veral tydens M.Div.-kursus). (*Kerklik Teologiese Opleiding Verslag Okt. 2009*).

Die Taakspan Kerklike Opleiding wys daarop dat hulle nie oor die kapasiteit beskik om al die programme van die kerklike opleiding te bestuur en aan te bied nie. Die Communitas-personeel bied aan om daarmee te help (*Kerklik Teologiese Opleiding Verslag Okt 2009*). Die Taakspan vir Kerklike Opleiding stel ook voor dat die NGK-en V GK-dosente by die studiegroepe betrek word. Dr. F. Marias, koördineerde Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening (SKG), rig die volgende skrywe, gedateer 8 Julie 2009 aan die gesamentlike kuratoria: Die Voorsitter(s) van die Kuratorium/SPK& VBO V GK Kaapland en NGK Wes-en Suid-Kaap.

Geagte Dr. C.W. Burger en ander broeders en susters,  
Kerklike Opleiding: Die Communitas-span het by hul half-jaarlikse beplanning sessie soos 'n in-diepte gesprek gehad oor die stand van sake onder gemeentes en predikante. Die Communitas-span het gefokus op die vraag: Wat plaas druk op die predikante? In die gesprek het die span onderskei tussen simptome en oorsaaklike faktore. Uit die gesprek wat plaasgevind het, was tot die volgende slotsom gekom: dat daar drie faktore was wat druk veroorsaak op predikante:

- i. Opleiding en begeleiding van predikante.
- ii. Uiteenlopende verwagtings van lidmate.
- iii. 'n professionele verstaan van die amp van die predikant.

Die SKG is gevra om verdere gesprekke te voer oor 2, maar wil graag met die kuratoria (VBO) en (SKP) in gesprek tree oor 1&3. Ter verduideliking die volgende: Die regstelling waarvan hier sprake is, kan nie van 'n Fakulteit Teologie aan 'n Universiteit verwag word nie. Daarvoor sal die kerke self verantwoordelikheid moet neem. Die (SKG) was van oordeel dat indien hulle oor die langtermyn wil werk aan die oorsaaklike faktore en nie net reaktief aan die simptome nie, hulle 'n daadwerklike poging sal moet aanwend om aan die kerklike opleiding en begeleiding te werk. Die SKG het op daardie stadium geen voorstelle in dié verband nie maar verbind hulle as span om saam met die betrokke kommissies tyd te maak om navorsing te doen en ook voorstelle en begeleidingsprosesse te ontwerp.

### 5.13.3. Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011<sup>17</sup>

#### Agtergrond

Volgens Marias (2011:1) was hierdie memorandum word aangebied as 'n poging tot ontwikkeling van 'n visie vir die kerklike opleiding van studente. Die doel van die memorandum was om die program van aanvullende opleiding wat tans aangebied word te ontwikkel en te integreer (Marias, 2011:1). Volgens Marias (2011:1) Dit is 'n poging om die konseptuele paradigma vir kerklike opleiding van studente uiteen te sit. Die konsepte is deeglik bespreek met kollegas wat oor die afgelope drie tot vyf jaar betrokke was by die opleiding van studente (Marais, 2011:1). In die Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011 was die volgende aspekte in gedagte gehou:

- i. “Die VGK-beleidsdokumente oor Bedieningsvorming (Ministerial Formation). Die huidige NGK- en VGK-program vir aanvullende kerklike opleiding op Stellenbosch.
- ii. Die program van die *Northern Theological Seminary* (NTS) van die VGK. Die memorandum is met prof. Klippies Kritzinger bespreek met betrekking tot die praktyke en ervarings van NTS. Hy het waardevolle insette gelewer en is van mening dat die voorgestelde program die beleidsdokumente van die VGK verwoord. Dit word aanbeveel dat Prof. Kritzinger ook by toekomstige ontwikkelinge betrek word.
- iii. Die program van die *Western Theological Seminary, Formation in Ministry*, soos ontwikkel deur prof. Jaco Hamman, 'n alumnus van die Fakulteit Teologie, Stellenbosch, het praktiese idees opgelewer vir hoe bedieningontwikkeling saam met en komplimentêr tot die akademiese programme van die Fakulteit kan verloop. Die vormingsprogramme vir predikante wat oor die afgelope aantal jare by *Communitas* ontwikkel is” (*Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011*)

Marias (2011:2) konstateer verder dat in die diskoers rondom teologiese opleiding neem die belangrikheid van 'n fokus op karaktervorming van die student met die fokus op gemeentelike bediening, toe. Marias (2011: 2) konstateer verder soos volg:

*“In 1999 skryf Robert Banks: “While most seminary teachers recognize that moral and spiritual formation begins at home and congregations, and continues in other contexts alongside seminaries, and develops afterwards in various ministry settings, there is 'n growing concern that it must be an intentional part of seminary training, both inside and outside the classroom” (Banks, 1999:25, Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011).*

Marias (2011:2) is verder van mening dat die diskoers rondom teologiese opleiding vir denominasies waarvan studente aan universiteite opgelei word dringende aandag geniet. Marias (2011:2) konstateer dat in 'n empiriese studie oor geestelike vorming<sup>18</sup> van studente

<sup>17</sup> Memorandum vir die Kerklike opleiding van Studente Junie 2011.

<sup>18</sup> 'n Empiriese studie oor geestelike vorming by Protestants- teologiese opleidingsinstansies in Suid-Afrika, aanvaar vir publikasie in *Theology and Religion* Western Seminary in Michigan,

aan die Protestants-Teologiese opleidingsinstansies in Suid-Afrika Marilyn Naidoo tot die volgende gevolgtrekking gekom.

*“On the other end of the spectrum, the institutions with the highest scores (showing lower agreement with the spiritual formation) for all five factors. Both denominations (Presbyterian and Reformed) train in a university faculty and this formational mandate may clash with the focus of critical scholarship offered at universities. This finding highlight that a university setting presents more challenges in implementing a spiritual formational mandate. It would be difficult to seek to instil a specific habitus among theology students in a university classroom where similar ecclesial backgrounds or at least shared vocational trajectories cannot be assumed. The intention of spiritual formation may also be obscured by university accreditation demands, the compartmentalization of theological disciplines and the marginalization of spirituality in die life of the university”* (Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011).

Die VGKSA se beleidsdokument van 1997 oor teologiese opleiding, stel die doel van teologiese opleiding soos volg “...(is) om kandidate geestelik, intellektueel en prakties te vorm en toe te rus vir hulle diens in die kerk van Jesus Christus” (*Acta* 1997:718ff). In 2008 word bedieningsvorming eksplisiet omskryf:

*“Ministry formation, under die guidance of the Holy Spirit and for the glory of God, shapes leaders within URCSA by equipping them spiritually, intellectually and practically to serve the coming of the Kingdom of God in Southern Africa”* (p.513 van *Agenda*) (Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011).

Die Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011 lewer Marias (2011:3) ’n pleidooi dat beide akademiese opleiding én geestelike vorming in ’n interafhanklike, maar kreatiewe spanning met mekaar te handhaaf. Marias (2011:3) kontateer dat hierdie spanning te verstaan, moet die onderskeid tussen akademiese opleiding en bedieningsvorming, uitgeklaar word:

- i. Die kerklike bedieningsvorming van studente konsentreer veral op die vorming van geestelike leierskap binne die konteks van gemeentelike bediening. (Die voorstel is dat hierdie fokus toegepas word deur ’n VGK- en NGK-Seminarie of Skool van Gereformeerde Teologie)
- ii. Die akademiese opleiding van die Fakulteit Teologie volg ’n ensiklopediese benadering wat aan studente akademiese opleiding in die verskillende teologiese dissiplines bied (Fakulteit Teologie) *Memorandum vir Denominasionele Vorming van VGK- en NGK-studente, Stellenbosch 2011)*

Volgens Marias (2011:3) moet bogenoemde twee vormingsmodi as komplementêr beskou te word. Marias (2011:3) is van mening dat die akademiese opleiding van die fakulteit

---

VSA, het op hierdie behoefte gereageer met ’n program getiteld: Formation for Ministry (Vorming vir Bediening).

voorsien die “boustene” vir die vorming van gemeentelike predikante in die SA konteks en behoortin sinergie met kerklike vorming ontplooi te word. Volgens Marias (2011:3) aan die ander kant sal die seminarie se vormingsprosesse daartoe bydra dat studente hul akademiese opleiding optimaliseer. Marias (2011:3) is verder van mening dat die ideaal sou wees dat ’n student gelyktydig geregistreer is by die seminarie vir ’n “Diploma in Kerklike Leierskapsvorming” en by die Fakulteit Teologie vir akademiese kwalifikasies (B.Th. en M.Div). Volgens Marias (2011:3) is kerklike opleiding die vorming van geestelike leierskap met ’n fokus op gemeentelike bediening. In hierdie vormingsprogram onderneem die student ’n “reis” met verskillende mylpale wat interafhanklike areas afbaken Marias (2011:3). Volgens Marias (2011:3) word die reis onderneem binne die konteks van ’n gemeenskap van ondersteunende verhoudings, soos hieronder verduidelik word.

Marias (2011:3) is van mening dat die program sal gemeet word volgens die behoeftes van die verskillende kerke vir aanvullende teologiese opleiding, wat byvoorbeeld die 100 uur-riglyn van die VGK insluit.

#### Mylpaal 1: Roepingsontwikkelingsplan

**Persoonlike volwassenheid en emosionele intelligensie:** Tydens die eerste jaar lê studente ’n reeks psigometriese toetse af om insig in hul persoonlike samestelling te verdiep en om areas te identifiseer wat ontwikkel kan word. Hierdie insigte word deurgevoer na vormings-, en indien nodig, terapeutiese prosesse, om die student se kapasiteit vir persoonlike groei en verrykte emosionele intelligensie uit te bou.

**Roepingsvorming:** Tydens die eerste jaar neem studente deel aan ’n roepingsretrait, met die doel om hulle ’n sin vir roepingsidentiteit te help ontwikkel. Die retrait dien ook as beginpunt vir ’n voortgesette reis van roepingsontwikkeling deur die loop van die hele program.

**Geestelike vorming:** Alle jaargroepe neem jaarliks deel aan ’n gefokusde program van geestelike vorming waarin geestelike dissiplines in groepe onder toesig van ’n geestelike mentor beoefen word. Hierdie 100 dae van geestelike vormingseisoene eindig elke jaar met Paasfees. In hierdie program word basiese geloofsvormingsgewoontes geoefen en bemeester. Die moontlikheid van ’n weeklikse Seminarie-Eucharistie, waar studente en dosente as ’n geloofsgemeenskap in die seminariekapél Nagmaal vier, kan ook oorweeg word. Die persoonlike, geestelike en roepingsvormingsprogramme van die eerste twee jaar bied aan die student die inligting en vaardighede om ’n persoonlike roepingsontwikkelingsplan vir hom-/haarself in werking te stel. Die ontwikkeling en voorlegging van sodanige ontwikkelingsplan geskied onder leiding van die ondersteuningskomitee van elke student (Sien Bylaag 23 *VGK/NGK Seminarium- Mylpale*).

#### Mylpaal 2: CREDO

5.13.5.3.1. Identifisering met gereformeerde teologie en tradisie: Kerklike opleiding het ten doel om studente te skool in die identifiseer met die gereformeerde teologie en ’n tuiskoms in die gereformeerde kerktradisie. Dit sluit kennis van die inhoud en geskiedenis van die vier Belydenisse van die twee kerke in (Sien Bylaag 23 *VGK/NGK Seminarium- Mylpale*).



5.13.5.3.2. Bybel/teologiese integrasie en die vorming van 'n *eie teologiese taal* wat in die konteks toepaslik is: Die fakulteit dra verantwoordelikheid vir die professionele akademiese opleiding van studente. Kerklike opleiding is gefokus op die integrasie van hierdie kennis met 'n eie "taal." Geestelike leiers moet in staat wees om 'n boodskap in hul eie geloofs- en teologiese taal te formuleer. Daarvoor benodig hulle 'n begrip van die "plot" van die Evangelie en moet hulle dit kan assimileer in 'n taal en leefstyl. In die strewe na hierdie ontwikkeling moet elke student 'n CREDO skryf waarin sy/haar akademiese kennis in sy/haar persoonlike teologiese taal geformuleer word. Die CREDO moet aan die einde van die vierde jaar vir goedkeuring aan die VGK/NGK kuratoria voorgelê word. Die ontwerp van die CREDO is nie 'n werkstuk wat met verwysings na akademiese bronne opgestel word nie, maar is 'n formulering van die student se ervaring in die bediening in sy/haar persoonlike teologiese taal (Sien Bylaag 23 *VGK/NGK Seminarium-Mylpale*).

5.13.5.4. Mylpaal 3: Persoonlike bemeestering van bedieningsvaardighede. Daar word deurlopend aandag gegee aan die praktyk en die bemeester van basiese bedieningsvaardighede. Die gemeente en mentor aan wie 'n student toegewys is, doen verslag oor die student se ontwikkeling en bemeester van hierdie basiese vaardighede. Die huidige program van denominasionele opleiding en die student se eie beroepsontwikkelingsplan sal rigtinggewend wees betreffende die omvang van hierdie vaardighede (Sien Bylaag 23 *VGK/NGK Seminarium-Mylpale*).

Dit sal die huidige program van bepaalde "weke" vir denominasionele opleiding omvorm tot 'n meer deurlopende praktyk van bedieningsvaardighede en lei tot 'n program van persoonlike bemeestering.

5.13.5.5. Mylpaal 4: Ontwikkeling van 'n nuwe missionale bediening. Kontekstuele en missionale bedieningskapasiteit: Die vorming van geestelike leierskap vereis ook dat studente die vermoë ontwikkel om hul kontekste met oordeel te lees en in die nadenke daarvoor koninkrykseleenthede te onderskei. Dit beteken dat hulle deeglike blootstelling aan die SA konteks moet kry, ten einde dit met insig geloofsonderskeidend te kan analiseer. In die vyfde en sesde jare identifiseer studente 'n "koninkrykseleentheid" in die konteks. Tydens dié twee jaar ontwikkel hulle 'n nuwe bediening op sodanige wyse dat die projek daarna onafhanklik kan voortgaan. Hierdie bedieningsontwikkeling mag nie slegs die handhawing van 'n bestaande bediening in die gemeente wees nie, maar moet die vestiging van 'n nuwe bediening behels. (Die verslag hieroor moet aan die einde van die sesde jaar deur NGK-studente en aan die einde van die vyfde jaar deur VGK-studente vir goedkeuring voorgelê word. Dit word beskou as die "sluitsteen" of voltooiingsprojek wat die vormingsprogram as geheel afsluit en integreer, soos by Northern Theological Seminary (Sien Bylaag 22 *Uitgebreide program vir Kerklik-Teologiese Opleiding*, Sien Bylaag 23 *VGK/NGK Seminarium-Mylpale*).

Volgens Marias (2011:5) vind vorming primêr plaas binne vertrouensverhoudings.

Marias (2011:5-6) konstateer dat met verloop van die vorming van geestelike leierskap ontwikkel die student die volgende verhoudings:

- i. **Gemeentes:** Elke student word by 'n gemeente geplaas. Fakulteitswerk en Diensleer-werkstukke kan ook in die konteks van hierdie gemeentes gedoen word. Die gemeentes verskaf die basiese konteks waarin geestelike leierskap ontstaan en gevorm word. Die seminarie identifiseer gemeentes en onderhandel met hulle om as **opleidingsgemeentes** te

- funksioneer, soos wat daar onderwys hospitale vir mediese opleiding geïdentifiseer word.
- ii. **Mentors:** Elke student word aan 'n predikant of kerkleier toegesê wat optree as sy/haar mentor en met wie hy/sy gereeld, verkieslik weekliks, konsulteer.
  - iii. **Dosenterade:** Dosente wat op Rade van die VGK/NGK dien, skakel ook met studente.
  - iv. **Medestudente:** Studente ondersteun mekaar in ondersteuningsgroepe. Hierdie groepe is ook aktief tydens die 100 dae van geloofsvorming.
  - v. **Ondersteuningskomitees:** Elke student het 'n ondersteuningskomitee wat bestaan uit sy/haar mentor, 'n fakulteitsdosent, 'n medestudent en 'n uitvoerende lid van die seminarie. Die komitee vergader een maal per kwartaal om die student se vordering in terme van die mylpale te bespreek.

Marias (2011:6) konstateer dat studente aanspreeklik is vir hulle eie ontwikkeling in die nastreef van hierdie mylpale – met die ondersteuning van bogenoemde verhoudings. Volgens Marias (2011:6) behoort kerklike vorming institusioneel opgeneem te wees binne 'n “seminarie” wat die kerk se tradisies, ritmes en uitkomstes beliggaam. Marias (2011:6) se aanbeveling was dat die “kweekskool” “her”-stig word volgens die voorbeeld van die Northern Theological Seminary van die VGKSA in Pretoria. Marias (2011:6) was van mening dat so 'n seminarie sou funksioneer as 'n kerklike-instituut onder supervisie van die kuratoria van die VGKSA en NGK en akademies geakkrediteer word met die Fakulteit Teologie in 'n Skool van Gereformeerde Teologie (waarvoor die fakulteitsregulasies voorsiening maak). Die seminarie behoort méér te wees as 'n administratiewe skakel tussen denominasies en studente (Marias 2011:6). Dit moet 'n ruimte wees vir vorming (Marias 2011:6). Die bedieningsvorming wat hierdie memorandum voorsien, kan nie in 'n administratiewe verhouding met studente plaasvind nie (Marias 2011:6) Die studente moet geborge en veilig voel, alvorens sodanige vorming kan plaasvind (Marias 2011:6). Die Kuratoria dien as bestuursliggaam van die seminarie en stel “personeellede” vir die seminarie aan: Die “personeel” van die seminarie kan die volgende rolspelers behels:

- i. Die kuratoria skakel met predikante in sinodale diens en/of gemeentepredikante omtrent dienslewering in die seminarie in 'n deelydse hoedanigheid.
- ii. **“Opleidingsgemeentes”** word geïdentifiseer en gekontrakteer om as konteks te dien vir bedieningsvorming.
- iii. **Mentors** word opgelei en gekoöpteer.
- iv. Administratiewe personeel van die kuratoria bied bestuurs- en administratiewe dienste aan die seminarie (Marias 2011:6).

Moontlike volgende stappe

- i. Die Kuratoria oorweeg, keur en verbeter die memorandum as 'n raamwerk vir die implementering van die program vir Aanvullende Denominasionele Opleiding.
- ii. Die kuratoria stel 'n taakspan aan om die aanbevelings te implementeer en terug te rapporteer aan die uitvoerende komitees van die kuratoria.
- iii. Die seminarie word in November 2011 tydens 'n gesamentlike sitting van die kuratoria gestig.
- iv. Eerste studente registreer in Januarie 2012 by die seminarie. Voorbeelde van hoe die mylpale in die studiejaar ingedeel kan word (5 jaar vir die VGK en 6 jaar vir die NGK).

#### **5.13.4. Die stigting van die VGKSA- en NGK-seminarium aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch.**

Die stigting van 'n seminarium vir die VGKSA en NGK aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch in 2012 was 'n groot oomblik in die twee deelnemende kerke se geskiedenis. Met die stigting van die seminarium het teologiese vorming in die twee kerke op drieërlei wyse 'n nuwe fase betree:

- i. Dit bou verder uit aan die verhouding tussen die twee kerke. Die twee kerke kon na jare van verwydering 'n seminarium vir bedieningsvorming stig en sodoende die stadige kerherenigingsproses aanhelp. Dit is 'n wonderlike getuigenis.
- ii. Die verhouding tussen die seminarium en die Fakulteit Teologie bevestig en bou die verhouding tussen die kerk en die fakulteit verder uit. Die teologiese vorming wat die fakulteit bied en die bedieningsvorming deur die seminarium is verskillend maar komplementêrend. Die ideaal is dat die twee programme mekaar aanvul om die kwaliteit van opleiding en verhoudinge te verbeter.
- iii. 'n Nuwe verhouding word tussen studente en gemeentes gevestig. Opleidingsgemeentes sal studente se verpligte 100 uur-gemeentewerk per jaar fasiliteer. Hopelik dra hierdie nuwe verhouding tussen studente en gemeentes by tot die vorming van kwaliteit-predikante. Die stigting van die Seminarium het gegroei deur beraadslaging en die bou van verhoudings waarin wedersydse begrip ontwikkel het vir elkeen se eiesoortige behoeftes en tradisies. Saam sal ons vorentoe beweeg in die krag van die Heilige Gees.
- iv. Teologiese Opleiding op Stellenbosch Program. Die Seminarium se program is so gestruktureer dat dit gelyklopend met en aanvullend tot studies aan die Fakulteit Teologie plaasvind (*VGKSA/NGK Seminarium-Inligting, 2012.*)

Die stigting van die VGKSA- en NGK-seminarium aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch was die begin van 'n nuwe hoofstuk in dié kerke se begeleiding van teologiese studente. Studente wat hulle vir kerklike bediening voorberei, sal in hul persoonsontwikkeling en op hul pad met die Here begelei word op 'n vlak wat tevore nie moontlik was nie. Hierdie kleingroepe help studente om naas hul teologiese bestudering van die Bybel, dit ook saam met ander te lees, om die Here se stem daarin te onderskei en op hul eie pad met God te groei. Die verskillende mylpale wat studente as deel van die seminarium-

program moet bereik, help hulle om hul teologiese kennis en hul persoonlike pad met die Here te integreer.

Gesprekke met 'n mentor en blootstelling aan die bediening in opleidingsgemeentes versterk hierdie integrasie. Slegs wanneer studente al vier mylpale effektief bereik het, kan hulle aanmeld vir legitimasie. Studente moet by sowel die fakulteit as die seminarium inskryf vir die gesamentlike opleiding. “Die verskillende mylpale wat studente as deel van die seminarium-program moet bereik, help die studente om hul teologiese kennis en hul persoonlike pad met die Here te integreer.” Hiermee slaan die seminarium die brug tussen teorie en praktyk en skep 'n ruimte vir intergrasie. Die gebrek aan integrasie is 'n uitdaging wat dikwels voorkom indien daar slegs kennisoordrag in die klaskamer geskied (Sien Bylaag 23 *VGK/NGK Seminarium- Mylpale*).

Die vertrekpunt van die kuratoria was dat blootstelling aan die praktyk via die seminarium en die diensleeropleiding aan Fakulteit Teologie in die seminariumprogram gekoördineer word om bedieningsvorming te optimaliseer en die integrasie van teorie en praktyk te stimuleer (*VGKSA/NGK Seminarium-Inligtingsbrochure, 2012*). Bedieningsvorming bly fokus op die vorming van geestelike leierskap met die oog op gemeentelike bediening. Die Program vir Bedieningsvorming fokus op die persoonlike, geestelike en roepingsontwikkeling van studente (*VGKSA/NGK Seminarium-Inligtingsbrochure, 2011*).

#### **5.13.5. Gesamentlike Kerklike Teologiese Opleidingsprogram**

Die Kuratoria van die VGKSA en die NGK het in beginsel aanvaar dat aanvullende kerklike opleiding naas die formele akademiese opleiding van Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch moet plaasvind (d.w.s. formele akademiese baan en aanvullende kerklike baan gelyklopend). Die VGKSA en NGK streef daarvan om sover moontlik kerklik-teologiese onderrig saam by US aan te bied. Die VGKSA en die NGK is van mening dat die kerk deur middel van die Gesamentlike Kerklike Teologiese Opleidingsprogram 'n groter teenwoordigheid by die fakulteit sal hê en beter in staat sal wees om verhoudinge met die studente te bou. Kerklik-teologiese onderrig kan nie slegs op 'n ad hoc basis aangebied word nie. Die ideaal is dat daar vanaf 2010 twee voltydse verteenwoordigers van die kerk by die fakulteit sal wees (een van die NGK en een van die VGK). Die gawes van die twee persone sal waarskynlik verskil en die volgende twee fasette van die werk moet aandag geniet: (a) Bestuur, administrasie en fondswerwing; (b) Pastorale begeleiding, verhoudingsbou en kerklik-teologiese opleiding (Sien Bylaag 24 *Seminarium -verslag aan die NGK/VGK Kuratoria op Donderdag 22 November 2018*).

### 5.13.6. Kritiese evaluering van die VGK/NGK-seminariumprogram vir Bedieningsvorming

Wat volg is 'n kritiese evaluering van die Bedieningsvorming as 'n gesamentlike program van die VGKSA Streeksinode Kaapland en die NGK. Hierdie evaluering sal beperk word tot drie punte van kritiek:

- i. Eerstens is dit nodig dat die verskeie kontekste en kulture van die twee kerke wat by die program betrokke is, beklemtoon en onderhandel word. Dit is ook belangrik dat die pluraliteit en diversiteit binne die VGKSA onderhandel en bestuur word. Kritiek van die isiXhosaspreekende- studente het die besef tuisgebring dat die fasiliteerders van die verskillende mylpale beter begrip vir die Afrika-konteks en die uitdagings van gemeentes in Afrika-gemeenskappe benodig. Hierdie uitdagings is veelvuldig en het, *inter alia*, te doen met die lyne van taal, sosiale stratifikasie, bronne, kerk kulture, spiritualiteit, gender, ras, seksuele oriëntasie en gemeentegebruike. Wat verdere waarde aan die program sal gee, is 'n groter waardering vir die rykdom en verskeidenheid van spiritualiteitsbeleving onder die studente van die twee kerke wat die seminarium uitmaak. Terselfdertyd moet daar ook aandag gegee word aan die vorming van gedeelde spiritualiteit- en teologiese tradisies van 'n gereformeerde aard.
- ii. Tweedens moet die ontwikkeling van 'n korporatiewe identiteit gekweek word. Die bedieningsvorming van bedieningsstudente is nie 'n individuele proses nie. Hierdie vorming vind plaas binne die konteks van die bedieningsvormingsprogram, sowel as die ekumeniese omgewing van die Fakulteit Teologie en die breër konteks van die Universiteit Stellenbosch. Hoewel hierdie breër kontekste erken moet word, is dit ook nodig dat daar doelgerig aandag aan hierdie kontekste gegee word. Dit is dus noodsaaklik om te werk aan 'n korporatiewe identiteit van die seminarium-familie binne die raamwerk van die bedieningsvormingsprogram.
- iii. Daarmee in gedagte, het die seminarium-beheerraad aan die einde van 2016 besluit om ruimtes en geleenthede binne die raamwerk van die program te skep om 'n korporatiewe identiteit te bou deur die kulturele en spirituele diversiteit van die studente van die seminarium te erken. Dit is nodig dat daar doelgerig betreffende kultuur en spiritualiteit met mekaar geskakel word. Sulke betrokkenheid en interaksie benodig fasilitering en beplanning. Die bestaande raamwerk van die program sal vir hierdie doel aangepas word om leer- en groeigeleenthede te fasiliteer (2016 seminariumverslag).

- iv. Die vorming van die studente moet fokus op die ontwikkeling van 'n gedeelde identiteit binne 'n gedeelde ruimte met inklusiewe simbole. Hierdie proses maak deel uit van die transformasie-agenda van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie. Dit beklemtoon ook die behoefte aan Christelike eenheid en 'n verenigde getuigenis in die wêreld. Die bedieningsvormingsprogram, moet hierdie taak ernstig benader. Die omvang daarvan moet nooit onderskat word nie, aangesien dit iets is waarvoor byvoorbeeld NGK-studente nie voorberei word deur die kerk waaraan hulle behoort nie.
- v. Dersens maak die oënskynlike gebrek aan 'n geïntegreerde proses om die twee kerke te verenig, 'n negatiewe indruk op die bedieningsvormingsprogram, Die studente van die NGK en VGKSA wat die geordende bediening betree, word wreed ontnugter wanneer hulle ontdek dat die werklikheid ver verwyder is van wat hulle gedurende hul studentejare ervaar het.
- vi. Die feit dat daar op sinodale vlak al vordering gemaak is met die vestiging van verenigde bedieninge, verdien erkenning. 'n Goeie voorbeeld is die verenigde diakonale werk van die Kaapse Sinode van die VGKSA wat saamgesmelt het met dié van die NGK se Wes- en Suid-Kaapse Sinodes om Badisa te vorm.
- vii. Die vereniging van NGK- en VGKSA-gemeentes op plaaslike vlak waar daar 'n gedeelde konteks is en 'n verenigde bediening 'n beduidende impak sal maak, vind egter eenvoudig nie plaas nie.
- viii. Die bedieningsvormingsprogram akkommodeer studente van diverse kontekste, en ruimtes en moet ontwikkel word waar die narratiewe en hul herkoms ongehinderd gedeel kan word om 'n geloofwaardige etos van eenheid te koester. Dit sou ontmagtigend wees om nie aandag te gee aan hierdie kwessies nie aangesien die kwessies van wit voorreg en swart seerkry deel is van die dekolonisasie-gesprek op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse. Die verskillende geskiedenis van die NGK en die VGKSA is onderskeidelik geskiedenis van voorreg en onreg. Vyf-en-twintig jaar na die koms van demokrasie in Suid-Afrika het hierdie werklikheid nog nie veel verander nie.
- ix. Dit help ook nie dat die meerderheid van wit studente wat deel van die bedieningsvormingsprogram, is, geneig is om weg te skram van gesprekke oor, onder meer, wit bevoorregting nie.
- x. Hierdie verskynsel onderstreep duidelik die uitdaging om eenheid in diversiteit te ontwikkel te midde van die soeke na eenheid in nabyheid (Sien Bylaag 25 *Voorstel*



*vir ondersoek met die oog op die verbetering/uitbouing van die Seminarium-Program(Improvement study) Januarie 2019 en Bylaag 26 Uittreksel-Notule van die vergadering van die Seminarium Dagbestuur op Woensdag 17 April 2019).*

#### **5.14. Konklusie**

Op 14 April 1994 in Belhar het die NGSK en die NGKA verenig en het die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) tot stand gekom (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:282). Een van die belangrike sake wat op die Stigtingsinode bespreek was, was die teologiese opleiding van die nuwe eenheidskerk. Die VGKSA het besluit om 'n nie-rassige teologiese opleiding daar te stel. Verder was aandag gegee aan die aan die verskuiwing van die teologiese opleiding van die UWK na die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch vir die tydperk 2000 tot 2018 gegee. Die redes vir die verskuiwing, samewerkingsooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch was bespreek. In 'n derde afdeling van die hoofstuk was die gesamentlike seminarium van die NGK en die VGKSA bespreek. Die uitdaging in die stigtingsjaar van die Seminarium was om 'n institusionele kerklike ruimte te ontwikkel waarbinne die geestelike- roepings- en persoonsvorming van die studente kon plaasvind. Hierdie ruimtes word gedefinieer deur ondersteunende verhoudings van Seminarium personeel, groepe, mentors en opleidingsgemeentes wat ruimtes skep vir bogenoemde prosesse van bedieningsvorming. Die uitdaging was om naas en aanvullend tot die akademiese kultuur, ook 'n nuwe kerklike kultuur van vorming te vestig.

## **HOOFTUK 6**

### **Betekenis en uitdagings van teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis**

#### **6.1. Inleiding**

**Hoofstuk 5** van die studie het aandag gegee aan die teologiese opleiding van die VGKSA (1994-2016). Op 14 April 1994 in Belhar het die NGSK en die NGKA verenig en het die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) tot stand gekom. Een van die belangrike sake wat op die stigtingsinode bespreek is, was die teologiese opleiding van die nuwe eenheidskerk. Die VGKSA het besluit om 'n nie-rassige teologiese opleiding daar te stel. Die hoofstuk gee ook aandag aan die verskuiwing van die teologiese opleiding van die UWK na die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch vir die tydperk 2000 tot

2018. Die VGKSA/NGK Seminarium as 'n institusionele kerklike ruimte waarbinne die geestelike- roepings- en persoonsvorming van die studente kon plaasvind word ook bespreek.

Die navorser het in die dissertasie 'n ekklesiologies teologiese ondersoek na die teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis in die VGKSA gedoen. Die navorsingsvraag in die dissertasie was as volg: *Is daar 'n gebrekkige kennis met betrekking tot mag en waar dit setel is wat uiteraard op een of ander wyse die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in Suid Afrika (NGSK), Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en of die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) negatief of positief beïnvloed het?*

Vosloo het in Hoofstuk 2 belangrik stellingnames gemaak met betrekking tot die kontekstuele aard van historiese vertellings/aanbiedings:

- (i) Vosloo (2013:20) is van mening dat historiese vertellings/aanbiedings van die verlede via geheue vind nie plaas in 'n etiese, politieke of teologiese vakuum nie. Dit moet ons in ag neem en sensitief wees hoe die realiteit daarvan ons kan verryk maar ook kan verarm/ontspoor in ons onderlinge diskoerse en praktyke (Vosloo, 2013:20).
- (ii) Ons geskiedenis is in baie gevalle ingewef met mekaar (Vosloo, 2013:22). Vosloo (2013:22) stel dit onder andere duidelik dat 'n verstaan van die verweefdheid van herinnering en geskiedenis vereis dat ons nie in isolasie van ons verlede en geskiedenis behoort te dink nie: *“This suggests that we can understand our own complex histories better in conversation with others and through an openness to each other’s histories. Moreover, we should also remember in the process that we are ourselves “othered” in the histories of others. An understanding of the interwovenness of our memories and histories therefore requires that we resist the temptation to think in isolation about what we regard as our past and our history.”*

Die navorser is van mening dat 'n mens nooit daarop staatmaak dat historiografie suiwer en sonder negatiewe insette of onwaarhede is? Nooit, want dit is hoe ons as samelewing oor eeue heen ingelig en opgevoed was oor die verlede, hoe gebrekkig, onwaar, onseker, irrelevant en onverstaanbaar die narratiewe ook al was. Die geskiedenis, ja alle geskiedenis het leemtes, maar dit beteken nie dat daar geen waarde in die narratiewe is wat ons daaruit kan leer nie. Die persone wat dit oor vertel het hulle eie konteks, agtergrond (sosiaal of polities) en tekortkominge. Hulle het in die proses dalk seergekry, dra nog die wonde van hulle herinneringe. Dit vorm vorm deel van die lens waarmee hul geskiedenis skryf. Dit is asof nie ingedagte hou hoe die Ou Testament en groot dele van die Nuwe Testament sy ontstaan gekry het nie. Kan mens ooit staatmaak daarop dat historiografie suiwer en sonder negatiewe insette of onwaarhede is?

Nooit, want dit is hoe ons as samelewing oor eeue heen ingelig en opgevoed was oor die verlede, hoe gebrekkig, onwaar, onseker, irrelevant en onverstaanbaar die narratiewe ook al was. Sal ons vir drs. Allan Boesak, Desmond Tutu, Beyers Naudé, Chris Loff en Proff. John

de Gruchy, Johan Heyns sê, julle oorvertelling van dit wat gedurende 1960 tot 1990 gebeur het, het geen waarde vir navorsing doeleiendes nie vanweë gebrekkige inhoud, fragmentele geheue en al die wonde wat apartheid veroorsaak het onder ons onderskeie lidmate en gemeenskappe? Behoort ons regtig hulle ervarings, soos verwoord in hulle boeke en navorsingsartikels te verwerp vanweë ons sogenaamde hermeneutiek van suspisie? Indien wel, wat het ons oor? Na wie gaan ons luister? Wie sal ons die storie kan vertel? Hoe moet ons diegene vertrou? Wat word van ons geskiedenis en wat dra ons oor aan toekomstige geslagte? Suspisie sal altyd daar wees.

Historiografie sal altyd by ons wees, maar hoe ons verstaan wat ons lees (hermeneutiek) en die konteks waaruit alles vertel word, bepaal tog ook die waarde van die inhoud van die narratief nie net die persoonlike agtergrond en omstandighede van die geheue van die individu nie. As navorsing oor historiografie slegs te make het met bronne wat in argiewe gestoor word, boeke en artikels wat eers goed nagevors is en biblioteke wat soms te kort skiet aan bronne vir sekere onderwerpe, dan maak ons, na my mening, 'n fout as ons nie die werklike stories wat oorvertel word en wat in ons gemeenskappe gebeur het, dit ook nie in ag neem nie. Dan kan ons dalk akademies armer word en arm bly in plaas daarvan dat ons ryker sou kon word met die bydra van persoonlike geheue/herinneringe en identiteit, hoe gebrekkig en vol foute dit ook al mag wees.

Dit bring Muller (2013:6) by die vraag: Is dit 'n wettige navorsing oefening vir 'wit' geleerdes om die oortuiging (en praktyke) van 'swart' geloof gemeenskappe te bestudeer? Kan menswaardigheid deur so 'n projek gedien word? Of moet 'n mens aanvaar dat die inherente vooroordeel dat akademië onvermydelik sal voortgaan, versteur soos hulle in óf openlik erkende of onderbewuste rassistiese neigings en / of aannames ten opsigte van Westerse kulturele superioriteit is, kan slegs maar daarin slaag om negatiewe stereotipes van Afrika verder te verskans, sy waardes, geloofstelsels en so aan? (Muller 2013:6). Die kerklike deelname aan teologiese opleiding is onontbeerlik. Oberholzer (1994:36) verwoord dit soos volg: "Kurrikulering met die oog op die funksie van die teologie in die kerk voer na die profielontwerp van die lidmaat van die kerk as die mens voor God en van die kerk self as die gemeenskap van mense voor God. Daar is dus 'n wisselwerking tussen die kerklike eksistensie en die teologiese opleiding, met die funksie van die teologie in die kerk vir die kerk as die deurslaggewende leidsprogram“.

Dit maak voortgesette teologiese opleiding noodsaaklik, en dit is 'n funksie wat dinamies uitgebou moet word, enersyds as voortgesette teologiese begeleiding van kerklike ampsdraers met die oog op die gespesialiseerde behoeftes van die kerklike bestaan en werk, andersyds as

bygehoue beoefening van die teologie in wêreldwye konteks. Aan hierdie gesprek neem alle teoloë deel, nie alleen die wat met die opleiding belas is nie. Op dié wyse moet verseker word dat die akademie in die kerk teenwoordig bly, met ander woorde dat teologie die denke en handeling van kerklike liggame en ampsdraers bly bepaal." Dus is teologiese opleiding nie eksklusief nie. Dit kan nie afsonderlik geskied.

Vir Kritzinger (2011) gaan dit daarom hoe om die nalatenskap van eksklusiwiteit te oorkom. Hy praat van 'n moontlike proses van rekonsiliasie; dat 'n produk gespek moet waar 'n nuwe bedieningsformasie vanuit die praxis te voorskyn moet kom in terme van spiritualiteit, in terme van die mense wat opgelei word, in terme van die kurrikulum ('n teologiese refleksie en strategie); dat die persone wat opgelei word, gesamentlik opgelei moet word in 'n nuwe konteks van.

Van Niekerk (2001: 356) is ook van mening dat gesamentlike opleiding die student meer deel kan maak van die Suid-Afrikaanse werklikheid. Hierdie interaksie moet reg verstaan en bestuur word, anders kan die inteenstorting van die gesamentlike opleiding selfs veel gouer plaasvind as wat dit by Stofberg gebeur het. Die nalatenskap van meer as twee eeue van die NGK se sendingbeleid en praktiese betrokkenheid in sending en die diakonaat, wat lei tot die stryd vir onafhanklikheid van die jonger kerke en die familie se stryd om hereniging het 'n beduidende impak op die proses (van kerkhereniging) en gesamentlike teologiese opleiding. Sommige onlangse ontwikkelings en spesifieke gebeure in die Suid-Afrikaanse post-apartheidskonteks, het ook 'n groot rol gespeel. In die opeenvolgende stadiums van die proses van refleksie oor die kerk se sendingidentiteit, roeping en praktyk, word die Bybel anders gelees en beklemtoon vanuit die verskillende tekste en hermeneutiek.

Enkele belangrike verklarings oor die kerk se begrip van sy roeping tot getuie en diens lei het ook die proses gelei. Vanuit 'n nuwe hoek dra die huidige diskoers op "missionale gemeentes" ook beduidend by tot die diskoers oor die definisie van die kerk se missionele roeping en identiteit. Dit het 'n beduidende invloed op gesamentlike teologiese opleiding (Van der Watt, 2010:164). Die grootste gedeelte van die VGKSA bedien arm gemeenskappe. Die leiers se energie, veral in VGKSA, word grootliks aangewend in die stryd om eie finansiële oorlewing en vooruitgang. Gevolglik is die armoedekultuur nie alleen nog nie aangepak nie, maar in werklikheid verder bestendig.

Daar sal 'n teologie ontwikkel moet word en 'n geslag leraars moet opgelei word wat die instelling, die benadering en die metodes het om daaraan aandag te gee. Ons teologie sal getrou moet wees aan die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar (Kritzinger, 1990: 384-386). Begrippe soos teologiese opleiding en bedieningsvorming word

in die VGKSA dikwels as wisselterm gebruik. Die foutiewe gebruik van dié konsepte/begrippe lei dikwels tot begripsverwarring. Dit is van belang om daarop te let dat die NGSK en die NGKA die begrip teologiese opleiding gebruik het, terwyl die VGKSA alreeds sedert die stigtingsinode beide terme gebruik:

“Die opleiding dra ’n kerklike karakter. Dit wil kandidate voorberei vir die bediening in gemeentes en algemene kerklike werk. In die opleiding word universitêre akademiese standaarde nagestreef. Die opleiding maak volle erns met die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele konteks waarin die gemeentes wat bedien word, bestaan. In die praktyk sal dit beteken dat die studente met die verskillende samelewingsverbande in kontak en gesprek tree, en hulle teologiese denke in betrokkenheid daarmee ontwikkel (*Konsepreglement vir die Teologiese Opleiding van Bedienaars van die Woord* 1997) In 2005 stel die Algemene Sinode dit duidelik dat “bedieningsvorming die proses van die toerus van lede van die VGKSA vir ordening in die bediening word bedieningsvorming genoem om erkenning te gee aan die wye omvang daarvan.” (*Agenda VGKSA Algemene Sinode, 2005:293-294*).

Die navorser gebruik effektiewe geskiedskrywing as metodologie in die dissertasie. Plaatjies-Van Huffel (2012:80) stel effektiewe geskiedenis teenoor tradisionele geskiedenis wat verwys na die soeke van bronne, die vasstelling van kontinuïteit, die vind van ooreenkomste en die tabellering van ontwikkeling met een of ander einddoel in sig. Hierteenoor verwys effektiewe geskiedenis na die tabellering van breuke en diskontinuïteite wat die eenheid van die subjek ontwig en die soeke na oorsprong en einddoel breek (Plaatjies-Van Huffel, 2012:80). Die geskiedenis van teologiese opleiding en bedieningsvorming in die VGKSA word gekenmerk met breuke en diskontinuïteite. Die navorser is van mening dat die bedieningsvormingsprogram (500 uur bedieningsvormingspraktyk-opleiding) die teologiese kandidate effektief kan voorberei vir die uitdagings in die bediening en vir die sosiale konteks in die VGKSA waarin hulle sal werk (Sien hoofstuk 5). Die navorser is van mening dat teologiese opleiding selfs huidige by verskillende goedgekeurde teologiese opleidingsentra van die VGKSA binne 'n Westerse verwysingsraamwerk plaasvind (vergeelyk Naidoo se stellingname is Hoofstuk 2). Die VGKSA het reeds in 2005 besluit dat een van die waardes van die bedieningsvorming Afrika Gereformerdheid behoort te wees. Soos Naidoo (2013:3) tereg opmerk is kultureel- en taalkundig-toepaslike programme en hulpbronne vir teologiese onderwys dringend nodig. (Hoofstuk 2)

In die Reglement vir teologiese opleiding wat op die Algemene Sinode 2005 goedgekeur was, was word aangetoon dat teologie studente die evangelie uitstekend in 'n Afrika konteks behoort te oordra (Sien Artikel 11 Rule (reglement) for Ministerial formation in the URCSA 2005 ). Die VGKSA se visie sedert 2005 is dat die Gereformeerde Afrika teologie en praxis verder ontwikkel behoort te word. Die VGKSA is van mening dat die

bedieningsvorming proses die Afrika Gereformeerde identiteit behoort te versterk en te ontwikkel (Sien Bylaag 7 Visie van Bedieningsvorming in die *Theological Formation Manual*). Daar is egter nie veel aandag verleen om dit verder te ontwikkel in die 500uur praktyk opleiding van die VGKSA nie.

Prof. Cloete het hy voorgestel dat die hele aangeleentheid binne die raamwerk van die gekonsolideerde aanbod in die Wes-Kaap bekyk moes word. Die konsep van die gekonsolideerde aanbod is ter sprake gebring by een van die gesamentlike diskussies met Stellenbosch en UWK deur Prof. B.C Lategan. Die basiese idee hieragter was om die godsdiens en teologiese aanbod binne die Wes-Kaap te konsolideer omdat die nuwe onderwyswet nie baie gunstig vir die akademiese studie van godsdiens en teologie is nie en daar alreeds by al drie Universiteite 'n afname in studentegetalle was. Prof. Cloete was verder van mening dat die hele aangeleentheid binne die raamwerk van die gekonsolideerde aanbod in die Wes-Kaap bekyk moes word. Prof. Cloete het geoordeel dat die aksent by die VGKSA in teologiese opleiding eerder op streeksamewerking gelê moes gelê het. 'n Vraag van belang vir hom is of die skuif die proses van eenwording met die NGK kan bevorder.

Hy was ook van mening dat die bevordering van die eenheid in die VGKSA se geleedere voorlopig die prioriteit van die VGKSA behoort te wees. In elk geval sou dit volgens Prof. Cloete beter gewees het om so 'n besluit te laat wag tot die rapport oor teologiese opleiding binne die VGKSA voorgelê is. UWK was volgens Prof. Cloete tot ten minste die vaste punt ten opsigte van teologiese opleiding van die VGKSA. Hy dui aan dat 'n verdere onsekerheid is die teologiese opleiding van die NGK self.

Volgens Prof. Cloete is dit nie ondenkbaar dat die NGK vanweë sy monopolie op teologiese fakulteite ook genoodsaak sou word om sy teologiese opleiding op een punt te moet konsentreer nie. Prof. Cloete stel 'n retoriese vraag: En wat gebeur as die punt Pretoria word? Prof. Cloete dui die uitgangspunte vir so 'n gekonsolideerde aanbod soos volg aan:

- i. Daar moet optimaal na gestreef word om as universiteite en fakulteite saam te werk en moet so 'n gees weerspieël.
- ii. Die behoeftes van die kerke betrokke moet ontmoet word.
- iii. Dit moet prakties en implementeerbaar wees en onnodige duplisering uitskakel.
- iv. Dit moet koste-effektief wees.
- v. Dit moet al die benaderinge van die akademiese studie van godsdiens en teologie in ag neem.
- vi. Dit moet die voortbestaan van godsdiens en teologie by al drie universiteite soek en verseker.
- vii. Dit moet die deskundigheid van die doserende personeel met mekaar deel.
- viii. Dit moet die geskiedenis van die studie van godsdiens en teologie by die institute in ag neem.
- ix. Dit moet die studente en dosente aan die verskillende etos (leefwêreld) van die institute blootstel, ens.



Prof. Cloete het die volgende voorstel aan die Kuratorium van die Streeksinode Kaapland voorgelê:

“ My voorstel sou kortliks daarop neergekom het dat die BTh - graad by UWK behou moet word, maar dat ons dit wat die BD - graad dek, by US afhandel. Die VGKSA studente kan dus nog steeds hulle eerste vier jaar by UWK deurbring, maar vir hulle afrondingsjare na Stellenbosch gaan. By UWK is dit eintlik alleen maar die VGKSA studente wat dit volg. Verder sou daar op grond van ons behoeftes, deskundigheid, ens. aan beide kante, onderhandel kon word om die beide leerplanne uit te voer op 'n koste-effektiewe manier. Dit sou kon inhou die uitruil van studente en/of dosente waardeur ook Stellenbosch blootgestel word aan 'n Derde Wêreld en UWK aan 'n Eerste Wêreld konteks. Dit sou die verplasing van dosente tot die minimum kan beperk.”

Die voorstel was jammerlik nie aanvaar nie.

## 6.2. Struktuur van navorsing

Die navorser gee in Hoofstukke 3, 4, 5 en 6 'n historiese oorsig oor die teologiese opleiding en bedieningsvorming van die NGSK, NGKA, VGKSA. Aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van die seminarium van die VGKSA en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) aan die Fakulteit Teologie. In die inleidende hoofstuk was die navorsingsonderwerp ontvou, toegelig en gemotiveer.

In **Hoofstuk 2** was die teoretiese basis asook die historiografiese benadering wat in die dissertasie gevolg bespreek. In **Hoofstuk 3** was aandag verleen aan die teologiese opleiding van die NGKA. Onder andere was aandag verleen aan die Stofberg-Gedenkskool (1908-1959) asook die etniese verdeling van die Stofberg Teologiese Skole gedurende 1960-1994. Die Stofberg Gedenkskool was deur die NGK op 1 Oktober 1908 te Viljoensdrif in die Vrystaat geopen. In die 1950s was dit verdeel in vier etniese institute in lyn met die tuisland beleid.

**Hoofstuk 4** van die studie het 'n historiese oorsig van die teologiese opleiding van die NGSK vir die tydperk 1929 tot 1999 gegee. In die hoofstuk het die navorser die rol van deur middel van die kerkhistoriese tydlyn van belangrike Sinode-besluite van NGSK en die rol van die NGK ten opsigte van die teologiese opleiding bespreek. Die NGK het 'n groot rol gespeel in die vestiging en ontwikkeling van teologiese opleiding aan die inheemse volke van Suid Afrika. Die verskuiwing van die Teologiese Skool vir die NGSK vanaf die Sendinginstituut te Wellington na die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wes-Kaapland was ook bespreek.

In **Hoofstuk 5** van die studie was aandag gegee aan die teologiese opleiding van die VGKSA (1994-2016). Op 14 April 1994 in Belhar het die NGSK en die NGKA verenig en het die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) tot stand gekom (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:282). Een van die belangrike sake wat op die Stigtingsinode bespreek was, was die teologiese opleiding van die nuwe eenheidskerk. Die VGKSA het besluit om 'n nie-rassige teologiese opleiding daar te stel. In Hoofstuk 5 word verder aandag

gegee aan die aan die verskuiwing van die teologiese opleiding van die UWK na die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch vir die tydperk 2000 tot 2018 gegee.

In die hoofstuk word ook die redes vir die verskuiwing, samewerkingsooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch bespreek. In 'n derde afdeling van die hoofstuk was die gesamentlike seminarium van die NGK en die VGKSA bespreek. Die uitdaging in die stigtingsjaar van die Seminarium was om 'n institusionele kerklike ruimte te ontwikkel waarbinne die geestelike- roepings- en persoonsvorming van die studente kon plaasvind. Hierdie ruimtes word gedefinieer deur ondersteunende verhoudings van Seminarium personeel, groepe, mentors en opleidingsgemeentes wat ruimtes skep vir bogenoemde prosesse van bedieningsvorming. Die uitdaging was om naas en aanvullend tot die akademiese kultuur, ook 'n nuwe kerklike kultuur van vorming te vestig.

**Hoofstuk 6** van die studie word die betekenis en uitdagings van teologiese opleiding en bedieningsvorming **praxis** vir die VGKSA bespreek. Die navorsingskonklusies het niks te make met die navorser se eie mening/standpunt nie maar het te doen met die navorsings bevindinge dit wil sê dit wat gebaseer was wat die navorser geleer het en afgelei in hoofstukke 2-6. In die hoofstuk was aandag verleen word aan hoe mag en kontrole oor teologiese opleiding in die NGKA, NGSK, VGKSA onderskei kan word. Asook hoe die VGKSA die praktyk opleiding beide betekenisvol is in die bedieningsvorming van teologie studente van die VGKSA asook hoe dit die VGKSA uitdaag.

### **6.3. Mag en kontrole oor teologiese opleiding**

Die navorser toon in Hoofstuk 3 (NGKA) en Hoofstuk 4 (NGSK) dat 'n gebrekkige kennis van mag en wáár dit gesetel is die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming in so 'n mate beïnvloed dat op 'n diskontinuiteit wyse besluite met betrekking tot teologiese opleiding geneem was. Die beïnvloeding van die NGK op die kurrikulum van die teologiese skole, aanstelling van dosente, bestuur van teologiese skole van beide die NGKA en die NGSK, fondse, beurse, selfs die verskuiwing van die teologiese skole, opstel van reglemente en kontrakte, verslaggewing aan die NGK met betrekking tot teologiese opvoeding, asook oor eiendom is 'n aanduiding dat mag primêr in die NGK gesetel was (Sien hoofstukke 3 en 4). Soos Plaatjies-Van Huffel (2012:78) tereg opmerk, het geskiedenis dikwels te doen met die vraag na institusionele kontrole en mag. In die geskiedenis van die teologiese opleiding van die VGKSA kan institusionele kontrole en mag duidelik onderskei word.

Die verhaal van die ontwikkeling van teologiese formasie van die NGKA, die NGSK, die VGKSA toon duidelik dat die genoemde kerke se teologiese opleiding en

bedieningsvorming vir 'n groot deel van die geskiedenis onder die beheer van die NGK was. Die beheer oor die Stofberg-Gedenkskool was sedert 1908 tot 1946 in die hande van 'n kommissie van die NGK (sien 3.3.1) Die Breë Kommissie het namens die NGK volle beheer tot 1915 oor die Stofberg-Gedenkskool uitgeoefen (3.2.3.) Sedert 1915 met die aanvaarding van die *Konstitusie* was die samestelling van die kommissie effens gewysig, naamlik drie verteenwoordigers van die NGK teenoor die twee verteenwoordigers wat die sendingkerke verteenwoordig het. (Sien 3.2.3.4).

Die NGK het behorende aandeel in die Stofberg-Gedenkskool behou. De Villiers verdedig die beheer van die NGK op die Stofberg-Gedenkskool dat “dit heeltemal geregverdig te wees as gevolg van die leeu-aandeel op finansiële gebied ten opsigte van die inrigting”. Finansies word dus as regverdiging aangedui vir die beheer van 'n outonome kerk se teologiese opleiding. Eers teen 1979 was die gelyke aantal verteenwoordiging, van beide die NGK en die NGKA se verskillende streeksinodes op die Sentrale Bestuur van die Stofberg Gedenkskool gevestig (Sien 3.7.2). Tydens die NGK Sinode 1932 was die eerste reglement vir teologiese opleiding van die NGSK goed gekeur.

Sedert 1932-1973 was die NGK in beheer van die teologiese opleiding van die NGSK. Tot en met 1942 het Toelatingskommissie en Eindeksamenkommissie van die sogenaamde Kleurlingleraars bestaan uit leraars van die NGK. Die NGK was dus tot 1942 in totale beheer van wie tot die bediening as bedienaars van die Woord in die NGSK toegelaat sou kon word.

Eers op die sinode van die NGSK 1942 was die eerste twee verteenwoordigers van die NGSK op die toelatingskommissie benoem. Die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding van die NGKA, NGSK asook die VGKSA konsentreer vanaf 1908 tot 1994 hoofsaaklik op wie opgelei mag word (sien opleiding van evangeliste opleiding van predikante uitfasering van die evangeliste amp, wie op Sentrale bestuur en/of Kuratoria mag dien aanvanklik slegs NGK predikante, vanaf 1915 sendelinge wat die NGKA op beheerraad moes verteenwoordig, die daarstelling van kuratoria in die plek van die Sentrale bestuur die aanstelling van dosente (aanvanklik slegs wit dosente was aangestel) die oprigting van geboue om teologiese opleiding te huisves asook koshuisstudente die daarstelling van etniese opleiding sentra vir teologiese opleiding, die apartheidswetgewing se beïnvloeding van teologiese opleiding verskuiwing van teologiese skole bedinging van ooreenkomste met universiteitsowerhede.

Eers sedert 1975 was die Sentrale en Plaaslike Besture so saamgestel dat die NGK en die NGKA 'n gelyke getal verteenwoordigers het (sien *Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleraars en –*

*Evangeliste* Artikel 2). Die NGK moes byvoorbeeld goedkeuring verleen dat die *Reglement vir die opleiding van Kleurlingleraars* gewysig word om sodoende voorsiening te kon maak dat die admissiekursus aan pas by die kursus wat by die Universiteitskollege aangebied word. Die registrasie in 1961 van die eerste admissieklas by die UWK sluit wat die toelatingskursus betref 'n kerklike era af wat gevolg is deur 'n universitêre bedeling" (Kriel 1978:45). Die navorsing dui egter 'n diskontinuiteit in die storielyn met betrekking tot die ontwikkeling van die teologiese opleiding in die VGKSA aan.

#### **6.4. VGKSA fokus op bedieningsvorming**

In Hoofstuk 2.1 word aangedui dat 'n gesonde balans bewerkstellig moet word tussen die teoretiese en praktiese aspekte van opleiding wat studente vorm en voorberei om in alle publieke te kan werk en effektiewe sosiale transformasie te kan beoefen. Beide die NGK en die VGKSA het besluit om die behoefte aan 'n kerklike teologiese opleidingsprogram aan te spreek. Die Seminarium poog om die kerklike behoeftes van die NGK aan aanvullende teologiese opleiding aan te spreek asook om die 500 uur praktyk opleiding aandag van die VGKSA te implementeer. Die Fakulteit verleen aandag aan die teoretiese aspekte van teologiese opleiding terwyl die Seminarium aandag verleen aan die praktiese en spirituele aspekte. Byvoorbeeld met betrekking tot geestelike vorming en roepingsbewussyn is daar elke jaar 'n program van 100 dae van geestelike vorming wat afsluit word met Pase. Elke jaargroep neem hieraan deel.

In hierdie program word die basiese geloofsvormende gewoontes ingeoefen en bemeester. Aandag word ook in die seminarium verleen aan 'n roepingsontwikkelingsplan. Die student ontwikkel 'n roepings ontwikkelingsplan en lê dit aan die Ondersteuningskomitee voor vir goedkeuring. aan die einde van die tweede studiejaar (Sien Bylaag 21 *500-uur Bedieningsvormingsprogram*). Conradie verwys na twee van die basiese modelle van teologiese opleiding van Kelsey, naamlik *Athena* wat fokus op spirituele vorming en *Berlin* (akademiese uitmuntendheid). Die VGKSA gee in die 500 uur praktyk opleiding aandag aan die spiritualiteit- en karaktervorming van teologie studente van die VGKSA (Sien Bylaag 21 *500-uur Bedieningsvormingsprogram*). Terselfdertyd strewende die VGKSA 500 uur praktyk opleiding aandag na akademiese uitmuntendheid. Laastens beklemtoon 500 uur praktyk opleiding aandag die belangrikheid van praktiese opleiding om vaardighede te ontwikkel vir die bediening in 'n gegewe konteks (Sien Bylaag 21 *500-uur Bedieningsvormingsprogram*). In die 500 uur bedieningsprogram poog die VGKSA om dat teologiese opleiding in alle sosiale kontekste te laat spreek, naamlik die publiek, die universiteit en die kerk ( Sien Bylaag 21 *500-uur Bedieningsvormingsprogram*).

Conradie dui in Hoofstuk 2 aan dat Schleiermacher se model fokus op die praktiese aspekte van die teologiese opleiding. Studente word in die model van teologiese opleiding die tegnieke van prediking, liturgie, pastorale sorg, kategeese, jeugwerk, gemeente administrasie, gemeenskapsontwikkeling en evangelisasie geleer. Die 500 uur bedieningsprogram van die VGKSA fokus gevolglik nie so veel op die teoretiese refleksie van aspekte nie, maar lê veel eerder klem op praktiese vaardighede wat aangeleer behoort te word (Sien Bylaag 17 *500-uur Bedieningsprogram*). Die behoeftes van die derde publiek (samelewing) soms geïgnoreer word en dat die opleiding van predikante net fokus op kerk en akademie. Die navorsing dui aan dat dit belangrik dat studente opgelei moet word om die visie van sosiale transformasie te bevorder.

Op die Stigtingsinode het die VGKSA as beginsel aanvaar dat teologiese opleiding volle erns met die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele konteks waarin die gemeentes wat bedien word, moet maak. In die praktyk sal dit beteken dat die studente met die verskillende samelewingsverbande in kontak en gesprek tree, en hulle teologiese denke in betrokkenheid daarmee ontwikkel. (Sien Bylaag 6 *Beginsels van Teologiese Opleiding vir die VGKSA*). Uitdaging is dat dit is aanvanklik dat studente uitgeplaas was in gemeentes met verskillende kulturele agtergronde, maar met verloop van tyd is dit gestaak sonder opgaaf van redes. Die fokus in die 500 uur praktyk opleiding gee die VGKSA nie so veel op die teoretiese refleksie van die aspekte nie maar om op praktiese vaardighede wat aangeleer word naamlik tegnieke geleer van prediking, liturgie, pastorale sorg, kategeese, jeugwerk, kerklike administrasie, gemeente bestuur, gemeenskapsontwikkeling en evangelisasie (Sien Bylaag 21 *500-uur Bedieningsvormingsprogram*). Een van die uitdagings wat die Kuratorium tans ervaar is swak verslaggewing van mentors met betrekking tot die 500uur praktyk ervaring). Studente moet gehelp word om 'n diep vormingsproses te ondergaan waarin wysheid oor God persoonlik toegeëien word en waar leer nie slegs 'n persoonlike saak is nie, maar gedoen word ter wille van die publieke lewe, kerklike lewe en kerkleierskap.

Die praktyk opleidingsprogram van die VGKSA maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n eie **credo**: Vir die ontwikkeling hiervan skryf die student 'n CREDO waarin die vakkundige kennis geïntegreer word in 'n eie verantwoording. Die CREDO moet aan die einde van die 4de jaar goedgekeur en ingehandig word. Die ontwikkeling van die CREDO is nie 'n werkstuk wat met behulp van akademiese bronne geskryf word nie, maar is die ontwikkeling van 'n eie teologiese taal wat die student alleen kan doen vanuit sy/haar ervaring in die gemeentebediening, deur self te preek, geloofsgesprekke te voer ens. 'n Belangrike beginsel onderliggend aan die kurrikulum wat in 2005 deur die VGSA se

Algemene Sinode goedgekeur is, is dat studente bykomend tot die vyf-jaar akademiese program aan 'n erkende instansie van hoër opleiding, ook praktiese bedieningsvorm ondervinding moet opdoen.

Die Algemene Sinode was van mening dat aangesien dit onmoontlik is om ministriële studente vir elke moontlike situasie of uitdaging voor te berei, hulle “gehelp moet word om 'n sigbare metode van kontekstuele teologie en bediening te ontwikkel deur om die nodige teologiese kennis, vaardighede en koninkrykswaardes te bekom sodat hulle in enige situasie ‘op hulle voete’ kan dink.” Vanaf die eerste jaar van studie word daar van alle studente verwag om betrokke te raak by verskeie vorms van bediening in gemeentes van die VGKSA wat deel is van die program, en op 'n vlak van verantwoordelikheid wat pas by die vlak van hul studies. Hierdie ondervinding van bediening onder die toesig van 'n VGKSA- predikant as mentor moes blootstelling aan 'n verskeidenheid van landelike en stedelike kontekste, ekumeniese diensagentskappe en nie-regering-organisasies en gemeentes van ander taal en kulturele groepe, insluit.

## **6.5. Konklusie**

Die navorsing oor 'n *Ekklesiologies-teologiese ondersoek na die teologiese opleiding en bedieningsvorming praxis in die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider Afrika* toon dat die historiese agtergrond, inhoud en patrone van teologiese opleiding en bedieningsvorming van die NGSK en die NGKA asook die VGKSA die verskeie sentra van teologiese opleiding van die VGKSA kan help om doeltreffend in gerig te word ten einde persone vir die bediening voor te berei (sien hoofstukke 3-5). Daar is 'n magdom materiaal in die VGKSA wat betrekking het op teologiese opleiding en bedieningsvorming wat wydverspreid voorkom. Die dissertasie poog om die leemte aan te spreek met betrekking tot die sistematiesing van die nadenke oor teologiese opleiding en bedieningsvorming in die VGKSA. Die navorsing dui egter 'n diskontinuiteit in die storie-lyn met betrekking tot die ontwikkeling van die teologiese opleiding in die VGKSA aan.

Dit is en bly die Kuratorium se verantwoordelikheid om te waak oor die gehalte en die inhoud van die teologiese opleiding van die Kerk se predikante. Die vraag wat die VGKSA na 25 jaar vir haarself behoort te vra is in welke mate sy dit doen. Die verskillende goedgekeurde teologiese formasie sentrums van die VGKSA naamlik in die Noorde en die Suid dien nie juis om 'n kohesie in teologiese opleiding te bevorder nie. Vanweë verskeie ontwikkelings veral die afgelope twee jaar moes die Kuratorium van die Streeksinode Kaapland telkens met groot versigtigheid vra of die opleidingsbehoefte soos vereis deur die



Algemene Sinode van die VGKSA deur die teologiese fakulteite in Suid-Afrika en Namibië bevredigend vervul word.

By UWK het die kerk drie kerklike dosente bekostig. Die vraag is: Het ons kerklike dosente weer nodig? Hoe gaan hul bekostig word? Behoort ooreenkomste in die verband met universiteite beding te word en hoe? Watter waarborge word deur Universiteit Stellenbosch (US) gegee dat die dosenteposte van die VGKSA (wat na US verskuif was) ook in die toekoms vir die VGKSA sal voortbestaan?

'n Belangrike beginsel onderliggend aan die kurrikulum wat in 2005 deur die VGKSA se Algemene Sinode goedgekeur is, is dat aangesien dit onmoontlik is om teologie studente vir elke moontlike situasie of uitdaging voor te berei, hulle gehelp moet word om 'n sigbare metode van kontekstuele teologie en bediening te ontwikkel deur die nodige teologiese kennis, vaardighede en koninkrykswaardes te bekom sodat hulle in enige situasie "op hulle voete sal kan dink."

Met betrekking tot die dekolonialisering van die teologiese aanbod behoort die akademiese -kurrikulum van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch 'n definitiewe Afrika-karakter te hê. Dit impliseer dat die publikasies van Afrika- skrywers en nie net van Europeërs en Amerikaners nie, as handboeke voorgeskryf behoort te word. Om hierdie oorgang te vergemaklik behoort die Fakulteit Teologie, Afrika teoloë as lektore, besoekende geleerdes, post-doktorale vennote, navorsers, ensovoorts aan stel om sodoende groter bewustheid van die ryk nalatenskap van Afrika teologie, die uitdagings wat ons op die kontinent teëkom, en die kreatiewe oplossings wat Afrika kerke gebruik word om die probleme aan te spreek, te kweek.

Dit is die Kuratorium se ervaring dat MDIV- studente sukkel om met om met die Griekse en Hebreeuse tekste eksegeties verantwoordbare preke te kan maak. Die rede is omdat die MDIV- studente slegs verplig is om hierdie twee tale op die eerstejaarsvlak (inleidende tot die tale) te studeer. In die proefpreke word hierdie leemte om met die brontale met intergiteit om te gaan duidelik waarneembaar. Die Algemene Sinode sal haar besluit moet hersien sodat Grieks en Hebreeus weer op tweedejaarsvlak aangebied kan word. Die navorsers is van mening dat om twee redes Grieks 1 en Hebreeus 1 die student benadeel: (a) 'n student is nie toegerus om in-diepte eksegeties te kan doen nie. (b) Met slegs Grieks 1 en Hebreeus 1 kan 'n student nie in Nuwe of Ou Testament kan promoveer nie. Wat uiteraard tot gevolg het dat geen VGKSA lid in die toekoms 'n akademiese bydrae in die Bybelse wetenskappe sal kan lewer nie, in Bybelvertaling sal kan deelneem nie, of akademiese poste sal kan beklee nie.

Die situasie by die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, is soos volg: Baie student daag op kampus op met opvoldende voorbereiding vir sekondêre skoolopleiding. 'n Toenemende aantal studente kom van toestande van endemiese armoede, 'n gedurige stryd om te oorleef, veral getroude studente met gesinne. Voorgraadse onderrig blyk te fokus op studentesukses in die sin van slaag, en nie van uitnemendheid koester en bevorder nie. Nuwe aanstellings in Teologie word dikwels gekonfronteer met die situasie dat min Bruin, Swart, Indiër kandidate oorweeg kan word as gevolg van 'n gebrek aan geleentheid in die verlede. Voldoende oorbrugging van die gaping tussen sekondêre en tersiêre onderrig. Aanspreek van die kwessies van materiële nood by studente. Om studente se prestasie te verbeter, nie net om die slaagsyfer te verhoog nie, maar ook om alle studente in staat te stel om hul talente en vermoëns te vervul.

Om MTh en PhD graduandi op te lewer (hulle het beurse van die NGK ontvang) wat oorweeg kan word met toekomstige akademiese aanstelling in die Fakulteit Teologie. Die Streeksinode se teologiese bedieningsvorming-taakspan (nie die NGK nie) behoort fondse te werf vir voldoende fondse vir onderrig, navorsing en sosiale impak. Die Streeksinode se teologiese bedieningsvorming-taakspan behoort studente te identifiseer met beide die vermoë en belangstelling om met nagraadse studies voort te gaan in soveel teologiese dissiplines as moontlik. Hierdie proses van identifisering kan begin in die BTh III / BDiv III jaar wanneer keusemodules gekies kan word en spesialisasie in 'n dissipline kan begin. Die daarstel van 'n proses waarin in teologiese temas en onderwerpe geïdentifiseer word deur 'n komitee waarvan die lede akademiese personeel sowel as verteenwoordigers van die kerklike vennote insluit.

Hierdie komitee kan onderwerpe en temas voorstel wat beide relevant is vir geloofsgemeenskappe en haalbaar vir navorsing op meesters en doktorsvlak. “Growing your own timber” is 'n veelvlakkige proses met die doel om Swart, Indiër en Bruin-studente gegradueerdes op te lewer wat oorweeg kan word by toekomstige akademiese aanstellings in die Fakulteit Teologie. Hierdie proses moet rekening hou met die akademiese en finansiële uitdagings van Swart, Indiër en Bruin-studente; dit sal ook die samewerking van kerklike vennote benodig om gepaste student te identifiseer om deel van die proses te word.

'n Verdere uitdaging is dat daar geen eenvormigheid in die VGKSA is ten opsigte van teologiese opleiding nie. Verskillende reëls en kurrikulums is van toepassing op verskillende streeksinodes en goedgekeurde teologiese formasie sentrums van die VGKSA. Dit gee aanleiding tot spanning tussen studente en die verskillende Kuratoria, aangesien die onderskeie teologiese formasie sentrums hul eie vereistes vir teologiese opleiding het.

Nog 'n uitdaging vir die VGKSA is: Hoe kan die VGKSA die groot getalle vakante gemeentes, veral in die landelike gebiede, aanspreek? Hierdie gemeentes kan nie bekostig om predikante te beroep nie. Proponente moet gevolglik 'n lang tydperk wag voordat hulle geroep word. Daar is ook 'n groot persentasie VGKSA bedienaars van die Woord, wat as gevolg van die finansiële onvermoë van gemeentes genoodsaak is, as tentmakers in gemeentes te werk.

Verdere navorsing is nodig om die uitdagings wat deur hierdie navorsing aangedui word te ondersoek. Die moontlikheid bestaan dat so 'n navorsing kan uitmond in die ontwikkeling van 'n nuwe teologie met betrekking tot teologiese opleiding en teologiese formasie. Die navorsingsbevindings fokus egter slegs op die navorsingsvraag: Is daar 'n gebrekkige kennis met betrekking tot mag en waar dit setel is wat uiteraard op een of ander wyse die diskoers met betrekking tot teologiese opleiding en bedieningsvorming van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in Suid Afrika (NGSK), Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en of die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) negatief of positief beïnvloed het?

Die navorser neem in hierdie navorsing drie geskiedenis van teologiese opleiding, naamlik: NGKA, NGSKA, VGKSA deur die lens van die historiografiese benadering van MA Plaatjies-Van Huffel te gebruik. Sodoende poog die navorser om die uitdaging van die teologiese opleiding en teologiese formasie aan te dui.

## BIBLIOGRAFIE

- Adonis JC 2000. Report of the theological books at the church office in Belhar. *Africa: An Indexed Bibliography. Volume 6 of Study guides in religion and theology.* (ed), pp349-361.
- Agreement between the University of the Western Cape and the Uniting Reformed Church 1999.
- Agreement between the Evangelisches Missionwerk in Deutschland and the University of the Western Cape, Faculty of Theology 27 October 1993
- Banks, R. 1999. *Reenvisioning theological education. Exploring a missional alternative to current models.* Grand Rapids: Eerdmans.
- Botman, HR 2006. *Barmen to Belhar: A contemporary confessing journey.* NGTT Deel 47 Nommers 1 & 2 Maart & Junie 2006.
- Botman, HR. 2008. *The Confession of Belhar and Our Common Future-Address to the Brief van Oudstudente van UWK insake verskuiwing van die teologiese opleiding van UWK na Universiteit Stellenbosch 16 November 1999.*

- Brief van Prof. GD Cloete aan Kuratorium van die Streeksinode Kaapland 30 September 1999*
- Brief van Prof PJ Robinson in verband met buitelandse skenking aan Raad van Dosente vir daarstelling van verblyf vir oorsese gaste Gedateer 30 November 1998.*
- Church Order of Dort 1619.*
- Cloete, G.D. and Smit, D.J. 1984. *'n Oomblik van waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n "status confessionis" en opstelle van die konsepbelydenis.* Cape Town: Tafelberg.
- Conradie, EM. 2004. An ABC in theological education? *In Mapping Systematic Theology in* Conradie, EM & Fredericks, CE. African Sun Media. pp 349-361.
- Coertzen, P. 2009. *Teologie Stellenbosch 150+.* Die verhaal van teologiese opleiding op Stellenbosch-die mense en geboue. Bybelmedia, Wellington.
- Coetzee, J.H. 1954. Wet op Bantoe-onderwys 1953. Potchefstroom, Januarie 1954. Koers – Bulletin for Christian Scholarship/Bulletin vir Christelike Wetenskap Vol 21, No 4 a 1812
- Crafford, D. 1982. *Aan God die dank. Geskiedenis van die sending van die Ned. Geref. Kerkbinne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende buurstade. Deel 1.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- De Villiers, DR. 1975. *Teologiese opleiding vir wit en swart deur die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika.* Pretoria: NGKerk-Boekhandel.
- Emdem Church Order 1571.*
- Genevan Ecclesiastical Ordinances (1541)*
- Gerdener, GBA. 1958. *Recent developments in the South African mission field.* Pretoria: NG Kerk uitgewers.
- Goodall, Norman & Nielsen, Eric W. 1954. *Survey of the training of the ministry in Arica.* Part III. London; New York: International Missionary Council.
- Hendriks, HJ. 2014. *"Theological education in Africa: Messages from the fringes"*, in NGTT deel 55, no.1. Kerk en Samelewing, 1990. Dokument van die NGK.
- Kerkorde en Bepalings Streeksinode Kaapland 2014.*
- Kriel, CJ (red). *Die Eerste Eeu. Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suider-Afrika.*
- Kritzinger, JNJ, 2009. *Ministerial Formation Praxis in the Uniting Reformed Church in Southern Africa: In search of inclusion and authenticity.* This article is an adapted version of a paper read at the Southern African Missiological Society held from 23 to 26 June 2009 in Stellenbosch.
- Kritzinger, JNJ. 2011. *"Die einde van sending. Fases in die Sendingbedryf"*, in Acta Theologica, 2011 31(2): 111-134.
- Kritzinger, JNJ. 1990. *"Gereformeerde Teologiese Opleiding en die toekoms"*, in *In die Skriflig*, 24(4), bl. 379-389.
- Kruger, P & Van der Merwe, JM. 2017. *"The Dutch Reformed Church as a prominent established South African church: In transition towards the 21st century"*, in *Verbum Ecclesia* vol.38 n.1 Pretoria.
- Letter to Dr Lotter Engel of the Evangelisches Missionwerk in Deutschland regarding acknowledgement of donations to research and ecumenical programs 20 March 1996*
- Letter of Prof Borman, Chairperson of the Board of lectures of the URCSA to the Curatorium of the Cape Regional Synod Dated 18 November 1999.*
- Letter of the Curatorium of the Cape Regional Synod to Prof CT Johnson (acting Vice-Rector (academic) of the UWC Dated: 3 December 1998.*
- Loff, CJA, 2009. *Bevryding tot Eenwording.* Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994.

- Lombaard, C, 2016. *Teologiese opleiding in Afrika en ekumenisiteit in spiritualiteitsperspektief: 'n oriënteringsraamwerk en kurrikuluumvoorstelle vanuit die vakwetenskap Christelike Spiritualiteitskunde*. Journal for Christian Scholship ( 4th Quater), pp 259-275.
- Lombaard, C & Hunter JH (reds). *Kom ons word Een*. 1995. EIN Publikasie, Windhoek.
- Lombard, JA. 1985. *Ontwikkelinge in die sendingbeleid en –praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die tydperk 1932 tot 1962*. Universiteit van die Noorde: Ongepubliseerde DTh.
- Maag, K. 2016. *Lifting Hearts to the Lord: Worship with John Calvin in Sixteenth-Century Geneva*. Eerdmans Publishers: Grand Rapids.
- Maree, WL. 1958. *By die fontein. Stofberg-Gedenkskool, 1908-1958*. Pretoria: Voortrekkerpers.
- Marias, JF, 2017. *Teologiese vir Missionale bediening*  
<http://kerkbode.christians.co.za/2017/12/15/Teologiese-opleiding-vir-missionale-bediening/1/2>
- Müller, R. 2013. *Historiography and Cross-culture Research into African Indigenous Christianity (AIC): A Challenge to Human Dignity*. Studies in World Christianity. 19(1): pp. 5-24.
- Naidoo, M. 2011. “*An Empirical study on Spiritual Formation at Protestant Theological Training Institutions in South Africa.*” Brill: Religion & Theology 18, pp 118-146.
- Naidoo, M. 2013. *Persistent issues impacting on theia training of ministers in the South African Context*. Scriptura. Journals. 112 (1): pp1-16.
- Oberholzer, JP. 1994 *Tendense in teologiese opleiding: Die pad vorentoe*, HTS 50.1&2.
- Oosthuysen, JC. 1972. *Isilimela*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Plaatjies-Van Huffel, MA, 2012. Michel Foucault se historiese benadering as lens in historiese ondersoek. *Acta Theologica* 2012 32(1):78-95.
- Plaatjies-Van Huffel, MA. 2013. The Belhar Confession: born in the struggle against apartheid in southern Africa. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, vol 39, no 1, pp.185-203.
- Plaatjies-Van Huffel. MA. A Chronology of the Political and Theological Activity at the University of Western Cape during the Heyday of the Struggle against Apartheid In *Contested Relations Protestantism between Southern Africa and Germany from the 1930s to the Apartheid era*. Edited by Hans Lessing, Tilman Dederling, Jürgen Kampmann, and Dirkie Smit. pp 500-509.
- Plaatjies-Van Huffel. MA. 2017. Acceptance, Adoption, Advocacy, Reception and Protestation – a chronology of the Belhar Confession. In Plaatjies- Van Huffel MA & Modise, L. *Belhar Confession. The Embracing Confession for Faith for Church and Society*.
- Pettegree, A, Duke, A & Lewis, G (eds.) 1994. *Calvinism in Europe 1540-1620*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Referaat gelewer voor die Teologiese Skole Kongres 2000 te Stellenbosch. In *Die Skriflig* 35(1) 2001:129-140.
- Reid, WS. 1995. Calvin and the Founding of the academy of Geneva,  
[Westminster Theological Journal. Vol. 18:1 \(Nov 1955\)](#)
- Retief, J. 1989. *Bly by jou bevryder. Katkisasieboek*. Kaapstad: Creda Pers
- Robinson, PJ and Botha, J (eds), 1986, *Wat is sending – 'n werkwinkel vir die familie van NG kerke*, UWK.

- Rowdon, HH Theological Education in Historical Perspective. In *Vox Evangelica* 7(1971):75-87.
- Schilder, K. 1935. *Wat is de hemel?* Kampen: Kok.
- Smith, NJ. 1972. Die planting van afsonderlike kerke vir Nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. DTh dissertasie. Pretoria: p 1-196.
- Saayman, WA.2007. *Being missionary, being human: An overview of Dutch Reformed Mission: Pietermaritzburg: Cluster Publications.*
- Saayman, W. 2009. "*Eenheid en moratorium: 'n historiese perspektief*", in *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, vol. 50, no 3&4,
- Smith, NJ. 1972. *Die planting van afsonderlike kerke vir die Nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* Ongepubliseerde Proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.
- Van der Watt, G. 2010. "*Recent developments and challenges in understanding the Dutch Reformed family of churches' missional identity and calling*", *NGTT* 51 no. 3 &4, 164-176.
- Van der Watt, G. 2003. "*Die Sendingpraktyk van die Ned Geref Kerk: Enkele tendense vanaf 1952 tot met die eeu wenteling*", in *VERBUM ET ECCLESIA*, Jrg 24(1), bl. 213-231.
- Van Niekerk, AS. 1989. What is the future of the Theological School Stofberg (Turfloop) *Theologia Viatorum* 17 (Dec 1989): 74-92.
- Van Niekerk, AS. 1997. Mission and lifestyle: The need for new patterns. *Missionalia* 25:3 (Nov):450-465.
- Van Niekerk, A.S. 2001. Die gesamentlike teologiese opleiding: 'n Wonderwerk wat móét werk, *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 41 (3/4): 350-365.
- Vosloo, R. 2009. Calvin, the Academic of Geneva and 150 years of theology at Stellenbosch: Historical-theological contributions to the conversation on theological education. *Studia Historiae Ecclesiasticae*. 35 17-33.
- Vosloo, R.2013. Remembering the role of the Reformed Churches in the Struggle for Justice in South Africa(1960-1990): some remarks on the promise and pitfalls of memory and historiography. *NGTT* Deel 54, Nommers 3 & 4, September en Desember 2013.

### **Agrivale bronne**

*Acta NGSK Sinode* 1881  
*Acta NGSK Sinode* 1891  
*Acta NGSK Sinode* 1904  
*Acta NGSK Sinode* 1908  
*Acta NGSK Sinode* 1916  
*Acta NGSK Sinode* 1920  
*Acta NGSK Sinode* 1924  
*Acta NGSK Sinode* 1928  
*Acta NGSK Sinode* 1932  
*Acta NGSK Sinode* 1937  
*Acta NGSK Sinode* 1942  
*Acta NGSK Sinode* 1946  
*Acta NGSK Sinode* 1950  
*Acta NGSK Sinode* 1954  
*Acta NGSK Sinode* 1958



*Acta NGSK Sinode 1962*  
*Acta NGSK Sinode 1966*  
*Acta NGSK Sinode 1970*  
*Acta NGSK Sinode 1974*  
*Acta NGSK Sinode 1978*  
*Acta NGSK Sinode 1982*  
*Acta NGSK Sinode 1986*  
*Acta NGSK Sinode 1990*  
*Acta NGSK Sinode 1994*  
*Agenda en Skema van werksaamhede VGKSA Algemene Sinode 1994*  
*Acta VGKSA Algemene Sinode 1994*  
*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2001*  
*Acta Agenda en Besluiteregister VGKSA 2001*  
*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2005*  
*Acta VGKSA Algemene Sinode 2005*  
*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2008*  
*Acta VGKSA Algemene Sinode 2008*  
*Agenda VGKSA Algemene Sinode 2012*  
*Agenda VGKSA Algemene Sinode*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1970*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1978*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1960*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1966*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1982*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1988*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1986*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1990*  
*Skema van Werksaamhede NGSK 1994*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA 1967*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA 1971*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA 1975*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA 1979*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA 1981*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA 1987*  
*Skema van Werksaamhede en Handelinge NGKA NGKA 1991*

### **Ander dokumente**

*Aansoek om goedkeuring van Spesiale opleiding, skrywe gedateer 21 Junie 2011.*  
*Besluiteregister VGKSA, Kaapland, September 1998.*  
*Bedieningsvormingsprogram-500 uur VGK*  
*Beginsels van teologiese opleiding vir die VGKSA*  
*Bepalings vir skole waar teologiese opleiding in samewerking met ander kerke geskied*  
*Besluite geneem deur die Sentrale Bestuur na aanleiding van die verslag van die kommissie vir omvattende ondersoek teologiese opleiding aan die Stofberg Teologiese Skole in die NGKA Sinode 1971*

*Brief van Prof. G.D. Cloete oor die verskuiwing na die Universiteit van Stellenbosch.*

*Brief van Prof. P.J. Robinson in verband met buitelandse skenkings aan Raad van Dosente vir daarstelling van verblyf vir oorsese gaste 30 November 1998*

*Decoligny Brosjure. 1973. 25 jarige Bestaan van die Teologiese Skool Decoligny.*

*Decoligny Brosjure. 1977. Addendum tot die Brosjure oor die 25 jarige bestaan. Addendum tot die Brosjure,*

*Daniel Kuys in Die Ligdraer 12 September 1999 “ Door still opens for URCSA theological Sinodale Kommissie Notule , 4-5 Februarie 1997.*

*Die Ligdraer 12 September 1999*

*Die Ligdraer 14 November 1999*

*Finale verslag van teologiese student Betty Wanza November 2013*

*Kerklike opleiding Verslag Okt 2009*

*Konsepreglement vir Teologiese opleiding van Bedienaars van die Woord*

*Letter of the Evangelisches Missionwer in Deutschland*

*Memorandum Streeksinode Kwa-Zulu Natal met betrekking tot teologiese opleiding*

*Memorandum oor die inskakeling van die Teologiese Studente van die UWK aan die US in 2000*

*Memorandum van Ooreenkoms aangeaan tussen die Verenigende gereformeerde Kerk in Suider Afrika 2000.*

*Ooreenkoms tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium van die teologiese skool van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*

*Ooreenkoms van die kerklike Skakelraad aan US*

*Ooreenkomste tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kuratorium 1973*

*Practical ministry experience Theological formation URCSA*

*Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Skole Stofberg vir die opleiding van Bantoeleraars en -evangeliste beheer*

*Reglement vir die teologiese opleiding van bedienaars van die Woord vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika*

*Riglyne vir kerklike adviesraad vir teologiese opleiding aan die teologie, Universiteit van Wes-Kaapland*

*Riglyne vir die Kerklike Skakelraad aan die Universiteit van Stellenbosch*

*Seminarium-verslag aan die NGK/VGK Kuratorium op Donderdag, 22 November 2019*

*Stellenbosch Seminarium van die NGK/VGK Eerste verslag oor die ondersoek met die oog op die verbeteringuitbouing van die Seminarium program (improvement study) April 2019*

*Uitgebreide program vir kerklik-teologiese opleiding*

*Uittreksel-Notule van die vergadering van die Seminarium dagbestuur op Woensdag, 17 April 2019 om 10:00 tot 12:00-Kuratorium Seminaarkamer.*

*Verslag van ds Freddie Axford aan die Eindeksamenkommissie rakende teologiese kandidaat Betty Wanza*

*Verslag van die Eksamenkommissie – Bettie Wanza*

*Verslag van die Sameroeper, R Tshaka aan die Dosente en Kuratorium van die VGKSA.*

*Verslag van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika en die Universiteitswerkgroep*

*VGK/NGK Seminarium- Mylpale*

## **ADDENDA**

### **BYLAAG 1**

#### **BESLUITE GENEEM DEUR DIE SENTRALE BESTUUR NA AANLEIDING VAN DIE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR OMVATTENDE ONDERSOEK TEOLOGIESE OPLEIDING AAN DIE STOFBERG TEOLOGIESE SKOLE IN DIE NGKA SINODE 1971**

##### **1. DIE EVANGELIS EN SY OPLEIDING**

(a) Die Skriftuurlike grondslag vir die amp van evangelis:

Dit is duidelik dat die N.T. praat van die amp van die evangelis.

Die funksionering van die amp van die evangelis is nie duidelik uit die N.T. af te lei nie, met die gevolg dat daar deur die gang van die geskiedenis van die kerk met betrekking tot die evangelis klemverskuiwinge plaasgevind het; soveel so dat dit 'n vraag geword het of die N.T. se evangelisteam bedoel was om in die kerk te bly voortbestaan.

Daar bestaan egter voldoende Bybelse gronde vir 'n besondere dienswerk soos deur die huidige evangelis verrig word.

(b) Die taak van die evangelis:

Die taak van die evangelis is die bearbeiding van die heidene d.m.v. die prediking en persoonlike arbeid die behartiging van kategetiese onderrig aan bekeerlinge uit die heidendom en verder die lewering van pastorale diens volgens opdragte van die aanstellende liggaam.

(c) Die toekoms van die evangelis en sy opleiding:

Dit is wenslik om as beleid te stel dat die opleiding van evangeliste nie onbepaald voortgesit kan word nie, maar beëindig behoort te word.

Dat met die oog op die teenswoordige behoefte in die werk 'n beperkte aantal evangeliste opgelei sal word.

Dat die getal wat nog opgelei sal word, deur die aanvraag van die verskillende sinodes bepaal sal word, Hier sal die moontlikheid van periodieke toelating ook in gedagte gehou word.

Dat die Sentrale Stofberg Bestuur in oorlegpleging met die Dogterkerk sal bepaal wanneer die opleiding van evangeliste gestaak sal word.

Dat die kerk gevra word om in die lig van die beginsel (hierbo in (i) gestel) die nodige stappe te doen om die amp van die gelowige doeltreffender te aktiveer.

Dat die opleidingsplekke van die evangeliste vir die huidige sal bly waar dit is, nl. verbind aan die vier teologiese skole

Dat die toelatingsvereistes vir kandidate tot die evangelisteopleiding sal bly wat dit tans is nl. St. 6 vir persone wat reeds 25 jaar oud is en ouer, en St. 8 (Junior Sertifikaat) vir persone wat nog nie die ouderdom van 25 bereik het nie. Laasgenoemde mag egter nie jonger as 20 wees nie.

Dat die kursus wat vir die evangeliste aangebied word, so sal wees dat dit vir diegene wat daarvoor kwalifiseer, toelating tot die leraarsopleiding sal verleen.

## **2. LERAARSOPLEIDING: DIE DOEL**

Om onder leiding van die Heilige Gees, mense wat deur God geroep is, geestelik, prakties en wetenskaplik toe te rus met die oog op die uitdra van die evangelie en die opbou van die liggaam van Christus en die koms van sy koninkryk.

## **3. LERAARSOPLEIDING: DIE BEHOEFTE**

1. By die bepaling van die getal leraars wat opgelei moet word, sal die volgende steeds in aanmerking geneem moet word :

- i. Die voorsiening en roeping van arbeiders vir die bestaande behoefte en nood deur die
- ii. Here van die oes op die gebede van die gelowiges (Matt. 9:37, 38).
- iii. Die behoefte in die gemeentes (soos dit tans is); die groei van die Kerk;
- iv. die leraars wat mettertyd as "sendelinge" uitgestuur sal word, namate die Dogterkerk se eie sendingaksie vorm aanneem en uitbrei.

2. Die Sentrale Bestuur oordeel dat alhoewel die getal leraars wat deur die opleiding tot die bediening toegelaat word van groot belang is, dit noodsaaklik is dat steeds groot klem gelê word op die geestelike en verstandelike toerusting van die leraars, wat as vrug van die opleiding tot beskikking van die Kerk gestel word.

## **4. LERAARSOPLEIDING: BEPLANNING EN KEURING**

Die Sentrale Bestuur hou steeds met sy beplanning vir en die uitbouing van die teologiese opleiding onder sy beheer veral ook die volgende in gedagte:

Die bepaalde kerklike en sendingsituasie waarbinne die Here die kerk roep om sy taak te vervul, die verskillende etniese groepe waaronder die Ned. Geref. Kerk arbeid en waaruit kandidate vir teologiese opleiding na vore kan kom, veral die getalsterkte van die Ned. Geref. Kerk onder die verskillende groepe,

die peil van ontwikkeling van die lidmate van die verskillende Streeksinodes, en

die moontlike getal kandidate wat hulle self jaarliks vir die opleiding kan aanbied, nl. 13 per 100,000 lidmate.

Die Sentrale Bestuur sal steeds die kerk herinner aan sy uiters belangrike en verantwoordelike taak ten opsigte van die keuring van kandidate vir opleiding. Waar die dosente van 'n inrigting mag vind dat iemand wat in opleiding is, nie geskik is om die verantwoordelike amp van leraar in 'n gemeente te beklee nie, sal hulle 'n aanbeveling by die Eksamenkommissie maak wat, na oorweging van die saak, sal besluit met kennisgewing aan die Plaaslike Bestuur van die inrigting.

## **5. LERAARSOPLEIDING: TOELATINGSVEREISTES**

'n Duidelike roeping tot die evangeliebediening word as eerste en vernaamste vereiste vir toelating tot die opleiding gestel.

Die Sentrale Bestuur aanvaar die beginsel dat by die bepaling van die toelatingsvereistes tot die opleiding, die verstandelike peil van ontwikkeling van die deursnee lidmaat van die kerk in ag geneem word.

Die Sentrale Bestuur oordeel dat die bestaande toelatingsvereistes vir die huidige voldoende is.

Om studente wat begeer om vir gevorderde teologiese studies te kwalifiseer, te help, sal gepoog word om 'n reëling daarvoor te tref (Bv. tydens propedeutiese voorstudie kan die wat verkies, gehelp word om 'n universiteitseksamen af te lê.)

Die Sentrale Bestuur bring die volgende onder die aandag van die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Dit is dringend noodsaaklik dat ernstige aandag gegee moet word aan die geestelike bearbeiding van skoliere en studente aan hoër- en opleidingskole en universiteitskolleges, met die oog op die geestelike invloed van die Ned. Geref. Kerk in Afrika onder die Bantoeintelligentia en ook met die oog op meer gevorderde kandidate vir die teologiese opleiding.

#### **6. LERAARSOPLEIDING: DIE INHOUD VAN DIE OPLEIDING**

Die Sentrale Bestuur beklemtoon dit weer dat die inhoud van die teologiese opleiding drieledig moet wees, te wete geestelik, akademies en prakties. Die inhoud van die teologiese kursus, soos deur die Sentrale Bestuur goedgekeur, word vir die huidige, as die basiese opleiding vir 'n leraar, as voldoende beskou. In die aanbieding van die kursus sal steeds geywer word om die studente op hoogte te hou van die probleme en omstandighede van die praktiese bediening en aan hulle getoon word die wyse waarop die stof wat hulle aangebied is, in die praktiese bediening vir hulle van waarde kan wees. Aangesien die Ned. Geref. Kerk in Afrika 'n missionêre taak het en dit die roeping van elke leraar is om aan die spits van die gemeente te staan in die uitvoering van hierdie taak; en aangesien die Kerk midde in 'n sendingveld staan en elke taak wat hy verrig, ten aanskoue van die heidendom verrig word; moet die opleiding so ingerig word dat naas die spesifiek missiologiese studie daar ook nog in al die vakke 'n missionêre duiding sal wees. Die Sentrale Bestuur versoek die Vergadering van Dosente om die moontlikheid te ondersoek om 'n groter persentasie van die lesure aan die sendingwetenskaplike groep te wy. Die Kerk sal hom steeds beywer om die standaard van sy opleiding te verhoog in soverre dit prakties uitvoerbaar is.

#### **7. LERAARSOPLEIDING: WYSE VAN ONDERRIG**

Die Sentrale Bestuur aanvaar die beginsel dat, om in ons skole die beste aan die gestelde doelstelling uitvoering te gee, dit noodsaaklik is dat sover moontlik in die moedertaal onderrig gegee sal word. Ten opsigte van die onderrig aan die verskillende jaargroepe lê die Sentrale Bestuur die volgende as leidraad vir die verskillende Teologiese Skole neer: Dat die eerstejaars in die teologiese klas, waar moontlik, van die ander jaargroepe geskei, onderrig sal word. Dat gedurende die daaropvolgende drie jaar die studente in die verskillende jaargroepe gesamentlik onderrig sal word.

Indien in die finale jaar geleentheid vir spesialisasie gebied kan word, hierdie onderrig dan van die ander klasse geskei moet word.

#### **8. LERAARSOPLEIDING: STANDAARD VAN OPLEIDING**

##### **A. Verskillende standaarde:**

Ten opsigte van die vraag of dit reg sal wees dat by die verskillende teologiese skole daar verskil in standaard is, besluit die S.B:

Die Sentrale Bestuur aanvaar die beginsel dat die standaard van die basiese opleiding by die verskillende skole dieselfde moet wees. (Met basiese opleiding word bedoel: "Dit wat die kerk as die minimum opleiding vir sy leraars beskou.")

Daar kan by die verskillende skole 'n verskil in standaard van opleiding wees, in die sin dat studente bo en behalwe die basiese opleiding wat hulle ontvang, gehelp word om 'n universiteitseksamen af te lê. Indien 'n kandidaat, soos al dikwels gebeur het, vanweë buitengewone omstandighede, nie die basiese opleiding ten volle ontvang nie, sal daar wat die indiensstelling betref, verskil gemaak moet word. Sulke persone sal net beroepbaar wees in die Streekssinode wat om hulle opleiding en in diensstelling aansoek gedoen het.

##### **B. Bestendige uitbouing:**

Aangesien daar op die oomblik heelwat onsekerheid oor die toekoms patroon ten opsigte van die uitbouing van die Teologiese Skole bestaan, kan seker net 'n paar beginsels neergelê word. Die Sentrale Bestuur oordeel dat die volgende die belangrikste is:

C. Met die volgende sal rekening gehou moet word:

Die voedingsbronne, die toelatingsvereistes, die versoeke wat die verskillende Streeksinodes deur middel van die Plaaslike Besture aan die Sentrale Bestuur rig. Die fasiliteite wat daar by die onderskeie skole bestaan, en die kostes aan die uitbouing verbonde en die vermoë van die Kerk om die kostes te dra. Hoewel die Sentrale Bestuur nie graag sien dat, waar alles hierbo onder (i) - (iv) genoem, gelyk is, die een skool ten koste van 'n ander bevoordeel sal word nie, kan dit in die toekoms wel gebeur dat daar 'n ongelyke ontwikkeling van die bestaande skole sal wees, veral as 'n bevredigende skakeling met een of meer universiteite bewerkstellig kan word.

## 9. LERAAROPLEIDING: OPLEIDINGSPLEKKE

1. Dat die getal opleidingsplekke vir leraars nie vermeerder word nie.

2. Dat by die bepaling van plekke van opleiding die volgende in ag geneem moet word:

(i) Die landsbeleid:

Die beleid van die huidige regering is om die tuislande ten volle te ontwikkel en al die inrigtings vir hoër opleiding mettertyd daarheen te verskuif. Indien hierdie beleid uitgevoer word, soos wat tans beplan word, sal die hart van die volk in die toekoms in 'n steeds meerdere mate in die tuislande klop. Toe die Kerk in 1959 besluit het om die ou Stofberg na bogenoemde vier plekke te verskuif, het die kerk deeglik met hierdie beginsel rekening gehou.

In die afgelope paar jaar is bewys gelewer dat die skole waar hulle tans is, die volk in die hart tref (Vgl. die uitbreidings op sendinggebied in die omgewings van die skole).

(ii) Die geskiedenis:

In die verlede was daar een sentrum, t.w. die Stofberg-gedenkskool naby Vereeniging. Met die ontwikkeling van die werk van ons Kerk onder die verskillende etniese groepe is die behoefte in die Kerk allerweë gevoel om die opleidingssentra na ander plekke uit te brei. Op grond hiervan is die opleiding na Witsieshoek, Dingaansat en Decoligny uitgebrei. (Turfloop kan beskou word as 'n voortsetting van die ou Stofberg hoewel die ou Stofberg in werklikheid na Turfloop en Witsieshoek verskuif is.) Sedert die totstandkoming van die vier inrigtings is bewys gelewer dat hulle hul bestaan regverdig. Die vraag is nou of die Kerk van hierdie weg moet wegdraai bloot op grond van finansiële oorwegings. Die argument dat te veel werkkragte met die opleiding besig is, kan seker ook nie deurslaggewend wees nie.

(iii) Die taalmedium by onderrig:

Die Sentrale Bestuur is daarvan oortuig dat die vier skole o.a. opgerig is met die doel om onderrig in die moedertaal te bevorder. Sover bekend word dit by die meeste van die skole toegepas.

'n Vermindering in die opleidingssentra sal hierdie so belangrike vereiste vir teologiese opleiding laat verval. Die Sentrale Bestuur is oortuig dat die bestaande skole so ontwikkel kan word dat ook aan ander taalgroepe, waaronder ons Kerk werksaam is, in hierdie opsig aandag gegee sal kan word.

Skakeling met die universiteite: Dit word tans dikwels gesê dat dit absoluut noodsaaklik is dat die teologiese opleiding met die universiteite verbind moet wees. Die huidige reëling, soos deur die Minister goedgekeur, stel die Kerk in staat om by die verskillende sentra die basiese opleiding van studente te gee en hulle ook, te help om hulle vir universiteitseksamen voor te berei. Ander moontlike reëlings met universiteite, wat daarop neerkom dat die basiese opleiding uit die hande van die Kerk gaan, kan nie goedgekeur word nie. Of die Kerk daarin sal slaag om 'n volwaardige fakulteit(e) by die universiteit(e) te verkry, is nog glad nie seker nie.

Die Sentrale Bestuur is daarvan oortuig dat oor hierdie aangeleentheid eers volle sekerheid van die staat verkry moet word alvorens dit as 'n deurslaggewende beginsel vir die bepaling van die plekke van opleiding kan geld.

3. Oor die vraag of die getal skole vir die huidige nie verminder moet word nie, het die Sentrale Bestuur die volgende besluit:

Die Sentrale Bestuur neem kennis van die feit dat die bestaande skole aanvaar moet word as groeiende uit die sendingarbeid van ons kerk. Elk van die skole het ontstaan as gevolg van 'n behoefte wat in die kerk bestaan het. Daardie behoefte het nog nie verdwyn nie. Intendeel namate die werk groei, neem hierdie behoefte toe.

Die Sentrale Bestuur keur die volgende skema waarvolgens die bestaande skole uitgebou kan word, met die doel om die verskillende taalgroepe waaronder ons kerk in Binne- en Buiteland werk, te dien



Een van die skole word ontwikkel tot 'n meertalige inrigting. By hierdie inrigting word dan voorsiening gemaak vir studente vir wie nie besondere voorsiening gemaak word by een van die ander inrigtings met betrekking tot onderrig deur die medium van die moedertaal. Hier word 'n *lingua franca* gebruik. Indien moontlik word aandag gegee aan onderrig van amptelike vakke in 'n Bantoetaal soos Noord-Sotho. Turfloop is hiervoor aangewese.

Die ander drie inrigtings word ontwikkel as semi-meertalige inrigtings en wel as volg:

Witsieshoek: Suid-Sotho, met Tswana en seLozi as bykomend.

Dingaanstat: Zoeloe met Shangaan en Swazi bykomend.

Decoligny: Xhosa met bykomend wat in die toekoms wenslik mag blyk

Aan die Tswana-sprekende kerk word dan die keuse gelaat om of by die meertalige inrigting (Turfloop) in te skakel of by die semi-meertalige (Witsieshoek) waar ook deur medium van Tswana gedoseer word. By die inrigtings waar persone uit die Tswana-sprekende kerk opgelei word, word 'n reëling gemaak om 'n jaarlikse kwota toekenning ten opsigte van evangeliste aan die Sinode van Phororo te maak. (Die Kommissie wat die evangeliste wat toegelaat word, uitdeel, is reeds versoek om gereeld 'n kwotatoekenning Phororo te maak.)

Ten opsigte van die skeiding van leraars- en evangelisteopleiding, is dit vir die Sentrale Bestuur duidelik dat dit op die oomblik nie wenslik is om dit op ver skillende plekke te laat plaasvind nie.

#### **10. LERAARSOPLEIDING: DIE PERSONEEL**

Aangesien 'n vermeerdering van die getal dosente aan elke inrigting groter finansiële laste vir die Kerk meebring, sal die Sentrale Bestuur steeds met die grootste omsigtigheid sulke aansoeke moet behandel. Die Sentrale Bestuur is van oordeel dat by die beroeping van dosente nie net akademiese kwalifikasies in ag geneem moet word nie, maar ook ander noodsaaklike vereistes wat die werk aan die persone stel. By beroeping van dosente sal ook gelet word op die vakgroep waarin die beroepene gespesialiseer het. Die Sentrale Bestuur oordeel dat Bantoedosente by die Teologiese skole nodig is, maar dat hulle alleen beroep kan word as hulle oor die vereistes in (2) hierbo genoem, beskik.

#### **11. LERAARSOPLEIDING: VOORSETTING VAN DIE OPLEIDING**

A. Studie vir nie-graaddoeleindes:

Die Sentrale Bestuur verkeer diep onder die indruk van die noodsaaklikheid van voortgesette studie; wat nie net beperk sal wees tot vernuwing van kennis nie, maar veral 'n geestelike en teologiese opfrissing sal wees. Dit is wenslik dat hierdie voortgesette studie persone sal help om in een of ander rigting te spesialiseer. Die Sentrale Bestuur benoem 'n verteenwoordigende kommissie om 'n deeglike studie van hierdie aangeleentheid te maak en met voorstelle te kom.

B. Studie vir graaddoeleindes: Om studente hierin te help, selfs ook studente uit ons buitelandse sendingvelde, sal die opbou van een of meer volwaardige Teologiese Fakulteite doelgerig nagestrewes moet word. By die daarstelling van sulke fakulteit(e) sal die reg van die Kerk om dosente aan te stel en te ontslaan verseker moet word. Waar studente van hierdie fakulteit(e) vir gevorderde grade in die Teologie (M.Th., D.Th.) sou werk, kan ook dosente van ander Teologiese Inrigtings van die Ned. Geref. Moeder- en Dogterkerke wat in die bepaalde rigtings waarin gespesialiseer word, goed onderleg is, gevra word om as promotors of mede-eksaminators op te tree. Die Sentrale Bestuur versoek die A.S.S.K. om 'n sterk verteenwoordigende kommissie te benoem wat 'n deeglike studie van hierdie aangeleentheid kan maak en met voorstelle kan kom. Die A.S.S.K. word versoek om ook van die Dogterkerke verteenwoordiging op hierdie kommissie te verleen.

#### **12. FINANSIËLE IMPLIKASIES MET BETREKKING TOT DIE VOORTBESTAAN VAN DIE HUIDIGE SKOLE EN TOEKOMSTIGE UITBOUING DAARVAN:**

Dit is wenslik dat die Ned. Geref. Kerk in Afrika gelei word om groter finansiële verantwoordelikheid i.v.m. die teologiese opleiding te aanvaar. Die moederkerk ten opsigte van die finansiering van die Teologiese Skole meer en meer dink en beweeg in die rigting dat die Streeksinode van die moederkerk binne wie se grense 'n Teologiese Skool is, die finansiële verantwoordelikheid vir daardie skool aanvaar, besluit die Sentrale Bestuur dat die onderskeie Streeksinodes van die Dogterkerk ten opsigte van meerdere finansiële verantwoordelikheid in teologiese opleiding by die skole wat deur hulle bedien word; betrek word. so 'n reëling het die volgende voordele: Daar sal meerdere belangstelling wees in die skole en gevolglik ook meerdere finansiële ondersteuning vir die Teologiese Skole. Dit sal in die praktyk makliker uitvoerbaar wees. Daar sal 'n bevredigende reëling getref kan word met die Streeksinode van Phororo m.b.t. finansiële ondersteuning vir Witsieshoek en/of Turfloop waarheen hy kandidate uit sy geledere stuur.

#### **13. VOORTGESETTE STUDIE VIR GRAADDOELEINDES.**

Die Sentrale Bestuur versoek die Vergadering van Dosente om saam met 'n paar verteenwoordigers uit die Ned. Geref. Kerk in Afrika oor bogenoemde aangeleentheid deeglik te besin en aanbevelings te doen.

## **BYLAAG 2**

### **REGLEMENT VIR DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE SKOLE STOFBERG VIR DIE OPLEIDING VAN BANTOELERAARS EN -EVANGELISTE**

**Art. 1:** Die opleiding van bedienaars van die Woord uit sy eie bevolkingsgroepe is die verantwoordelikheid van die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Dit geskied in samewerking met die Ned. Geref. Kerk tot tyd en wyl die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Kerk in Afrika tot 'n ander ooreenkoms geraak.

**Art. 2:** Intussen berus die uiteindelijke beslissing oor en vasstelling van beleid in verband met die teologiese skole in die hande van die Ned. Geref. Kerk in samewerking met die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Eiendomme word op naam van die Ned. Geref. Kerk in wie se gebied die eiendomme geleë is, geregistreer. Vir die teologiese skole vir die opleiding- van Bantoeleraars en -evangeliste in die

Republiek van Suid-Afrika sal daar een Sentrale Bestuur wees by wie beleid en koördinerende berus. Vir elke teologiese skool sal daar 'n Plaaslike Bestuur wees by wie die finansiële verantwoordelikheid en administrasie van die betrokke skool berus.

**Art. 6:** Die Sentrale en Plaaslike Besture word so saamgestel dat die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Kerk in Afrika 'n gelyke getal verteenwoordigers het. Die beheer van skole waar met ander kerke saamgewerk word, geskied volgens Bylae 1 van hierdie reglement. Al die bepalings in hierdie reglement vervat is egter ook van toepassing op sodanige skole behalwe in sover as wat hulle deur die bepalings in Bylae 1 gewysig of vervang word.

#### **SAMESTELLING EN VERGADERINGS VAN DIE SENTRALE BESTUUR**

**Art. 8:** Die Sentrale Bestuur word soos volg saamgestel:

8.1. Een verteenwoordiger (met secundus) uit elk van die meewerkende sinodes van die Ned. Geref. Kerk en deur die betrokke sinodes benoem.

8.2. 'n Gelyke aantal verteenwoordigers (met secundi) van die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Hulle word deur die Algemene Sinode benoem met dien verstande dat elk van die streeksinodes verteenwoordig sal wees.

8.3. Die rektore van die teologiese skole in art. 4 genoem.

**Art. 9:** Reis- en verblyfkoste van verteenwoordigers op die Sentrale Bestuur word deur die instansies wat deur hulle verteenwoordig word gedra. Reis- en verblyfkoste van rektore word deur die skole wat deur hulle verteenwoordig word, gedra.

**Art. 10:**

Die Sentrale Bestuur vergader minstens eenkeer per jaar op 'n datum en plek deur homself bepaal.

**Art. 11:** Die Sentrale Bestuur kies by sy eerste vergadering van elke jaar sy eie voorsitter en ondervoorsitter.

**Art. 12:** Die Sentrale Bestuur stel een van die rektore aan as skriba van die Sentrale Bestuur.

**Art. 13:** Die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en een addisionele lid deur die Sentrale Bestuur benoem, vorm die Dagbestuur. Die Dagbestuur word so saamgestel dat nie meer as een van sy lede dieselfde instansie op die Sentrale Bestuur verteenwoordig nie.

**Art. 14:** Die Dagbestuur mag in spoedeisende sake namens en met verslag aan die Sentrale Bestuur optree.

#### **FUNKSIES VAN DIE SENTRALE BESTUUR**

**Art. 15:** Die Sentrale Bestuur bepaal die algemene beleid in verband met opleiding en toelating van Bantoe-werkkragte.

**Art. 16:** Die Sentrale Bestuur bepaal die vakke wat aan elke skool doseer word, asook in breë trekke die inhoud van elke vak.

**Art. 17:** Die Sentrale Bestuur bepaal die toelatingsvereistes vir die verskillende skole en sorg dat die standaard van onderrig aan die verskillende skole sover as moontlik en wenslik dieselfde bly.

**Art. 18:**

18.1. Die Sentrale Bestuur administreer alle gelde waaroor hy beheer het.

18.2. Die Sentrale Bestuur belê sy fondse volgens sy eie diskresie. Hy hou ook sy eie bankrekening en besluit self oor alle nodige reëlins in verband daarmee.

18.3. Alle gelde van die Sentrale Bestuur word volgens 'n goedgekeurde boekhoustelsel, wat jaarliks deur 'n geregistreerde ouditeur nagesien word, beheer.

**Art. 19:** Ten opsigte van sy eie uitgawes bepaal die Sentrale Bestuur, volgens 'n vasgestede verhouding, die bydrae van elke kerk wat op die Bestuur verteenwoordig is.

**Art. 20:** Die Sentrale Bestuur keur die begroting vir lopende uitgawes van Dingaanstat goed en bepaal wat die bydraes van die Kaapse en Transvaalse sinodes daartoe sal wees. Die Sentrale Bestuur ontvang jaarliks van die Plaaslike Besture van die verskillende skole verslae

**Art. 22:** Die verteenwoordigers van die betrokke kerke op die Sentrale Bestuur doen jaarliks verslag aan die Sinodale Sendingkommissies van die Ned. Geref. Kerk en die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Na afloop van elke vergadering van die Sentrale Bestuur stel die skriba 'n verslag op van die werksaamhede van die Sentrale Bestuur en stuur dit aan die Algemene Sinodale Sendingkommissie en verteenwoordigers van die verskillende sinodes vir gebruik in die opstel van hul verslae.

#### **SAMESTELLING EN VERGADERINGS VAN DIE PLAASLIKE BESTUUR**

**Art. 24:** Die Plaaslike Bestuur van elke teologiese skool word soos volg saamgestel:

12.4. Al die lede van die betrokke sinodes wat op die Sentrale Bestuur verteenwoordig is.

24.2. Gelyke verteenwoordiging van die betrokke Ned. Geref. Kerk en Ned. Geref. Kerk in Afrika soos onderling ooreengekom.

24.3. Die saakgelastigdes van die betrokke sinodes.

24.4. Die rektor van die betrokke skool.

Art. 25: Die dosente van die betrokke skool het reg van sitting met adviserende stem op vergaderings van hulle skool se Plaaslike Bestuur.

Art. 26: Reis- en verlyfkoste van verteenwoordigers op die Plaaslike Bestuur word deur die instansies wat hulle benoem het, gedra. Reis- en verlyfkoste van dosente word deur die skool wat hulle verteenwoordig, gedra.

Art. 27: Die Plaaslike Bestuur vergader minstens een keer per jaar op 'n datum en plek deur homself bepaal.

Art. 28: Die Plaaslike Bestuur kies by sy eerste vergadering van elke jaar sy eie voorsitter en ondervoorsitter. Die skriba word deur die rektor behartig. Die voorsitter, ondervoorsitter, rektor en een addisionele lid deur die Plaaslike Bestuur benoem, vorm die Dagbestuur.

Art. 30: Die Dagbestuur mag in spoedeisende sake namens en met verslag aan die Plaaslike Bestuur optree.

### **FUNKSIES VAN DIE PLAASLIKE BESTUUR**

Art. 31: Die Plaaslike Bestuur voer die beleid uit wat deur die Sentrale Bestuur bepaal is.

Art. 32: Die Plaaslike Bestuur beheer en administreer alle gelde van die betrokke skool. Hy sorg dat 'n goedgekeurde boekhoustelsel gevolg word en dat die boeke jaarliks deur 'n geregistreerde ouditeur geouditeer word.

Art. 33: Die Plaaslike Bestuur sorg vir die registrasie en versekering van eiendomme volgens die bepalings van die betrokke sinode (art. 3).

Art. 34: Die Plaaslike Bestuur lê jaarliks 'n verslag van sy werksaamhede aan die Sentrale Bestuur voor.

Art. 35: Die Plaaslike Bestuur lê jaarliks 'n verslag van sy werksaamhede, 'n geouditeerde finansiële verslag en begroting aan die betrokke kerke en/of kommissies voor.

Art. 36: Die Plaaslike Bestuur hou sy eie bankrekening en tref alle nodige reëlins in verband daarmee.

Art. 37: Die Plaaslike Bestuur bepaal, met goedkeuring van die Sentrale Bestuur, die getal dosente vir die betrokke skool.

Art. 38: Die Plaaslike Bestuur beroep, bevestig en, demitteer dosente.

Art. 39: By die beroeping van dosente vorm die Plaaslike Bestuur en die kollege van dosente gesamentlik die kieskollege.

Art. 40: Plaaslike Bestuur skryf alle dosente by 'n goedgekeurde kerklike pensioenfonds in en betaal die nodige inleppennings en kontribusies.

Art. 41: Plaaslike Bestuur sorg dat die nodige eksamens afgeneem word ingevolge Art. 43-51 en gee hiervan aan die Sentrale Bestuur verslag.

Art. 42: Plaaslike Bestuur stel in oorleg met die Kollege van Dosente die kalender vir elke jaar vas.

### **EKSAMINERING EN LEGITIMERING VAN KANDIDATE**

Art. 43: Vir elke skool sal daar 'n eksamenkommissie wees wat verantwoordelik is om:

43.1. aan die einde van hul eerste studiejaar studente in die leraars- en evangelisteklas te keur en te laat om met hul studie voort te gaan;

43.2. eindeksamen van die evangeliste en leraars af te neem en hulle tot die bediening toe te laat.

Art. 44: Die getal lede van die eksamenkommissie word deur die Plaaslike Bestuur vasgestel en hulle word deur die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Kerk in Afrika op so 'n basis benoem dat die genoemde kerke, waar wenslik, 'n gelyke aantal verteenwoordigers op die eksamenkommissie het.

Art. 45: Reis- en verblyfkoste van lede van eksamenkommissies word deur die sinodes wat hulle benoem het, gedra.

Art. 46: Die eksamenkommissie sal gebonde wees aan die bepalings deur die Sentrale Bestuur ingevolge Artt. 15 tot 17 gemaak, en verder aan sodanige bepalings wat deur die Plaaslike Bestuur nodig geag word wat nie in stryd met eersgenoemde bepalings is nie.

Art. 47: Die skriba van die eksamenkommissie stuur onmiddellik na afloop van die eksamen 'n lys van wat deur die eksamenkommissie toegelaat is om met hulle leraarsopleiding voort te gaan, na die offisiële organe.

Art. 48: Die eksamenkommissie neem van elke leraar wat gelegitimeer en elke evangelis wat toegelaat word, die voorgeskrewe plegtige verklaring af wat hy met sy handtekening sal bevestig (Bylaes 2 en 3).

Art. 49: Die eksamenkommissie reik aan suksesvolle kandidate wat hulle leraars- en evangelisteopleiding voltooi het, hulle aktes van toelating en sertifikate uit.

Art. 50: Die eksamenkommissie kies sy eie voorsitter, ondervoorsitter en skriba.

Art. 51: Die skriba van die eksamenkommissie stuur onmiddellik na afloop van die eksamen 'n lys van geslaagde kandidate (leraars en evangeliste) aan die Aktuaris van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Die Aktuaris verklaar in die offisiële organe die gelegitimeerdes beroepbaar in al die sinodes van die Ned. Geref. Kerk in Afrika en stel die evangeliste bekend.

Art. 52: Leraars van ander kerke sal tot die Ned. Geref. Kerk in Afrika (en Stofberg Teologiese Skole) op die volgende voorwaardes toegelaat word:

52.1. Lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk in Afrika vir 'n tydperk van tenminste drie jaar voor aansoek, in gevalle waar hulle nie uit die N.G. Kerkverband afkomstig is nie.

52.2. Deeglike ondersoek deur die Eksamenkommissie van een van die Stofberg Teologiese Skole.

52.3. 'n Verdere teologiese opleiding aan een van die Teologiese Skole indien nodig. Die wenslikheid en duur van hierdie opleiding sal na ondersoek in punt 2 genoem op aanbeveling van die Eksamenkommissie deur die Sentrale Bestuur bepaal word.

Art. 53: Die eksamenkommissie dien jaarliks 'n verslag van sy werksaamhede en aanbevelings by die skriba van die Plaaslike Bestuur in wat dit aan sowel die Plaaslike Bestuur as Sentrale Bestuur voorlê.

#### **BEROEPING, BEVESTIGING, DEMISSIE EN PLIGTE VAN DOSENTE:**

Art. 54: Alle evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy verskillende verbande, is beroepbaar, as dosente. Na afloop van die beroep gee die skriba van die Plaaslike Bestuur dadelik kennis van die beroep aan die offisiële organe en die beroepene. 'n Week nadat hierdie kennisgewing verskyn het, stuur hy 'n beroepsbrief wat deur al die lede van die Plaaslike Bestuur onderteken is, aan die beroepene. Die beroepene moet binne 'n week na ontvangs van die beroepsbrief sy skriftelike antwoord aan die skriba van die Plaaslike Bestuur stuur.

Art. 56: By die aanvaarding van 'n, beroep as dosent, -en voor sy bevestiging, sal die beroepene die volgende onderteken:

56.1. Die plegtige verklaring deur die Algemene Sinode aanvaar ten opsigte van gehegtheid aan die leer van die Kerk

56.2. Die verklaring dat hy insae in die reglement vir die Stofberg Teologiese Skole gehad het en hom by die bepalings daarvan neerlê.

Art. 57: Indien die beroepene die beroep aanvaar, gee die skriba van die Plaaslike Bestuur in die offisiële organe daarvan kennis, en die Plaaslike Bestuur bevestig hom in sy diens.

Art. 58: Die bevestiging word waargeneem deur die voorsitter van die Plaaslike Bestuur of deur een van die ander lede van die Bestuur wat deur hom daartoe versoek is. Dit staan die beroepene vry om self iemand te versoek om die bevestigingsrede te hou.

Art. 59: Die bevestiging van dosente sal geskied deur gebruikmaking van die formulier vir bevestiging van hooglaraars, gewysig volgens die eis van omstandighede.

Art. 60: Na afloop van die bevestiging stel die skriba van die Plaaslike Bestuur in die offisiële organe van die kerk die bevestigde bekend as dosent van die betrokke skool.

Art. 61: Indien 'n dosent 'n beroep na elders aanneem, word aan hom 'n akte van eervolle ontslag wat deur die voorsitter en skriba van die Plaaslike Bestuur onderteken is, uitgereik.

Art. 62: Indien 'n dosent sy emeritaat wens te aanvaar, sal die Plaaslike Bestuur aan hom demissie verleen, en in die offisiële organe daarvan kennis gee.

Art. 63: Klagtes teen die leer of lewe van 'n dosent moet skriftelik by die voorsitter van die Plaaslike Bestuur ingedien word. Hy stuur dit aan die ringskommissie van die betrokke ring. Die ringskommissie sal op aanbeveling van die Plaaslike Bestuur die reg hê om sodanige dosent tydelik te skors.

Art. 64: Indien 'n dosent deur die ring skuldig bevind en in sy amp geskors word, sal sy dienste as dosent daarmee outomaties beëindig word. Art. 65: In al die bogenoemde word gehandel met kennisgewing aan die Sentrale Bestuur.

#### **PLIGTE EN VOORREGTE VAN DOSENTE**

Art. 66: Elke dosent is verplig om hom te hou aan die bepalings en voorskrifte van hierdie reglement en ander wat van tyd tot tyd deur die Sentrale en Plaaslike Besture gemaak mag word met betrekking

tot sy werk. Indien 'n dosent volstandig weier om hom hieraan te onderwerp, kan die Plaaslike Bestuur 'n klag teen hom indien by die betrokke ring wat dan na bevind van sake handel.

Art. 67: Dosente is geregtig op drie skool maande studieverlof na 'n dienstyd van elke vyfjaar. •Desverkiekend mag 'n dosent sy verloftyd laat oloop tot ses skool maande. Indien vooraf daarom aansoek gedoen is, mag die Plaaslike Bestuur aan 'n -dosent toestemming verleen om sy verlof vir 'n langer tydperk as ses skool maande te laat oloop. 'n Dosent sal nie geregtig wees om van die Plaaslike Bestuur uitbetaling te eis vir verlof wat hy nie gebruik het nie.

Art. 68: Plaaslike Besture reël siekteverlof van dosente met verslag aan die Sentrale Bestuur.

Art. 69: Die dosente van, die verskillende skole sal elke jaar 'n vergadering van dosente hou om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Reiskoste sal deur die Plaaslike Besture vergoed word.

Art. 70: As 'n dosent te sterwe kom en 'n weduwee en/of 'n minderjarige kind(ers) nalaat, sal hulle vir ses maande sy salaris en toelaes ontvang en gebruik van die betrokke dosentewoning hê, tensy 'n ander reëling getref word.

#### **DIE REKTOR**

Art. 71: Een van die dosente word deur die Plaaslike Bestuur as rektor aangewys vir 'n tydperk van vyf jaar. Na afloop van hierdie tydperk mag hy herbenoem word.

Art. 72: Die rektor behartig alle korrespondensie en finansiële administrasie van sy skool en is ook verantwoordelik, in medewerking met die Kollege van Dosente, om dissipline en orde onder die studente te handhaaf.

#### **INTERPRETASIE EN WYSIGING VAN REGLEMENT**

In geval van verskil van mening oor die interpretasie van die reglement sal berus word by die interpretasie van die Sentrale Bestuur tot tyd en wyl die belanghebbende sinodes uitspraak lewer.

Art. 74: Hierdie reglement mag alleen deur die Algemene Sinodes van die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Kerk in Afrika gewysig, verkort of uitgebrei word met inagneming van Artikels 1 en 2.

### **BYLAAG 3**

#### **OOREENKOMS TUSSEN DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND EN DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA, NAMENS DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA**

##### **1. Algemeen**

1.1. Met UNIVERSITEIT word in die vervolg bedoel "Die Universiteit van Wes-Kaapland" en met KERK die "Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika of sy opvolger in regte".

1.2. Daar word ooreengekom dat 'n fakulteit van teologie aan die UNIVERSITEIT gestig sal word, wat as 'n ope fakulteit sal dien vir die kerke wat daarvan gebruik wil maak. Die stigting van 'n tweede afdeling vir die ander Gereformeerde Kerke (met Engels as voertaal) word nie, wanneer die behoefte daarvoor mag ontstaan, buite rekening gelaat nie.



- 1.3. Hierdie ooreenkoms vir die stigting vir die genoemde fakulteit sal slegs betrekking hê op die verhouding tussen KERK en die UNIVERSITEIT.
- 1.4. Aangesien elke party gebonde is aan sy eie statutêre bepalinge en 'n outonome karakter dra, word hierdie ooreenkoms aangegaan met dien verstande dat sodanige outonome karakter nie geskend sal word nie. Ondanks enige bepaling in hierdie ooreenkoms wat die teendeel mag aandui, word die selfstandigheid van die Kerk en die UNIVERSITEIT ten volle gehandhaaf en erken.

1.1. Met DEPARTEMENT word in die vervolg bedoel "Die Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth- Aangeleenthede."

## 2. Finansies

- 2.1. Die UNIVERSITEIT aanvaar vanaf 1 April 1973 volle finansiële verantwoordelikheid vir sowel die admisssie- as die teologiese kursus insluitende die salarisse van dosente, met dien verstande dat die Kerk die verantwoordelikheid aanvaar vir die salaris van een professor bereken teen die gemiddelde van die totale jaarlikse salarisse wat aan al die professore in die Teologiese Fakulteit uitbetaal word.
- 2.2. Die Kerk stel geboue (Skoolgebou en Koshuis) waarvan die oprigtingskoste R200 000 beloop het tot beskikking van die UNIVERSITEIT, met dien verstande dat die KERK die geboue vir kerklike doeleindes mag gebruik in oorleg met die UNIVERSITEIT. Die UNIVERSITEIT betaal vanaf 1 April 1973 2 ½ % ( twee-en- 'n-half persent) instandhoudingstoelae per jaar aan die KERK, op die KERK se belegde kapitaal van R200 000 ( Tweehonderd duisend rand).
- 2.3. Die Kuratorium van die Teologiese Skool vir die N.G. Sendingkerk in S.A. namens die KERK, sal finansiël verantwoordelik wees vir die versiening en reparasies van die geboue elke vyf jaar ooreenkomstig die patroon gevolg deur die Departement Openbare Werke ten opsigte van die Universiteitsgeboue. Buitengewone reparasies wat nodig mag wees as gevolg van beskadiging van eiendom deur studente, sal die verantwoordelikheid van die UNIVERSITEIT wees.
- 2.4. Die Kuratorium sal verantwoordelik wees vir plaaslike owerheidsbelasting, en die premie op versekering, terwyl die UNIVERSITEIT verantwoordelik sal wees vir water-en elektrisiteits verbruik en vullisverwydering.
- 2.5. Die Kuratorium voorsien alle ameublement vir die Teologiese Skool en die koshuis en dra dit by wyse van 'n volledige inventaris aan die UNIVERSITEIT oor. Die UNIVERSITEIT aanvaar daarna verantwoordelikheid vir instandhouding, vervanging en aanvulling. Indien die geboue by 'n moontlike beëindiging van die ooreenkoms deur die Kuratorium teruggeneem word, sal die ameublement, soos in die oorspronklike inventaris gespesifiseer, in goeie toestand terugbesorg word. Die normale beheer oor die ameublement soos marking, gereelde voorraadopname en afskrywings word deur die UNIVERSITEIT onderneem. Die administratiewe personeel van die Fakulteit Teologie word deur die UNIVERSITEIT besoldig.
- 2.6. Die bestaande biblioteek in die Teologiese Skool bly die eiendom van die KERK, maar is toeganklik vir alle studente van die UNIVERSITEIT, en kan van tyd tot tyd aangevul word uit kerklike fondse. Die UNIVERSITEIT sal in sy eie biblioteek 'n teologiese boekery opbou.
- 2.7. Die KERK onderneem om die uitgawes ten opsigte van die salarisse van die Doseerpersoneel vir die kwartaal 1 Januarie tot 31 Maart 1973 te dra en ook verantwoordelikheid te aanvaar vir die salaris van die klerklike eenheid vir die periode 1 Januarie 1973 tot 31 Maart 1974. Daarna is dit behoudens die bepalings van Artikel 2.1, die verantwoordelikheid van die UNIVERSITEIT.
- 2.8. Daar word voorts ooreengekom dat die huidige bekleër van die pos van Klerk Graad I, ds. C.A.J. Venter, in die pos aanbly tot 31 Desember 1974.

## 3. Personeel

- 3.1. Vyf dosente word deur die UNIVERSITEIT vir die teologiese opleiding aangestel. Die huidige vier professore van die Teologiese Skool word ipso facto as professore van die UNIVERSITEIT aangestel. Personeeluitbreiding geskied hierna op die gebruikelike wyse, en die aanstellings ooreenkomstig Artikel 3.3.
- 3.2. Administrasiekursus: Die aanstelling van en beheer oor die personeel van die admissiekursus sal die verantwoordelikheid van die Raad van die UNIVERSITEIT wees.
- 3.3. Prosedure by aanstelling van dosente aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland.
  - 3.3.1. Die kieskollege van die KERK beroep 'n dosent volgens kerklike bepalings.
  - 3.3.2. Die skriba van die Kuratorium gee onmiddellike aan die UNIVERSITEIT kennis van die beroep wat uitgebring is, met voorlegging van die curriculum vitae van die beroepene.

- 3.3.3. Indien die beroepene nie vir die Raad aanvaarbaar is nie, word die betrokke nominasie na die KERK terugverwys vir heroorweging, en desnoods na 'n gesamentlike vergadering van die Kuratorium en die Raad van die UNIVERSITEIT met die oog op die bereiking van 'n ooreenkoms.
- 3.3.4. Die beroepene word deur die skriba van die Kuratorium VERTROULIK van die beroep in kennis gestel, met vermelding van die feit dat sy aanstelling onderhewig is aan Ministeriële goedkeuring via die DEPARTEMENT. Geen amptelike kennisgewing word in hierdie stadium in die amptelike organe gegee nie.
- 3.3.5. Die UNIVERSITEIT stel die skriba van die Kuratorium so gou moontlik in kennis of die genomineerde aanvaarbaar is vir aanstelling, nadat Ministeriële goedkeuring via die DEPARTEMENT verkry is.
- 3.3.6. Na ontvangs van hierdie kennisgewing stel die skriba van die Kuratorium die beroepene amptelik in kennis dat sy aanstelling deur die UNIVERSITEIT goedgekeur is en stuur aan hom die amptelike kerklike beroepsbrief tesame met die dokumente deur die UNIVERSITEIT vir aanstelling vereis. Hy publiseer in die kerklike organe die amptelike kennisgewing van die beroep.
- 3.3.7. Agt dae na ontvangs van die beroepsbrief moet die beroepene die skriba van die Kuratorium in kennis stel of hy die beroep laat welgeval.
- 3.3.8. By ontvangs van die kennisgewing dat die beroep geslaag het, stel die skriba van die Kuratorium die UNIVERSITEIT in kennis dat die beroepene in die pos aangestel kan word.
- 3.3.9. Die UNIVERSITEIT doen die aanstellings volgens sy gewone prosedure.
- 3.4. Die heersende diensvoorwaardes vir die universiteitpersoneel sal van toepassing wees op die personeel van die Fakulteit van Teologie.
- 3.5. Ten opsigte van die personeel van die Fakulteit van Teologie sal die tug en beheermaatreëls van die UNIVERSITEIT en van die KERK beide geld en bindend wees.

#### **4. Kursusse**

- 4.1. Die opleiding van die leraars vir die N.G.Sendingkerk sal die volgende behels: 'n Administrasiekursus waarvan die vakkeuse en die tydsduur deur die KERK en UNIVERSITEIT deur onderlinge ooreenkoms bepaal word. 'n Driejarige graad- of diplomakursus in teologiese vakke wat tot die B.Th-graad of die Dipl.Th.lei. 'n Verdere jaarkursus waarin kerklike afrigting afgerond word met die oog op kerklike legitimasie.
- 4.2. Matrikulasievystelling is 'n toelatingsvereiste vir die graadkursus in Teologie terwyl die skoolleidsertifikaat toelating tot die diplomakursus in Teologie verleen.
- 4.3. Alle studente (ongegag hulle kerkverband) wat aan hierdie toelatingsvereistes voldoen, kan aanvaar word, maar die KERK keur sy studente, wat tot die bediening wil toetree, voor en na die voltooiing van hulle opleiding.
- 4.4. Die admissiekursus tot die B.Th-graad- en die diplomakursus sal van tyd tot tyd deur die KERK en die UNIVERSITEIT gesamentlik in heroorweging geneem word.
- 4.5. Hellenistiese Grieks I en Spesiale Hebreeus is 'n voorvereiste vir die B.Th. graadkursus en vir die Diploma in Teologie word Hellenistiese Grieks I en / of Spesiale Hebreeus as voorvereistes gestel.
- 4.6. Die B.Th.- of Dipl.Th.-kursus sal bestaan uit 'n driejarige Teologiese opleiding, waarvan die inhoud deur die KERK en die UNIVERSITEIT deur onderlinge ooreenkoms bepaal word.
- 4.7. Die eksamen- en promosieregulasies van die UNIVERSITEIT is ook van toepassing op teologiese studente wat by die UNIVERSITEIT ingeskryf is. Die Fakulteit van Teologie sal van tyd tot tyd voorstelle met betrekking tot hierdie regulasies aan die Senaat vir oorweging voorlê.
- 4.8. Studente 'n die Fakulteit van Teologie skryf in as die UNIVERSITEIT.
- 4.9. Alle student van die KERK wat met hulle leraarsopleiding besig is, kry voorkeur by koshuisakkommodasie tot 'n ekwivalent van die akkommodasie waarvoor die KERK se koshuis voorsiening maak.
- 4.10. Ten opsigte van studente van die Fakulteit van Teologie sal die Tug-en beheermaatreëls van die UNIVERSITEIT en die KERK albei geld en bindend wees.

#### **5. Wysiging en Opsegging van Ooreenkoms**

- 5.1 Hierdie ooreenkoms kan van tyd **tot tyd** met toestemming van albei partye skriftelik gewysig word.
- 5.2 Beide partye behou die reg om hierdie ooreenkoms na wedersydse kennisgewing van vyf kalenderjare te beëindig.

## **6. Datum van Inwerkingtreding**

Behoudens die bepalings van hierdie ooreenkoms vind die akademiese inskakeling op 1 Januarie 1973 plaas terwyl die ooreenkoms ten opsigte van Finansies, met uitsondering van die koshuis wat met ingang 1 Januarie 1973 finansiëel deur die Universiteit oorgeneem en bestuur sal word, op 1 April 1973 van krag word.

Gedateer te Bellville hierdie 29st dag van Maart 1973.

C. F. G. Gunter, Voorsitter van die Raad.

L. Moolman, Voorsitter van Kuratorium.

D.P. Botha, Skriba.

....., Saakgelastigde.

## **BYLAAG 4**

### **RIGLYNE VIR KERKLIKE ADVIESRAAD VIR TEOLOGIESE OPLEIDING AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND**

#### **1. SKAKELLIGGAAM**

Daar sal 'n enkele oorkoepelende skakelliggaam tussen die kerke onderling en tussen die kerkegroep en die Universiteit wees wat as die Kerklike Adviesraad vir Teologiese Opleiding (KATO) bekend sal staan .

#### **2. SAMESTELLING**

- 2.1. Elke deelnemende kerk (wat dus 'n ooreenkoms met die Universiteit gesluit het) sal geregtig wees op twee verteenwoordigers op die KATO.
- 2.2. Daarbenewens sal deelnemende kerke vir elke inskrywing van twintig (20) studente, gehandhaaf oor in periode van drie jaar, geregtig wees op een bykomende verteenwoordiger.

- 2.3. Kerke of groepe van kerke wat nie 'n ooreenkoms met die Universiteit sluit nie en hul amptelike teologiese opleiding elders aanbied, maar wat amptelik verklaar dat hulle die opleiding aan die UWK erken met die oog hul bediening, sal genooi word om elk een verteenwoordiger te benoem.
- 2.4. Die UWK en die KATO kan gesamentlik besluit om ander kerke of groepe van kerke te nooi om elk een verteenwoordiger te benoem.

### **3. FUNKSIES**

- 3.1. Hierdie skakeling geskied met die oog op oorlegpleging en advies ten opsigte van:
- 3.2. Die aanstelling van doserende personeel.
- 3.3. Die goedkeuring van kursusse en gebiede deur die leerplanne gedek.
- 3.4. Die KATO vergader jaarliks in Oktober, asook wanneer nodig.
- 3.5. Die koste verbonde aan vergaderings word deur alle betrokke kerke self gedra.

### **4. AANSTELLING VAN DOSERENDE PERSONEEL**

#### **4.1. SKEPPING/VULLING VAN POSTE**

Elke deelnemende kerk sal die reg hê om op eie koste een voltijdse pos en/ of meer deeltijdse poste te skep na oorleg met die KATO en met goedkeuring van die Fakulteit Teologie.

- 4.2. Indien 'n deelnemende kerk op eie koste meer as een voltijdse pos wil skep sal die advies van die KATO en die goedkeuring van die Fakulteit Teologie (namens die Universiteit) verkry moet word, in die lig van in gemotiveerde voorlegging.
- 4.3. In die geval vulling van 'n voltijdse kerklike akademiese pos word die lys van genomineerde kandidate in oorleg met die KATO aan die Universiteit voorgelê. Die bestaande aanstelling/ beroepingsprosedure sal gevolg word.
- 4.4. Die volgende prosedure sal gevolg word:
  - 4.4.1. Die Fakulteit stel 'n taakoms krywing van die vakante pos op wat as leidraad vir die Kerk kan dien by die oorweging van persone om te nomineer.
  - 4.4.2. Die Kerk nomineer kandidate (volgens sy eie prosedures) vir die pos vir voorlegging aan en advies van die KATO.
  - 4.4.3. Die KATO bespreek die lys en kan vertroulike skriftelike advies oor die kandidate en/of ander moontlike kandidate stuur aan die betrokke kerk en/of die Universiteit. Die KATO se advies sal hoofsaaklik gerig wees op die kandidate se geskiktheid om ook moontlik vir ander kerke se studente opleiding te verskaf. Die KATO lê die lys, met of sonder advies, aan die Universiteit voor.
  - 4.4.4. 'n Gesamentlike keurkomitee van die Kerk en die Universiteit word saamgestel bestaande uit vyf lede van die betrokke Kerk en vyf lede van die Aanstellingskomitee van die Universiteit waarby ingesluit is die twee wat verteenwoordigers van die Fakulteit Teologie op die Universiteit waarby opingesluit is die twee verteenwoordigers van die Fakulteit Teologie op die Aanstellingskomitee. Die Komitee kies sy eie voorsitter. Die taak van die Gesamentlike Keurkomitee is om:
    - 4.4.4.1. die kandidate te evalueer volgens geskikte akademiese kwalifikasies en akademiese ondervinding en publikasies in 'n toepaslike vakgebied, met die oog op die opdrag verbonde aan die pos, met inagneming van die algemene aanstellingsbeleid soos deur die Universiteitsraad neergelê;
    - 4.4.4.2. onderhoude met kandidate te voer met koöptering van vakspesialiste van buite as adviseurs sonder stemreg;
    - 4.4.4.3. verslag, met in aanbevole kortlys, aan die Aanstellingskomitee en die Senaat te doen.
    - 4.4.4.4. Die Senaat van die Universiteit neem in besluit op grond van die verslag van die Gesamentlike Keurkomitee. Hy kan die aanbevole kort lys óf aanvaar, of wysig, of na die Gesamentlike Keurkomitee terugverwys.
    - 4.4.4.5. Die lys wat deur die Senaat goedgekeur is, word voorgelê aan die liggaam wat deur die betrokke Kerk gemagtig is om te beroep of te benoem.
    - 4.4.4.6. By ontvangs van die kennisgewing dat die beroep/benoeming geslaag het, stel die betrokke kerk die Universiteit hiervan in kennis. Die aanstelling van die beroepene/ benoemde vind nou plaas volgens normale universiteitsprosedure.

- 4.5. Kerklike aanstellings sal alleen gemaak word ten opsigte van die vakke of gedeeltes van vakke waaroor die betrokke Kerk met die Fakulteit tot 'n ooreenkoms geraak het. Die deelydse lys van kandidate word na oorleg met die KATO aan die Universiteit voorgelê.
  - 4.6. In die geval van die vulling van bestaande sewe voltydse akademiese poste, wat volgens Ooreenkoms met die NGSK tot stand gekom het, geld dieselfde prosedure ten opsigte van die NGSK.
    - 4.6.1. Die Fakulteit stel in taakoms krywing van die vakante pos op wat as leidraad vir die Kuratorium van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) kan dien by die oorweging van persone om te nomineer.
    - 4.6.2. Die NGSK nomineer kandidate (volgens sy eie prosedures) Voorlegging aan en advies van die KATO.
    - 4.6.3. Die KATO bespreek die lys en kan vertroulike skriftelike advies oor die kandidate en/of ander moontlike kandidate stuur aan die betrokke Kerk en/of die Universiteit. Die KATO se advies sal hoofsaaklik gerig wees op die kandidate se geskiktheid om ook moontlik vir ander kerke se studente opleiding te verskaf. Die KATO lê die lys, met of sonder advies, aan die Universiteit voor.
    - 4.6.4. 'n Gesamentlike Keurkomitee van die NGSK en die Universiteit word saamgestel bestaande uit vyf lede deur die Kuratorium van die NGSK benoem en vyf lede deur die Aanstellingskomitee van die Universiteit, waarby ingesluit is die twee verteenwoordigers van die Fakulteit Teologie op die Aanstellingskomitee. Die Komitee kies sy eie voorsitter. Die taak van die Gesamentlike Keurkomitee is om:
      - 4.6.4.1. die kandidate te evalueer volgens geskikte akademiese kwalifikasies en akademiese ondervinding en publikasies in 'n toepaslike vakgebied, met die oog op die opdragte verbonde aan die pos, met inagneming van die algemene aanstellingsbeleid soos deur die Universiteitsraad neergelê;
      - 4.6.4.2. onderhoude met kandidate te voer met koöptering van vakspecialiste van buite as adviseurs sonder stemreg;
      - 4.6.4.3. verslag, met 'n aanbevole kortlys, aan die Aanstellingskomitee en die Senaat te doen.
    - 4.6.5. Die Senaat van die Universiteit neem 'n besluit op grond van die verslag van die Gesamentlike Keurkomitee. Hy kan die aanbevole kort lys óf aanvaar, of wysig, of na die Gesamentlike Keurkomitee terugverwys.
    - 4.6.6. Die Kieskollege, bestaande uit die lede van die Kuratorium van die NGSK en alle voltydse dosente van die NGSK aan die Fakulteit Teologie, beroep in kandidaat uit die lys wat deur die Senaat van die Universiteit goedgekeur is, onderhewig aan bekragtiging deur die Universiteitsraad.
    - 4.6.7. By ontvangs van die kennisgewing dat die beroep geslaag het, stel die Skriba van die Kuratorium van die NGSK die Universiteit hiervan in kennis. Die aanstelling van die beroepene vind nou plaas volgens normale universiteitsprosedure.
  - 4.7. In die geval van deelydse akademiese poste wat nie betrekking het op die deelydse kerklike poste genoem in 4.4 nie, sal kandidate deur die Universiteit aangestel word op aanbeveling van die Fakulteit.
  - 4.8. In die geval van die vulling van die twee (2) bestaande ad hoc poste (in OU/NUWE en Diakoniologie) , wat deur die Universiteit geskep is met die oog op die vestiging van die nuwe leergang, word die normale aanstellingsprosedure Universiteit gevolg.
  - 4.9. Indien dit sou gebeur dat nuwe poste benodig word volgens die normale personeel-formule van die Universiteit, sal die advies van die KATO gesoek word oor die korrekte aanstellingsprosedure, in die lig van die redes vir die tekort en die spesifieke behoeftes.
- 5. ADVIES TEN OPSIGTE VAN KURSUSSE EN GEBIEDE DEUR LEERPLANNE GEDEK**
- 5.1. Tydens die jaarlikse vergadering rapporteer die Fakulteit oor die
  - 5.2. inhoud van kursusse en leerplanne, insluitende die van kerklike dosente, voltyds en deelydse.
  - 5.3. Deelnemende kerke kry geleentheid om hulle behoeftes voor te lê.
  - 5.4. Die KATO adviseer deelnemende kerke en die Fakulteit oor moontlike wysiginge, behoeftes en probleme.

- 5.5. Die formele samestelling van leerplanne en kursusse word deur die Universiteit bepaal kragtens die onderlinge ooreenkomste tussen die Universiteit en die betrokke deelnemende Kerke, wat dit ook moet goedkeur.



## BYLAAG 5

### REGLEMENT VIR DIE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

#### Artikel 1 - Grondslag

Die teologiese opleiding van bedienaars van die Woord van die Verenigende Gereformeerde Kerk word gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word uitgedruk in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Belhar Belydenis en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius.

#### Artikel 2 - Doel

Die doel van die teologiese opleiding is om onder leiding van die Heilige Gees en tot eer van God die kandidate geestelik, intellektueel en prakties te vorm en toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk van Jesus Christus.

#### Artikel 3 - Beheer

Die opleiding van sy bedienaars van die Woord is die verantwoordelikheid van die Verenigende Gereformeerde Kerk.

#### Artikel 4 - Beleid

Die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk bepaal beleid in verband met die teologiese opleiding.

#### Artikel 5 - Kuratorium

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het slegs een opleiding, leerplan en standaard vir die Opleiding van Bedienaars van die Woord vir die VGKSA.

Die Algemene Sinode kies 'n Kuratorium wat as kommissie van die Algemene Sinode om die opleiding te bestuur, die Algemene Sinode van advies te bedien en toesig te hou oor die implementering van hierdie beginsels van opleiding binne die gebiedsinodes.

Vir dié doel benoem elke gebiedsinode waarbinne 'n opleidingsentrum is 'n kuratorium met die opdrag om dit in te faseer. Die verskillende gebiedsinodes sal op die kuratorium verteenwoordig word.

#### Artikel 6 - Samestelling van die Kuratorium

Die Kuratorium sal as volg saamgestel word:

1. Die voorsitters van die kuratoria van streeksinodes
2. Een verteenwoordiger uit ander streeksinodes
3. Die actuarius van die Algemene Sinode
4. Die saakgelastigde van die Algemene Sinode in adviserende hoedanigheid
5. Die rektor/dekaan/voorsitter van die Raad van Dosente van die opleidingsentra
6. Die Kuratorium sal 'n Dagbestuur hê wat saamgestel is uit die voorsitter, skriba en die actuarius van die Algemene Sinode, of 'n lid van die vergadering indien die actuarius die voorsitter of sekretaris is.

#### Artikel 7

Sake van plaaslike belang word deur die kuratorium van die betrokke gebiedsinode hanteer.

## **Artikel 8**

Die samestelling van die kuratoria van die gebiedsinodes word deur die gebiedsinodes self bepaal. Die saakgelastigdes en dosente dien in adviserende hoedanigheid.

## **Artikel 9**

Die kuratorium het die reg van koöptering en is verantwoordelik vir die gekoöpteerde lede se reiskoste.

## **Artikel 10**

Die kuratorium vergader minstens een keer per jaar op 'n tyd en plek deur homself bepaal.

## **Artikel 11**

Die kuratorium lewer jaarliks aan die Algemene Sinode/Sinodale Kommissie verslag.

## **Artikel 12**

Die kuratorium is verantwoordelik vir die goedkeuring van die inhoud van die leerstof sowel as die leerplanne van die inrigtings. Die leerstof is versprei oor die volgende hoofvakrigtings:

Ou Testament

Nuwe Testament

Ekklesiologie

Dogmatologie

Diakonologie

Missiologie

## **Artikel 13**

Die kuratorium stel in oorleg met die kolleges van dosente die jaarprogram van die inrigting vas.

## **Artikel 14**

Die kuratorium sien toe dat daar 'n bevredigende standaard van opleiding gehandhaaf word.

## **Artikel 15**

Die kuratorium sal een geïntegreerde begroting vir teologiese opleiding by die Algemene Sinode aanbied.

Die kuratorium sal in oorleg met KAS aanbevelings doen oor toekennings uit die algemene sinodale fonds om enige tekorte van inrigtings te probeer aanvul.

Die kuratorium sal, in samewerking met die Kommissie vir Ekumene, die ontginning van ander bronne bevorder en ten opsigte van tekorte 'n regverdige toekenning, aan die betrokke inrigtings maak.

## **Artikel 16**

Waar die teologiese opleiding van 'n inrigting aan 'n universiteit gekoppel is of geakkrediteerd is, sien die Kuratorium toe dat die ooreenkoms wat met die betrokke universiteit gesluit is, gehandhaaf word. Die kuratorium is ook by magte om nuwe ooreenkomste aan te gaan waar dit nodig mag wees, met goedkeuring van die Algemene Sinode.

## **Artikel 17**

Die Kuratorium mag deur sy subkommissie teologiese studente, op aanbeveling van die kuratorium van die streeksinode, toelaat om vir tot een jaar as hospiterende studente in die

buiteland in een van die kerke met wie die VGKSA in ekumeniese verband staan voorgeskrewe praktiese werk te doen.

## **Artikel 18**

### **Dagbestuur van die Kuratorium**

Die Kuratorium sal 'n Dagbestuur hê wat saamgestel is uit die voorsitter, skriba en actuarius van die Algemene Sinode, of 'n lid van die vergadering indien die actuarius voorsitter of skriba is.

## **Artikel 19**

Die Dagbestuur mag in spoedeisende sake namens en met verslag aan die Kuratorium optree.

## **Artikel 20**

### **Subkommissie van die Kuratorium**

Die Kuratorium benoem 'n Subkommissie bestaande uit al die hoofde en/of voorsitters van die raad van dosente van die verskillende inrigtings.

## **Artikel 21**

### **Die Subkommissie van die kuratorium sal**

- 21.1 oorleg pleeg met betrekking tot sake van gemeenskaplike belang tussen die onderskeie inrigtings;
- 21.2 vir elke reses die riglyne vir 'n enkelleerplan in die hoofvakrigtings opstel;
- 21.3 studiegeleenthede op 'n gelyke en regverdige manier toewys;
- 21.4 die begrotings van die onderskeie inrigtings, soos goedgekeur deur die streeksinodes, amalgameer met die oog op 'n voorlegging aan die Algemene Sinode;
- 21.5 verteenwoordigers as eksterne eksaminatore en lede van die eksamenkommissies van die betrokke inrigtings aanwys;
- 21.6 die standaard van opleiding aan die verskillende inrigtings kontroleer;
- 21.7 goedkeuring in terme van Artikel 17 verleen vir teologiese studente om as hospiterende studente praktiese werk in die buiteland te doen; dit sal die vereistes vir die voorgeskrewe praktiese werk; toesighouding en verslaggewing bepaal;
- 21.8 verslag doen aan die Kuratorium.

## **Artikel 22**

Die Subkommissie sal jaarliks voor die vergadering van die kuratorium ontmoet.

## **Artikel 23**

Die wysiging van die reglement kan op die volgende wyse geskied:

- 23.1 Artikel 1 van die reglement oor die grondslag van teologiese opleiding kan alleenlik met 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode gewysig word.
- 23.2 Die ander artikels van die reglement kan deur 'n gewone meerderheidstem deur die Algemene Sinode van die VGK gewysig word.

**BEGINSELS VAN TEOLOGIESE OPLEIDING VIR DIE VGKSA****Beginsels****Grondslag**

Die opleiding wil doelbewus ekumeniese openheid bevorder en die Gereformeerde karakter uitbou. Daarom word aanbeveel dat die grondslag van die opleiding soos volg sal lui:

Die teologiese opleiding van bedienaars van die Woord van die Verenigende Gereformeerde Kerk word gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die ooreenstemming met die Woord van God bely, word uitgedruk in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Belhar Belydenis en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius.

**Doel**

Die opleiding dra 'n kerklike karakter. Dit wil kandidate voorberei vir die bediening in gemeentes en algemene kerklike werk.

In die opleiding word universitêre akademiese standaarde nagestreef.

Die opleiding volle erns met die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele konteks waarin die gemeentes wat bedien word, bestaan. In die praktyk sal dit beteken dat die studente met die verskillende samelewingsverbande in kontak en gesprek tree, en hulle teologiese denke in betrokkenheid daarmee ontwikkel.

Daarom word die doel soos volg saamgevat: Die doel van die teologiese opleiding is om onder leiding van die Heilige Gees en tot eer van God die kandidate geestelik, intellektueel en prakties te vorm en toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk van Jesus Christus.

Die Algemene Sinode keur die Grondslag en Doel (punte 1.1 tot 1.2) goed

Beheer.

**AANBEVELING 2**

Die Algemene Sinode aanvaar die volgende beginsel met betrekking tot die Beheer van teologiese opleiding (2.1)

2.1 Die sinode aanvaar die beginsel van een opleiding, een leerplan, een standaard, en benoem 'n Kuratorium om die sinode van advies te bedien en toesig te hou oor die implementering van hierdie beginsels binne die gebiedsinodes. Vir die doel benoem elke gebiedsinode waarbinne 'n opleidingsentrum is n kuratorium met die opdrag om dit in te faseer.

2.2 Die sinode aanvaar die beginsel dat die bestaande drie opleidingsentra, UWK, Turfloop en Witsieshoek, voorlopig behou word, en dat die streeksinodes wat by die opleiding by Turfloop en Witsieshoek betrokke is, voortgaan om die inrigtings te verenig.

**AANBEVELING 3**

Die Algemene Sinode herbevestig sy besluit met betrekking tot die opleidingsentra.

**OPDRAG**

Die sinode verwys die ideaal van een teologiese opleiding na die kuratorium vir ondersoek en om modelle vir eenheid voor te lê

**AANBEVELING 4**

Die Algemene Sinode gee aan die Kuratorium volmag om deur sy sub-kommissie een reglement vir die opleiding van bedienaars van die Woord opstel vir al die Streeksinodes binne wie ressort teologiese opleiding plaasvind.

Die Algemene Sinode beveel by streeksinode aan hulle hierdie reglement aanvaar.

Ontvang die Verslag van die hoof van die inrigtings en keur die aanbevelings met betrekking tot een leerplan vir alle sentra goed.

**MOTIVERING**

Die Kuratorium is van oordeel dat die aanvaarding van een reglement en een leerplan die eerste stap is in die implementering van een opleiding. Sodanig reglement bepaal dan die aard en inhoud van opleiding, die toelatingsvereistes, eksaminering, aanstelling van dosente ens.

2.4 Die eenheid van student en dosente op die kampusse word verstewig deur gereelde onderlinge kontakte en uitruilskemas.

2.5 Die beleid vir die bestuur van die teologiese opleiding is die verantwoordelikheid van die algemene sinode wat die bestaande ooreenkomste met die betrokke universiteite sal kontinueer en wat by magte is om nuwe ooreenkomste aan te gaan.

### **AANBEVELING 5**

Die Algemene Sinode aanvaar die volgende beginsel met betrekking tot 2.5 van die Beheer van teologiese opleiding:

2.5 Die beleid vir die bestuur van die teologiese opleiding is die verantwoordelikheid van die algemene sinode terwyl die betrokke Streeksinodes die bestaande ooreenkomste met die betrokke universiteite sal kontinueer en nuwe ooreenkomste OP AANBEVELING VAN DIE KURATORIUM VAN DIE ALGEMENE SINODEDEUR DIE ALGEMENE SINODE GOEDGEKEUR MOET WORD.

2.6 Die finansiële verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding berus by die Verenigende Gereformeerde Kerk. Die kuratorium behou bestaande finansiële reëlins en administrasie van die bestaande opleidingsentra, en bedien die volgende algemene sinode met voorstelle in verband met verdere ontwikkelings.

### **AANBEVELING 6**

Die Algemene Sinode aanvaar die volgende beginsel met betrekking tot die befondsing van teologiese opleiding (punt 2.6) Die Algemene Sinode besluit dat die finansiële verantwoordelik vir opleiding van Bedienaars van die Woord by die Streeksinodes behoort binne wie se ressort die opleiding val. Die Algemene Sinode is terdeë bewus van die feit dat daar 'n onaanvaarbare ongelukheid bestaan in beide die beskikbaarheid en toegang tot bronne vir die befondsing van opleiding.

In die lig hiervan besluit die Algemene Sinode dat:

elke inrigting met goedkeuring van die betrokke streeksinodes 'n volledige begroting van inkomste en uitgawes (werklik en geprojekteer sowel as vergelykend met vorige jare) vir die reses van die Algemene Sinode moet opstel

Die Kuratorium van die Algemene Sinode 'n saamgestelde begroting sal opstel vir voorlegging aan KAS en die Algemene Sinode.

KAS uit enige beskikbare bronne van die Algemene Sinode en /of befondsing van partnerkerke en ekumeniese inrigtings regverdige toewysings, ten opsigte van te kortte aan die onderskeie inrigtings maak.

### **OPDRAG**

2.7 *Dit word aan die kuratorium opgedra om 'n reglement vir die vorming en toelating van predikante op te stele n aan die algemene sinode voor te lê. Intussen sal bestaande reglement bly funksioneer. Bestaande reglemente behou hulle geldigheid behalwe ten opsigte van sake waar die algemene sinode se besluite die bestaande artikel ongeldig maak. In die oorgangsfase moet die kuratorium sy diskresie gebruik om bestaande prosesse (bv. die Indiensopleidingkursus vir evangeliste om leraars te word in die NGKA) te laat voorgaan, met verslag aan die volgende sinode.*

### **AANBEVELING 7**

Algemene Sinode:

Maak die orde reeling dat die Reglement vir die Opleiding van Bedienaars van die Woord onmiddelik na die afhandeling van die beginsels vir teologiese opleiding hanteer word.

Behandel die Reglement vir die Opleiding van Bedienaars punt vir punt en dit goed.

Aanvaar die Bylaag oor die Legitimasie van Kandidate wat nie die nodige Teologiese opleiding ontvang het nie as Reglement vir die Legitimasie van Kandidate wat nie die nodige Teologiese opleiding ontvang het nie.

#### 3 Beleid

Die opleiding duur ses jaar.

### **OPDRAG**

Die moontlikheid om n deel van die sesjarige teologiese kursus deur middel van korrespondensie te doen, word na die kuratorium verwys vir ondersoek.

Die moontlikheid van deelydse studie word na die kuratorium verwys vir ondersoek.

### **AANBEVELING 8**

Die Algemene Sinode behandel en keur die aanbevelings van die hoofde van die inrigtings met betrekking tot 3.1 -3.3 goed.

### **OPDRAG**

Die opleiding vir kerklike bedieninge naas die leraar word na die kuratorium verwys vir ondersoek.

### **AANBEVELING 9**

Die Algemene Sinode ontvang die Memorandum van die Gebiedsinode KwaZulu-Natal met betrekking tot pluriforme opleiding. Die Algemene Sinode besluit dat die Teologiese Skool Dingaanstat as

loodsprojek onder beheer van die Kuratorium van die Streeksinode KwaZulu-Natal met die implementering hiervan voortgaan.

Dié opleiding moet deur 'n sub-kommissie van die Kuratorium van die Algemene Sinode, bestaande uit die hoofde van die verskillende inrigtings, evalueer word, met rapport aan die Kuratorium van die Algemene Sinode. Die Kuratorium sal dan verslag met aanbevelings aan die Algemene Sinode voorberei. Geen opleiding om evangelis te word. Word aangebied nie, omdat dit in albei kerke reeds gestaak is. Die beleid word soos volg geformuleer: Die algemene sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk bepaal beleid in verband met die teologiese opleiding. Die opleiding van sy bedienaars van die Woord is die verantwoordelikheid van die Verenigende Gereformeerde Kerk.

#### **AANBEVELING 10**

Die Algemene Sinode keur 3.5 en 3.6 goed.

Kuratorium

Die algemene sinode kies een kuratorium wat as kommissie van die algemene sinode die opleiding sal bestuur. Die verskillende gebiedsinodes sal op die kuratorium verteenwoordig word.

#### **AANBEVELING**

Verwys Aanbeveling 2

Funksies soos die van die toelatings-, eindeksamen- en ander kommissies sal deur die kuratorium vervul word, met reg van ko-opsie van lede op die plaaslike vlak.

#### **AANBEVELING 11**

In die lig van die beginsel dat die Algemene Sinode 'n beleidsinode en Streeksinodes werksinodes is besluit die Algemene Sinode dat dit tot die bevoegdheid van die Streeksinodes hoort om die beginsels rondom toelating, opleiding, eksaminering en legitimering te implementeer. Hierdie funksies word verrig deur die Kuratoria van die betrokke Streeksinodes.

Na die sitting van die Algemene sinode van die VGK sal as tussentydse reëling geld dat die bestaande kuratoria voortgaan met hulle pligte en hulle verantwoordelikhede totdat voldoende reëlings getref en ooreenkomste aangegaan is tussen die nuwe kuratorium, plaaslike besture, die bestaande kuratorium en ander instansies om sodoende die ordelike voortgang van die opleiding te verseker.

#### **AANBEVELING 12**

Die Algemene Sinode vervang 4.3 met die volgende formulering:

Na die sitting van die algemene sinode van die VGK sal as tussentydse reëling geld dat die bestaande kuratoria voortgaan met hulle pligte en hulle verantwoordelikhede totdat voldoende reëlings getref en ooreenkomste aangegaan is tussen die kuratorium, die bestaande kuratoria en ander betrokke instansies om sodoende die ordelike voortgaan van die opleiding te verseker.

Samestelling van die kuratorium

Voorstelle ten opsigte van die samestelling van die kuratorium moet deur die gesamentlike moderature aan die sinode voorgelê word.

Die kommissie se voorstel aan die gesamentlike moderature is:

die kuratorium word saamgestel uit:

Een verteenwoordiger uit elke streeksinode

Die aktuaris van elke Streeksinode

Die aktuaris van die algemene sinode

Die rektor/dekaan van elke betrokke inrigting

Die saakgelastigdes dien in adviserende hoedanigheid.

#### **AANBEVELING 13**

Die Kuratorium van die Algemene Sinode word as volg saamgestel.

Die voorsitters van die Kuratoria van Streeksinodes

1 Verteenwoordiger uit ander Streeksinodes

Die Actuaris van die Algemene Sinode.

Die Saakgelastigde van die Algemene

Die Rektor/Dekaan/ Voorsitter van die Raad van Dosente van die Opleidingsentra

Die Kuratorium sal n Dagbestuur hê wat saamgestel is uit die voorsitter, skriba en die Actuaris van die Algemene Sinode of 'n lid van die vergadering indien die Actuaris voorsitter of skriba is.

Sake van plaaslike belang word hanteer deur 'n plaaslike bestuur by elke inrigting. Die plaaslike bestuur bestaan uit die verteenwoordiger en aktuaris van elke streeksinode wat by die daardie inrigting ingedeel word (Noord-en Suid –Transvaal by Turfloop, Natal, Vrystaat en Noord-Kaap/Phororo by Witsieshoek, Oos-en Suid –Kaap by UWK), plus die rektor/dekaan van daardie inrigting, plus persone



wat geko-opteer kan word (bv. Verteenwoordigers van die NGK). Die saakgelastigdes en dosente dien in adviserende hoedanigheid.

**AANBEVELING**

Verwys Aanbevelings 2 en 3

Die reg van ko-opsie setel by die kuratorium wat die reg aan plaaslike bestuur kan toeken. Die instansie wat ko-opteer is verantwoordelik vir die gekoöpteerde lede se reiskoste.

**AANBEVELING 14**

Die Algemene Sinode vervang die formulering in 4.4.2.4 met die volgende:

Die kuratorium het die reg van ko-opsie en is verantwoordelik vir die gekoöpteerde lede se reiskoste.

Oorgangsmatreëls

Alle voorkomende sake rakende teologiese opleiding waarvoor daar nie in hierdie aanbevelings voorsiening gemaak is nie, word na die kuratorium verwys om daarmee te handel na bevind van sake.

**AANBEVELING 15**

Die Algemene Sinode keur punt 5 goed.

## MEMORANDUM STREEKSINODE KWAZULU-NATAL INSAKE TEOLOGIESE OPLEIDING

### 6.1. Vereistes vir Teologiese Opleiding

Die opleiding moet aan die volgende vereistes voldoen:

Bybelgesentreerd. Die fundamentele handboek is die Woord van God.

Leerstellig gefundeerd. Die gereformeerde belydenisskrifte geld as kriteria om die Bybel reg te verstaan en te verseker dat die ware leer verder oorgelewer word.

Akadies-teologies. Die opleiding moet nie net gerig wees op die oordrag van Bybelkennis nie, maar op die regte verstaan van die Woord en oordrag daarvan.

Lewensgerig en lewensvernuwend. Die opleiding moet toegespits word op hartsvernuwing van die studente wat verder moet deursuur in sy verhoudinge tot God, medemens en leefwêreld. (vgl. Universiteit van Lesotho waar teologiese opleiding die fisiese behoeftes van gemeenskap aanspreek.)

Missionêr. Die evangeliseringsdimensie en -intensie moet die totale opleiding karakteriseer.

Ekumenies. Alhoewel aandag aan die ekumeniese visie gegee moet word, mag dit nie verabsoluteer word ten koste van die gereformeerde karakter van die teologiese opleiding nie.

Kontekstueel. Die teologiese grondslae mag nie deur 'n modernistiese krities sosiale analise ondergrawe word nie. Kontekstueel beteken dat die teologie daarop gerig moet wees om die samelewing met die vernuwende krag van die evangelie te deursuur.

Globalisering. Die balans tussen fokus op die Zoeloesprekende bevolking en 'n wêreldbedieningstrategie moet in opleiding neerslag vind.

Prakties uitvoerbaar. Alle teologie moet praktiese en praktiserende teologie wees. Alles wat verstandelik-teoreties geleer is, moet prakties getoets en beoefen kan word.

Geïntegreerde leerplan. Daar sal opnuut besin moet word oor die vakkeverdeling. Die invloed van die verligting op teologiese opleiding sal teengewerk moet word.

### 6.2. Metodes van onderrig

Minstens een voltijdse dosent word te Dingaanstat gestasioneer. Hy ontwikkel 'n minimum administrasie en is verantwoordelik om opleidingsmateriaal te versamel en te ontwikkel.

In elke ring word een leraar as dosent aangestel. Hy reël gereelde kontakssessies met alle studente binne die gebied waarvoor hy verantwoordelik is.

Die belang van evangelisopleiding is sterk beklemtoon. Hierdie evangeliste se diens moet Bybelsgefundeerd wees en duidelik onderskei word van die bestaande evangelis-amp wat meestal niks anders is nie as 'n leraar met 'n minderwaardige opleiding.

Die belangrikste gedagtes wat vanuit die besinning op voetsoolvlak na vore gekom het, is die volgende:

### 6.3. Plek van Opleiding

Die behoefte aan 'n eie opleidingsfasiliteit vir KwaZulu-Natal is duidelik deur die verteenwoordigers van die VGKSA uitgespreek.

Die gevoel dat die Teologiese Skool op Dingaanstat in een of ander vorm behoue moet bly, hetsy in 'n vernude gewaad, is eenparig.

Die huidige infrastruktuur te Dingaanstat kan benut word. (o.a. lesinglokale, kantoor en meublement, biblioteek, woongeriewe vir studente insluitende woonlokale van Zisize, asook die rektorswoning.)

'n Teologiese kollege word te Dingaanstat geskep wat beide as Bybelskool en teologiese seminarium funksioneer. Voorsiening word dus gemaak vir beide fundamentele Bybelonderrig en akademiese skoling volgens verskillende modules.

Hierdie teologiese kollege kan as mono-kerklike inklusiewe inrigting funksioneer. (vgl. Hugenate Kollege) Dit sal dus vir studente van enige kerk wat by die opleidingstruktuur kan inskakel, oop wees.

Die opgradering van Dingaanstat as teologiese kollege beteken nie dat voltijdse residensiële onderrig tans oorweeg word nie, Die opleidingsentrum se rol sal moet wees om die opleiding na die mense te neem.

Die huidige sendingleraarspos te Dingaanstat kan aanvanklik gekombineer word met die rektorspos.

### 6.4. Die Inhoud van die Opleiding

6.4.1 Daar is aanvaar dat die inhoud van die opleiding nie subjektief en willekeurig deur gemeentes bepaal moet word nie, maar 'n bepaalde standaard moet handhaaf.

- 6.4.2 Dit moet kerklike sanksie geniet en veral deur die Algemene Sinode van die VGKSA aanvaar word.
- 6.4.3 Die verskeidenheid van behoeftes in die plaaslike gemeente, asook die taak van die kerk in die wêreld, behoort die vertrekpunt te wees vir die opstel van gedifferensieerde leerplanne (modules), o.a. vir Sondagskoolonderwysers, kategete, ouderlinge, diakens, sendingwerkers en leraars.
- 6.4.4 Leerplanne en onderrigmateriaal van verskillende opleidingsplekke kan vir hierdie doel gebruik word, bv Bybelkor, Timoteus, Amos, Sibongile.
- 6.4.5 In elke gemeente word een of meer hulp-dosente benoem. Hierdie korps van hulp-dosente word deur die teologiese skool opgelei om die skolingsmateriaal op plaaslike vlak effektief deur die studente te laat gebruik.
- 6.4.6 Gasdosente kan na onderhandelings met universiteite en ander benut word om seminare en kursusse te Dingaanstat aan te bied.
- 6.4.7 Geskikte lidmate wat in gemeentes geïdentifiseer is, word aangemoedig om vir bepaalde kursusse in te skryf. (Onder geskikte lidmate word verstaan diegene wat met hulle geheiligde lewenswandel en getuieis van geloofsverhouding tot die Here aktief betrokke is by diens in die gemeente en uitbreiding van die koninkryk, Dit behoort ook lidmate te wees wat verkieslik reeds fase I van Dissipelskap Netwerk afgehandel het. (Kyk Bylae 4) Studente moet slegs oor 'n basiese lees- en skryfvaardigheid beskik. (vgl. UWK wat selfs ongeletterde studente akkommodeer.) Studente kan slegs op aanbeveling van kerkrade, en nie volgens individuele aansoeke nie, vir toelating oorweeg word. 'n Groter aksent sal op die werwing en skoling van vrouelidmate moet val aangesien die grootste persentasie lidmate vroue is.
- 6.4.8 Inskrywings moet amptelik volgens voorgeskrewe prosedures geskied.
- 6.4.9 Die basiese metode van persoonlike kontak deur dosente en hulp-dosente word aangevul deur reëlmatige seminare, verkieslik te Dingaanstat wat oor die nodige infrastruktuur beskik.
- 6.4.10 Die kursusse sluit in toetsing (teoreties sowel as prakties) en word deur die teologiese skool gekontroleer.
- 6.4.11 Erkenning word deur die teologiese skool vir elke voltooidde kursus gegee.
- 6.4.12 Wanneer 'n student die vereiste aantal met goeie gevolg voltooi het, verleen die teologiese skool aan hom 'n sertifikaat vir die betrokke module.
- 6.4.13 Wanneer studente 'n bepaalde aantal modules voltooi het, verleen die teologiese skool aan hom 'n diploma, Hierdie diploma gee aan hom toelating tot gevorderde studie met die oog op voltydse bediening (o.a. leraar, sendeling, pastorale - Of jeugwerker).
- 6.5. Gevorderde studie**
- 6.5.1 Akkreditasie by 'n universiteit, verkieslik een wat 'n opleidingsooreenkoms met die Algemene Sinode van die VGKSA het, moet gesoek word. Die diploma wat by die teologiese skool verwerf is, word erken as deel van die vereistes vir die graadkursus.
- 6.5.2 Die metode van onderrig sluit die volgende in:
- Afstandsonderrig gekombineer met sporadiese residensiële onderrig. Hierdie metode is reeds beproef met die In-diens-opleiding van twee groepe evangelisstudente wat as leraars gekwalifiseer het.
  - [Residensiële onderrig te Dingaanstat geskied slegs na deeglike herbesinning.]
  - Lopende praktiese werk in die gemeente.
- 6.5.3 Die belang van hierdie tipe opleiding kan nie ligtelik oorskat word nie. 'n Model word hiermee aangebied waardeur teologiese opleiding fundamenteel 'n gemeentelike aangeleentheid word waarby die hele kerk betrokke is en nie slegs 'n groepie hoogsbesoldigde en hoogsgekoelde “amptenare” nie. Hierdie opleiding strek dus van die basiese toerusting van gelowiges tot die skoling van gespesialiseerde dienste in die gemeente. Dit lei uiteindelik tot die beskikbaarstelling van dienswerkers wat mettertyd as voltydse werkkragte met volle kerklike erkenning vir die hele kerk gelegitimeer sal kan word.  
Dit beteken dat teologiese opleiding nie slegs voorbereiding is vir 'n blote beroep nie, maar 'n proses waarin enige lidmaat sy of haar roeping in die gemeente kan uitleef en daarvoor in verskillende fases geskool word.
- 6.5.4 Voorsiening word ook gemaak vir die verdere toerusting van evangeliste as leraars en van leraars om meer effektief hulle bediening te kan vervul.

## **6.6. Finansies**

- 6.6.1 Aangesien daar nie sprake is van voltydse residensiële onderrig nie, is daar fenomenale kostebesparing t.o.v. studente en dosente.
- 6.6.2 Aangesien die onderhoud van Dingaanstat se infrastruktuur nog in die gedrang is, word onderhandelinge met die NGK oor vennootskap in die projek voortgesit.
- 6.6.3 Vennootskap met die NGK wat nog steeds by die teologiese opleiding van werkkragte van die VGKSA betrokke is, moet gehandhaaf word veral met die oog op eenwording van die kerke. Hierdie kerk is versoek om weë te ondersoek om die voortgesette opleiding te subsidieer.
- 6.6.4 Skakeling met buitelandse universiteite, bv. Oxford Universiteit, is 'n moontlikheid waardeur finansiële hulp verkry kan word indien nodig. (Skakelpersoon: Dr. Bennie Wolvaardt van Veritas College.) van die Christian Reformed Church of America het aangebied om die beoogde tipe opleiding te Dingaanstat te ondersteun en finansiële hulp te bemiddel.

## **6.7. Beroepsopleiding**

- 6.7.1 Die opleidingsfasiliteite van die diens van barmhartigheidsprojek Zisize, kan met enkele aanpassings herstruktureer word om teologiese studente vir bepaalde beroepe te skool. Tentmakerbediening kan daardeur sy beslag in die kerk kry.

## **6.8. Werwing van studente**

- 6.8.1 Bekendstelling in gemeentes van die opleidingsmoontlikhede behoort aanvanklik as prioriteit gestel te word. Kerkrade sal gemotiveer moet word om studente te identifiseer. 'n Vertrekpunt kan wees om lidmate wat reeds Bybelskoolkursusse voltooi het, aan te moedig om vir kursusse in te skryf.

## **6.9. Bestuur**

- 6.9.1 Die plaaslike bestuur wat deur die Streeksinode van die VGKSA volgens die Reglement vir die Kuratorium van die Algemene Sinode verkies word, is in beheer van die opleiding.

## **7. BEPLANNING VAN 'N EIESOORTIGE OPLEIDING VIR DIE SITUASIE IN KWAZULU-NATAL (Tweede Werkswinkel)**

- 7.1. Situasie-analise:
  - 7.1.1 Die huidige opleidingsmoontlikhede bied nie 'n antwoord op die tekort aan leraars nie.
  - 7.1.2 Daar is 'n afname aan lidmaatgetalle weens onvoldoende pastorale bediening,
  - 7.1.3 Die behoefte aan leierskapsvaardighede by lidmate in die algemeen en meer besonder by vroue en jongmense is geïdentifiseer,
  - 7.1.4 Die kerk in Natal kan nie die nodige fondse genereer om aan die struktuur van besoldiging van voltydse leraars te voorsien nie,
  - 7.1.5 Jongmense word nie vir voltydse bediening gemotiveer nie,
  - 7.1.6 Daar is 'n behoefte aan gemeentelike betrokkenheid by gemeenskapsontwikkeling.
  - 7.1.7 Lidmate en voltydse werkkragte beskik nie oor die vermoë om krisis in die kerk en samelewing te hanteer en mediasie te bewerkstellig nie,
  - 7.1.8 Die proses van verstedeliking word nie deur gemeentes benut om kerkvervreemding te voorkom en missionêr na die onbereikte massas uit te reik nie,
  - 7.1.9. Huidige teologiese opleiding is in 'n groot mate irrelevant t.o.v. die situasie aangesien dit los van die gemeentelike bediening geskied.
  - 7.1.10 Huidige voltydse werkkragte beskik nie oor die vermoëns om die veranderende mens in 'n wêreld met sy problematiek aan te spreek nie,
  - 7.1.11 Daar is 'n gebrek aan 'n missionêre visie,
  - 7.1.12 Kerkraadslede is nie toegerus vir hulle verantwoordelikhede nie. Skakeling en samewerking tussen die VGKSA en die NGK geskied nie oral na wense nie,
  - 7.1.14 Daar is 'n oneweredige verspreiding van menslike en materiële hulpbronne,
  - 7.1.15 Onvoldoende strategiese beplanning word gedoen om drome binne die VGKSA te vervul,
  - 7.1.16 Dissipelskap in gemeentes word nie verwerklik nie.

Die wyse waarop die teologiese opleiding vir die toekoms gestruktureer word, moet ten minste antwoord bied op die situasie soos in punte 7.1, 1-16 geskets. Die modules moet ook so plooibaar wees, dat die evangelieboodskap telkens op 'n relevante wyse aangebied kan word.

## **8. PRINSIPIELE, FUNDERING**

- 8.1. "Opvoedkundige begronding van Bybelse-Teologiese opleiding".
- 8.2. Die missie van die teologiese skool te Dingaanstat (moet nog opgestel word)

8.3. Die basiese vereistes vir teologiese opleiding

## 9. **MEDIUM VAN ONDERRIG**

Zoeloe en Afrikaans word gebruik aangesien dit tans die tale is wat in die plaaslike gemeentes gebruik word, Rekening moet egter gehou word met die spesifieke behoeftes in die opleidingsproses.

## 10. **IDENTIFISERING VAN GROEPE WAT OPGELEI MOET WORD**

10.1 Jeugleiers.

10.2 Junior kategete (Sondagskoolonderwysers).

10.3 Senior kategete.

10.4 Vroueleidsters (Abakhokheli).

10.5 Kassiere.

10.6 Diakens: diens van barmhartigheid.

10.7 Ouderlinge: geestelike regering.

10.8 Predikers (Abashumayeli).

10.9 Evangeliste: evangeliseringswerk.

10.10 Gemeenteleraars.

**10.1.** Die volgende gedagtes is ter sake:

10.1.1 Aandag sal daaraan gegee moet word dat die tradisionele bedieningstrukture wat rondom die leraar gesentreer het, radikaal kan verander. Dit is ook in lyn met die uitgangspunt van die Kerkorde van die VGKSA. (Artikels 5-7) Vergelyk verder die Konsep-kerkorde van die Streeksinode KwaZulu-Natal) 'n Gemeentegebaseerde teologiese opleiding verseker dat opgeleide werkkragte nie kerk- en Woordvreemd sal wees nie,

10.1.2 Moenie bang wees om foute te maak op die ontwikkelingspad van 'n nuwe bedieningsopleiding-model nie!

10.1.3 Gesentraliseerde beplanning kan nie die antwoord bied op die eiesoortige problematiek van hierdie streeksinode nie.

10.1.4 Alhoewel vir die eerste vlakke van onderrig beplan word dat die opleiding in die gemeentes sal geskied, is dit nie uitgesluit dat residensiële onderrig wel beplan sal kan word vir die finale vlakke van leraarsopleiding.

10.1.5 Die taak van hierdie werkwinkel is om 'n werkbare opleidingsprogram, wat aan die vereistes van wetenskaplike teologiese opleiding voldoen, daar te stel. Die probleme wat die huidige wyse van opleiding te weeg gebring het, moet aangespreek word.

## 11. **VERSKILLENDE VLAKKE VAN TEOLOGIESE OPLEIDING**

11.1 Die volgende aspekte moet verreken word in die opleiding:

11.1.1 Kerkleer

11.1.2 Hantering van die Bybel: Oorsig oor Openbaringsgeskiedenis.

11.1.3 Gemeentelike strukture.

11.1.4 Leierskap.

11.1.5 Getuienis

11.1.6 Gawes

11.1.7 Geletterdheid

11.2 Daar is besluit dat sewe vlakke van teologiese opleiding met verskillende modules (afgeronde studie-eenheid) op grond van die piramide van verskillende vlakke as vertrekpunt, gevolg sal word, (Kyk: Bylae 4)

### 11.2.1. **VLAK 1**

11.2.1. Geletterdheid word nie vereis nie! Geletterdhedskursusse word desnietemin addisioneel aangebied.

11.2.2. Die katkisasieboek word as vertrekpunt gebruik vir die Openbaringsgeskiedenis en Kanoniek.

11.2.3. Klem word gelê op geloofsekerheid, vervulling met die Heilige Gees en getuienis van bevryding.

11.2.4. Die vermoë om te getuig.

11.2.5. Gemeentestrukture (volgens katkisasieboek).

11.2.6. Die verskillende temas van geloofslewe en -leer moet vanuit die Skrif behandel word.

#### 11.2.1.1. **Algemeen**

11.2.1.1.1 Daar is geen tydsbeperking vir voltooiing van enige vlak nie. Riglyne t.o.v. tydsbesteding aan kursusse kan gegee word.

- 11.2.1.1.2 'n Sertifikaat word by die voltooiing van elke vlak gegee.
- 11.2.1.1.3 Beskikbare studiemateriaal vir elke vlak wat deur verskillende teologiese skole, Bybelskole en institute gebruik word, moet vasgestel word.
- 11.2.1.1.4 Die missionêre dimensie is van wesentlike belang.
- 11.2.1.1.5 Daar moet telkens 'n verbreding en verdieping van die inhoud van die leerplan op elke nuwe vlak plaasvind, Dit beteken dat by die eerste vlak die fundamentele aspekte van die teologiese ontwerp van die leerplan ontsluit moet word.
- 11.2.1.1.6 Die konsep van Skrifuitleg (hermeneutiese model) soos deur Veritas-kollege ontwerp, word gebruik.
- 11.2.1.1.7 Openbaringsgeskiedenis is die hoofkomponent van alle vlakke. Die Bybel word binne die bestekke van die sewe vlakke deurgewerk.
- 11.2.1.1.8 Geen skolastiese vereistes geld voor vlak 5 nie. Desnietemin moet die vakke en modules aan die eis van wetenskaplikheid voldoen sodat die volle geïntegreerde kursus aan die universele standaard vir leraarsopleiding kan voldoen.
- 11.2.1.1.9 Vlak 1-4 dien as die basis vir teologiese skoling van leraars en moet deur alle leraarstudente deurloop word.
- 11.2.1.1.10 Kontemporêre sake wat in die brandpunt van belangstelling is, o.a. ekologie, armoede, herverdeling van rykdom e.a. sosiale vraagstukke, ens, moet telkens vanuit die Skrif in die opleiding verreken word.
- 11.2.1.1.11 Verder word die fasiliteite van Zisize vir die opleiding van studente in handvaardighede en entrepreneurskap gebruik om tentmakerbediening in die praktyk te realiseer. Aandag behoort spesifiek aan die opleiding van vroue as tuisteskeppers gegee te word.

## **11.2. KONSEP-LEERPLAN VAN VLAK 1 (BYLAE 5)**

### **11.2.2. VLAK 2**

- 11.2.2.1. Vlak 2 is nog deel van die gemeenskaplike fundering van die teologiese basis van alle lidmate en diensgroepe in die gemeente.
- 11.2.2.2. Vlak 1 dien as toelatingsvereiste. Basiese beginsels van Skrifuitleg.
- 11.2.2.3 Openbaringsgeskiedenis. (Inleiding plus historiese agtergrond van Bybelboeke).
- 11.2.2.4 Fundamentele aspekte van prediking, pastoraat en diakonologie (met die oog op gemeenskaps- of sosiale diens).
- 11.2.2.5 Spesialisering van bepaalde dienste soos Sondagskoolonderwysers (junior kategete), kategete, vroueleidsters, jeugleiers en kassiere d.m.v. spesifieke, addisionele kursusse. (Daar kan ook gebruik gemaak word van kursusse wat reeds by ander inrigtings opgestel is. Dit moet egter aangepas en afgespits word op die situasie in hierdie streeksinode. Die volgende kursusse verdien aandag: Nehemia Bybel Instituut, Timoteus-projek, EE III, ens.

### **11.2.3. VLAK 3**

- 11.2.3.1 Toelatingsvereiste: Vlak 2.
- 11.2.3.2 Skrifuitleg (vgl. Deist: ABC van Bybeluitleg).
- 11.2.3.3 Basiese konsep van leierskap.
- 11.2.3.4 Verbreding en verdieping van eerste vlak konsepte.
- 11.2.3.5 Ouderlinge en diakens spesialiseer d.m.v. spesifieke kursusse.

### **11.2.4. VLAK 4**

- 11.2.4.1 Toelatingsvereiste: Vlak 3.
- 11.2.4.2 Verbreding en verdieping van eerste vlak konsepte.
- 11.2.4.3 Spesialisering van evangeliseringswerkers (missionarisse), o.a. gevangenis- en hospitaalwerkers.

### **11.2.5. VLAK 5-7**

- 11.2.5.1 Akademiese vereistes vir leraars word eers op finale vlak bepaal met die oog op toekenning van 'n graad.
- 11.2.5.2 Krediete binne hierdie drie vlakke kan slegs gegee word binne die ruimte van die reglement vir teologiese opleiding van die Algemene Sinode.
- 11.2.5.3 Die kerk se taak is om te waak oor die suiwerheid van die leer en daarom moet gewaak word teen die erkenning van vakke waarvan die nie in ooreenstemming is met die belydenisgrondslag van hierdie kerk nie. 'n Ekumeniese strewe en samewerking met ander kerke mag nie die gereformeerde, konfessionele grondslag van die VGKSA ondergrawe nie.



- 11.2.5.4 Duidelikheid moet verkry word by die universiteit waarby geakkrediteer gaan word om te bepaal hoeveel krediete gegee gaan word vir 'n graadkursus nadat die sewe vlakke voltooi is.
- 11.2.5.5 Hierdie is nie lukraak kursusse wat aangebied word nie, maar gedentraliseerde opleiding onder gekontroleerde omstandighede.
- 11.2.5.6 Opleiers van buite, veral inrigtings wat hulle met of sonder ooreenkomste in verband met die teologiese opleiding vanuit Dingaanstat stel, kan vir spesifieke vakke gebruik word.
- 11.2.5.7 Die NGK se bronne van kennis en vaardighede, veral op die terrein van administrasie, behoort benut te word.
12. **STRUKTUUR VAN OPLEIDING**
- 12.1. **Hoofdosent.**
- 12.1.1 Die feit dat dit tans in gekombineerde pos sal wees (dosent van teologiese skool en leraar van die gemeente Dingaanstat) behoort slegs as 'n noodmaatreël tydelik te geld. Finansies moet gesoek word om dit 'n voltydse pos te maak.
- 12.2. Dosente.
- 12.2.1 Daar word verkieslik een dosent per ring benoem.
- 12.2.2 Hulle tree as streekskoördineerders op.
- 12.2.3 Hulle is behulpsaam met die aanbied van seminare wat van tyd tot tyd te Dingaanstat vir studente gereël word.
- 12.2.4 Hulle hanteer probleme wat op streeksvlak opduik.
- 12.3. Studieleiers.
- 12.3.1 Studieleiers word in elke gemeente deur die Plaaslike Bestuur benoem nadat hulle deur die kerkrade aangewys en deur die ringe goedgekeur is. (TEE het feitlik 'n soortgelyke struktuur.)
13. **AKKREDITEURING BY 'N UNIVERSITEIT**
- 13.1.1 Inskakeling by 'n universiteit is slegs nodig met die oog op erkenning van die standaard van opleiding wanneer beoog word om aan leraars 'n graad of diploma toe te ken by die voltooiing van die sewe vlakke van teologiese opleiding.
- 13.1.2 Dr Verster van UOVS het die volgende bepaling uit die Staatskoerant van 25/11/1988. No 11587, bl 31 voorgelê.
- Dit behels die volgende:
- 13.1.3 Die kerklik-goedgekeurde leerplanne moet aan 'n universiteit voorgelê word. Die akademiese vereistes veral van die hoofdosent moet vir die universiteit aanvaarbaar wees.
- 13.1.4 Wanneer die leerplanne voltooi is, sal eerstens met die UOVS geskakel word vir akkreditering aangesien daar 'n teologiese fakulteit van die NGK is, Dr. P.Verster is die skakelpersoon.
14. **EKSAMINERING EN MODERERING**
- 14.1.1 Dit moet in 'n ooreenkoms met die betrokke universiteit bepaal word. Die ideaal is dat eksaminering en/of evaluering plaaslik gedoen sal word.
- 14.1.2 Deurlopende evaluering van beide die geestelike uitleef van geloofslewe en die peil van akademiese vordering is van wesentlike belang.
15. **HANDBOEKE**
- 15.1.1 Tot by en met Vlak 4 sal hoofsaaklik van studiegidse gebruik gemaak word. Handboeke sal waarskynlik eers vanaf Vlak 5 gebruik word.
16. **BIBLIOTEEKFASILITEITE**
- 16.1 Ds Deon Snyman het reeds met universiteite geskakel met die oog daarop dat die bestaande biblioteek te Dingaanstat opgegradeer word.
- 16.2 Die moontlikheid van rekenaardienste (Internet) kan later ondersoek word.
17. **EKUMENIESE ASPEK**
- 17.1 Kontakte ook met oorsese inrigtings moet gesoek word met die oog op die uitruil van studente.
18. **FINANSIES**
- 18.1 Die gedagte wat deur Dr. Bennie Wolvaardt van Veritas-kollege genoem is i.s. vennootskap met 'n buitelandse moet ondersoek word. Gemeentes behoort per kapita bydraes vir studente se studiekoste te lewer.
19. **METODIEK VAN OPLEIDING**

- 19.1 Afstandonderrig
  - 19.2 Periodieke residensiële onderrig.
  - 19.3 Detail sal nog uitgewerk word.
  - 19.4 Skakel met TEE, Bybelkor, e.a. om probleme betyds te ondervang.
  20. **NAAMSVERANDERING**
  - 20.1 'n Nuwe naam vir Dingaanstat Teologiese Skool hoef nie noodwendig histories gebonde te wees nie. 'n Meer funksionele en Skriftuurlike naam is verkieslik.
  - 20.2 Gemeentes word versoek om 'n nuwe naam voor te stel.
  - 20.3 Die volgende name is deur die vergadering ter tafel gelê:
    - 20.3.1 Zithobeni Bible College
    - 20.3.2 Hlomo Amabutho Bible College.
    - 20.3.3 Ntatakusa Theological Training.
    - 20.3.4 VGKSA/URCSA Theological Training Centre (KwaZulu-Natal).
    - 20.3.5 SD Simelane Theological Training Centre.
    - 20.3.6 Fundasonto Theological Training Centre Imvuselelo Theological College
  21. **TOELATINGSVEREISTES**
  - 21.1.1 Basiese geestelike vereistes van wedergeboorte, bekering, geloofsekerheid, bevryding en vervulling met die Heilige Gees.
  - 21.1.2 Geen akademiese vereiste tot Vlak 4.
  - 21.1.3 Akademiese vereistes wat deur universiteite gestel word, kan vereis word vanaf Vlak 5.
  - 21.1.4 Lidmate van ander kerke word toegelaat na ooreenkoms met die betrokke kerke wat by die bepaalde struktuur van opleiding inskakel.
  - 21.1.5 Daar moet gewilligheid by lidmate van ander kerke wees om hulle aan die ingeboude dissipline en struktuur van opleiding te onderwerp indien daar nie 'n ooreenkoms met die betrokke kerk is nie.
  22. **AANVANGSDATUM**
  - 22.1.1 As teikendatum word April 1997 gestel indien die leerplan vir die eerste vlak reeds voltooi is.
  - 22.1.2 Gemeentes wat as rolmodelle kan dien, word intussen geïdentifiseer.
  23. **MOTIVERING VAN STUDENTE**
  - 23.1 Sertifikate vir Vlak 1-4 word toegeken.
  - 23.2 Daar word beoog om 'n kerklike diploma en, waar toepaslik, uiteindelik 'n diploma of graad vir leraars te laat verwerf.
  24. **SAMEWERKING MET DIE NGK**
  - 24.1 Studieleiers of dosente kan vir alle vlakke uit die NGK deur die Plaaslike Bestuur benoem word. Sodanige persone moet intens by die werk van die VGKSA betrokke wees.
  25. **FINALISERING VAN LEERPLANNE**
  - 25.1 Prof van Dyk het na in versoek homself bereid verklaar om behulpsaam te wees met die opstel en finalisering van die leerplanne van die verskillende vakke.
  26. **INDIENSOPLEIDING**
  - 26.1 Geen verdere opleiding van evangeliste as leraars sal geskied voordat die Algemene Sinode 'n besluit in dié verband geneem het nie.
  - 26.2 Evangeliste kan intussen by Vlak 1 inskakel en moontlik daardeur terselfdertyd as studieleiers in gemeentes gebruik word.
  27. **SELKERK**
  - 27.1 Die selkerk-konsep is een aspek waardeur talle probleme van die tradisionele kerklike struktuur aangespreek kan word, Dr. Marius Potgieter het sy hulp in hierdie verband aangebied.
- OPVOEDKUNDIGE BEGRONDING VAN BYBELSE TEOLOGIESE OPLEIDING**
1. God die Vader deur sy Seun, die Heilige Gees en die Woord is Opvoeder by uitnemendheid, daarom staan die Bybel as Woord van God sentraal in die beoogde opleidingsprogram.
  2. Die kerk se belydenisskrifte dien as riglyne en begrening vir die verstaan en doseer van die Skrif in die opleidingsprogram.
  3. Opvoeding bly steeds gerig op verandering, daarom het die opleidingsprogram vernuwing, gegrond op die Woord, in die individu, kerk en samelewing in die oog.

4. Die opleidingsprogram is hoofsaaklike studentgesentreerd, neem die student se konteks as vertrek- en/of aansluitingspunt in ag en bied geleentheid vir selfontdekking en selfaktiwiteit in ooreenstemming met die Woord en gerig op die eer van God.
5. Die opleidingsprogram word so gestruktureer en gedoseer dat dit die opvoedkundige momente kan benut om die lewensstyl van die student te beïnvloed en sodoende al die vrugte en gawes van die Heilige Gees tot ontplooiing te lei,
6. Opvoeding geskied nie in 'n vakuum nie, daarom word die ryk geskakeerde konteks: sosiaal, ekonomies en polities in die teologiese opleidingsprogram in berekening gebring sonder dat die gereformeerde karakter daarvan prysgegee word.
7. Opvoeding is holisties, daarom is die opleidingsprogram ook missionêrholisties op die transformering van die mens, die samelewing en leefwêreld gerig.
8. Opvoeding ken geen grense nie, daarom is die opleidingsprogram ook ekumenies-sensitief,
9. In die opleidingsprogram word die opvoedkundige aspekte soos die dinamiek van die kleingroep (selgroepe), proses inhoud en inpak van die leeromgewing in berekening gebring.
10. Opvoeding is veral bemagtiging, daarom word in die opleidingsprogram ruimte geskep vir in kettingreaksie van bemagtiging vir sover dit die eiesoortige aard van Christus se gesindheid van selfverloëning en kruis dra vergestalt.
11. Opvoeding is praktykgerig, beide in proses en produk. Daarom is die opleidingsprogram praktyk georiënteerd alle opleiding word prakties in die gemeente, en daarvandaan na buite, getoets en benut. Alle teologie moet praktiese teologie wees en elke leersituasie 'n laboratorium vir die lewe.

**MANUAL FOR MINISTERIAL FORMATION  
RULE (REGLEMENT) FOR MINISTERIAL FORMATION IN THE URCSA  
(Approved by GS 2005 and amended in 2008, 2012 and 2016)**

**1. Article 1 THEOLOGICAL BASIS**

The starting point of the URCSA's understanding of ministry is in the local congregation.<sup>1</sup> Each congregation shall "establish and maintain the essential 'services' of worship, instruction, care, witnessing and service (CO Art. 5) and set aside specific members in "offices" to take responsibility for these services (CO Art. 6). The teaching elder or minister of the Word is one of these "offices."<sup>2</sup>

The formation of ministers of the Word (teaching elders) is therefore an integral part of the URCSA's equipping of all its members for their work of ministry, to build up the Body of Christ.

It is based on the Bible as the trustworthy witness of God's revelation in Israel and in Jesus Christ, interpreted in the light of the ecumenical creeds (Apostles' Creed, Nicene Creed, Athanasian Creed) and four Reformed Confessions (Belgic Confession, Heidelberg Catechism, Canons of Dordt, Confession of Belhar 1986).

**2. Article 2 VISION**

The URCSA wishes to flourish as a Christian community and to serve Southern African societies in a global context, under the leadership of ministers who equip the church's members to exercise their diverse ministries in harmony.

**3. Article 3 MISSION**

Ministerial formation, under the guidance of the Holy Spirit and for the glory of God, shapes leaders within the URCSA by equipping them spiritually, intellectually and practically to serve the coming of the kingdom of God in Southern Africa. Inspired by such leaders the URCSA grows in its comprehensive ministry of worship, instruction, care, healing, witness and service.

**4. Article 4 RESPONSIBILITY**

The formation of ministers of the Word is the responsibility of the URCSA.

**5. Article 5 MINISTERIAL FORMATION TASK TEAM OF GENERAL SYNOD**

The General Synod appoints a Core Ministry for Proclamation and Worship, which appoints a Ministerial Formation Task Team in terms of Article 6. It meets at least once a year, rotating between the formation centres, to:

- 5.1 be the guardians of this vision and policy of ministerial formation;
- 5.2 implement a single ministerial formation process in the URCSA that ensures equality of standards among all its, while respecting and affirming diversity among the regions;
- 5.3 receive and evaluate applications for the establishment of new ministerial formation centres;
- 5.4 oversee and coordinate the formation processes undertaken by Regional Synods, by receiving annual reports from them in a prescribed format;
- 5.5 present a single annual budget for ministerial formation in the URCSA to the General Synodical Commission for approval, based on the budgets submitted to it by the Regional Curatoria (Regional Core Ministries for Proclamation and Worship);
- 5.6 keep abreast of new trends and developments in ministerial formation worldwide, in partnership with the URCSA's ecumenical partners, giving guidance to General Synod when policy changes become necessary;
- 5.7 report annually to the General Synod/ Synodical Commission.

---

<sup>1</sup> The congregation forms a community of believers in a particular place to serve God, one another and the world' (CO Art. 4.1).

<sup>2</sup> 'The office of teaching elder or minister of the Word is based on service in the community of believers and these persons are elected for this task by the congregation itself, [but] this office has requirements which necessitate special preparation and training. The preparation and training are the responsibility of all the congregations since the service of a minister of the Word is not restricted to the congregation which elected him/her but may also be used in other congregations who call him/her' (CO Art. 6.3).

## **6. Article 6 COMPOSITION OF MINISTERIAL FORMATION TASK TEAM OF GENERAL SYNOD**

The Ministerial Formation Task Team is part of the Core Ministry for Proclamation and Worship of General Synod. It and is composed as follows:

### *6.1 Core members*

- 6.1.1 The chairperson or scribe of each regional MFTT where a ministerial formation centre is based (4 members);
- 6.1.2 A representative from the Regional Synods that do not have a ministerial formation centre (1 member);
- 6.1.3 The Actuarium of General Synod (1 member);
- 6.1.4 The Task Team has the right of co-option.

### *6.2 Rotating members*

- 6.2.1 One representative of the local Board of Lecturers (see Article 10) attached to the MFTT where the meeting is held (1 member);
- 6.2.2 Two ministry students (preferably one male and one female) attached to the Regional MFTT where the meeting is held (2 members).

### *6.3 Observer member*

- 6.3.1 The Administrator of General Synod attends in an advisory capacity.

## **7. Article 7 SUB-COMMISSIONS OF THE GENERAL SYNOD MF TASK TEAM**

The Ministerial Formation Task Team of General Synod appoints the following sub-commissions:

- 7.1 An Executive consisting of the chairperson, the scribe and the Actuarium of General Synod<sup>3</sup>, with the responsibility of preparing the agenda of annual Task Team meetings and of addressing urgent issues (with report to the Task Team).
- 7.2 An academic sub-commission consisting of one representative of each Board of Lecturers (see Article 10.5) from the regions, with the responsibility to:
  - 7.2.1 meet annually, before the meeting of the Task Team, to address matters of common concern among the formation centres;
  - 7.2.2 serve on the Assessment Committees (see 11.4) of all the formation centres to take part in the assessment of candidates for licensing (see Article 11.4), finances permitting;
  - 7.2.3 monitor the academic standard as well as the integration of the different required outcomes at all formation centres;
  - 7.2.4 equitably select candidates for scholarships, particularly for postgraduate study and practical ministry experience overseas<sup>4</sup>;
  - 7.2.5 report annually to the Task Team.

## **8. Article 8 REGIONAL MF TASK TEAM**

8.1 A Regional Synod appoints a Ministerial Formation Task Team (as part of its Proclamation and Worship Core Ministry) to be responsible for ministerial formation in its region;

8.2 The composition of a Regional MF Task Team is determined by each Regional Synod, with consideration for Common Stipulation 59.2.2.7. When two synods have a joint MFTT, they draft a joint Rule for its functioning, and each Moderamen is represented on the joint MFTT by its Actuarium and one other member. The administrator of the Regional Synod and a representative of the Board of lecturers (see Article 10) attend in advisory capacity.

8.3 A Regional Ministerial Formation Task Team reports annually to its Regional Synod/Synodical Commission and submits that report also to the Ministerial Formation Task Team of General Synod.

## **9. Article 9 MINISTERIAL FORMATION CENTRES**

When a Regional Ministerial Formation Task Team wishes to establish a centre for ministerial formation or to make significant changes to an existing centre, it applies to the Ministerial Formation Task Team of General Synod.

### *9.1 Application*

The application shall contain details on the following:

<sup>3</sup> If the Actuarium is elected as chairperson or scribe, another member of the GS MFTT is elected onto the Executive.

<sup>4</sup> The GS MFTT may, in consultation with its academic sub-commission and on the recommendation of a Regional MFTT, allow a senior student to do a period of practical ministry of up to one year in an ecumenical partner church of the URCSA. The academic sub-commission will develop proper structures for supervision and reporting in this regard.

- 9.1.1 The functioning of the Seminary<sup>5</sup> or Theological School in which theological students will worship, serve and learn together under the guidance of appointed URCSA ministers and under the supervision of the church councils of local URCSA congregations;
- 9.1.2 The details of the teaching staff and management team of the seminary;
- 9.1.3 The agreement entered with one or more institutions of Higher Education to ensure that URCSA students receive quality academic formation in theology. The agreement(s) shall:
- 9.1.3.1 Stipulate the specific curriculum to be followed by URCSA students, the lecturers who will teach them, and the significance of the URCSA's four Confessions;
- 9.1.3.2 Take into consideration the historical educational disadvantages of many URCSA students;
- 9.1.4 The network of URCSA congregations and ministers who will act as mentors for theological students during their years of study, and the process for preparing these mentors and congregations;
- 9.1.5 A formal resolution passed by the Regional Synod that:
- 9.1.5.1 it takes full financial responsibility for the formation centre;
- 9.1.5.2 it mandates its SMFA to collaborate with its MFTT to budget and fund-raise for the full cost of the formation centre, in order to ensure its financial viability (see Article 12).

## 9.2 *Approval*

When such an application has been approved by the Ministerial Formation Task Team of General Synod it is submitted to General Synod for final approval. Implementation by the Regional Ministerial Formation Task Team follows this approval by General Synod.

## **10. Article 10 BOARD OF LECTURERS**

10.1 The ministers and members of the URCSA appointed by a Regional Ministerial Formation Task Team as lecturing/tutoring staff (on a full-time or part-time basis) in a formation centre constitute the Board of Lecturers for that centre;

10.2 The members of the Board of Lecturers are all attached to URCSA congregations, thus working under the supervision and discipline of their respective church councils and presbyteries;

10.3 Members of the Board of Lecturers are publicly set aside for this ministry by the Regional Ministerial Formation Task Team, in consultation with their congregations;

10.4 The function of a Board of Lecturers is to:

- 10.4.1 implement the prescribed formation process (see Addendum 4) in the centre, under supervision of the Regional Ministerial Formation Task Team;
- 10.4.2 advise the Regional Ministerial Formation Task Team on all matters pertaining to the holistic development of the students under their care;
- 10.4.3 represent the formation centre on the General Synod Ministerial Formation Task Team (see Article 6.2.1);
- 10.4.4 report annually to the Regional Ministerial Formation Task Team.

10.5 Each Regional MFTT should submit the name of one representative of its Board of Lecturers to the GS MFTT as a liaison person to facilitate interaction and contact among URCSA lecturers.

## **11. Article 11 MANAGING THE PROCESS OF MINISTERIAL FORMATION**

A Regional Ministerial Formation Task Team with its Board of Lecturers, working under the supervision of its Regional Synod and of the Ministerial Formation Task Team of General Synod, ensure that the following five phases in the formation of a candidate are carried out responsibly and effectively in its centre of ministerial formation: Admission, Formation, Supervision, Assessment, Licensing ("legitimasie"), and Ongoing Formation.

### *11.1 Admission*

The Regional Ministerial Formation Task Team appoints a sub-committee responsible for the admission of new applicants. Its task it is to:

- 11.1.1 disseminate accurate information about the requirements, duration and costs of ministerial formation to all URCSA congregations;

---

<sup>5</sup> It is the responsibility of a Seminary, as a learning and worshipping community of ministry students enrolled at an institution of higher education, to foster their integral formation, which includes academic growth, personal and spiritual development as well as leadership and ministry skills.



- 11.1.2 ensure that an applicant for ministerial formation submits a detailed application on a prescribed form (see Addendum 9), accompanied by written testimonials and documentary proof of: a) confessing membership in the URCSA<sup>6</sup>; b) matriculation exemption or equivalent<sup>7</sup>; c) good health; d) good standing and active participation within the URCSA; e) a living faith in Christ expressed in a stable and consistent Christian life;
- 11.1.3 interview each applicant thoroughly to ascertain whether s/he complies with the following requirements to enter the formation programme: a) a personal sense of calling; b) the intellectual capacity; c) the spiritual maturity; d) a good basic Bible knowledge; e) the personality profile; and f) adequate financial support, to enter this formation programme.
- 11.1.4 An MFTT should not allow applicants into the ministerial formation programme unless there is a distinct possibility that they can be licensed before reaching the age of 60.
- No ministry student will be licensed if s/he is older than 61. This policy will commence with new applicants who start their ministry studies from 2017 and does not apply retrospectively.

## 11.2 Formation

The Regional Ministerial Formation Task Team, with its Board of Lecturers, monitors the development of ministry students in all the dimensions of formation required.

### 11.2.1 Personal/spiritual maturity

The Regional Ministerial Formation Task Team oversees the process of growth in personal and spiritual maturity among students by creating a community within the seminary/theological school that will foster relationships of trust, honesty, collegiality, friendship and respect for diversity. It further ensures that the community within the seminary is deepened through regular communal worship, election of student leadership structures, social and recreational events, and strict but caring discipline. It encourages a spirit of voluntarism and community involvement among students.

### 11.2.2 Academic formation

The Regional Ministerial Formation Task Team sees to it that students attain the required academic competence in theology, as required by the curriculum (see Addendum 4). It develops the relationship with the participating institutions of higher education mentioned in 9.1.3 and sees to it that students grow into mature and well-rounded contextual theologians.

### 11.2.3 Ministry skills

The Regional Ministerial Formation Task Team sees to it that students acquire enough practical experience in leading worship, preaching, teaching, pastoral care and counselling, evangelism and diaconal service in the course of their studies. Attention is also given to acquiring skills of financial and time management, chairing meetings and writing minutes. It pursues this goal in collaboration with the network of URCSA congregations and ministers mentioned in 9.1.4 and sees to it that students develop into competent communicators of the gospel within an African context.

## 11.3 Supervision

The Regional Ministerial Formation Task Team takes responsibility for supervision over the doctrine and life of the students, in cooperation with the local URCSA church council(s). It shall require students to sign and observe a Code of Conduct approved by the Regional Synod (see Addendum 10). This supervision includes genuine care and concern for the students' welfare.

A Regional MFTT carries the full responsibility for all the ministry students from its Synodical Region, even when they study in the formation centre of another MFTT. When a student moves physically from one formation centre to another, the "sending" MFTT must transfer the responsibility for her/his formation to the "receiving" MFTT. The sending MFTT effects such a transfer by sending a letter of recommendation to the receiving MFTT, along with copies of the student's whole file, including the application form, testimonials from the Congregation and Presbytery, and previous academic records.

## 11.4 Assessment

A Regional Ministerial Formation Task Team appoints an Assessment Committee whose task it is to do quality assurance at regular intervals in the ministerial formation process, by assessing the growth of the students in terms of the OBE profile stipulated in Addendum 3. Each student will be assessed annually and the focus of this ongoing assessment process, preferably done by means of case studies, will be on a

<sup>6</sup> If an applicant did not grow up in the URCSA, s/he needs to submit proof of having been a member of the URCSA for at least two years.

<sup>7</sup> Additional academic requirements may be set by a partner institution of higher education, in consultation with a Regional Curatorium.

student's ability to integrate values, knowledge and skills. Each student submits an annual report of his/her 100 hours practical work and a sermon delivered in the seminary during the year.

The Assessment Committee shall be a sub-committee of the Regional MF Task Team and report to it annually regarding the progress of each student. When the Assessment Committee meets for its final assessment of a group of students to recommend them for licensing, it co-opts a panel of experts to help it assess the readiness of candidates for licensing. Such a panel should preferably include representatives of the other formation centres of the URCSA (see Article 7.2.2). The final assessment will require a candidate to demonstrate a high level of integration between values, knowledge and skills. A report by an assessment panel on a trial service conducted by a student in a URCSA congregation will be a key part of the final assessment.

#### 11.5 Licensing

A Regional MF Task Team, after receiving and approving the report of its Assessment Committee on each student under its care, requests the Actuarius of its Regional Synod to administer the public affirmation and signing of the Ministry Covenant by the approved candidates. This ceremony will take place at a public service convened by the Regional MF Task Team and announced to all congregations in the region. Candidates shall use the prescribed Covenant to solemnly declare their loyalty to the URCSA and its doctrine, commit themselves to a quality ministry, and submit themselves to the disciplinary procedures of the church. When candidates have been licensed, the scribe of the Regional MF Task Team submits their names to the Actuarius of General Synod on the prescribed form (Addendum 13), who then officially declares them available to be called ('beroepbaar') in the URCSA.

#### 11.6 Ongoing Formation

A Regional MF Task Team encourages life-long learning among the URCSA ministers in its region through establishing a process of continuing ministerial development (CMD) [post-academic training]. This process requires ministry candidates ('proponente') who have not yet been called and ministers in their first five years of ministry to attend a compulsory refresher course each year, organised by the Regional MF Task Team in cooperation with its participating university/ies, other relevant commissions of the Regional Synod and partner churches. General refresher courses for ministers with more than five years of experience will also be arranged on an annual basis.

### 12. Article 12 FINANCE

A Regional Synod takes full financial responsibility for its formation center. The regional SMFA, in collaboration with the regional MFTT, manages the finances and ensures the financial viability of a formation center by:

- 12.1 Budgeting for it from levies received from congregations and ministries
- 12.2 Doing strategic planning to organize additional fund-raising programmes<sup>19</sup>
- 12.3 Monitoring income and expenses
- 12.4 Reporting on the finances of the formation center, by submitting an independently audited set of books to the Regional Synod/Synodical Commission each year
- 12.5 Allocation of scholarships/loans, in consultation with the academic sub-commission of the General Synod Ministerial Formation Task Team (see 7.2.4).

### 13. Article 13 ECUMENICAL PARTNERSHIPS

A Regional MF Task Team, in consultation with the Ministerial Formation Task Team of General Synod and other Regional MF Task Teams, establishes ecumenical partnerships in ministerial formation. The purpose of such partnerships is to:

- 13.1 exchange theological insights
- 13.2 foster student and lecturer exchanges
- 13.3 promote joint research projects and publications
- 13.4 render mutual assistance.

### 14. Article 14 AMENDMENTS TO THIS RULE

Amendments to this Rule may be affected in one of two ways:

- 14.1 Article 1 on the theological basis of ministerial formation may only be amended by General Synod, with a two-thirds majority;
- 14.2 Other articles may be amended by General Synod with a simple majority.

---

<sup>19</sup> A Regional Synod may grant a seminary, operating under the supervision and control of its MFTT, the permission to adopt a constitution and register as an NPO in order to raise funds for ministerial formation on behalf of the Synod.

## TEOLOGIESE SKOOL GEBOUEKOMPLEKS ONDERHANDELINGE VGK EN UWK MEMORANDIUM VIR VOORLEGGING AAN SINODALE KOMMISSIE VGK- STREEKSINODE KAAPLAND

### 1. INLEIDING

Die verwickelinge in hierdie saak sedert die vergadering van die VGK Streeksinode Kaapland in Oktober 1994 is sodanig dat die Kuratorium hom verplig gevoel het om die Sinodale Kommissie dringend te versoek om hierdie saak so spoedig moontlik, verkieslik in 'n vervroegde vergadering ter tafel te lê met die oog op finale besluitneming. Ter voorbereiding vir die vergadering van 4 – 6 Februarie 1997 vind die Kuratorium dit noodsaaklik dat 'n behoorlik dekkende memorandum aan die Sinodale Kommissie beskikbaar gestel word. Die bedoeling is dat al die lede oor volledige besonderhede moet beskik vir die bespreking van hierdie saak. Hierdie memorandum is bedoel om in hierdie behoefte te voorsien. Dit sluit aan by die inligtingsbrief wat deur die voorsitter van die Moderatuur onder datum 96.12.11 aan al die gemeentes gestuur is en wat sodoende reeds onder die aandag van al die lede van die Sinodale Kommissie kon gekom het.

### 2. BESLUIT VAN SINODALE KOMMISSIE OP 21 MAART 1993

'n Volledige verslag van die handeling van die Kuratorium rakende hierdie saak het voor die Sinodale Kommissie gediën. Die vergadering het sy besluit in hierdie verband soos volg genotuleer: Besluit 22: Die SK keur die Kuratorium se handeling goed.

### 3. BESLUIT VAN VGK STREEKSINODE KAAPLAND 1994

Beskrywingspunt T/L.2 op bladsy T/16 van die Skema van Werksaamhede lui soos volg:

Die sinode steun die besluit van die tussentydse Kuratorium om nie die verkoop van die geboue van die teologiese skool as opsie te oorweeg nie en versoek die tussentydse Kuratorium om die finansierings – ooreenkoms met UWK af te handel op 'n wyse wat vir die kerk in so 'n gunstig moontlike ekonomies-effektiewe posisie sal plaas. Ten opsigte van hierdie beskrywingspunt lui die besluit van die sinode soos volg: Beskrywingspunte T/L. 1 tot T/L.7 word goedgekeur.

Ten einde die presiese betekenis van hierdie besluit te kan peil, is dit nodig om die inhoud van hierdie besluit baie noukeurig te ontleed en dit teen die agtergrond waarteen dit geneem is, te beoordeel.

#### 3.1 MOONTLIKE VERKOOP 1994

Dit val dadelik op dat daar in 1994 reeds sprake was van 'n moontlike verloop van die eiendom aan die UWK terwyl die Kuratorium eers teen die einde van Mei 1996 sodanige aanbod van die UWK ontvang het. Die onderliggende feit is dat prof. J.J.F. Durand in daardie stadium by twee agtereenvolgende vergaderings van die Kuratorium dit genoem het dat die UWK bereid sal wees om R4 000 000 vir die eiendom te betaal indien die Kuratorium die verkoop daarvan aan die universiteit sou wou oorweeg. Die besluit moet dan in die lig hiervan geïnterpreteer word. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die UWK tans nie bereid is om meer as R3 350 000 vir die eiendom te betaal nie nadat inflasie die waarde van die rand sedert 1994 met ruim 15% verminder het. In reële terme beteken dit dat die verkoopprijs wat die UWK tans bereid is om te oorweeg, in reeds meer as R1 100 000 laer is as die bedrag wat in 1994 ter sprake was en dat hierdie verlies, indien 'n verkooptransaksie eers op 'n later datum gesluit sou word, waarskynlik nog verder kan toeneem. Dit moet ook in gedagte gehou word dat daar voor die vergadering van die Sinode in 1994 nog geen professionele advies verkry is rakende die beraamde verkoopswaarde van die eiendom nie. Die Kuratorium en die Sinode het dus geen riglyne gehad vir besluitneming in hierdie verband nie.

#### 3.2 FINANSIERINGS-OOREENKOMS

Die feit dat die besluit van die sinode gebruik maak van die uitdrukking “finansierings-ooreenkoms” en nie van “huur-ooreenkoms” nie verg ook verdere aandag. Hierdie formulering hou waarskynlik verband met die voorlopige ooreenkoms waarvoor verder gehandel sal word in die derde paragraaf van punt en punt 4.2 van hierdie memorandum. Daar sal dit duidelik word dat die UWK aanvanklik aangebied het om die finansieringskoste van die uitbreidings aan die geboue wat die UWK versoek het, by wyse van verhoogde huurgeld te finansier. Dit is nou baie belangrik om daarop te let dat die Kuratorium met die tussentydse huurooreenkoms met die UWK reeds daarvan seker gemaak het dat die volle kapitaal plus die rente daarop wat die uitbreidings gekos het, by wyse van verhoogde huur reeds teen Julie 1996 ingevorder is. Hiermee is reeds uitvoering gegee aan die bg. besluit van die sinode (vgl. punt 72).

#### **4. HISTORIESE AANLOOP**

Vir die neem van goed-verantwoorde besluite oor hierdie saak is dit noodsaaklik dat die Sinodale Kommissie hom eers volledig op die hoogte van sake sal stel van die verloop van die betrokke sake wat met die verhuur of verkoop van die Teologiese Skool-gebouekompleks verband hou.

##### **4.1 OOREENKOMS 1973 EN DAARNA**

Die onderhandelinge tussen die Kuratorium en die UWK oor noodsaaklike uitbreidings aan die gebouekompleks van die Teologiese Skool spruit voort uit die ooreenkoms wat in 1973 tussen die twee partye aangegaan is. Die gebouekompleks is die eiendom van die NG Sendingkerk. In 1973 is die Teologiese Skool van die NG Sendingkerk ingeskakel by die UWK om die Fakulteit Teologie van die UWK tot stand te bring. Volgens hierdie ooreenkoms het die universiteit sy fakulteit in die gebouekompleks van die Teologiese Skool gevestig teen betaling van 'n nominale huurtoelaag van R6 152,25 per jaar. Dit is bereken as 2,5% op die oorspronklike oprigtingskoste van die twee dele van die kompleks wat soos volg vasgestel is: Akademiese deel aanvanklik R146 000,00 en die hostel R100 000,00 (totaal R246 000). Die betaling van R6 152 per jaar is sedertdien nog nie weer aangepas nie. Die latere verbeterings en toevoegings wat die boekwaarde (ontwikkelingskoste) vir die akademiese kompleks op R166 000 en nog later op R175 000 (totaal R341 000) en vir die hostel op R125 000 en nog later op R175 000 (totaal R350 000) te staan gebring het, is ook nie verreken nie hoewel die ontwikkelingskoste intussen met 42,28% gestyg het. Dit is dus duidelik dat die vergoeding aan die kerk nie bereken was om enigsins 'n ekonomies realistiese vergoeding te wees vir die werklike kapitaalbesteding aan die geboue of die huurwaarde daarvan nie. Dit blyk o.a. baie duidelik daaruit dat die versekerde waarde in 1989 R2.7 miljoen was en die markwaarde van die eiendom op April 1990 volgens Rode en Genote R2.3 miljoen. Indien die huur in daardie stadium nog steeds teen die baie lae 2,5% op die eiendoms waarde van R2 300 000 bereken sou word, sou dit R57 500 per jaar in plaas van R6 152.25 per jaar beloop het.

In 1986 het die UWK op eie inisiatief in onderhandeling getree met die Kuratorium oor die oopstelling van die Fakulteit Teologie vir die opleiding van leraars uit ander denominasies as die NG Sendingkerk. Die oopstelling sou die Uitbreiding van die kursus-aanbiedinge noodsaak. Die ander denominasies sou ook inspraak kry in die bepaling van die inhoud van die curricula. Die oopstelling van die fakulteit het noodwendig die vermeerdering van die studentetal en daarmee saam die getal dosente geïmpliseer. Uitbreiding van akkommodasie was dus onvermydelik. Aangesien die gebouekompleks die eiendom van die Sendingkerk is, het die UWK met die Kuratorium onderhandel oor die noodsaaklike uitbreiding van die gebouekompleks volgens die vereistes van die universiteit. In die tyd van die onderhandelinge oor die beplanning, die ontwikkeling en deurvoering van die projek het prof. Durand, die viserektors die vergaderings van die Kuratorium soos nodig bygewoon en het sodoende deel gehad aan die beplanning en die daarmee gepaardgaande konsepooreenkoms tussen die UWK en die Kuratorium. Die UWK het aangebied om vir die gebruik van die kompleks te betaal op so 'n wyse dat dit die lening wat die Sendingkerk vir die uitbreidings sou moes aangaan, sou kon finansier mits die UWK die terme van die lening aanvaarbaar sou vind. Die betaling sou die rente en die kapitaaldelging dek. In die voorlopige ooreenkoms is die gelde wat vir die gebruik van die oorspronklike kompleks betaal sou word, ook aansienlik opwaarts aangepas.

##### **4.2 VOORLOPIGE OOREENKOMS**

In die onderhandelinge oor die uitbreiding van die gebouekompleks is 'n konsep vir die ooreenkoms wat gesluit sou word, aanvaar. Hiervolgens moes die Sendingkerk die projek onderneem, al die verkennings-, onderhandelings- en beplanningswerk doen en ook al die risiko's dra wat daaraan verbonde sou wees terwyl die UWK 'n huurtoelaag sou betaal soos onderling na die afhandeling van die bouprojek gefinaliseer sou word op die basis van die voorlopige ooreenkoms wat reeds aangegaan is.

#### **4.3. GEBRUIK VAN DIE GEBOUEKOMPLEKS**

##### **4.3.1 GEBRUIK VAN HOSTEL**

Ongeveer 1987 het die UWK die gebruik van die hostel by die kerk oorgeneem sonder dat daarvoor enige bykomende betaling gemaak is. Daar is voortgegaan met die betaling van slegs R6 152 per jaar vir die gebruik van die hele kompleks. Die UWK het dit geregverdig deur te sê dat die hostel so klein is dat dit teen 'n verlies bedryf word. Daar is derhalwe versoek dat ondersoek ingestel moet word na die moontlikheid om die hostel te omskep in kantore vir personeel waaraan daar 'n dringende behoefte was. Na 'n ondersoek van die moontlikhede is besluit om met so 'n projek vir eers te wag. Na die amptelike ingebruikneming van die uitbreidings aan die kompleks op 1 April 1990 is

aansienlike veranderinge aan die hostel aangebring en word dit tans teen 'n wins bedryf. Die UWK maak onder andere gebruik van die hostel vir kantore en die verblyf van besoekende dosente studente, ens. Daar is dus goeie rede om die hostel in die nuwe kontrak in te sluit. Die koste van hierdie verbeterings word nie in die huurbepaling in hierdie memorandum en ook nie in die voorafgaande memorandum verreken nie aangesien die UWK die koste van die verbeterings gedra het.

#### 4.3.2 GEBRUIK VAN AKADEMIESE KOMPLEKS

Na die besluite wat reeds geneem was oor die uitbreiding van die akademiese geboue en die voorlopige ooreenkoms reeds aanvaar is, het daar 'n groot verandering gekom in die gebruik van hierdie geboue. Die UWK het besluit om Bybelkunde met insluiting van die antieke tale oor te plaas na die fakulteit teologie. Die universiteit het verder besluit om die naam van hierdie fakulteit te verander van die Fakulteit Teologie tot die fakulteit godsdiens en teologie. Hiermee is die studieveld wat hierdie fakulteit dek, geweldig uitgebrei om verskillende ander godsdienste ook te kan insluit. Die implikasie hiervan is dat ongeveer 1 000 addisionele studente gebruik maak van die geboue wat deur hierdie fakulteit gehuur word. Hierdie veranderde situasie plaas onder andere geweldige groter druk op die fasiliteite van hierdie kompleks. Onder andere is sowat 50% van die boeke in die biblioteek die eiendom van die VGK. Hierdie boeke word nou ook deur die Bybelkunde-studente gebruik met 'n noodwendige uitwerking wat betref die slytasie van hierdie boeke so ook die studieruimtes en die ander fasiliteite. Dit spreek sonder mond dat die toegang van die teologie-studente van die VGK tot die fasiliteite nou veel meer aan bande gelê word in hulle studies. Hierdie veranderde benutting van die geboue en fasiliteite sal ongetwyfeld by die kontraksluiting in aanmerking geneem moet word. Die totale studentetal van die fakulteit het in 1996  $250 + 850 = 1\ 100$  beloop. Waar die ooreenkoms oorspronklik gesluit is toe die studente die NG Sendingkerk 100% van die totale studentetal uitgemaak het, beloop die studentetal van die VGK nou slegs 8.46% van die totale studentetal en slegs 37,2% van die totale getal studente wat hulle voorberei vir die bediening as predikante van die onderskeie kerke, Hierdie drastiese verandering stel die ooreenkoms tussen die universiteit en die VGK in 'n heeltemal ander lig vir sover dit die VGK as eenaar van die geboue aangaan. Dit is des te meer die geval aangesien die universiteit van die Kuratorium aansienlike finansiële toegewings verwag terwyl die ander denominasies wie se studente aan die UWK studeer byna heeltemal onbenullige bydraes aan die universiteit maak.

Die posisie met die studentetal in 1996 is soos volg:

| Denominasie       | Vir bediening  |          | Bybelstudies, ens. |          |
|-------------------|----------------|----------|--------------------|----------|
|                   | Getal studente | % Totaal | Getal Studente     | % Totaal |
| Afr. Met. Ep.     | 3              | 1.2      |                    | 0.27     |
| Anglikaans        | 24             | 9.6      |                    | 2.18     |
| Apost. Gel. Send. | 5              | 2.0      |                    | 0.45     |
| Baptiste          | 8              | 3.2      |                    | 0.74     |
| Calvyn Prot.      | 2              | 0.8      |                    | 0.18     |
| Congregational    | 24             | 9.6      |                    | 2.18     |
| Luthers           | 7              | 2.8      |                    | 0.64     |
| Methodiste        | 22             | 8.8      |                    | 2.00     |
| Morawies          | 1              | 0.4      |                    | 0.09     |
| Ou Apostolies     | 3              | 1.2      |                    | 0.27     |
| Presbiteriaans    | 8              | 3.2      |                    | 0.73     |
| Rooms Katoliek    | 2              | 0.8      |                    | 0.18     |
| VGK               | 93             | 37.2     |                    | 8.46     |
| Volle Evangelie   | 4              | 1.6      |                    | 0.36     |
| Ander             | 44             | 17.6     |                    | 4.00     |
| Bybelstudies      |                |          | 850                | 77.27    |



## 5. AANVAARDING VAN ENKELVOUDIGE FORMULE

By die onderhandelinge op 93.11.23 is besluit dat die voorlopige formule vir die vasstelling van die huur vervang moet word met 'n enkelvoudige formule. Opdrag is aan die saakgelastigde gegee om 'n voorlegging in hierdie verband aan die vise-rektor en die kuratorium te maak. In die onderhandelinge op 94.11.29 is die gedetailleerde voorlegging bespreek en in beginsel aanvaar. Opdrag is aan die saakgelastigde en die registrateur finansies gegee om die verdere afrondingswerk aan die formule te doen. Hierdie besluit het beteken dat die finale ooreenkoms tussen die UWK en die kuratorium ten volle markverwant sou moes wees. As amptelike datum van ingebruikneming van die uitbreidings is 1 April 1990 aanvaar.

## 6 PROFESSIONELE DIENSTE

Markhuurwaarde van eiendom:

| Jaar    | Bedrag per Maand | Bedrag per Jaar |
|---------|------------------|-----------------|
| 1990/91 | 21 332.13        | 225985.56       |
| 1991/92 | 25 514.02        | 306 168.24      |
| 1992/93 | 26 530.65        | 31e 367.78      |
| 1993/94 | 27 233.70        | 326 804.40      |
| 1994/95 | 27 470.90        | 329650.80       |
| 1995/96 | 27 798.53        | 333 582.36      |
| 1996    | 30 159.93        | 3M 919.16       |

Markwaarde van die eiendom op 1 April '1990: R2 300 000; markwaarde op 96.01.01 R3 069 054. Ten einde markverwante hure te kan vasstel, was dit absoluut noodsaaklik dat die dienste van erkende professionele instansies verkry moes word. Die dienste van mnr. Johan Le Roux, bestuurder eiendomsontwikkeling van Sanlam, is reeds voor die onderhandelinge op 94.1.1.29 verkry. Sy aanbevelings in hierdie verband is by die samespreking op 94.1-129 voorgelê. Vir die verkryging van die markwaarde en die markhuurwaarde van die eiendom wat verhuur word, is die dienste van Rhode en Genote voor die onderhandelinge van 1995 verkry. Die baie deeglike verslag van laasgenoemde het die bostaande op die onderhandelings Tafel geplaas:

## 7. HUUROORENKOMS: ONDERHANDELINGE MET UWK

Ten tye van die vergadering van die Sinodale Kommissie op 19 – 21 Maart 1996 was die onderhandelinge van die Kuratorium volledig toegespits op 'n huur-ooreenkoms. Die volgende reëlins is met die UWK beding:

### 7.1 HUURJAAR-TERMYN

Die direkteur finansies van die UWK het versoek dat die jaartermyn van die huurvasstelling moet saam val met die kalenderjaar. Hierdie versoek is toegestaan sodat die huur jaar sou loop jaarliks van 1 Januarie tot 31 Desember.

### 7.2 TWEE PERIODES

Toe dit duidelik geword het dat die finalisering van 'n langtermyn huurkontrak heelwat tyd in beslag sou neem, is 'n reëling met die UWK beding vir die sluiting van 'n korter termyn tussentydse kontrak vir die periode 1 April 1990 tot 31 Desember 1995. Die UWK het R1 250 000 aan huurgeld vir hierdie periode betaal. Dit het die Kuratorium in staat gestel om die volle kapitale investering in die uitbreidings met rente daarop voor die einde van Julie 1996 te verhaal. Daarmee is uitvoering gegee aan die besluit van die Sinode in 1994 (vgl. punt 32).

### 7.3 FINALE LANGTERMYN OORENKOMS

Die Kuratorium het sy onderhandelinge met die UWK toegespits op die finalisering van 'n langtermyn huurooreenkoms. Die aanvangsperiode sou bepaal word op 9 jaar en 11 maande met die opsie om die kontrak aan die einde van hierdie periode vir 'n volgende periode te verleng. Die huur sou jaarliks markverwant eskaleer met as basis en 'n regstelling volgens die werklike mark-huur stygings elke vyf jaar. Die bereiking van 'n finale konsensus het baie tyd in beslag geneem. Die aanvangshuur onder bespreking het te staan gekom op R335 000, R345 000 en R362 000 per jaar. Van die kant van die Kuratorium was die standpunt deurgaans dat die huurvasstelling soos reeds onderling ooreengekom, markverwant volgens die werklike waarde van die eiendom moes wees. Van die kant van die UWK was die beswaar deurgaans dat die universiteit nie sulke hoë huurbedrae kan bekostig nie. In die loop van 1995 en 1996 is daar van die kant van die universiteit toenemend



klem gelê op die besnoeiing van subsidies deur die staat wat dit vir die universiteit al hoe moeiliker maak om 'n hoë huur te kan bekostig. Die universiteit was ook nie bereid om 'n deposito vir die huur te maak nie. Op hierdie wyse is die Kuratorium onder al hoe groter druk geplaas om meer en meer toegewings te maak. Op 96.05.15 het die registrateur finansies van die UWK die volgende alternatiewe van die kant van die universiteit wat toegewings van die Kuratorium vermag, op die tafel geplaas: Huurvasstelling op R30 167 per maand = R362 000 per jaar met 'n jaarlikse eskalاسie van 11% en 'n aanvangstermyn van 5 jaar. Huurvasstelling op R27 9\*16.67 per maand = R335 000 per jaar met 'n jaarlikse eskalاسie van 10% en 'n aanvangstermyn van 9 jaar en maande. Die toegewing wat hierbo van die Kuratorium gevra is, kon soveel as R250 000 beloop.

## **8. VERKOOP AS FINALE OPSIE**

### **8.1 AANBOD VAN UWK**

As 'n groot verrassing vir die Kuratorium het die UWK teen die einde van Mei die kantoor van die saakgelastigde in kennis gestel dat die universiteit 'n aanbod vir die aankoop van die eiendom wil maak i.p.v. die voortgesette huur van die eiendom. In die onderhandelinge op 96.06.09 het die registrateur finansies die volgende besonderhede verstrekk:

#### **8.1.1 TOEKENNING DEUR STAAT**

Die UWK het onverwags van die staat 'n toekenning van R3 300 000 ontvang wat voor die einde van die finansiële jaar (97.0228) bestee moet word aan vaste eiendom. Die UWK bied dus hierdie bedrag (R3 300 000) as koopsom vir die eiendom met die voorwaarde dat die transaksie betyds voor 97.02.28 afgesluit word.

#### **8.1.2 AANKOOP VAN BOU-PERSEEL**

Die UWK het onmiddellik handelend opgetree en 'n opsie geneem op 'n geskikte onontwikkelde terrein baie gunstig naby die universiteit geleë oorkant Modderdamweg. Indien die verkooptransaksie nie deur gaan nie, sal die universiteit waarskynlik die nodige geboue om die fakulteit godsdiens en teologie te akkommodeer, spoedig daar oprig.

#### **8.1.3 ALTERNATIEWE FASILITEITE**

Met die drastiese besnoeiing van die staatsubsidie vir die lopende uitgawes van die universiteit sal dit vir die universiteit nie langer moontlik wees om groot bedrae aan huur vir geboue te betaal nie, Indien die kooptransaksie met die VGK nie deurgaans nie, sal die UWK genoodsaak wees om self ander fasiliteite vir die fakulteit godsdiens en teologie te voorsien totdat die nodige geboue opgerig is (vgl. punt 8.1.2),

## **8.2 REAKSIE VAN KURATORIUM**

Die bg. onverwagse wending in die onderhandelinge het die Kuratorium skielik onder aansienlike druk geplaas. Die sperdatum van 97.02.28 was van die begin af vir die VGK nouliks haalbaar.

### **8.2.1 PROFESSIONELE ADVIES**

Die professionele advies wat tot op daardie stadium verkry is, was deurgaans toegespits op verhuring as opsie. Mnr. Rode van Rode en Genote en mnr. Johan le Roux van Sanlam Eiendomsontwikkeling is onmiddellik dringend genader om onverwyld hulle bevindings oor verkoop as opsie beskikbaar te maak. Ten spyte van die baie kort kennisgewing is die menings baie spoedig verkry. Die groot mate van ooreenkoms tussen die twee onafhanklike menings was baie opvallend.

### **8.2.2 OPSIES: VERKOOP vs. VERHUUR**

Die eerste punt van belang waarom volle duidelikheid verkry moes word, was hoe die finansiële implikasies van die twee opsies met mekaar vergelyk met R3 300 000 as koopsom soos deur die UWK aangebied. Intussen is met die UWK onderhandel oor R3 750 000 as koopsom. Die projeksies wet gemaak moes word om die resultate van die twee opsies met mekaar te vergelyk, was gemaklike taak nie vanweë die veranderlikheid by faktore soos rentekoerse op beleggings, inflasiekoers, markhuurtendense, ens. Die vergelyking van die twee opsies is des te meer bemoeilik deurdat daar nog geen eenstemmigheid bereik kon word oor die bedrag van die aanvangshuur nie. 'n Omvattende reeks projeksies van die verskillende moontlikhede is dus gemaak. Die resultate het oortuigend getoon dat R3 300 000 as huidige koopprys baie goed vergelyk met die moontlikhede van die verhuring van die eiendom. Benewens die koue syfers is daar ander aspekte van die twee opsies wat ook baie noukeurig teen mekaar opgeweeg moet word voordat daar tot 'n verantwoorde besluit geraak kan word. Die volgende is hier van belang:

#### **8.2.2.1 Verkoop as Opsie**

Vir die sluiting van die verkoop-ooreenkoms moet die volgende sake afgehandel word: Die finalisering van die verkoopprys. Die hantering van die inhoud bv. die boekery van die biblioteek,

toerusting en meublement Die vasstelling van die verkoopdatum. By afsluiting van die verkooptransaksie kom alle risiko's binne afsienbare tyd tot 'n einde.

### **8.2.2 Verhuur as Opsie**

Vir die finalisering van die huur-ooreenkoms, moet oor die volgende ooreengekom word: Die bedrag van die aanvangshuur wat ernstige probleme kan oplewer (vgl. 7.3 tweede par.). Die duur van die aanvangshuurkontrak (vgl. 8.1.3). Die bepaling van die huur-eskalasie (vgl. 7.3 laaste paragraaf). Deposito vir die huur (vgl. 7.3 tweede paragraaf). Instandhouding van die eiendom. Noodsaaklike uitbreidings aan die eiendom waarvan die onmiddellike uitbreiding van die biblioteek as 'n dringende noodsaaklikheid reeds aandag geniet. By die sluiting van 'n huurooreenkoms bly die las van veelvoudige en ernstige risiko's vir die VGK voortbestaan. Dit sluit die vroeë beëindiging van die huurkontrak in. Die VGK kan dan opgesaal sit met die posisie dat geen aanvaarbare huurder of koper gevind kan word nie.

### **8.2.3 MENINGS VAN PROFESSIONELE ADVISEURS**

Die Kuratorium het die volgende menings van die professionele adviseurs nie net as rigtinggewend nie, maar as beslissend in hierdie saak aanvaar:

8.2.1 Die voordele van die verkoop-opsie bo die huur-opsie vra beslis vir onmiddellike verkoop.

8.2.2 Belegging van kapitaal in residensiële eiendomme is tans minder winsgewend

8.2.3 Die UWK is en sal waarskynlik die enigste koper wees wat bereid sal wees om 'n redelike koopprys te betaal.

8.2.4 Verkoop-transaksie word onmiddellik afgehandel. Huur-transaksie kontinueer aansienlike risiko's.

8.2.5 Die markhuur-eskalasie is tans 10% en sal waarskynlik nie binnekort styg nie. Die inflasiekoers het gedaal tot 8.0% (tans 6.0%). Dit sal die verwagte huur-inkomste verder laat daal.

8.2.6 Die premie vir die risiko van belegging in eiendomme word tans op 3.5% – 5.0% gestel. Verhuring moet dus 'n opbrengs van 19% – 20% lewer om met die belegging van kapitaal teen rente te kan vergelyk.

8.2.7 “Alles in ag genome is dit glashelder dat die aangewese weg vir die kerk is om die eiendom nou te verkoop, Die risiko's verbonde aan verdere verhuring is oorweldigend groot. Dit sluit die moontlikhede van aansienlike verliese in die toekoms in” (Johan Le Roux, Sanlam Eiendomsontwikkeling.)

8.2.8 “Dit is my baie sterk oortuiging dat die voordele vir die kerk verbonde aan die onmiddellike verkoop van die eiendom aan die UWK volgens die aanbod wat reeds gemaak is, vergeleke by die verhuring daarvan sodanig is dat de kerk sonder enige versuim die kooptransaksie behoort te sluit” (Rode, Rode en Genote).

## **8.3 ONDERHANDELINGE OOR KOOPSOM**

### **8.3.1 Standpunt van UWK**

In sy skrywe gedateer 96.11.04 stel die registrateur finansies die volgende: “We have obtained a valuation of the property which indicates that all the buildings are in need of painting. We are willing to offer you R3.5m for the property subject to you repainting the complex. Alternatively we could settle for R3.3m as is. The offer is valid only if the transaction can be concluded by 28 February 1997 since we have to claim the funds from the State before the end of the fiscal year ending 31 March 1997.”

### **8.3.2 Koste van Verfwerk**

Na die ontvangs van die bg. skrywe van die UWK is opdrag onmiddellik aan argitekte Van Riet en Mansveld gegee om spesifikasies vir die verf van die kompleks op te stel en kwotasies aan te vra. Die volgende kwotasies is heel spoedig ontvang:

Raats Projects R263 750

Alex Painters R117 530

### **8.3.3 Verdere Onderhandelinge met UWK**

In die verdere onderhandelinge het die registrateur finansies ingestem tot 'n koopsom van R3 350 000. Hierdie bedrag is nog nie deur die finansiële bestuur van die UWK bevestig nie. Die kuratorium is van mening dat dit beslis nie oorweeg moet word om self die verantwoordelikheid vir die verfwerk te neem met die ernstige risiko dat die werk nie betyds tot bevrediging van die koper afgehandel sal kan word nie. Daar is ook die risiko dat verdere instandhoudingskoste aan die orde kan kom terwyl die verfwerk gedoen word. Sonder inagneming van die indirekte, onvoorsiene en die argitek se koste aan die verfwerk verbonde, sal die besparing deur self die verfwerk te onderneem, nl. [3 500

000 – (3 350 000 + 117 530)1 32 470 beloop. Met hierdie kostes ook in berekening gebring, sal die besparing nie die risiko's daaraan verbonde, regverdig nie.

#### **8.4 KAPITAAL-INVESTERING EN GETALLE STUDENTE**

Volgens punt 8.3.3 bedra die kapitaal wat die VGK tans in die gebouekompleks van die Teologiese Skool belê het R3 350 000. Volgens die derde paragraaf van punt 4.3.1 het die persentasie van die studente van die VGK wat van die fasiliteite wat deur hierdie belegging beskikbaar gestel word, soos volg gedaal: Oorspronklike was dit 100% toe die aanvanklike ooreenkoms tussen die kerk en die UWK aangegaan is. In 1996 was dit slegs 8.46% van die totale getal studente van die fakulteit godsdiens en teologie. In die afgelope paar jaar het die getal vakatures in die VGK sodanig gedaal dat die Kuratorium reeds besig is om daaraan te werk om 'n stelsel in te stel waarvolgens die getal studente wat jaarliks toegelaat word, beperk kan word tot getalle wat met die vakatures verband hou. Dit sal meebring dat die persentasie van die studente wat uit die VGK kom, nog verder sal daal. Hierdie situasie plaas 'n groot vraagteken oor die verantwoordbaarheid daarvan dat die VGK so 'n groot som geld belê in die daarstelling van fasiliteite wat hoofsaaklik vir ander doeleindes as die opleiding van leraars vir die VGK en dan wel in belang van ander denominasies gebruik word.

Die huidige moontlikheid om die eiendom te verkoop, skep die geleentheid vir die Sinodale Kommissie om hierdie situasie wat heeltemal skeef ontwikkel het, in belang van die VGK reg te stel.

#### **9. VERHUUR AS FINALE OPSIE**

Daar is 'n absoluut beslissende aanduiding dat verhuur as finale opsie vir alle praktiese doeleindes heeltemal verval het. Hierdie oortuiging berus op die volgende

##### **9.1 DIE PROBLEME OM TOT 'N SKIKKING TE KOM**

###### **9.1.1 AANVANGSHUUR**

In die onderhandelinge met die registrateur finansies tot dusver kon nog nie tot eenstemmigheid gekom word nie, Die bedrag van R345 000 per jaar vir die periode totdat die verkoop en oornome van die eiendom afgehandel is na moeitevolle onderhandelinge aanvaar.

In die onderhandeling was dit baie duidelik dat hierdie bedrag nie sonder meer aanvaar sal word as aanvangshuur in die finale huurkontrak nie (vgl. punt 7.3 voorlaaste paragraaf).

###### **9.1.2 JAARLIKSE HUURANPASSING**

Die persentasie van die jaarlikse huuraanpassing kon tot dusver ook nog nie gefinaliseer word nie (vgl. punt 7.3). Dit sluit die implementering van die beginsel van markverwante huurvasstellings in. Dit is duidelik dat daar aangedring sal word op verdere toegewings van die kant van die verhuurder, Aanvanklik was die jaarlikse aanpassing gestel op 11% met vyfjaarlikse regstelling volgens die markhuur-tendense. Die UWK dring aan op 10.5% of selfs 10%.

###### **9.1.3 BEPERKTE HUURTERMYN**

Gedurende die eerste fase van die onderhandelinge oor die huurkontrak was die beplanning dat die aanvangstermyn 9 jaar en 11 maande sou wees. In 1996 het die UWK daarop begin aandring dat die periode nie meer as 5 jaar sal wees nie (vgl. punt 7.3), In die lig van punte 8.12 en 8.1.3 sal nou aanvaar moet word dat die UWK waarskynlik sal aandring op 'n eenjaar periode om die universiteit in 'n posisie te plaas om so spoedig moontlik oor te skakel na eie fasiliteite met die kansellering van die huurkontrak.

#### **9.2 PROBLEME VOORSPRUITENDE UIT IMPLEMENTERING VAN HUUR AS OPSIE**

##### **9.2.1 ALTERNATIEWE KOPER HUURDER**

Indien die eiendom nie aan die UVVK verkoop word nie en ook nie verder aan die universiteit verhuur kan word nie, sal die VGK met 'n baie netelige probleem opgesaal sit. Die ligging van die perseel is sodanig dat dit nie maklik kopers of huurders uit die ope mark sal trek wat bereid sal wees om 'n aanneemlike koopsom of huurbedrag te betaal nie. Wat meer is, die geboue is doelgerig beplan vir akademiese doeleindes en huisvesting. Indien dit vir ander doeleindes ingerig sou moes word, sal die veranderinge wat aangebring moet word soveel kos dat ontwikkeling op onontwikkelde persele waarskynlik 'n veel beter opsie sal wees. Dit beteken sonder enige moontlikheid van teenspraak dat die waarde van die eiendom in die ope mark veel minder sal wees as in die geval van die onderhandelinge met die UWK (vgl. punt 8.1.3).

##### **9.2.2 VERDERE KAPITAALINVESTERING**

Indien die eiendom nie nou aan die UWK verkoop sou word nie en 'n ooreenkoms met die universiteit sou aangegaan word vir die verdere verhuring van die eiendom vir 'n noemenswaardige termyn sal die kuratorium onvermydelik onmiddellik te doen kry met dringende verdere kapitale uitgawes wat etlike miljoene rande kan beloop. Die volgende is reeds onder bespreking:

**9.2.2.1 Biblioteek**

Die uiters dringende noodsaaklikheid dat die biblioteek sonder enige verdere versuim uitgebrei moet word, is algemene kennis. Indien die universiteit verdere huur moet oorweeg, kan dit vermag word dat hierdie uitbreiding as 'n voorwaarde gestel kan word. Die koste hieraan verbonde kan ongeveer R2 000 000 bedra.

**9.2.2.2 Studie-lokale**

Die getal studente van die fakulteit godsdiens en teologie het sodanig toegeneem dat daar 'n baie ernstige tekort aan studielokale by die biblioteek is. Die voorsiening in hierdie behoefte kan ook as 'n vereiste vir 'n verdere huurkontrak deur die universiteit gestel word. Die koste hieraan verbonde kan op ongeveer R30 000 per studie-lokaal gestel word, Om enigsins effektief te wees, sal minstens R200 000 hiervoor begroot moet word.

**9.2.2.3 Klaskamer**

Daar is 'n nypende tekort aan minstens een klaskamer. Vir een klaskamer moet minstens R250000 begroot word. Die posisie hier is soos in punte 9.1.5.1 en 9.1.5. 2.

**9.2.2.4 Kantore**

Die tekort aan kantore is sodanig dat daar reeds van die fasiliteit van ander fakulteite gebruik gemaak word. Aansienlike druk word reeds op die fakulteit godsdiens en teologie uitgeoefen om in sy eie behoeftes te voorsien aangesien die ander fakulteite self hulle fasiliteite dringend nodig het. Vir die voorsiening van meer kantore sal begroot moet word teen R45 000 per kantoor.

**9.2.2.5 Oordekte Loopgang en Trap**

Daar is reeds aandag gegee aan die noodsaaklikheid daarvan om 'n trap vir die bediening van die tweede vloer aan die westekant van die hostel aan te bring en die hostel met die akademiese kompleks te verbind met 'n oordekte loopgang met dieselfde hoogte as die ander loopareas. Die geraamde koste hiervan is R30 000.

**9.2.2.6 Ander**

Ander behoeftes waarvoor daar reeds gedagtes gewissel word, is die volgende:

**9.2.2.6.1 Saal**

Die saal in die fakulteit godsdiens en teologie het reeds te klein geword. Genoegsame voorsiening vir die groeiende getal studente het 'n probleem geword.

**9.2.2.6.2 Huisvesting vir Getroude Nagraadse Studente**

Die hostel maak wel in 'n beperkte mate voorsiening in hierdie verband. Daar is ester 'n aansienlike behoefte aan die voorsiening van meer sodanige fasiliteite.

**9.2.2.7 RISIKOS**

Indien die eiendom nie nou verkoop sou word nie, stel dit onmiddellik aansienlike risiko's wat reeds in punt 8.2.4 en 9.2.1 bespreek is, aan die orde. Soos die situasie tans in ons land is, sal daar verder met die volgende rekening gehou moet word:

**9.2.2.7.1 Vandalisme****9.2.2.7.2 Brand-gevaar****9.2.2.7.3 Ongemagtigde besetting.****10. AANWENDING VAN KOOPSOM**

Die Kuratorium wil soos volg aanbeveel wat die aanwending van die koopsom betref:

**10.1 BEVEILIGING KAPITAAL**

Die Kuratorium beveel aan dat die netto kapitaal van die koopsom teen inflasie bestem sal word. Die kapitaal moet dus in trust sodanig geplaas word dat die nodige gedeelte van die opbrengs gekapitaliseer word om die inflasie-erosie te kanselleer en moontlik verder uit te bou.

**10.2 TOEKOMSTIGE OPLEIDING VAN LERAARS****10.2.1 FASILITEITE VIR OPLEIDING VAN LERAARS**

Die VGK sal altyd 'n behoefte hê aan die opleiding van leraars. Hoewel tans onvoorsienbaar, mag daar in die toekoms 'n situasie ontwikkel waarin die kerk dit wenslik mag ag om weer 'n eie en outonome opleiding van leraars te bedryf. Wanneer dit dan later mag gebeur en dit nodig mag word om weer oor eie geboue te beskik vir die opleiding van leraars, kan die kapitaal gebruik word om die nodige geboue aan te koop of op te lig.

**10.2.2 OOREENKOMS MET UWK: KOSTE VAN POS VAN EEN PROFESSOR**

Volgens die ooreenkoms met die universiteit is die VGK vir die koste verbonde aan die pos van een senior professor verantwoordelik. Die Kuratorium vind dit al hoe moeiliker om die nodige fondse vir hierdie verpligting te vind. Die fondse wat uit die VGK gevind word, verminder voortdurend. Dit

skep die situasie dat die restant van die rendement op die koopsom waarskynlik die enigste uitweg sal word om hierdie verpligting te kan nakom.

### **10.3 AANWENDING VAN BALANS VAN OPBRENGS OP KAPITAAL**

Die Kuratorium wil aanbeveel dat die balans van die opbrengs van die kapitaal (vgl. punt 10.1) deur die Kuratorium bestuur sal word. Van die opbrengs kan dan soos nodig aangewend word vir die finansiering van die werksaamhede van die Kuratorium soos die pos van die studenteleraar wat ook die sekretariaat van die Kuratorium asook die hele bediening aan die studente van die VGK sal moet behartig.

### **10.4 HANDHAWING VAN BRONNE VIR DEKKING VAN KOSTE VAN OPLEIDING**

Die Kuratorium wil aanbeveel dat die inkomstebronne van die Kuratorium gehandhaaf en verder ontgin sal word sodat die uitgawes van die Kuratorium soveel as moontlik op hierdie wyse gefinansier sal word en dat daar so min as moontlik van die opbrengs van die kapitaal van die koopsom vir hierdie doel aangewend sal hoef te word.

## **11. BESLUITNEMING DEUR SINODALE KOMMISSIE**

Om tot 'n besluit oor hierdie saak te kom, is dit vir die Sinodale Kommissie noodsaaklik om eers duidelikheid te kry oor die volgende sake:

### **11.1 AANWENDING VAN KAPITAAL**

In punt 8.4 is reeds aangetoon dat daar tans R3 350 000 in die geboue-kompleks van die Teologiese Skool belê is vir die daarstelling van opleidingsfasiliteite, aanvanklik slegs vir die opleiding van leraars vir die NG sendingkerk. Die situasie het intussen radikaal verander. In 1996 was slegs 8.46<sup>0</sup>/0 van die studente wat van hierdie fasiliteite gebruik maak, toekomstige leraars van die VGK. Dit is waarskynlik dat hierdie persentasie in die onmiddellike toekoms nog verder sal daal.

Daar hang 'n ernstige vraag oor die aanvaarbaarheid van hierdie situasie. Die Sinodale Kommissie is nou in die gunstige posisie om hierdie situasie totaal om te keer deur die koop-aanbod van die UWK te aanvaar. Indien hierdie opsie nie benut word nie, sal die Sinodale Kommissie hom waarskynlik in 'n baie netelige posisie bevind om hom by die Sinode hieroor te verantwoord. Indien die huur-opsie geneem word, sal dit waarskynlik die VGK onder baie groot druk plaas om die fasiliteite wat tans baie dringend deur die fakulteit godsdiens en teologie benodig word, te voorsien teen 'n koste van R2 500 000 tot R3 000 000 (vgl. punt 9.22). Dit sal die Sinodale Kommissie, die Kuratorium en die VGK ongetwyfeld in 'n baie groot dilemma plaas.

### **11.2 BEWEEGRUIMTE VAN KOMMISSIE**

#### **11.2.1 BESLUIT VAN SINODE OOR VERKOOP AS OPSIE**

Vir sover vasgestel kan word, was daar in 1994 geen voorlegging by die sinode wat in enige mate 'n motivering gegee het vir die positiewe oorweging van die verkoop van die eiendom as opsie nie. Volgens die Skema van Werksaamhede het die Kuratorium in hierdie verband slegs die volgende verslag aan die Sinode voorgelê: Tans is die Kuratorium besig om 'n nuwe gebruiksooreenkoms oor die geboue met die UWK te finaliseer wat vir beide huur en onderhoud van die geboue voorsiening sal maak op 'n wyse wat vir die kerk so ver moontlik realisties ekonomies effektief sal wees. Die Kuratorium het as een van die opsies oorweeg om die geboue aan UWK te verkoop, maar het daarteen besluit. Teen hierdie agtergrond het die Kuratorium die volgende beskrywingspunt aan die Sinode voorgelê: Die sinode steun die besluit van die tussentydse Kuratorium om nie die verkoop van die geboue van die teologiese skool as opsie te oorweeg nie en versoek die tussentydse Kuratorium om die finansierings-ooreenkoms met UWK af te handel op 'n wyse wat vir die kerk in so 'n gunstig moontlike ekonomies-effektiewe posisie sal plaas. Daar was dus geen besonderhede van die finansiële implikasies van die saak voor die Sinode nie en ook geen professionele advies nie. Daar was ook geen sprake van die moontlikheid dat die UWK dit sou oorweeg om die huur van die kompleks te termineer nie. Die Sinode het dus die aanbeveling van die Kuratorium om begryplike redes aanvaar en die beskrywingspunt tot sy besluit gemaak. Die Sinodale Kommissie bevind hom nou in 'n totaal ander situasie. Die volgende is nou op sy tafel:

##### **11.2.1.1 Koopprys**

Die feit dat die Sinode in 1994 nie die verkoop-opsie positief oorweeg het nie, het reeds 'n vermindering van meer as R1 100 000 in reële terme in die verkoop-waarde van die eiendom tot gevolg (vgl. punt 3.1). Indien die huidige opsie nie benut word nie, kan dit as 'n feit aanvaar word dat verdere verliese onvermydelik sal wees (vgl. 8.2.7, 8.2.8, 9.2.1 en 9.2.26).

In sy besluit het die Sinode die Kuratorium verbind tot die volgende: "...om die finansierings-ooreenkoms met UWK af te handel op 'n wyse wat vir die kerk in so 'n gunstige moontlike



ekonomies-effektiewe posisie sal plaas." Die Sinodale Kommissie bevind hom nou in die posisie dat hy deur die Kuratorium gevra word om dringend 'n besluit te neem waarin hierdie opdrag uitgevoer sal word, Met die informasie tot sy beskikking is dit afdoende duidelik dat die Sinodale Kommissie in die goedkeuring van die onmiddellike verkoop van die eiendom aan die UWK 'n keuse sal maak vir die mees voordelige uitvoering van die besluit van die Sinode en daarmee binne sy bevoegdhede sal bly (vgl. punt 8.2.1, 8.2.7, 8.2.8).

#### **11.2.1.2 Datum vir Verkoop**

Die aanbod van die UWK is voorwaardelik. Indien die verkooptransaksie nie sodanig binne die finansiële jaar van die staat, d.w.s. die einde van Februarie 1997 (vgl. punt 8.3.1), afgehandel word niet verval die aanbod omdat die UWK dan nie die toekenning van die staat vir hierdie doel kan aanwend nie. Hierdie afsnypunt is nie die keuse van die Kuratorium of die Sinodale Kommissie nie en kan ook nie deur enige van hierdie instansies verander word nie. Uit die Bepalinge en reglemente van die VGK is dit duidelik dat dit die plig van die bestuursinstansies is om ten opsigte van die belange van die kerk baie verantwoordelik op te tree. Soveel so is dit de geval dat die voorsiening gemaak word vir latere kondonasie van 'n noodsaaklike handeling waarvoor daar nie vooraf voorsiening gemaak kon word nie.

#### **11.2.2 BESLUITVAN SNODE OOR VERHUUR AS OPSIE**

Die implikasies van die besluit van die Sinode is in hierdie verband baie duidelik. Die besluit stel die verantwoordelikheid van die Kuratorium en dus ook van die meewerkende instansies soos volg: "...om die finansierings-ooreenkoms met UWK af te handel op 'n wyse wat vir kerk in so 'n gunstige moontlike ekonomies-effektiewe posisie sal plaas. Uit die informasie waaroor die Kuratorium en die Sinodale Kommissie in hierdie stadium beskik, is dit onteenseglik duidelik dat 'n besluit teen die verkoop en vir die verdere verhuur van die eiendom lynreg in stryd met hierdie besluit sal wees (Vgl. punt 8 en 9 in geheel). Al die beskikbare informasie dui oorweldigend daarop dat so 'n besluit sonder enige twyfel sal uitloop op aansienlike finansiële verlies gepaardgaande met ernstige probleme wat die teenoorgestelde van te handel op 'n wyse wat vir die kerk in so 'n gunstige moontlike ekonomies-effektiewe posisie sal plaag", sal wees.

#### **12. AANBEVELING VAN KURATORIUM**

Die Kuratorium wil sonder enige sweem van twyfel dringend aanbeveel en die Sinodale Kommissie ernstig versoek om sonder enige huiwering dit aan die Kuratorium op te dra om so spoedig moontlik die gunstigste verkoopkontrak wat hy met die UWK kan beklink, te sluit en toe te sien dat daar aan die tydsvoorwaarde van die UWK rakende 28 Februarie 1997 voldoen sal word sodat die UWK in 'n posisie geplaas sal word om die betrokke staatsubsidie te benut.

#### **13. AFSLUITING**

Die Kuratorium is bate dankbaar dat dit hom beskore was om hierdie belangrike saak namens die VGK en in belang van die koninkryk van die Here te hanteer en sodoende die instrument te wees om 'n punt te bereik waar dit op bevredigende wyse afgesluit kan word. Die Kuratorium wil die Sinodale Kommissie ryke seën, wysheid en insig toebid met sy vergadering en die vertroude uitspreek dat die voorlegging in hierdie memorandum hom die nodige duidelikheid sal gee sodat die aanvaarding van die bostaande aanbeveling van die Kuratorium eenparig sal kan geskied.

Drs. J.N.M.HARTNEY  
VOORSITTER KURATORIUM  
23 Januarie 1997



**BEËINDIGING VAN DIE KONTRAK VIR DIE KERK <sup>20</sup> DEUR DRS. JNM HARTNEY**

In Ligdraer, Amptelike Nuusblad van die VGKSA, jaargang 60, nommer 7, 14 November 1999, het die voorsitter van die Kuratorium, drs. JNM Hartney in 'n artikel met titel: Beëindiging van die kontrak vir die Kerk "veel pynliker as vir UWK" reageer op die opmerkings van Prof. Peter Vale, vice-Rektor van UWK soos volg: "Dit is die Kuratorium se verantwoordelikheid om te waak oor die gehalte en die inhoud van die teologiese opleiding van die Kerk se predikante. Vanweë verskeie ontwikkelings oor, die afgelope twee jaar moes die Kuratorium telkens met groot versigtigheid vra of die opleidingsbehoefte soos vereis deur die Kerk aan die UWK bevredigend vervul word. Na die afdanking van ses dosente aan die Teologiese Fakulteit (September 1998), insluitende vier lidmate van die VGK waaronder alle dosente in kerkgeskiedenis, kerkreg en Grieks en insluitende prof JC Adonis, een van die drie kerklike dosente wie se pos deur die kontrak gewaarborg moes wees en waartoe die VGK jaarliks 'n finansiële bydrae maak, was dit duidelik dat dit onder die omstandighede nie langer sou kon gebeur nie. In reaksie op 'n voordrag van prof Daan Cloete, getiteld: "Verslag van die Toekoms van die Fakulteit aan die Fakulteit aan die Universiteit van Wes-Kaapland". Het die Sinode (nog in September 1998) aan die Kuratorium, Kaapland opgedra "om volgens die ooreenkoms met die Universiteit (a) die belange van sy studente en dosente te beskerm, en (b) die beste moontlike teologiese opleiding vir die toekomstige predikante te verseker. Dit sluit ook in om ander opsies te oorweeg indien laasgenoemde nie meer moontlik is by UWK met die huidige voorgestelde strukture en inhoud nie" Om uitvoering te gee aan hierdie besluit het die Kuratorium probeer om in gesprekke met die UWK se rektorat en in skriftelike verhoë tot die raad die kontrak te handhaaf. Uit reaksie van die Rektorat en die Raad het dit algaande duidelik geword dat geen poging om die integriteit van die kontrak te herstel sou slaag nie. Op 18 Junie 1999 het die rektor van UWK die dagbestuur van die Kuratorium meegedeel dat die raad finaal besluit het dat (a) die fakulteit sou ophou bestaan op 31 Desember 1999 (die kontrak vereis die bestaan van 'n fakulteit); (b) die programme soos deur die Sinode goedgekeur nie meer in die Departement binne Lettere aangebied sal word nie; (c) die streeksamewerking wat die wat die regeringsbeleid vereis duplisering tussen nabygeleë Universiteite uitsluit en (d) geen nuwe BTh-studente vanaf 1 Januarie 2000 by UWK geregistreer sal word nie.

Die Rektor het 'n universitêre kommissie aangestel om die oorgangsmatreëls daar te stel vir die beëindiging van die ooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit teen 31 Desember 1999. Die dokument van die UWK, gedateer 29 Junie 1999, wat hieraan uitvoering gee, lui onder andere:

2. Die volgende reëlings word deur die Universiteit voorgestel:

2.1.1. Die B Th en die BD kursusse word uitfaseer. Geen nuwe studente sal ingeskryf word vanaf 2000 nie, maar die Universiteit onderneem om die nodige modules vir huidige ingeskrewe studente te bly aanbied.

2.3 Formele beëindiging van die ooreenkoms:

2.3.1 Die Universiteit is bereid om van die vyfjaar kennisgewingstydperk wat deur die kontrak bepaal word, afstand te doen en stel beëindiging van die kontrak op 31 Desember 1999 voor.

2.3.2 Vir 1999 eis die Universiteit slegs twee derdes van die VGK se finansiële bydrae (in die lig van prof. Adonis se afdanking).

2.3.3 Na die beëindiging van die ooreenkoms sal die VGK geen verdere finansiële verantwoordelikhede met betrekking tot personeel hê nie". In die lig van hierdie verwikkelinge moes die Kuratorium poog om uitvoering te gee aan die opdrag van die Sinode. 'n Ongelukkige voorstel van die rektorat dat die Kerk en die Universiteit met die beëindiging van die kontak 'n fees reël, is deur die Kuratorium van die hand gewys.

Die Kuratorium verseker Prof. Vale dat die beëindiging van die kontrak van ons 'n nog veel pynliker ervaring is na sewentig jaar se intense verhouding en 'n trotse gemeenskaplike geskiedenis. Die Kuratorium het egter geen ander opdrag of keuse nie as om die beste belang van die studente en die teologiese opleiding van die Kerk te dien.

<sup>20</sup> In Ligdraer, Amptelike Nuusblad van die VGKSA, jaargang 60, nommer 7, 14 November 1999, het die voorsitter van die Kuratorium, drs. JNM Hartney in 'n artikel met titel: Beëindiging van die kontrak vir die kerk.

**DOOR 'STILL OPEN' FOR URCSA AT UWC <sup>21</sup>**

As a result of many questions asked, and uncertainties around the proposed move of URCSA theological training to the University of Stellenbosch, Ligdraer asked Rev Daniel Kuys to interview Prof Peter Vale, (right) Vice-Rector of the University of the Western Cape, Rev John Hartney, and Chairman of the Curatorium of the Dept. of Theological Studies, UWC responded (see below) “The Uniting Reformed Church made us and the University of the Western Cape made the URCSA”, said Prof. Peter Vale, vice-rector of the UWC. He refers to his own painful experience with the impending move of the theological training of the URCSA to Stellenbosch University. He is not unmindful of the historic ties that bind these two institutions and is eager not to sever it lightly. Prof Vale is however realistic about the great financial constraints that universities, including the UWC are going through. He said that when the University had to approach the question of finance with regards to the best use of its resources, theology, among other academic programs, had come up in the debate. Despite the financial problems that the University had to deal with, Vale is of the opinion that UWC didn't handle the issue with the URCSA well. He calls this a very painful and unfortunate event, which contributed to the fact that the URCSA's needs. This development of events, according to Vale, will leave UWC much poorer – emotionally and spiritually. “Severing our ties with the URCSA and its students, will jettison part of our birth right”, said Vale. He is however, very optimistic that the door is still open to re-negotiate with the URCSA to salvage some of the historic ties and hold on to URCSA Theology students at UWC. If the door is deemed closed on the side of the URCSA, “I hope we can still push the door open”, Vale said. In the spirit of regional co-operation – as the National Ministry of Education proposes – Prof Vale is of the opinion that the UWC, the URCSA and US can co-operate in the training of URCSA ministers. According to him the degree that students receive in the end can carry the stamp of both the UWC and the US. Vale said that what was now needed was a way in which to negotiate for the benefit of all involved.

---

<sup>21</sup>Ds. D. Kuys skryf in *Ligdraer*, Amptelike Nuusblad van die VGKSA, jaargang 60, nommer 7, 14 November 1999 onder die opskrif: “Werk liewer saam met US, UWK”.

**WERK LIEWER SAAM MET US, UWK**<sup>22</sup>

Daar word in die reaksie van die Kuratorium op die onderhoud met Prof Peter Vale tereg daarna verwys dat ek die voordrag aan die Sinode gehou het om "ander opsies te oorweeg." Daarmee mag dalk die indruk geskep word dat ek die huidige inisiatiewe om die VGK se opleiding na Stellenbosch te verskuif, steun. Ek is net so ongelukkig oor die wyse waarop die UWK die VGK behandel het met betrekking tot die Fakulteit en die afdanking van kollegas. Alles wat in die genoemde verslag hieroor staan, steun ek ook persoonlik met my hele hart. Of dit op hierdie stadium al moes lei tot 'n breuk met die UWK is ek nie so oortuig nie. As iemand wat die hele tyd by die proses van onderhandelinge betrokke was, glo ek dat daar nog 'n baie goeie gesindheid en openheid vir die VGK by die UWK is. Dit word ook weerspieël in die "skuldbelydenis" en die uitnodiging van Prof. Peter Vale om weer te kom praat. Ek sou liewer ernstig wil pleit dat ons in hierdie aangeleentheid 'n ander opsie oorweeg, naamlik samewerking. 'n Mens sou op die verloop van die proses kon ingaan en allerlei beskuldiginge teenoor mekaar kon maak. Ek dink nie dat dit ons ver sal bring nie. My voorstel is dat ons dringend sal soek na 'n gesamentlike gesprek tussen die US, die UWK en die VGK. Ek dink dat die VGK daarin die inisiatief moet neem. Dit pas by ons aard as kerk. Waarom samewerking? Om verskillende redes. Ek noem 'n paar: Die huidige inisiatiewe geskied in 'n sfeer van emosie. Alhoewel die Kuratorium sa dat die besluit gebaseer is op die feit dat UWK nie meer aan die VGK se behoeftes vir teologiese opleiding voldoen nie, weet almal dat dit eintlik emosioneel gedra word deur die ongelukkige gebeure wat die afgelope tyd plaasgevind het. As dit ons diepste beweegredes word, sal ons gou genoeg rede vind om ook by Stellenbosch te wil weggaan. Samewerking erken die lang geskiedenis tussen die UWK en VGK waarin pragtige dinge gebeur het. Ons was instrumenteel om 'n Fakulteit met 'n sterk ekumeniese karakter daar te stel. Ons gee nou die indruk dat ons die ander kerke in die steek laat. Uit ons verbintnisse is die Belydenis van Belhar gebore met mense soos prof. Bam, Durand en Smit wat 'n rol gespeel het. So het ons saam met die UWK nasionaal en internasionaal bekendheid verwerf. Ons studente Word by UWK opgelei in 'n sfeer wat baie nader aansluit by dit waaruit hulle kom en waar hulle ook weer sal gaan bedien. Met alle respek is Stellenbosch nog in vele opsigte "vreemd" vir ons en is daar ook nog ideologiese drempels wat oorgesteek sal moet word. Alhoewel dit nie 'n verskoning mag wees nie, sal ons ook oneerlik met onself wees as ons dit nie erken nie. Dit is ook die soort sentimente wat binne die kerk en onder die studente 'n rol mag speel. Akademiese gehalte moet sentraal staan, maar ons mag hierdie sentimente nie ignoreer nie d) In 'n periode waar ons nog besig is om te besin oor die toekoms van teologiese opleiding vir die VGK lyk dit my dat dit dalk 'n oorhaastige besluit is om 'n skuif te maak. Samewerking binne in breër verband is juis na 'n goeie eksperiment vir die kerk. Hoe moet hierdie soorte samewerking lyk? Uiteraard sal die detail daarvan uitgewerk moet word en daarvoor het ons hier nie die ruimte nie. Maar dit sal daarop moet neerkom dat die VGK-studente 'n deel (die begin) van hulle opleiding by die UWK open en die res by US. Dit gee aan hulle ekumeniese blootstelling, maar ook 'n sterk afronding in hulle eie gereformeerde tradisie. Dit gee aan hulle 'n blootstelling van die "wêreld" van die VGK en die "wêreld" van die NGK. So bevorder ons eenwording, veral as die NGK dieselfde kan doen. Is dit prakties uitvoerbaar? Ek dink so, en ons moet ook ons bronne en kragte met mekaar deel, gegee die huidige krisis in teologiese opleiding. Baie van die beplanning wat reeds gedoen is, kan behou en aangepas word. Dit hang af of daar 'n goeie wil is. Met my jare van ervaring met Stellenbosch, kan ek my nie indink dat hulle nie hiervoor te vinde kan wees nie. En die UWK gee duidelike seine dat hulle dit sal wil ondersteun. Op ander vlakke werk die universiteit in die streek reeds saam. Die VGK het nou 'n wonderlike geleentheid om samewerking te bevorder tussen twee histories belangrike Fakulteite in 'n gees van versoening wat die land wil hê en waartoe die kerk geroep is.

---

<sup>22</sup> Prof. G.D. Cloete van die Teologiese Skool, Universiteit van Wes-Kaapland skryf *Ligdraer*, Amptelike Nuusblad van die VGKSA, jaargang 60, nommer 7,14 November 1999 onder die opskrif: "Werk liewer saam met US, UWK"

**SKRYWE VAN PROF G.D. CLOETE MET BETREKKING TOT VERSKUIWING NA STELLENBOSCH**

Skriba

Kuratorium van Kaapland

Bellville

30 September 1999

Geagte Voorsitter en Lede van die Kuratorium,

1. Ek rig hierdie skrywe aan u om twee redes:

a) om u te bedank vir die vertroue om my aan te beveel by die Fakulteit Teologie, Stellenbosch, as dosent, maar om ook te probeer verduidelik waarom ek geoordeel het om die aanbeveling van die hand te wys,

b) en aangesien dit waarskynlik tog die afsluiting van 'n periode is, om u verder te bedank vir die besondere voorreg wat ek gehad het om in diens van die VGKSA in die hoedanigheid as dosent vir die afgelope twintig jaar te staan.

2. In ons ontmoeting met u waar die aangeleentheid van dosente wat deur u aan beveel is om na Stellenbosch te gaan ter sprake gekom het, my respons dat ek oordeel dat die besluit om die VGKSA Kaapland se teologiese opleiding na Stellenbosch te skuif, prematuur was. Ek dink dat ek dit aan u verskuldig is om te verduidelik waarom ek so oordeel. Daarmee wil ek nie probeer om u beslissing as nog te beïnvloed nie. Ek aanvaar dat dit waarskynlik onomkeerbaar is. Ek wil dit ook doen omdat my besluit die indruk mag wek dat ek dislojaal teenoor die opdrag wat die kerk destyds aan my gegee het, geword het, of wil wees.

3. Ons is almal daarvan bewus dat teologiese opleiding in die algemeen om verskeie redes in 'n krisis verkeer en dat ook binne die VGKSA ons al, sedert die eenwording, poog om 'n aanvaarbare oplossing te vind vir ons eie probleme. Daarom sien ons seker ook almal uit na die moontlike verslag van die ondersoek hieroor.

4. Ek probeer die gebeure wat aanleiding gegee het tot u besluit as volg opsom. Die krisis in die Wes-Kaap het gekom vanweë die ongelukkige afdanking van 6 kollegas in die Fakulteit insluitende Prof. J.C. Adonis en P.J.J. Els. Die kerk het tereg in geen onduidelike taal, sy misnoeë daaroor uitgespreek en die geoordeel dat die ooreenkoms tussen die kerk en die VGK daarmee in die gedrang gekom het. Vervolgens het u as kuratorium in u onderhandelinge met die Universiteit ooreengekom dat die ooreenkoms opgehef word. Daarna het u besluit om die opleiding aan die UWK te beëindig omdat die opleiding aan die UWK nie meer voldoen aan die vereistes wat die kerk stel vir sy predikante nie. (Hierdie is my persoonlike weergawe van die skriba se antwoord, want ek het nie die presiese woorde van u besluit nie). Daarmee is waarskynlik bedoel dat, met die afskaffing van die BTh – graad deur die Fakulteit, die kursusse wat die kerk se opleiding uitmaak, nie meer aangebied sou word nie en aangesien dit by Stellenbosch wel aangebied word, het u geoordeel die skuif te moet maak.

5. Ek is van mening dat die besluit oorhaastig geneem is en die hele aangeleentheid nie goed deurdag is nie. Daarmee bedoel ek dat die atmosfeer waarin dit geneem is dalk te 'n groot rol gespeel het en dat daar dalk ander faktore was wat nie in ag geneem is en ander moontlikhede wat nie voldoende ondersoek is nie.

6. 'n Mens sou in die ontleding van die proses by verskillende momente kon begin. Vir my was die afdanking van die dosente die kritieke oomblik. Dit het aanleiding gegee tot 'n proses van verskillende gesprekke wat almal met mekaar verband gehou het en mekaar wedersyds beïnvloed het. Ek identifiseer die volgende gesprekke-

a. Dié tussen die Fakulteit en die Universiteit wat ingesluit het die vraag of die Fakulteit so kon voortbestaan en of dit 'n Departement in die Lettere moes word. Die gesprek was alreeds aan die gang voordat die afdankings plaasgevind het, maar was deur die afdankings verhoog.

b. Dié tussen die Fakulteit en die Kuratorium oor die eensydige afdankings van die VGK dosente.

c. Dié tussen die Kuratorium en die UWK oor die vraag of die ooreenkoms verbreek of gehandhaaf is en ander sake.

d. Dié tussen die Fakulteit Godsdiens en Teologie, UWK en die Fakulteit Teologie, US oor leerplan-bepanning, wat ook reeds lank aankom maar ook hierdeur bespoedig is.

e. Dié tussen die Fakulteit Godsdiens en Teologie te UWK en die RTG (Teologie en Lettere) te US oor toekomstige samewerking.

- f. Dié tussen die Kuratorium van die VGK, Kaapland en die Bestuur van die US oor die moontlikheid om die teologiese opleiding na US te verskuif.
- g. Dié tussen die UK (Religieus Studies), en Teologie) en die US (Teologie) oor die probleme i.v.m. teologiese studie in die streek en 'n moontlike gesamentlike aanbod.
- h. Dié tussen die Fakulteit Godsdiens en Teologie te UWK en die KATO oor die ontwikkelinge te UWK.
- i. Dié tussen die Kuratoria VGK, Kaapland en NGK, Weskaap.
7. Daar mag selfs ander gesprekke ook gewees het. Die veelheid, verskeidenheid en gekonsentreerdheid (almal ongeveer binne 'n jaar) van gesprekke dui op aan dat ons hier met 'n krisissituasie te make het. Verder dui dit ook aan hoe gekompliseerd die hele aangeleentheid was. Was daar genoeg koördinasie gesien die wedersydse beïnvloeding van die gesprekke? Hierby moet genoem word dat die Fakulteit Godsdiens en Teologie, UWK veral onder druk was van die universiteitsowerhede om 'n aanbeveling oor die toekoms van die Fakulteit teen die middel van die jaar te maak en dit het uiteraard 'n geweldig impak gehad op al die ander gesprekke.
8. Uit al hierdie gesprekke is vir my die belangrike gebeurtenis die besluit van die Kuratorium, VGK om die Teologiese opleiding by die UWK weg te neem en na die US te verskuif. Soos reeds hierbo gesê, was die besluit gebaseer op die feit dat die UWK nie meer aan die behoeftes vir teologiese opleiding van die VGK voldoen nie. Op sig is dit waar, maar die omstandighede wat daartoe gelei het dat tot so 'n gevolgtrekking gekom is, daarin verskil ek met moontlike ander interpretasies en wil ek graag my weergawe van die verloop van die gebeure
9. In die gesprek tussen die Kuratorium van die VGK en die Bestuur van die UWK was die belangrike vraag of die ooreenkoms tussen die twee gehandhaaf is met die afdanking van die VGKSA dosente. Die Kuratorium het geoordeel dat dit verbreek was, 'n oordeel wat ek steun. Die Universiteit was die teenoorgestelde mening toegedaan, d.w.s., dat selfs met die afdankings daar binne die raamwerk van die ooreenkoms gehandel is. Wie regstegnies korrek was, kon dus alleen deur 'n objektiewe instansie, soos 'n hof-uitspraak, bepaal word. So ver my kennis strek, is die weg nie gegaan nie en daar mag redes of faktore wees. 'n Mens moet toegee dat daar met die afdanking van die dosente in elk geval 'n vertrouenskrisis ontstaan het van die kant van die Kuratorium ten opsigte van die UWK. Dat daar dus toe van die kant van die Kuratorium vrae gestel is oor die sinvolheid om die ooreenkoms verder te handhaaf, is ook begryplik. Alhoewel dit die breë konteks en agtergrond van die gebeure weergee, was dit nie die argument wat aangevoer was waarom die VGKSA by die UWK weggegaan het nie, maar dat die UWK nie meer aan die behoeftes van die VGKSA voldoen nie. Alhoewel die argument as sodanig korrek is, weerspieël dit nie hoe tot so 'n gevolgtrekking gekom is nie.
10. In 'n ontmoeting tussen die Kuratorium en die UWK bestuur waartoe ek en die Dekaan ook uitgenooi was en wat die opheffing van die ooreenkoms voorafgegaan het, het die UWK bestuur na my mening baie nadruklik verklaar het dat dit nog steeds gebind is aan die ooreenkoms en dat die Fakulteit die Kuratorium moes betrek in sy strategiese beplanning om toe te sien dat daar aan die behoeftes vir teologiese opleiding van die VGKSA voldoen word. Na my mening is hieraan nie voldoende uitvoering gegee nie en is die UWK op hierdie punt selfs nie getoets oor die opregtheid van sy verbintenis tot die ooreenkoms nie. In 'n volgende gesprek tussen die Fakulteit en twee lede van die Kuratorium was hoofsaaklik gepraat oor die opheffing van die ooreenkoms tussen die VGKSA en die UWK. Na my mening het ons in gebreke gebly om oor die opdrag van die Bestuur van die UWK rakende die behoeftes van die VGKSA voldoende aandag te gee en moet die Fakulteit in eerste instansie hiervoor die blaam dra. In al die jare dat ek aan beide die Fakulteit en Kuratorium verbonde is, het laasgenoemde hom in 'n groot mate laat lei deur die aanbevelings uit die Fakulteit. Indien ons hieraan ernstige aandag gegee het, sou ons die BTh-graad waarskynlik nie afgeskaf het nie, en sou daar nie 'n rede vir die VGK gewees het om na Stellenbosch te gaan nie.
11. Die diskussie of die BTh-graad afgeskaf moes word, het tot intense diskussies binne die Fakulteit gelei en is uiteindelik met meerderheidsbesluit ten gunste van afskaffing geneem. Hieroor was en is daar na my oordeel nog steeds ongemaklikheid binne die Fakulteit omdat baie van ons UWK dosente se toekoms hierdeur onseker geword het. Vir so 'n ingrypende besluit sou 'n mens nader aan 'n konsensus wou beweeg het maar die feit is egter dat dit wel in besluit van die Fakulteit was wat eintlik al op 'n vroeë stadium geneem was.
12. Met al die diskussie het ek voorgestel dat die hele aangeleentheid binne die raamwerk van die gekonsolideerde aanbod in die Wes-Kaap bekyk moes word. Die konsep van die gekonsolideerde aanbod is ter sprake gebring by een van die gesamentlike diskussies met Stellenbosch en UWK deur



Prof Lategan. Die basiese idee hieragter was om die godsdiens en teologiese aanbod binne die Wes-Kaap te konsolideer omdat die nuwe onderwyswet nie baie gunstig vir die akademiese studie van godsdiens en teologie is nie en daar alreeds by al drie Universiteite 'n afname in studentegetalle was.

Ek het geoordeel dat dit vir ons 'n prioriteit moes word omdat ons daarmee dalk werkkragte met mekaar kon deel, leerplan-inhoude op mekaar kon afstem, terwyl ons sorg dat al drie universiteite se belange beskerm word en op 'n manier wat godsdiens en teologie in die streek kon dien. Daarby sou ons dit kon presenteer as 'n model van samewerking tussen die drie universiteite in die Wes-Kaap, die belangrikheid waarvan reëlmatig op ons harte gedruk word deur die owerheid en deur ons almal aangevoel word.

13. Ek wil dit stel dat ek my hoop gevestig het op die konsep van die gekonsolideerde aanbod. Ongelukkig het dit geblyk vir ons nie 'n prioriteit te wees nie. Die verslag van die komitee wat die gekonsolideerde aanbod moes voorberei, het gekom toe daar alreeds belangrike besluite binne die Fakulteite geneem is, insluitende die afskaffing van die BTh by die UWK. Die komitee het verder geoordeel dat hierdie besluite nie meer ter diskussie gestel kon word nie. Daarmee het die hele gekonsolideerde aanbod slegs gedien as 'n rubberstempel vir die besluite wat reeds deur die afsonderlike Fakulteite geneem is. Vir my was dit 'n groot teleurstelling, want ek het geglo dat met hierdie konsep ons werklik iets kon uitwerk waarin ons ons geskiedenis, ons behoeftes, ons kliënte, ons omstandighede, die koste-effektiwiteit van die opleiding, ens. alles in ag sou kon neem. Ons sou ook met die verskillende kerklike en godsdienstige gemeenskappe in gesprek kon tree. In elke geval so dit na my oordeel 'n beter prosedure gewees het om liever suggesties vir samewerking vanaf die komitee na die institute te ontvang, in plaas van andersom soos dit nou gebeur het.

14. Samevattend, is ek dus van mening dat ons binne die Fakulteit by UWK twee basiese oordeelsfoute gemaak het, naamlik om nie voldoende aandag te gee aan die nadruklike opdrag van die UWK om die VGK se behoeftes te ontmoet nie, en ook nie die idee van 'n gekonsolideerde aanbod in die Wes-Kaap 'n prioriteit te maak nie. Daarmee wil ek ook my eie versuim om hierdie sake sterker te bepleit, bely.

15. Nadat dit bekend geword het dat die VGK Stellenbosch as een van sy opsies oorweeg, is daar met groot entoesiasme van hulle kant ook geprobeer om die teologiese opleiding van die VGKSA ook inderdaad daarheen te laat kom. 'n Mens kan hulle dit ook seker nie kwalik neem nie gegee die kompeterende gees wat daar ongelukkig ook nog tussen die universiteite heers. Tog sou ek wou oordeel dat die aksent by ons in teologie eerder op streeksamewerking gelê moes gewees het. Ek wil nie ontken dat daar wel pogings tot samewerking is nie. Na my oordeel is die resultaat van die huidige voorstel vir 'n gekonsolideerde aanbod egter oorweldigend ten gunste van Stellenbosch. Ek noem 'n paar dinge: -

- a) UWK skaf die BTh-graad af, Stellenbosch behou al sy grade en diplomas.
- b) UWK staan met die loop van tyd 'n derde van sy ingeskrewe studente aan US af; US behou al sy studente en wen die UWK studente.
- c) UWK staan van sy dosente (die met die beste profiel) via die VGK aan US af; Stellenbosch behou al sy dosente.
- d) Die kursusse en baie van die modules wat UWK aanbied word ook nog by US aangebied.
- e) UWK verloor 'n belangrike kliënt (VGK) binne sy Fakulteit, US wen hierdie kliënt.
- f) Toekomstige VGK studente word hierdeur nou "verplig" om na US te gaan, terwyl dit al die jare moontlik was dat hulle by beide UWK en US kon inskryf, alhoewel UWK die offisiële plek van opleiding was – 'n bietjie ironies, is dit nie?

'n Voordeel is wel dat afgedankte kollegas, Adonis en Els moontlik op verskillende basisse in diens geneem gaan word deur US.

16. Dit is waarskynlik 'n simplistiese voorstelling, maar 'n mens kan nie aan die algemene indruk ontkom nie dat uit hierdie onderhandelinge daar vir US baie meer voordele kom as vir UWK. US kan funksioneer met die tradisionele en gevestigde grade terwyl die UWK nou hard sal moet probeer om sy nuwe graad te bemark met al die risiko's daaraan verbonde. Dit is baie duidelik dat hiermee aan die eenkant die posisie van UWK erg verswak is, terwyl Stellenbosch weer baie goed geposisioneer is om uiteindelik die hele godsdiens en teologie in die Wes-Kaap te beheer. As dit die oorspronklike bedoeling was, dan sou dit eerliker gewees het om dit te sê en dan sou dit UWK in 'n posisie geplaas het om met US te onderhandel oor ander aspekte van samewerking. Dan sou UWK ook met US kon onderhandel het vanuit 'n posisie van krag. Na my mening moes die uitgangspunt gewees het hoe kan ons op die beste manier die voortbestaan van godsdiens en teologie by beide Fakulteite kon verseker.

17. Hierteenoor staan dat die Fakulteit by UWK alreeds 'n sterker ekumeniese karakter dra as Stellenbosch. Saam met Natal word UWK in die publieke persepsie beskou as die twee "model" institute



in SA vir die akademiese bestudering van godsdiens en teologie. Die VGK moet geensins sy aandeel in die totstandkoming hiervan onderskat nie. Dit het deur sy inisiatief en bemiddeling gebeur.

Ons het as kerk hiermee saam met die UWK 'n verantwoordelikheid op ons geneem om godsdiens en teologie gevestig te kry in ons land van pluraliteit. My indruk is dat ons as kerk te gou hierdie verantwoordelikheid nou opgee met die onttrekking by UWK.

18. Ook is dit jammer dat juis ons as die senior vennoot binne die Fakulteit hom nou hieruit onttrek en by 'n meer eksklusiewe gereformeerde konteks wil aansluit. Ek is ook baie gesteld op my gereformeerde tradisie, maar ek oordeel dat ons baie ander tradisies met wie ons juis sulke goeie relasies opgebou het en van wie ons self so baie geleer het, nou in die steek laat. Ek weet dat daar pogings is om ook Stellenbosch meer ekumenies te maak. Maar is dit geregverdig om 'n reeds bestaande model af te breek? Sou dit nie meer logies gewees het om dit in samewerking met Stellenbosch juis te versterk nie? Ek beskou dus die skuif na Stellenbosch in die opsig as 'n terugwaartse stap van waar ons gewees het en die beeld wat ons ook internasionaal het mede vanweë ons verbintenis met die UWK.

19. Hiermee hang saam die vraag of die skuif die proses van eenwording met die NGK kan bevorder. Dit was vir my interessant om te hoor dat u nie hieroor veel illusies het nie en dit nie as 'n sterk beweegrede funksioneer nie. Tog meen ek dat die waarde daarvan nie onderskat moet word nie en dat dit beslis een van die voordele van so 'n gesamentlike opleiding kan wees. Ek dink egter dat die bevordering van die eenheid in ons eie geleedere voorlopig vir ons 'n prioriteit moet wees. In elk geval sou dit beter gewees het om so 'n besluit te laat wag tot die rapport oor teologiese opleiding binne die VGKSA voorgelê is. UWK was tot dusver ten minste die vaste punt. 'n Verdere onsekerheid is die teologiese opleiding van die NGK self. Dit is natuurlik nie ondenkbaar nie dat die NGK vanweë sy monopolie op teologiese fakulteite ook genoodsaak word om sy teologiese opleiding op een punt te moet konsentreer. En wat gebeur as die punt Pretoria word?

20. Vir my is daar ook sentimentele redes. Die Fakulteit Teologie het in die byna 30 jaar van verbondenheid aan die UWK 'n besondere bydrae gelewer aan die transformasie van die Universiteit en dus aan die land. Hierin staan die VGKSA se bydrae uit in terme van sy leierskap onder studente en dosente, die gehalte van sy akademiese werk, sy internasionale kontakte en erkenning, ens. Kan ons, byvoorbeeld, die ontstaan van die Belydenis van Belhar, 1986, werklik losmaak van die VGK se verbondenheid aan die UWK? Of die bevordering van vroue tot die amp, om maar twee aspekte te noem? Vir die VGK om binne bestek van 'n paar maande sy relasie met die UWK so summier te verbreek, is vir my te vinnig om te verwerk gesien hierdie geskiedenis.

Vir my is die VGK die UWK en die UWK die VGK. Ek begryp dat die VGK diep ongelukkig is met die wyse waarop dit behandel is, maar ons kon seker ook 'n bietjie meer relativerend na dinge gekyk het. Daarby sou ons ook nog tyd kon gekoop het om te kyk of die situasie by UWK nie ons ten goede kan draai binne afsienbare tyd nie. Alles is tans nog vloeibaar en ons kan dalk spoedig weer 'n rede by Stellenbosch vind wat ons ongelukkig maak. Ek glo dat 'n kritiese solidariteit ten opsigte van die UWK op hierdie stadium gepas is, d.w.s., ek kritiseer juis omdat ek lojaal is en wil wees. Daarby kom dat ek na 20 jaar by UWK dit moeilik sal vind om skielik 'n nuwe loyaliteit te ontwikkel. Ek is seker dat ook Stellenboschers, as dit van hulle gevra sou word, nie anders sou geredeneer het nie.

21. Dit lei tot die vraag of die leefwêreld van Stellenbosch die een is wat aansluit by die waar die gemiddelde UWK student vandaan kom en waar hy ook sal heengaan vir sy of haar bediening. Ek oordeel dat die UWK konteks nouer by hom/haar aansluit en daarom 'n belangrike deel uitmaak van die vorming as predikant. Met alle respek, verteenwoordig Stellenbosch nog veel meer van 'n modernistiese konteks wat vreemd is aan die meeste tipe gemeentes wat so 'n student uiteindelik gaan bedien. Uiteraard sal US baie moeite doen om die VGK-studente te laat "tuisvoel". Die planne om ook ter plaatse pastorale begeleiding te gee is 'n prysenswaardige een. Tog gaan dit hier om die breër "klimaat" wat 'n mens nie vir die spesifieke beroep van predikantwees kan ignoreer nie.

22. Ek is nie bewus of oor al hierdie aspekte en waarskynlik ook ander, soos finansiële omstandighede êrens bespreek is nie, maar dit alles bring my tot die oortuiging dat die Kuratorium dalk 'n oorhaastige besluit kon geneem het. Ons mag dit alles tegnies en in terme van prosedure korrek gedoen het, maar of ons werklik so oortuig is van wat ons gedoen het, daarvoor wonder ek nog steeds. Selfs vir ons toekoms by US, is dit van die allergrootste belang dat ons op 'n gesonde grondslag daar begin.

23. Dit sal onvanpas wees om alleen maar fout te vind met die besluit sonder om nie ook iets voor te stel nie. Vervolgens wil ek dus my idee van wat ons sou kon gedoen het, voorlê. Ek het reeds in die verskillende diskussies 'n paar gedagtes daarvoor gedeel. My uitgangspunt is dus samewerking binne 'n

gekonsolideerde aanbod omdat ek ook oortuig is dat ons almal, ook die kerk, hiermee 'n beter oorlewingskans het en ons verskillende behoeftes tegemoet kan kom. Uiteraard het ek dit nie in die detail uitgewerk nie.

24. Van die uitgangspunte vir so 'n gekonsolideerde aanbod sal die volgende kan wees:
- Daar moet optimaal na gestreef word om as universiteite en fakulteite saam te werk en moet so 'n gees weerspieël.
  - Die behoeftes van die kerke betrokke moet ontmoet word.
  - Dit moet prakties en implementeerbaar wees en onnodige duplisering uitskakel.
  - Dit moet koste-effektief wees.
  - Dit moet al die benaderinge van die akademiese studie van godsdiens en teologie in ag neem.
  - Dit moet die voortbestaan van godsdiens en teologie by al drie universiteite soek en verseker.
  - Dit moet die deskundigheid van die doserende personeel met mekaar deel.
  - Dit moet die geskiedenis van die studie van godsdiens en teologie by die institute in ag neem.
  - Dit moet die studente en dosente aan die verskillende ethosse (leefwêrelde) van die institute blootstel, ens.

25. My voorstel sou kortliks daarop neergekom het dat die BTh - graad by UWK behou moet word, maar dat ons dit wat die BD - graad dek, by US afhandel. Die VGK studente kan dus nog steeds hulle eerste vier jaar by UWK deurbring, maar vir hulle afrondingsjare na Stellenbosch gaan. By UWK is dit eintlik alleen maar die VGK studente wat dit volg. Verder sou daar op grond van ons behoeftes, deskundigheid, ens. aan beide kante, onderhandel kon word om die beide leerplanne uit te voer op 'n koste-effektiewe manier. Dit sou kon inhou die uitruil van studente en/of dosente waardeur ook Stellenbosch blootgestel word aan 'n Derde Wêreld en UWK aan 'n Eerste Wêreld konteks. Dit sou die verplasing van dosente tot die minimum kan beperk. Die klein geografiese afstande tussen die institute is 'n voordeel. Hiermee sou ons so kon beplan dat beide Fakulteite tog verseker kon wees van 'n gereelde stroom van studente op grond van die beide ooreenkomste met die twee kerke by beide Fakulteite. Ook wat die dosente betref sal hulle so lank moontlik in diens gehou kan word en moet optimaal daarna gestreef word om diegene wat afgedank is weer in diens te neem. Met die behoud van die BTh-graad sou dit vir die nie-VGK studente (kerke) steeds aantreklik wees en ook binne hulle bereik om na UWK te kom vir predikante opleiding. Die bestaande verhoudinge met ander kerke sal gehandhaaf en verder uitgebou kan word. Hierdie voorstel hou verder in gedagte dat die situasie in die onderwys ook op tersiêre vlak tans baie vloeibaar is en dat dinge dalk weer kan verander soos dit alreeds geblyk het met die nuwe minister. Maar ook by die UWK en binne die kerk is veranderinge moontlik. Ons moet onself meer tyd gegun het en ons opsies oopgehou het ook nog na die UWK toe. Hierdie voorstel wil eerder dien as 'n oorgang waarin dinge nie sodanig vasgelê word dat ons nie meer beweegruimte het nie.

26. As ek 'n laaste opsommende indruk mag weergee dan is dit dat ek tot dusver baie verwarring en min opgewonde teëkom ten opsigte van hierdie verskuiwing, dat nie almal binne die Fakulteit so oortuig is dat dit in ons beste belang, persoonlik en vir die Fakulteit, is nie, dat baie ook simpatieke kollegas op die breë kampus van die UWK blykbaar verras is oor die ontwikkelinge, ens. Ek weet dat dit geen goeie argumente is nie om jou te beroep op sulke algemene gevoelens en sentimente van mense nie, tog weerspieël dit iets van die gebrek aan oortuiging of dit die juiste stap is, wat daar in die algemeen heers

27. Ek wil dit graag duidelik stel dat ek nie anti - Stellenbosch is nie. Inteendeel, ek was altyd 'n voorstaander van samewerking en het dit op my manier al die jare help bevorder. Onder my beste vriende tel ook kollegas van Stellenbosch, daarom is dit alles vir my ook 'n pynlike ervaring.

28. My keuse om nie na Stellenbosch te gaan nie kan beteken dat hiermee die weë tussen my en die Teologiese Skool formeel uitmekaar gaan. Ek het die afgelope tyd baie en biddend hieroor nagedink en soms ook gewonder of ek nie 'n bietjie kinderagtig optree nie. Maar omdat daar by my 'n diepe onvergenoegdheid is oor die verloop van die hele aangeleentheid en ek dus nie die moed en entoesiasme kan opbring om daaraan verder deel te neem nie, trek dus vir myself daaruit die konsekwensies.

29. Dit is ook nie my bedoeling om dislojaal teenoor die VGK te wees nie. Inteendeel, dit is juis omdat ek die beste belange van die VGK soek en die opleiding van evangeliedienaars my so na aan die hart lê, dat ek die posisie inneem. Die VGK by die UWK het vir my oor die jare so 'n eenheid geword het en daarom kan ek ook nie sommer dislojaal teenoor die UWK wees nie. En omdat in my idee van samewerking, dit nog nie nodig was om so 'n keuse hoof te maak nie, vind ek dit moeilik om met die huidige voorstelle saam te gaan. Ek oordeel dat dit nou dalk die aangewese tyd is om afskeid te neem.

30. Hiermee wil ek dan ook die Kuratorium opreg en innig bedank vir die geleentheid my gebied om oor 'n periode van 20 jaar betrokke te wees in die teologiese opleiding. Dit was en bly 'n genade voorreg om dit te kon doen en ek is nederig dankbaar teenoor die Here dat ek hierdie roeping van Hom ontvang het. Ook is ek dankbaar dat u as Kuratorium my destyds (as NGSK) hiertoe beroep het en al die jare op wonderlike wyse ondersteun het.

Ook dank aan al die studente en kollegas oor die jare wat in die meeste gevalle my persoonlike vriende geword het. Dit lei geen twyfel nie dat vir my en vir ons as gesin, dit van die vreugdevolste jare was ons lewe was.

31. Ek vra verskoning vir die lang en uitvoerige verduideliking, maar ek het die behoefte om u aan te dui dat ek nie die besluit ligtelik geneem het nie. Verder wil ons u dan ook die seën van die Here toewens in die verantwoordelikheid wat u het om net die beste opleiding vir ons toekomstige evangeliedienaars na te jaag. Ons sal u altyd aan die genade en wysheid van die Here opdra in hierdie besondere taak.

Met hartlike groete in sy Naam,  
G.D. Cloete

## VERSLAG VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER AFRIKA EN DIE UNIVERSITEITSWERK GROEP 1999

### 1. Lede

Prof. J.C. Adonis (VG Kerk), dr. HR Botman (VG Kerk), ds. J.D. Buys (VG Kerk), prof. G.D. Cloete (VG Kerk), prof. H.J.B. Combrink (US), prof. J.P. Groenewald (US), ds. J.N.M. Hartney (VG Kerk), prof. D.J. Louw (US), en mnr. W. Vermaak (US). Ds. Hartney en prof. Combrink het op roterende basis as voorsitter opgetree. Die sekretariaat is deur prof. Combrink met die hulp van prof. Louw behartig. Die lede is aangewys tydens in samespreking tussen lede van die Kaaplandse Kuratorium van die VG Kerk en die Rektor van US op 15 Desember 1998.

### 2. Vergaderings

Daar is vier vergaderings gehou: 24 Januarie, 4 en 18 Februarie en 6 Maart 1999.

### 3. Opdrag

3.1 Die opstel van die raamwerk van 'n bevredigende ooreenkoms tussen die VG Kerk en die US ten opsigte van teologiese opleiding vir die VG Kerk aan US met ingang 2000. Hierby sal die feit in ag geneem word dat so 'n ooreenkoms uiteraard op dieselfde basiese beginsels as die voorgestelde nuwe ooreenkoms met die NG Kerk sal berus, sonder dat die twee ooreenkoms identies hoef te wees.

3.2 Verslagdoening aan die US en die VG Kerk teen die einde Januarie 1999 met die oog op die belangrike vergaderings van Algemene Kuratorium en die Algemene Sinodale Kommissie van die VG Kerk gedurende Februarie 1999.

### 4. VG Kerk verwagtinge van US

Die VG Kerk se verwagtinge van US ten opsigte van teologiese opleiding behels in hoofsaak die volgende aspekte:

4.1 Sake waaraan in ooreenkomste van kerklike vennote met US aandag gegee behoort te word. Daar word aanvaar dat in die meeste toekomstige ooreenkomste die volgende aspekte aanwesig sou kon wees:

4.1.1 Kurrikulum: geleentheid tot advies vir oorweging deur Fakulteit Teologie ; aanvaarbaarheid van die kurrikulum vir die Universiteit en die denominasie; meganismes ten einde die denominasie in staat te stel om vir die Universiteit akademies aanvaarbare aanvullende momente tot die kurrikulum wat deur die denominasie as belangrik geag word, daar te stel.

4.1.2 Dosente: aanstellingsprosedure; aanvaarbaarheid van dosente vir die Universiteit en die denominasie: meganismes ten einde 'n denominasie in staat te stel om - indien dit nodig geag word (vir die Universiteit akademies aanvaarbare) personeel op eie koste daar te stel met die oog op die aanbieding van (vir die Universiteit akademies aanvaarbare) aanvullende momente tot die kurrikulum wat deur die denominasie as belangrik geag word

Studente:

Erkenning van die eiesoortige hantering van teologiese student deur die denominasie en deur die Universiteit sonder dat die een op die terrein van die ander kom. Meer spesifieke behoeftes van die VGKSA in hierdie verband sal na afloop van die vergadering van die Algemene Kuratorium gerapporteer kan word.

Intussen is wel kennis geneem van die volgende stukke: VGKSA reglement 16 ten opsigte van *Die vorming en toelating tot Evangeliedienaars vir die VGK in Suider-Afrika*. Riglyne vir die Kuratorium ten opsigte van opsig oor en tug van teologiese student.

### 4.2 Helderheid oor die aanstellingsprosedure van dosente in die Fakulteit Teologie

4.2.1 Daar word kennis geneem van 'n RTG (Raad vir Teologie en Godsdiens aan US) dokument oor die aanstellingsprosedure van dosente aan die Fakulteit Teologie aan US — Sien Bylae C van die Konsep memorandum van ooreenkoms tussen die VG Kerk en die US waaroor daar nog tussen die NG Kerk Kuratorium en die Universiteit (RTG) gesprek gevoer word. Die stuk is aan die Werkgroep voorgelê in die lig van die feit dat dit die beginsels vervat waaroor reeds deur drie Universiteite (UP, US, UOVS) en die NG Kerk ooreengekom is (en lydens die Algemene Sinode van Oktober 1998 aanvaar is) as die tipe prosedure wat in die toekoms by aanstellings aan Universiteite sal geld en wat vir voornemende vennote as 'n aanduiding sou kon dien van die voorgestelde prosedure wat aan die US

gevolg sal word. Dit word aanvaar dat ooreenkomste tussen afsonderlike denominasies en die US in kleiner opsigte van mekaar sou kon afwyk.

4.2.2 Daar heers oor die algemeen instemming met punt 1 van die dokument (Prosedure by vulling van vakatures). Daar word kennis geneem van 'n amendement tot 1.1 wat deur die Dagbestuur van die NG Kerk Kuratorium voorgestel word, en wat aanvaarbaar beskou word. Die gewysigde 1.1 lui dan soos volg: By die ontstaan van 'n vakature lig die Dekaan, na oorlegpleging met die Kerklike Skakelraad vir Teologie (US) (Sien Verduidelikende Nota 2.8), die Rektor in ten opsigte van die vakature en die vulling daarvan sowel as van die siening van en advies van die KSR. Indien 'n verskil van mening ontstaan, vind verdere oorlegpleging tussen US en die KSR plaas.

#### 4.3 Kerklike Skakelraad (KSR)

4.3.1 Daar word aanvaar dat die KSR veral ten opsigte van 4.1.1 en 4.1.2 hierbo 'n belangrike gemeenskaplike forum aan die kerklike vennote sal bied. Dit is verder belangrik dat daar ruimte sal wees vir die onderskeie vennote om hulle identiteit te handhaaf deur desnoods aanvullings tot die kurrikulum te maak, saam met dit wat gemeenskaplik is. Daar moet ruimte wees vir vennote om spesifieke versoeke tot die Universiteit te rig. Daar moet egter nog groter duidelikheid kom oor die samestelling, status en bevoegdheid van die KSR en die verhouding van die KSR tot die bestaande KATO aan die UWK.

4.3.2 Ten opsigte van punt 2.1 van die *Verduidelikende Notas* (korrelasie tussen getal studente en verteenwoordiging op KSR) is die volgende probleem geïdentifiseer: *Probleem*: Twee uiterstes moet vermy word: dat die vennoot wie se studente in die meerderheid is, voortdurend alle adviese kan domineer, maar ook dat die vennoot (vennote) wat in die minderheid is, in wese ook dieselfde kan bereik. Met die oog op die moontlikheid van verskillende standpunte ten opsigte van die *Verduidelikende Notas*, is op Februarie 1999 gesprek gevoer tussen die Dagbesture van die Kuratoria van die VG Kerk en die NG Kerk. In hierdie gesprek het na vore gekom dat 'n benadering sou kon wees om die beginsel van korrelasie te erken en in die samestelling van die KSR te verreken, maar dat vir solank dit net die NG Kerk en die VG Kerk is wat as vennote aan die US optree, gelyke verteenwoordiging as 'n ad hoc-maatreël sou kon geld.

Tog oordeel die werkgroep dat dit meer sinvol is om die werkswyse en aard van besluitneming van die KSR te omskryf deur die volgende toevoeging tot *Verduidelikende Notas* 2.1 te maak: Die kerklike vennote op die KSR neem as uitgangspunt dat ter wille van effektiewe inspraak by die Universiteit ten opsigte van die benoeming van dosente en die inhoud van kurrikula, besluite met genoegsame konsensus geneem behoort te word. By gebrek aan genoegsame konsensus, kan as laaste uitweg 'n bykomende verslag saam met die KSR se advies vir oorweging voorgelê word.

4.3.3 Ten opsigte van punt 2.2 van die *Verduidelikende Notas* (profiel van dosent en behoeftes van oorwegende persentasie studente) is die volgende probleem geïdentifiseer:

##### *Probleem*:

Die huidige formulering kan die indruk skep dat indien die studente van 'n bepaalde denominasie die meerderheid vorm, dit dus by die vulling van elke vakature so behoort te wees dat daar telkens juis met hulle behoeftes rekening gehou word. Wat behels die behoeftes van die studente? Dat die dosent juis van hulle denominasie moet wees? Die teologiese tradisie en oortuigings van 'n dosent hoef nie by die vulling van vakatures in elke vakgebied ewe veel ter sake te wees nie, hoewel dit waar is dat met die oog op die aanbieding van bepaalde vakgebiede die teologiese tradisie en oortuigings van die dosent wel van kritiese belang sou kon wees. Daar word dus 'n formulering voorgestel wat wel met hierdie realiteit rekening hou, maar waak teen 'n benadering wat noodwendig by elke vakature sal geld. Daar word geoordeel dat die saak by die vulling van poste veel meer kompleks is. Daar sal (i) met die spesifieke vakgebied en (ii) die behoeftes van die verskillende denominasies rekening gehou moet word. Hieroor sal onderlinge oorlegpleging op die (SR moet plaasvind ten einde te identifiseer watter poste vir spesifieke denominasies nie bevredigend met die oog op hul eie en spesifieke behoeftes gevul is nie. Hierdie aspekte is reeds hierbo in 4.1.1 en 4.1.2 aan die orde gestel.

Daarbenewens moet ook rekening gehou word met die beplanning van die Fakulteit Teologie (en die Universiteit as geheel) wat aan die Departement Onderwys moet aantoon op watter wyse beplan word om te verseker dat die personeel van die Fakulteit Teologie in terme van die Wet op Gelyke Indiensneming meer verteenwoordigend van die bevolking sal wees.

4.3.4 Daar is kennis geneem daarvan dat die US beoog om 'n voorlegging oor wat die Universiteit as die basiese uitgangspunte ten opsigte van die Kerklike Skakelraad beskou, op te stel ten einde dit aan



moontlike vennote te kan voorlê. Dit sal dan vir kommentaar en onderlinge oorlegpleging aan die NG Kerk en VG Kerk beskikbaar gestel word.

4.3.5 Dit is dus belangrik om te onderskei tussen die *gesprek tussen die VG Kerk en die US enersyds, en die gesprek tussen die VG Kerk en die NG Kerk (en ander moontlike kerklike vennote, andersyds*. Die eerste gesprek is bepalend met die oog op die sluit van 'n ooreenkoms tussen die VG Kerk en die US. Die tweede gesprek lê op die vlak van die samewerking tussen verskillende kerklike vennote in die KSR. In hierdie verband sal daar waarskynlik 'n heel besondere relasie juis tussen die VG Kerk en die NG Kerk bestaan. Indien daar swak samewerking tussen die kerklike vennote in die KSR bestaan, sou dit die effektiwiteit van die kerklike inspraak by die Fakulteit Teologie dienooreenkomstig kon verswak.

4.4 *Duidelikheid oor die aard* van die akademiese program vir teologiese opleiding wat *deur die Fakulteit Teologie aangebied word*. Daar word kennis geneem daarvan dat gedurende 1998 die kollegas van US en UWK voortdurend saam beplan het aan die nuwe program vir Christelike leiers, hulpverleners en predikante. (Vgl Bylae B van die konsep memorandum van ooreenkoms tussen die VG Kerk en die US).

4.4.1 Vanweë die hoë mate van ooreenstemming tussen die inhoudelike, strukturele en prinsipiële komponente van die teologiese programme, word bevind dat die strekking van die program vir albei partye aanvaarbaar is. Die opbou van die kursus as in vierjarige BTh, met verskeie uittreepunte (oa 'n B in Teologiese Studies op die derde jaar), met as vyfde jaar 'n MMin, maak die program bekostigbaar en soepel. Die sesde jaar sou as 'n *Lisensiaat in Teologie* in oorleg met die behoeftes van spesifieke kerke ontwerp kon word. Die fokus op Christelike leierskap en gemeentelike bediening bring 'n koherensie wat vir albei rolspelers belangrik is. *Opmerking*: Dit blyk dat daar moontlik probleme in terme van SANSO 116 sou kon wees wat betref die aansoek vir die instelling van die MMin as 'n eenjarige program. SANSO 116 bepaal dat beroepsverwante M-grade twee jaar moet duur. In so 'n geval sou die vyfde jaar as 'n Lis.Teol en die sesde kerklike jaar as 'n *Gevorderde Diploma in Bedieningspraktyk* aangebied kan word. Vir diegene wat daarin belangstel sou nog steeds 'n teejarige MMin [vyfde en sesde jaar] aangebied kan word. Op hierdie wyse word aan die behoeftes van die NG Kerk / VG Kerk voldoen, terwyl ander kerke die aspekte van die program sou kon gebruik wat hulle pas. Daar word egter voorgestel dat aansoek gedoen word vir die instelling van die eenjarige MMin. Dit sal verder afhang van wat die aanbeveling van die Akademiese Beplanningskomitee en die Senaat van US sal wees.

Die inhoudelike konsentrasie op drie hoofmomente naamlik (i) die Bybelwetenskap /Teologiese Hermeneutiek; (ii) Lewensbeskoulike Studies / Christelike Spiritualiteit / Norme/ Waardes en (iii) Kommunikasie en Gemeenskapsontwikkeling is in albei inrigtings se programme die kernsake waarom die hele program en opleiding wentel. 'n Leemte in die US-program, nl die vraagstuk van die feministiese teologie en sake rakende die posisie en identiteit van die vrou, kan wel in 'n praktiesteologiese ekklesiologie geakkommodeer word. Die MMin-program (huidige BD III is by beide inrigtings wesenlik dieselfde: (i) Erediens, (ii) Dissipelskap, (iii) Kerk in Samelewing en (iv) Getoofsvorming/ Moraliteit,

4.4.2 Die kerklike vereiste van die sesde jaar van praktiese opleiding vir die kerklike bediening, na afloop van die MMin, is 'n vereiste wat deur die verskillende rolspelers in die lig van hulle eie konteks geïmplementeer kan word. Die idee van so 'n praktiese opleidingsjaar binne gemeentelike verband en onder supervisie, is vir albei rolspelers belangrik.

4.4.3 Die feit dat 3 semesters Grieks en 3 semesters Hebreeus in VG Kerk-vereiste is, kan binne die program van US geakkommodeer word. Daar moet wel gewaak word daarteen dat studente en denominasies teen mekaar uitgespeel word. Terwyl daar in elk geval ook die opsie is om die BTh sonder die tale te neem, behoort die verskeidenheid van keusemoontlikhede vir studente dit ook teen te werk. Terwyl Grieks II en Hebreeus II tans deur die Fakulteit Teologie aan US as 'n toelatingsvereiste tot BD II gestel word, word daar nie sulke vereistes deur die Fakulteit Teologie vir die voorgestelde MMin voorgestel nie. Dit sal 'n kerklike vereiste wees wat kan varieer by verskillende denominasies.

4.4.4 Sowel die VG Kerk as die NG Kerk sal deur hulle onderskeie kommissies en Kuratoria finaal moet besluit oor die plek en status van die sesde jaar in praktiese opleiding vir die bediening.

4.5 *Duidelikheid oor die toekoms van Christelike teologiese opleiding aan US*

4.5.1 Die volgende vraag is deur die VG Kerk gestel: *Is daar 'n versekering dat 'n soortgelyke krisis as die huidige aan die UWK nie later weer aan US herhaal sal word nie?*



4.5.2 Ofskoon die huidige welwillendheid van die US waardeer word, is dit noodsaaklik- in die lig van die VG Kerk se onlangse ondervinding dat versekeringe ten opsigte van die US se siening oor die belang van teologiese opleiding aan die US skriftelik vasgelê moet word.

4.5.3 In hierdie verband word daar kennis geneem van die jongste weergawe van die Missie van die Fakulteit Teologie:

1. Missie

In die lig van die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch se historiese verbondenheid aan en erkenning van die Reformatoriese erfenis en sy begeerte om op 'n voortgaande basis diensbaar te wees aan die breër Christelike Kerk, stel die Fakulteit sy missie soos volg:

1.1 om professionele teologiese opleiding te bied;

1.2 om wetenskaplik teologie te beoefen in onderrig en navorsing; om voortgaande gemeenskapsdiens te lewer. (*Sien bylaag vir volledige Missie*)

4.6 Aandeel aan US as nasionale bate

Andersyds beskou die VG Kerk die US ook as 'n nasionale bate en wil dan ook graag met sy teenwoordigheid by US 'n bydrae in die Fakulteit Teologie lewer tot die noodsaaklike transformasieproses wat ook by US aan die gang is.

4.7 Ruimte en openheid vir studente uit benadeelde gemeenskappe. Daar word gevra of hierdie ruimte en openheid aan US aanwesig is.

Tans word aan US beplan dat Akademiese Ontwikkelingsprogramme in integrale deel van alle akademiese programme aan US moet wees. Die verwagting word uitgespreek dat die VG Kerk juis hierin die Fakulteit Teologie in ruim mate kan help.

4.8 Openheid vir studente van ander denominasies

Dit word ook duidelik gestel dat daar tans reeds in die Fakulteit Teologie aan die US volledig ruimte is vir studente van enige denominasie (ook al is daar nog nie 'n spesifieke ooreenkoms deur die betrokke denominasie met die US gesluit nie) om teologiese opleiding aan die US te volg.

5. US verwagtinge van die VG Kerk en ander vennote

5.1 Die US se akademiese taak

Dat kerklike vennote sal aanvaar dat die US wil doen wat 'n Universiteit moet doen — om sy akademiese taak so goed moontlik uit te voer met verrekening van die geskiedenis en plaaslike behoeftes. Dit impliseer ook dat die US nie meer aan seksionele kerklike belange diensbaar kan wees nie.

5.2 Streeksamewerking

Streeksamewerking staan hoog op die prioriteitslys van die US. Dit is reeds eksplisiet deur die Raad vir Teologie en Godsdienste aan die US so gestel. Dit impliseer dat die konsolidasie van die teologiese aanbod in die Wes-Kaap in saak van besondere belang is wat meer kerke as net die NG Kerk en VG Kerk kan behels ten einde die aanbod van teologie in die streek so lewensvatbaar as moontlik te maak.

5.3 Opleiding vir ander godsdienste,

In aansluiting by 5.2 hierbo, word die saak van die aanbod van teologiese opleiding ook vir ander godsdienste aan die orde gestel. Ten einde helderheid oor die situasie in die streek te verkry, word besluit om die Raad vir Teologie en Godsdienste te versoek om in streeksverband aan die behoefte en aanbod van teologiese opleiding vir ander godsdienste aandag te gee ten einde selfs ooreenkomste te sluit in hierdie verband.

6. Oorgangsmatreëls

6. Formele probleme tov die registrasie van Finalejaars (BD III en B Th IV)

6.1.1 BD III

Hier kan 'n probleem ontstaan in terme van die Gemeenskaplike Statuut. Normaalweg mag 'n student hoogstens die helfte van die totale getal krediete wat deur die Universiteit vir 'n graad vereis word, aan 'n ander Universiteit behaal. Alle finalejaarskrediete moet aan die US geslaag word. Waar residensie aan die US en UWK vir BD na voltooiing van die vierjarige BTh net 2 jaar is, sou voltooiing van die BD III kursus hier tog miskien voldoen aan die vereiste van die Gemeenskaplike Statuut.

6.1.2 BTh IV

Daar kan wel probleme ontstaan indien iemand alleen die B Th IV aan US voltooi. Die Gemeenskaplike Statuut tussen die Universiteite kan wel probleme skep indien die US eenvoudig die studente in hulle finalejaar as't ware vir homself wil toeëien. Dit lyk dus of daar by wyse van ooreenkoms met die UWK gehandel sal moet word. Hier is waarskynlik 2 moonlikhede:

Dat die studente vir hulle finalejaar aan die US inskryf met volle medewete en instemming van die UWK.

b. Dat studente vir hulle finalejaar steeds aan die UWK registreer. Hulle kan dan by wyse van ooreengekome reëling.

i. of aan US klasloop (waar van die voormalige UWK dosente dan ook is)

ii. of dosente van US [voormalige UWK dosentel ry oor na UWK om klasse daar aan te bied as die studente fisies op daardie kampus bly.

Hieroor sal onderhandel moet word tussen die Universiteite sodra daar in besluit deur die VG Kerk geneem is. Daar behoort geen formele probleem te wees om as BTh III student aan US in te skryf nie, Daar mag wel bepaalde akademiese oorgangsmatreëls nodig wees — Sien 6.3 hieronder.

#### 6.2 Verdere akademiese oorgangsmatreëls

Wanneer in besonderhede na die verskillende modules van die huidige finale en voorfinale jare gekyk word, mag dit selfs nodig blyk te wees dat ter wille van 'n sinvolle aansluiting, bepaalde modules as oorgangsmatreël hier aan US apart met 'n inhoud aangebied word wat verseker dat die betrokke studente wat van UWK kom, nie belangrike gedeeltes van die kursus ontbeer nie. Dit sal hoogstens as oorgangsmatreël nodig wees. Die presiese korrelering van module-inhoude sal nog moet plaasvind.

Bepaalde oorgangsmatreëls ten opsigte van 6.1-2 sal waarskynlik as voorstel via die ABK aan die Senaat en Raad voorgelê moet word.

#### 6.3 Verwagtinge van UWK studente

Daar sal met groot sensitiviteit rekening gehou en gehandel moet word met die verwagtinge van studente wat aan die UWK met bepaalde verwagtinge ingeskryf het, en nou deur 'n moontlike besluit van die VG Kerk in 'n ander situasie gestel word. Daar word gestel dat die ooreenkoms nie bepaal waar studente moet klasloop nie — hulle registreer wel aan die US, maar sou ook opleiding op die UWK kampus kon ontvang.

7. Getal studente en dosente wat moontlik ter sprake is

7.1 Na afloop van die vergadering van die Algemene Kuratorium van die VG Kerk sal oor die posisie van die VG Kerk dosenie gerapporteer kan word.

7.2 Getalle van VG Kerk studente:

|         |         |    |     |    |    |    |     |    |     |    |
|---------|---------|----|-----|----|----|----|-----|----|-----|----|
| VG Kerk | Diploma | 11 | BTh | 24 | BD | 14 | MTh | 9  | DTh | 9  |
| Ander   |         | 32 |     | 36 |    | 1  |     | 31 |     | 13 |

Volgens voorlopige berekeninge sou die VG Kerk studente [voor. en nagraads] plus ongeveer die helfte van die res (nagraads) op die basis van die 1997 gewigte aan US hier 24.69 DP (dosentepunte) genereer. Dit is die ekwivalent van 3 senior lektorate. Dit sou moontlik effens gunstiger op basis van die 4998 gewigte uitwerk. Daar word egter tot versigtigheid gemaak aangesien die VG Kerk ook nie kan waarborg dat hierdie getalle in die toekoms dieselfde sal bly nie.

#### 8 Finansiële gegewens:

| US       | UWK             |           |
|----------|-----------------|-----------|
| BTh      | R 7900 Pj       | R6 350 Pj |
|          | R 7900 Pj       | R6 350 Pj |
| MTh 1jr  | R 5350          | R7 000 Pj |
| MTh 2jr  | R 3950 Pj x 2   | R7 000 Pj |
| DTh      | R 4350 Pj x 2   | R7 000 Pj |
| Koshuise | R 7500 (enkel)  | R7 800 Pj |
| Koshuise | R 6200 (dubbel) | R7 040 Pj |

Daar word gewys op die verhoogde finansiële las wat op VG Kerk-studente mag wag, en navraag word gedoen oor maniere waarop die US dit sou kon hanteer of help oorbrug. Daar is aan die US ook bronne beskikbaar met die oog op studente uit agtergestelde gemeenskappe. Dit is ook 'n vraag of daar van die VGKSA se kant af ook fondse beskikbaar gestel sou kon word wat anders by die UWK aangewend word.

#### 9. Medium van onderrig

Die Fakulteit Teologie het reeds in die verlede besluit dat hy ook voorgraads klasse op Engels sal aanbied sodra dit noodsaaklik is met die oog op genoegsaam studente. Dit is duidelik dat dit 'n ekstra las vir die doserende personeel sal meebring, sodat daar na kreatiewe oplossings gesoek sal moet word.

#### 10. Pensioen, mediese skerma, salarisse ens.

Daar word aanvaar dat van hierdie gegewens uiteindelik eers na 'n finale besluit deur die VG Kerk op individuele vlak met betrokke individue deur die US onderhandel sal word.

## 11. Slotopmerkings

### 11.1 Verhouding VGKSA - UWK

Daar moet rekening gehou word met die besonder delikate posisie waarin die VG Kerk tans in die gesprek met die Rektor van die UWK is. Die Rektor van die UWK is ingelig oor die gesprekke met die US. Terselfdertyd is die VG Kerk meegedeel dat ten opsigte van bepaalde standpunte van die VGKSA alleen die Raad van die UWK 'n finale antwoord kan gee.

### 11.2 Verhouding VGKSA— NGK

Die indruk wat by die VGKSA gewek is dat die NGK nie werklik kans sien om van 'n bevoorregte posisie ten opsigte van teologiese opleiding in die Fakulteit Teologie aan die US afstand te doen nie, kan die huidige gesprek tot stilstand laat kom. Daar moet begryp word dat die besluit om die teologiese opleiding van die VGKSA na US oor te plaas, nie 'n maklike besluit is nie. Indien die indruk dan by die VGKSA ontstaan dat die stap sou lei tot 'n benadeelde posisie aan die Fakulteit Teologie van die US, sou dit so in besluit nie vergemaklik nie.

**SKRYWE VAN RODNEY TSHAKA AAN DIE DEKAAN NAMENS VGKSA TEOLOGIE STUDENTE**

Aan die Dekaan ontvang hiermee:

‘n Afskrif van ‘n verslag voorberei deur die studente, wat môre 09<sup>de</sup> Maart 2000 aan die Kuratorium en Dosente van die VGKSA oorhandig sal word. By ‘n kamp bygewoon deur die VGKSA Teologiese studente, van die 14<sup>de</sup> tot die 16<sup>de</sup> April in Wellington. Die eerste kwartaal van die akademiese jaar aan die Universiteit Stellenbosch is geassesseer. Deur baie beraadslaging het die VGKSA sowel as die teologiese studies aan die "Kweek" vir die byeenkoms van opperste belang geraak. ‘n Komitee bestaande uit ses studente as verteenwoordigers van die verskillende jaargroepe, is opgedra met die mandaat om ‘n verslag te skryf wat ons ontevredeheid uitdruk ten opsigte van die verontagsaming van die kontrak tussen die VGKSA en die US, wat bevestig dat GEEN STUDENT op enige manier benadeel sal word nie.

Areas van ontevredeheid wat onder meer bespeur is, is opgesom in die volgende drie punte:

- 1. Die Kurrikulum wat by die US gevolg word, vind nie aansluiting by die VGKSA konteks nie, i.e. die betrokke Kuratorium fokus op die opleiding van studente eksklusief vir die NGK en oorheersend wit hoër stand gemeenskappe en nie vir swart laer stand gemeenskappe nie.
- 2. Dit lyk of die "Kweek" die teenwoordigheid van die VGKSA ignoreer – dit blyk uit die Maandagoggend-dienste, in die onderskeie klasse asook die simbole wat in die "Kweek" uitgestal word.
- 3. Die medium van onderrig ostraseer duidelik studente van oorwegend swart gemeenskappe. In hierdie opsig voel ons as VGKSA studente dat die kontrak wat deur die US en ons Kerk aangegaan is, duidelik oortree word, want ons word negatief hierdeur geaffekteer. Studente glo die Kuratorium is afsydig teenoor die huidige probleme waarmee ons worstel. Ons glo ook dat die Kuratorium daarin faal om die huidige konteks te assesser, en ons oorlaat om alleen te worstel.

**VOORSTELLE**

1. Die VGKSA teologiese studente stel voor dat die huidige kurrikulum geassesseer word met ‘n mosie vir ‘n kurrikulum wat ons swart konteks akkommodeer, ‘n kurrikulum waarby ons aanklank vind.
2. Ons eis ‘n spoedige oplossing tot die taal-probleem. Ons glo dat, sou hierdie kwessie van die medium van onderrig nie ernstig benader word nie, sal dit die vereniging (voormalige NGKA en NG Sendingkerk) van die VGKSA ernstig belemmer. Dit beteken daar sal ‘n besliste staking wees van studente wat kom van oorwegend swart nie-Afrikaanssprekende gemeenskappe.
3. Ons eis ook ‘n bilaterale vergadering met u en die Fakulteitsraad. Die datums vir hierdie vergadering sal later vandeeweek bevestig word na ‘n ontmoeting met die Kuratorium (Wat vir u tyd bied om hierdie brief te bespreek met personeellede).
4. Ons as studente glo as hierdie saak nie die nodige aandag kry nie, loop die VGKSA beslis gevaar om haar identiteit te verloor. Ons as studente wat trots is op ons Kerk, sal alles in ons vermoë doen om te verseker dat ons trots op ons Kerk bly.

Die uwe

Sameroeper: Rodney Tshaka. (Sel: 082 3586 446)

E-pos [13495275@rpo.sltn.ac.za](mailto:13495275@rpo.sltn.ac.za)

DATUM: 08.MEI 2000

LETTER OF THE EVANGELISCHES MISSIONSWERK IN DEUTSCHLAND

Evangelisches Missionswerk in Deutschland  
Association of Protestant Churches and Missions in Germany



EMW • Normannenweg 17-21 • D-2000 Hamburg 26  
**Professor Dr. D.G. Cloete**  
Dean of Faculty of Theology  
University of the Western Cape  
Private Bag X17  
Bellville, 7535  
South Africa

• ☎ (040) 2 54 56- 173/174

• Az T 159-15-93 219  
Re. En/he

• Datum  
Date  
27th October 1993

New postcode from 1st July 1993  
Normannenweg 17-21  
20537 Hamburg

Dear Friends,

We are pleased to be able to inform you that the Committee for Ecumenical Mission and Service (ÖMW) of the Association of Protestant Churches and Missions (EMW) has approved a grant amounting to  
DM 48.000,--

for the support of ecumenical programmes in the area of theological education.

~~Funds for this grant are being provided by the Church Development Service (KED) of the Evangelical Church in Germany.~~

You will find enclosed two copies of an agreement designed to clarify the administrative procedure concerning this grant. Should you be unable to accept any of the items in the agreement, please let us know so that we can reach an understanding with you on these points. If the agreement is fully acceptable to you, kindly sign both copies and return one to us.

Yours sincerely  
*Lothar Engel*  
Dr. Lothar Engel  
Secretary for  
Theological Education

Enclosure

- 1 Agreement (2-fold)
- 1 Schedule of Transfer



- c.) If the grant exceeds DM 75.000,-- or the equivalent per year, financial statements shall be either
    - approved by the finance committee of the recipient church/synod/institution, or
    - certified by a professional auditor.
  - d.) Should any exceptional situation prevent the application of the above-mentioned procedures, these may be modified upon mutual agreement by the two parties.
8. Should it prove impossible to implement the programme or a part thereof as planned, the recipient shall notify the EMW and make suggestions for reallocation of the grant.
9. Additional or alternative agreements:

For the  
 Association of Protestant  
 Churches and Missions  
 in Germany (EMW):

For the  
 recipient of the grant:

Dr. Lothar Engel  
 .....  
 (Name)

A. J. DE WET  
 .....  
 (Name)

Deputy General Secretary  
 .....  
 (Position)

REGISTRAR FINANCE & SERVICES  
 .....  
 (Position)

*L. Engel*  
 .....  
 (Signature)

*A. J. De Wet*  
 .....  
 (Signature)

Date: 28/10/93

Date: 20/12/93



**MEMORANDUM OOR DIE INSKAKELING VAN TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE UWK AAN DIE US IN 2000**

**AAN:** Prof. S. Kritzinger, Registrateur  
Mnr. J. Aspeling, Adjunkregistrateur

**VAN:** W. T. Claassen, Viserektor (Akademies)

**INSAKE:** Die inskakeling van teologiese studente van die UWK aan die US in 2000

**DATUM:** 20 Augustus 1999

---

Die gesprekke met die VGK oor die toekomstige opleiding van hulle toekomstige leraars aan die US het intussen ver gevorder. Daar is nog sekere sake wat op die vlak van die kerklike liggame uitgesorteer moet word, maar ons kan aanvaar dat die inskakeling met ingang van 2000 sal geskied.

Hierdie skuif het vir die US implikasies op verskeie vlakke:

- i) Die inskakeling van personeel van die UWK aan die US. Hierdie saak sal te geleger tyd die aandag van die Rektor geniet.
- ii) Die inskakeling van huidige en toekomstige studente van die UWK by die US.

Hiermee memo handel oor sake i.v.m. die inskakeling van studente.

**A. Oorsig van relevante sake**

Daar is verskeie sake wat, in afwagting van die nuwe reëling, gehanteer is op spesiale maniere, of so hanteer sal moet word in die toekoms.

1. Die huidige finalejaarstudente sal hulle onderrig deur personeel van die US moet ontvang (moontlik by die UWK, moontlik by die US; nog uit te klaar), maar sal nog hulle grade van die UWK moet ontvang (dit geld vir BI), BTh, en Diploma in Teologie), en sal dus daar ingeskrewe bly (op grond van bepalings van die Gemeenskaplike Statuut).
2. Nuwe eerstejaarstudente vir 2000 se aansoeke om as leraars van die VGK opgelei te word, is eers "ondervang" deur een van die lede van die Kuratorium van die VGK, in afwagting op groter duidelikheid oor die pad vorentoe. Hierdie aansoeke sal nou aan die US deurgegee moet word. Hieroor sal die Registrateursafdeling (voortaan: RA) die saak moet opneem met die betrokke persoon.
3. Huidige studente wat nie finale jaars is nie, sal formeel na die US moet oorkom en vanaf 2000 hier registreer. Hiervoor sal onderlinge reëlings tussen die twee inrigtings getref moet word. (Kyk B hieronder.)
4. Studente wat tans aan die UWK vir die vierjarige diploma in Teologie ingeskryf is (of wat van plan was om aanstaande jaar vir die Diploma in te skryf), sal in terme van die ooreenkoms hier geakkommodeer moet word (d.w.s. by wyse van Senaatstoelating). (Daar sal 'n reëling in hierdie verband getref moet word. Hierdie is 'n saak van groot dringendheid.)
5. Daar is ooreengekom dat geen verswarende vereistes aan VGK-studente gestel sal word nie; alleen 3 semesters Grieks en Hebreeus word deur die VGK as vereiste vir die BD gestel.
6. Huidige studente en voornemende eerstejaarstudente se beurs- (en beurslenings-) behoeftes sal op 'n sensitiewe wyse aangespreek moet word. Hierdie studente het moontlik groter beurse aan die UWK ontvang as wat hulle aan die US sou ontvang het. Spesiale reëlings sal moontlik getref moet word vir hierdie studente, in elk geval in die oorgangsituasie.
7. Koshuisakkommodasie van hierdie studente sal spesiale aandag verdien.
8. Die kwessie van moontlik uitstaande klasgelde by die UWK sal eweneens versigtig gehanteer moet word.

## B. Voorgestelde benadering

Spesiale reëlins getref sal moet word om hierdie sake te hanteer, en wel op 'n sensitiewe en tegemoetkomende wyse.

Ek doen die volgende aan die hand:

1. Die omvang van relevante sake word geïdentifiseer en alle raakpunte word vooraf uitgeklaar. (Aangesien die Dekaan van die Fakulteit Teologie so nou by die onderhandelinge betrokke was, moet hy ten nouste by die identifikasie van moontlike probleme betrek word, asook by die wyse waarop die probleme uitgeklaar kan word.)
2. Daar word met die Registrateur van UWK ooreengekom oor hoe sake hanteer sal word wat betref huidige studente. (Kyk ook B3 hieronder.) (Dr. Russel Botman van die Fakulteit Teologie was alreeds in gesprek met die Registrateur van UWK oor hierdie sake.)
3. In oorleg met die Registrateur van UWK, gaan 'n span belanghebbende en ingeligte persone van die RA na UWK, nadat studente vooraf daarvoor ingelig is, om alle sake rakende hierdie studente daar op die perseel van die UWK met die studente uit te klaar. Die bedoeling moet wees om 'n eenstopdiens te lewer.

Volgens my is die volgende sake, onder andere, aan die orde:

- a) aansoeke/registrasie van studente (waarby aansoekgeld nie weer betaal moet word nie);
  - b) die erkenning van vakke van studente vir hulle programme aan UWK gevolg vir die graad aan die US waarby hulle moet inskakeel;
  - c) die hantering van moontlik agterstallige vakke;
  - d) gevalle waar studente nie oor die nodige universiteitstoelating beskik nie, en dan net tot 'n diploma aan UWK toegelaat is (moontlik kan hier gevalle van Senaatstoelating wees);
  - e) die wyse waarop moontlike behoeftes m.b.t. rekenaarvaardighede opgevang moet word, ten einde by veronderstellinge aan die kant van die US in te skakel;
  - f) beurse en beurslenings;
  - g) moontlik uitstaande studentegelde aan UWK.
4. Afsonderlike reëlins word *skriftelik* met die betrokke studente uitgeklaar, ten einde enige misverstande te voorkom.

Hierdie verskuiwing van die opleiding van die studente van die VGK is van besondere strategiese belang vir die US en die onderhandelinge het oor 'n lang tyd en moeisam verloop. Dit is dus van die allergrootste belang dat die saak met die nodige sensitiwiteit en tegemoetkomendheid gehanteer moet word en dat al die moontlike gedoen sal word om moontlike probleme en ongelukkigheid te vermy.

Ek bespreek hierdie sake graag verder met u.

Baie dankie

W. T. Claassen

## VERSLAG VAN DS FREDDIE AYFORD AAN DIE EINDEKSAMENKOMMISSIE RAKENDE TEOLOGIESE KANDIDAAT BETTY WANZA

8 NOVEMBER 2013

### Inleiding:

Hiermee doen ek, die ondergetekene, verslag van betrokkeheid by die teologiese opleiding van teologiese kandidaat, Betty Wanza.

Verskeie klasse was aangebied op die DCMA kampus sowel as in die VGK Huguenot gemeente te Paarl waar die ondergetekene die plaaslike Leraar is.

### Onderwerpe gedek:

1. **Liturgie VG Kerk:** Die konsep, liturgie, is vasgelê en die verskillende liturgiese elemente binne die erediens was hanteer. Besoeke is gebring aan verskillende kerke ten einde 'n verstaan te ontwikkel van hoe verskillende teologiese paradigmas, wat funksioneer in die verskillende denominasies ook die liturgiese ruimtes en kerke se boustyle beïnvloed.
2. **Rentmeesterskap:** Basiese vrae was hanteer: "Is die mens huurder bestuurder of eienaar?" Daar was ook inleidend gekyk na die gelowige se taak om verantwoordelikheid van toesig houing oor die Skepping van God te aanvaar, Ps 8. Offervaardigheid was ook hanteer.
3. **Die Belydenis van Belhar:** Die struktuur, die ontstaan en storie van Belhar was hanteer. In die storie van die Belydenis is die ontstaan van die VG Kerk ook aangeraak ten einde die noue verband te kon verstaan.
4. **Kerklike Administrasie:** Die kandidaat was blootgestel tot die boekhouing van die plaaslike en daar is verduideliking hoe die gemeente bestuur word.
5. **VGK Kerkorde:** Die fokus in hierdie lesse was dat die student paraat sal wees in die gebruik van die kerkorde. Verskeie gevalle studies was voorgehou en klaswerk was gegee waar student die KO self moes gebruik.
  - 5.1 **Organogram van VG Kerk:** Die funksies van die Algemene Sinode, Streek Sinodes, Ringe tot op kerkraadsvlak, is verduidelik.
  - 5.2 **Kern Bediening:** Die Kern Bediening nl. Die Verkondiging en Aanbidding, Gemeente Bediening, Getuienis en Diens en die Ondersteuning Bediening was voorgehou en verduidelik.
6. **Bywoning van Ringsitting:** Die kandidaat het twee Ringsittings bygewoon. Interaksie met die horende kerk en kerkvergaderings is 'n onvermydelike realiteit vir die predikant in die dowe bediening. Hierdie blootstelling was 'n groot noodsaaklikheid ook vir die horende kerk om haar te kort te tow dowe te besef.
7. **Pastorale besoeke by hospitaal en huisbesoek by siek lidmate:** Die kandidaat was vergesel op verskeie pastorale besoeke soos bo vermeld. Hier was ervaar dat die kandidaat 'n groot impak gemaak het op horende lidmate. Die kandidaat beskik oor 'n wonderlike gebedsgawe wat groot aanklank gevind het by lidmate.
8. **Hou van Biduur en Erediens in Horende gemeente:** Die kandidaat het 'n biduur hanteer waar dowe sowel as horendes teenwoordig was. Hier het sy haar stem sowel as gebare gebruik. Die gemeente was geroer deur hierdie diens! 'n Erediens was gehou waar 'n tolk die "stem" was, eweneens was dit vir beide dowe en horendes 'n besondere ervaring waar die "stem van God" gehoor was.

Die Proefdiens op 22 September 2013

**TEKS:** Romeine 11:8-10 **TEMA:** GOD STUUR JOU

**8.1 Liturgie:** Die liturgie het n egalige vloeï en gehad wat die erediensganger vasgevang het met die tema, GOD STUUR MY/JOU. Al die liturgiese elemente van n gewone Gereformeerde Erediens was teenwoordig en het n goeie geheel gevorm. As geheel was die diens dus 'n ervaring dat God vandag 'n boodskap vir my, die erediensganger het, asook dat God my as gelowige wil stuur.

**8.2 Eksegeties-hermeneuties.** Die kandidaat het getoon dat sy 'n grondige verstaan van die teks het asook van die teks agter die teks. Die teks was ook met groot selfvertroue uitgelê waar sy die gemeente op reis geneem het vanuit die gebeure uit die teks na gebeure in ons daaglikse lewens. Die teks word dan verder nader getrek in die vertel van haar eie verhaal, die storie van Betty Wanza.

Die storie van Betty Wanza het die ondergetende enersyds aangegrypnd gevind, maar andersyds gebring tot die versigting oor die ewewig van die klem waarop die gepredikte Woord moet val.

Alhoewel die storie van Betty Wanza baie relevant was in die toepassing was die preek ewewigtig ongebalanseerd. Die leemte was geskep deur dat die boodskap soms verskraal is tot n persoonlike getuïenis van iemand in stede van 'n boodskap van die Allerhoogste.

**8.3 Homilietes:** Die opregte Vrug van die Gees, warmte en vriendelikheid..., wat straal uit die kandidaat wanneer sy die Woord bedien is n gawe van omhoog en 'n bate wat haar vorentoe kan vat as Bedienaar van die Woord. Waak egter daarteen om die fokus op die regte plek te hou nl. op God in stede van op die Bedienaar van die Woord.

Die preek sluit af met Joh 20:20 "*Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.*" Hierdeur slaag die kandidaat daarin om die gemeente met die tema: "God stuur jou." huis toe te stuur. Die kandidaat het voldoen aan die basiese beginsels van 'n preek en word geluk gewens met 'n besondere proefdiens. **Die punt toegeken = 68 %**

**8.4 Ten Slotte:** Wat 'n wonderlike geloofservaring om deel te kon wees van hierdie kandidaat se teologiese opleiding! Ek is persoonlik soveel daardeur verryk sowel as my gesin, kerkraad en lidmate. Ek is oortuig dat ons hier te make het met iemand wat die Here gaan gebruik as pionier en brugbouer in die VG Kerk ten einde ons kerk te slyp om te verander om meer akkomoderend te wees vir dowes. Betty Wanza word Godsvrug toegebied in die Bediening wat vir haar voorlê. Mag sy soos Abraham ook altyd luister na God, al kan sy self nie hoor nie. Na luid van haar eie proefpreek teks: **Hebr. 11: 8** *Abraham het in God geglo, en daarom het hy geluister toe God vir hom gesê het om weg te trek na die plek wat God vir hom wou gee om aan hom te behoort. Abraham het weggetrek en hy het nie geweet waarnatoe hy gaan nie.*"



.....  
Ds. Freddie Ayford VDM

[Leraar VGK Huguenot

**Die Voorsitter**

**Raad van dosente**

**DCMA teologiese kollege**

**Worcester**

**15 November 2013**

## VERSLAG VAN DIE EKSAMENKOMMISSIE – BETTIE WANZA

Geagte ds. Oberholzer,

In opdrag van die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch en DCMA, het ons as kommissie 'n onderhoud gevoer met mev. Wanza wat aangedui het dat sy graag in die VGK gelegitimeer wil word. Ons het die riglyne van die Kuratorium van die NG Kerk bestudeer en gepoog om daarvolgens te werk te gaan, met inagneming van die andersheid van die vereistes wat bediening aan Dowes daarstel.

Ons het met Bettie gesels en gevra

- hoekom sy 'n predikant wil word
- oor haar lewe en Christelike lewenswandel
- haar verstaan van die Belhar belydenis
- wat haar drome vir haar bediening is
- oor die feit dat sy die eerste Dowe predikant in die VGK sal wees
- wat sy sou doen in sekere pastorale situasies
- watter rol die kerkorde in die uitvoering van haar ampspligte moet speel
- en watter rol die belydenisskrifte ten opsigte van die Bybel speel.

Die lede van die kommissie het ook die geleentheid gebruik om vir haar sekere aspekte van die bediening te verduidelik en iets te vertel van die uitdagings wat op haar wag in die bediening. Hulle het oa gepraat oor

- Haar verantwoordelikheid teenoor alle lidmate van die gemeente waarin sy gaan bedien
- Die belangrikheid om leiding te gee tov Dowe babas (veral van horende ouers)
- Die kerkordelike weg in die geval van geskille en klagtes in die gemeente.

Ons as kommissie is tevrede dat op grond van die verslag wat die Dosenteraad aan ons gestuur het en die gesprek wat ons met haar gehad het, Bettie toegelaat kan word tot die bediening aan Dowes in die VGK of NG Kerk. In ons gesprek na die onderhoud met haar is kommer uitgespreek oor die groot uitdaging wat Dowe gelegitimeerde studente in die gesig staar om 'n bestaande gemeente vir Dowes te bedien, te administreer en te bestuur. Die gedagte is uitgespreek dat dit goed sal wees indien Bettie en ander DCMA studente vir 'n jaar met hulp van of onder toesig van 'n ander predikant kan werk. Die kommissie het opnuut bewus geword van die geweldige moeilike werk wat die dosente van DCMA het en van die deeglikheid waarmee hulle hierdie studente onderrig, en ons wil graag langs hierdie kanaal ons opregte waardering uitspreek teenoor hulle en die Here se seën toebid op hulle werk en op hulleself. Ons gebed is dat die Here die deure vir haar sal oop maak sodat sy sal kan werk waar Hy haar wil gebruik, heel moontlik in George, en dat Bettie die leiding van die Here getrou sal volg, dat daar genoegsame ondersteuning aan haar sal wees en dat daar baie vrug op haar arbeid sal wees sodat sy 'n bydrae sal maak om baie Dowes te help om te glo in die Here en om hulle geloof uit te leef tot een van sy Naam.

Sterkte met die werk wat nog voorlê hierdie jaar en met die reëlings vir legitimasie.

In sy diens,

Ds S W Viljoen (voorsitter)

Ds F Ayford

Prof H J B Combrink

Ds A L Smit

Dr R P Hough (skriba)

## FINALE VERSLAG VAN TEOLOGIESE STUDENT BETTY WANZA NOVEMBER 2013

### Inleiding

Aan die einde van die akademiese jaar lewer Deaf Christian Ministry Africa (DCMA) graag soos volg verslag aangaande die kerk-eie finale jaar wat deur teologiese kandidaat, van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika, Betty Wanza deurloop is.

### 1. Wie is Betty?

#### 1.1 Biografies inligting

Betty Elizabeth Wanza (nee Jacobs) ( ID. 680223 0109 087) is op 23 Februarie 1968 te Kareedouw gebore. Betty het haar skoolopleiding te Nuwe Hoop Sentrum vir Gehoorgestremdes ontvang. Later was sy ook vir sewentien jaar koshuismoeder by haar ou Alma Mater. Sy is getroud met Jonathan Wanza en hulle het Betty se suster se seun, Delaino (14 jaar oud) na Betty se suster se afsterwe, aangeneem. Bewyse van die verwerwing van haar Nasionale Sertifikaat en talle getuigskrifte is in haar lêer met persoonlike besonderhede te kry. Betty het haar Sertifikaat IV (2010), diploma (2011) en Gevorderde Diploma (2012) in Bybelse Bediening deur Veritas Kollege Internasionaal verwerf. Al haar persoonlike inligting kan by die administrasie afdeling van DCMA aangevra en geverifieer word.

#### 1.2 Persoonlike gawes

Betty is 'n saggeaarde dog doelgerigte vrou wat presies weet wat sy wil hê. Sy is bereid om alles in die stryd te werp om dit te kry. Sy kan vasbyt. Sy het die meeste van haar studie by DCMA in 'n omgewing klas gehad waar sy as enigste dame in die klas haar plek vol gestaan het. Sy het haar opleiding vir vier jaar in Engels en in gebaretaal gehad. Dit getuig van 'n persoon wat doelgerig is en deursettingsvermoë het om haar doelwitte te bereik. Tydens haar studie het Betty by Lewensruimte vir Dowes gaan werk as huismoeder wat vir haar 'n groot uitdaging is. Sy is nie bang om hard te werk om haar doelwitte te bereik nie. Betty het 'n omgee-hart. Sy het vanuit haar liefde vir die Here en vir haar suster haar susterskind aangeneem en grootgemaak soos haar eie kind. In die klas staan Betty as "Mamma-Africa" bekend omdat sy vir die manne in die klas, maar nie net vir hulle nie, maar ook vir almal soos 'n moeder is. Sy het baie sterk moederlike eienskappe. Tydens haar studie het Betty baie uitdagings die hoof gebied onder andere hulle verhuising na Lewensruimte by die Nasionale Instituut vir Dowes en die afsterwe van haar broer wat vir haar baie swaar was. Sy het hierdie uitdagings met groot durf tegemoet gegaan. In albei hierdie gevalle het die geloof in die Here Jesus Christus haar deurgedra.

### 2. Program en klasse

Betty en Anthony se akademiese jaar het soos volg verloop aangesien hulle twee saam klas gehad het. Betty het egter ook by Ds Freddie Ayford van die Hugenoot VGKSA Paarl klas gehad. DCMA wil graag soos volg aan die eksamenkommissie verslag doen.

#### 2.1 Aanvang en verloop van die klasse

Ons het twee klasse per week gehad naamlik Maandae en Woensdae. Ons het op 13 Februarie 2013 met ons eerste klas saam met die AGS studente begin wat ons *missio Dei* genoem het. Tydens die klasse het ons die boek van Pat Keifert "*We are here now*" behandel. 'n Opsomming is beskikbaar in die student se lêer. Ons het 'n ses maande blok gedoen waar al vier die finale jaars saam in een klas op spesifieke vooraf bespreekte dae meestal op Maandae teenwoordig was, dit was vanaf Februarie tot Junie. Ons het Joh 3:16 – God se liefde vir die wêreld en die feit dat ons gestuur is – Joh 20:21, bespreek. Verder het ons Lukas 10:1-12 in diepte bespreek – ons het die feit bespreek dat sekere mense in die kerk sal doen wat van hulle gevra word, ander neem verantwoordelikheid en ander is getrig om deel van God se visie te wees. Woensdae het die twee Gereformeerde studente naamlik Anthony Langwenya en Betty Wanza die res van hulle Kerk spesifieke kurrikulum gevolg.

#### 2.2 Huisreëls

Nadat die studente en die dosente ooreengestem het oor die huisreëls, het ons begin met ons klasse vir die jaar:

1. Wees betyds,



2. Respekteer mekaar,
3. Ondersteun mekaar,
4. Wees eerlik,
5. Doen al jou huiswerk en
6. Oop kommunikasie.

### 2.3 Vyf Sola's

Na dit het ons die vyf Sola's van die Gereformeerde Tradisie behandel.

1. God, die enigste Een aan wie al die eer gaan – 1 Kronieke 16:23-31
2. Christus alleen – Handeling 4:12
3. Skrif alleen – Psalm 19:7
4. Geloof alleen – Romeine 5:1-2
5. Genade alleen – Titus 3:7

### 2.4 Name van die kerk

Die verskillende kerkname is bespreek – Dutch Reformed Church of die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika.

### 2.5 Spesifieke modules gedoen

Op 19 Februarie 2013 het ons begin met die module oor Kerkbestuur en administrasie. Ons het die volgende gedoen:

1. Admin, inkomste en uitgawes
2. Kerkkantoor
3. Kontrak
4. Besigheidsplan vir die kerk

Op 19 Februarie 2013 het ons begin met die module oor Kerkbestuur en administrasie. Ons het die volgende gedoen:

1. Admin, inkomste en uitgawes
2. Kerkkantoor
3. Kontrak
4. Besigheidsplan vir die kerk
5. Rentmeesterskapplan, ens.

### 2.6 Klasse vervolg

Ons het bespreek hoe om 'n vergadering te lei en 'n agenda voor te berei. Ons het voorgestel dat hulle die wat?; die wie?; die wanneer? en ander kommentaar moet notuleer as 'n voorbeeld. Op 20 Februarie het ons na Handeling 15 gekyk wat 'n voorbeeld is van 'n vergadering in die Vroeë Kerk. Daarna het ons na Dr Frederick Marais se boek, "*Vergader luisterryk*", gekyk. Ons het die feit en vraag; hoe God deur die Tora gepraat het, die Vyf Boeke van Moses en die Profete en die Wysheidsliteratuur bespreek. Ons het afgesluit met die wete dat ons geroep is om God se wil te onderskei soos dit geskryf is in Romeine 12:1-3. Ons het die feit beklemtoon dat ons tydens 'n vergadering na mekaar en na God moet luister en gaan waar God ons lei.

Op 20 Februarie het ons na die boek van Prof Jurgens Hendriks gekyk. Ons het navorsingsanalises van wat beskikbaar is in jou bediening, bespreek asook name en adresse, fisiese spasie van kerk en programme wat reeds daar is. Tweedens lidmaatskap en betrokkenheid navorsing, finansiële navorsing, fisiese spasie en navorsing en 'n bedieningsplan. Ons het dit verbind met die Bybelboek Nehemia. Op 25 Februarie het ons die redes vir deelname in God se sending bespreek. Die belangrikste rede is die heerlijkheid van God. Tweedens die koninkryk van God. Derdens kerkplanting (of beter gestel mense planting). Vierdens gehoorsaamheid aan God. Vyfdens – gee hoop, liefde en deernis. Verkeerde redes om sending te doen soos volg: kultureel, imperialisme, mense te dwing, helde verering, voel skuldig, romantiese redes, of om mense te red van politieke mag. Ons het ook na die siklus van verandering gekyk. Op 18 Maart het ons weer God se sending na die wêreld bespreek en voortgegaan met Lukas 10:1-12. Op 8 April het ons na die Heidelbergse Kategismus gekyk. Ons het ook die plaaslike kerkkantoor saam met mev Nadia Conradie besoek waar mev Santie von Mollendorff die studente gewys het hoe die kerkkantoor se opset werk.

Daarna het ons die lesing van mnr John Ntshibilikwana oor kommunikasie bespreek. Op 9 April het die studente die lesing wat handel oor die Belhar Belydenis, aangebied deur Ds Freddie Ayford, bygewoon.

Op 10 April het mev Nadia Conradie hulle oor die begroting geleer. Hoe om 'n begroting vir DEF op te stel. Op 15 April het ons geleer hoe om liasseerwerk en vennootskapsnetwerking te doen.

Pastorale Berading deur Ds Andri Eloff

26-28 Februarie – Kommunikasie en lewenslyn feite

16-18 April – Siekte en Lyding

18-20 Junie – Siekte pastoraat

20-22 Augustus – Huwelik

17-19 September – Liefde en Seks (Sex and God)

Vaardigheidsperiodes

Farming God's Way was aangebied vir die studente en hulle moes dit weer aan die eerstejaars aanbied. Dit was deel van die "Train-the-Trainer" program.

## 2.7 Prakties

Betty het praktiese bedieningsondervinding opgedoen saam met Prop Anthony Salie vanaf 3-16 Maart by Nuwe Hoop Sentrum vir Gehoorgestremdes in Worcester.

Betty en Anthony het 19-31 Mei praktiese bedieningsondervinding opgedoen by Ds Jaco van Wyk by NG Effata Gemeente vir Dowes in Kempton Park, Johannesburg in Gauteng.

Die doel was om die daaglikse program van 'n bestaande gemeente vir Dowes te ondervind. Gedurende die tyd het Anthony en Betty die geleentheid gehad om mense te bedien in 'n kruiskulturele omgewing. Hulle het die kerk in sy glorie, maar ook in haar gebrokenheid van die alledaagse lewe ervaar. Betty het haar proferediens op 22 September 2013 in Worcester De la Bat gehou. Van die lede van die VGKSA se kuratorium het die geleentheid bygewoon onder andere Dr Mary-Anne Platjies-Van Huffel, Dr Natie Philander, Dr Charles Flaendorp en Ds Freddie Ayford. By die geleentheid het Ds Freddie Ayford 'n groot kontingent kerkraadslede sowel as gemeentelide gestuur om Betty by die heugelike gebeurtenis te ondersteun. Betty is na die erediens deur die Kerkraad ge-evalueer. Sien die aangehegde evalueringvorm. Ds Freddie Ayford sal van die VGKSA se kant af die evalueringvorm aan die lede van die VGKSA kuratorium stuur. Die ander preekgeleenthede waar Betty verantwoordelik was vir die lei van die erediens was op 1 September by NG Worcester Noord Gemeente en op 8 September in die VGKSA in Paarl. Betty het ook by twee geleenthede die erediens in George gelei – 21 April en 20 Oktober.

## 2.8 Kruiskulturele Kommunikasie

Dr Ryk van Velden van Wellington Hugenote Kollege het klas gegee oor kruiskulturele kommunikasie op 26 Julie, 29 tot 31 Julie en 1 Augustus. Betty moes 'n persoon van 'n ander kultuur in die gemeenskap besoek. Sy het 'n blanke horende persoon besoek. Ringsvergadering – sy was teenwoordig as 'n waarnemer by die vergadering vanaf 1-3 September wat in Worcester Vallei gemeente plaasgevind het. Vanaf 9-12 September het Betty 'n reeks klasse oor erediens en kommunikasie bygewoon.

## 2.9 Dowe Ekumeniese Forum

Vanaf 13-15 September het Betty die Dowe Ekumeniese Forum in Worcester bygewoon. Betty het die geleentheid gehad om met ander Dowe pastors wat reeds voltyds in die bediening staan, te netwerk. Betty het ook die voorreg gehad om met Portia Arendse te kontak oor haar toekomstige drome om in George 'n bediening vir Dowes te gaan vestig. Betty het verder geleer hoe om 'n redelike groot groep mense te ontvang vir a forum vergadering.

## 2.10 Uitreik na die Oos Kaap

Tydens DCMA se uitreik vanaf 4-20 Oktober het DCMA drie prominente skole vir Dowes in die Oos-Kaap besoek, naamlik Efata Skool vir Blindes en Dowes in Mthatha, St Thomas Skool vir Dowes in King William's Town en Reuben Birin Skool vir Dowes in Port Elizabeth. Op die pad is die Evangelie van God se liefde aan die Dowe gemeenskap verkondig.

Die uitreik was beplan deur die klas van Dowe studente. Elkeen het verantwoordelikheid geneem vir gebeure op die pad. Die DCMA-span het ook die geleentheid gehad om horende kerke in Mthatha sowel as in Oos-Londen – Wesbank te besoek. Die studente het geleer om in moeilike situasies te vertrou, om deur gebed vir mekaar te bid tydens die uitreik bediening, asook om Dowe leerders en volwassenes in verskillende kontekste te beraad. Betty het 'n spesiale hart en manier om uit te reik na

die kleiner kinders. Die Dowes in George was baie opgewonde om vir Betty te sien en het kom luister na haar boodskap wat sy Sondag 20 Oktober vir hulle gebring het.

### **2.11 Substansafhanklikheid opleiding**

Ds Andri Eloff bied substansafhanklikheid opleiding aan vanaf 23-25 Oktober. Daar is 'n besoek gebring aan Toevlug Rehabilitasie Sentrum in Worcester. Ons is aangeraak deur die werk wat by Toevlug deur toegewyde personeel gedoen word. 800 persone per jaar word ontvang rehabilitasie by die sentrum. Ons het geleer dat mense selfs buite die tradisionele grense van die kerk, God se liefde en aandag nodig het. Die personeel is instrumente en kanale waardeur God se helende krag werk.

### **2.12 Gemeenskapsontwikkeling**

Op Maandae vanaf Julie tot Oktober 2013 is 'n reeks lesing oor gemeenskapsontwikkeling aangebied. Elkeen in die groep het die geleentheid gehad om in hul eie konteks 'n projek te beplan van wat hulle volgende jaar in hulle gemeenskap gaan doen. Die teorie van gemeenskapsontwikkeling het natuurlik gekoppel aan *Missio Dei* en kruiskulturele kommunikasie. Betty en die res van die span is goed toegerus om gemeenskapsontwikkeling in hulle gerespekteerde gemeenskappe te doen. Daar is hoop vir die Dowe gemeenskappe wat ontwikkeling nodig het. Wanneer ons hierdie module in herooring neem, sal ons volgende keer hierdie module eerste aanbied, aangesien dit 'n krities belangrike deel van Evangelie verkondiging in die wêreld is. DCMA moet beslis in die toekoms prioriteit aan gemeenskapsontwikkeling gee.

### **2.13 Sterwensbegeleiding**

DCMA se personeel en die studente het die voorreg gehad om die sterwensbegeleidingkursus by te woon wat deur mev Fran Tong van Hospice aangebied is van 4 tot 8 Februarie. Van die pastors wat deur DCMA opgelei is het ook hierdie opleiding kom bywoon. Die studente het by die geleentheid geleer hoe om 'n pad te stap saam met mense wat 'n langtermyn siekte het. Studente kon leer om slegte nuus op 'n effektiewe manier oor te dra aan iemand wat 'n lewensbedreigende siekte ervaar en daarmee leef. Sertifikaat van bywoning sal aan al die deelnemers oorhandig word.

### **2.1.4 Power hour**

Tydens 2013 het DCMA elke weksoggend met 'n uur-lange saam formatiewe lees van die Bybel begin. By hierdie geleentheid word een Bybelteks per week gekies en deur almal gelees. In die gesamentlike deel van wat God vir ons deur die spesifieke teksverse wil sê wandel ons nie net in die Woord nie, maar ons sien ook die wêreld rondom ons met ander oë.

### **2.1.5 Sosiale Kompetensie Model**

Die basiskursus van Sosiale Kompetensie Model (SoKoMo) was aangebied in November 2012 en Betty het dit baie geniet, sy het met groot entoesiasme deelgeneem. Betty is ook bevoorreg om die SoKoMo model te praktiseer by Lewensruimte vir Dowes. By ons terugkomdag in 2013 het die DCMA studente die geleentheid gehad om hulle eie weegskaal te teken rondom hulle toekomsbeplanning.

## **3. Evaluering en aanbevelings**

Betty is 'n baie sterk vrou en altyd netjies op haarself. Sy neem verantwoordelikheid vir haar eie lewe sowel as vir haar gesin en ander huisinwoners van Lewensruimte. Betty kry haar krag om teleurstellings en uitdagings te kan hanteer vanuit haar verhouding met die Here. Uitdagings op haar pad beskou sy as stappe nader aan die bereiking van haar doelwit. Uitdagings word as deurgangshekke beskou om op nuwe weë te gaan waar sy nog nie voorheen was nie. Betty sal nie gaan as sy nie seker is dit is wat sy moet doen nie. Uitdagings wat vir Betty moeilik is om te hanteer is funksionering onder druk in 'n kruiskulturele situasie. Vooraf beplanning en kommunisering van die beplanning aan ander rondom haar gebeur ook in stilte en Betty kan leer om dit meer duidelik aan almal oor te dra. Sy plof soms na binne en bly lank onbereikbaar terwyl sy die nuwe situasie verwerk. Betty kan leer om in vreemde situasies meer buigsaam te wees. Persone in sogenaamde gesagsposisies kan soms vir Betty 'n uitdaging wees. Betty neem soms evaluering as 'n aanval op haar as persoon. Ons wil aanbeveel dat Betty dieper sal vra vrae, bv waarom dit haar so diep omkrap en sy soms so reageer op evaluering.

Ons wil aanbeveel dat Betty volgende jaar voortgaan om te vra na God se wil. Indien God haar na die VGKSA in George roep en stuur dat sy steeds aanhou om die moontlikheid te ondersoek. Ons beveel aan dat sy volgende jaar vir Ds Andri Eloff en Proponent Anthony Salie op Worcester ondersteun en dat sy die twee tweedejaars onder haar vlerk neem en help om hulle bedieningsgereed te maak. Verder sou ons kon aanbeveel dat Proponente Anthony Salie en Betty Wanza saam die predikante byeenkomste op Donderdae bywoon en saam beplan en bid vir deelname in God se bediening op die kampus van die NID. Betty word aangemoedig om die Gereformeerde Predikante Byeenkoms wat jaarliks gehou word

by te woon.DCMA wil aanbeveel dat die Eksamenkommissie Betty Wanza as 'n kandidaat vir bediening goedkeur.

#### **4. Slot**

Ons dank God dat Hy ook in die Dowe gemeenskap geestelike leiers oprig wat bekwaam is om in die Dowe gemeenskap op 'n Doof-toeganklike manier die Evangelie te laat hoor.

Soli Deo Gloria

Groete in Jesus

---

JH Oberholzer

Medeskryfers

Ds Mia Lintvelt

Mev Hanlie Visser

Ds Andri Eloff

Ds Freddie Ayford

Mev Nadia Conradie

## BYLAAG 21

## 500 UUR -BEDIENINGSVORMINGSPROGRAM

| MYLPAAL  | 1  | 2   |
|--|--|---|
| MYLPAALFOKUS   | PERSOONLIKE ONTWIKKELING   | ROEPINGSONTWIKKELING  |
|  | Waarneem   | Onderzoek   |
| <b>EREDIENSTE, BIDURE, PREDIKING BEGRAFNISSE OPENINGS VAN SKOLE ENS.</b> | Observeer.<br><i>Woon minstens 24 eredienste by (36 uur). Voltooi diensleermodule soos voorgeskryf deur die Fakulteit Teologie</i>   | Onderzoek.<br><i>Woon minstens 24 eredienste by waarvan een elk Goeie Vrydag-, Paasfees-, doopdiens, nagmaalsdiens is (36 uur). Doen ondersoek oor tekskeuses by prediking Eksegetiseer 4 tekste wat vir prediking gebruik is (12 uur).</i> |
| <b>KATEGESE, BYBELSTUDIES, ONDERRIG KLEINGROEPE</b>                      | Observeer <i>minstens 12 kategesegeleenthede (24 uur)</i>  | Onderzoek.<br><i>Observeer en evalueer minstens 8 kategesegeleenthede (12 uur)</i>  |
| <b>PASTORAAT HUISBESOEK HOSPITAAL KRISIS PASTORAAT ENS.</b>              | Observeer <i>minstens 12 pastoraatsgeleenthede (9 uur)</i>   | Onderzoek. <i>Woon 8 pastoraatsgeleenthede by (gewone huisbesoek; pre- en post-operatiewe siekebesoek tuis; hospitaalbesoek) Doen ondersoek na die karakter van besoek by elkeen (12 uur).</i>  |
| <b>BEDIENINGS UITREIKE MANS/VROUE JEUG KINDERS SOSIAAL-MAATSKAPLIK</b>   | Deelname aan bv. vakansieuitreike, KGA-projekte, getuienisaksies in gemeente. <i>Observeer 8 bedieninge/diensaksies in die gemeente (8 ure)</i><br><i>Uitreik na NRO gedurende Julie vakansie (12 uur)</i> | Onderzoek kritiese kontekste soos soos tronke, fabriek, inrigtings vir gestremdes ens. <i>Observasie en evaluering van die aktiwiteite van 8 bedieninge/diensaksies in die gemeente (8 ure)</i>   |
| <b>ADMINISTRASIE, KERKKANTOOR KERKORDE VERGADERINGS ENS.</b>             | Bv. betrek student by beplanning vir volgende jaar <i>Minstens ses geleenthede van twee uur elk om student vertrouwd te maak met administrasie van die gemeente (12 uur)</i>                               | Betrek student in praktiese administrasie.<br><i>Soos by Mylpaal 1 maar maak student bv. vertrouwd met voorbereiding van argiefstukke (20 uur)</i>  |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>100UUR</b>  | <b>100UUR</b>   |

| 3   | 4  | 5   |
|---|--|---|
| CREDO   | BEDIENINGSONTWIKKELING   | MISSIONALE PROJEK   |
| Deelname  | Inoefening   | Verantwoordelikheid   |
| Lei van dienste en bidure terwyl student eie teologie eksplorieer.<br><i>Deelname aan beplanning van minstens 12 eredienste en behartig bepaalde elemente van die erediens (30 uur)</i> | Leierskap inoefening in eredienste en bidure en plekke van woordbediening. <i>Beplan en lei minstens 6 bidure en 6 eredienste waarvan een 'n nagmaalsdiens en een 'n doopdiens moet wees (15 uur). Beplan 6 eredienste en behartig bepaalde elemente v.d. erediens (9 uur)</i> | Neem verantwoordelikheid vir sommige eredienste, bidure ens. <i>Beplan en lei minstens 6 bidure en 6 eredienste, waarvan een 'n Goeie Vrydag-, Paasfees- of Kersfeesdiens moet wees (15 uur). Beplan 6 eredienste en behartig bepaalde elemente v.d. erediens soos bv. voorlees van nagmaalsformulier (9 uur)</i> |

|  |   |  |
|--|---|--|
| <p>Bv. lei van kategese klasse, Bybelstudies, aanbieding by jeugkampe, ens.<br/> <i>Berei voor vir en bied minstens 8 kategese klasse aan. Evalueer inhoud daarvan teologies (24 uur)</i></p>  | <p>Leierskap inoefening in leersituasies.<br/> <i>Berei voor vir en bied minstens 8 kategese klasse aan. Evalueer inhoud daarvan teologies en lewer verslag daarvoor aan kerkraad (24 uur).</i></p>   | <p>Neem verantwoordelikheid vir 'n kategese klas of Bybelstudie.<br/> <i>Berei voor vir en bied minstens 12 kategese klasse en 4 Bybelstudies of vir katkisanter (32 uur) aan.</i></p>   |
| <p>Eksploreer teologiese insigte in pastorale situasies. <i>Woon minstens 4 pastoraatsgeleenthede met mentor by en behartig minstens 4 o.l.v. mentor. Doen teologiese evaluering van al 8 geleenthede (12 uur)</i></p>   | <p>Inoefening van praktyk in bepaalde pastorale situasies. <i>Behartig minstens 4 pastoraatsgeleenthede o.l.v. mentor en minstens 4 o.l.v. ouderling. Doen teologiese evaluering van elkeen (12 uur)</i></p>  | <p>Verantwoordelikheid vir bepaalde pastorale insette. <i>Behartig minstens 8 pastoraatsgeleenthede o.l.v. mentor (12 uur).</i></p>  |
| <p>Eksploreer eie teologiese insigte in interaksie met bediening. <i>Skakel in by en neem deel aan 4 programme van twee diensaksies (bv. CVB, Mansaksie en CYM). Een per semester en evalueer funksie van diensaksie teologies (16 uur).</i></p>   | <p>Begin 'n nuwe missionale projek, identifiseer met voorlopige beplanning. <i>Skakel in by en neem deel aan programme van twee diensaksies en identifiseer 'n koninkryksgeleentheid binne aksies (20 uur)</i></p>  | <p>Verantwoordelik vir die ontwikkeling van eie "startup" missionale projek. <i>Skakel in by en neem deel aan programme van twee diensaksies en fasiliteer gesprek vir die verdere ontwikkeling van 'n koninkryksgeleentheid binne aksies (10 uur).</i></p>        |
| <p>Betrek student in beplanning van 'n kerkraadsvergadering. Laat student ringsitting en/of sinode bywoon. <i>Oriënteer student met reglement van orde en ter sake reglemente en bepalinge in kerkorde. Notule skrywing. Herhaal take van eerste twee jare. Besoek aan ABID (20 uur)</i></p> | <p>Leierskapinoefening by kerkraadsvergaderings. <i>Woon bedienings- en kommissie-vergaderings gereeld by. Opstel en lewering van verslag van 'n bediening/diensaksie /kommissie/taakspan by kerkraadsvergadering. Herhaal take van eerste drie jaar (20 uur)</i></p> | <p>Verantwoordelik as voorsitter van sommige vergaderings. <i>Neem waar as voorsitter van 'n Kerkraadskommissie/taakspan. Neem verantwoordelikheid vir opstel van agenda ens., verleen hulp aan skriba en hou toesig oor uitvoering van opdragte (12 uur).</i></p> |
| <p><b>100UUR</b></p>   | <p><b>100UUR</b></p>  | <p><b>100UUR</b></p>   |



**UITGEBREIDE PROGRAM VIR KERKLIK-TEOLOGIESE OPLEIDING**

Hierdie is 'n program wat alles probeer koördineer wat alreeds gedoen word en wat verder vir die toekoms beplan word.

**VOOR AANMELDING BY FAKULTEIT TEOLOGIE**

- i. Onderskeie kerkrade stap pad met voornemende student; kuratoria begelei kerkrade.
- ii. Kerk ontvang eerstejaarstudente “amptelik” op Stellenbosch. Dit kan die vorm aanneem van ‘n spesiale geleentheid of kamp.
- iii. Alle studente aan die fakulteit woon 'n kamp by wat gereël word deur kuratoria en Teologiese Studentekomitee.

**JAAR 1****Deurlopende spiritualiteitsvorming en kapasiteitsontwikkeling**

- i. Elke student word gekoppel aan 'n spesifieke gemeente; kerkraad van gemeente word amptelik in kennis gestel.
- ii. Elke student kry 'n predikant mentor.
- iii. Verpligte persoonlike gesprek met berader/sielkundige oor psigiese gesondheid (berader volg dit op indien hy/sy dit nodig ag)<sup>23</sup>
- iv. Blootstelling aan “goeie” gemeentes; studente kan gemeentes besoek en/of een van die leraars kan hulle gemeente se storie kom vertel. Een NG en een VGK gemeente – voorstedelik. Toewydingsdiens vir Kweekskoolstudente deur Moederkerk.
- v. Prakties vir twee weke in gemeente (Kuratoria help met plasing).
- vi. Kursus/gesprekke oor roeping.
- vii. Kursus/gesprekke oor verhouding met die Here.
- viii. Werwing van mentors van Stellenbosch Moederkerk (sluit aan by PT114).
- ix. Gesels met 5 verskillende persone oor die verstaan van die Bybel (sluit aan by OT/NT 114).
- x. Kapelperiode saam met ander jaargroepe.
- xi. Bywoning van Meditatiewe oggendsessies in kapel.
- xii. Bybelkenniseksamen.

**Spesifieke vaardigheidsontwikkeling (Jeug- en familiebediening)**

- i. Betrokke by 'n Kategese klas vir die hele jaar en evalueringsgesprekke hieroor.
- ii. Doen familiekursus: bv Agt Familiegewoontes wat geloof laat groei; Positiewe ouerskap.

**Ander moontlike kursusse/temas deur die loop van die jaar (periodes óf blokke óf naweke)**

- i. Kursus oor verskillende spiritualiteitstipes: bv Koeltebome van God se genade.
- ii. Projek Eksodus (sluit aan by gesprekke oor roeping).
- iii. Kursus oor kerk wees in die konteks van Afrika/Suid-Afrika: bv aangepaste Healing of Memories kursus (sal goed wees om dit in 1<sup>e</sup> jaar te doen sodat klas mekaar beter verstaan); dit word weer in die 5<sup>e</sup> jaar herhaal.
- iv. Bybelkenniseksamen: Kort oorsig oor die hele Bybel voor die begin van die Bybelkenniseksamen (Sluit aan by OT/NT 114)

**JAAR 2****Deurlopende spiritualiteitsvorming en kapasiteitsontwikkeling**

- i. Elke student word gekoppel aan 'n gemeente (moet waarneming doen by gemeente); kerkraad van gemeente word amptelik in kennis gestel.
- ii. Elke student kry mentor.
- iii. Kerklike betrokkenheid by blokkursus oor Homilietiek en liturgiek (sluit aan by PT 214).
- iv. Werk kort boodskappies uit en lewer dit in die gemeente/gemeenskap (bv wyksgroepe; kinderkerk; skole) (sluit aan by PT 214).
- v. Evalueer preke en liturgie in gemeentes (sluit aan by PT 214).
- vi. Skryf kort opstel oor jou eie gemeente se geskiedenis (sluit aan by Ekk1 242) Of dalk in M.Div.

<sup>23</sup> Die NGK kuratorium het alreeds hierdie besluit geneem en dit word toegepas.

- vii. Blootstelling aan “goeie” gemeentes; studente kan gemeentes besoek en/of een van die leraars kan hulle gemeente se storie kom vertel. Een NG en een VGK gemeente – platteland.
- viii. Lees Bybel saam met kerklidmate uit verskillende kontekste (sluit aan by OT/NT 212 en 242).
- ix. Kapelperiode saam met ander jaargroepe.
- x. Bywoning van Meditatiewe oggendsessies in kapel.
- xi. Bybelkenniseksamen.

#### **Spesifieke vaardigheidsontwikkeling (Koinonia en kleingroepe)**

- i. Leier van ’n kleingroep vir die hele jaar; evaluerende klasgesprekke oor studente se belewenis.
- ii. Kursus/gesprekke oor koinonia en kleingroepbediening.
- iii. Werk ten minste een Bybelstudie uit oor OT (Pentateug en verhalende literatuur) en een Bybelstudie oor NT (Evangelies en Handeling) en bied dit aan in ’n kleingroep (sluit aan by OT/NT 212 en 242).

#### **Ander moontlike kursusse/temas deur die loop van die jaar (periodes óf blokke óf naweke)**

- i. Geestelike dissiplines: Deel 1 (sluit aan by PT 252).
- ii. Fokus op mensvaardighede (verhoudings, emosionele intelligensie): bv VBO kursus oor emosionele intelligensie.

### **JAAR 3**

#### **Deurlopende spiritualiteitsvorming en kapasiteitsontwikkeling**

- i. Elke student word gekoppel aan ’n gemeente (moet waarneming doen by gemeente); kerkraad van gemeente word amptelik in kennis gestel.
- ii. Elke student kry mentor.
- iii. Blootstelling aan “goeie” gemeentes; studente kan gemeentes besoek en/of een van die leraars kan hulle gemeente se storie kom vertel. Kruiskulturele gemeente (bv Omdraaistraat).
- iv. Oefen hermeneutiese vaardighede.
- v. Blootstelling aan die leiers van NGK/VGK. Sessies wat moderature aanbied.
- vi. Woon eredienste in verskillende kerke by en evalueer dit; kort kursus oor verskillende teologiese strominge in SA .
- vii. Woon een naweek Retraite by wat handel oor roeping.
- viii. Kapelperiode saam met ander jaargroepe.
- ix. Bywoning van Meditatiewe oggendsessies in kapel.
- x. Bybelkenniseksamen.

#### **Spesifieke vaardigheidsontwikkeling (Uitreik/Diens)**

- i. Woon ’n naweeksessie by van Gestuurde Gemeentes (SAVGG).
- ii. Betrokke by ten minste een korttermyn- of langtermyn uitreik (sluit aan by Miss 344). Dit sal goed wees as ’n NGK en VGK student dit saam kan doen. Evaluerende klasgesprekke na afloop van uitreike.
- iii. Stap geestelike ontdekkingspad met twee persone wat nie aan ’n kerk behoort nie; evaluerende gesprekke hieroor (sluit aan by Miss 344).
- iv. Praktiese kursus en blootstelling oor armoede uitreik.
- v. Praktiese kursus en blootstelling oor evangelisasie (bv EE3; Getroue Getuies; VBO kursus).
- vi. Kursus oor sendingmobilisering (bv Kingfisher Mobiliseringsentrum; SAAWE; Operasie Mobilisasie).

#### **Ander moontlike kursusse/temas deur die loop van die jaar (periodes óf blokke óf naweke)**

- i. Leraars uit NGK/VGK behandel aktuele etiese kwessies van die dag (sluit aan by ST 324).
- ii. Kursus/klasgesprekke oor gereformeerde spiritualiteit (kan moontlik gekoppel word aan roepingsretraite).

### **JAAR 4**

#### **Deurlopende geestelike vorming en kapasiteitsontwikkeling**

- i. Elke student word gekoppel aan ’n gemeente (moet waarneming doen by gemeente); kerkraad van gemeente word amptelik in kennis gestel.
- ii. Elke student kry mentor.
- iii. Prediking (moet sekere aantal preke in ’n gemeente lewer).

- iv. Blootstelling aan “goeie” gemeentes; studente kan gemeentes besoek en/of een van die leraars kan hulle gemeente se storie kom vertel. Gemeente wat die afgelope jare deur ’n transformasie proses gegaan het.
- v. Kapelperiode saam met ander jaargroepe.
- vi. Bywoning van Meditatiewe oggessessies in kapel.
- vii. Bybelkenniseksamen.

#### **Spesifieke vaardigheidsontwikkeling (Pastoraat)**

- i. Oefen pastorale vaardighede (besoeke aan hospitale, bejaardes, werkloosheid, verslawings, woon huweliksverrykingskursus by) (sluit aan by PT414)

#### **Ander moontlike kursusse/temas deur die loop van die jaar (periodes óf blokke óf naweke)**

- ii. Doen MBTI (Myers-Briggs).
- iii. Uitklaring van eie roeping en gawes; Gawes kursus, bv Ontdek jou gawes; Netwerk (Willow Creek); The 3 Colors of Ministry (NCD Christian Schwarz).
- iv. Geestelike disciplines Deel 2: bv Celebration of Discipline (Richard Foster) of Renovare materiaal.
- v. Kerkreg in die praktyk van die NGK en V GK (sluit aan by Ekk1 442); missionêre ekklesiologie.

### **JAAR 5**

#### **Deurlopende spiritualiteitsvorming en kapasiteitsontwikkeling**

- i. Elke student word gekoppel aan ’n gemeente (moet waarneming doen by gemeente); kerkraad van gemeente word amptelik in kennis gestel.
- ii. Elke student kry mentor.
- iii. Bied ten minste twee doopgesprekke in gemeente aan.
- iv. Help leraar met hospitaalbesoeke vir ten minste een maand.
- v. Kapelperiode saam met ander jaargroepe.
- vi. Bywoning van Meditatiewe oggessessies in kapel.
- vii. Bybelkenniseksamen.

#### **Spesifieke vaardigheidsontwikkeling (Prediking en liturgie)**

- i. Spesifieke aantal preke in ’n gemeente – nie net klaspreke (sluit aan by M.Div kursus).
- ii. Permanente lid van ’n gemeente se eredienswerkgroep (sluit aan by M.Div kursus)
- iii. Elke student word ingedeel met predikant en werk saam om ’n spesifieke erediens in die kapel te modelleer.
- iv. Woon VBO kursus/se oor prediking by; of net gedeelte daarvan (tans 3 kursusse beskikbaar).
- v. Kerklike insette in die volgende M.Div blokkkursusse: Kerkreg en kerkregering.Liturgiek en homilietiek.Kerk, samelewing en mark.Kinderbediening.Hantering van diversiteit,Sieke- en hospitaalpastoraat.Voorkomingspastoraat (Huwelik en Gesin).Christelike leierskap.

#### **Ander moontlike kursusse/temas deur die loop van die jaar (periodes of blokke of naweke)**

- viii. Woon Verantwoordelike Vernuwings (of gedeelte daarvan) by.
- ix. Kursus oor leierskap en bestuur van ’n gemeente (bv VBO kursus oor Missionêre leierskap en luisterende geloofsonderskeiding).
- x. Kursus oor dissipelmaking: bv VBO kursus of “Kom Saam met My” kursus van Ockie Britz)
- xi. Kursus oor rentmeesterskap: bv VBO kursus.
- xii. Kursus oor Kerk/Christen en ekologie en praktiese betrokkenheid.

### **JAAR 6 (Lisensiaat jaar in gemeente)**

#### **Deurlopende geestelike vorming en kapasiteitsontwikkeling**

- i. Deurlopende mentorskap van supervisor.
- ii. Kerk help met werwing en toerusting van mentors/supervisors. Gesprek met supervisors in Nov van vorige jaar. Voortdurende begeleiding van supervisors deur die jaar
- iii. Insette tydens die volgende akademiese kursusse: Die gebruik van die Bybel in die praktyk. Die kerkorde in die praktyk.
- iv. Verpligte persoonlike gesprek met berader/sielkundige oor emosionele gesondheid (berader volg dit op indien hy/sy dit nodig ag).
- v. Bybelkenniseksamen.



#### **Spesifieke vaardigheidsontwikkeling (Gemeentelike leierskap en bestuur)**

- i. Kursus oor leierskap in 'n gemeente.
- ii. Kursus oor die bestuur van gemeente (o.a. finansiële bestuur, kerkraad, ens).
- iii. CFN fasilliteringskursus.
- iv. Kursus oor dissipelmaking.
- v. Kursus oor die bemagtiging van lidmate.

**Ander moontlike kursusse/temas deur die loop van die jaar (periodes óf blokke óf naweke)**

- vi. Jeugbediening: Beginsels van Ervaringsleer (2 dae).
- vii. Kerklike oriëntasie (verskillende PSD's en kommissie voorsitters) (2 dae). Besoek aan NGK en VGK se kantore in Bellville en Belhar.
- viii. Ekumeniese toer (ten minste een VGK en NGK predikant woon toer by en help met finale afronding van studente).
- ix. Balans in die bediening: Gebalanseerde teoloog. Balans tussen geestelike vorming, werk, familie, vrye tyd.

**VGK/NGK SEMINARIUM-MYPALE**





### MYLPAAL 1

#### PERSOONSONTWIKKELING

Geloofsonderskeidende fokus:

*Waar staan my verhouding tans met God?*

Inhoud van die mylpaal:

In die eerste jaar word studente blootgestel aan 'n reeks prosesse, ingesluit psigometriese toetse, om hul eie insig in hul persoonlike samestelling te verdiep, asook om verdere groei areas te identifiseer.

Hierdie insigte word benut om vormings- of waar nodig terapeutiese prosesse, te inisieer met die oog op maksimalisering van die studente se kapasiteit vir persoonlike groei, asook die uitbreiding van emosionele intelligensie.



### MYLPAAL 2

#### ROEPINGSONTWIKKELING

Geloofsonderskeidende fokus:

*Tot watter bediening roep God my?*

Inhoud van die mylpaal:

In die tweede jaar is studente betrokke by aktiwiteite vir roepingsvorming, met die doel om insig te ontwikkel met betrekking tot 'n eie roepingsidentiteit.

Hierdie mylpaal dien as eerste stap in 'n voortgaande reis ten opsigte van roepingsontwikkeling wat strek oor die totale program van vyf mylpale.



### MYLPAAL 3

#### CREDO

Geloofsonderskeidende fokus:

*Hoe formuleer ek my geloofsbelydenis in taal wat direk verband hou met my persoonlike ervaring van en met God?*

Inhoud van die mylpaal:

Identifisering met gereformeerde teologie en tradisie – die vier Belydenisskrifte. Bybel/teologiese integrasie en die vorming van 'n eie teologiese taal wat toepaslik is vir die konteks.

Die ontwerp van 'n persoonlike credo wat uitdrukking gee aan die student se teologiese insig en geloofsintegrasie.





#### MYLPAAL 4 BEDIENINGSBEKWAAMHEDE

Geloofsonderskeidende fokus:

*Wat moet ek inoefen en ontwikkel om vir ander van waarde te wees?*

Inhoud van die mylpaal:

Die inoefening en bemeestering van basiese bedieningsvaardighede, asook die vlak van studente se bekwaamheid kry deurlopende aandag. Die opleidingsgemeente en mentor aan wie studente gekoppel word, doen verslag oor die studente se ontwikkeling en bemeestering van die basiese vaardighede, deur middel van mentorgesprekke en voltooiing van die 360 vraelys deur die gemeente aangaande die student. Hulle begin met die identifisering van 'n koninkryksprojek vir jaar 5.



#### MYLPAAL 5 MISSIONALE BEDIENING

Geloofsonderskeidende fokus:

*Watter koninkrykverwante geleentheid het my pad vandag gekruis?*

Inhoud van die mylpaal:

Ontwikkeling van 'n nuwe missionale bediening/geloofsgemeenskap. Kontekstuele en bedieningskapasiteit. Die formasie van geestelike leierskap vereis ook dat studente die vaardigheid ontwikkel om hul konteks met onderskeiding te lees en in die proses koninkrykverwante geleenthede te identifiseer. Dit beteken dat hulle deeglik blootgestel word aan die SA konteks en dat hulle in staat moet wees om dit met geloofsonderskeidende insig te analiseer. In die vyfde jaar moet studente 'n nuwe bediening op sodanige wyse ontwikkel dat die projek voortaan selfstandig kan funksioneer. Die nuwe bediening moet 'n haalbare projek wees wat OF aansluit by die gemeente se missionale oriëntasie OF 'n koninkryksgeleentheid buite die gemeente. Die verslag oor hierdie bediening moet aan die einde van die vyfde jaar ingedien word vir goedkeuring. Dit word verstaan as die finale fase of voltooiing van die projek wat die Bedieningsvormingsprogram in sy geheel afsluit en integreer.

# MENTOR SE BEPLANNING

Bepan die student se 100 uur verpligte aktiwiteit in die opleidingsgemeente aan die hand van die onderstaande tabelle. Let op dat aktiwiteite mylpaalgeoriënteerd is en dus van jaar tot jaar sal verskil volgens spesifikasies van die seminarium. Onderstaande is 'n voorbeeld van 'n beplanningsblad.

|   | <b>MYLPAAL 1</b><br>Persoonlike<br>ontwikkeling  | <b>MYLPAAL 2</b><br>Roepings-<br>ontwikkeling  | <b>MYLPAAL 3</b><br>CREDO   | <b>MYLPAAL 4</b><br>Bedienings-<br>ontwikkeling   | <b>MYLPAAL 5</b><br>Misionale<br>Projek   |
|---|--|--|---|---|---|
| <b>Eredienste<br/>Bidure<br/>Prediking<br/>Begravnisse<br/>Openings<br/>van skole,<br/>ens.</b> | Waarneem<br>(observe)  | Ondersoek  | Lei van dienste<br>en bidure<br>terwyl eie<br>teologie<br>eksploreer                                    | Leierskap in-<br>oefening in<br>eredienste,<br>bidure en<br>plekke van<br>woord-<br>bediening | Verantwoor-<br>delikheid<br>neem vir<br>sommige<br>eredienste,<br>bidure, ens.                      |
| <b>Kategese<br/>Bybelstudies<br/>Onderrig<br/>Kleingroepe</b>                                   | Waarneem   | Ondersoek  | By die lei<br>van kate-<br>geseklas-<br>se, Bybel-<br>studies,<br>aanbiedings<br>by jeug-<br>kampe, ens | Leierskap<br>inoefening<br>in leer-<br>situasies  | Verant-<br>woordelik<br>vir 'n<br>kategese-<br>klas of<br>Bybel-<br>studie                          |
| <b>Pastoraat<br/>Huisbesoek<br/>Hospitaal<br/>ens.</b>  | Waarneem   | Ondersoek  | Eksploreer<br>teologiese<br>insigte in<br>pastorale<br>situasies  | Inoefening<br>van praktyk<br>in bepaal-<br>de pas-<br>torale<br>situasies                     | Verant-<br>woordelik<br>vir be-<br>paalde<br>pastorale<br>insette                                   |
| <b>Bedienings<br/>Uitreike<br/>Mans/vrouens<br/>Jeug/Kinders<br/>Sosiaal-<br/>maatskaplik</b>   | Deelname<br>aan bv.<br>vakansie-<br>uitreike,<br>KGA<br>projekte,<br>Getuienis-<br>aksies in<br>gemeente | Ondersoek<br>kritiese<br>kontekste<br>soos<br>tronke,<br>fabrieke,<br>inrigtings<br>vir gestrem-<br>des ens. | Eksploreer<br>eie teo-<br>logiese<br>insigte in<br>interaksie<br>met be-<br>diening                     | Begin 'n<br>nuwe<br>misionale<br>projek –<br>identifiseer<br>met<br>voorlopige<br>beplanning  | Verant-<br>woordelik<br>vir die<br>ontwik-<br>keling van<br>eie<br>"startup"<br>misionale<br>projek |
| <b>Administrasie<br/>Kantoor<br/>Kerkorde<br/>Vergaderings<br/>ens.</b>                         | Bv:<br>betrek by<br>beplanning<br>vir<br>volgende<br>jaar  | Betrek in<br>praktiese<br>administra-<br>sie   | Betrek in<br>beplanning<br>van kerk-<br>raadsver-<br>gadering,<br>ens.                                  | Leierskap<br>inoefening<br>by kerk-<br>raadsver-<br>gaderings<br>ens.                         | Verant-<br>woordelik<br>as voorsit-<br>ter van<br>sommige<br>vergaderings                           |

Betrokkenheid bestaan uit 'n beweging van toemame in praktiese leer en vaardighede:

Die beweging is: waarneem > ondersoek > deelname > inoefening > verantwoordelikheid

## SEMINARIUM VERSLAG AAN DIE NGK/VGK KURATORIUM 22 NOVEMBER 2018

### 1. Inleiding

Hierdie verslag fokus op aspekte van die Seminarium program en bestuur wat in sekere gevalle slegs betrekking het op die studente van die NGK. Die Seminarium Bestuurder van die VGK sal ook 'n VGK-fokus verslag aan die VGK Kuratorium voorlê. Daar word ook 'n gesamentlike verslag vir beide Kuratoria in Engels voorberei.

*Getal studente (BDiv I tot BDiv IV & MDiv)*

|      | URCSA | DRC                       |
|------|-------|---------------------------|
| 2012 | 13    | 25                        |
| 2013 | 33    | 34                        |
| 2014 | 40    | 43                        |
| 2015 | 40    | 48                        |
| 2016 | 51    | 32                        |
| 2017 | 56    | 44                        |
| 2018 | 56    | 43 plus 2 (JW) plus 3 NGD |

### 2. Behoeftes aan verslagdoening op meer vlakke

2.1 Die behoefte aan verslagdoening oor die werksaamhede van die VGK en NGK Seminarium in Stellenbosch op meer vlakke, kom geruime tyd aan. In die November 2017 verslag aan die Gesamentlike Kuratoria van die twee kerke is beklemtoon dat die praktiese bediening in die twee deelnemende kerke verskil, asook die organisatoriese funksionering van die onderskeie kuratoria in die lig van die kerkordelike reëlins en bestuurskultuur van die kerke.

2.2 Met die implementering van die Seminarium program en evaluering van Seminarium studente se deelname aan die program, het dit die afgelope drie jaar al duideliker geword dit is nie moontlik vir die twee Seminarium bestuurders van die onderskeie kerke om slegs 'n generiese verslag aan die kuratoria voor te lê nie.

Die twee bestuurders het afgespreek om elk 'n verslag op te stel wat gerig is op die kerk-spesifieke behoeftes binne die Seminarium program, asook 'n gesamentlike verslag waarin die breë gesamentlike program raamwerk ter sprake is.

2.3 Die gesamentlike verslag fokus op die struktuur en samestellende elemente van die Seminarium se bedieningsvorming program. Dit behels: (i) Vyf mylpale vir die vyf studie jare wat parallel loop met BDiv I tot IV en MDiv; (ii) Drie dwarslêers wat die mylpale verbind, naamlik: spiritualiteitsvorming, opleidingsgemeentes en mentors, asook missionale fokus; (iii) Vrydag byeenkomste vir Bybelleesgroepe en Iziko groepe; (iv) Seminarium Kamp – Februarie, en; (v) Seminarium Werkswinkel - Julie.

2.4 Die afsonderlike verslae aan die twee kuratoria fokus grootliks op aspekte van evaluering, asook toepassing van dissipline ten opsigte van deelname aan die program en besluitneming oor artikulasie na volgende mylpale.

In praktyk handel die twee kerke verskillend hiermee. Dit is waarskynlik nie moontlik om dit eenduidig te hanteer nie, gegewe die onderskeie kerkordelike reëlins en bestuurskulture van die twee kerke.

Van hierdie sake kan ook melding gemaak word in die gesamentlike verslag aan die twee kuratoria.

2.5 In hierdie verslag wat fokus op die NGK studente van die Seminarium, word die volgende aspekte van die program en bestuur daarvan uitgelig: (i) Beheer en besluitneming – gesamentlike saak; (ii) Evaluering en artikulasie van studente; (iii) Programontwikkeling – gesamentlike en afsonderlik; (iv) Bybelleesklasse vir BDiv III - gesamentlik; (v) Individualisering - NGK; (vi) Gemeentejaar – Jaar 6 van studie vir NGK studente; (iii) Begeleiding van en terugvoering oor studente in die MDiv jaar –



NGK; (iv) Oorgang van MDiv jaar na Gemeentejaar en meganismes om dit te begelei - NGK; (v) Afronding van Gemeentejaar en oorplasing na Predikantebegeleiding en VBO - NGK.

### **3. Beheer van Seminarium en Besluitneming**

3.1 Die ervaring die afgelope ongeveer 18 maande was dat lede van die Seminarium Beheerkomitee nie beskikbaar is vir die vergadering van die Beheerkomitee nie. Die gevolg is dat daar telkens nie 'n kworum teenwoordig is nie en die notules nie goedgekeur kan word nie.

3.2 Die Bestuurders het gedurende 2018 voorgestel dat die notules van die Beheerkomitee deur die Dagbestuur goedgekeur word vir afhandeling. Die praktyk is dat die Bestuurders noodwendig voortgaan met die bestuur van die Seminarium en program.

Hierdie werkswyse sal in die Reglement opgemneem moet word.

3.3 'n Tweede opsie is dat die kworum vir die Seminarium Beheerkomitee verlaag word en dat die Reglement dienooreenkomstig aangepas word.

Die aard van die Seminarium werksaamhede is sodanig dat die dag tot dag sake uitgevoer word en die Dagbestuur meer gereeld kan vergader indien spoedeisende sake aandag vra.

3.4 Lede van die Seminarium Beheerkomitee is in meeste gevalle ook lid van die Kuratorium en Kuratorium Dagbestuur.

Daar behoort aandag gegee te word aan meer ekonomiese tydsbestuur, aangesien die oorlading van vergaderings baie druk op individue plaas, veral in druk periodes van die jaar.

**Aanbeveling:** (i) Dat die notule van die Seminarium Beheerkomitee deur die Seminarium Dagbestuur goedgekeur word; (ii) Oorweging geskenk word om die kworum vir die Beheerkomitee te verklein; (iii) Herbesin word oor die samestelling van personeel vir die Beheerkomitee.

### **4. Evaluering en artikulasie van studente**

4.1 NGK Studente word jaarliks evalueer in terme van hul deelname aan die Seminarium program deur terugvoering oor hul gesindheid en betrokkenheid by die volgende aspekte van die program:

(i) Februarie Seminarium Kamp; (ii) Julie Mylpaal Werkswinkel; (iii) Inskakeling by weeklikse Bybelleesgroepe (BDiv I tot BDiv III); (iv) Bywoning van weeklikse Mylpaal byeenkomste (Iziko); (v) Maandelikse ontmoeting met gemeente mentor; (vi) Blootstelling aan en betrokkenheid by die werksaamhede van die opleidingsgemeente.

4.2 Aan die begin van 2018 is die riglyn gestel dat studente 70% deelname aan die Seminarium program moet handhaaf vir die jaar, as voorwaarde vir artikulasie na 'n volgende mylpaal.

Die algemene waarneming is dat die oorgrote getal NGK Studente positief en getrou deelneem aan die Seminarium program. Ons kan met dankbaarheid hiervan kennis neem.

4.3 Die Seminarium bestuurder stel vroeg in die tweede semester 'n vorderingsverslag op oor elke student se deelname, betrokkenheid en gesindheid vanuit die statistiek en terugvoer wat van verskillende aspekte van die program ingewin word.

Die vorderingsverslag word aan beide die student en die mentor gestuur vir kommentaar en terugvoer.

Die vorderingsverslae word vroeg in Oktober aan die Seminarium Begeleidingskomitee voorgeleë vir beoordeling en aanbeveling.

Die Seminarium bestuurder stel 'n aanbevelingsverslag op vir voorlegging aan die Kuratorium met die oog op artikulasie van studente na die volgende mylpaal (Aanbevelingsverslag is ingesluit).

Die Seminarium bestuurder volg ook die bespreking van die studente se vorderingsverslae deur die Begeleidingskomitee op met persoonlike gesprekke waar nodig.

4.4 Die Begeleidingskomitee bestaan uit die volgende lede: NGK Dosent van Fakulteit Teologie (FT); Seminarium bestuurder – NGK program; Skriba van die Kuratorium (PSD Teologiese Opleiding); PSD Teologiese Navorsing; Dosent van FT (Sprak opleiding); Sielkundige (Dept. Sielkunde aan US).

By die 8 Oktober 2018 bespreking was drie lede teenwoordig: NGK Dosent, FT; Seminarium Bestuurder – NGK program; Skriba van Kuratorium (PSD Teologiese Opleiding).

**Aanbeveling:** Pas samestelling van die Begeleidingskomitee aan, deur vyf predikante in Stellenbosch omgewing uit te nooi om deel te vorm van die bespreking van die vorderingsverslae met die oog op artikulasie na volgende mylpale en Gemeente jaar.

4.5 Aanbevelings vir artikulasie berus op die voorwaarde dat studente die akademiese vereistes slaag om te kan artikuleer na die volgende akademiese jaar. Die Seminarium mylpale loop parallel met die akademiese jare. Die mylpale kan nie vooruit voltooi word nie.

## 5. Programontwikkeling

5.1 Vir die gesamentlike aspekte van die Seminarium program is die volgende aspekte van belang:

- (i) Februarie Seminarium Kamp; (ii) Julie Mylpaal Wekswinkel; (iii) Bybelleesgroepe; (iv) Weeklikse Iziko.

5.2 Die Seminarium bestuurders het met al die Mylpaal Fasiliteerders (behalwe Mylpaal 4), gedurende tweede semester evaluerende gesprekke gehad oor die fokus van die mylpale en doeltreffendheid van die aktiwiteite wat aangebied word. Die terugvoer was positief en daar is nie aandrang op dringende aanpassings nie. Die volgende aspekte sal wel aandag kry:

- (i) Fasiliteerders: Mylpaal 1 – Jana Visagie (NGK); VGK fasiliteerder aan te wys; Mylpaal 2 – Daniël de Wet (NGK) & Siyabulelo Potwana (VGK); Mylpaal 3 – Eddie Orsmond (NGK) & Eugène Beukes (VGK); Mylpaal 4 – Theunis Botha (NGK) & Aubrey Marais (VGK); Mylpaal 5 – Johan Els & Wynand Breytenbach (NGK). VGK fasiliteerder aan te wys.

- (ii) Beplan om die *Seisoen van Menswaardigheid* boekie *Kom Stap Saam* oor kruiskulturele verhoudinge in die Bybelleesgroepe te hanteer gedurende die eerste deel van die jaar.

5.3 Beplan vir 2019 om voort te gaan met Februarie Seminarium Kamp en Julie Mylpaal Werkswinkel soos in verlede.

Daar is behoefte by getroude en senior studente (veral VGK) dat kamp en program ouer persone se behoeftes akkommodeer. Kry tans aandag - VGK moet self met voorstelle kom.

Verwagting is dat die opening van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) alternatiewe geleentheid moontlik maak en dat die Seminarium veral op die vlak van spiritualiteitsvorming by die AMSS program sal aansluit.

5.4 Daar is reeds met 2019 BDiv IV en MDiv studente vergader met oog op beplanning van Februarie Seminarium Kamp. Daar is 'n WhatsApp groep gestig vir kommunikasie (Seminarium bestuurders ingesluit) rondom die program en aktiwiteite.

Die indruk is dat die studente opgewonde is oor die groter rol wat hulle kan speel met die beplanning en aanbied van die kamp.

## 6. Bybelleesklasse vir BDiv III

6.1 In 2018 is die eksperiment gedoen met BDiv III studente om hulle bloot te stel aan leesklasse waarin dosente van Ou en Nuwe Testament op Vrydae die Bybelleesgroepe fasiliteer.

Die leesgeleentheid het gefokus op die hantering van die Bybel tale en informele saam lees van tekste met die doel om entoesiasme by studente te kweek om langer en gemakliker met die grondtale om te gaan in die bediening.

Die terugvoering van beide studente en dosente is baie positief. Dit blyk dat die eksperiment slaag en dat ons in 2019 daarmee voortgaan.

**Aanbeveling:** Dank aan Proff Marius Nel en Louis Jonker vir hul beskikbaarheid vir die program. Ons vertrou die blootstelling sal positiewe uitkomst in die bediening van die studente hê.

6.2 Die implikasie van hierdie grondtaal Bybelleesgroepe is dat slegs BDiv I en BDiv II studente voortaan die Bybelleesgroepe op Vrydae met BDiv IV fasiliteerders sal hê.

Die Bybelleesgroepe kan dus kleiner wees omdat die aanbod van BDiv IV studente sal bepaal hoeveel fasiliteerders beskikbaar is.

## 7. Individualisering

7.1 'n Aspek wat met verloop van die ontwikkeling van die Seminarium program na vore gekom het is dat studente soms aktiwiteite het wat bots met datums van die Seminarium program aktiwiteite.

Studente is betrokke by verdienstelike projekte en bedieninge in opleidingsgemeentes, asook op die US Kampus.

Studente se afwesigheid by Seminarium aktiwiteite is dus nie altyd 'n aanduiding van gebrek aan belangstelling of negatiewe gesindheid nie.

Daar het gaandeweg die insig ontwikkel dat studente se ander betrokkenhede verdiskonteer en selfs aangemoedig word.

7.2 In 'n onlangse gesprek met Prof Jaco Hamman van Van der Bilt Theological Seminary in die VSA het die konsep van "individualisering" ter sprake gekom as beskrywing van sy eie onderrig strategie. Daardeur gee hy vryheid aan sy studente om onder andere self literatuur te kies vir hulle leeswerk oor temas wat hy met die groep hanteer.

Iets van hierdie vryheid wil ons ook in die Seminarium program invoer en verdiskonteer.

Dit vra meer persoonlike aandag en kommunikasie met studente, maar het potensiaal om studente se gesindheid teenoor en deelname aan die Seminarium program positief te beïnvloed.

Die Seminarium bestuurder het in 2018 na aanleiding van die vorderingsverslae met ten minste vier studente sodanige gesprekke gehad. Die uitkoms was positief en het aangedui dat sommige studente by dinge betrokke is wat beslis aansluit by die vormingsdoelwitte van die Seminarium program.

**Aanbeveling:** Dat die konsep en praktyk van individualisering deel gemaak word van die evaluering van studente se deelname aan die Seminarium program.

## 8. Gemeentejaar – Jaar 6 van studie vir NGK Studente

8.1 Die NGK vereis van studente ook 'n sesde jaar van studie, wat as prakties (10 maande) in 'n opleidingsgemeente saam met enkele weke van lesings op Stellenbosch voltooi word. Die VGK het nie die bykomende jaar nie. Die behoefte het algaande duideliker geword dat daar van die Seminarium / Kuratorium se kant bykomende betrokkenheid en aanvullende meganismes ontwikkel moet word vir begeleiding en vorming met die oog op die uiteindelijke legitimasie vir die bediening in die NGK. Die volgende aspekte is ter sprake:

- (i) Finansiële ondersteuning vir die praktykblootstelling in die opleidingsgemeentes;
- (ii) Tussentydse verslagdoening oor die studente se aanpassing en inskakeling by die opleidingsgemeente – rondom Mei van die Gemeentejaar;
- (iii) Afronding en retreat, asook oordrag na Predikantebegeleiding;
- (iv) Afstand (km) van opleidingsgemeente;
- (v) Bywoning van proefpreke.

8.2 *Finansiële ondersteuning vir opleidingsgemeentes.* Die Kuratorium het besluit om vanaf 2015 'n bedrag van R5,000.00 pm vir 10 maande as riglyn te bepaal vir die ondersteuning aan gemeentes om die Gemeentejaar Studente te help met verblyf en lewenskoste. Gemeentes word aangemoedig om 'n bydrae te maak tot hierdie R5,000.00 pm. In praktyk dra min gemeentes tans enige bedrag by. Die verwagting van die Kuratorium is dat gemeentes verantwoordelikheid neem vir voorsiening van huisvesting vir die studente.

Dit blyk wel dat die ondersteuning deur die Kuratorium waardeer word en dat dit beslis die situasie van beide studente en gemeentes vergemaklik.

Daar is egter enkele gevalle waar studente nie uitkom met die bedrag wat die Kuratorium beskikbaar maak nie. Soms moet studente vir hul eie verblyf in die gemeente betaal.

**Aanbeveling:** (i) Dat die bedrag van R5,000.00 pm hersien word. Oorweeg die bedrag van R6,000.00 pm per student. Neem in ag dat die 2019 klas aansienlik groter is as die klas van 2018; (ii) Dat die Seminarium bestuurder na individuele situasies en behoeftes ook kyk en met die student en gemeente onderhandel vir 'n werkbare oplossing.

8.3 *Tussentydse verslagdoening oor studente se aanpassing en inskakeling.* (i) Daar word voor die aanvang van die Gemeentejaar 'n ontmoetingsgeleentheid met die Gemeentejaar Studente en hul mentors gereël. By hierdie geleentheid word hoofsaaklik aandag gegee aan die formele vereistes van die Gemeentejaar. Dit is ook nog te vroeg om dan al sekere situasies te voorsien en te bespreek. (ii) Daar word ook van die mentors verwag om aan die einde van die Gemeentejaar 'n evaluasie vorm te voltooi oor die student se vordering met die praktiese blootstelling in die gemeente. Hierdie verslag kom egter heel laat teen die einde van die jaar eers onder ons aandag.



Met verloop van jare het situasies voorgedoen wat vra om optrede en intervensies vroeër in die jaar. Na aanleiding van die afgelope vorderingsverslae en terugvoering van mentors oor die Gemeentejaar Studente is die behoefte uitgespreek om rondom Meimaand van die Gemeentejaar 'n terugvoeringsverslag van mentors te vra oor studente se inskakeling en betrokkenheid by die Opleidingsgemeente.

Dit gaan oor studente se houding en gesindheid, asook hulle bewussyn en ervaring van 'n geloofsgemeenskap. Soms blyk dit studente het min blootstelling aan die gemeenskap van gelowiges in 'n gemeente en dan sukkel om in die Gemeentejaar reg te kom.

**Aanbeveling:** Dat mentors 'n kort verslag oor die Gemeentejaar Studente se inskakeling, betrokkenheid, houding en vaardighede aan die Seminarium bestuurder stuur, teen einde Mei van die Gemeentejaar.

8.4 *Afronding en retreat, asook oordrag na Predikantebegeleiding.* Namate prosesse van die Seminarium, Predikantebegeleiding en VBO ontwikkel, raak ons meer bewus van die noodsaak vir integrasie en belyning van die onderskeie prosesse.

Die afronding en retreat (7 dae) aan die einde van die Gemeentejaar word verstaan as 'n skarnier geleentheid waartydens die formele teologiese opleiding en bedieningsvorming van die Fakulteit en Seminarium afgesluit en oorhandig word aan Predikantebegeleiding en VBO.

Die betrokkenheid van Predikantebegeleiding by die geleentheid is van groot belang.

Dit behels die afneem van die Organic Score Card en gesprekke daarvoor, asook die opstel van 'n Persoonlike Ontwikkelingsplan wat verder deur Predikantebegeleiding gefasiliteer word.

Die retreat na afloop van die OSC gesprekke sluit direk hierby aan.

VBO kom ter sprake met betrekking tot die keuse van kursusse wat aandag moet gee aan die bedieningsbekwaamhede wat met behulp van die OSC identifiseer is.

Daar is reeds gepraat oor die afneem van die OSC nege maande later, sodat vergelyking getref en die nodige begeleiding voorgestel kan word.

**Aanbeveling:** Dat gesprek gevoer word met die oog op 'n geïntegreerde begeleidingsproses waar Predikantebegeleiding en VBO saam met die Seminarium besin oor die program wat oploop tot by legitimasie en daarvandaan verder geneem word.

8.5 *Afstand van opleidingsgemeente.* Daar is jaarliks studente wat vra om hul prakties vir die Gemeentejaar in 'n gemeente ver van Stellenbosch te doen. Hierdie besluit het noodwendig implikasies vir die bestuur van die akademiese en Seminarium programme. Dit impakteer op: (i) die afstand wat studente moet aflê om die akademiese blokke gedurende die jaar in Stellenbosch by te woon; (ii) die bywoon van proefpreke deur dosente van FT (US) en ander belangstellendes, en; (iii) bywoning van mentors vir inligtingsbyeenkomste.

In 2018 het een student haar prakties in Beaufort-Wes gedoen.

In 2019 beplan drie studente om hul prakties ver van Stellenbosch te doen: Port Elizabeth; Jeffreysbaai en Benoni.

Daar is een student wat van Universiteit Pretoria sy 2019 prakties in NGK Kaapstad (Grootte Kerk) te doen. Hy het besluit om vir die Nagraadse Diploma by Stellenbosch in te skryf. Die implikasie in hierdie geval is weer dat die Seminarium nie enige inligting oor die student se bedieningsvorming het nie, behalwe inligting wat die UP Seminarium aamnstuur.

**Aanbeveling:** (i) Neem kennis van hierdie toedrag van sake en die implikasies daarvan vir die bestuur van die akademiese en Seminarium programme; (ii) Evalueer die situasie in 2019 en besin oor moontlike riglyne vir die toekoms.

8.6 *Bywoning van proefpreke.* Gemeentejaar Studente nooi jaarliks personeel van die Seminarium / Kuratorium om hul proefpreke by te woon in die opleidingsgemeentes waar hulle hul prakties doen.

Die bywoning van hierdie geleenthede is wel betekenisvol. Dit stel die Seminarium bestuurder in staat om nog 'n indruk van die studente se vorming te kry. Dit word duidelik deur die studente waardeer.

Dit is egter nie vir die Seminarium bestuurder moontlik om by al die proefpreke teenwoordig te wees nie. In 2018 was daar slegs 5 studente. In 2019 is die getal student 12. Soos in 8.5 aangedui is drie van die gemeentes ook ver afstande van Stellenbosch.

**Aanbeveling:** (i) Neem kennis van die gebruik en verwagting dat 'n verteenwoordiger van die Seminarium / Kuratorium die proefpreke bywoon; (ii) Oorweeg dit om 'n lys op te stel van persone wat die verskillende proefpreke kan bywoon.

## 9. Registrasie vir BDiv I in 2019 en Oriënteringsaweek

9.1 Daar het reeds 9 voornemende BDiv I studente vir teologiese studie by die NGK Kuratorium geregistreer vir 2019. Hulle is almal uitgenooi vir die Oriënteringsaweek van 30 November en 1 Desember 2018.

Hierdie studente het almal met die Kuratorium Kantoor geskakel en die nodige vorms voltooi, of is daarmee besig. Dit is beslis beter kommunikasie as in die verlede.

Hierdie lys name sluit nog nie persone in wat moontlik direk by US geregistreer het en nog nie na die Kuratorium verwys is nie.

Die indruk is dat daar beter kommunikasie na gemeentes is en dat die voornemende studente gemaklik skakel met die Kuratorium Kantoor.

9.2 Die Oriënteringsaweek vir voornemende BDiv I student in 2019, is vasgestel vir 30 November en 1 Desember 2018.

Die voornemende studente het kennis hiervan ontvang en is saam met hul ouers uitgenooi.

Daar is ongelukkig 'n datum botsing met die Sinode se Skoolverlaterskamp. Persone wat by albei geleenthede betrokke is, sal dus 'n keuse moet maak.

## 10. Groeiende getal *Deeltydse Studente*

10.1 In die 2017 verslag aan die Kuratorium is die groeiende tendens van *Deeltydse Studente* vermeld. Die behoefte aan kriteria vir evaluering van die geestelike ontwikkeling van kandidate, is toe aangeteken.

Dit is genoem dat spesifieke kurrikula vir geestelike begeleiding en bedieningsontwikkeling nodig is met die oog op kandidate wat voorberei vir die bediening binne die konteks van hul tuis gemeentes.

Dit vra ook alternatiewe toerusting en opleiding van mentors en ondersteuning strukture in tuis gemeentes.

10.2 In 2018 het 7 studente vir MDiv aangemeld wat nie deel gevorm het van die Seminarium program die afgelope ses jaar nie, of wat langs die pad akademies agter geraak het, of wat hul studies onderbreek het en 'n hernude roeping ontvang het, of wat eers ander nagraadse studie onderneem het. Dit geld ook vir 3 studente wat geregistreer is vir die Nagraadse Diploma in Teologie met die oog op toelating tot MDiv.

Die uitdaging met die groep studente is die gebrek aan inligting oor hul bedieningsvorming, asook dat hulle nie die mylpale van die Seminarium program voltooi het nie.

Dit is ook moeilik om hulle sinvol by 'n opleidingsgemeente en mentor in te deel op hierdie laat stadium, met die verwagting dat 'n goeie verhouding met die mentor en opleidingsgemeente kan ontwikkel.

Dit blyk wel dat die Ekumeniese Toer (EK) 'n belangrike meganisme is om hierdie kategorie studente beter te leer ken, mits die Seminarium bestuurder die ET mee maak.

Dit is ook waardevol om die studente wat heeltyds inskryf vir die Nagraadse Diploma in Teologie in te skakel by Mylpaal 3, sodat hulle die Credo saam met die BDiv III groep ontwikkel.

10.3 'n Groot uitdaging vir die Kuratorium is die beoordeling van kwalifikasies van persone wat aansoek doen vir moontlike legitimasie vir die verbrede bedieningsgeleenthede in die NGK. Dikwels beskik aansoekers oor kwalifikasies wat elders verwerf is, maar waaroor die Kuratorium nie kriteria het om die geldigheid daarvan te beoordeel nie.

Behoeftes aan kriteria en meganismes vir evaluering, asook kriteria vir Vorige Leer (Prior Learning) en beleidsaangeleenthede.

## **VOORSTEL VIR ONDERSOEK MET DIE OOG OP DIE VERBETERING / UITBOUING VAN DIE SEMINARIUM PROGRAM (IMPROVEMENT STUDY) JANUARIE 2019**

### **1. Inleiding / Agtergrond / Verantwoording**

In November 2011 het die Kuratoria van die NGK en VGK by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch 'n gesamentlike Seminarium tot stand gebring vir die twee kerke. Die doel van die Seminarium was / is om binne die raamwerk van die ekumeniese fakulteit 'n platvorm te skep naas die akademie, waar voornemende bedienaars van die Woord meer toegespits aandag kan gee aan aspekte van geloofs- en bedieningsvorming. Met die oog hierop het die twee kerke in 2012 afgeskop met 'n program vir bedieningsvorming waarby die 2012 BDiv I en BDiv II studente ingeskakel is. Gaandeweg is die vormingsprogram ontwikkel met vyf mylpale en praktykblootstelling in opleidingsgemeentes met gemeente fasiliteerders. Aan die einde van 2018 was die Seminarium 7 jaar in bedryf, met drie jaargroepe (2016, 2017, 2018) wat reeds die program voltooi het. Die 2016 studente het weliswaar tydens hul tweede akademiese jaar met die Seminarium program begin. In die Seminarium se verslag aan die NGK & VGK Kuratoria in November 2018 is onder andere gerapporteer oor die behoefte aan verslagdoening op meer vlakke, aangesien die praktiese funksionering van die Seminarium oor die 7 jaar periode sodanige behoefte uitgewys het.

2.1 Die behoefte aan verslagdoening oor die werksaamhede van die VGK en NGK Seminarium in Stellenbosch op meer vlakke, kom geruime tyd aan. In die November 2017 verslag aan die Gesamentlike Kuratoria van die twee kerke is beklemtoon dat die praktiese bediening in die twee deelnemende kerke verskil, asook die organisatoriese funksionering van die onderskeie kuratoria in die lig van die kerkordelike reëlins en bestuurskultuur van die kerke.

2.2 Met die implementering van die Seminarium program en evaluering van Seminarium studente se deelname aan die program, het dit die afgelope drie jaar al duideliker geword dit is nie moontlik vir die twee Seminarium bestuurders van die onderskeie kerke om slegs 'n generiese verslag aan die kuratoria voor te lê nie. Die twee bestuurders het afgespreek om elk 'n verslag op te stel wat gerig is op die kerk-spesifieke behoeftes binne die Seminarium program, asook 'n gesamentlike verslag waarin die breë gesamentlike program raamwerk ter sprake is.

2.3 Die gesamentlike verslag fokus op die struktuur en samestellende elemente van die Seminarium se bedieningsvorming program. Dit behels: (i) Vyf mylpale vir die vyf studie jare wat parallel loop met BDiv I tot IV en MDiv; (ii) Drie dwarslêers wat die mylpale verbind, naamlik: spiritualiteitsvorming, opleidingsgemeentes en mentors, asook missionale fokus; (iii) Vrydag byeenkomste vir Bybelleesgroepe en Iziko groepe; (iv) Seminarium Kamp – Februarie, en; (v) Seminarium Werkswinkel - Julie.

2.4 Die afsonderlike verslae aan die twee kuratoria fokus grootliks op aspekte van evaluering, asook toepassing van dissipline ten opsigte van deelname aan die program en besluitneming oor artikulasie na volgende mylpale. In praktyk handel die twee kerke verskillend hiermee. Dit is waarskynlik nie moontlik om dit eenduidig te hanteer nie, gegewe die onderskeie kerkordelike reëlins en bestuurskulture van die twee kerke.

2.5 In hierdie verslag wat fokus op die NGK studente van die Seminarium, word die volgende aspekte van die program en bestuur daarvan uitgelig: (i) Beheer en besluitneming – gesamentlike saak; (ii) Evaluering en artikulasie van studente; (iii) Programontwikkeling – gesamentlike en afsonderlik; (iv) Bybelleesklasse vir BDiv III - gesamentlik; (v) Individualisering - NGK; (vi) Gemeentejaar – Jaar 6 van studie vir NGK studente; (iii) Begeleiding van en terugvoering oor studente in die MDiv jaar - NGK; (iv) Oorgang van MDiv jaar na Gemeentejaar en meganismes om dit te begelei - NGK; (v) Afronding van Gemeentejaar en oorplasing na Predikantebegeleiding en VBO - NGK.

### **2. Waarheen beweeg die Seminarium na 7 jaar?**

Dr. Natie Philander (VGK Kapelaan) is besig met PhD navorsing oor die geskiedenis van die VGK se teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch, wat in 2020 die merk van 20 jaar bereik. Deel daarvan is die 7 jaar wat die Seminarium bestaan.

In die lig hiervan, asook die behoefte wat die 2018 Seminarium verslae aan die kuratoria van die VGK en NGK uitgelig het, ontstaan die vraag oor die rigting waarin die Seminarium beweeg. Wat is die pylers vir die pad vorentoe? Wat behoort ernstig aandag te ontvang in die toekoms? Tydens 'n

evaluerende gesprek aan die einde van 2018 oor die werk van die Seminarium en haar amptenare, het lede van die NGK personeel bogenoemde kwessie begin oorweeg en die uitnodiging aangevoel vir besinning oor die Seminarium program in die lig van moontlike vernuwing, uitbouing, verruiming en 're-invention'. Die gevolgtrekking was dat 'n studie moontlik nodig is om die verbetering van die Seminarium program te ondersoek (improvement study). Pieter van der Walt het voorgestel dat 'n navorsingsprojek oorweeg word, onder sy vaandel as PSD (NGK) Teologiese Navorsing.

Hierdie dokument beoog om 'n terrein verkenning te formuleer wat uiteindelik as sodanige projek geregistreer kan word vir verdere ondersoek en studie.

### **3. Motivering ter oorweging vir 'n navorsingsprojek**

Die motivering wat hier volg verteenwoordig die perspektief van die Seminarium bestuurder (NGK program). Dit moet noodwendig aangevul word met die VGK vennoot se perspektief op die Seminarium werksaamhede en die bedieningsprogram.

#### **3.1 Bedieningsbekwaamhede van Mylpaal 4**

Die waarde van bedieningsbekwaamhede in die Seminarium vormingsprogram en in die beplanning vir beide voornemende én geordende bedienaars se bedieningsontwikkeling, word tans op verskillende punte in die kerklike bediening beklemtoon en ondersoek.

Daar word die afgelope jare op verskillende punte binne die NGK strukture en die akademiese besinning diepgaande aandag gegee aan die belangrikheid van vaardighede vir leraars met die oog op die bediening in die kerk van Christus en die koninkryk van God. Ek noem die volgende:

- i. Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling in die NG Kerk, saamgestel deur Algemene Kuratorium Werkgroep (2018) - 'n raamwerk van missionale kapasiteite met 16 bedieningskapasiteite onder drie kategorieë: (i) Wie ek is en word; (ii) Wat en hoe ek glo; (iii) Wie en hoe ek dien.
- ii. Werksdokument 1 – 08/06/2018 Algemene Sinode Taakspan vir Predikantebegeleiding van die NGK, stel 6 vaardighede voor vir leraars: (i) Etos (Wie ek is en word); (ii) Logos (Wat en hoe ek glo); (iii) Patos (Wie en hoe ek dien); (iv) Imperio (Hoe ek lei); (v) Missio (Waar ek 'n verskil maak); (vi) Vitae (Hoe ek ander krisisse leer hanteer).
- iii. Werksdokument – 9 & 10 November 2018. Interdissiplinêre werkswinkel - Prof Ian Nell as navorsingsleier; Kernbekwaamhede vir Predikant / Pastor / Bedenaar, 'n wetenskaplike besinning vir opleiding van bedienaars. As vertrekpunt vir gesprek stel hy drie kategorieë vaardighede voor: (i) Interne kernvaardighede; (ii) Inspirerende kernvaardighede; (iii) Eksterne kernvaardighede.
- iv. *Communitas Handleiding*: Predikante Begeleidingsentrum. Handleiding vir 'n proses waardeur 'n groot getal predikante reeds begelei is. Uit die biblioteek van 29 bekwaamhede is nege (9) gekies vir die proses wat oor 'n langer periode van tyd met deelnemende predikante gevolg word. Die kapasiteite is: Afrigting en mentorskap (dissipelskap); Besluitneming; Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering); Emosionele volwassenheid; Leierskap; Eienaarskap en verantwoordbaarheid; Geloofsonderskeiding; Geestelike volwassenheid; Denkvermoë.

Mylpaal 4 van die Seminarium program is baseer op die 9 bekwaamhede van die Predikante Begeleidingsentrum en fokus op die vraag: Wat moet ek inoefen om vir ander 'n gawe te wees?

Die implementering van die Seminarium program oor die afgelope 7 jaar en die groter klem op integrasie tussen die program vir teologiese opleiding van voornemende bedienaars en die voortgesette begeleiding van predikante in die bediening deur Predikantebegeleiding en VBO, het die sentrale posisie van Mylpaal 4 in die Seminarium program beklemtoon.

Dit blyk dat die bedieningsbekwaamhede van Mylpaal 4, die grondslag bied vir begeleiding van studente deur hulle MDiv studie, deur die Gemeentejaar, én vir afronding na die Gemeentejaar saam met die ontwerp van 'n Ontwikkelingsplan vir die bediening, in aansluiting by die verpligte 3 jaar VBO ná legitimasie.

**Aanbeveling:** Besinning oor die Seminarium program vir die toekoms, moet hierdie sentrale posisie van Mylpaal 4 verdiskonteer en uitbou.

#### **3.2 Missionale Bediening – Mylpaal 5.**

Die fokus van Mylpaal 5 is die ontwikkeling van 'n nuwe missionale bediening/geloofsgemeenskap. Die vraag wat hierdie mylpaal rig is: Watter koninkrykse geleentheid het vandag oor my pad gekom? Die praktyk-teoretiese model wat hier gebruik word is dié van Fresh Expressions.

Die fasiliteerders vir Mylpaal 5 was die afgelope 2 jaar dii. Johan Els en Wynand Breytenbach. Hulle het 'n program ontwikkel waarvolgens die studente by vier geleenthede gedurende die jaar in 'n werkwinkel konteks saam besin oor elemente van die FE model. Die indruk is dat hierdie werkswyse heel suksesvol is. Daar is egter uitdagings wat vra om verdere besinning: Die MDiv akademiese program hou die studente redelik besig en dit is onseker of daar genoegsame integrasie plaasvind met hulle praktykblootstelling in opleidingsgemeentes. Dit is ook 'n vraag of die mentor predikante die studente met hierdie mylpaal help.

**Aanbeveling:** Onderzoek hoe hierdie mylpaal inpas binne die totale geïntegreerde bedieningsprogram vir opleiding van voornemende predikante en voortgesette begeleiding van bedienaars in die gemeentelike bediening. Hoe kom hierdie mylpaal in die gemeentes van die VGK en NGK in praktyk tot implementering?

### 3.3 Spiritualiteit - basis element van die vormingsprogram

Spiritualiteit is een van drie dwarslêers (saam met [i] opleidingsgemeente en; [ii] missionale fokus) wat oor die vyf mylpale van BDiv I tot IV en MDiv versprei lê. Die spiritualiteit komponent word in verskillende verpakings aangebied: Bybelleesgroepe (Gesamentlike lees van die Bybel; Gebed; Onderlinge ondersteuning en versorging; Deel van lewenservarings); Joernaalhouding (Sentrale geloofsgewoonte wat ingeef word); Identifisering en aankweek van persoonlike dissiplines; Geloofsonderskeiding. Aan die begin van die MDiv jaar bied die Fakulteit Teologie 'n weeklange retraite aan wat fokus op die posisie van spiritualiteit binne die teologiese wetenskap en opleiding. Daar word aandag gegee aan die historiese ontwikkeling en die hedendaagse posisie van spiritualiteit, asook taalgebruik oor hierdie onderwerp binne die teologiese dissipline en die praktyk van kontemplatiewe spiritualiteit. Aan die einde van die NGK studente se Gemeentejaar is daar weer 'n weeklange stil retraite, met die fokus op roepingsbevestiging en bedieningsbeplanning. Dit gebeur voor legitimasie. Laasgenoemde retraite is gekoppel aan 'n afrondingsgeleentheid wat gefasiliteer word aan die hand van die Organic Scorecard. Die opleiding van VGK studente sluit nie die Gemeentejaar in nie, asook nie die tweede retraite en afronding aan die einde van jaar ses nie.

**Aanbeveling:** Dat die Seminarium program bewus bly van die kritiese benadering van die akademiese Teologie, naas die klem op geloofsvorming, -praktyk en -verhoudings wat in die vormingsprogram aandag kry. Die spiritualiteitsweek aan die begin van die MDiv jaar is kern belangrik vir die afronding, integrasie en voortsetting van studente se spiritualiteitsontwikkeling.

Terugvoering na afloop van die 2019 Spiritualiteitsweek (14-18 Januarie) het belangrike elemente vir die Seminarium program rakende spiritualiteitsvorming aan die lig gebring;

onder andere dat van die kern temas en woordeskat binne die kontemplatiewe spiritualiteit tradisie, oor die voorafgaande vier Seminarium mylpale aandag moet kry.

Enkele perspektiewe uit literatuur vir verdere besinning:

#### 1. Intimiteit met God

'n Onlangse studie (2017/8) oor die behoefte aan opleiding vir Christelike leierskap in Suid-Afrika (Willie Botha, David Bulger & Karl Teichert, *A Cry for Intimacy with God*), maak die volgende gevolgtrekkings (91-92):

- i. Pastoral leaders want additional development and growth;
- ii. There is a link between a leader having received theological education and the size of the congregation they serve;
- iii. There is a significant opportunity to further develop mentoring as a delivery vehicle for pastoral growth and development...;
- iv. South Africa's pastoral leaders want more intimacy with God. 'Intimacy with God' was cited as one of the top three subjects where pastoral leaders want more growth and development... The critical nature of the leader's relationship with God will affect every aspect of his or her being and ministry - ... the question for those who equip pastoral leaders is not if they will attend to the leader's intimacy with God, but how.
- v. The leader's desire to be developed, the link between theological education and church size, the opportunity for mentoring, and the strong desire for intimacy with God are the four that must be noted. Opleidingsinstansies

Die navorsers registreer ook 'n aantal probleme en uitdagings met betrekking tot die groei en ontwikkeling van pastorale leiers in die Suid-Afrikaanse konteks:



- i. Gebrek aan toegang tot ‘training’ vir baie pastorale leiers; ...the scale of need exceeds the capacity of pastoral training organizations... the Church... has.. grown faster than the capacity of the ministries and organizations that equip its leadership.
- ii. If a pastoral leader’s greatest need for growth and development is intimacy with God, what ‘entity’ is the best agent to address that need – the church or the training organization? And there is a related question: which aspects of the pastoral leader’s life and ministry should be formed through life in the congregation, and which should be formed by the training organization (Bible school, training ministry, seminary, faculty of theology, etc.)? This scenario – in which both churches and pastoral training organizations have roles in equipping pastoral leaders – implies the need for them to work together, or at least to communicate with one another to identify assumptions and understand realities.
- iii. ...the need for cooperation and collaboration efforts in growing and developing pastoral leaders... vertical working relationships... pastoral leaders need growth and development across a very wide range of subject areas.
- iv. When there is a lack of horizontal collaboration in the equipping of leaders. Horizontal working relationships are those that exist between functionally similar organizations... pastoral leaders need growth and development across a very wide range of subject areas. Inevitably, a leader’s need for development will exhaust the capability of any organization (church, training ministry or otherwise).
- v. Every pastoral training organization has its strengths, its focus and its expertise... what forms an organization’s focus and strength? Very often, it’s their expertise... the challenge is that direction is driven by resource, not by need. What if pastoral leaders need growth and development in other subject areas?

#### Vennootskapsvorming

#### Recommendations for implementation (94)

How can a particular organization address all the needs expressed through the research? The answer: it cannot. The best way – the only way? ...is through collaboration.... So, networking and collaboration must take place. ...the establishment of such networks.

#### 2. Roepingsbewussyn

In sy boek, *Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid in die prediking*, 2018, handel Malan Nel met “herinterpretasie van roeping” (91-93). Hy maak die punt dat prediking nie alle predikante se gawes is nie. Hy verduidelik sy bedoeling met hantering van hierdie tema om die belang van die totale bediening, waarvan prediking ’n wesentlike deel is, te beklemtoon. Volgens Nel het enige roeping tot voltydse bediening in ’n gemeente verfyning nodig:

Dit gaan om plekvinding, in ooreenstemming met gawes en opleiding, binne die totale bediening. In ’n gemeente met slegs een pastor/predikant is dit natuurlik moeilik. Roeping tot voltydse bediening in die gemeente impliseer nie uitmuntendheid in elke vorm van die bediening nie. Dit impliseer hoogstens verpligting, vanweë die situasie, tot al die vorme van bediening wat deur die situasie vereis word. In die geval waar ek al een is, moet ek preek. Dit beteken nog nie dat “ek” kan preek nie en dat dit my beste bydrae tot die totale bediening is nie.

Herinterpretasie van roeping ... om die geroepenheid tot ’n beroep te onderskei en uit te lig. Dit vra ’n voortdurende en gesonde herevaluering van ons roeping. Wimberley (1997:1-13) noem dit: “to be called anew...” Vir Osmer (1990:141 ev) kom dit neer op “discover” ten einde te “recover”. ..herontdekking (“rediscovery”) van ’n tradisie is nie dieselfde as die herstel (“recovery”) van ’n tradisie nie. Die geroepene moet meermale sy/haar roeping terugroep. Rogers (1989:19-23) verwys na ’n “remembered call” en ’n “renewed call”.

Die verhouding met die Een wat roep, is hier krities....

#### Ons verhouding met Iemand

...is die verskil... rol wat dit in die herinterpretasie van ons roeping speel.

Talle bekende predikers in die verlede en hede bely ’n verstaan van hulle roeping en hulle omgang met God, die Een wat geroep het.

Patterson (1996:155) sê dat hy liever wil leer om te bid as om te preek: “Prayer allows me to relinquish my hold on preaching and cast myself on the mercy of God. That’s when God can use me.”

Mylpaal 2 van die Seminarium program handel pertinent oor die kwessie van roeping.



Die geloofsonderskeidende vraag vir Mylpaal 2 is: Waarvoor word ek vandag geroep? Hierdie mylpaal wil studente help om die sin vir roepingsidentiteit te help ontwikkel. Die mylpaal dien as beginpunt vir 'n voortgesette reis van roepingsontwikkeling deur die loop van die hele program.

### **Verband tussen roeping en bedieningsbekwaamhede (Mylpaal 4) is wesenlik belangrik.**

#### 3. Geloofsdissiplines

Die Seminarium gebruik 'n boekie met 'n aantal dissiplines vir geloofsvorming waaruit studente kan kies om in hul verhouding met en diens aan God te ontwikkel.

BDiv III studente ontvang opleiding in hierdie dissiplines by die Julie Werkswinkel met die oog daarop om in hul BDiv IV jaar as fasiliteerders vir Bybelleegroep te funksioneer.

BDiv IV studente ontvang by die Julie Werkswinkel opleiding in die dissipline van geloofsonderskeiding, met die oog op Mylpaal 5. Die klem is op die vaardigheid van waarneming, onderskeiding en gebed vir bedieningsgeleenthede in die opleidingsgemeentes.

Die volgende bronne bied waardevolle materiaal met die oog op die ontwikkeling van geloofsdissiplines oor die vyf jaar van die Seminarium program:

- i. James Bryan Smith with Lynda Graybeal, 1993. *A Spiritual Formation Handbook. Small Group Resources for Nurturing Christian Growth.* Harper One.

Hierdie metodologie is baseer op die ses hoof areas van dissipline in die lewe van Jesus Christus (Praying; Striving against sin; Ministering and healing in the power of the Spirit; Showing compassion; Proclaiming the good news and reading the Scriptures; Uniting the physical and spiritual), met korresponderende Tradisies in die geskiedenis van die kerk (Holiness; Charismatic; Contemplative; Evangelical; Social justice; Incarnational).

- ii. Dalai Lama & Desmond Tutu with Douglas Abrams, 2018. *The Book of Joy.* Arrow.

Hier word 'n aantal praktyke aangebied vir die ontwikkeling van 'n lewenshouding van vreugde.

### **3.4 Seminarium Kamp & Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit**

In die Seminarium verslag aan die NGK Kuratorium in November 2018 is die huidige praktyk van die Februarie Kamp vir die Seminarium Studente (BDiv I tot BDiv IV en MDiv), vermeld. Die totstandkoming van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in 2019, bring die Februarie Kamp weer ter sprake. Die Verslag stel die volgende onder punt 5.3: Beplan vir 2019 om voort te gaan met Februarie Seminarium Kamp en Julie Mylpaal Werkswinkel soos in verlede. Daar is behoefte by getroude en senior studente (veral VGK) dat kamp en program ouer persone se behoeftes akkommodeer. Kry tans aandag - VGK moet self met voorstelle kom.

Verwagting is dat die opening van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) alternatiewe geleenthede moontlik maak en dat die Seminarium veral op die vlak van spiritualiteitsvorming by die AMSS program sal aansluit.

In die Seminarium verslag aan die VGK Kuratorium in November 2018, word die behoefte aan 'n kamp vir senior studente hanteer, met 'n besluit onder punt 5.4 van die verslag:

We plan to proceed with the February Seminary Camp and the Milestone Workshop as it was done in previous years. There is a need for married and senior students – especially from the URC – to accommodate their needs more effectively. The Seminary Manager and the Student Chaplain will look into the possibility of having a camp for these students with their spouses during next year. We opt for a camp because it is much more familiar with the URCSA culture, rather than retreats that seem to work better for the DRC.

**Recommendation:** The Cape Synod RMFTT decides to have an annual camp for married and senior students in which the content will focus on their specific pastoral and emotional needs.

**Aanbeveling:** Verdere besinning oor die formaat van die Februarie Kamp en die Julie Werkswinkel, asook die implementering van retreats by die AMSS. Dit blyk dat die VGK tans minder aanklank vind by die spiritualiteit retreats.

Hier is dus 'n aspek waar daar in terme van die Seminarium program onderskei moet word tussen die studente van die VGK en die NGK.

### **3.5 Blootstelling aan ander kulture en tradisies in die proses van teologiese opleiding**

Die Seminarium van die VGK en NGK is bewus daarvan dat die twee kerke op verskillende punte uiteenlopende praktyke en bediening huldig. Die studente van die twee kerke kom uit verskillende kulture en word voorberei vir bediening in kerke/gemeentes wat sosio-ekonomies van mekaar verskil. Die Seminarium van die VGK en NGK funksioneer binne die konteks van 'n ekumeniese fakulteit waar daar vier ander kerklike vennote betrokke is by die opleiding van studente vir die verskillende denominasies. Die Lutherse Kerk wil ook hul studente inskakel by die Seminarium program. In 'n derde

kring is daar ook studente wat by die FT studeer vir die BTh graad, sonder amptelike verbintenis aan 'n denominasie, of gerigtheid op bediening in 'n spesifieke kerk. 'n Vierde konteks is die grote kampus van die Stellenbosch Universiteit, waarvan die studente van FT 'n deel vorm. Uitdagings op al hierdie vlakke is daar uitdagings met betrekking tot interkulturele verhoudinge en saam bestaan. Daar is ook behoefte aan transformasie met betrekking tot die institusionele kultuur en tradisies van die FT en US. Met die oog op hierdie behoeftes en uitdagings het die Seminarium reeds geruime tyd besluit om erns te maak met hierdie prosesse.

**Aanbeveling:** In die lig van interkulturele saam bestaan en institusionele transformasie, moet meganismes en programme ondersoek word wat hierdie prosesse kan bemiddel en fasiliteer.

Daar is materiaal wat reeds beskikbaar is en navorsing wat tans onderneem word, wat met hierdie prosesse kan help. Neem kennis van die volgende:

i. Navorsing

Jaco Botha se PhD studie oor interkulturele blootstelling tydens die teologiese opleiding. Dr. N.C. Philander se PhD studie oor die ontwikkeling van teologiese studie aan die FT te US, sedert die VGK in 2000 na Stellenbosch verhuis het.

ii. Begeleidingsmateriaal vir fasilitering van interkulturele verhoudinge

Chris van Wyk & Nico Simpson, 2016. Loop Saam. Ontwikkel 'n gemeenskap van betroubare vriendskappe / Walking Together. Developing a community of sustainable friendships. Bybelkor.M.A. van der Westhuizen, T. Greuel & C.H. Thesnaar, 2018. From my own to the unknown and back to my own. A practical journey to intercultural relationships. Christian Literature Fund Publishers.

#### 4. Netwerk deelnemers

Die Seminarium program is geposisioneer op die ontmoetingspunt van akademiese teologie en opleiding enersyds, en bedieningsvorming/praktykblootstelling andersyds.

Fakulteit en Kerk/gemeentes

Op die eerste vlak is die studente deel van 'n akademiese instelling wat binne die institusionele konteks van die US funksioneer. Hier geld bepaalde standaarde en voorskrifte vir vordering. Op die tweede vlak is die studente lidmate van sturende gemeentes/kerke wat bepaalde verwagtinge het met betrekking tot bedieningsvaardighede en toegerustheid vir die praktyk. So kom twee groot wêreldes in die Seminarium program byeen.

VGK/NGK en ander vennote...

Soos reeds aangedui is die Seminarium by Stellenbosch 'n gesamentlike onderneming van beide die VGK en die NGK. Daarmee word die karakter van die kerklike komponent verbreed en kom die institusionele eiesoortigheid van die deelnemende kerke ter sprake. Met die nader beweeg van die Lutherse Kerk na die Seminarium, is dit 'n derde institusionele kompleks wat verdiskonteer moet word. Verder is Stellenbosch nie die enigste akademiese instelling waar voornemende predikante opgelei word nie. Wat die NGK betref, is daar ook nog Bloemfontein en Pretoria. Die VGK het ook 'n diverse aanbod wat by die punt van legitimasie verdiskonteer moet word. Die Seminarium moet dus rekening hou daarmee dat die sisteem uitdagings bied ten opsigte van studente se bedieningsvorming.

Die verbreding van die NGK se bedieningsbane vir bediening in die NGK (Diensleer; Bediener; Standplaas Leraar) maak die poel nog groter. Dit vra van die Seminarium om standaarde met betrekking tot bedienings- en geloofsvorming te ontwikkel en toe te pas, wat in 'n groter mate as in die geval van heeltydse studente gedentraliseer sal wees. Plaaslike gemeentes en mentors waar deeltydse studente inskakel speel daarom 'n groot rol.

Predikantebegeleiding en Voortgesette Bedieningsontwikkeling

Binne die konteks van die NGK vorm die Seminarium program deel van 'n groter proses van bedieningsbegeleiding vir predikante. Nadat studente gelegitimeer is, word hulle oorgegee aan die Sinodale Kommissie vir Predikantebegeleiding, wat 'n voortgaande pad met die jong leraars stap met betrekking tot loopbaan- en bedieningsontwikkeling. Die Seminarium program en die strategiese prosesse van Predikantebegeleiding moet dus van meet af aan sinchroniseer, sodat die verskillende fases van die proses met mekaar kommunikeer.

Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) neem ook verantwoordelikheid vir die verdere vorming van leraars. Die Ontwikkelingsplan van studente aan die einde van hulle Gemeentejaar, word ook gekoppel aan kursusse wat deur VBO aangebied word. Dit bied intervensies vir die versterking van predikante se bedieningsvaardighede. Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (Wellington)

Spiritualiteit word 'n toenemend belangrike aspek van teologiese opleiding. Die vestiging van AMSS aan die begin van 2019 maak nuwe deur oop vir die Seminarium program. Prof Elna Mouton is in hierdie verband 'n belangrike gespreksgenoot.

Buitelandse gespreksgenote

1. Prof Jaco Hamman – Vanderbilt Theological Seminary (USA), Voorheen: Western Theological Seminary (Holland, MI), a school in the Reformed Church in America.

Sy insette na aanleiding van die “Western Theological Seminary Formation for Ministry” beleidsdokument, het destyds in die voorgesprekke oor die ontwikkeling van die Stellenbosch Seminarium 'n belangrike bydrae gemaak. Onlangse gesprekke met hom oor sy “Teaching Statement” vir die kursusse wat hy by Vanderbilt aanbied, het eweneens waardevolle insette gebring.

2. Rev Nancy Schongala-Bowman, Director of Student Councelling at Princeton Theological Seminary (USA), het in Augustus 2018 besoek gebring aan die drie teologie fakulteite van Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch.

Haar klem is hoofsaaklik op pastorale versorging van teologie studente. Sy het belangrike aanbiedinge gemaak. Ons wag nog vir haar samevattende dokument. Sy is inderdaad 'n belangrike gespreksgenoot.

3. Prof Malan Nel van Pretoria was instrumenteel om Nancy Schongala-Bowman na SA te bring. Hy is steeds aktief betrokke by die teologiese opleiding in Pretoria.

4. NetAct is 'n netwerk organisasie wat instellings vir teologiese opleiding in Afrika koördineer. Prof Len Hansen van Stellenbosch is die Hoof Uitvoerende Beampte, terwyl Prof Jurgens Hendriks (Emiritus US), steeds invloedryke betrokkenheid het.

Gedurende 2019 fokus NetAct op kurrikulum ontwikkeling en sal daar verskillende werkswinkels in Afrika lande gehou word waarby Stellenbosch personeel betrokke sal wees.

5. Pad vorentoe

Die eerste stap is nou om hierdie terrein verkenning met Pieter van der Walt te deel om te bepaal of hier genoegsame potensiaal en regverdiging is vir kerklike navorsing oor die Seminarium program en die toekoms daarvan.

Eddie Orsmond  
24 Januarie 2019

**UITTREKSEL - NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE SEMINARIUM  
DAGBESTUUR OP WOENSDAG 17 APRIL 2019 OM 10:00 TOT 12:00 - KURATORIUM  
SEMINAARKAMER**

Verkenning vir verbeteringstudie tov Seminarium program.

EO gee terugvoering oor verwickelinge: (i) Die Verkenning vir verbeteringstudie dokument is met Dr. Pieter van der Walt bespreek; (ii) Sy aanbeveling is dat die studie by NGK Teologiese Navorsing registreer as 'n projek oor kerklike navorsing; (iii) Hy is besig om 'n ooreenkoms van navorsing en befondsing te finaliseer met die moontlikheid van Prof Ian Nell as akademiese begeleier en die NGK Kuratorium as eienaar van die projek; (iv) Die opdrag is verder dat EO voortgaan om kwartaalliks verslae te skryf oor die vordering met die Verbeteringstudie; (v) Neem verder ook kennis dat ander rolspelers besig is met inisiatiewe wat kan impakkeer op hierdie studie. Dr. N.C. Philander het met kollegas van FT en die Kerklike Vennote gesprek gehad oor die ontwikkeling van artikels oor teologiese opleiding by Stellenbosch, met die oog op die VGK se vieringe in 2020; 20 jaar teologiese opleiding te Stellenbosch. Hierdie inisiatief sal verdiskonteer word in die Verbeteringstudie; (vi) Dr.N.C. Philander se inisiatief het ook aanleiding gegee tot oorweging van empiriese studie onder alumni en huidige studente van FT te Stellenbosch, oor hul ervaring van die opleiding hier. Ds. Ankia du Plooy en Prof Ian Nell is aan die ontwerp van 'n navorsingsvoorstel. Ook dit sal verdiskonteer word in die Verbeteringstudie; (vii) Dr. Hannes Koornhoff – sameroeper van die NGK Koördineringskomitee vir Predikantebegeleiding, het 'n vergadering belê vir 17 April, om te besin oor die veranderende omgewing en faktore, met die impaktering daarvan op beide bediening en die prosesse van *Communitas* en die Kuratorium. Hierdie gesprek sal eweneens verdiskonteer word in die Verbeteringstudie; (viii) JFM maak melding dat daar nie genoegsame aanduiding is van konkrete versoening tussen studente van die Seminarium uit die meewerkende kerke nie. Die vormende karakter van die Seminarium program behoort sterker uitgebou te word. EO rapporteer dat die boekie in die “Seisoen van Menswaardigheid”-reeks, *Loop Saam*. Ontwikkel 'n gemeenskap van volhoubare vriendskappe (*Walking Together*. *Developing a community of sustainable friendships*) as deel van Mylpaal 3 van die Seminarium program aangebied gaan word. Dit sal DV tydens die Julie Seminarium Werkswinkel met die BDiv III studente behandel word. Hierdie studente sal dit dan inoefen in die tweede semester van 2019. Dit berei hulle voor as fasiliteerders vir die Bybellees groepe in 2020. So sal die model by die studente van die Seminarium tuisgebring word.

**Besluit:** Dat: (i) EO & EB voortgaan om met Dr. Pieter van der Walt te kommunikeer oor die Verbeteringstudie; (ii) Deurentyd terugvoering aan die Seminarium Beheerkomitee en Kuratoria van die deelnemende kerke gegee sal word; (iii) Inligting oor werksinkels en werksgroepe gedeel word, sodat belangstellendes deel kan neem aan die proses.

